# Die Nuwe Verbond

# בּרית חדשׁה

Vertaal vanuit die oorspronklike Aramese Nuwe Verbond. Die taal wat Yeshua, Sy studentevolgelinge en die eerste gelowiges gepraat het.

Hierdie, die derde uitgawe van die Nuwe Verbond, het die Aramese naam van die boek op die eerste bladsy asook, saam met die bekende Afrikaanse naam, bo-aan elke bladsy om die leser te herinner daaraan dat al die Skrywers van die boeke onder leiding van die Gees geskryf het vanuit hulle Semitiese kultuur in ’n Semitiese idioom.

“Let op, daar kom dae,” verklaar יהוה, “wanneer Ek met die huis van Yisra’el en die huis van Y’hudah ’n nuwe verbond sal sluit, nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle aan die hand gevat het om hulle uit die land van Mitzrayim uit te bring nie; My verbond wat húlle verbreek het, alhoewel Ék Meester oor hulle was,” verklaar יהוה. Hierdie is egter die verbond wat Ek ná daardie dae met die huis van Yisra’el sal sluit,” verklaar יהוה: “Ek sal My wet binne-in hulle sit en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal hulle God wees en hulle sal My volk wees. [Open 21:3] Hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: ‘Ken יהוה,’ want hulle sal My almal ken, van die kleinste tot die grootste van hulle,” verklaar יהוה, “want Ek sal hulle oortredinge vergewe en hulle sondes nie meer onthou nie.”

**Yir 31:31-34 - Heb 8:8-12**

As sommige van die takke afgesny is en jy wat ’n wilde olyfboom is, in hulle plek ingeënt is en deel gekry het aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom, moet jou dan nie teen die takke verhoog nie en as jy jou verhoog; dit is nie jy wat die wortel dra nie, maar die wortel vir jou!

**Rom 11:17,18**

Die eerste boek van die Nuwe Verbond

Die goeie boodskap oor Yeshua, dié Gesalfde Een, geskryf deur Mattityahu, ook genoem Levi, een van die twaalf afgevaardigdes van Yeshua.

# Mattityahu

מתתיהו

{ Die geskenk van יהוה }

( Matthéüs )

Dit is tussen die jare 60 – 65, voor die vernietiging van Yerushalayim in 70, in sy huistaal, Aramees, aan die Aramees-sprekende Jode geskryf.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees - die taal wat Yeshua gepraat het.

1 1 Die boekrol van die geslagsregister van Yeshua, dié Gesalfde Een, Seun van Dawid, Seun van Avraham:
2 Avraham was die vader van Yitz'gak; Yitz'gak was die vader van Ya'akov; Ya'akov was die vader van Y'hudah en sy broers;
3 Y'hudah was die vader van Peretz en Zerag by Tamar; Peretz was die vader van Hetzron; Hetzron was die vader van Aram;
4 Aram was die vader van `Amminadav; `Amminadav was die vader van Nagshon; Nagshon was die vader van Salmon;
5 Salmon was die vader van Bo'az by Ragav; Bo'az was die vader van `Oved by Rut; `Oved was die vader van Yishai;
6 Yishai was die vader van Dawid, die koning; Dawid was die vader van Shlomo by die vrou van Uríyah;
7 Shlomo was die vader van Regav'am; Regav'am was die vader van Aviyah; Aviyah was die vader van Asa;
8 Asa was die vader van Y'hoshafat; Y'hoshafat was die vader van Y'horam; Y'horam was die vader van `Uziyahu;
9 `Uziyahu was die vader van Yotam; Yotam was die vader van Agaz; Agaz was die vader van Hizkiyahu;
10 Hizkiyahu was die vader van M'nasheh; M'nasheh was die vader van Amon; Amon was die vader van Yoshiyah;
11 Yoshiyah was die vader van Y'khonyahu en sy broers in die tyd van die gevangenskap na Bavel.
12 Na die Bavelse gevangenskap was Y'khonyahu die vader van Sh'alti'el; Sh'alti'el was die vader van Z'rubavel; [`Ezra 3:2; 1 Kro 3:19]
13 Z'rubavel was die vader van Avihud; Avihud was die vader van Elyakim; Elyakim was die vader van `Azzur;
14 `Azzur was die vader van Tzadok; Tzadok was die vader van Yakhin; Yakhin was die vader van El'igud;
15 El'igud was die vader van El'azar; El'azar was die vader van Mattan; Mattan was die vader van Ya'akov;
16 Ya'akov was die vader van Yosef, die vader van Miryam, uit wie gebore is dié Yeshua wat dié Gesalfde Een genoem is.
17 Al die geslagte vanaf Avraham tot by Dawid was daarom veertien; veertien geslagte vanaf Dawid tot by die Bavelse gevangenskap en veertien geslagte vanaf die Bavelse gevangenskap tot by dié Gesalfde Een.
18 So het die geboorte van Yeshua, dié Gesalfde Een, gebeur: terwyl Sy moeder, Miryam, verloof was aan Yosef, voordat hulle saamgekom het, is sy swanger bevind deur die toedoen van die Gees wat Afgesonderd is.
19 Yosef, haar man, wat 'n man was wat gedoen het wat reg is en haar nie openbaar wou maak nie, het oorweeg om in die geheim van haar te skei,
20 maar terwyl hy dit oorweeg het, verskyn daar 'n boodskapper van יהוה in 'n droom aan hom en sê: "Yosef, seun van Dawid, moenie bang wees om Miryam te vat as jou vrou nie, want Hy wat in haar verwek is, is van die Gees wat Afgesonderd is.

21 Sy sal geboorte gee aan ’n Seun en sy sal Hom Yeshua noem, want Hy sal Sy mense van hulle sondes red.”
22 Al hierdie dinge het gebeur sodat die woord vervul sou word wat יהוה deur die profeet gesê het:
23 “Let op, die maagd sal swanger word en geboorte gee aan ’n Seun en hulle sal Hom `Immanu’el noem.” Yes 7:14 wat beteken: ons Magtige God is by ons.
24 Toe Yosef wakker word, het hy gedoen wat die boodskapper van יהוה hom beveel het om te doen en haar gevat as sy vrou,
25 maar hy het nie ’n intieme verhouding met haar gehad voordat sy nie geboorte gegee het aan haar eerste Seun nie en hy het Hom Yeshua genoem.

2 1 Toe Yeshua in Beit-Legem, in die land van Y’hudah gebore is, in die tyd toe Herodes koning was, het daar geleerde manne uit die Ooste in Yerushalayim aangekom
2 en gevra: “Waar is die Koning van die Y’hudahiete, wat gebore is, want ons het Sy ster in die Ooste gesien en gekom om aan Hom eer te betoon?”
3 Toe koning Herodes dit hoor, was hy ontsteld en die hele Yerushalayim saam met hom.
4 Hy het al die leierpriesters en die leraars van die wet van die volk bymekaar laat kom en vir hulle gevra: “Waar sou dié Gesalfde Een gebore word?”
5 “Te Beit-Legem in Y’hudah,” het hulle geantwoord, “want so is dit geskryf in die profete:
6 ‘En jy, Beit-Legem, in die land van Y’hudah, is nie die geringste onder die konings van Y’hudah nie, want uit jou sal die Koning voortkom wat vir My volk Yisra’el ’n Herder sal wees’.” Mik 5:1-3
7 Toe het Herodes die geleerde manne in die geheim laat roep en hulle gevra watter tyd die ster aan hulle verskyn het.
8 Hy het hulle na Beit-Legem gestuur met die opdrag: “Soek noukeurig na die Seun en wanneer julle Hom kry, laat my weet sodat ek ook kan gaan om aan Hom eer te betoon.”
9 Nadat hulle na die koning geluister het, het hulle weggegaan en die ster wat hulle in die Ooste gesien het, het voor hulle uitgegaan totdat dit oor die plek waar die Seun was, stilgestaan het.
10 Hulle was vol vreugde om die ster te sien.
11 Hulle het die huis ingegaan en die Seun by Miryam, sy moeder, gesien en neergeval en aan Hom eer betoon. Hulle het hulle skatte oopgemaak en vir Hom geskenke van goud, mirre en wierook aangebied.
12 Hulle is in ’n droom gewaarsku om nie na Herodes terug te gaan nie en hulle het met ’n ander pad na hulle land toe teruggegaan.
13 Nadat hulle weg is, verskyn daar ’n boodskapper van יהוה in ’n droom aan Yosef en sê: “Staan op, neem die kind en sy moeder en vlug na Mitzrayim en bly daar totdat ek vir jou sal sê, want Herodes gaan die kind soek om Hom te vernietig.”
14 Hy het opgestaan, die kind en sy moeder in die nag geneem en na Mitzrayim gevlug,

15 waar hy gebly het tot Herodes se dood. Dit het gebeur dat die woord vervul sou word wat יהוה deur die profete gegee het: Hos 11:1 "Uit Mitzrayim het Ek My Seun geroep."
16 Toe Herodes agterkom dat hy deur die geleerde manne mislei is, was hy woedend en het opdrag gegee dat al die seuns van twee jaar en jonger, in Beit-Legem en in al die omstreke daarvan, doodgemaak moet word, ooreenkomstig die tyd wat hy van die geleerde manne uitgevind het.
17 Op hierdie manier is die woorde wat deur die profeet Yirmeyahu Yir 31:15 gesê is, vervul:
18 "'n Stem is in Ramah gehoor: geklaag en bitter gehuil; dit was Ragel wat oor haar seuns huil en weier om vertroos te word omdat hulle nie meer leef nie."
19 Toe Herodes dood is, het daar 'n boodskapper van יהוה in 'n droom aan Yosef in Mitzrayim verskyn
20 en gesê: "Staan op, neem die Seun en Sy moeder en gaan na die land van Yisra'el, want hulle wat die lewe van die Seun gesoek het, is dood."
21 Yosef het opgestaan, die Seun en Sy moeder gevat en na die land van Yisra'el gegaan.
22 Toe hy egter hoor dat Argelaus sy vader Herodes opgevolg het as koning oor Y'hudah, was hy bang om daarheen te gaan. Dit het in 'n droom na hom gekom om na die streek van die Galila te gaan
23 en hy het gaan woon in 'n stad met die naam van Natzeret sodat vervul sou word wat deur die profeet Yes 11:1 gesê is: dat Hy Natzeréner genoem sou word.

3 1 Tydens daardie dae het Yoganan, die Doper, in die wildernis van Y'hudah aangekom en die boodskap verkondig
2 en gesê: "Draai weg van julle sondes na God toe, want die Koninkryk van die hemel is naby!"
3 Dit is die man van wie die profeet Yesha'yahu gepraat het toe hy gesê het: "Die stem van een wat uitroep: 'Berei die pad van יהוה in die wildernis voor en maak Sy paaie gelyk!'" Yes 40:3; Mal 3:1
4 Hierdie Yoganan het klere gedra van kameelhare en 'n leergordel om sy heupe en sy kos was sprinkane en heuning uit die veld.
5 Mense vanaf Yerushalayim, vanaf die hele Y'hudah en van die hele omtrek van die Yarden, het uitgegaan na hom toe.
6 Met erkenning en aflegging van hulle sondes, is hulle deur hom in die Yardenrivier gedoop,
7 maar toe Yoganan baie van die Fariseërs en Saduseërs sien kom om deur hom gedoop te word, sê hy vir hulle: "Nageslag van Adders! Wie het julle gewaarsku om te vlug van die komende straf?
8 Produseer daarom vrugte wat waardig is aan een wat weggedraai het van sy sondes na God toe
9 en moenie dink en in julleself sê: 'Avraham is ons Vader' nie, want ek sê vir julle dat God uit hierdie klippe seuns vir Avraham kan opwek!

10 Let op, die byl is ook alreeds teen die wortel van die bome neergelê, gereed om te kap; elke boom wat daarom nie goeie vrugte dra nie, word afgekap en val in die vuur!

11 Ek doop julle in water sodat julle van die sonde kan wegdraai na God toe, maar die Een wat ná my kom, Wie se sandale ek nie eens waardig is om uit te trek nie, is kragtiger as ek. Hy sal julle doop in die Gees wat Afgesonderd is en in vuur.

12 Sy hooivurk is by Hom en Hy maak Sy dorsvloer deeglik skoon en Sy graan maak Hy in Sy skure bymekaar en die kaf sal Hy verbrand in die onuitblusbare vuur!"

13 Toe het Yeshua vanaf die Galila na die Yarden gekom om deur Yoganan gedoop te word,

14 maar Yoganan het Hom geweier en gesê: "Ek het nodig om deur U gedoop te word en U het na my toe gekom?"

15 Yeshua het hom geantwoord en gesê: "Laat dit nóu so wees, want ons moet alles doen wat die onpartydige opregtheid vereis." Daarna het Yoganan Hom toegelaat.

16 Nadat Yeshua gedoop is, het Hy opgekom uit die water uit en op daardie oomblik gaan die hemele vir hom oop en hy sien die Gees van God afkom, soos 'n duif en op Hom kom [Mar 1:10; Luk 3:22]

17 en let op, 'n Stem uit die hemel wat sê: "Let op, dit is My Seun, Wie Ek lief het, in Wie Ek verheug is."

4 1 Toe is Yeshua, deur die Gees, na die wildernis gelei om getoets te word deur die teëstander.

2 Nadat Yeshua vir veertig dae en nagte gevas het, was Hy honger

3 en die versoeker het nadergekom en vir Hom gesê: "As U die Seun van God is, beveel dan hierdie klippe om brood te word."

4 Hy antwoord egter: "Daar is geskrywe: ''n Mens leef nie van brood alleen nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God kom'." [Deut 8:3; `Amo 8:11; Yog 6:48-; Yog 7:37]

5 Toe bring die teëstander Hom na die afgesonderde stad en laat Hom op die hoogste punt van die tempel staan

6 en sê vir Hom: "As U die Seun van God is, spring af, want daar is geskrywe: 'Hy sal Sy boodskappers bevel gee aangaande U. Hulle sal U op hulle hande dra sodat U nie U voete teen die klippe kan stamp nie'." [Ps 91:11,12]

7 Yeshua antwoord hom: "Daar is egter óók geskrywe: 'Jy mag יהוה, jou God, nie toets nie'." [Deut 6:16]

8 Weereens neem die teëstander Hom op na die hoë punt van menslike ambisies en wys Hom al die koninkryke van die wêreld en hulle volle eer, lof en aanbidding

9 en sê vir Hom: "Al hierdie dinge sal ek aan U gee, as U sal neerval en my aanbid."

10 Toe sê Yeshua vir hom: "Gaan weg, jou teëstander, want daar is geskrywe: 'Aanbid יהוה, jou God en dien Hom alleen'." [Deut 6:13; 10:20; Luk 4:8]

11 Daarna het die teëstander Hom alleen gelaat en let op, boodskappers het nadergekom en Hom bedien.

12 Toe Yeshua gehoor het dat Yoganan gearresteer is, het Hy na die Galila gegaan

13 en Hy het Natzeret verlaat en gaan bly in K'far-Nagum aan die see, naby die grens tussen Z'vulun en Naftali

14 sodat vervul sou word wat Yesha'yahu, die profeet, gesê het:
15 "Die land Z'vulun en die land Naftali, in die rigting van die see, oorkant die Yarden, Galila van die ander nasies,
16 die volk wat in duisternis leef, het 'n groot Lig gesien; Yes 9:1-2 oor hulle wat in die omgewing van die skadu van die dood leef, vir hulle het 'n Lig opgegaan."
17 Van daardie tyd af aan het Yeshua begin om te verklaar: "Draai weg van julle sondes af na God toe, want die Koninkryk van die hemele is naby!"
18 Terwyl Yeshua langs die see van Galila loop, sien Hy twee broers wat vissermanne was, Shim'on wat genoem is, Kefa en Andreas, sy broer, besig om 'n net in die see uit te gooi.
19 Yeshua sê vir hulle: "Kom, volg My en Ek sal julle vissers van mense maak."
20 Hulle het dadelik hulle nette laat staan en agter Hom aangegaan.
21 Toe Hy daarvandaan verder gaan, het Hy twee ander broers gesien, Ya'akov, die seun van Zavdai en Yoganan, sy broer, in die skuit saam met hulle vader Zavdai, besig om hulle nette reg te maak en Yeshua het hulle geroep.
22 Hulle het dadelik die skuit en hulle vader verlaat en saam met Yeshua gegaan.
23 Yeshua het oor die hele Galila gegaan en in hulle byeenkomste geleer, die goeie boodskap van die Koninkryk verkondig en mense van elke siekte en kwaal genees.
24 Woord aangaande Hom is versprei oor die hele Sirië en hulle het almal wat siek was na Hom toe gebring, hulle wat siek geword het van allerhande siektes en gekwel was deur ernstige pyne, hulle wat vasgevang was in die mag van demone, mense wat van hulle koppe afgegaan het en verlamdes en Hy het hulle gesond gemaak.
25 Groot groepe mense het Hom gevolg vanaf die Galila, die Tien Dorpe, Yerushalayim, Y'hudah en van oorkant die Yarden af.

5 1 Toe Hy die skare mense sien, het Yeshua met 'n heuwel opgegaan. Nadat Hy gaan sit het, het Sy studentevolgelinge na Hom toe gekom
2 en Hy het Sy mond oopgemaak en hulle geleer en gesê:
3 "Hoe uitermate gelukkig is dié wat arm van gees is, 1 Kef 3:4
want aan hulle behoort die Koninkryk van die hemel.
4 Hoe uitermate gelukkig is dié wat treur, want hulle sal vertroos word.
5 Hoe uitermate gelukkig is die saggeaardes,
want hulle sal die land erf. Ps 37:11, 34; Ps 76:10
6 Hoe uitermate gelukkig is dié wat honger en dors na onpartydige opregtheid,
want hulle sal versadig word.
7 Hoe uitermate gelukkig is dié wat liefdevol omgee,
want vir hulle sal liefdevol omgegee word.
8 Hoe uitermate gelukkig is dié wat rein van verstand, wil en emosie is,
want hulle sal God sien.
9 Hoe uitermate gelukkig is die vredemakers,
want hulle sal seuns van God genoem word.
10 Hoe uitermate gelukkig is dié wat vervolg word omdat hulle onpartydige opregtheid najaag, want aan hulle behoort die Koninkryk van die hemel.

11 Hoe uitermate gelukkig is julle wanneer mense julle beledig, vervolg en allerhande bose valshede teen julle praat as gevolg van My. [1 Kef 4:14]
12 Verbly en verheug julle omdat julle beloning groot is in die hemel, want net so het hulle die profete voor julle vervolg.
13 Julle is sout vir die land, maar as sout laf geword het, hoe kan dit weer sout gemaak word? Dit is vir niks meer goed nie as om buite gegooi te word vir mense om op te trap.
14 Julle is lig vir die wêreld. 'n Dorp wat bo-op 'n berg gebou is, kan jy nie wegsteek nie.
15 Hulle steek nie 'n lamp op en sit dit onder 'n mandjie nie, maar op 'n staander sodat dit vir almal wat in die huis is, lig gee.
16 Laat julle lig op dieselfde manier voor mense skyn sodat hulle die goeie dinge wat julle doen, kan sien en julle Vader wat in die hemel is eer, lof en aanbidding bring.
17 Moenie dink dat Ek gekom het om die Wet of die Profete te ontrafel nie. Ek het nie gekom om te ontrafel nie, maar om volledig uit te lê,
18 want dit is waar wat Ek vir julle sê: 'Totdat die hemel en die aarde verby sal gaan, sal nie een 'yud' of een 'strepie' van die wet verbygaan voordat dit alles klaar gebeur het nie.' [Deut 4:2; 12:32; Spr 30:6]
19 Enige een, wat daarom aan een van die minste van hierdie opdragte ongehoorsaam is en ander só leer, sal die minste genoem word in die Koninkryk van die hemel, maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die Koninkryk van die hemel,
20 want Ek sê vir julle dat, as julle onpartydige opregtheid nie baie meer is as dié van die leraars van die wet en die Fariseërs nie, julle sekerlik nie in die Koninkryk van die hemel sal ingaan nie!
21 Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: 'Moenie moord pleeg nie,' [Eks 20:13] en dat elkeen wat moord pleeg, verantwoording moet doen voor die gereg,
22 maar Ek sê vir julle dat elkeen wat sy broer verkeerdelik kwaad maak, veroordeeld is voor die gereg en elkeen wat vir sy broer sê: 'Ek spoeg op jou!' (Raka - minag jou lewe) is veroordeeld voor die gemeente en elkeen wat sê: 'Jy is 'n dwaas!' is veroordeeld tot die vuur van Gehenna.
23 As jy dan jou offer na die altaar toe bring en jy daar onthou dat jou broer iets teen jou hou,
24 los jou offer daar by die altaar en gaan herstel die verhouding met jou broer en kom dan en offer jou offer.
25 Kom gou tot 'n vergelyk met iemand wat jou hof toe vat terwyl jy nog saam met hom op die pad is sodat hy jou nie miskien oorgee aan die regter en die regter jou oorgee aan die belastinggaarders en jy in die gevangenis gegooi word nie!
26 Dit is waar wat Ek vir jou sê, jy sal daar sekerlik nie uitkom voordat jy nie die laaste deel van 'n sent betaal het nie.
27 Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: 'Moenie egbreuk pleeg nie,' [Eks 20:14]

28 maar Ek sê vir julle dat ’n man wat na ’n vrou kyk met die doel om haar te begeer, daardie oomblik, egbreuk pleeg met haar in sy gedagtes, wil en emosie.
29 As jou regteroog jou laat sondig, ruk dit uit en gooi dit weg! (Verwyder slegte dinge voor jou oë). Dit is vir jou beter dat jy een van jou ledemate verloor as dat jou hele liggaam in die hel gegooi word.
30 As jou regterhand jou laat struikel, kap dit af en gooi dit weg! (As jy verkeerd doen - stop dit). Dit is vir jou beter dat jy een van jou ledemate verloor as dat jou hele liggaam in die hel gegooi word.
31 Daar word gesê: [Deut 24:1] ‘Elkeen wat van sy vrou skei, moet vir haar ’n skeibrief gee,’
32 maar Ek sê vir julle dat enige een wat van sy vrou skei, behalwe as gevolg van seksuele immoraliteit, maak dat sy egbreuk pleeg en elkeen wat ’n geskeide trou, pleeg egbreuk. [Mar 10:4-12; 1 Kor 7:10-11]
33 Verder het julle gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: ‘Jy moenie jou eed verbreek nie,’ en, ‘jy moet jou beloftes aan יהוה hou,’ [Deut 6:13; Mat 23:16-22]
34 maar Ek sê vir julle: ‘Lê hoegenaamd nie ’n eed af “by die hemel” nie omdat dit die troon van God is;
35 ook nie “by die aarde” nie omdat dit Sy voetstoel is; [Yes 66:1] ook nie “by Yerushalayim” nie omdat dit die stad van die groot Koning is [Ps 48:2]
36 en moet ook nie by jou kop ’n eed aflê nie omdat jy nie een haar wit of swart kan maak nie.
37 Laat slegs julle ‘Ja’ ’n eenvoudige ‘Ja’ wees en julle ‘Nee’ eenvoudig ‘Nee’. Enige iets meer as dit het sy oorsprong in die Bose een.’ [Ya’a 5:12]
38 Julle het gehoor dat daar gesê is: ‘’n Oog in ruil vir ’n oog en ’n tand in ruil vir ’n tand,’ [Eks 21:24; Lev 24:20; Deut 19:21]
39 maar Ek sê vir julle dat julle nie moet opstaan teen ’n bose oortreder nie, maar as iemand jou op jou regterwang slaan, draai vir hom ook die linkerwang!
40 As iemand jou vir jou hemp wil dagvaar, laat hom die bo-kleed ook vat
41 en as enige een van jou een myl afdwing, loop twee myl saam met hom.
42 As iemand jou iets vra, gee dit vir hom en moenie weier as hy van jou wil leen nie.
43 Julle het gehoor dat daar vroeër gesê is: ‘Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand haat,’
44 maar Ek sê vir julle: ‘Julle moet hulle wat julle haat, liefhê; seën die wat julle vervloek; doen goed aan die wat julle haat en bid oor die wat julle met geweld vat en julle vervolg
45 sodat julle seuns kan word van julle Vader wat in die hemel is, want Hy laat Sy son oor bose oortreders en oor goeie mense skyn en Hy stuur reën na onskuldiges en skuldiges.
46 Watter beloning ontvang julle as julle net dié lief het wat vir julle lief is? Selfs die tollenaars doen dit!
47 As julle net vriendelik is met julle vriende, wat besonders doen julle dan? Maak die belastinggaarders nie ook so nie?
48 Jy moet daarom volmaak wees net soos julle Vader in die hemel volmaak is’.” [Heb 13:21]

6 1 “Gee aandag daaraan om nie jul liefdadigheid voor mense te bewys om deur hulle gesien te word nie, anders is daar geen beloning vir julle by jul Vader in die hemel nie.

2 Wanneer jy daarom liefdadigheid bewys, moenie ’n ramshoring blaas om dit aan te kondig soos die toneelspelers van ’n vals karakter in die bymekaarkomplekke en op die strate doen sodat hulle mense se lof kan ontvang nie. Dit is waar wat Ek vir julle sê, hulle het hulle beloning reeds ontvang,

3 maar jy, as jy liefdadigheid gee, laat jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie

4 sodat jou liefdadigheid geheim sal wees en jou Vader wat sien wat jy in die geheim doen, sal jou in die openbaar beloon.

5 Wanneer jy bid, moet jy nie wees soos die toneelspelers van ’n vals karakter wat hou daarvan om in die bymekaarkomplekke en op die hoeke van die strate te staan en bid om deur die mense gesien te word nie. Dit is waar as Ek vir julle sê dat hulle hul beloning reeds ontvang het,

6 maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou private kamer, sluit jou deur en bid in die geheim tot jou Vader en jou Vader wat sien wat in die geheim gedoen word, sal jou in die openbaar beloon.

7 Wanneer julle bid, gebruik nie mooi klinkende herhaling van woorde soos die heidene, wat dink dat God hulle beter sal hoor as hulle baie woorde gebruik, nie.

8 Moet dan nie wees soos hulle nie, want julle Vader weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra.

9 Julle moet dan so bid: ‘Ons Vader wat in die hemel is, U Karakter en Outoriteit (Naam) is afgesonderd;

10 laat U Koninkryk kom, laat U wil gedoen word, op die aarde soos in die hemel.

11 Gee ons die brood wat ons vandag nodig het.

12 Vergewe wat ons verkeerd gedoen het, soos ons ook hulle wat teenoor ons verkeerd gedoen het, vergewe

13 en bring ons nie in toetsing nie, maar bevry ons van boosheid, want aan U behoort die Koningskap, die wonderwerkende krag, die eer, lof en aanbidding tot in ewigheid,’

14 want as julle ander hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe,

15 maar as julle ander se oortredinge nie vergewe nie, het julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.

16 Wanneer julle vas, moenie treurig lyk soos die toneelspelers van ’n vals karakter nie, want hulle misvorm hul gesigte sodat mense kan sien dat hulle vas. Dit is waar wat Ek vir julle sê, hulle het reeds hul beloning ontvang,

17 maar jy, wanneer jy vas, was jou gesig en salf jou kop

18 sodat niemand sal sien dat jy vas nie, behalwe jou Vader wat in die geheim is en jou Vader wat sien wat in die geheim gedoen word, sal jou in die openbaar beloon.

19 Moenie vir julle skatte opgaar hier op die aarde, waar motte en roes vernietig en waar diewe inbreek en steel nie,

20 maar stoor vir julleself skatte in die hemel, waar mot of roes nie verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie,
21 want waar julle rykdom is, daar sal julle gedagtes, wil en emosie ook wees.
22 Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog dan goed is (vrygewig), sal jou hele liggaam goed verlig wees,
23 maar as jou oog boos is (suinig), sal jou hele liggaam vol donkerte wees. [Spr 23:6,7] As die lig in jou dan duisternis is, hoe groot is die donkerte nie!
24 Geen man kan vir twee meesters werk nie, want hy sal òf die een haat en van die ander een hou, òf hy sal getrou wees aan die eerste een en die ander een verwaarloos. Dit is nie moontlik om vir God én vir Mamon (Materialisme) te werk nie! [1 Tim 6:10]
25 Ek sê daarom vir julle: 'Moenie bekommerd wees oor julleself, wat julle sal eet of drink nie, of oor julle liggaam, wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as kos en die liggaam meer as klere nie?'
26 Kyk na die voëls in die lug! Hulle saai nie en hulle maai ook nie en hulle stoor nie kos in skure nie en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?
27 Wie van julle kan deur bekommerd te wees, een el by sy lengte byvoeg?
28 Waarom bekommerd wees oor klere? Dink ernstig aan die lelies van die veld en hoe hulle groei, sonder om hard te werk of te spin
29 en tog sê Ek vir julle dat selfs nie eens Shlomo, in al sy eer en lof soos een van hulle aangetrek was nie.
30 As dit dan is hoe God die gras van die veld, wat vandag daar is en môre in 'n oond gegooi word, aantrek, [Ps 103:15,16] sal Hy julle dan nie soveel meer aantrek nie? Hoe min vertroue het julle nie!
31 Julle moet daarom nie bekommerd wees en vra: 'Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie,'
32 want dit is die ander nasies van die wêreld wat konsentreer op al hierdie dinge. Julle hemelse Vader weet dat julle ook al hierdie dinge nodig het,
33 maar soek eerste die Koninkryk van God en Sy onpartydige opregtheid en al hierdie dinge sal ook vir julle bygesit word. [Kol 3:1]
34 Bekommer julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge bekommer. Elke dag het genoeg aan sy eie booshede."

7 1 "Moenie oordeel nie sodat julle nie geoordeel word nie,
2 want volgens die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word en met die maat waarmee julle meet, sal dit vir julle uitgemeet word.
3 Waarom sien jy die splinter in jou broer se oog, maar die plank in jou eie oog merk jy nie op nie?
4 Hoe kan jy vir jou broer sê: 'Laat my die splinter uit jou oog uithaal en let op, daar is 'n plank in jou eie oog?
5 Toneelspeler van 'n valse karakter, haal eers die plank uit jou eie oog uit, dan sal jy kan sien om 'n splinter uit jou broeder se oog uit te haal!

6 Gee nie oorringe aan honde nie en gooi nie julle pêrels voor wildevarke nie. As julle dit doen dan mag hulle dit net miskien onder hulle pote vertrap en omdraai en julle deurboor.

7 Hou aan om te vra en dit sal vir julle gegee word; hou aan om te soek en julle sal vind; hou aan om te klop en daar sal vir julle oopgemaak word,

8 want elkeen wat aanhou vra ontvang en hy wat aanhou soek, vind en vir hom wat aanhou klop, sal oopgemaak word.

9 Wie is daar tussen julle wat, as sy seun vir hom 'n brood vra, vir hom 'n klip sal aanbied;

10 of as hy vir 'n vis vra, vir hom 'n slang sal aanbied?

11 As julle, alhoewel julle boos is, dan weet om goeie geskenke vir julle seuns te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemel is, aanhou om goeie dinge te gee vir die wat aanhou om Hom te vra!

12 Alles wat jy wil hê ander mense vir jou moet doen, doen net so vir hulle, want dit is die Wet en die Profete.

13 Gaan in deur die nou hek, want die hek wat na vernietiging lei is breed en die pad wyd en baie gaan in,

14 maar die hek is klein en die pad smal wat na die lewe lei en daar is min wat dit vind!

15 Pas op vir die vals profete! Hulle kom in skaapsklere na julle toe, maar van binne is hulle plunderende wolwe.

16 Julle sal hulle aan hulle vrugte uitken. Pluk 'n mens druiwe van 'n doringbos of vye van distels?

17 Net so dra elke goeie boom bruikbare vrugte, maar 'n waardelose boom dra verrotte vrugte.

18 Dit is nie moontlik vir 'n goeie boom om verrotte vrugte te dra nie en vir 'n waardelose boom om bruikbare vrugte te dra nie.

19 Elke boom wat nie bruikbare vrugte dra nie, word uitgekap en val in die vuur.

20 Julle sal hulle daarom aan hulle vrugte ken. [Ya'a 3:17, Gal 5:22,23]

21 Nie elkeen wat vir My sê: 'My Meester, my Meester,' sal ingaan in die Koninkryk van die hemel nie, maar hy wat die wil van My Vader, wat in die hemel is, doen.

22 Op daardie dag sal baie vir My sê: 'My Meester, my Meester, het ons nie in U Karakter en Outoriteit (Naam) geprofeteer en in U Karakter en Outoriteit demone uitgedryf en in U Karakter en Outoriteit baie kragtige dade gedoen nie?'

23 Dan sal Ek vir hulle sê: 'Ek het van die begin van tyd af nie met julle 'n verbondsooreenkoms gehad nie. Gaan ver weg van My af, julle wat teen die wet werk!' [Ps 6:9]

24 Elkeen wat daarom na hierdie boodskappe van My luister en dit doen, sal vergelyk word met 'n wyse man wat sy huis op 'n soliede rots bou

25 en die reën het geval en die waterstrome het aangestorm en die winde het teen daardie huis gewaai en dit het nie geval nie, want sy fondament was op die soliede rots.

26 Elkeen wat hierdie boodskappe van My hoor en dit nie gehoorsaam nie, sal vergelyk word met 'n dwase man wat sy huis op sand bou

27 en die reën het geval en die waterstrome het aangestorm en die winde het teen daardie huis gewaai en dit het inmekaargeval en sy val was groot."
28 Toe Yeshua die boodskappe klaar gebring het, was die skare verslae oor Sy leringe,
29 want Hy het hulle geleer soos een wat self outoriteit het en nie soos die leraars van die wet en die Fariseërs nie.

8 1 Toe Hy van die berg afkom, het 'n groot skare mense Hom gevolg
2 en let op, 'n sekere melaatse man het gekom en voor Hom neergeval en gesê: "My Meester, as U wil, is U in staat om my te reinig."
3 Yeshua het Sy hand uitgesteek, aan hom geraak en gesê: "Ek wil, wees rein." In daardie oomblik is sy melaatsheid gereinig.
4 Yeshua sê vir hom: "Wees versigtig wat jy aan iemand sê, maar gaan wys jouself aan die priester en offer die offer wat Mosheh beveel het, tot 'n getuienis vir hulle."
5 Toe Yeshua K'far-Nagum binnegaan, kom daar 'n kaptein oor honderd na Hom toe en vra ernstig van Hom
6 en sê: "My Meester, my seun lê tuis verlam en word ernstig gepynig."
7 Daarop sê Yeshua vir hom: "Ek sal gaan en hom gesond maak."
8 Die kaptein oor honderd antwoord en sê: "My Meester, ek is nie waardig dat U onder my dak inkom nie, maar sê slegs 'n woord en my seun sal gesond wees,
9 want ek self is ook 'n man onder outoriteit en ek het soldate onder my en vir hierdie een sê ek: 'Gaan!' en hy gaan en vir 'n ander een: 'Kom!' en hy kom en vir my slaaf: 'Doen dit!' en hy doen dit."
10 Toe Yeshua dit hoor, was Hy beïndruk en het aan die wat saam met Hom gekom het gesê: "Sowaar Ek sê vir julle, selfs in Yisra'el het Ek so 'n vertroue nie gevind nie,
11 want Ek sê vir julle dat baie vanaf die ooste en vanaf die weste sal kom en saam met Avraham, Yitz'gak en Ya'akov sal skuinslê in die Koninkryk van die hemel,
12 maar die seuns van die koninkryk sal uitgegooi word in die duisternis daar buite. Daar sal 'n gehuil wees en 'n gekners van tande."
13 Toe sê Yeshua vir die kaptein oor 'n honderd: "Gaan, dit sal vir jou wees soos jy vertrou het" en sy seun het op daardie oomblik gesond geword.
14 Yeshua het in Kefa se huis gekom en gesien dat Kefa se skoonmoeder deur koors platgetrek is.
15 Hy het haar hand aangeraak, die koors het haar verlaat en sy het opgestaan en Hom bedien.
16 Toe dit aand geword het, het hulle baie na Hom toe gebring wat van demone besete was en Hy het hulle demone met 'n woord uitgedryf en almal wat siek was, het Hy gesond gemaak.
17 So is vervul wat gesê is deur Yesha'yahu, die profeet, wat gesê het: "Hy sal ons pyne wegvat en ons siektes dra." Mal 3:17-20; Yes 53:4,5,10; 1 Kefa 2:24; Rom 4:25; 1 Kor 15:3
18 Toe Yeshua die groot klomp mense rondom Hom sien, het Hy opdrag gegee dat hulle na die strand toe gaan.
19 'n Sekere leraar van die wet het nadergekom en vir Hom gesê: "Leermeester, ek sal U volg waar U ook al mag gaan."

20 Yeshua sê vir hom: “Vir die jakkalse is daar gate en vir die voëls in die lug skuilings, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy Sy kop kan neerlê nie.”
21 ’n Ander een van Sy studentevolgelinge het vir Hom gesê: “My Meester, gee my toestemming om eers te gaan en my vader te begrawe,”
22 maar Yeshua sê vir hom: “Volg My en laat die dooies hulle dooies begrawe.”
23 Toe klim Hy in die skuit en Sy studentevolgelinge saam met Hom
24 en let op, daar was ’n groot aardbewing sodat die golwe op die see bo-oor die boot geslaan het, maar Hy het geslaap.
25 Toe kom Sy studentevolgelinge nader en maak Hom wakker en sê: “Ons Meester, red ons, ons word vernietig!”
26 Yeshua sê vir hulle: “Waarom is julle bang, vertroueloses?” Toe staan Hy op, bestraf die wind en die see en daar was ’n groot kalmte. [Yes 51:15]
27 Die manne was geskok en het gesê: “Wie is Hy dat die wind en die see Hom gehoorsaam?”
28 Toe Hy aan die oorkant kom, in die gebied van Gergesenos, het twee demoonbesetenes, wat so boos was dat niemand met daardie pad kon verbygaan nie, vanuit die grafte gekom en Hom ontmoet
29 en hulle het uitgeroep en gesê: “Wat het ons met U te doen, Yeshua, Seun van God? Het U voor die bepaalde tyd hierheen gekom om ons te pynig?”
30 Daar was ’n groot trop varke wat ’n ent van hulle af gewei het.
31 Daardie demone het Hom gesmeek en gesê: “As U ons uitdryf, gee vir ons toestemming om in die trop varke te vaar.”
32 Yeshua sê vir hulle: “Gaan!” Toe gaan hulle uit en gaan in die trop varke in en toe storm die hele trop varke van die krans af in die meer in en vrek in die water.
33 Díe wat hulle opgepas het, het ook weggehardloop en in die stad gekom en hulle het alles vertel, ook wat met die besetenes gebeur het.
34 Die hele stad het uitgekom om Yeshua te ontmoet en toe hulle Hom sien, smeek hulle Hom dat Hy uit hulle gebied uit moet weggaan.

9 1 Hy het in die boot geklim, oorgevaar en in Sy dorp aangekom.
2 Hulle het ’n verlamde, wat bedlêend was, na Yeshua gebring. Toe Yeshua hulle vertroue sien, sê Hy aan die verlamde: “Wees bemoedig seun, jou sondes is vergewe.”
3 Sommige van die leraars van die wet het hierop by hulleself gesê: “Hierdie man praat kwaad teen God.”
4 Yeshua het geweet wat hulle dink en sê: “Waarom bedink julle bose dinge in julle gedagtes,
5 want wat is makliker: ‘Om te sê, jou sondes is vergewe, of om te sê, staan op en loop?’
6 Sodat julle egter kan weet dat die Seun van die mens outoriteit het op aarde om sondes te vergewe, sê Ek vir die verlamde man: ‘Staan op, tel jou bedmat op en gaan na jou huis toe.’”
7 Hy het opgestaan en huis toe gegaan.

8 Toe die skare dit sien, was hulle bang en het eer, lof en aanbidding aan God gebring wat so ’n outoriteit aan die mens gegee het.
9 Toe Yeshua daarvandaan verder gaan, sien Hy ’n man, wie se naam Mattityahu was, by die belastingstalletjie sit en Hy sê vir hom: “Kom saam met My.” Hy het opgestaan en saam met Hom gegaan.
10 Toe hulle in die huis aan tafel skuinsgelê het, het daar baie belastinggaarders en sondaars saam met Yeshua en Sy studentevolgelinge aan tafel kom skuinslê.
11 Toe die Fariseërs dit sien, sê hulle vir die studentevolgelinge: “Waarom eet julle Meester saam met belastinggaarders en sondaars?”
12 Toe Yeshua dit gehoor het, sê Hy vir hulle: “Die wat gesond is, het nie die dokter nodig nie, maar die wat siek geword het,
13 maar gaan leer wat hierdie beteken: [Hos 6:6; Ps 40:7; Ps 51:18-21; 1 Sh’m 15:22; Mat 12:7] ‘Ek vereis aktiewe omgee en nie offers nie,’ want Ek het nie gekom om onskuldiges te roep nie, maar sondaars.”
14 Toe kom die studentevolgelinge van Yoganan na Hom toe en sê: “Waarom vas ons en die Fariseërs dikwels, maar U studentevolgelinge vas nie?”
15 Yeshua sê vir hulle: “Hoe kan die bruilofsgaste vas solank as die Bruidegom by hulle is? Daar sal egter ’n dag kom wanneer die Bruidegom van hulle af weggevat word en dan sal hulle vas.
16 Niemand sit ’n nuwe stuk lap op ou klere sodat die aangelapte stuk nie afskeur en daar ’n groter skeur kom nie.
17 Net so gooi hulle ook nie nuwe wyn in ou leersakke sodat die sakke nie breek en die wyn mors en die sakke vernietig word nie. ’n Mens gooi egter nuwe wyn in nuwe sakke en albei word bewaar.”
18 Terwyl Hy hierdie dinge vir hulle sê, kom daar ’n sekere heerser en buig voor Hom neer en sê: “My dogter is in hierdie uur dood, maar kom lê U hand op haar en sy sal lewe.”
19 Yeshua en sy studentevolgelinge het opgestaan en hom gevolg,
20 en let op, ’n vrou wat twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het, het van agter af gekom en die bloulyn-soomtossel van Sy kleed aangeraak, [Num 15:38]
21 want sy het in haarself gesê: “Selfs as ek net Sy klere kan aanraak, sal ek gesond word.”
22 Yeshua het omgedraai en haar gesien en gesê: “Wees bemoedig My dogter, jou vertroue het jou gered” en die vrou is van daardie oomblik af genees.
23 Yeshua het by die huis van die heerser gekom en die weeklaers en die groep omgekrapte mense gesien.
24 Hy sê vir hulle: “Gaan julle weg, want die dogter is nie dood nie, maar slaap.” Hulle het vir Hom gelag.
25 Nadat Hy die skare uitgestuur het, het Hy ingegaan, haar hand vasgevat en die dogter laat opstaan.
26 Die gerug hiervan het deur die hele gebied versprei.
27 Toe Yeshua daarvandaan verder gaan, het twee blindes Hom gevolg wat uitgeroep en gesê het: “Gee om vir ons, Seun van Dawid!”

28 Nadat Hy in die huis ingegaan het, kom die blindes na Hom toe en Yeshua sê vir hulle: “Vertrou julle dat Ek in staat is om dit te doen?” Hulle sê vir Hom: “Ja, ons Meester.”
29 Toe raak Hy hulle oë aan en sê: “Laat dit vir julle wees net soos julle vertrou”
30 en onmiddellik het hulle oë oopgegaan en Yeshua het hulle ernstig beveel en gesê: “Let op dat niemand daarvan weet nie.”
31 Hulle het egter weggegaan en dit in die hele gebied bekend gemaak.
32 Terwyl hulle weggaan, bring hulle ’n doofstom persoon, wat deur ’n demoon beheer word, na Yeshua toe
33 en nadat die demoon uitgegaan het, het die doofstom persoon gepraat. Die skare mense het hulle verwonder en gesê: “So iets is nog nooit in Yisra’el gesien nie,”
34 maar die Fariseërs het gesê: “Deur die prins van die demone dryf Hy die demone uit.”
35 Yeshua het rondgegaan na al die stede en dorpe en in hulle bymekaarkomplekke geleer en die goeie boodskap van die Koninkryk verkondig en elke siekte en elke pyn onder die mense genees.
36 Toe Hy die groot groep mense sien, het Hy liefdevol vir hulle omgegee omdat hulle uitgeput was en rondgedwaal het, soos skape wat geen herder het nie. Yeg 34:2,8-10; Mar 6:34
37 Toe sê Hy vir sy studentevolgelinge: “Die oes is groot en die arbeiders is min.
38 Vra daarom van die Meester van die oes, om werkers uit te stuur na Sy oes.”

10 1 Hy het Sy twaalf studentevolgelinge na Hom toe geroep en aan hulle outoriteit gegee oor vuil geeste, om hulle uit te dryf en om elke siekte en elke pyn te genees.
2 Hierdie was die name van die twaalf afgevaardigdes: eerstens, Shim’on wat genoem word Kefa en Andréas, sy broer; Ya’akov, die seun van Zavdai en Yoganan, sy broer;
3 Filippos en die seun van (Bar)-Talmai; T’oma en Mattityahu, die belastinggaarder; Ya’akov, die seun van (Bar)-Halfai en Labi wat genoem word Taddai;
4 Shim’on die Yweraar en Y’hudah van K’riot, wat Hom oorgegee het.
5 Yeshua het hierdie twaalf gestuur en hulle opdrag gegee en gesê: “Moenie, op pad, na die ander volke toe gaan nie en moenie in die stede van Shomron ingaan nie,
6 maar gaan spesifiek na die verlore skape van die huis van Yisra’el
7 en wanneer julle gaan, kondig aan en sê: ‘Die Koninkryk van die hemel het naby gekom.’
8 Genees siekes, reinig melaatses, dryf demone uit. Sonder betaling is dit ontvang, sonder betaling moet dit gegee word. Yes 55:1; 2 Kor 11:7; Open 21:6; 22:17
9 Moenie goud of silwer of koper in julle beurse hou nie,
10 geen sak vir die pad of twee kledingstukke of sandale of ’n wandelstok nie, want die arbeider is sy versorging waardig,
11 maar in watter stad of dorp julle ook al ingaan, onderskei wie waardig is en bly dan dáár totdat julle vertrek.
12 Wanneer julle in ’n huis ingaan, spreek vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid oor die huishouding

13 en as die huis dit waardig is, sal julle seëning (vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid) daarop rus, maar as dit nie waardig is nie, sal julle seëning na julle toe terugkom.
14 Wanneer iemand julle nie ontvang en nie na julle boodskap luister nie, gaan uit daardie huis of daardie stad uit en skud die stof van julle voete af.
15 Dit is waar wat Ek vir julle sê: 'In die oordeelsdag sal dit vir die land van S'dom en `Amorah meer uithoudbaar wees as vir daardie stad.'
16 Let op, Ek stuur julle soos skape tussen die wolwe in. [Luk 10:3] Wees daarom uitgeslape soos slange en onskuldig soos duiwe,
17 maar wees versigtig vir die mense, want hulle sal jul oorlewer aan die howe en in hulle bymekaarkomplekke sal hulle julle gésel.
18 Hulle sal julle ook voor streeksleiers en konings bring, om My ontwil, tot 'n getuienis vir hulle en vir die ander nasies,
19 maar wanneer hulle julle arresteer, moenie bekommerd wees oor hoe, of wat, julle sal sê nie, want wat julle moet sê sal op daardie oomblik vir julle gegee word, [Spr 16:1]
20 want dit sal nie julle wees wat praat nie, maar die Gees van julle Vader wat in julle praat.
21 'n Broer sal sy broer tot die dood oorlewer en die vader sy seun en die seuns sal teen hulle ouers opstaan en hulle doodmaak [Mik 7:2,5]
22 en almal sal julle haat ter wille van My Karakter en Outoriteit (Naam), maar wie ook al uithou tot die einde toe, hy sal gered word. [Open 2:26; 3:12,21]
23 Wanneer hulle julle vervolg in hierdie stad, vlug na 'n ander toe, want dit is waar wat Ek vir julle sê: 'Julle sal nie die stede van die huis van Yisra'el voltooi voordat die Seun van die mens sal kom nie.'
24 Daar is nie 'n leerling groter as sy leermeester nie en net so ook nie 'n dienskneg groter as sy meester nie. [Yog 13:16; Yog 15:20]
25 Dit is vir die studentevolgeling genoeg dat hy soos sy leermeester sal wees en die dienskneg soos sy meester. As hulle die meester van die huis Ba'al-Z'vuv genoem het; hoeveel te meer sy huisgenote!
26 Wees daarom nie bang vir hulle nie, want daar is niks bedek wat nie openbaar sal word nie en geheim wat nie bekend sal word nie. [Spr 3:32]
27 Wat Ek ook al vir julle in die donker vertel, sê dit in die lig en enige iets wat julle in julle oor hoor, verkondig dit op die dakke.
28 Moenie bang wees vir hulle wat die liggaam doodmaak, maar die gees nie kan doodmaak nie, maar wees eerder bang vir Hom wat die gees sowel as die liggaam kan vernietig in die hel.
29 Word twee mossies nie vir 'n assarion verkoop nie? Nie een van hulle sal op die grond val sonder julle Vader se wil nie,
30 maar julle, al die hare van julle kop, is ook almal getel.
31 Wees daarom nie bang nie, [Deut 1:17] want julle is belangriker as baie mossies.
32 Elkeen dan wat My sal erken voor die mense, hom sal Ek ook erken voor My Vader wat in die hemel is,
33 maar elkeen wat My ontken voor die mense, hom sal Ek ook ontken voor My Vader wat in die hemel is. [Yir 1:17]

34 Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar ’n swaard,
35 want Ek het gekom om tweedrag te verwek tussen ’n man en sy vader en tussen ’n dogter en haar moeder en tussen ’n skoondogter en haar skoonmoeder;
36 ’n mens se vyande sal die seuns van sy huishouding wees. [Mik 7:6]
37 Wie ’n vader of moeder meer liefhet as vir My, is My nie waardig nie en wie ’n seun of dogter meer lief het as vir My, is My nie waardig nie
38 en elkeen wat nie sy kruis optel en My volg nie, is My nie waardig nie.
39 Wie ook al sy lewe self verloor om My ontwil, sal dit vind. Wie ook al sy lewe self vind, sal dit verloor.
40 Wie ook al vir julle ontvang, ontvang My en wie ook al vir My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het.
41 Wie ook al ’n profeet ontvang in die Karakter en Outoriteit (Naam) van die Profeet, sal ’n beloning van die Profeet ontvang en wie ’n onskuldige ontvang in die Karakter en Outoriteit van die Onskuldige, sal ’n beloning van die Onskuldige Een ontvang
42 en elkeen wat vir een van hierdie kleintjies net ’n koppie koue water gee om te drink, volgens die karakter en outoriteit van ’n studentevolgeling, dit is waar, Ek sê vir julle, hy sal nie sy beloning verloor nie.”

11 1 Dit was nadat Yeshua Sy bevele aan Sy twaalf studentevolgelinge voltooi het dat Hy daarvandaan weggegaan het om in húlle stede te leer en te verkondig.
2 Toe Yoganan in die gevangenis gehoor het van die dade van dié Gesalfde Een, het hy deur middel van sy studentevolgelinge gestuur
3 en vir Hom gevra: “Is U Hy wat kom, of moet ons ’n ander verwag?”
4 Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Gaan vertel aan Yoganan daardie dinge wat julle hoor en sien:
5 die blindes sien, die kreupeles loop, die melaatses word rein, die dowes hoor, [Yes 35:5,6]
die dooies staan op, [Yes 29:18; 35:5] die armes hoor die goeie boodskap [Yes 61:1]
6 en geseënd is elkeen wat nie deur My sal struikel nie.” [Yes 8:14; 1 Kefa 2:7,8]
7 Toe hulle weg is, begin Yeshua vir die skare aangaande Yoganan te sê: “Wat het julle uitgegaan om in die wildernis te sien? ’n Riet wat deur die wind geskud word?
8 Indien nie, wat het julle uitgegaan om te sien? ’n Man wat ’n lang sagte kleed dra? Let op, die wat sagte klere dra, is tussen konings.
9 Wat anders het julle uitgegaan om te sien? ’n Profeet? Ja, Ek sê vir julle, meer as ’n profeet.
10 Dit is hy van wie daar geskrywe is: ‘Let op, Ek stuur My boodskapper voor U Teenwoordigheid uit, om U pad voor U uit voor te berei.’ [Yes 40:3; Mal 3:1]
11 Ek sê vir julle die waarheid: ‘Onder die wat uit vroue gebore is, het daar nie een opgestaan wat groter is as Yoganan, die Doper, nie, maar die kleinste in die Koninkryk van die hemel, is groter as hy.’
12 Vanaf die dae van Yoganan die Doper af tot nou toe word die Koninkryk van die hemel kragtig gelei en die wat sterk is gryp dit aan,
13 want al die profete en die wet het tot by Yoganan geprofeteer [Dan 9:24; Luk 16:16]
14 en as julle bereid is om dit te aanvaar: hy is Eliyahu wat sou kom. [Mal 3:23,24; Luk 1:17]

15 Wie ook al ’n oor het wat wil hoor, laat hom hoor,
16 maar waarmee sal Ek hierdie geslag vergelyk? Dit is net soos seuns wat in die strate sit en na hulle maats roep
17 en sê: ‘Ons het vir julle gesing en julle het nie gedans nie; ons het vir julle gehuil en julle het nie getreur nie,’
18 Yoganan het gekom en niks geëet of gedrink nie en hulle sê: ‘Hy het ’n demoon in hom.’
19 Die Seun van die mens het gekom al etende en drinkende en hulle sê: ‘Let op, ’n vraat en ’n wynsuiper, ’n vriend van belastinggaarders en sondaars.’ Wysheid word geregverdig deur die dade wat dit voortbring.”
20 Toe begin Yeshua die stede waarin die meeste van Sy kragtige dade plaasgevind het, aanspreek omdat hulle nie erken en omgedraai het van hulle sonde na God toe nie
21 en Hy sê: “Wee jou, Kórasin; wee jou, Beit-Tzaidah, want as in Tzor en Tzidon die kragtige dade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle lankal in sak en as erken en omgedraai het van hulle sonde na God toe,
22 maar Ek sê vir julle, dit sal vir Tzor en Tzidon meer uithoudbaar wees in die oordeelsdag as vir julle
23 en jy, K’far-Nagum, wat tot die hemel toe opgelig is, jy sal tot Sh’ol toe neergedruk word, want as in S’dom die kragtige dade plaasgevind het wat in jou plaasgevind het, sou hy bly bestaan het tot vandag toe,
24 maar Ek sê vir julle dat dit vir die land van S’dom kalm en rustig sal wees in die oordeelsdag in vergelyking met jou.”
25 By daardie geleentheid het Yeshua geantwoord en gesê: “Ek dank U, My Vader, Meester van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge weggesteek het vir die wyse en intelligente en dit aan eenvoudiges openbaar het.
26 Ja, My Vader, want so was dit U begeerte om te doen.
27 Alles is aan My oorgegee deur My Vader en niemand ken die Seun ten volle nie, behalwe die Vader; ook ken niemand die Vader ten volle nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar.
28 Kom na My toe, almal wat moeg gewerk is en gedwing word om laste te dra en Ek sal julle rus gee.
29 Neem My juk op julle en leer van My, [Kla 3:27, 28] want Ek is vredevol en nederig van verstand, wil en emosie en julle sal rus vind vir julle gees, [Yir 6:16; Mik 6:8]
30 want My juk is aangenaam en My las is lig.” [Yes 46:1]

## 12

1 In daardie tyd het Yeshua op die Shabbat deur die graanland geloop en Sy studentevolgelinge was honger en het are begin pluk en geëet,
2 maar toe die Fariseërs dit sien, sê hulle vir Hom: “Let op, U studentevolgelinge doen wat nie toegelaat is om op die Shabbat te doen nie.”
3 Hy sê egter vir hulle: “Het julle nie gelees wat Dawid gedoen het toe hy honger was nie; hy en die wat saam met hom was;

4 hoe hy in die huis van God ingegaan het en die brode van die tafel van יהוה geëet het, wat nie vir hom, of die wat saam met hom was, toegelaat was om te eet nie, maar slegs vir die priesters?
5 Of het julle nie in die wet gelees dat, op die Shabbat, die priesters in die tempel nie die Shabbat afsonder nie en tog onskuldig is, nie? [Num 28:9,10]
6 Ek sê egter vir julle: 'Een groter as die tempel, is hier,' [Z'kh 6:12-13]
7 maar as julle verstaan het wat dit beteken: 'Ek wil liefdevolle omgee hê en nie offerandes nie,' [Hos 6:6; Ps 40:7; Ps 51:18-21] sou julle nie die onskuldiges veroordeel het nie,
8 want die Seun van die mens is Meester van die Shabbat."
9 Yeshua het daarvandaan weggegaan na hulle bymekaarkomplek toe.
10 Daar was 'n persoon met 'n verdroogde hand en hulle het Hom gevra sodat hulle Hom kon aankla en gesê: "Is dit toelaatbaar om op die Shabbat gesond te maak?"
11 Hy sê vir hulle: "Wie is daar onder julle wat een skaap het en as dit op die Shabbat in 'n gat val, dit nie sal gryp en dit uithaal nie?
12 Hoeveel meer werd is 'n mens dan nie as 'n skaap nie; daarom is dit toelaatbaar om op die Shabbat goed te doen." [Lev 23:3]
13 Toe sê Hy vir daardie man: "Steek jou hand uit!" Hy het dit uitgesteek en dit is genees, net soos die ander een.
14 Die Fariseërs het uitgegaan en vergader teen Hom, om Hom te vernietig,
15 maar Yeshua het dit geweet en Hy het daarvandaan onttrek en 'n groot klomp mense het saam met Hom gegaan en Hy het hulle almal gesond gemaak
16 en hulle gewaarsku om Hom nie bekend te maak nie
17 sodat dit wat Yesha'yahu die profeet gesê het, vervul sou word toe hy gesê het:
18 "Let op, My Dienskneg in Wie Ek vreugde vind, die Een wat Ek lief het, waarna My Gees verlang het! Ek sal My Gees op Hom sit en Hy sal oordeel aan die nasies verkondig.
19 Hy sal nie stry of uitroep nie en niemand sal Sy stem op die strate hoor nie.
20 'n Gekneusde riet sal Hy nie afbreek nie en 'n flikkerende lamp sal Hy nie uitblus nie; Hy sal getrou regverdige oordeel bring en
21 in Sy Karakter en Outoriteit (Naam) sal die nasies versekerde verwagting hê." [Yes 42:1-]
22 Toe het hulle 'n demoonbesetene wat blind en stom was, na Hom toe gebring en Hy het hom gesond gemaak sodat die blinde en stomme kon sien en praat
23 en al die mense was verwonderd en het gesê: "Is Hy nie die Seun van Dawid nie?"
24 Toe die Fariseërs dit egter hoor, sê hulle: "Díe Een dryf nie demone uit nie, behalwe deur Ba'al-Z'vuv, die prins van die demone."
25 Yeshua het egter hulle denke geken en vir hulle gesê: "Elke koninkryk wat teen homself verdeeld is, word vernietig en elke stad of huis wat teen homself verdeeld is, sal nie bly staan nie
26 en as die teëstander die teëstander uitdryf, dan is hy teen homself verdeeld en hoe kan sy koninkryk dan bly staan?
27 As Ek deur Ba'al-Z'vuv die demone uitdryf, deur wie dryf julle seuns hulle uit? Hieroor sal hulle julle regters wees

28 en as Ek deur die Gees van God die demone uitdryf, dan het die Koninkryk van God naby julle gekom.

29 Of hoe kan iemand in die huis van 'n magtige man ingaan en sy goed plunder, as hy nie eers die magtige man vasgebind het nie? Dán kan hy sy huis plunder.

30 Wie ook al nie saam met My is nie, is teen My en hy wat nie saam met My bymekaarmaak nie, jaag uitmekaar.

31 As gevolg hiervan sê Ek vir julle: 'Elke sonde en kwaadpraat sal die mense vergewe word, maar die kwaadpraat teen die Gees sal die mense nie vergewe word nie [Mar 3:28-30]

32 en elkeen wat 'n woord praat teen die Seun van die mens, dit sal hom vergewe word, maar elkeen wat praat teen die Gees wat Afgesonderd is, dit sal hom nie vergewe word nie; nie in hierdie wêreld nie en ook nie in die wêreld wat voorberei word nie.'

33 Produseer òf soos 'n goeie boom met goeie vrugte, òf soos 'n slegte boom met slegte vrugte, want die boom word aan sy vrugte geken.

34 Kinders van adders, hoe is dit moontlik dat julle voordelige dinge kan praat terwyl julle waardeloos is? Want uit die volheid van die verstand, wil en emosie praat die mond.

35 Die bruikbare mens bring uit die goeie skat bruikbare dinge te voorskyn en die bose mens bring uit die bose skat bose dinge te voorskyn,

36 want Ek sê vir julle dat van elke waardelose woord wat mense praat, sal hulle 'n antwoord moet gee in die oordeelsdag,

37 want deur jou woorde sal jy onskuldig beskou word en deur jou woorde sal jy skuldig bevind word."

38 Toe antwoord sommige van die leraars van die wet en Fariseërs en sê vir Hom: "Leermeester, ons wil 'n teken van U sien."

39 Hy antwoord hulle egter en sê: "'n Slegte en hoererende geslag soek na 'n teken en geen teken sal aan dié gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Yonah,

40 want net soos Yonah drie nagte en drie dae in die maag van die vis was, [Yon 2:1] net só sal die Seun van die mens drie nagte en drie dae [Luk 11:30] in die middel van die aarde wees.

41 Die manne van Ninveh sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag en dit veroordeel, want hulle het erken en weggedraai van sonde na God toe met die verkondiging van Yonah en meer as Yonah is hier!

42 Die koningin van die suide sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag en dit veroordeel, want sy het gekom van die eindes van die aarde af om die wysheid van Shlomo te hoor en meer as Shlomo is hier!

43 Wanneer 'n vuil gees uit die mens uitgegaan het, dwaal hy rond in plekke waar nie water is nie en begeer rus en vind dit nie.

44 Dan sê hy: 'Ek sal teruggaan na my huis vanwaar ek uitgegaan het' en hy gaan en vind dit leeg, uitgevee en versier.

45 Dan gaan hy en bring sewe ander geeste, slegter as hyself, saam met hom en hulle gaan in en woon daar en die einde van daardie mens word erger as die begin. Só sal dit ook met hierdie bose geslag gedoen word."

46 Terwyl Hy nog met die mense praat, staan Sy moeder en broers buite en wou graag met Hom praat

47 en iemand sê vir Hom: “Let op, U moeder en U broers is buite en wil graag met U praat,”
48 maar Hy antwoord en sê vir die een wat dit vir Hom gesê het: “Wie is My moeder en wie is My broers?”
49 Hy steek sy hand na Sy studentevolgelinge uit en sê: “Let op, My moeder en My broers,
50 want elkeen wat die wil doen van My Vader wat in die hemel is, dié is My broer en suster en moeder.” [1 Yog 2:3-6]

13 1 Daardie selfde dag het Yeshua uit die huis uitgegaan en langs die see gaan sit
2 en ’n groot groep mense het by Hom bymekaargekom sodat Hy in ’n boot geklim en gaan sit het en die hele skare mense het op die strand gestaan.
3 Hy het baie dinge deur vergelykende stories aan hulle vertel en gesê: “Let op, ’n saaier het uitgegaan om te saai
4 en terwyl hy saai, val sommiges langs die pad en ’n voël het gekom en dit opgeëet.
5 Ander het op die rots geval waar daar nie baie grond was nie en dit het dadelik opgekom omdat daar nie diep grond was nie.
6 Toe die son opkom en dit warm word, het die saad verdroog omdat dit nie wortels gehad het nie.
7 Ander het tussen die dorings geval en die dorings het opgekom en dit verstik.
8 Ander het in die goeie grond geval en vrugte gegee: die een honderd-, die ander sestig-, die ander dertigvoudig.
9 Wie ook al ’n oor het wat hoor: laat hom luister!”
10 Die studentevolgelinge het gekom en vir Hom gesê: “Waarom praat U met hulle deur vergelykende stories?”
11 Hy antwoord en sê vir hulle: “Aan julle is gegee om die geheime van die Koninkryk van die hemel te ken, maar dit is nie aan hulle gegee nie, [Spr 3:32]
12 want aan die een wat het, sal gegee word en dit sal vermeerder
13 en van die een wat nie het nie, sal ook dit wat hy het, weggevat word; daarom praat Ek met hulle deur vergelykende stories omdat hulle wat sien, nie sien nie en hulle wat hoor, nie hoor of verstaan nie;
14 in hulle is die profesie van Yesha’yahu vervul wat sê: [Deut 29:3,4; Yes 6:9; 29:10; Yeg 12:2] ‘luisterende sal julle hoor en nie verstaan nie en siende [Yog 12:40; Rom 11:8] sal julle sien en nie ken nie,
15 want die verstand, wil en emosie van hierdie volk het dig geword en met hulle ore het hulle skaars gehoor en hulle het hul oë toegemaak sodat hulle nie met die oë sou sien en met die ore hoor en met die verstand, wil en emosie verstaan en hulle sonde erken en wegdraai na God toe en Ek hulle genees nie,’ [Yes 6:9-10]
16 maar julle oë is geseën omdat hulle sien en julle ore omdat hulle hoor.
17 Dit is waar, Ek sê vir julle, baie profete en onskuldiges het begeer om te sien wat julle sien en het dit nie gesien nie en om te hoor wat julle hoor en het dit nie gehoor nie,
18 maar luister julle na die vergelykende storie van die saad.

19 Elkeen wat die boodskap van die Koninkryk hoor en nie verstaan nie, in hom kom die bose een en gryp weg wat in sy verstand, wil en emosie gesaai is; dit is wat langs die pad gesaai is.
20 Dit wat op die rots gesaai is: dit is hy wat die boodskap hoor en dit in 'n kort rukkie met blydskap aanvaar,
21 maar hy het geen wortel in homself nie en is net vir 'n tyd en as daar moeilikheid en vervolging kom ter wille van die boodskap, neem hy aanstoot en struikel.
22 Dit wat tussen die dorings gesaai is: dit is hy wat die boodskap hoor, maar die dinge van hierdie wêreld en die misleiding van rykdom versmoor die boodskap en hy is sonder vrugte.
23 Die wat op die goeie grond gesaai is: dit is hy wat My boodskap hoor en verstaan en vrugte dra: sommige 'n honderd-, sommige sestig-, sommige dertigvoudig."
24 'n Ander vergelykende storie het Hy aan hulle vertel en gesê: "Die Koninkryk van die hemel is soos 'n man wat goeie saad in sy land gesaai het,
25 maar terwyl die mense slaap, het sy vyand gekom en darrél (vals koring) tussen die koring gesaai en weggegaan.
26 Toe die blare opgroei en die spruitjies vrugte vorm, toe verskyn die darrél ook.
27 Die diensknegte van die meester van die huis het na hom toe gekom en vir hom gesê: 'Ons meester, let op, het u dan nie goeie saad in u land gesaai nie? Waar kom die darrél dan vandaan?'
28 Hy antwoord hulle: ''n Vyandige persoon het dit gedoen.' Die diensknegte sê vir hom: 'Wil u hê dat ons moet gaan en dit uitsoek?'
29 Hy antwoord hulle: 'Is dit nie dat as julle die darrél bymekaarmaak, julle ook saam met hulle die graan sal ontwortel nie?
30 Laat altwee saam groei tot die oestyd toe en in die oestyd sal ek vir die maaiers sê: Maak eers die darrél bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar maak die graan bymekaar in my skuur.'"
31 'n Ander vergelykende storie het Hy vir hulle vertel en gesê: "Die Koninkryk van die hemel is soos 'n mosterdsaad wat 'n man vat en in sy land saai.
32 Hierdie is die kleinste van alle sade, maar as dit gegroei het, is dit die grootste van alle kruie en word dit 'n boom sodat die voëls van die hemel kom en nes maak in sy takke."
33 'n Ander vergelykende storie het Hy hulle vertel: "Die Koninkryk van die hemel is soos suurdeeg wat 'n vrou neem en in drie mate meel inwerk totdat dit alles ingesuur is."
34 Al hierdie dinge het Yeshua deur vergelykende stories vir die skare gesê en sonder vergelykende stories het Hy vir hulle niks gesê nie
35 sodat dit wat deur die profeet gesê is, vervul sou word wat sê: "Ek sal My mond oopmaak deur vergelykende stories en Ek sal dinge sê wat verborge was van die grondlegging van die wêreld af." Ps 78:2
36 Toe het Yeshua die skare gelos en huis toe gegaan en Sy studentevolgelinge het na Hom toe gekom en vir Hom gesê: "Verduidelik vir ons die vergelykende storie van die darrél en die land."

37 Hy het geantwoord en vir hulle gesê: “Hy wat die goeie saad gesaai het, is die Seun van die mens
38 en die land is die wêreld. Die goeie saad is die seuns van die Koninkryk, maar die vals saad is die seuns van die bose een.
39 Meer nog, die vyand wat hulle gesaai het, is die teëstander. Die oestyd is die einde van die wêreld en die maaiers is die boodskappers.
40 Net soos die darrél bymekaargemaak en in die vuur verbrand word, sal dit wees aan die einde van hierdie wêreld:
41 die Seun van die mens sal Sy boodskappers uitstuur en hulle sal uit Sy Koninkryk bymekaarmaak al die struikelblokke en die wat wetteloosheid beoefen
42 en hulle in ’n hoogoond van vuur gooi. Daar sal gehuil wees en gekners van tande.
43 Dan sal die onskuldiges skyn soos die son in die Koninkryk van hulle Vader. Wie ook al ’n oor het wat wil hoor, laat hom luister.
44 Weer: die Koninkryk van die hemel is soos ’n skat wat weggesteek is in ’n stuk grond, wat ’n man kry en geheim hou en uit blydskap daaroor gaan hy en verkoop alles wat hy het en koop daardie grond.
45 Weer: die Koninkryk van die hemel is soos ’n handelaar wat mooi pêrels soek
46 en toe hy ’n sekere pêrel vind wat voor die hand liggend baie kosbaar is, gaan hy weg en verkoop alles wat hy het en koop dit.
47 Weer: die Koninkryk van die hemel is soos ’n net wat in die see gegooi word en van alle soorte bymekaarmaak
48 en toe dit vol was, het hulle dit op die strand uitgebring en gaan sit en dit uitgesoek. Die goeies het hulle in houers gesit en die slegtes uitgegooi.
49 So sal dit wees aan die einde van die wêreld: die boodskappers sal uitgaan en die slegte mense van die onskuldiges afskei
50 en hulle in ’n hoogoond van vuur gooi. Daar sal gehuil wees en gekners van tande.”
51 Yeshua sê vir hulle: “Het julle ál hierdie dinge verstaan?” Hulle antwoord Hom: “Ja, ons Meester!”
52 Hy sê vir hulle: “As gevolg hiervan is elke leraar van die wet, wat opgelei word vir die Koninkryk van die hemel, soos die meester van ’n huis wat uit sy skat nuwe en ou dinge bring.”
53 Dit was nadat Yeshua klaar was met hierdie vergelykende stories dat Hy daarvandaan weggegaan het
54 en Hy het in Sy stad gekom en hulle in hulle bymekaarkomplekke geleer sodat hulle verslae was en gesê het: “Van waar kry Hy hierdie wysheid en wonderwerke?
55 Is hierdie nie die seun van die skrynwerker nie? Is die naam van sy moeder nie Miryam en dié van sy broers Ya’akov, Yosef, Shim’on en Y’hudah nie?
56 Al Sy susters, let op, is hulle nie almal by ons nie? Van waar kry Hy dan al hierdie dinge?”
57 Hulle het aanstoot geneem, maar Yeshua sê vir hulle: “Daar is nie ’n profeet wat verag word nie, behalwe in sy tuisdorp en in sy huis.”
58 Hy het, vanweë hulle gebrek aan vertroue, nie baie wonderwerke daar gedoen nie.

14 1 In daardie tyd het Herodes, die heerser oor ’n kwart van die land, van Yeshua se bekendheid gehoor,
2 en aan sy onderdane gesê: “Hierdie is Yoganan, die Doper. Hy het uit die dood uit opgestaan en daarom doen hy dié wonderwerke,”
3 want Herodes het Yoganan gevang, hom vasgebind en in die tronk gesit as gevolg van Herodias, die vrou van Filippos, sy broer,
4 want Yoganan het vir hom gesê: “Dit is nie reg volgens die wet dat sy jou vrou is nie.”
5 Hy wou hom doodmaak, maar hy het die mense gevrees omdat hulle hom as ’n profeet beskou het.
6 Tydens Herodes se verjaarsdag by die huis het die dogter van Herodias tussen die gaste gedans en Herodes plesier.
7 As gevolg hiervan het hy met ’n eed beloof om vir haar enige iets te gee wat sy sou vra.
8 Omdat sy deur haar moeder beveel is, het sy gesê: “Gee my hier, op ’n bord, die kop van Yoganan, die Doper.”
9 Dit het die koning hartseer gemaak, maar ter wille van die eed en die gaste het hy bevel gegee dat dit vir haar gegee moes word
10 en hy het gestuur om Yoganan in die gevangenis te onthoof.
11 Sy kop is op ’n bord gebring en aan die meisie gegee en sy het dit vir haar moeder gebring.
12 Sy studentevolgelinge het gekom, sy lyk weggevat, dit begrawe en gegaan en dit aan Yeshua vertel.
13 Toe Yeshua dit hoor, het Hy daarvandaan in ’n skuit vertrek na ’n verlate plek om alleen te wees. Toe die skare dit hoor, het hulle Hom oor land gevolg vanuit die stede.
14 Yeshua het afgekom, die groot skare gesien en het sagte omgee vir hulle ervaar en Hy het hulle siekes gesond gemaak,
15 maar toe dit aand geword het, kom Sy studentevolgelinge na Hom toe en sê vir Hom: “Die plek is ’n wildernis en dit is al laat; stuur die skare weg sodat hulle na die dorpies kan gaan en vir hulle kos kan koop.”
16 Hy sê egter vir hulle: “Dit is nie nodig vir hulle om weg te gaan nie; gee julle vir hulle iets om te eet.”
17 Hulle sê egter vir Hom: “Ons het niks hier nie behalwe vyf brode en twee visse.”
18 Yeshua sê vir hulle: “Bring hulle hier vir My.”
19 Hy het die skare beveel om op die grond te gaan sit en Hy neem daardie vyf brode en die twee visse, kyk op na die hemel, seën dit, breek dit en gee dit aan die studentevolgelinge en die studentevolgelinge sit dit voor aan die skare.
20 Almal het geëet en was versadig en hulle het die oortollige stukke opgetel: twaalf mandjies vol. [2 Kon 4:43,44; Mat 15:32-39; Mar 8:1-8]
21 Dié wat geëet het, was omtrent vyf duisend mans, buiten die vroue en kinders.
22 Dadelik het Yeshua Sy studentevolgelinge in die boot laat klim om voor Hom uit te gaan na die oorkant terwyl Hy die skare wegstuur.

23 Nadat Hy die skare weggestuur het, klim Hy alleen op met die berg om te bid en toe dit donker geword het, was Hy alleen daar.

24 Die boot was alreeds ’n afstand van die land af terwyl dit hewig rondgeslinger is deur die golwe, want die wind was teen hulle,

25 maar in die vierde nagwaak het Yeshua na hulle toe aangekom terwyl Hy op die water geloop het.

26 Sy studentevolgelinge het gesien dat Hy op die water loop en hulle was ontsteld en sê: “Dit is ’n visioen.” Hulle het uitgeroep van vrees,

27 maar Yeshua het dadelik met hulle gepraat en gesê: “Wees bemoedig, Ek is onveranderlik dieselfde! Moenie bang wees nie.”

28 Kefa antwoord en sê vir Hom: “My Meester, as dit U is, beveel my om op die water na U toe te kom.”

29 Yeshua sê vir hom: “Kom!” Kefa klim van die skuit af en loop op die water na Yeshua toe

30 en toe hy sien dat die wind sterk was, het hy bang geword en toe hy begin sink, roep hy uit en sê: “My Meester, red my!”

31 Ons Meester het in ’n oogwink Sy hand uitgesteek en hom vasgehou en vir hom gesê: “O, klein van vertroue, waarom het jy getwyfel?”

32 Toe hulle in die skuit klim, het die wind gaan lê.

33 Die wat in die skuit was, kom en val voor Hom neer en sê: “Waarlik, U is die Seun van God!”

34 Hulle het oorgevaar en in die streek van Galila gekom

35 en die manne van daardie plek het Hom herken, na al die dorpies rondom hulle uitgestuur en almal wat baie siek was, na Hom toe gebring

36 en hulle het Hom versoek om maar net die bloulyn-soomtossels van Sy kleed te mag aanraak en almal wat dit aangeraak het, is genees.

15 1 Toe kom daar Fariseërs en leraars van die wet vanaf Yerushalayim, na Yeshua toe en sê:

2 “Waarom oortree U studentevolgelinge die tradisionele wet van die oudstes en was nie hulle hande wanneer hulle brood eet nie?”

3 Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Waarom oortree julle selfs die opdragte van God ter wille van julle tradisionele wet?

4 Want God het opdrag gegee en gesê: ‘Eer jou vader en jou moeder [Eks 20:12] en hy wat sleg praat van vader of moeder, moet die dood sterf,’ [Eks 21:17]

5 maar julle sê: ‘Elkeen wat aan vader of moeder sê: ‘dit wat u van my as voordeel kon kry, het ek as ’n offer gegee,’ eer so nie sy vader of moeder nie.

6 Julle kanselleer die wette van God deur julle tradisionele wette.

7 Aannemers van die persoon, Yesha’yahu het reg oor julle geprofeteer toe hy gesê het:

8 ‘Hierdie mense eer My met hulle lippe, maar hulle verstand, wil en emosie is baie ver van My af. [Yir 12:2; Mat 7:21]

9 Hulle aanbidding tot My is doelloos terwyl hulle leringe leer van die wette van mense’.” [Yes 29:13]

10 Hy het die skare na Hom toe geroep en vir hulle gesê: “Luister en verstaan!
11 Dit is nie wat in die mond ingaan, wat die mens onrein maak nie, maar dit wat uit die mond uitgaan, maak die mens onrein.”
12 Toe kom Sy studentevolgelinge nader en sê vir Hom: “Weet U dat die Fariseërs, wat hierdie gehoor het, aanstoot geneem het?”
13 Hy antwoord egter en sê vir hulle: “Elke plant wat My Vader wat in die hemel is nie geplant het nie, sal vernietig word.
14 Laat hulle staan; hulle is blinde gidse van die blindes, maar as ’n blinde ’n ander blinde lei, sal altwee in die sloot val.”
15 Shim’on Kefa antwoord en sê vir Hom: “My Meester, verduidelik vir ons hierdie vergelykende storie.”
16 Hy sê vir hulle: “Verstaan julle tot nou toe steeds nie?
17 Verstaan julle nog nie dat alles wat in die mond ingaan, deur die maag gaan en in die privaatheid uitgewerp word nie?
18 Alle dinge wat egter uit die mond uitgaan, kom uit die verstand, wil en emosie en dit maak die mens onrein,
19 want uit die verstand, wil en emosie kom daar bose gedagtes, moord, egbreuk, seksuele immoraliteit, diefstal, valse getuienis en laster.
20 Dit is hierdie dinge wat die mens onrein maak, maar om met ongewaste hande te eet, maak nie die mens onrein nie.”
21 Yeshua het daarvandaan weggegaan en by die gebiede van Tzor en Tzidon gekom.
22 Let op, ’n Kena’anitiese vrou wat van daardie area gekom het, het na Hom geroep en gesê: “Wees my goedgunstig, my Meester, Seun van Dawid! My dogter word erg deur ’n demoon gedryf,”
23 maar Hy het haar nie ’n woord geantwoord nie. Toe kom Sy studentevolgelinge nader en vra Hom en sê: “Stuur haar weg, want sy skree agter ons aan.”
24 Hy antwoord egter en sê vir hulle: “Ek is nie gestuur nie, behalwe na die afgedwaalde skape van die huis van Yisra’el,”
25 maar sy kom en val voor Hom neer en sê: “My Meester, help my!”
26 Hy sê vir haar: “Dit is nie goed om die brood van die seuns weg te vat en dit vir die honde te gooi nie,”
27 maar sy sê: “Ja, my Meester, selfs die honde eet van die krummels wat van hulle base se tafel afval en hulle leef.”
28 Toe sê Yeshua vir haar: “O vrou, groot is jou vertroue; dit sal vir jou gedoen word soos jy wil” en haar dogter is genees van daardie oomblik af.
29 Yeshua het daarvandaan weggegaan en langs die see van Galila gekom en Hy het die berg opgeklim en daar gaan sit
30 en daar kom ’n groot skare na Hom toe met kreupeles, blindes, dowes, stommes, gebreklikes en baie ander saam met hulle en hulle het dié by die voete van Yeshua neergesit en Hy het hulle gesond gemaak
31 sodat die skare verbaas was om te sien dat stommes praat, gebreklikes gesond word, kreupeles loop en blindes sien en hulle het die God van Yisra’el verhewe verklaar.

32 Toe het Yeshua sy studentevolgelinge na Hom toe geroep en vir hulle gesê: 'Ek voel jammer vir hierdie menigte. Let op, hulle bly al drie dae by My en daar is niks vir hulle om te eet nie en Ek is nie gewillig om hulle weg te stuur terwyl hulle vas sodat hulle nie miskien op die pad flou word nie.
33 Sy studentevolgelinge sê vir Hom: "Waar sal ons in dié wildernis genoeg brode vandaan kry om so 'n groot skare te versadig?"
34 Yeshua sê vir hulle: "Hoeveel brode het julle?" Hulle antwoord: "Sewe en 'n paar klein vissies."
35 Hy het die skare beveel om op die grond te gaan sit.
36 Hy vat die sewe brode en die visse, gee lof, breek dit en gee dit aan Sy studentevolgelinge en die studentevolgelinge gee dit aan die skare
37 en hulle het almal geëet en was versadig. Hulle het die oortollige stukke opgetel en sewe mandjies vol gemaak [2 Kon 4:43,44; Mat 14:14-21; Mar 8:1-8]
38 en die wat geëet het, was vier duisend mans, sonder die vroue en kinders.
39 Hy het die mense weggestuur, in die skuit geklim en in die gebied van Migdala gekom.

16 1 Die Fariseërs en Sadduseërs het nadergekom om Hom te toets en het vir Hom gevra om vir hulle 'n teken uit die hemel te wys,
2 maar Hy antwoord en sê vir hulle: "In die aand sê julle: 'Dit sal mooi weer wees, want die lug is rooi'
3 en in die oggend sê julle: 'Daar sal vandag 'n storm wees, want die lug is rooi en deinserig.' Toneelspelers van 'n vals karakter, julle weet goed hoe om die sigbare tekens in die lug te onderskei en julle kan nie die tekens van hierdie tye onderskei nie?
4 'n Slegte en owerspelige geslag vereis 'n teken en geen teken sal aan hul gegee word nie, behalwe die teken van Yonah, die profeet." [Yon 2:1; Mat 12:40] Hy het hulle verlaat en weggegaan
5 en toe Sy studentevolgelinge by die oorkant aangekom het, het hulle vergeet om brood saam te vat.
6 Hy sê vir hulle: "Let op na en wees versigtig vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs."
7 Hulle het dit onder mekaar bespreek en gesê: "Dit is omdat ons geen brood gebring het nie,"
8 maar Yeshua het dit geweet en vir hulle gesê: "Kleintjies in vertroue, wat bespreek julle onder mekaar dat julle geen brood gebring het nie?
9 Verstaan julle tot nou toe nog nie en onthou julle ook nie die vyf brode en die vyf duisend en hoeveel groot mandjiesvol julle opgetel het nie?
10 Ook nie die sewe brode van die vier duisend en hoeveel ronde mandjiesvol julle opgetel het nie?
11 Hoe is dit dat julle nie verstaan dat Ek nie oor brood met julle gepraat het nie, maar om op te pas vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs?"
12 Toe het hulle verstaan dat Hy nie gesê het dat hulle moes oppas vir die suurdeeg van brood nie, maar vir die leringe van die Fariseërs en Sadduseërs.

13 Toe Yeshua in die gebied van Kaisareia-Filippoi kom, vra Hy Sy studentevolgelinge en sê: “Wie sê die mense dat Ek is, net ’n seun van ’n mens?”
14 Hulle antwoord: “Sommige sê Yoganan, die Doper, maar ander Eliyahu en ander Yirmeyahu of een van die profete.”
15 Hy sê vir hulle: “Maar julle, wie sê julle is Ek?”
16 Shim’on Kefa antwoord en sê: “U is die Gesalfde Een, die Seun van die Lewende God.”
17 Yeshua antwoord en sê vir hom: “Jy is geseënd, Shim’on, seun van Yoganan, want vlees en bloed het dit nie aan jou openbaar nie, maar My Vader wat in die hemel is
18 en Ek sê verder vir jou: ‘Jy is Kefa. Op Hierdie Rots sal Ek My gemeente bou en die hekke van Sh’ol sal nie daarteen kan staan nie.
19 Ek sal aan jou die sleutels van die Koninkryk van die hemel gee en wat jy ook op die aarde mag vasbind, sal vasgebind wees, soos dit in die hemel reeds vasgebind is en wat jy ook op die aarde mag losmaak, sal losgemaak wees soos dit in die hemel reeds losgemaak is’.”
20 Toe het Hy vir Sy studentevolgelinge bevel gegee dat hulle vir niemand mag sê dat Hy die Gesalfde Een is nie.
21 Van toe af aan het Yeshua begin om Sy studentevolgelinge in te lig dat Hy voorbereid is om na Yerushalayim te gaan en dat hy baie sal moet ly deur die oudstes, die leierpriesters en die leraars van die wet en vermoor sal word en op die derde dag sal opstaan.
22 Kefa vat Hom eenkant en begin Hom bestraf en sê: “Mag dit ver van U wees, my Meester, dat hierdie met U sal gebeur,”
23 maar Hy het weggedraai en vir Kefa gesê: “Gaan weg van agter My, teëstander! Jy is vir My ’n struikelblok omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van mense.”
24 Toe sê Yeshua vir Sy studentevolgelinge: “As enige iemand agter My aan wil kom, moet hy homself ontken en sy kruis opneem en saam met My gaan,
25 want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor, maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind,
26 want watter voordeel is daarin dat ’n mens die hele wêreld wen, maar aan sy gees kortkom? Of wat sal ’n mens gee in ruil vir sy gees?
27 Want die Seun van die mens is op die punt om saam met Sy engele in die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van Sy Vader te kom en dan sal Hy man vir man beloon volgens sy dade.
28 Dit is waar, Ek sê vir julle, daar is sommige van die wat hier staan, wat die dood nie sal smaak voordat hulle die Seun van die mens sal sien kom in Sy Koninkryk nie.”

17 1 Ná ses dae het Yeshua vir Kefa, Ya’akov en Yoganan, sy broer, teen ’n hoë berg opgevat in afsondering
2 en Yeshua het voor hulle van voorkoms verander en Sy gesig het geskyn soos die son en Sy klere het stralend wit geword
3 en Mosheh en Eliyahu het aan hulle verskyn, in gesprek met Hom.

4 Kefa antwoord en sê vir Yeshua: “My Meester, dit is goed dat ons hier is; as U wil, sal ons hier drie afskortings opslaan: een vir U en een vir Mosheh en een vir Eliyahu.”
5 Terwyl hy nog praat, let op, ’n helder verligte wolk oordek hulle en ’n Stem sê uit die wolk: “Dit is My Seun wat Ek lief het, met wie Ek baie tevrede is. Luister na Hom!”
6 Toe die studentevolgelinge dit hoor, het hulle op hul gesigte neergeval en was baie bang
7 en Yeshua het nadergekom en hulle aangeraak en gesê: “Staan op, julle moenie bang wees nie.”
8 Hulle lig hulle oë op, maar sien niemand meer nie, behalwe Yeshua alleen
9 en terwyl hulle van die berg afklim, het Yeshua hulle beveel en vir hulle gesê: “Julle mag voor niemand iets van die visioen sê totdat die Seun van die mens uit die dood uit opgestaan het nie.”
10 Sy studentevolgelinge vra Hom en sê: “Waarom sê die leraars van die wet dan dat Eliyahu eers moet kom?”
11 Yeshua antwoord en sê: “Eliyahu kom eers sodat alles mag eindig,
12 maar Ek sê vir julle, let op, Eliyahu het alreeds gekom en hulle het hom nie erken nie, maar aan hom alles gedoen wat hulle wou. [Mat 11:14; Luk 1:17] Net só sal die Seun van die mens ook deur hulle ly.”
13 Toe verstaan die studentevolgelinge dat Hy met hulle van Yoganan, die Doper, gepraat het. [Mal 3:23,24]
14 Toe hulle by die skare kom, kom daar ’n man na Hom toe en kniel voor Hom
15 en sê vir Hom: “My Meester, ontferm U oor my seun, want hy is waansinnig en ly baie, want hy val dikwels in die vuur en in die water
16 en ek het hom na U studentevolgelinge gebring en hulle kon hom nie gesond maak nie.”
17 Yeshua antwoord en sê: “O vertrouelose en misleide geslag, tot wanneer sal Ek by julle wees, tot wanneer sal Ek julle verdra? Bring hom hier na My toe.”
18 Yeshua bestraf die demoon en hy het uit hom uitgegaan en die seun het gesond geword van daardie oomblik af.
19 Toe kom die studentevolgelinge afsonderlik na Yeshua toe en sê: “Waarom kon ons hom nie uitdryf nie?”
20 Yeshua antwoord hulle: “Deur julle gebrek aan vertroue. Dit is waar wat Ek vir julle sê, as julle vertroue in julle het soos ’n mosterdsaad sal julle vir hierdie berg sê: ‘Beweeg weg van hierdie plek af’ en hy sal beweeg en niks sal vir julle moeilik wees nie,
21 maar hierdie soort gaan nie uit, behalwe deur gebed en vas nie.”
22 Terwyl hulle in die Galila reis, het Yeshua vir hulle gesê: “Die Seun van die mens sal oorgegee word in die hande van die mense,
23 hulle sal Hom vermoor en op die derde dag sal Hy opstaan” en dit het hulle baie bedroef gemaak.
24 Toe hulle in K’far-Nagum kom, het die wat die tempelbelasting (dubbel dragma) ontvang, na Kefa gegaan en vir hom gesê: “Betaal julle Leermeester nie die tempelbelasting nie?”

25 Hy sê vir hulle: “Ja.” Toe Kefa in die huis inkom, spring Yeshua hom voor en sê vir hom: “Wat dink jy, Shim’on? Van wie neem die konings van die aarde tol of belasting: van hulle seuns of van ander?”
26 Shim’on sê vir Hom: “Van die ander.” Yeshua sê vir hom: “Dan is die seuns vry,
27 maar sodat ons hulle geen aanstoot mag gee nie, gaan na die see toe, gooi ’n hoek uit en neem die eerste vis wat opkom en as jy sy bek oopmaak, sal jy ’n shekel kry; neem dit en gee dit aan hulle vir My en vir jou.”

18 1 In daardie tyd het die studentevolgelinge na Yeshua gekom en gesê: “Wie is regtig die grootste in die Koninkryk van die hemel?”
2 Yeshua roep ’n seun en laat hom tussen hulle staan
3 en Hy sê: “Waarlik, Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos kinders word nie, sal julle nie in die Koninkryk van die hemel ingaan nie!
4 Elkeen dan wat hom verneder om te wees soos hierdie seun, hy is die grootste in die Koninkryk van die hemel
5 en wie ook al kinders soos dié in My Karakter en Outoriteit ontvang, ontvang My
6 en elkeen wat ’n oortreding begaan teenoor een van hierdie kleintjies, wat in My vertrou, vir hom is dit beter dat ’n donkie se meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see.
7 Wee die wêreld weens oortredinge! Dit is wel noodsaaklik dat daar struikelblokke kom, maar wee die mens deur wie die struikelblokke kom.
8 As jou hand of jou voet vir jou ’n struikelblok is, kap dit af en gooi dit weg van jou af (stop dit en laat staan dit), want dit is vir jou beter om die lewe in te gaan, kreupel of vermink (met minder), as om twee hande of voete te hê en in die ewige vuur te val
9 en as jou oog vir jou ’n struikelblok is, ruk dit uit en gooi dit weg van jou af (stop dit en laat staan dit). Dit is vir jou beter om met een oog die lewe in te gaan (nie alles te sien nie), as om twee oë te hê en in die hel van vuur te val.
10 Pas op dat julle nie een van hierdie kleintjies verag nie, want Ek sê vir julle dat hulle engele in die hemel altyd die Teenwoordigheid van My Vader, wat in die hemel is, sien,
11 want die Seun van die mens het gekom om te red, wie ook al verlore is.
12 Wat dink julle? As iemand ’n honderd skape het en een van hulle dwaal weg, sal hy nie die nege en negentig laat staan en op die heuwels die weggedwaalde een gaan soek nie?
13 Waarlik, Ek sê vir julle dat as hy hom kry, hy blyer is oor hom as oor die nege en negentig wat nie weggedwaal het nie.
14 Net so is dit nie die begeerte van julle Vader, wat in die hemel is, dat een van hierdie kleintjies verlore sal gaan nie,
15 maar as jou broer teenoor jou oortree, gaan wys hom tereg; slegs tussen jou en hom. As hy vir jou luister, dan het jy jou broer gewen,
16 maar as hy nie luister nie, vat nog een of twee saam met jou sodat in die mond van twee of drie getuies elke woord bevestig kan word, [Deut 19:15]
17 maar as hy nie na hulle luister nie, sê dit vir die gemeente en as hy ook nie na die gemeente luister nie, laat hom vir jou wees soos die belastinggaarder en die ongelowige. [2 Thes 3:6]

18 Waarlik Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde vasbind, sal vasgebind wees, soos dit reeds in die hemel is en alles wat julle op die aarde losmaak, sal losgemaak wees, soos dit reeds in die hemel is.
19 Weer sê Ek vir julle: 'As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat julle mag vra, sal dit vir julle gedoen word vanaf die Teenwoordigheid van My Vader wat in die hemel is,
20 want waar twee of drie in My Karakter en Outoriteit (Naam) bymekaarkom, daar is Ek saam met hulle'."
21 Toe kom Kefa na Hom en sê: "My Meester, hoeveel keer sal ek my broer vergewe as hy teen my 'n oortreding begaan? Tot sewe keer toe?"
22 Yeshua sê vir hom: "Ek sê vir jou, nie tot sewe keer toe nie, maar tot sewentig maal sewe keer toe.
23 As gevolg hiervan word die Koninkryk van die hemel vergelyk met 'n koning wat sy diensknegte se rekenings bereken het
24 en toe hy begin bereken, bring hulle een na hom toe wat tien duisend talente geskuld het
25 en omdat hy niks gehad het om mee te betaal nie, gee sy meester bevel dat hy, sy vrou, sy seuns en alles wat hy het, verkoop moet word en hy terugbetaal word.
26 Daardie slaaf val voor hom neer op sy gesig en sê: 'My meester, wees geduldig met my en ek sal u alles betaal.'
27 Die meester het meegevoel gehad vir daardie dienskneg en hom vrygelaat en sy skuld vergewe,
28 maar toe daardie slaaf uitgaan en een van sy medeslawe vind wat hom honderd denarii geskuld het, gryp hy hom aan die keel en sê: 'Betaal my wat jy my skuld.'
29 Sy medediensknegval aan sy voete neer en smeek van hom en sê: 'Wees geduldig met my en ek sal jou terugbetaal,'
30 maar hy wou nie, maar het gegaan en hom in die tronk gegooi totdat hy, wat hy hom skuld, betaal het.
31 Toe sy medeslawe sien wat gebeur het, was hulle baie bedroef en hulle het gegaan en aan hulle meester verslag gedoen oor alles wat gebeur het.
32 Toe roep sy meester hom en sê vir hom: 'Jou bose slaaf, al daardie skuld het ek jou vergewe omdat jy my gevra het;
33 moes jy nie net so meegevoel met jou medeslaaf gehad het, soos ek vir jou gehad het nie?'
34 Sy meester was kwaad en het hom oorgegee aan die martelaars totdat hy alles betaal het wat hy hom verskuldig was.
35 Net so sal My Hemelse Vader ook aan julle doen as julle nie elkeen sy broer in verstand, wil en emosie sy oortredinge vergewe nie."

19 1 Dit was toe Yeshua klaar gepraat het dat Hy van die Galila af vertrek het en deur die Yarden in die gebied van Y'hudah gekom het
2 en 'n groot klomp mense het Hom gevolg en Hy het hulle daar gesond gemaak.
3 Fariseërs het na Hom toe gekom om Hom te toets en vir Hom gesê: "Is dit volgens die wet vir 'n man om oor enige rede van sy vrou te skei?"

4 Hy antwoord egter en sê vir hulle: "Het julle nie gelees dat Hy wat hulle aanvanklik
gemaak het, hulle man en vrou gemaak [Gen 1:27; 5:2]
5 en gesê het: 'Om hierdie rede sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou
vashou en hulle twee sal een vlees wees' [Gen 2:24]
6 sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees, nie? Wat God dan een gemaak het,
laat geen mens dit skei nie."
7 Hulle sê vir Hom: "Waarom het Mosheh dan beveel om 'n skeibrief te gee en haar
weg te stuur?" [Deut 24:1,3]
8 Hy sê vir hulle: "Omdat Mosheh julle weens die ongevoeligheid van julle verstand,
wil en emosie toegelaat het om van julle vroue te skei, maar aanvanklik was dit nie
so nie.
9 Ek sê vir julle dat wie ook al van sy vrou skei, anders as oor seksuele immoraliteit
en 'n ander een trou, egbreuk pleeg en wie ook al met die geskeide vrou trou, pleeg
egbreuk."
10 Sy studentevolgelinge sê vir Hom: "As dit die aanklag tussen 'n man en 'n vrou is,
dan is dit nie raadsaam om 'n vrou te vat nie,"
11 maar Hy sê vir hulle: "Nie almal begryp hierdie boodskap nie, maar net dié aan
wie dit gegee is.
12 Daar is onthouers wat van hulle moeders se baarmoeder af so gebore is en daar is
persone wat deur die mense onthoudend gemaak is en daar is persone wat hulleself
onthoudend gemaak het ter wille van die Koninkryk van die hemel. Wie dit kan
aanvaar, laat hom dit ontvang."
13 Toe bring hulle kinders na Hom toe sodat Hy Sy hand op hulle kan lê en vir hulle
bid en Sy studentevolgelinge het hulle bestraf,
14 maar Yeshua sê vir hulle: "Laat die kinders na My toe kom en moet hulle nie verbied
nie, want aan dié wat só is soos hulle behoort die Koninkryk van die hemel."
15 Hy het Sy hand op hulle gelê en daarvandaan weggegaan.
16 Daar kom een na Hom toe en sê vir Hom: "Goeie Leermeester, watter goeie ding
moet ek doen sodat ek ewige lewe kan hê?"
17 Hy sê vir hom: "Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe Een,
naamlik God, maar as jy in die lewe wil ingaan, gehoorsaam die opdragte." [Open 22:14]
18 Hy vra vir Hom: "Watter?" Yeshua sê vir hom: [Eks 20:13-16] "Jy mag nie moord pleeg
nie, jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie vals getuienis
gee nie;
19 eer en respekteer jou vader en moeder [Eks 20:12] en wees vir jou naaste lief net soos
vir jouself." [Lev 19:18]
20 Die jongman sê vir Hom: "Al hierdie dinge het ek onderhou van kindsbeen af, wat
kom ek kort?"
21 Yeshua sê vir hom: "As jy volmaak wil wees, gaan verkoop jou besittings en gee
dit aan die armes en jy sal 'n skat in die hemel hê. Kom dan hier en volg My,"
22 maar toe die jongman dié boodskap hoor, het hy bedroef weggegaan, want hy het
baie besittings gehad.
23 Yeshua sê vir Sy studentevolgelinge: "Dit is waar, Ek sê vir julle, dit is moeilik vir
'n ryk man om in die Koninkryk van die hemel in te gaan.

24 Ek sê weer vir julle, dit is makliker vir ’n kameelhaartou om deur die oog van ’n naald te gaan as vir ’n ryk man om in die Koninkryk van God in te gaan.” Iyov 24:22

25 Toe sy studentevolgelinge dit hoor, was hulle baie verbaas en sê: “Wie kan dan lewe?”

26 Yeshua het na hulle gekyk en vir hulle gesê: “Vir mense is dit nie moontlik nie, maar by God is alle dinge moontlik.”

27 Toe antwoord Kefa en sê vir Hom: “Let op, ons het alles verlaat en saam met U gekom, wat sal dan vir ons gedoen word?”

28 Yeshua sê vir hulle: “Dit is waar, Ek sê vir julle dat julle wat saam met My ingaan in die Nuwe Wêreld, wanneer die Seun van die mens op Sy troon van Gemanifesteerde Teenwoordigheid sit, ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Yisra’el sal oordeel

29 en elkeen wat ’n huis of ’n broer of ’n suster of ’n vader of ’n moeder of ’n vrou of seuns of dorpe ter wille van My Karakter en Outoriteit verlaat het, sal elkeen honderd maal soveel ontvang en die ewige lewe erf,

30 maar baie wat eerste is, sal laaste wees en die wat laaste is, sal eerste wees,

20 1 want die Koninkryk van die hemel is soos ’n huiseienaar wat vroeg in die oggend uitgegaan het om werkers vir sy wingerd te huur

2 en hy het met die arbeiders ’n ooreenkoms aangegaan vir een denarion as dagloon en hulle na sy wingerd gestuur.

3 Ongeveer die derde uur gaan hy uit en sien ander ledig by die mark staan

4 en hy sê vir hulle: ‘Gaan julle ook in my wingerd in en ek sal aan julle gee wat reg is’

5 en hulle het gegaan. Hy het weer ongeveer die sesde en die negende uur uitgegaan en dieselfde gedoen.

6 Amper op die elfde uur van die dag gaan hy uit en vind nog ander ledig staan en sê vir hulle: ‘Hoekom staan julle die hele dag hier ledig?’

7 Hulle antwoord hom: ‘Omdat niemand ons gehuur het nie.’ Hy sê vir hulle: ‘Gaan julle ook in die wingerd in en wat reg is, sal julle ontvang.’

8 Toe die aand aanbreek, sê die eienaar van die wingerd vir sy bestuurder: ‘Roep die arbeiders en betaal hulle hul loon en begin van die laastes af tot by die eerstes.’

9 Die wat omtrent die elfde uur begin het, het gekom en elkeen een denarion ontvang

10 en toe die eerstes kom, het hulle gehoop dat hulle meer sal ontvang en hulle het ook elkeen een denarion ontvang.

11 Toe hulle dit ontvang het, kla hulle by die huisheer

12 en het gesê: ‘Hierdie laastes het een uur gewerk en u het hulle gelyk behandel met ons wat die las van die dag en die hitte gedra het,’

13 maar hy antwoord en sê vir een van hulle: ‘Vriend, ek doen jou geen kwaad aan nie. Het jy nie met my ooreengekom vir een denarion nie?

14 Neem joune en gaan. Ek wil aan hierdie laaste groep gee net soos aan jou,

15 of is dit nie reg van my om met my eie besittings te maak wat ek wil nie? Het jy ’n bose oog (suinig) omdat ek goed is?’

16 Net so sal die wat laaste is, eerste wees en die wat eerste is, laaste, want baie is geroep, maar min is gekies.”
17 Toe Yeshua gereed was om op te gaan na Yerushalayim, het Hy die twaalf studentevolgelinge eenkant geneem op die pad en vir hulle gesê:
18 “Let op, ons gaan op na Yerushalayim en die Seun van die mens sal oorgelewer word aan die leierpriesters en leraars van die wet en hulle sal Hom tot die dood veroordeel
19 en Hom oorlewer aan die nie-Jode en hulle sal Hom spot, gésel en kruisig en op die derde dag sal Hy opstaan.”
20 Toe kom die moeder van die seuns van Zavdai met haar seuns na Hom toe en val voor Hom neer om iets van Hom te vra
21 en Hy sê vir haar: “Wat begeer jy?” Sy antwoord Hom: “Sê dat hierdie twee seuns van my in U Koninkryk, een aan U regter- en een aan U linkerhand, mag sit.”
22 Yeshua antwoord en sê: “Julle weet nie wat julle vra nie. Kan julle die beker drink wat Ek gereed is om te drink en gedoop word met die doop waarmee Ek gedoop word?” Hulle sê vir Hom: “Ons kan.”
23 Hy sê vir hulle: “My beker sal julle drink en met die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word, maar om te sit aan My regter- en aan My linkerhand is nie Myne om te gee nie, behalwe aan hulle vir wie dit, deur My Vader, voorberei is.”
24 Toe die tien dit hoor, was hulle kwaad vir die twee broers.
25 Yeshua het hulle geroep en vir hulle gesê: “Julle weet dat die heersers van die nasies baas speel oor hulle en die leiers outoriteit het oor hulle,
26 maar só moet dit onder julle nie wees nie, maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees
27 en wie ook al tussen julle die eerste wil wees, moet julle slaaf wees;
28 net soos die Seun van die mens nie gekom het om bedien te word nie, maar om te dien en Homself as ’n Losprys vir baie te gee.”
29 Toe Yeshua uit Yerigo uitgaan, het ’n groot skare mense saam met Hom gegaan
30 en let op, twee blindes het langs die pad gesit en toe hulle hoor dat Yeshua verbygaan, skreeu hulle uit en sê: “Ons Meester, gee om vir ons, Seun van Dawid!”
31 Die skare het hulle bestraf dat hulle moes stilbly, maar hulle het al harder geskreeu en gesê: “Ons Meester, gee om vir ons, Seun van Dawid!”
32 Yeshua het gestop en roep hulle en sê: “Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen?”
33 Hulle antwoord Hom: “Ons Meester, sodat ons oë geopen mag word.”
34 Yeshua het vir hulle baie jammer gevoel en hulle oë aangeraak en in ’n oomblik is hulle oë oopgemaak en hulle het Hom gevolg.

21 1 Sodra hulle naby Yerushalayim gekom het en Beit-Pagei langs die Olyfberg genader het, het Yeshua twee studentevolgelinge uitgestuur
2 en vir hulle gesê: “Gaan na daardie dorpie reg voor julle en dadelik sal julle ’n donkiemerrie kry wat vasgemaak is en ’n vul by haar. Maak hulle los en bring hulle vir My
3 en as iemand vir julle iets sê, moet julle antwoord: ‘Ons Meester het hulle nodig’ en dadelik sal hy hulle hierheen stuur.”

4 Al hierdie het gebeur sodat dit vervul sou word wat deur die profeet gesê is, wat sê:
5 “Sê vir die dogter van Tziyon: ‘Kyk, jou Koning kom na jou toe, nederig en Hy ry op ’n donkie, op ’n vul, die vul van ’n donkiemerrie’.” Z’kh 9:9
6 Die studentevolgelinge het gegaan en gedoen net soos Yeshua hulle beveel het;
7 hulle het die donkiemerrie en die vul gebring en hulle klere bo-op die vul gelê en Yeshua het daarop gery.
8 ’n Groot menigte mense het hulle klere op die pad oopgesprei, maar ander het takke van die bome afgekap en op die pad neergelê.
9 Die skare wat voor geloop en dié wat gevolg het, het uitgeskreeu en gesê: “Red ons nou, Seun van Dawid! Geseënd is Hy wat kom in die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה. U in die hoogste hemel: red ons nou!” Ps 118:25-26
10 Toe Hy in Yerushalayim inkom, is die hele stad omgekrap en hulle het gesê: “Wie is Hy?”
11 Die skare sê: “Dit is Yeshua, die Profeet, wat van Natzeret in die Galila is.”
12 Yeshua het in die tempel van God ingegaan en almal wat in die tempel verkoop en koop, uitgejaag en die tafels van die geldwisselaars en die sitplekke van die duiweverkopers omgegooi
13 en Hy het vir hulle gesê: “Daar is geskrywe: ‘My huis moet ’n huis van gebed genoem word,’ Yes 56:7 maar julle het dit ’n grot vir plunderaars gemaak.” Yir 7:11
14 Hulle het blindes en kreupeles na Hom toe gebring in die tempelarea en Hy het hulle gesond gemaak,
15 maar toe die leierpriesters en leraars van die wet die wonderwerke sien wat Hy gedoen het en die seuns in die tempelarea uitroep en sê: “Red ons nou, Seun van Dawid,” het dit vir hulle boos gelyk
16 en hulle sê vir Hom: “Hoor U wat hulle daar sê?” Yeshua antwoord hulle: “Ja, het julle nooit gelees: ‘Uit die mond van babas en suigelinge het U ’n lied van lofprysing gekomponeer,’ Ps 8:3 nie?”
17 Hy het weggegaan van hulle af en uit die stad uitgegaan na Beit-Anyah en daar oornag.
18 Vroegoggend het Hy teruggegaan na die stad toe; Hy was honger
19 en Hy sien ’n vyeboom langs die pad en gaan daarheen, maar Hy het niks daaraan gevind nie behalwe blare en Hy sê vir dit: “Daar sal nooit weer vrugte aan jou wees tot in ewigheid nie;” en onmiddellik het die vyeboom verdroog.
20 Toe die studentevolgelinge dit sien, was hulle verwonderd en sê: “Hoe het die vyeboom in ’n oogwink verdroog?”
21 Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Dit is waar, Ek sê vir julle, as julle vertroue in julle het en nie twyfel nie, sal julle nie slegs doen wat met die vyeboom gebeur het nie, maar al sê julle vir hierdie berg: ‘Lig jou op en gooi jou in die see,’ sal dit gebeur
22 en alles wat julle ook al in gebed vra en julle vertrou, sal julle ontvang.”
23 Toe Yeshua in die tempel ingegaan het, kom die leierpriesters en die oudstes van die volk na Hom toe terwyl Hy besig was om te leer en hulle sê vir Hom: “In watter outoriteit doen U hierdie dinge en wie het aan U hierdie outoriteit gegee?”

24 Yeshua antwoord en sê vir hulle: "Ek sal julle ook een ding vra en as julle My antwoord, sal Ek julle sê in watter outoriteit Ek hierdie dinge doen.
25 Die doop van Yoganan, waar was dit vandaan, uit die hemel of uit mense?" Hulle het dit eenkant bespreek en gesê: "As ons sê: 'Uit die hemel,' dan sal Hy ons vra: 'Waarom het julle hom nie geglo nie?'
26 en as ons sê: 'Uit mense,' dan moet ons oppas vir die skare, want almal beskou Yoganan as 'n profeet."
27 Hulle antwoord en sê vir Hom: "Ons weet nie." Yeshua sê vir hulle: "Dan sê Ek ook nie vir julle in watter outoriteit Ek hierdie dinge doen nie,
28 maar hoe lyk dit vir julle? Daar was 'n sekere man wat twee seuns gehad het en hy roep die eerste een en sê vir hom: 'My seun, gaan werk vandag in die wingerd,'
29 maar hy antwoord en sê: 'Ek wil nie,' maar later het hy berou gehad en gegaan.
30 Hy het na die tweede gegaan en vir hom net so gesê en hy antwoord en sê: 'Ja, my meester' en hy het nie gegaan nie.
31 Wie van hierdie twee het die wil van hulle vader gedoen?" Hulle antwoord Hom: "Die eerste." Yeshua sê vir hulle: "Dit is waar, Ek sê vir julle, die belastinggaarders en die prostitute gaan julle vooruit die Koninkryk van God in,
32 want Yoganan het na julle toe gekom met die pad van regverdigheid en julle het hom nie vertrou nie, maar die belastinggaarders en die prostitute het hom vertrou en julle het dit gesien en tog nie later berou gekry om hom te vertrou nie.
33 Luister na 'n ander vergelykende storie: 'Daar was 'n sekere huiseienaar wat 'n wingerd geplant en 'n heining om dit gesit het. Hy het 'n parskuip daarin gegrawe, 'n wagtoring gebou, die sorg aan werkers oorgegee en na 'n ander land gereis.
34 Toe die vrugteseisoen aangebreek het, stuur hy sy slawe na die boere om van die vrugte van sy wingerd aan hom te stuur
35 en die boere het sy slawe gevat, een geslaan, 'n ander een doodgemaak en 'n ander een gestenig.
36 Weer het hy ander slawe gestuur, meer as die eerstes en hulle het met hulle net so gemaak. [2 Kro 36:15,16]
37 Laastens het hy sy seun na hulle toe gestuur en gesê: 'Hulle sal my seun respekteer,'
38 maar toe die werkers die seun sien, het hulle onder mekaar gesê: 'Dit is die erfgenaam; kom ons maak hom dood en neem sy erfdeel vir ons'
39 en hulle het hom gegryp en uit die wingerd uitgelei en hom doodgemaak.'
40 Wanneer die meester van die wingerd dan kom, wat sal hy met daardie werkers doen?"
41 Hulle het vir Hom gesê: "Baie sleg; hy sal hulle vernietig en die wingerd oorgee aan die sorg van ander werkers wat aan hom die vrugte in seisoen sal gee."
42 Yeshua sê vir hulle: "Het julle nooit in die Skrifte gelees nie? 'Die Steen wat die bouers verwerp het, dit het die Hoof Hoeksteen geword. Hy het van die Teenwoordigheid van יהוה gekom en is wonderbaar in ons oë.' [Ps 118:22-23]
43 Deur dit sê Ek vir julle: 'Die Koninkryk van God sal van julle weggevat word en aan 'n volk gegee word wat vrugte sal dra [Ps 102:19; Rom 11]

44 en wie ook al op hierdie Steen val, sal stukkend breek en elkeen op wie Hy val, dié sal tot poeier gemaal word'." 1 Kefa 2:6; Rom 9:32,33
45 Toe die leierpriesters en die Fariseërs sy vergelykende stories hoor, het hulle geweet dat Hy teen hulle gepraat het
46 en hulle het probeer om Hom te vang, maar hulle was bang vir die skare omdat dié Hom as 'n profeet beskou het.

22 1 Yeshua het weer gepraat deur 'n vergelykende storie en gesê:
2 "Die Koninkryk van die hemel is soos 'n koning wat 'n huweliksfees vir sy seun voorberei
3 en sy slawe uitgestuur het om die genooides na die huweliksfees te roep en hulle het gekies om nie te kom nie.
4 Weer het hy ander slawe uitgestuur met die boodskap: 'Sê vir die genooides: "Let op, my feesmaal is voorberei, my beeste en vetgemaakte vee is geslag en alles is gereed! Kom na die huweliksfees".'
5 Hulle het egter minagting gewys en weggegaan, een na sy lande en 'n ander na sy besigheid
6 en ander het sy slawe gegryp, mishandel en doodgemaak.
7 Toe die koning dit hoor, het hy woedend geword en sy soldate gestuur en daardie moordenaars uitgewis en hulle stad aan die brand gesteek.
8 Toe sê hy vir sy diensknegte: 'Die huweliksfees is gereed, maar die genooides was dit nie waardig nie,
9 gaan daarom na die einde van die paaie en nooi almal wat julle vind na die huweliksfees.'
10 Daardie slawe het uitgegaan op die paaie en almal bymekaar gemaak wat hulle gevind het, slegtes sowel as goeies en hulle het die plek van die huweliksfees vol gemaak.
11 Toe die koning ingaan om die gaste te sien, sien hy daar iemand wat nie 'n huweliskleed aan het nie
12 en hy sê vir hom: 'My vriend, hoe het jy hier ingekom sonder 'n huweliskleed aan?' Hy was sprakeloos. Tz'f 1:8; Open 16:15; Open 19:8
13 Toe sê die koning vir sy dienaars: 'Bind sy hande en voete vas en gooi hom in die duisternis daar buite.' Daar sal 'n gehuil wees en 'n gekners van die tande,
14 want baie is uitgenooi, maar min het gekies."
15 Toe gaan die Fariseërs en hou vergadering oor hoe om Hom, in wat Hy sê, te vang
16 en hulle stuur hul studentevolgelinge saam met die Herodiane na Hom toe en sê: "Leermeester, ons weet dat U Waarheid is en die Pad van God in regverdigheid leer en U aan niemand steur nie, want U sien geen van die mense se uiterlike aan nie;
17 sê daarom vir ons, wat dink U: is dit volgens die wet om aan die keiser belasting te betaal of nie?"
18 Yeshua het egter hulle boosheid geken en gesê: "Toneelspelers van 'n vals karakter, waarom toets julle My?
19 Wys My die denarion waarmee die belasting betaal word" en hulle gee vir Hom 'n denarion.

20 Yeshua vra vir hulle: “Wie se beeld en inskripsie is dié?”
21 Hulle antwoord: “Die keiser s’n.” Hy sê vir hulle: “Gee daarom aan die keiser wat die keiser s’n is en aan God wat God s’n is.”
22 Toe hulle dit hoor, was hulle verwonderd en het Hom verlaat en weggegaan.
23 Op dieselfde dag kom die Sadduseërs en hulle sê vir Hom: “Daar is geen opstanding van die dooies nie.” Hulle vra vir Hom
24 en sê: “Leermeester, Mosheh het vir ons gesê dat as enige man sonder seuns sterf, mag sy broer sy vrou vat en saad vir sy broer verwek. [Deut 25:5-6]
25 Daar was nou by ons sewe broers. Die eerste het getrou en gesterf en geen seuns gehad nie. Hy het sy vrou vir sy broer agtergelaat
26 en net so ook die tweede en die derde tot by die sewende
27 en na almal het die vrou ook gesterf.
28 Daarvolgens dan, in die opstanding, van watter een van die sewe sal sy die vrou wees, want almal het haar gevat?”
29 Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Julle fouteer omdat julle die Skrifte nie verstaan en ook nie die wonderwerkende krag van God nie,
30 want in die opstanding van die dooies vat hulle nie vrouens en is vrouens ook nie vir mans nie, maar hulle is net soos die engele van God in die hemel.
31 Wat die opstanding van die dooies egter betref; het julle nie gelees wat vanaf God vir julle gesê is nie? Hy wat gesê het:
32 ‘Ek is, was, sal wees Wie Ek is, was, sal wees, die God van Avraham en die God van Yitz’gak en die God van Ya’akov’. [Eks 3:6] God is nie ’n God van dooies nie, maar van lewendes.”
33 Toe die skare dit hoor, was hulle stomgeslaan oor Sy leringe,
34 maar toe die Fariseërs hoor dat Hy die Sadduseërs stilgemaak het, het hulle almal saam vergader
35 en een van hulle, ’n kenner van die wet, het ’n vraag gestel om Hom te toets:
36 “Leermeester, watter bevel is die grootste in die Torah (Instruksies)?”
37 Yeshua antwoord hom: “Jy moet יהוה, jou God, liefhê vanuit jou hele verstand, wil en emosie, vanuit jou hele gees, vanuit al jou kragte en vanuit al jou verbeelding en begrip. [Deut 6:5; Mar 12:29,30]
38 Dit is die eerste en grootste opdrag
39 en die tweede, wat net soos dit is: jy moet jou naaste liefhê net soos jouself. [Lev 19:18]
40 Aan hierdie twee opdragte hang die hele Wet en die Profete.”
41 Yeshua vra vir die Fariseërs, wat bymekaargekom het,
42 en sê: “Wat sê julle van dié Gesalfde Een? Wie se seun is Hy?” Hulle antwoord Hom: “Die Seun van Dawid.”
43 Hy sê vir hulle: “Hoe is dit dan dat Dawid Hom in die Gees, ‘Meester’ noem, as hy sê:
44 ‘יהוה’ het vir my Meester gesê: sit aan My regterhand totdat Ek U vyande onder U voete plaas?’ [Ps 110:1]
45 As Dawid Hom dan ‘Meester’ noem, hoe is Hy dan sy seun?”
46 Niemand kon Hom ’n antwoord gee nie en ook het niemand van daardie dag af dit meer gewaag om aan Hom vrae te vra nie.

23 1 Toe het Yeshua met die mense en met Sy studentevolgelinge gepraat
2 en vir hulle gesê: “Die leraars van die wet en die Fariseërs het gaan sit op die stoel van Mosheh;
3 daarom moet julle alles wat hulle vir julle sê om te onderhou, onderhou en doen, maar moenie doen soos hulle doen nie, want hulle praat net en doen nie,
4 want hulle bind swaar laste en sit dit op die skouers van die mense, maar hulle is nie gewillig om hulle vinger te verroer en daaraan te raak nie,
5 maar alles wat hulle doen, doen hulle om deur die mense gesien te word. Hulle maak hul gebedskassies breed en die blou draad in hul tossels aan hulle klere lank.
6 Hulle is lief vir die eersteklas sitplekke by feeste en die eersteklas sitplekke in bymekaarkomplekke,
7 die groetwense op die stadsplein en om deur die mense ‘my groot een’ genoem te word,
8 maar julle, laat julle nie ‘my groot een’ noem nie, want daar is net Een wat Groot is en julle is almal broers.
9 Julle moenie julleself op die aarde vader noem nie, want een is julle Vader: Hy wat in die hemel is.
10 Julle moet julle ook nie leiers laat noem nie, want een is julle Leier: dié Gesalfde Een.
11 Hy wat groot is onder julle moet julle dienskneg wees
12 en enige een wat homself verhoog, sal verneder word en wie homself verneder, sal verhoog word, Iyov 22:29; Luk 18:14
13 maar wee julle, leraars van die wet en Fariseërs, toneelspelers van vals karakters, wat die huise van die weduwees verteer deur ’n offer van lang herhaling van woorde in julle gebede; as gevolg hiervan sal julle ’n groter oordeel ontvang.
14 Wee julle, leraars van die wet en Fariseërs, toneelspelers van vals karakters, want julle maak die Koninkryk van die hemel toe voor die mense; omrede julle self nie ingaan nie, laat julle nie toe dat hulle wat wil, ingaan nie.
15 Wee julle, leraars van die wet en Fariseërs, toneelspelers van vals karakters, want julle loop rond oor see en land om een bekeerling te maak en as hy dit geword het, maak julle hom ’n seun van die hel, twee maal erger as julleself.
16 Wee julle, blinde gidse, wat sê: ‘Wie ’n eed sweer by die tempel; dit is niks nie, maar wie ’n eed sweer by die goud van die tempel, hy is onder verpligting.’
17 Julle dwase en blindes, want wat is meer: die goud, of die tempel wat die goud afsonder?
18 ‘Wie ’n eed sweer by die altaar; dit is niks nie, maar wie ’n eed sweer by die offerande bo-op dit, hy is onder verpligting.’ Deut 6:13; Mat 5:33-37
19 Julle dwase en blindes, want wat is meer: die offerande, of die altaar wat die offer afsonder?
20 Wie dus ’n eed sweer by die altaar, sweer ’n eed dáárby en by alles wat daarop is
21 en wie ’n eed sweer by die tempel, sweer ’n eed dáárby en by Hom wat daarin woon
22 en wie ’n eed sweer by die hemel, sweer ’n eed by die troon van God en by Hom wat daarop sit.

23 Wee julle, leraars van die wet en Fariseërs, toneelspelers van vals karakters, want julle gee tiendes van kruisement, anys en koljander en die meer gewigtige dinge van die wet laat julle ná: die regverdige oordeel, die omgee en die vertroue. Hierdie dinge is nodig vir julle om te doen; moenie daardie dinge nalaat nie. Deut 14:22; Luk 11:42
24 Blinde gidse, wat die muggies uitsif, maar die kamele insluk!
25 Wee julle, leraars van die wet en Fariseërs, toneelspelers van vals karakters, want julle maak die buitekant van die beker en die bord skoon, maar binnekant is dit vol uitbuitery en onregverdigheid.
26 Blinde Fariseërs, maak eers die binnekant van die beker en die bord skoon sodat die buitekant daarvan ook skoon kan wees.
27 Wee julle, leraars van die wet en Fariseërs, toneelspelers van vals karakters, want julle is net soos wit gekalkte grafte wat van buite af mooi lyk, maar van binne vol dooies se bene en alle korrupsie is
28 en net so lyk julle ook wel onskuldig van buite vir die mense, maar van binne is julle wetteloos en toneelspelers van vals karakters.
29 Wee julle, leraars van die wet en Fariseërs, toneelspelers van vals karakters, want julle bou die grafte van die profete en versier die grafstene van die onskuldiges
30 en julle sê: 'As ons in die dae van ons vaders geleef het, sou ons geen deel met hulle gehad het aan die bloed van die profete nie.'
31 Dus getuig julle teen julleself dat julle seuns is van die wat die profete vermoor het
32 en julle voltooi die kwota van julle vaders!
33 Slange, kinders van adders, hoe sal julle ontsnap van die oordeel van die hel?
34 Let op, om hierdie rede stuur Ek profete, wyse manne en leraars van die wet na julle toe en julle sal van hulle doodmaak en kruisig en van hulle in julle bymekaarkomplekke gésel en van stad na stad die ander vervolg
35 sodat oor julle al die onskuldige bloed wat vergiet is op die aarde kan kom, vanaf die bloed van die onskuldige Hevel tot by die bloed van Z'kharyah, die seun van Berekhyah, wat julle tussen die tempel en die altaar vermoor het. 2 Kro 24:20-22
36 Dit is waar, Ek sê vir julle, al hierdie dinge sal oor hierdie geslag kom.
37 Yerushalayim, Yerushalayim, jy wat die profete vermoor en dié wat na jou toe gestuur is, stenig, hoe dikwels wou Ek jou seuns bymekaarmaak net soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak en julle wou nie!
38 Let op, julle huis word verlate en vir julle woes gelaat, Yir 22:5
39 want Ek sê vir julle: julle sal My van nou af nie weer sien nie totdat julle sal sê: 'Geseënd is Hy wat kom in die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה!'" Ps 118:26

24 1 Yeshua het uit die tempel uitgegaan om te vertrek en Sy studentevolgelinge het nadergekom en vir Hom die argitektuur van die tempel gewys,
2 maar Hy sê vir hulle: "Sien julle al hierdie dinge? Waarlik Ek sê vir julle, daar sal op hierdie plek sekerlik geen klip op 'n ander gelos word, wat nie afgebreek sal word nie."
3 Ook toe Hy op die Olyfberg gaan sit het, kom die studentevolgelinge alleen na Hom toe en sê: "Vertel vir ons, wanneer sal hierdie dinge wees en wat is die teken van U koms en van die einde van die wêreld?"

4 Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Pas op dat niemand julle mislei nie,
5 want baie sal in My Naam (Karakter en Outoriteit) kom en sê: ‘Ek is dié Gesalfde
Een’ en hulle sal baie mislei.
6 Julle sal hoor van oorloë en van verslae van oorloë. Onderskei, moenie bang word
nie, want dit is nodig vir al daardie dinge om te gebeur, maar dit is nog nie heeltemal
die einde nie,
7 want nasie sal teen nasie opstaan en koninkryk teen koninkryk en daar sal hongersnode
wees en plae en aardbewings op verskillende plekke,
8 maar al hierdie dinge is die begin van smarte.
9 Dan sal hulle julle oorgee om te ly en julle doodmaak en julle sal onder al die nasies
gehaat word ter wille van My Karakter en Outoriteit
10 en dan sal baie omgekeer word en hulle sal mekaar verraai en mekaar haat.
11 Baie vals profete sal opstaan en baie mense mislei
12 en deur die oorvloed van wetsoortreding, sal die liefde van baie afkoel, [Deut 8:11]
13 maar wie vasstaan tot die einde toe, hy sal die lewe hê.
14 Hierdie goeie boodskap van die Koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld
tot getuienis vir al die nasies en dan sal die einde kom.
15 Wanneer julle dan die teken van die verwerplikheid van afgodery, waarvan gepraat
is deur die profeet Dani’el, [Dan 9:27; 11:31] sien staan in die plek wat afgesonder is, moet
die leser verstaan,
16 dan moet dié wat in Y’hudah is, vlug na die berge;
17 wie op die dak is, moenie afkom om iets uit sy huis weg te vat nie
18 en wie in die veld is, moenie terugdraai om sy klere te vat nie.
19 Wee die vroue wat swanger is en die wat nog borsvoed in daardie dae,
20 maar bid dat julle ontvlugting nie in die winter of op die Shabbat sal wees nie,
21 want daar sal dan groot lyding wees soos daar van die begin van die aarde af tot
nou toe nie was nie en ook nie sal wees nie. [Yo’ 2:2; Dan 12:1]
22 As daardie dae nie verkort sou word nie, sou geen liggaam gered word nie, maar
ter wille van die wat gekies is, sal daardie dae verkort word.
23 Wanneer iemand dán vir julle sê: ‘Let op, hier is dié Gesalfde Een!’ of, ‘Daar!’
moet dit nie glo nie,
24 want daar sal vals gesalfdes en profete van leuens opstaan en hulle sal groot tekens
gee om, as dit moontlik was, ook die wat gekies is te mislei.
25 Let op, Ek sê dit vir julle vooruit.
26 As hulle dan vir julle sê: ‘Kyk, Hy is in die wildernis,’ moenie gaan nie; of let op,
‘Hy is in ’n geheime kamer;’ moet dit nie glo nie,
27 want net soos die weerlig uitslaan in die ooste en tot in die weste sigbaar is, so sal
ook die koms van die Seun van die mens wees.
28 Waar die karkas ook al lê, daar sal die aasvoëls versamel
29 en dadelik ná die lyding van daardie dae sal die son verduister word, die maan sal
sy lig nie gee nie, [Yes 13:10; Yeg 32:7] die sterre sal uit die hemel val, die magte van die
hemele sal omgekrap word [Yes 34:4; Hag 2:6; Mar 13:25; Luk 21:26; Heb 12:26]

30 en dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn en dan sal al die stamme van die aarde treur Z'kh 12:10-14 en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel Dan 7:13-14 met baie wonderwerke en eer, grootheid en lofprysinge.
31 Hy sal Sy boodskappers uitstuur met groot ramshorings Yes 27:13 en hulle sal Sy verkorenes bymekaarmaak uit die vier windstreke, van die een uiterste van die hemele af tot by die ander uiterste daarvan.
32 Leer van die vyeboom hierdie vergelykende storie: teen die tyd dat sy tak sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is.
33 Net so verstaan julle ook, wanneer julle ál hierdie dinge sien, dat Hy naby is, voor die deur.
34 Dit is waar, Ek sê vir julle, hierdie volksfamilie sal nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie. Luk 21:32
35 Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar My boodskappe sal nie verbygaan nie,
36 maar wat betref daardie dag en die uur weet niemand nie, selfs nie die boodskappers van die hemel nie, maar slegs die Vader alleen,
37 maar net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees,
38 want net so was hulle voor die vloed; hulle het geëet en gedrink, vroue en mans gevat, tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het
39 en nie verstaan het voordat die vloed gekom en almal weggevat het nie. Net so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.
40 Dan sal daar twee in die veld wees; die een sal weggelei word en die een sal gelos word.
41 Twee vroue sal in die meulhuis maal; die een sal weggelei word en die een sal gelos word.
42 Word dan wakker omdat julle nie weet watter uur julle Meester kom nie,
43 maar weet dit: as die huiseienaar geweet het watter tyd die dief sou kom, sou hy wakker gewees het en nie toegelaat het dat in sy huis ingebreek word nie;
44 daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die mens kom daardie uur wat julle dit nie verwag het nie.
45 Wie is dan die getroue en wyse slaaf vir wie sy meester oor sy huishouding aangestel het om hulle hul kos op die regte tyd te gee?
46 Geseënd is daardie slaaf vir wie sy meester, as hy kom, só besig sal vind.
47 Dit is waar, Ek sê vir julle, hy sal hom oor al sy besittings aanstel,
48 maar as daardie slaaf boos is en in sy gedagtes sê: 'My meester neem lank om te kom'
49 en hy sy medeslawe begin slaan en saam met die dronkaards eet en drink,
50 dan sal die meester van daardie slaaf op 'n dag kom dat hy dit nie verwag nie en op 'n uur wat hy nie weet nie
51 en hy sal hom vreeslik slaan en sy deel sit by die toneelspelers van vals karakters. Daar sal 'n gehuil wees en gekners van tande."

25 1 “Dan sal die Koninkryk van die hemel wees soos tien maagde wat hulle lampe gevat en uitgegaan het om die bruidegom en bruid te ontmoet,
2 maar vyf van hulle was wys en vyf was dwaas.
3 Die wat dwaas was, het hulle lampe gevat en nie olie saamgevat nie,
4 maar die wyses het olie in hulle houers saam met hulle lampe gevat.
5 Toe die bruidegom vertraag is om te kom, het hulle almal moeg geword en geslaap,
6 maar in die middel van die nag was daar ’n uitroep: ‘Let op, die bruidegom kom; gaan uit om hom te ontmoet!’
7 Toe staan al daardie maagde op en berei hulle lampe voor.
8 Die dwases sê aan die wyses: ‘Gee vir ons van julle olie, let op, ons lampe het uitgegaan,’
9 maar die wyses antwoord en sê: ‘Hoekom? Daar is nie genoeg vir ons en vir julle nie. Gaan na die verkopers en koop vir julleself.’
10 Terwyl hulle gaan om te koop, het die bruidegom gekom en die wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die troulokaal en die deur is toegemaak.
11 Agterna kom ook die ander maagde en sê: ‘Ons meester, ons meester, maak vir ons oop,’
12 maar hy antwoord en sê vir hulle: ‘Dit is waar, ek sê vir julle, ek het nie ’n verbondsverhouding met julle nie.’ Open 22:14
13 Word dan wakker omdat julle die dag en die uur nie weet nie.
14 Dit is net soos ’n man wat op reis gaan en sy slawe roep en sy besittings aan hulle oorhandig
15 en aan die een gee hy vyf talente en aan die ander, twee en aan die ander, een, aan elkeen na sy vermoë en hy het dadelik na ’n ander land vertrek.
16 Die een wat die vyf talente gekry het, het daarmee gaan handel dryf en vyf ander talente bygekry.
17 Net so het die een wat die twee gekry het, self ook twee ander bygekry,
18 maar hy wat die een ontvang het, het gegaan en in die grond gegrawe en sy meester se geld begrawe.
19 Ná ’n lang tyd het die slawe se meester gekom en rekenskap van hulle gevra
20 en die een wat die vyf talente ontvang het, kom en bring nog vyf talente en sê: ‘My meester, vyf talente het u vir my gegee; ek het nog vyf talente bygevoeg’
21 en sy meester sê vir hom: ‘Goed so, goeie en betroubare slaaf, oor ’n bietjie was jy betroubaar, oor baie sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou meester.’
22 Die een wat die twee talente ontvang het, kom ook en sê: ‘My meester, twee talente het u aan my gegee; ek het nog twee talente bygevoeg.’
23 Sy meester sê vir hom: ‘Goed so, goeie en betroubare slaaf, oor ’n bietjie was jy betroubaar, oor baie sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou meester.’
24 Die een wat een talent ontvang het, kom ook en sê: ‘My meester, ek het u geken dat u ’n harde man is wat oes waar u nie gesaai het nie en bymekaarmaak waar u nie gedors het nie
25 en ek was bang. Ek het gegaan en u talent in die grond begrawe. Let op, dit wat aan u behoort.’

26 Sy meester antwoord en sê vir hom: ‘Jou slegte en lui slaaf, jy het geweet dat ek oes waar ek nie gesaai het nie en bymekaarmaak waar ek nie gedors het nie.
27 Dit was jou plig om my geld by die geldwisselaars in te gee en ek sou by my koms wat aan my behoort, met rente ontvang het.
28 Neem dan die talent van hom af weg en gee dit aan die een wat die tien talente het,
29 want aan elkeen wat het, sal gegee word en dit sal vir hom vermenigvuldig word, maar van hom wat nie het nie, van hom sal weggeneem word, ook wat hy het
30 en gooi die nuttelose slaaf uit in die buitenste duisternis; daar sal ’n gehuil wees en gekners van tande.’
31 Wanneer die Seun van die mens in Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid kom en al die afgesonderde engele saam met Hom, dan sal Hy sit op Sy troon van eer, lof en grootheid
32 en voor Hom sal al die nasies bymekaargemaak word en Hy sal hulle van mekaar skei net soos die skaapwagter die skape van die bokke skei
33 en Hy sal die skape aan Sy regterhand en die bokke aan Sy linkerhand laat staan.
34 Dan sal die Koning vir dié aan Sy regterhand sê: ‘Kom, julle geseëndes van My Vader, kom erf die Koninkryk wat vir julle voorberei is vanaf die ontstaan van die heelal af,
35 want Ek het honger gehad en julle het vir My kos gegee; Ek het dors gehad en julle het vir My te drinke gegee; Ek was ’n vreemdeling en julle het My ontvang;
36 Ek was kaal en julle het My aangetrek; Ek was siek en julle het My versorg; Ek was in die tronk en julle het My besoek.’
37 Dan sal die onskuldiges Hom antwoord en sê: ‘Ons Meester, wanneer het ons U honger gesien en gevoed; of dors en te drinke gegee
38 en wanneer het ons gesien dat U ’n vreemdeling is en U ontvang; of kaal en U aangetrek
39 en wanneer het ons U siek gesien of in die tronk en U besoek?’
40 Die Koning sal antwoord en vir hulle sê: ‘Dit is waar, Ek sê vir julle, in die mate waarin julle dit gedoen het vir een van die onbelangrikste van hierdie broers van My, het julle dit vir My gedoen.’
41 Dan sal Hy ook vir dié aan Sy linkerhand sê: ‘Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur in wat voorberei is vir die teëstander en sy engele,
42 want Ek het honger gehad en julle het My nie te ete gegee nie; Ek het dors gehad en julle het My nie te drinke gegee nie;
43 Ek was ’n vreemdeling en julle het My nie ontvang nie; kaal en julle het My nie aangetrek nie; siek en in die tronk en julle het nie vir my gesorg nie.’
44 Dan sal hulle Hom ook antwoord en sê: ‘Ons Meester, wanneer het ons U honger gesien of dors of ’n vreemdeling of kaal of siek of in die tronk en U nie bedien nie?’
45 Dan sal Hy hulle antwoord en vir hulle sê: ‘Dit is waar, Ek sê vir julle, in die mate waarin julle dit nie gedoen het vir een van hierdie onbelangrikes nie, het julle dit ook nie vir My gedoen nie’

46 en hulle sal weggaan in die ewige marteling in, maar die onskuldiges in die ewige lewe in.” 1 Kor 15:23-28; Open 20:4-15

26 1 Dit was nadat Yeshua al hierdie dinge klaar gesê het dat Hy vir Sy studente-volgelinge sê:
2 “Julle weet oor twee dae is die Pesag en die Seun van die mens sal oorgelewer word om gekruisig te word.”
3 In daardie tyd het die leierpriesters en die leraars van die wet en die oudstes van die volk in die paleis van die hoofpriester, wat Kayafa genoem word, bymekaargekom
4 en hulle het ’n vergadering gehou oor Yeshua om Hom deur misleiding te vang en te vermoor.
5 Hulle het gesê: “Nie tydens die fees nie sodat daar nie ’n oproer onder die mense ontstaan nie.”
6 Toe Yeshua in Beit-Anyah, in die huis van Shim’on, die pottebakker was,
7 kom ’n vrou na Hom toe met ’n fles geparfumeerde olie wat baie duur is en gooi dit op sy kop uit terwyl Hy aan die tafel skuinsgelê het,
8 maar toe Sy studentevolgelinge dit sien, was hulle ontsteld en sê: “Hoekom dit mors,
9 want dit kon vir baie verkoop en die geld dan aan die armes gegee word?”
10 Yeshua het dit geweet en sê vir hulle: “Waarom val julle die vrou lastig omdat sy ’n pragtige daad vir My gedoen het?
11 Die bedelaars het julle altyd by julle, maar nie altyd vir My nie,
12 want toe sy hierdie aromatiese olie op My liggaam uitgegooi het, het sy dit gedoen asof vir My begrafnis.
13 Dit is waar, Ek sê vir julle, oral in die hele wêreld, waar hierdie goeie boodskap van My verkondig sal word, sal ook gepraat word van wat sy gedoen het, tot ’n herinnering aan haar.”
14 Toe gaan een van die twaalf, genoem Y’hudah van K’riot, na die leierpriesters
15 en sê vir hulle: “Wat is julle gewillig om my te gee en ek sal Hom aan julle oorlewer?” Hulle het hom dertig silwerstukke belowe Z’kh 11:12, 13
16 en van toe af het hy ’n geleentheid gesoek om Hom oor te lewer.
17 Toe die eerste dag van onthouding van suurdeeg aanbreek, kom die studentevolgelinge na Yeshua en sê vir Hom: “Waar wil U hê moet ons vir U voorberei om die Pesag te eet?”
18 Hy antwoord: “Gaan na die stad, na ’n sekere persoon en sê vir hom: ‘Die Leermeester laat weet: My tyd is naby, Ek sal saam met My studentevolgelinge by jou die Pesag hou’.”
19 Die studentevolgelinge het gedoen net soos Yeshua hulle beveel het en hulle het die Pesagmaal voorberei.
20 Toe dit aand geword het, het Hy saam met die twaalf studentevolgelinge skuinsgelê by die tafel
21 en terwyl hulle eet, sê Hy: “Dit is waar, Ek sê vir julle, een van julle sal My oorlewer.”
22 Toe word hulle baie bedroef en elkeen van hulle begin vir Hom vra: “Is dit miskien ek, my Meester?”

23 Hy antwoord en sê: "Hy wat sy hand saam met My in die bak in doop, dit is hy wat My sal verraai.
24 Die Seun van die mens gaan weg soos daar van Hom geskrywe is, maar wee daardie man deur wie die Seun van die mens oorgelewer word! Dit sou vir daardie man goed gewees het as hy nie gebore is nie."
25 Y'hudah, wat Hom sou oorlewer, antwoord en sê: "Is dit dan ek, my Meester?" Hy antwoord hom: "Jy self het dit gesê."
26 Terwyl hulle eet, vat Yeshua die brood, dank daarvoor, breek dit en gee dit aan Sy studentevolgelinge en sê: "Neem, eet, dit is My liggaam."
27 Hy vat ook die beker, dank daarvoor, gee dit aan hulle en sê: "Drink almal daaruit,
28 want dit is My bloed, van die Nuwe Verbond, wat vir baie uitgestort word tot vryspraak van sondes, Yir 31:30-33; 1 Kor 11:24,25; 2 Kor 3:6; Heb 8:8-12
29 maar Ek sê vir julle: 'Ek sal van nou af glad nie weer van hierdie vrug van die wynstok drink, tot op daardie dag wanneer Ek dit nuut saam met julle sal drink in die Koninkryk van My Vader nie'."
30 Hulle het lofliedere gesing en uitgegaan na die Olyfberg.
31 Toe sê Yeshua vir hulle: "Julle sal almal in hierdie nag aanstoot aan My neem, want daar is geskrywe: 'Ek sal die Skaapwagter slaan en die skape van die kudde sal uitmekaar gejaag word,' Z'kh 13:7
32 maar nadat Ek opgestaan het, sal Ek voor julle uit na die Galila gaan."
33 Kefa antwoord en sê vir Hom: "Al sou almal ook teen U aanstoot neem, ek sal nooit aanstoot neem nie."
34 Yeshua sê vir hom: "Dit is waar, Ek sê vir jou, in hierdie nag, sal jy My drie maal ontken voordat die haan sou kraai."
35 Kefa sê vir Hom: "Selfs al moet ek saam met U sterf, ek sal U nooit ontken nie!" Al die studentevolgelinge het ook so gesê.
36 Toe kom Yeshua saam met hulle in 'n plek genoem Gat-Sh'manim en Hy sê vir die studentevolgelinge: "Sit hier terwyl Ek gaan om te bid."
37 Hy vat Kefa en die twee seuns van Zavdai saam en begin bedroef en benoud word.
38 Hy sê vir hulle: "My verstand, wil en emosie is diep bedroef tot die dood toe; bly hier en waak saam met My."
39 Hy het 'n entjie onttrek en op Sy gesig geval en gebid en gesê: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil."
40 Hy gaan na die studentevolgelinge en vind hulle aan die slaap en Hy sê vir Kefa: "Kon julle nie een uur saam met My waak nie?
41 Waak en bid sodat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is gewillig, maar die vlees is swak."
42 Weer het Hy vir die tweede maal gaan bid en gesê: "My Vader, as hierdie beker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat dit wees soos U wil."
43 Hy gaan na hulle toe en vind hulle weer aan die slaap, want hulle oë was swaar

44 en Hy het weer van hulle af weggegaan en vir die derde maal gaan bid en dieselfde woorde gesê.

45 Toe kom Hy by Sy studentevolgelinge en sê vir hulle: “Slaap maar voort en word verfris. Let op, die uur is naby en die Seun van die mens word oorgegee in die hande van sondaars.

46 Staan op, laat ons gaan; let op, hy wat My oorlewer is hier.”

47 Terwyl Hy nog praat, kom Y’hudah, een van die twaalf vanaf die leierpriesters en oudstes van die volk af en saam met hom ’n groot skare met swaarde en stokke.

48 Die een wat Hom oorlewer, Y’hudah, het vir hulle ’n teken gegee en gesê: “Die een wat ek sal soen, dit is Hy, gryp Hom!”

49 Hy roep dadelik na Yeshua en sê: “Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid, my Meester” en hy soen Hom,

50 maar Yeshua sê vir hom: “Het jy hiervoor gekom, My vriend?” Toe kom hulle nader en slaan die hande aan Yeshua en gryp Hom

51 en een wat saam met Yeshua was, het sy hand uitgesteek, sy swaard uitgetrek en hy het die slaaf van die hoofpriester geslaan en sy oor afgesny.

52 Toe sê Yeshua vir hom: “Sit jou swaard in sy plek terug, want almal wat die swaard optel, sal deur die swaard doodgemaak word.

53 Of dink jy nie dat Ek die vermoë het om op hierdie oomblik tot My Vader te bid en Hy meer as twaalf legioene van engele tot My beskikking sal stel nie?

54 Hoe sou die voorspellings van die Skrifte dan vervul word dat dit só moet wees?”

55 In dieselfde tyd het Yeshua vir die mense gesê: “Het julle soos teen ’n dief uitgekom met swaarde en stokke om My te vang? Daagliks het Ek langs julle gesit en leer in die tempel en julle het My nie gevang nie,”

56 maar dit het alles gebeur sodat die Skrifte van die profete vervul sou word. Toe het al die studentevolgelinge van Hom af weggegaan en gevlug

57 en die wat Yeshua gevange geneem het, het Hom weggevat na Kayafa, die hoofpriester, waar die leraars van die wet en die oudstes bymekaar was.

58 Shim’on Kefa het Hom van ’n afstand af gevolg tot by die paleis van die hoofpriester en hy het ingegaan en by die wagte gaan sit om die resultaat te sien.

59 Die leierpriesters, die oudstes en die hele Joodse Raad het getuienisse teen Yeshua gesoek om Hom dood te maak

60 en niks gevind nie. Alhoewel daar baie met onwaar getuienis gekom het, het hulle niks gevind nie. Eindelik kom daar twee

61 en sê: “Hierdie man het gesê: ‘Ek is by magte om die tempel van God af te breek en dit in drie dae op te bou’.”

62 Die hoofpriester staan op en sê vir Hom: “Het U nie eers een antwoord vir hulle wat teen U getuig nie?”

63 Yeshua het egter stilgebly [Yes 53:7] en die hoofpriester antwoord en sê vir Hom: “Ek eis ’n eed van U by die Lewende God [Lev 5:1] dat U vir ons sê of U dié Gesalfde Een, die Seun van God, is?”

64 Yeshua antwoord hom: “U het dit gesê, maar Ek sê vir julle: ‘Van nou af aan, sal julle die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van Krag en ook sien kom op die wolke van die hemel’.” [Dan 7:13]

65 Toe skeur die hoofpriester sy kleed en sê: “Let op, Hy praat kwaad teen God! Waarom het ons nog getuies nodig? Julle het Sy kwaadpraat teen God gehoor!
66 Wat dink julle?” Hulle antwoord en sê: “Hy verdien die dood.”
67 Toe het hulle in Sy gesig gespoeg en Hom teen die kop geslaan en ander het Hom geklap
68 en gesê: “Profeteer vir ons, Gesalfde Een! Wie is dit wat U slaan?”
69 Kefa het buite in die binnehof gesit en ’n slavin het na hom toe gekom en gesê: “Jy was ook saam met Yeshua, die Een vanaf die Galila,”
70 maar hy het dit voor almal ontken en gesê: “Ek weet nie waarvan jy praat nie.”
71 Terwyl hy uitgaan na die stoep toe, sien ’n ander slavin hom en sê aan dié wat daar was: “Hierdie een was ook by Yeshua, van Natzeret.”
72 Met ’n eed ontken hy dit weer: “Ek ken die Man nie.”
73 ’n Rukkie later kom dié wat daar staan en sê vir Kefa: “Waarlik, jy is ook éen van hulle, want ook deur jou uitspraak is dit duidelik.”
74 Toe begin hy vloek en sweer: “Ek ken die Man nie.” Dadelik het die haan gekraai
75 en Kefa het die woord van Yeshua onthou wat Hy vir hom gesê het: “Voordat die haan kraai, sal jy My drie maal ontken” en hy het buitentoe gegaan en bitterlik gehuil.

27 1 Met dagbreek het die Raad al die leierpriesters en die oudstes van die volk bymekaar gekry en teen Yeshua vergader oor hoe om Hom dood te maak
2 en hulle het Hom vasgebind en weggevat en Hom oorgelewer aan Pilatos, die goewerneur.
3 Toe Y’hudah, die een wat Hom oorgelewer het, sien dat Hy veroordeel is, het hy berou gekry en die dertig silwerstukke teruggebring na die leierpriesters en die oudstes
4 en gesê: “Ek het gesondig deur onskuldige bloed oor te lewer,” maar hulle sê: “Wat gaan dit ons aan wat jy ontdek?”
5 Hy het die silwerstukke in die tempel neergegooi en onttrek, weggegaan en homself opgehang, [Hand 1:18,19]
6 maar die leierpriesters het die silwerstukke geneem en gesê: “Dit is nie reg volgens die wet om dit in die offerande te gooi nie omdat dit geld is wat bloed gekoop het.”
7 Die raad het besluit dat hulle die stuk grond van ’n pottebakker daarmee koop as ’n begraafplaas vir vreemdelinge; [Z’kh 11:13]
8 daarom is dié stuk grond Bloedgrond genoem, tot vandag toe. [Hand 1:18,19]
9 Toe is vervul wat deur die profeet gesê is: “Ek het dertig silwerstukke gevat van die seuns van Yisra’el; die waarde van die Kosbare Een, waarop hulle ooreengekom het
10 en ek het dit vir hulle gegee vir die grond van die pottebakker, soos יהוה my beveel het.” [Z’kh 11:12, 13]
11 Yeshua het voor die goewerneur gestaan en die goewerneur het Hom gevra en gesê: “Is U die Koning van die Jode?” Yeshua antwoord hom: “U sê dit.” [Mar 15:2; Luk 22:70]
12 Terwyl Hy deur die leierpriesters en die oudstes beskuldig word, het Hy niks geantwoord nie. [Yes 53:7]

13 Toe sê Pilatos vir Hom: “Hoor U nie hoeveel hulle teen U getuig nie?”
14 Hy het hom op geen enkele woord geantwoord nie sodat die goewerneur hom baie bewonder het. Yes 53:7
15 By elke fees was die goewerneur gewoond om een gevangene, die mense se keuse, vir hulle vry te laat
16 en in daardie tyd het hulle ’n prominente gevangene gehad wat Bar-Abba genoem is.
17 Omdat hulle dan byeengekom het, sê Pilatos vir hulle: “Wie wil julle hê moet ek vir julle vrylaat: ‘Bar-Abba of Yeshua, wat genoem word ‘dié Gesalfde Een’?”
18 Hy het geweet dat hulle Hom uit afguns oorgelewer het.
19 Terwyl hy op die regstoel sit, het sy vrou na hom toe gestuur en gesê: “Moet niks te doen hê met dié Onskuldige Een nie, want ek het vandag in ’n droom baie gely as gevolg van Hom.”
20 Die leierpriesters en die oudstes het die skare oortuig dat hulle Bar-Abba moes vra, maar Yeshua vernietig. Mar 15:11; Luk 23:18
21 Die goewerneur antwoord en sê vir hulle: “Wie van die twee wil julle hê moet ek vir julle vrylaat?” Hulle antwoord: “Bar-Abba!”
22 Pilatos sê vir hulle: “Wat moet ek dan met Yeshua, wat genoem word ‘dié Gesalfde Een,’ doen?” Hulle sê almal vir hom: “Hang Hom aan ’n kruis!”
23 Die goewerneur sê: “Watter boosheid het Hy dan gedoen?” Hulle skreeu egter harder en sê: “Laat Hom gekruisig word!”
24 Toe Pilatos besef dat niks help nie, maar eerder ’n oproer veroorsaak word, het hy water gevat en sy hande voor die skare gewas en gesê: “Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie Onskuldige Een; soos julle kan sien”
25 en die hele volk antwoord en sê: “Sy bloed is op ons en op ons seuns!”
26 Toe laat hy Bar-Abba vir hulle vry, maar Yeshua het hy laat gésel met swepe en oorgelewer om gekruisig te word.
27 Daarop neem die goewerneur se soldate Yeshua met hulle saam in die paleiswag se kwartiere in en bring die hele afdeling soldate rondom Hom bymekaar,
28 trek Sy klere uit en gooi ’n skarlaken rooi mantel om Hom.
29 Hulle vleg ’n kroon van dorings en sit dit op Sy kop en ’n riet in Sy regterhand en kniel voor Hom en spot Hom en sê: “Wees gegroet, Koning van die Jode”
30 en hulle spoeg op Hom en gryp die riet en slaan Hom op Sy kop.
31 Nadat hulle Hom gespot het, trek hulle die mantel uit en trek Sy klere vir Hom aan en vat Hom weg om gekruisig te word.
32 Terwyl hulle uitgaan, vind hulle ’n man van Kurene, met die naam van Shim’on en dwing hom om Sy kruis te dra
33 en hulle het gekom by ’n plek wat Gulgolta genoem word; dit beteken: Plek van die Kopbeen.
34 Hulle het vir Hom asyn, met ’n doofmiddel gemeng, gegee om te drink en toe Hy dit proe, wou Hy nie drink nie,
35 maar toe hulle Hom gekruisig het, het hulle Sy klere verdeel Ps 22:19 deur die lot te werp.
36 Hulle het gaan sit om daar oor Hom wag te hou

37 en bokant Sy kop het hulle Sy oortreding neergeskryf: Mar 15:26; Luk 23:38; Yog 19:19
HY IS YESHUA, DIE KONING VAN DIE JODE.
38 Saam met Hom is twee diewe gekruisig, een aan die regter- en een aan die linkerkant.
39 Die verbygangers het Hom beledig terwyl hulle hul koppe skud Ps 22:8
40 en sê: "U wat die tempel afbreek en in drie dae opbou, red Uself! As U die Seun van God is, kom van die kruis af!"
41 Net so het ook die leierpriesters, saam met die leraars van die wet, die oudstes en die Fariseërs, gespot en gesê:
42 "Ander het Hy gered, Homself kan Hy nie red nie. As Hy die Koning van Yisra'el is, laat Hom nou van die kruis afkom en ons sal in Hom vertrou."
43 "Hy het op God vertrou; laat Hy Hom nou red as Hy so wil; Ps 22:9 want Hy het gesê: 'Ek is die Seun van God'."
44 Net so ook het die diewe wat saam met Hom gekruisig is, Hom ook beledig.
45 Van die sesde uur (twaalf uur middag) af het daar duisternis oor die hele aarde gekom tot die negende uur (drie uur) toe
46 en omtrent die negende uur het Yeshua met 'n harde stem uitgeroep en gesê: "My Magtige God! My Magtige God! (Ar. 'eil 'eil) Waarom spaar U my nog (duur dit voort)?" Ps 22:2-32
47 Sommige van die wat daar staan, hoor dit en sê: "Hy roep vir Eliyahu."
48 Toe hardloop daar dadelik een van hulle en vat 'n spons, maak dit vol asyn, sit dit op 'n riet en gee vir Hom om te drink, Ps 69:22
49 maar die ander sê: "Neem dit weg, laat ons sien of Eliyahu kom om Hom te verlos,"
50 maar Yeshua het weer met 'n harde stem uitgeroep en Sy gees het Hom verlaat.
51 Onmiddellik het die gordyn in die tempel in twee geskeur, van bo na onder, die aarde het gebewe, die rotse het oopgebreek,
52 die grafte het oopgegaan en baie liggame van die afgesonderdes, het opgestaan.
53 Hulle het weggegaan van die grafte af en ná Sy opstanding het hulle in die afgesonderde stad ingekom en aan baie verskyn.
54 Toe die hoofman oor 'n honderd en die wat saam met hom by Yeshua waggehou het, die aardbewing sien en die dinge wat daar gebeur, het hulle baie bang geword en gesê: "Waarlik, hierdie is die Seun van God."
55 Daar was baie vroue wat van ver af gekyk het, wat vir Yeshua van die Galila af gevolg en Hom versorg het.
56 Tussen hulle was daar Miryam van Migdala en Miryam, die moeder van Ya'akov en Yosef en die moeder van die seuns van Zavdai.
57 Toe dit aand geword het, het daar 'n ryk man van Ramatayim gekom met die naam van Yosef, wat self ook 'n studentevolgeling van Yeshua was.
58 Hy het na Pilatos gegaan en die liggaam van Yeshua gevra en Pilatos het beveel dat die liggaam aan hom oorgegee moes word.
59 Yosef het die liggaam geneem en dit met skoon linne toegedraai
60 en dit in sy nuwe graf gesit, wat hy in die rots uitgekap het, 'n groot steen teen die ingang van die graf gerol en weggegaan.

61 Miryam van Migdala en die ander Miryam was daar en hulle het oorkant die graf gesit.

62 Die volgende dag, ná die voorbereiding, gaan die leierpriesters en die Fariseërs saam na Pilatos

63 en sê: “Ons meester, ons onthou dat dié misleier, toe Hy gelewe het, gesê het: ‘Ek sal na drie dae opstaan’.”

64 “Gee dan bevel dat die graf bewaak word tot die derde dag toe dat Sy studentevolgelinge nie miskien in die nag kom, Hom steel en vir die mense sê Hy het opgestaan uit die dood uit nie, want die laaste misleiding sal erger wees as die eerste.”

65 Pilatos sê vir hulle: “Daar is vir julle wagte, gaan bewaak dit volgens wat julle verstaan”

66 en hulle het weggegaan om die graf te bewaak en saam met die wag ’n seël op die steen gesit.

28 1 Teen die aand van die Shabbat, toe die eerste dag van die week begin aanbreek, kom Miryam van Migdala en die ander Miryam om na die graf te kyk.

2 Let op, daar was ’n groot aardbewing, want ’n boodskapper van יהוה het uit die hemel afgekom en die steen van die ingang af weggerol en daarop gaan sit.

3 Sy voorkoms was soos weerlig en sy klere so wit soos sneeu.

4 As gevolg van vrees vir hom het die wagte gebewe en soos dooies geword,

5 maar die boodskapper sê vir die vroue: “Moenie bang wees nie, want ek weet julle soek Yeshua wat gekruisig is.

6 Hy is nie hier nie, want Hy het opgestaan net soos Hy gesê het. Kom kyk na die plek waar ons Meester gelê het

7 en gaan vinnig, sê vir Sy studentevolgelinge: ‘Hy het opgestaan uit die dood en gaan voor julle uit na die Galila. Daar sal julle Hom sien.’ Let op, ek het vir julle gesê.”

8 Hulle het dadelik weggegaan van die graf af, bang en met groot blydskap en gehardloop om dit aan Sy studentevolgelinge te vertel.

9 Let op, Yeshua ontmoet hulle en sê: “Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid!” Hulle het gekom en Sy voete vasgehou en aan Hom eer betoon.

10 Toe sê Yeshua vir hulle: “Moenie bang wees nie. Gaan en vertel vir My broers dat hulle na die Galila moet gaan en daar sal hulle My sien.”

11 Terwyl hulle op pad was, het sommiges van die wag in die stad ingegaan en aan die leierpriesters alles vertel wat gebeur het

12 en hulle het voldoende geld gevat en dit vir die soldate gegee en saam met die oudstes bymekaargekom en vergadering gehou

13 en vir hulle gesê: “Julle moet sê: ‘Sy studentevolgelinge het in die nag gekom en Hom gesteel terwyl ons aan die slaap was’

14 en as dit aan die goewerneur rapporteer word, sal ons hom tevrede stel, julle moenie bekommerd wees nie.”

15 Hulle het die geld gevat en gedoen soos hulle beveel is en hierdie storie is versprei onder die Jode, tot vandag toe.

16 Die elf studentevolgelinge het na die Galila gegaan, na die berg waar Yeshua met hulle afgespreek het
17 en toe hulle Hom sien, het hulle neergeval voor Hom om aan Hom eer te betoon, maar sommige het getwyfel.
18 Yeshua het nadergekom en met hulle gepraat en vir hulle gesê: “Alle outoriteit in die hemel en op aarde is aan My gegee [1 Kor 15:24-28] en soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle. [Mar 16:15; Luk 24:47]
19 Gaan daarvolgens, maak studentevolgelinge van al die nasies, doop hulle in die Karakter en Outoriteit van die Vader en die Seun en die Gees wat Afgesonderd is
20 en onderrig hulle sodat hulle alles sal gehoorsaam wat Ek julle beveel het [1 Yog 2:6] en let op, Ek is saam met julle al die dae tot aan die einde van die heelal.
Dit is waar.”

Die tweede boek van die Nuwe Verbond

Die goeie boodskap oor Yeshua, dié Gesalfde Een, geskryf deur Markos.

# Markos

מרקוס

{ 'n merk, teken of teiken }

( Markus )

Dit is in Aramees geskryf in die jare 50's.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees - die taal wat Yeshua gepraat het.

1 1 Die begin van die goeie boodskap van Yeshua, dié Gesalfde Een, die Seun van God,
2 sóos dit geskryf is in Yesha'yahu die Profeet: "Let op, Ek sal My boodskapper voor U Teenwoordigheid uitstuur, om U pad voor te berei."
3 'n Stem wat uitroep: "Berei die weg van יהוה in die wildernis voor en maak Sy paaie reguit!" Yes 40:3; Mat 3:3
4 Yoganan was in die wildernis, besig om te doop en het die doop van berou, erkenning en aflegging verkondig vir die bevryding van sondes.
5 Die hele streek van Y'hudah en die inwoners van Yerushalayim het uitgegaan na hom toe en hy het almal in die Yardenrivier gedoop, wanneer hulle hul sondes erken en aflê.
6 Yoganan was aangetrek met klere van kameelhare en 'n gordel van leer om sy heupe en sy kos was sprinkane en heuning van die veld.
7 Hy het verkondig en gesê: "Let op, ná my kom Een wat magtiger is as ek en ek is nie waardig om af te buk en sy sandaal se band los te maak nie.
8 Ek het julle in water gedoop, maar Hy sal julle in die Gees wat Afgesonderd is doop."
9 Dit was in daardie dae dat Yeshua, van Natzeret in die Galila, gekom het en Hy deur Yoganan in die Yarden gedoop is
10 en dadelik, toe Hy opkom uit die water uit, sien hy die hemele skeur en die Gees soos 'n duif op Hom neerdaal Mat 3:16; Luk 3:22
11 en daar was 'n Stem uit die hemel: "Jy is My Seun, wie Ek lief het, waarmee Ek tevrede is."
12 Dadelik het die Gees Hom uitgedryf na die wildernis toe.
13 Hy was daar in die wildernis vir veertig dae terwyl Hy getoets is deur die teëstander. Hy was saam met die wilde diere en die boodskappers het Hom bedien.
14 Nadat Yoganan gevang is, het Yeshua na die Galila gekom en die goeie boodskap van die Koninkryk van God verkondig
15 en gesê dat die tyd tot volheid gekom het en dat die Koninkryk van God naby gekom het; draai om na God toe en vertrou in die goeie boodskap.
16 Terwyl Hy langs die see van Galila loop, sien Hy vir Shim'on en Andreas, sy broer, besig om 'n net in die see te gooi, want hulle was vissers
17 en Yeshua sê vir hulle: "Kom agter My aan en Ek sal julle vissers van mense maak"
18 en dadelik het hulle hul nette laat staan en Hom gevolg.
19 'n Entjie verder aan, sien Hy vir Ya'akov, die seun van Zavdai en Yoganan, sy broer, asook dié in die boot besig om hulle nette heel te maak
20 en Hy het hulle geroep en dadelik het hulle hul vader, Zavdai, saam met die huurlinge laat staan en Hom gevolg.
21 Nadat hulle K'far-Nagum binnegekom het, het Hy dadelik, op die Shabbatte, in hulle bymekaarkomplek lering gegee
22 en hulle was stomgeslaan oor Sy leer, want Hy het hulle geleer soos Een wat outoriteit het en nie soos hulle leraars van die wet nie.

23 Daar was in hulle bymekaarkomplek ’n man met ’n vuil gees in hom en hy het uitgeskree
24 en gesê: “Wat wil U van ons hê, Yeshua, Natzerener (vanaf Natzeret)? Het U gekom om ons te vernietig? Ek weet Wie U is: die Afgesonderde Een van God!”
25 Yeshua het hom beveel en gesê: “Hou jou mond toe en gaan uit hom uit!”
26 Die vuil gees het hom neergegooi en met ’n harde stem geskree en uit hom uitgegaan.
27 Almal was verbaas en het dit onder mekaar bespreek en gevra: “Wat is dit? Watse nuwe leringe is dit en dít met outoriteit; Hy beveel selfs die vuil geeste en hulle gehoorsaam Hom?”
28 Onmiddellik het die nuus oor Hom versprei in die hele streek van die Galila.
29 Hulle het uit die bymekaarkomplek uitgegaan en saam met Ya’akov en Yoganan na die huis van Shim’on en Andreas gegaan.
30 Die skoonmoeder van Shim’on het siek gelê met koors en hulle het Hom gesê van haar.
31 Hy gaan na haar toe, vat haar hand, lig haar op en dadelik het die koors haar verlaat en sy het hulle bedien.
32 In die aand toe die son ondergegaan het, het hulle almal na Hom toe gebring wat siek en deur demone beheer was
33 en die hele dorp het by die deur bymekaargekom.
34 Hy het baie gesond gemaak wat ’n verskeidenheid siektes gehad het, baie bose geeste uitgedryf en die bose geeste nie toegelaat om te praat nie omdat hulle Hom geken het.
35 Baie vroeg in die oggend, het Hy opgestaan en uitgegaan na ’n afgesonderde plek en daar het Hy gebid.
36 Shim’on en die wat by hom was, het Hom gesoek
37 en toe hulle Hom kry, sê hulle vir Hom dat almal na Hom soek
38 en Hy sê vir hulle: “Ons gaan na die dorpe en stede naby ons sodat Ek ook daar kan verkondig, want hiervoor het Ek gekom.”
39 Hy het in al hulle bymekaarkomplekke gepraat in die hele Galila en demone uitgedryf.
40 ’n Melaatse kom na Hom toe, val neer by Sy voete en smeek van Hom en sê vir Hom: “As U wil, is U in staat om my te reinig.”
41 Yeshua het vir hom liefdevol omgegee en Sy hand uitgesteek en hom aangeraak en vir hom gesê: “Ek wil, word gereinig!”
42 Op daardie oomblik het die melaatsheid van hom af weggegaan en hy is gereinig
43 en Hy het hom ernstig gewaarsku en hom weggestuur
44 en vir hom gesê: “Wees versigtig dat jy absoluut niks aan iemand sê nie, maar gaan wys jouself aan die priester en offer wat Mosheh beveel het vir jou reiniging, tot ’n getuienis vir hulle,”
45 maar toe hy uitgegaan het, begin hy baie verkondig en verslag doen oor die gebeurtenis sodat Yeshua nie meer openlik in ’n dorp kon ingaan nie, maar Hy was in verlate plekke en hulle het van elke plek af na Hom toe gekom.

2 1 Na ’n paar dae het Hy weer in K’far-Nagum ingegaan en toe hulle gehoor het dat Hy in ’n huis was,
2 het baie bymekaargekom sodat daar selfs voor die deur nie meer plek was nie en Hy het met hulle oor die boodskap gepraat.
3 Hulle het ’n verlamde man tussen vier mans gedra en na Hom toe gebring.
4 Omdat hulle weens die skare nie naby Hom kon kom nie, het hulle op die dak geklim en die dakteëls van die plek waar Yeshua was, oopgemaak en die draagbaar, waarop die verlamde lê, laat sak.
5 Toe Yeshua hulle vertroue sien, sê Hy vir die verlamde: “My seun, jou sondes is vir jou vergewe!”
6 Daar was van die leraars van die wet en die Fariseërs wat daar gesit het en in hulle gedagtes gedink het:
7 “Wie is Hy om so boos te praat teen God? Wie kan sondes vergewe behalwe God alleen?”
8 Yeshua het in Sy gees geweet dat hulle hierdie dinge by hulleself dink en Hy sê vir hulle: “Wat redeneer julle oor hierdie dinge in julle gedagtes?
9 Wat is makliker, om vir die verlamde te sê: ‘Jou sondes is vergewe,’ of om te sê: ‘Staan op, tel jou draagbaar op en loop?’
10 Maar sodat julle kan weet dat die Seun van die mens outoriteit het om op die aarde sondes te vergewe,” sê Hy vir die verlamde:
11 “Vir jou sê ek: ‘Staan op, tel jou bed op en gaan na jou huis toe’.”
12 Hy het in ’n oomblik opgestaan, sy draagbaar opgetel en voor almal se oë uitgegaan sodat almal verbaas was en aan God lof, eer en waarde gebring en gesê het: “So iets het ons nog nooit gesien nie!”
13 Hy het weer uitgegaan na die see toe en al die mense het na Hom toe gekom en Hy het hulle geleer.
14 Toe Hy verbygaan, sien Hy vir Levi, die seun van Halfai, by die plek van belasting-invordering sit en Hy sê vir hom: “Volg My” en hy het opgestaan en Hom gevolg.
15 Dit was terwyl Hy in sy huis aan tafel skuinsgelê het vir ete dat baie belastinggaarders en sondaars gekom en saam met Yeshua en Sy studentevolgelinge aan tafel skuinsgelê het, want daar was baie wat Hom gevolg het.
16 Toe die leraars van die wet en die Fariseërs Hom saam met die belastinggaarders en sondaars sien eet, sê hulle vir Sy studentevolgelinge: “Hoe is dit dat Hy saam met die belastinggaarders en sondaars eet en drink?”
17 Toe Yeshua hulle hoor, sê Hy vir hulle: “Die wat gesond is, het nie ’n behoefte aan die dokter nie, maar die wat siek is, het sieker geword. Ek het nie gekom om die onskuldiges te roep nie, maar sondaars.”
18 Die studentevolgelinge van Yoganan en dié van die Fariseërs was besig om te vas en hulle kom en sê vir Hom: “Waarom vas die studentevolgelinge van Yoganan en dié van die Fariseërs, maar U studentevolgelinge vas nie?”
19 Yeshua sê vir hulle: “Kan die lede van die bruidsgroep vas terwyl die Bruidegom by hulle is? Nee,

20 maar daar sal dae kom wanneer die Bruidegom van hulle af weggevat word en in daardie dae sal hulle vas.
21 Niemand werk ’n nuwe stuk lap op ou klere nie; anders skeur sy nuwe stuk heeltemal van die oue af en daar kom ’n erger skeur
22 en niemand gooi nuwe wyn in ou leersakke nie; anders sal die nuwe wyn die sakke laat bars en die wyn uitloop en die sakke vergaan, maar jy gooi nuwe wyn in nuwe sakke.”
23 Dit was toe Yeshua op die Shabbat deur die graanland geloop het dat Sy studentevolgelinge geloop en are afgepluk het
24 en die Fariseërs sê vir Hom: “Let op, waarom doen hulle op die Shabbat wat nie volgens die wet is nie?”
25 Yeshua sê vir hulle: “Het julle nooit gelees wat Dawid gedoen het toe hy in ’n groot nood was en hy en die wat by hom was, honger was nie?
26 Hoe hy in die huis van God ingegaan het, toe Aviyatar die hoofpriester was en die brode van die altaar van יהוה geëet het, wat niemand, volgens die wet, behalwe die priesters mag eet nie en ook vir die wat saam met hom was, gegee het?”
27 Hy sê vir hulle: “Die Shabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die Shabbat nie;
28 daarom is die Seun van die mens ook Meester van die Shabbat.”

3 1 Yeshua het weer die bymekaarkomplek ingegaan en daar was ’n sekere man met ’n verdroogde hand
2 en hulle het Hom dopgehou sodat as Hy hom op die Shabbat gesond sou maak, hulle Hom kon aankla.
3 Hy sê vir die man met die verdroogde hand: “Staan op tussen hulle.”
4 Hy sê ook vir hulle: “Is dit reg volgens die wet om op die Shabbat te doen wat goed is of wat sleg is, om ’n lewe te red of te vernietig?” Hulle was egter stil.
5 Terwyl Hy beide met woede en hartseer oor die blindheid van hulle verstand rondkyk na hulle, sê Hy vir die man: “Steek jou hand uit!” en hy het dit uitgesteek en sy hand is genees
6 en die Fariseërs het dadelik uitgegaan en saam met die Herodiane teen Hom beraadslag, hoe hulle Hom kon vernietig.
7 Yeshua het saam met Sy studentevolgelinge na die meer toe gegaan en baie mense het Hom uit die Galila, Y’hudah,
8 Yerushalayim, Iduméa en die gebied oorkant die Yarden gevolg en van rondom Tzor en Tzidon het baie mense na Hom toe gekom toe hulle hoor wat Hy alles doen.
9 Hy het vir Sy studentevolgelinge gesê om vir Hom ’n boot te bring vanweë die menigte mense sodat hulle Hom nie kon verdring nie,
10 want Hy het baie gesond gemaak totdat hulle Hom toegeval het om aan Hom te raak
11 en die wat gepla was deur vuil geeste het, wanneer hulle Hom sien, neergeval en uitgeskreeu en gesê: “U is die Seun van God!”
12 Hy het hulle streng bestraf sodat hulle Hom nie openbaar maak nie.

13 Hy het by ’n berg opgegaan en die wat Hy wou, na Hom geroep en hulle het na Hom toe gekom.
14 Hy het twaalf gekies sodat hulle by Hom kon wees en sodat Hy hulle kon uitstuur om te verkondig
15 en dat hulle die outoriteit kon ontvang om siektes te genees en demone uit te dryf.
16 Shim’on, vir wie Hy Kefa genoem het,
17 Ya’akov, die seun van Zavdai en Yoganan, die broer van Ya’akov; hulle het Hy genoem B’nai-Ragshi, dit is: Seuns van donder.
18 Andréas, Filippos, Bar-Talmai, Mattityahu, T’oma, Ya’akov, die seun van (Bar-) Halfai, Taddai, Shim’on die jaloerse
19 en Y’hudah van K’riot, wat Hom sou verraai. Hulle het in die huis ingegaan
20 en weer het ’n menigte mense bymekaargekom sodat hulle nie brood kon eet nie.
21 Toe Sy familie dit hoor, gaan hulle uit om beheer oor Hom te neem, want hulle het gesê: “Hy is van Sy verstand af.”
22 Die leraars van die wet, wat van Yerushalayim af gekom het, het gesê: “Hy het Ba’al-Z’vuv in Hom,” en: “Deur die heerser van die demone dryf Hy die demone uit.”
23 Yeshua het hulle geroep en vir hulle deur vergelykende stories gesê: “Hoe is die teëstander in staat om die teëstander uit te dryf?
24 As ’n koninkryk teen homself verdeeld is, is dit nie moontlik vir daardie koninkryk om staande te bly nie
25 en as ’n huis teen homself verdeeld is, is dit nie moontlik vir daardie huis om staande te bly nie
26 en as hy wat die teëstander is teen homself opstaan en verdeeld is, is dit nie moontlik vir hom om staande te bly nie, maar dit sal sy einde wees.
27 Niemand kan in die huis van ’n sterk man ingaan en sy waardevolle besittings roof as hy nie eers die sterk man vasbind nie en dan kan hy sy huis beroof.
28 Waarlik, Ek sê vir julle dat alle sondes die seuns van die mens vergewe word en al die kwaadpraat teen God wat hulle mag kwaadpraat, [Mat 12:31,32]
29 maar wie ook al teen die Gees wat Afgesonderd is kwaad gepraat het, het geen vergifnis tot in ewigheid nie, maar is skuldig tot ’n ewige oordeel”
30 omdat hulle gesê het: “Hy het ’n onrein gees in Hom.”
31 Sy broers en Sy moeder het gekom en buite gestaan en iemand gestuur om Hom na hulle toe te roep
32 en ’n menigte mense het rondom Hom gesit en hulle sê vir Hom: “U moeder en U broers is buite en soek na U.”
33 Hy antwoord en sê vir hulle: “Wie is My moeder en wie is My broers?”
34 Hy het gekyk na dié wat rondom Hom sit en gesê: “Let op, My moeder en let op, My broers,
35 want wie ook al die wil van God doen, is My broer, My suster en My moeder!”

4 1 Hy het weer langs die meer begin leer en ’n groot menigte mense het by Hom
bymekaargekom sodat Hyself in ’n boot op die meer gaan sit het en al die mense
het op die strand gestaan.
2 Hy het hulle baie deur vergelykende stories geleer en vir hulle in Sy leringe gesê:
3 “Luister en doen: ’n saaier het uitgegaan om te saai
4 en terwyl hy saai, het sommige langs die pad geval en ’n voël het gekom en dit
geëet,
5 maar ander saad het op die rots geval waar nie baie grond was nie en dit het vinnig
ontkiem omdat dit geen diep grond gehad het nie,
6 maar toe die son opkom, is dit verskroei en omdat dit geen wortel gehad het nie, het
dit opgedroog.
7 Ander het tussen die dorings geval en die dorings het opgekom en dit versmoor en
dit het geen vrug gedra nie.
8 Ander het in die goeie grond geval en dit het opgekom en gegroei en vrug gedra: een
dertig-, een sestig- en een honderdvoudig.”
9 Hy sê vir hulle: “Wie ore het wat hoor, laat hom luister.”
10 Toe Hy egter alleen was, het die wat saam met die twaalf, naby Hom was, Hom
aangaande die vergelykende storie gevra
11 en Yeshua sê vir hulle: “Aan julle is dit gegee om die geheime van die Koninkryk
van God te ken, maar vir hulle wat buite is, is alles in vergelykende stories
12 sodat hulle [Yes 6:9-10] herhaaldelik kyk en nie sien nie en herhaaldelik hoor en nie
verstaan nie; in plaas van dat hulle omdraai na God toe en die sondes hulle vergewe
word.”
13 Hy sê vir hulle: “Verstaan julle nie hiérdie vergelykende storie nie en hoe sal julle
dan enige vergelykende storie kan verstaan?
14 Die saaier wat saai, saai die boodskap
15 en hulle wat langs die pad is, is dié waar die boodskap gesaai word, maar sodra
hulle dit gehoor het, kom die teëstander dadelik en neem die boodskap weg wat in
hulle verstand gesaai is.
16 Die wat op rotsagtige plekke gesaai word, is hulle wat, as hulle die boodskap hoor,
dit dadelik met vreugde aanneem,
17 maar geen wortel in hulleself het nie; hulle is net vir ’n tyd en wanneer daar druk
of vervolging kom ter wille van die boodskap, gee hulle aanstoot.
18 Die wat tussen die dorings gesaai word; dit is húlle wat die boodskap hoor
19 en die belange van hierdie wêreld, die misleiding van rykdom en al die ander
begeertes wat inkom, versmoor die boodskap en dit word onvrugbaar.
20 Húlle wat op die goeie grond gesaai is, is húlle wat die boodskap hoor, aanvaar en
vrugte dra: een dertig-, een sestig- en een honderdvoudig.”
21 Hy sê vir hulle: “Iemand bring nie ’n lamp om dit onder die maatemmer of onder
die bed te sit nie. Moet dit nie op die lampstaander gesit word nie?
22 Daar is niks weggesteek wat nie openbaar sal word nie en daar is niks geheim wat
nie uitgevind sal word nie.
23 As iemand ore het sodat hy kan hoor, laat hom luister.”

24 Hy het ook vir hulle gesê: “Oorweeg dit wat julle hoor; met die maat waarmee julle meet, sal vir julle gemeet word en daar sal bygevoeg word, vir julle wat hoor,
25 want wie het, vir hom sal gegee word en wie nie het nie, van hom sal weggevat word, ook wat hy het.”
26 Hy het ook gesê: “Die Koninkryk van God is net soos ’n mens wat saad oor die grond gooi
27 en hy gaan slaap en staan op, nag en dag en die saad ontkiem en word groot, wanneer hy nie bewus is daarvan nie.
28 Vanself bring die aarde vrug voort, eers ’n halm, dan ’n aar, dan die volle koring in die aar,
29 maar wanneer die vrug gereed is, steek hy die sekel dadelik in omdat die oes daar is.”
30 Hy het ook gesê: “Waarmee kan ons die Koninkryk van God vergelyk? Met watter soort vergelykende storie moet ons dit voorstel?
31 Dit is soos ’n mosterdsaad, wat die kleinste is van al die graansaad op die aarde
32 en wanneer dit gesaai is, groei dit en word groter as al die kruie en vorm groot takke sodat die voëls van die hemel onder sy skaduwee nes kan maak.”
33 Yeshua het met vergelykende stories soos hierdie met hulle gepraat, volgens wat hulle kon verstaan
34 en sonder vergelykende stories het Hy nie met hulle gepraat nie, maar afsonderlik het Hy alles vir Sy studentevolgelinge verduidelik.
35 Op daardie dag, toe dit aand geword het, het Hy vir hulle gesê: “Laat ons oorvaar na die ander kant toe.”
36 Hulle het die skare verlaat en Hom, in die boot waarin Hy was, gevat en daar was ander bote saam met hulle.
37 Daar was ’n groot storm en die golwe en wind het in die boot in geslaan en dit was naby aan vol.
38 Yeshua was agter in die skuit aan die slaap op ’n kussing en hulle het Hom wakker gemaak en vir Hom gesê: “Ons Meester, gee U nie om dat ons vergaan nie?”
39 Hy het opgestaan, die wind bestraf en vir die see gesê: “Wees stil!” Die wind het gaan lê en daar het ’n groot kalmte gekom. [Yes 51:15]
40 Hy sê vir hulle: “Waarom is julle so vreesagtig? Waarom is daar nie vertroue in julle nie?”
41 Hulle was bang, met ’n groot vrees en het vir mekaar gevra: “Wie is Hy, dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam?”

5 1 Hulle het aan die oorkant van die meer, in die streek van die Gadaréners, gekom
2 en toe Hy uit die boot uitklim, kom daar uit die grafte ’n man met ’n onrein gees Hom tegemoet.
3 Hy het tussen die grafte gebly en niemand kon hom met kettings vasbind nie,
4 want wanneer hy ook al met voetboeie en kettings vasgebind is, het hy die kettings gebreek en die voetboeie afgesny en niemand kon hom tot bedaring bring nie

5 en sonder ophou, nag en dag, het hy in die heuwels en in die grafte aangehou om te skree en homself met 'n klip te sny.
6 Toe hy Yeshua van ver af sien, hardloop hy en val voor Hom neer
7 en skree met 'n harde stem en sê: "Wat het U met my te doen, Yeshua, Seun van die Allerhoogste God (Ha'Elyon). Ek smeek U by God dat U my nie sal martel nie,"
8 want Hy het vir hom gesê: "Onrein gees, gaan uit die man uit!"
9 Hy vra vir hom: "Wat is jou karakter en outoriteit?" en hy antwoord en sê: "Legioen is ons naam (karakter en outoriteit), want ons is baie"
10 en hulle het Hom baie gesmeek om hulle nie uit die streek uit weg te stuur nie.
11 Naby die berg was daar 'n groot trop varke aan die wei
12 en al die bose geeste het Hom gesmeek en gesê: "Stuur ons na die varke sodat ons in hulle kan ingaan."
13 Hy het hulle toegelaat en die vuil geeste het uitgegaan, in die varke ingegaan en die trop het na 'n krans gehardloop en in die see geval en omtrent twee duisend het in die see verdrink.
14 Die oppassers van die varke het gevlug en dit in die stad en omgewing gerapporteer en hulle het uitgekom om te sien wat gebeur het.
15 Hulle kom by Yeshua en sien die een in wie Legio was, wat deur die bose geeste beheer was, sit - aangetrek, nugter en ordentlik en hulle was bang.
16 Die wat dit gesien het, gee toe verslag oor wat gebeur het met die een wat deur die bose gees beheer is en ook met die varke
17 en hulle het Hom begin vra om weg te gaan van hulle kus af.
18 Nadat Hy in die boot geklim het, het die man, wat deur die bose geeste beheer was, Hom gevra om by Hom te bly,
19 maar Yeshua het hom nie toegelaat nie, maar vir hom gesê: "Gaan na jou huis en jou mense toe en maak aan hulle bekend alles wat יהוה vir jou gedoen het en dat Hy liefdevol omgegee het vir jou."
20 Hy het weggegaan en in die gebied van die tien stede begin verkondig watter groot dinge Yeshua vir hom gedoen het en almal was verwonderd.
21 Nadat Yeshua in die boot oorgevaar het na die ander kant toe, het baie mense by Hom bymekaargekom terwyl Hy langs die see was
22 en daar kom een van die hoofde van die bymekaarkomplek, met die naam van Ya'ir, na hom toe en toe hy Hom sien, val hy voor Sy voete neer
23 en smeek dringend van Hom en sê: "My dogter is op die punt om te sterf; kom lê U hand op haar en sy sal gesond word en lewe."
24 Yeshua het saam met hom gegaan en 'n groot klomp mense het Hom gevolg en om Hom gedruk van alle kante af.
25 Daar was 'n sekere vrou wat twaalf jaar lank bloedvloeiing gehad het,
26 wat baie onder baie geneeshere gely het, al haar besittings uitgegee het en niks het gehelp nie, maar dit het, inteendeel, erger geword.
27 Toe sy van Yeshua gehoor het, het sy tussen die druk van die skare van agter af gekom en Sy bo-kleed aangeraak,
28 want sy het gesê: "As ek Sy klere kan aanraak, sal ek lewe."

29 Dadelik het die bron van haar bloed opgedroog en sy het aan haar liggaam geweet dat sy van haar siekte genees is.
30 Dadelik het Yeshua in Homself geweet dat krag van Hom af uitgegaan het en Hy draai Hom om tussen die skare en sê: “Wie het my klere aangeraak?”
31 Sy studentevolgelinge antwoord Hom: “U sien dat die skare U van alle kante af druk en U sê: ‘Wie het My aangeraak’?”
32 Hy het rondgekyk om te sien wie dit gedoen het,
33 maar die vrou, wat bang was en gebewe het omdat sy geweet het wat met haar gebeur het, kom en val voor Hom neer en vertel Hom die hele waarheid.
34 Hy sê vir haar: “My dogter, jou vertroue het aan jou lewe gegee. Gaan in vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid en wees genees van jou siekte.”
35 Terwyl Hy nog praat, kom daar mense van die hoof van die bymekaarkomplek se huis en sê: “U dogter is dood. Waarom val u die Leermeester nog lastig?”
36 Yeshua het die woorde gehoor wat hulle gesê het en Hy sê vir die hoof van die bymekaarkomplek: “Moenie vrees nie; hou net aan vertrou.”
37 Hy het niemand toegelaat om saam met Hom te gaan nie, behalwe Shim’on Kefa, Ya’akov en Yoganan, die broer van Ya’akov.
38 Hulle kom by die huis van die hoof van die bymekaarkomplek en sien die wat omgekrap was, huil en weeklaag.
39 Hy het ingegaan en vir hulle gesê: “Waaroor is julle omgekrap en huil julle? Die kind is nie dood nie, maar slaap.”
40 Hulle het vir Hom gelag, maar Hy het almal uitgejaag en die vader van die kind, die moeder en die wat by Hom was, saamgevat en ingegaan na waar die meisie lê.
41 Hy vat die meisie aan haar hand en sê vir haar: “Jong meisie, staan op!”
42 Dadelik het die jong meisie opgestaan en rondgeloop, want sy was ’n dogter van twaalf jaar oud en hulle was verstom met groot verbasing.
43 Hy het hulle streng beveel dat hulle niemand daarvan vertel nie en vir hulle gesê om vir haar iets te gee om te eet.

6 1 Hy het daarvandaan weggegaan en in die dorp gekom en Sy studentevolgelinge het by Hom gebly.
2 Toe dit Shabbat word, begin Hy om in die bymekaarkomplek te leer en baie wat Hom gehoor het, was verwonderd en sê: “Waar kry Hy hierdie dinge en watter wysheid is aan Hom gegee dat sulke wonderwerke deur Sy hande gedoen kan word?
3 Is Hy nie net die skrynwerker, die seun van Miryam, die broer van Ya’akov, Yosi, Y’hudah en Shim’on nie en is sy susters nie hier tussen ons nie?” Hulle was agterdogtig oor Hom.
4 Yeshua sê vir hulle: “Daar is nie ’n profeet sonder eer nie, behalwe in sy tuisdorp, by sy familie en in sy huis.”
5 Hy kon geen kragtige dade daar doen nie, behalwe om ’n paar siekes die hande op te lê en hulle gesond te maak
6 en Hy was verstom oor hulle gebrek aan vertroue en het na die dorpies rondom gegaan en geleer.

7 Hy het die twaalf geroep en begin om hulle twee-twee uit te stuur en hulle outoriteit gegee oor vuil geeste: om hulle uit te dryf
8 en Hy het hulle beveel om niks op die pad saam te vat nie behalwe miskien net ’n staf; geen sak, geen brood en geen koper in hulle beursie nie,
9 maar hulle moet sandale aan hulle voete trek en nie twee kledingstukke aantrek nie.
10 Hy het ook vir hulle gesê: “In watter huis julle ook al mag ingaan, bly dáár totdat julle daarvandaan vertrek
11 en almal wat julle nie ontvang of selfs nie na julle luister nie, wanneer julle weggaan van daardie plek af, skud die stof onder julle voete af, tot ’n getuienis teen hulle. Dit is waar, Ek sê vir julle, dit sal vir S’dom en vir `Amorah meer uithoudbaar wees in die dag van oordeel as vir daardie dorp.”
12 Hulle het uitgegaan en verkondig dat mense moet omdraai van hulle sondes na God toe
13 en hulle het baie bose geeste uitgedryf, baie siekes met olie gesalf en hulle genees.
14 Die koning, Herodes, het van Yeshua gehoor, want Sy Karakter en Outoriteit het bekend geword en hy het gesê: “Hy is Yoganan, die Doper, wat uit die dood uit opgestaan het; daarom werk dié kragte in Hom.”
15 Ander het gesê: “Hy is Eliyahu;” en nog ander het gesê: “Hy is ’n profeet, net soos een van die profete,”
16 maar toe Herodes dit hoor, sê hy: “Yoganan wat ek onthoof het, dit is hy wat uit die dood uit opgestaan het,”
17 want Herodes self het gestuur en Yoganan gevang en hom in die tronk vasgebind, deur toedoen van Herodias, die vrou van Filippos, sy broer omdat hy met haar getrou het,
18 want Yoganan het aan Herodes gesê dat dit nie reg is volgens die wet om sy broer se vrou te vat nie. [Lev 20:21]
19 Herodias het hom gedreig en wou hom doodmaak en sy kon nie,
20 want Herodes was bang vir Yoganan omdat hy gesien het dat hy ’n onskuldige en afgesonderde man was en hy het hom beskerm en baie dinge van hom gehoor en vir hom gedoen. Hy het graag na hom geluister.
21 Op ’n geskikte dag, toe Herodes op sy verjaarsdag vir sy edelmanne, die kapteins en die leiers van die Galila, ’n feesmaal gehou het
22 en die dogter van dieselfde Herodias ingekom en gedans het en sy Herodes en die wat saam aan tafel was, plesier het, het die koning vir die meisie gesê: “Vra my net wat jy wil en ek sal dit vir jou gee.”
23 Hy het vir haar met ’n eed belowe: “Net wat jy my vra, sal ek jou gee, tot en met die helfte van my koninkryk.”
24 Toe gaan sy uit en sê vir haar moeder: “Wat sal ek vir hom vra?” Sy sê: “Die kop van Yoganan, die Doper.”
25 Dadelik haas sy haar in na die koning toe en vra hom en sê: “Ek wil hê dat u dadelik vir my die kop van Yoganan, die Doper, op ’n bord sal gee.”

26 Die koning was intens bedroef, maar as gevolg van die eed en die wat saam aan tafel was, het hy gekies om haar nie te weier nie
27 en die koning stuur dadelik die laksman met die opdrag om sy kop te bring. Hy het gegaan en hom in die tronk onthoof
28 en sy kop op 'n bord gebring en dit aan die meisie gegee en die meisie het dit aan haar moeder gegee.
29 Toe sy studentevolgelinge dit hoor, het hulle gekom en sy lyk weggeneem en dit in 'n graf gesit.
30 Die wat uitgestuur is, het by Yeshua saamgekom en aan Hom alles wat hulle gedoen het, vertel en alles wat hulle aan ander geleer het
31 en Hy sê vir hulle: "Kom julle, ons sal alleen na die platteland toe gaan dat julle kan rus," want daar was baie wat kom en gaan en hulle het selfs geen geleentheid gehad om te eet nie.
32 Hulle het alleen met die boot na 'n verlate plek gegaan
33 en die menigte mense het hulle sien weggaan en baie het Hom herken en te voet van al die stede af aangehardloop voor Hom uit na daardie plek toe.
34 Yeshua het uitgeklim, die baie mense gesien en vir hulle omgegee omdat hulle soos skape sonder 'n herder was en Hy het begin om hulle baie dinge te leer. [Yeg 34:2,8-10; Mat 9:36]
35 Toe dit laat geword het, het Sy studentevolgelinge na Hom toe gekom en vir Hom gesê: "Die plek is verlate en dit is reeds laat.
36 Stuur hulle weg sodat hulle na die mark en dorpe rondom kan gaan om brood vir hulleself te koop, want daar is niks vir hulle om te eet nie,"
37 maar Hy sê vir hulle: "Gee julle vir hulle iets om te eet." Hulle sê vir Hom: "Moet ons gaan en vir twee honderd denarii brood koop en vir hulle gee om te eet?"
38 Hy sê vir hulle: "Gaan kyk hoeveel brode julle hier het." Toe hulle gaan kyk het, kom hulle en sê: "Vyf brode en twee visse."
39 Hy het hulle beveel om almal op die gras te laat sit
40 en hulle het gaan sit in groepe van honderd en van vyftig.
41 Hy neem toe die vyf brode en die twee visse, kyk op na die hemel, seën en breek die brode en gee dit aan Sy studentevolgelinge om dit voor te sit en Hy het ook die twee visse onder almal verdeel.
42 Almal het geëet en was versadig
43 en hulle het twaalf mandjies vol van die afgebreekte stukkies en vis opgetel.
44 Hulle wat van die brood geëet het, was ongeveer vyf duisend mans.
45 Dadelik het Hy Sy studentevolgelinge in die boot laat klim en hulle vooruit laat vaar na die oorkant, na Beit-Tzaidah terwyl Hy die mense wegstuur.
46 Nadat Hy hulle weggestuur het, het Hy in die heuwels ingegaan om te bid.
47 Teen die aand, was die boot in die middel van die see en Hy alleen op die land.
48 Hy het gesien dat hulle swaar roei, want die wind was teen hulle en omtrent die vierde wagbeurt het Hy al lopend op die see na hulle toe gekom en wou by hulle verbygaan.
49 Hulle het Hom op die water sien loop en het gedink dat Hy 'n vals verskynsel was en hulle het uitgeroep,

50 want hulle het Hom almal gesien en was bang. Dadelik praat Hy met hulle en sê vir hulle: "Wees bemoedig, Ek is onveranderlik dieselfde, moenie bang wees nie."
51 Hy het nader gekom en by hulle in die skuit geklim, die wind het gaan lê en hulle was in hulleself uitermate verbaas en verwonderd,
52 want hulle het Hom nie herken na die brood nie omdat hulle verstand verhard was.
53 Nadat hulle oorgevaar het na die anderkant toe, het hulle by die land van Ginosar gekom.
54 Toe hulle uit die boot klim, het die mense van die plek Hom dadelik herken
55 en in daardie hele streek het hulle rondgehardloop en die wat siek was op beddens begin dra na die plek waar hulle gehoor het dat Hy is.
56 Waar Hy ook al ingegaan het in dorpe of stede, het hulle die wat siek was, op die strate neergesit en Hom gesmeek om, al was dit maar die bloulyn-soomtossel van Sy kleed, aan te raak en almal wat Hom aangeraak het, het gesond geword.

7 1 Die Fariseërs en leraars van die wet, wat van Yerushalayim af gekom het, het by Hom bymekaargekom
2 en gesien dat sommige van Sy studentevolgelinge met seremonieel ongewaste hande brood eet en daarmee fout gevind,
3 want die Fariseërs en almal van Y'hudah eet nie as hulle nie hulle hande seremonieel gewas het nie omdat hulle vashou aan die tradisie van die oudstes.
4 Wanneer hulle van die markplein af kom, eet hulle nie as hulle nie seremonieel gewas het nie en daar is baie ander dinge wat hulle vir hulleself aangeneem het om te onderhou: die seremoniële was van bekers, potte, koperware en beddens.
5 Die Fariseërs en die leraars van die wet vra vir Hom: "Waarom leef U studentevolgelinge nie volgens die tradisies van die oudstes nie, maar eet brood met ongewaste hande?"
6 Hy antwoord en sê vir hulle: "Yesha'yahu het reg geprofeteer oor julle, toneelspelers van 'n vals karakter, soos geskrywe is: 'Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle gedagtes en wil is ver van My af
7 en verniet vereer hulle My deur leringe te leer wat opdragte van mense is,' [Yes 29:13; Tit 1:16]
8 want julle verwerp die opdragte van God, maar behou die tradisies van mense: die seremoniële was van potte en bekers en baie ander dinge, dit doen julle."
9 Hy sê vir hulle: "Julle verwerp wel die opdragte van God om sodoende julle tradisies te bevestig,
10 want Mosheh het gesê: 'Eer jou vader en jou moeder' [Eks 20:12 ; Deut 5:16] en: 'Hy wat sleg praat van vader of moeder, [Eks 21:17; Lev 20:9] moet die dood sterf,'
11 maar julle sê: 'As 'n mens aan vader of moeder sê: Wat ek vir u tot voordeel kon gee, is my offergawe,'
12 dan laat julle hom niks meer doen vir sy vader of sy moeder nie.
13 Julle onteer die boodskap van God ter wille van die tradisies wat julle begin het en julle doen baie soortgelyke dinge."
14 Yeshua het na die hele menigte mense geroep en vir hulle gesê: "Luister almal na My en verstaan:

15 daar is niks wat van buite af in die mens ingaan wat die vermoë het om hom onrein te maak nie, maar dit wat uit hom uitgaan, dít is wat die mens onrein maak.
16 Wie ook al ’n oor het wat kan hoor, laat hom hoor!”
17 Toe Hy in die huis ingegaan het, weg van die skare af, vra Sy studentevolgelinge Hom oor daardie vergelykende storie
18 en Hy sê vir hulle: “Is julle net so sonder begrip. Weet julle nie dat niks, wat van buite af in die mens ingaan, hom onrein kan maak nie
19 omdat dit nie ingaan in sy verstand nie, maar in die maag en uitgewerp word, wat alle kos skoon maak?
20 Wat uit die mens uitgaan, dit maak die mens onrein,
21 want uit die binneste, uit die verstand, wil en emosie van die mens, kom die bose gedagtes: egbreuk, seksuele immoraliteit, diefstal, moord,
22 gierigheid, boosheid, misleiding, onbeheerbaarheid, ’n bose oog (suinigheid), lastering, trots en doellose dinge.
23 Al hierdie booshede kom uit die binneste en maak die mens onrein.”
24 Yeshua het van daar af opgestaan en gekom by die gebied van Tzor en Tzidon en Hy het in ’n huis ingegaan sodat niemand dit sou weet nie, maar dit was onmoontlik om ongesiens te bly,
25 want ’n sekere vrou, wie se dogter ’n onrein gees gehad het, het dadelik van Hom gehoor en gekom en voor sy voete neergeval.
26 Sy was egter ’n nie-Joodse vrou, gebore in Siro-Fenisië en sy het Hom gesmeek om die demoon uit haar dogter uit te dryf.
27 Yeshua sê vir haar: “Laat eers die seuns versadig word, want dit is nie reg om die seuns se brood weg te vat en dit vir die honde te gooi nie.”
28 Sy antwoord en sê vir Hom: “Ja, my Meester, selfs die honde eet onder die tafel van die seuns se krummels.”
29 Yeshua sê vir haar: “Gaan, as gevolg van hierdie woord het die demoon uit jou dogter uitgegaan.”
30 Sy het huis toe gegaan, haar dogter het op die bed gelê en die demoon was uit haar uitgedryf.
31 Yeshua het weer uit die gebied van Tzor en Tzidon vertrek en by die see van Galila gekom, by die gebied van die tien stede.
32 Hulle bring ’n sekere doofstomme na Hom toe en smeek Hom om hom die hande op te lê
33 en Hy vat hom alleen eenkant toe, weg van die menigte mense af en steek Sy vingers in sy ore en spoeg en raak sy tong aan
34 en Hy kyk op na die hemel, sug en sê vir hom: “Wees oop!”
35 Dadelik het sy gehoor oopgegaan en die band van sy tong af losgebreek en hy het duidelik gepraat.
36 Hy het hulle gewaarsku om dit aan niemand te sê nie, maar hoe meer Hy hulle waarsku, hoe meer het hulle dit verkondig.
37 Hulle was uitermate verbaas en het gesê: “Alles wat Hy doen is goed: Hy laat die dowes hoor en die stommes praat.

8 1 In daardie dae, toe daar baie mense was en hulle niks gehad het om te eet nie, het Yeshua Sy studentevolgelinge geroep en vir hulle gesê:
2 "Ek gee om vir hierdie mense, want hulle bly al drie dae by My en het niks om te eet nie
3 en as Ek hulle, sonder om te eet, huis toe stuur, sal hulle op die pad flou word, want sommige van hulle kom van ver af."
4 Sy studentevolgelinge antwoord Hom: "Waarvandaan is dit moontlik vir 'n mens om hulle in hierdie verlate plek te kan versadig met brood?"
5 Hy vra vir hulle: "Hoeveel brode het julle?" Hulle sê: "Sewe."
6 Hy gee aan die skare mense bevel om op die grond te gaan sit, neem die sewe brode en nadat Hy dit geseën het, breek Hy dit en gee dit aan Sy studentevolgelinge om dit te bedien en hulle het die menigte mense bedien.
7 Hulle het ook 'n paar klein vissies gehad en nadat Hy hulle ook geseën het, sê Hy dat hulle dit ook moet bedien.
8 Hulle het geëet tot versadiging en die stukkies wat oorgebly het opgetel; sewe mandjies vol. [2 Kon 4:43,44; Mat 14:14-21; 15:32-39]
9 Die mans wat geëet het, was vier duisend
10 en Hy het hulle weggestuur. Dadelik het Hy saam met Sy studentevolgelinge in die boot geklim en na die Dalmanuta streek gegaan.
11 Die Fariseërs het uitgegaan en Hom uitgevra en van Hom 'n teken uit die hemel gevra om Hom te toets.
12 Hy sug swaar in Sy Gees en sê: "Waarom begeer hierdie geslag 'n teken? Dit is waar, Ek sê vir julle, aan hierdie geslag sal sekerlik geen teken gegee word nie."
13 Hy het van hulle af weggegaan, in die boot geklim en na die oorkant toe gegaan
14 en hulle het vergeet om brood saam te vat en het nie meer as een brood by hulle in die boot gehad nie.
15 Hy het hulle beveel en vir hulle gesê: "Let op en wees versigtig vir die suurdeeg van die Fariseërs en die suurdeeg van Herodes."
16 Toe bespreek hulle onder mekaar en sê: "Dit is omdat ons nie brood het nie."
17 Yeshua het geweet en Hy sê vir hulle: "Waarom bespreek julle dit dat julle nie brood het nie? Begryp of verstaan julle nog steeds nie? Is julle verstand nog hard?
18 Het julle oë en sien julle nie? Het julle ore en hoor julle nie? Onthou julle nie?
19 Toe Ek die vyf brode vir die vyf duisend gegee het; hoeveel mandjies vol stukke het julle opgetel nadat hulle versadig was?" Hulle sê vir Hom: "Twaalf."
20 "En die sewe vir die vier duisend; hoeveel mandjies vol stukke het julle opgetel nadat hulle versadig is?" Hulle sê: "Sewe."
21 Hy sê vir hulle: "Hoe is dit dat julle tot nou toe nie verstaan nie?"
22 Hy het in Beit-Tzaidah gekom en hulle het 'n blinde man na Hom toe gebring en Hom gesmeek om hom aan te raak.
23 Hy vat die blinde by die hand en lei hom uit buitekant die dorp. Hy spoeg in sy oë en lê hom die hande op en vra vir hom wat hy sien.
24 Hy kyk en sê: "Ek sien die mense soos bome wat loop."
25 Hy lê weer Sy hand op sy oë en hy is genees en het alles duidelik gesien.

26 Hy het hom na sy huis toe gestuur en gesê: “Moenie in die dorp ingaan of dit aan iemand in die dorp vertel nie.”
27 Yeshua en Sy studentevolgelinge het uitgegaan na die dorpe van Kaisareia-Filippoi en op die pad vra Hy Sy studentevolgelinge en sê vir hulle: “Wat sê die mense van My; Wie Ek is?”
28 “Sommige sê Yoganan, die Doper en ander: Eliyahu, maar ander: Een van die profete.”
29 Yeshua sê vir hulle: “Maar julle, wie sê julle is Ek?” Shim’on antwoord en sê vir Hom: “U is dié Gesalfde Een, die Seun van die Lewende God.”
30 Hy het hulle verbied om enige iemand van Hom te vertel.
31 Hy het hulle begin leer dat die Seun van die mens voorbereid is om baie dinge te ly en verwerp te word deur die oudstes, leierpriesters en leraars van die wet en doodgemaak sal word en ná drie dae opstaan.
32 Hierdie boodskap het Hy openlik en duidelik gebring en Kefa het Hom eenkant gevat en Hom begin aanspreek,
33 maar Hy het Hom omgedraai en terwyl Hy Sy studentevolgelinge aankyk, het Hy Kefa bestraf en gesê: “Gaan weg agter My, teëstander, want jy bedink nie die dinge van God nie, maar dié van mense!”
34 Yeshua roep die skare mense saam met Sy studentevolgelinge na Hom toe en sê vir hulle: “Wie ook al agter My aan wil kom, moet homself misken en sy kruis opneem en My volg.
35 Elkeen wat besluit om sy lewe te red, sal dit verloor, maar hy wat sy lewe om My en om die goeie boodskap se ontwil verloor, hy sal dit red, [Luk 14:26,27]
36 want wat se voordeel is dit vir ’n mens as hy die hele wêreld ontvang en sy gees skade ly?
37 Of wat sal ’n mens gee in ruil vir sy lewe?
38 Elkeen wat hom vir My en My boodskappe skaam in hierdie owerspelige en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom net so ook skaam wanneer Hy kom in die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van Sy Vader, saam met Sy afgesonderde engele.” [Yir 1:17]

9 1 Hy sê vir hulle: “Dit is waar, Ek sê vir julle, daar is sommige van dié wat hier staan, wat nie die dood sal smaak voordat hulle die Koninkryk van God met kragtige werke sien kom het nie.” [Efe 1:20; Kol 1:13]
2 Ná ses dae het Yeshua net vir Kefa, Ya’akov en Yoganan saamgevat, op teen ’n hoë berg, in afsondering en Hy het voor hulle van gedaante verander.
3 Sy klere het stralend, wit soos sneeu, geword, witter as wat enige een op aarde dit kan bleik.
4 Eliyahu en Mosheh het aan hulle verskyn terwyl hulle met Yeshua gepraat het.
5 Kefa sê vir Hom: “My Meester, dit is goed dat ons hier is. Laat ons drie tente maak: een vir U en een vir Mosheh en een vir Eliyahu,”
6 maar hy het nie geweet wat hy sê nie, want hulle was in vrees.
7 Daar was ’n wolk wat hulle omvou het en uit die wolk kom ’n Stem wat sê: “Dit is My Seun wat Ek lief het, luister na Hom!”

8 Die studentevolgelinge kyk op van die stilte daarna en sien niemand by hulle nie, behalwe net Yeshua.
9 Terwyl hulle van die berg afklim, beveel Hy hulle om aan niemand te vertel wat hulle gesien het voordat die Seun van die mens opgestaan het uit die dood uit, nie.
10 Hulle het die boodskap vir hulleself gehou en onder mekaar bespreek wat die stelling 'opstaan uit die dood uit' is.
11 Hulle vra Hom en sê: "Waarom sê die leraars van die wet dat Eliyahu eers moet kom?"
12 Hy antwoord en sê vir hulle: "Eliyahu kom inderdaad eers om alles te herstel en net so staan daar van die Seun van die mens geskrywe dat Hy baie moet ly en verwerp word.
13 Ek sê vir julle dat Eliyahu ook reeds gekom het en hulle het aan hom gedoen soveel as wat hulle wou, soos van hom geskrywe is." Mat 11:14; 17:12; Luk 1:17
14 Toe Hy by die studentevolgelinge kom, sien Hy baie mense om hulle en leraars van die wet wat met hulle debatteer.
15 Dadelik, toe al die mense Hom sien, het hulle na Hom toe gehardloop en hulle was verwonderd en het Hom vrede toegewens.
16 Hy vra vir die leraars van die wet: "Wat debatteer julle met hulle?"
17 Een uit die skare mense antwoord en sê: "Meester, ek het my seun, wat 'n stom gees het, na U gebring
18 en wanneer dit oor hom kom, gooi die gees hom neer en slaan hom; hy kners op sy tande en word swakker en ek het U studentevolgelinge gevra om hom uit te dryf en hulle kon nie."
19 Yeshua antwoord en sê vir hom: "O geslag sonder vertroue, hoe lank sal Ek by julle wees, hoe lank moet Ek uithou met julle? Bring hom na My toe."
20 Hulle bring hom na Hom toe en dadelik, toe hy Hom sien, gooi die gees hom dat hy op die grond val en rond wriemel met skuim in die mond.
21 Yeshua vra vir sy vader: "Hoe lank is dit al dat dit met hom gebeur?" Hy antwoord: "Van sy kinderdae af
22 en baie keer het hy hom in die vuur en in die water gegooi om hom te vernietig, maar enige iets wat U kán doen om ons te help, gee om vir ons!"
23 Yeshua sê vir hom: "As jy kan vertrou, alles is moontlik vir die een wat vertrou."
24 Dadelik roep die vader van die seun uit terwyl hy huil en sê: "Ek vertrou, my Meester, help my tekort aan vertroue!"
25 Toe Yeshua sien dat 'n menigte mense aangehardloop kom en naby hulle bymekaarkom, bestraf Hy die onrein gees en sê vir hom: "Dowe gees wat nie praat nie, Ek beveel jou, gaan uit hom uit en kom hierna nie weer in hom in nie."
26 Skreeuend en met stuiptrekkings het hy uitgegaan en die seun het soos 'n dooie geword sodat baie gesê het: "Hy is dood."
27 Yeshua het egter sy hand gevat en hom opgelig.
28 Toe Hy in die huis kom, vra Sy studentevolgelinge Hom privaat: "Waarom was ons nie in staat om hom uit te dryf nie?"
29 Hy sê vir hulle: "Hierdie soort kan uit niks uitgaan, behalwe deur gebed en vas nie."

30 Toe hulle daarvandaan weggegaan het, deur die Galila, wou Hy nie dat iemand Hom moes herken nie
31 omdat Hy Sy studentevolgelinge geleer en vir hulle gesê het: "Die Seun van die mens word oorgegee in die hande van die mense en hulle sal Hom doodmaak en nadat Hy doodgemaak is, sal Hy op die derde dag opstaan."
32 Hulle het wat gesê is, nie verstaan nie en was bang om Hom te vra.
33 Hy het in K'far-Nagum gekom en nadat hulle in die huis gekom het, vra Hy vir hulle: "Wat het julle op die pad bespreek?"
34 Hulle het stilgebly, want hulle het op die pad met mekaar geredeneer oor wie die grootste is.
35 Yeshua het gaan sit, die twaalf geroep en vir hulle gesê: "Hy wat eerste wil wees, sal laaste wees en almal se dienskneg."
36 Hy vat 'n kind en laat hom tussen hulle staan en sit hom op Sy skouers en sê vir hulle:
37 "Elkeen wat iemand soos dié seun ontvang in My Karakter en Outoriteit, ontvang My en elkeen wat My ontvang, ontvang My nie as hy nie Hom wat My gestuur het ontvang nie."
38 Yoganan sê vir Hom: "Leermeester, ons het iemand gesien wat in U Karakter en Outoriteit demone uitdryf en ons het hom verbied omdat hy nie saam met ons uitgegaan het nie."
39 Yeshua sê vir hulle: "Moet hom nie verbied nie, want daar is niemand wat 'n wonderwerk in My Karakter en Outoriteit kan doen en dan gou van My kan kwaadpraat nie;
40 daarom, wie ook al nie teen jou is nie, is vir jou.
41 Elkeen wat vir julle net 'n beker water gee om te drink omdat julle in die Karakter en Outoriteit van dié Gesalfde Een kom, dit is waar, Ek sê vir julle, hy sal sy beloning sekerlik nie verloor nie
42 en elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My vertrou, laat struikel, dit is beter vir hom as 'n meulsteen van 'n donkie om sy nek gehang en hy in die see gegooi word.
43 As jou hand jou verlei om te sondig, kap dit af (stop dit). Dit is beter vir jou om vermink die lewe in te gaan, as om twee hande te hê en hel toe te gaan,
44 waar hulle wurm nie doodgaan en hulle vuur nie geblus word nie. [Yes 66:24]
45 As jou voet jou verlei om te sondig, kap dit af (stop dit). Dit is beter vir jou om kreupel die lewe in te gaan, as om twee voete te hê en hel toe te gaan,
46 waar hulle wurm nie doodgaan en hulle vuur nie geblus word nie. [Yes 66:24]
47 As jou oog jou verlei om te sondig, pluk dit uit (stop dit). Dit is beter vir jou om met een oog die Koninkryk van God in te gaan, as om twee oë te hê en in die hel van vuur te val,
48 waar hulle wurm nie doodgaan en hulle vuur nie geblus word nie. [Yes 66:24]
49 Alles sal met vuur vernietig word en elke offerande sal met sout voorberei word.
50 Die sout is uitstekend, maar as die sout smaakloos geword het, waarmee sal julle dit voorberei? [Lev 2:13; Num 18:19; Kol 4:6] Julle moet sout in julle hê en in vrede wees met mekaar."

10 1 Hy het opgestaan en daarvandaan na die anderkant van die Yarden, na die grens van Y'hudah gegaan. 'n Menigte mense het by Hom saamgekom en, soos Sy gewoonte was, het Hy hulle weer geleer.
2 Die Fariseërs het na Hom toe gekom om Hom te toets en hulle vra Hom of dit reg is volgens die wet vir 'n man om van sy vrou te skei?
3 Hy sê vir hulle: "Wat het Mosheh julle beveel?"
4 Hulle het gesê: "Mosheh het ons toegelaat om met die skrywe van 'n skeibrief te skei." Deut 24:1-3
5 Yeshua antwoord en sê vir hulle: "Ter wille van die hardheid van julle harte het hy vir julle hierdie opdrag geskryf,
6 maar aanvanklik, van die skepping af, Gen 1:27; 5:2 het God hulle man en vrou gemaak.
7 Om hierdie rede sal die man sy vader en moeder agterlaat en sy vrou vashou
8 en hulle twee sal een vlees wees Gen 2:24 sodat hulle daarna nie meer twee nie, maar een vlees is.
9 Dit wat God dan so verenig het, mag geen mens skei nie." Mat 5:31-32; 1 Kor 7:10,11
10 In die huis het Sy studentevolgelinge Hom weer oor hierdie saak gevra
11 en Hy sê vir hulle: "Wie van sy vrou skei en 'n ander trou, pleeg egbreuk
12 en as 'n vrou haar man skei en aan 'n ander behoort, pleeg sy egbreuk." 1 Kor 7:10,11
13 Hulle het kinders na Hom toe gebring sodat Hy hulle kon aanraak en die studentevolgelinge het dié wat hulle gebring het, aangespreek,
14 maar toe Yeshua dit sien, was dit vir Hom boos en Hy sê vir hulle: "Laat die kinders na My toe kom en moet hulle nie verbied nie, want dié wat soos hulle is, is die Koninkryk van God.
15 Dit is waar, Ek sê vir julle, elkeen wat nie die Koninkryk van God soos 'n kind ontvang nie, sal nie daar ingaan nie."
16 Hy het hulle in Sy arms opgetel, Sy hande op hulle gelê en hulle geseën.
17 Toe Hy op die pad gereis het, hardloop een en val op die knieë neer en vra Hom: "Goeie Leermeester, wat moet ek doen om die ewige lewe te erf?"
18 Yeshua sê vir hom: "Waarom noem jy My goed? Daar is nie een goed nie, behalwe net Een, God.
19 Jy ken die wet: jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie valse getuienis gee nie, jy mag nie bedrog pleeg nie; eer jou vader en moeder,"
20 maar hy antwoord en sê vir Hom: "Leermeester, al hierdie dinge het ek gehoorsaam van my jeug af."
21 Yeshua het na hom gekyk en was lief vir hom en sê vir hom: "Een ding kom jy kort. Gaan verkoop alles wat jy het en gee dit aan die armes en jy sal 'n skat in die hemel hê; kom dan hier, neem die kruis op en volg My."
22 Hy het egter treurig geword oor dié woord en bedroef weggegaan, want hy het baie rykdom gehad.
23 Yeshua kyk rond en sê vir Sy studentevolgelinge: "Hoe moeilik is dit vir hulle wat rykdom besit, om in die Koninkryk van God in te gaan!"

24 Die studentevolgelinge was verstom oor Sy woorde en Yeshua antwoord weer en sê vir hulle: “Seuns! Hoe moeilik is dit vir die wat op hulle rykdom staatmaak, om in die Koninkryk van God in te gaan!
25 Dit is makliker vir ’n kameelhaartou om deur die oog van ’n naald te gaan as vir ’n ryke om in die Koninkryk van God in te gaan.” Iyov 24:22
26 Hulle was uitermate verbaas en het vir mekaar gesê: “Wie is in staat om gered te word?”
27 Yeshua het stip na hulle gekyk en vir hulle gesê: “By mense is dit onmoontlik, maar nie by God nie, want by God is alle dinge moontlik.”
28 Kefa begin en sê: “Let op, ons het alles verlaat en aan U vasgehou.”
29 Yeshua antwoord en sê: “Dit is waar, Ek sê vir julle, daar is niemand wat huis of broers of susters of vader of moeder of vrou of seuns of grond ter wille van My en van My goeie boodskap verlaat het nie,
30 of hy ontvang nou in hierdie tyd honderd maal soveel huise, broers, susters, moeders, seuns en grond, saam met vervolginge en in die wêreld wat kom, die ewige lewe,
31 maar baie wat eerste is, sal laaste wees en die wat laaste is, eerste.”
32 Toe hulle op die pad was wat opgegaan het na Yerushalayim, het Yeshua voor hulle uitgegaan en hulle was verstom. Hulle wat gevolg het, was in respekvolle vrees. Hy het die twaalf by Hom gevat en aan hulle die dinge wat op die punt staan om met Hom te gebeur, begin vertel.
33 “Let op, ons gaan op na Yerushalayim en die Seun van die mens sal oorgegee word aan die leierpriesters en die leraars van die wet en hulle sal Hom tot die dood veroordeel en Hom oorgee aan die nie-Jode.
34 Hulle sal Hom spot, Hom gésel, in Sy gesig spoeg, Hom doodmaak en op die derde dag sal Hy opstaan.”
35 Ya’akov en Yoganan, die seuns van Zavdai, het na Hom toe gekom en gevra: “Leermeester, ons begeer dat U vir ons doen wat ons U vra.”
36 Hy sê vir hulle: “Wat moet Ek vir julle doen?”
37 Hulle antwoord Hom: “Gee aan ons dat een aan U regterkant en een aan U linkerkant mag sit in U plek van eer, lof en grootheid.”
38 Yeshua sê vir hulle: “Julle verstaan nie wat julle vra nie. Is julle in staat om van die beker te drink wat Ek drink en gedoop te word met die doop waarmee Ek gedoop word?”
39 Hulle antwoord Hom: “Ons is in staat,” maar Yeshua sê vir hulle: “Die beker wat Ek drink, sal julle drink en met die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word,
40 maar om te sit aan My regterkant en aan My linkerkant, is nie vir My om te gee nie, behalwe aan hulle vir wie dit voorberei is.”
41 Toe die tien dit hoor, begin hulle ernstig kla oor Ya’akov en Yoganan,
42 maar Yeshua het hulle na Hom toe geroep en vir hulle gesê: “Julle is bewus daarvan dat die wat beskou word as heersers oor die nasies, oor hulle baasspeel en dat hulle groot manne outoriteit het oor hulle,

43 maar so moet dit onder julle nie wees nie, maar die wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees
44 en die wat onder julle die eerste wil word, moet almal se slaaf wees,
45 want selfs die Seun van die mens het ook nie gekom om bedien te word nie, maar om te dien en Sy lewe te gee as ’n losprys vir baie.”
46 Hulle het in Yerigo gekom en toe Yeshua, Sy studentevolgelinge en ’n groot menigte mense uit Yerigo uitgaan, sit Timai, die seun van Timai (Bar-Timai), ’n blinde man, langs die pad en bedel.
47 Toe hy hoor dat dit Yeshua van Natzeret was, begin hy om uit te roep en te sê: “Seun van Dawid, Yeshua, gee om vir my!”
48 Baie het hom aangespreek dat hy moet stilbly, maar hy het al harder uitgeroep: “Seun van Dawid, gee om vir my!”
49 Yeshua gaan staan en sê dat hy geroep moes word en hulle roep die blinde en sê vir hom: “Wees bemoedig, staan op! Hy roep jou.”
50 Die blinde man gooi sy kleed af, staan op en kom na Yeshua toe.
51 Yeshua sê vir hom: “Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?” Die blinde sê vir Hom: “Leermeester, dat ek kan sien.”
52 Yeshua sê vir hom: “Sien! Jou vertroue het jou gered.” Dadelik het dit duidelik geword en hy het op die pad weggegaan.

11 1 Toe hulle naby Yerushalayim kom, by Beit-Pagei en Beit-Anyah, langs die Olyfberg, stuur Hy twee van Sy studentevolgelinge
2 en sê vir hulle: “Gaan na die dorp reg oorkant ons en dadelik as julle inkom, sal julle ’n vul, waar geen mens op gesit het nie, vind wat vasgemaak is. Maak hom los en bring hom
3 en as iemand vir julle vra: ‘Waarom doen julle dit?’ moet julle antwoord: ‘Hy is nodig vir ons Meester’ en dadelik sal hy hom hierheen stuur.”
4 Hulle het gegaan en die vul vasgemaak gekry aan die hek, buitekant in die straat en hom losgemaak.
5 Van die mense wat daar staan sê vir hulle: “Wat doen julle om die vul los te maak?”
6 Hulle antwoord hul net soos Yeshua beveel het en hulle het die studentevolgelinge toegelaat.
7 Hulle het die vul na Yeshua gebring en hulle klere daarop gegooi en Yeshua het op hom gery,
8 maar baie het hulle klere op die pad uitgesprei en ander het takke afgekap van die bome af en op die pad uitgesprei.
9 Die wat voor geloop en die wat gevolg het, het uitgeskreeu en gesê:
“Red ons nou, Seun van Dawid! Geseënd is Hy wat kom in die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה.
10 Geseënd is die Koninkryk wat kom vanaf ons vader Dawid. U in die hoogste, red ons nou!” Ps 118:25-26
11 Yeshua het Yerushalayim binnegegaan en in die tempel gekom en Hy het na alles gekyk. Toe dit aand was, het Hy saam met die twaalf uitgegaan na Beit-Anyah.

12 Die volgende dag, toe hulle uit Beit-Anyah uitgaan, was Hy honger
13 en Hy sien van ver af ’n vyeboom met blare aan en Hy het daarheen gegaan in die verwagting om iets daaraan te kry om te eet en toe Hy by dit kom, kry Hy niks behalwe blare nie, want dit was nie die seisoen vir vye nie.
14 Hy sê vir dit: “Van nou af tot in ewigheid sal niemand van jou ’n vrug eet nie!” Sy studentevolgelinge het dit gehoor en hulle het in Yerushalayim gekom.
15 Yeshua het in die tempel ingegaan en Hy het begin om die wat in die tempel verkoop en koop uit te jaag en die tafels van die geldwisselaars en die stoele van die duiweverkopers om te gooi.
16 Hy het niemand toegelaat om enige handelsvoorwerp in die tempel in te dra nie
17 en Hy het geleer en vir hulle gesê: “Is daar nie geskrywe: ‘My huis moet ’n huis van gebed genoem word vir al die nasies nie,’ [Yes 56:7] maar julle het dit ’n grot vir plunderaars gemaak.” [Yir 7:11]
18 Die leraars van die wet en die leierpriesters het dit gehoor en gesoek hoe hulle Hom kon vernietig, want hulle was bang vir Hom omdat al die mense verstom was oor Sy leringe.
19 Toe dit aand word, het hulle uitgegaan, buitekant die stad
20 en in die oggend toe hulle verbygaan, sien hulle die vyeboom: verdroog van die wortels af
21 en Shim’on het onthou en vir Hom gesê: “Leermeester, let op, die vyeboom wat U vervloek het, is verdroog.”
22 Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Julle moet vertroue, wat van God is, in julle hê,
23 want, dit is waar, Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: ‘Lig jouself op en werp jou in die see’ en nie in sy gedagtes twyfel nie, maar vertrou dat wat hy sê, sal gebeur, dit sal vir hom gedoen word; net wat hy sê.
24 Ek sê daarom vir julle: ‘Alles wat julle in gebed vra, vertrou dat julle besig is om dit te ontvang en dit sal so wees vir jou
25 en wanneer julle staan en bid, vergewe as julle iets teen iemand het sodat julle Vader wat in die hemel is, julle ook julle oortredinge kan vergewe,
26 maar as julle nie vergewe nie, sal julle Vader wat in die hemel is, ook nie julle oortredinge vergewe nie’.”
27 Hulle het weer in Yerushalayim gekom en terwyl Hy in die tempel loop, kom die leierpriesters en die leraars van die wet en die oudstes na Hom toe
28 en sê vir Hom: “In watter outoriteit doen U hierdie dinge en wie het vir U hierdie outoriteit gegee om hierdie dinge te doen?”
29 Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Ek sal julle ook een vraag vra en antwoord julle My, dan sal Ek julle sê in watter outoriteit Ek hierdie dinge doen:
30 ‘Die doop van Yoganan, van waar was dit, vanaf die hemel of vanaf mense? Vertel My.’”
31 Hulle het by hulleself geredeneer en gesê: “As ons sê: ‘Vanaf die hemel,’ sal Hy sê: ‘Waarom het julle hom dan nie geglo nie?’
32 As ons sê: ‘Van mense,’ is ons bang vir die mense, want almal beskou Yoganan as ’n ware profeet.”

33 Hulle antwoord en sê vir Yeshua: "Ons weet nie" en Yeshua antwoord en sê vir hulle: "Dan sê Ek ook nie vir julle in watter outoriteit Ek hierdie dinge doen nie."

12 1 Hy het begin om deur 'n vergelykende storie vir hulle te sê: "'n Sekere man het 'n wingerd geplant, 'n heining rondom gesit, 'n parskuip gegrawe, 'n wagtoring gebou, die sorg daarvan aan werkers oorgegee en na 'n ander land gegaan.

2 In die tyd dat hy vrugte van die wingerd kon ontvang, stuur hy sy slaaf na die werkers toe,

3 maar hulle het hom gevat en geslaan en hom met niks weggestuur.

4 Weer het hy 'n ander slaaf na hulle toe gestuur en op dieselfde manier het hulle hom met klippe gegooi en gewond en hom in skande weggestuur.

5 Weer het hy 'n ander een gestuur en hom het hulle doodgemaak. Ook baie ander, sommige het hulle geslaan en ander doodgemaak.

6 Hy het ook nog een seun gehad, vir wie hy baie lief was en hom laaste na hulle toe gestuur en gesê: 'Hulle sal skaam wees voor my seun.'

7 Daardie werkers het egter by hulleself gesê: 'Dit is die erfgenaam; laat ons hom doodmaak en die erfenis sal ons s'n wees.'

8 Hulle het hom gevat en doodgemaak en buitekant die wingerd uitgegooi.

9 Wat sal die meester van die wingerd dan doen? Hy sal kom en die werkers vernietig en die wingerd aan ander gee.

10 Het julle selfs ook nie hierdie Skrif gelees nie: 'Die Steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n Hoeksteen geword? [Efe 2:20,21]

11 יהוה het dit gedoen en dit is wonderlik in ons oë'." [Ps 118:22-23]

12 Hulle het gesoek om Hom te vang, want hulle het verstaan dat Hy die vergelykende storie aangaande hulle vertel het, maar was bang vir die mense en hulle het Hom gelos en weggegaan.

13 Sommige van die leraars van die wet en van die Herodiane het na Hom toe gestuur om Hom te vang op wat Hy sê.

14 Hulle kom en sê vir Hom: "Leermeester, ons weet dat U Waarheid is en U aan niemand steur nie, want U sien nie die persoon van mense raak nie, maar U leer die lewenswyse van God in waarheid. Is dit reg volgens die wet om aan die keiser belasting te betaal of nie? Moet ons betaal of nie?"

15 Hy het egter hulle valsheid geken en vir hulle gesê: "Waarom toets julle My? Bring vir My 'n denarion dat Ek dit kan sien."

16 Hulle het dit gebring en Hy sê vir hulle: "Wie se beeld en inskripsie is die?" Hulle antwoord Hom: "Die keiser s'n."

17 Toe antwoord Yeshua en sê vir hulle: "Gee aan die keiser wat die keiser s'n is en aan God wat God s'n is" en hulle was verwonderd oor Hom.

18 Die Saduseërs kom ook na Hom toe, dié wat sê dat daar geen opstanding uit die dood is nie en hulle vra Hom en sê:

19 "Leermeester, Mosheh het vir ons geskryf dat as iemand se broer doodgaan en 'n vrou agterlaat en geen seuns nalaat nie, moet sy broer sy vrou vat en seuns hê ter wille van sy broer. [Deut 25:5-6]

20 Daar was sewe broers en die eerste het ’n vrou geneem en doodgegaan sonder om ’n seun na te laat
21 en die tweede het haar gevat en gesterf en hy het ook geen seuns nagelaat nie en die derde net so.
22 Al sewe het haar gevat en geen seuns nagelaat nie. Laaste van almal is die vrou ook dood.
23 In die opstanding dan, wie van hulle se vrou sal sy wees, want al sewe het haar as vrou gehad?”
24 Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Is dit nie die rede hoekom julle dwaal nie: dat julle die Skrifte en ook die krag van God nie ken nie?
25 Wanneer hulle uit die dood opstaan, vat hulle nie vrouens nie en word hulle nie mans se vrouens nie, maar is hulle net soos die engele in die hemel.
26 Wat die opstaan van dooies betref, het julle nie gelees in die Skrifte van Mosheh hoedat God vir hom vanaf die doringbos gesê het: ‘Ek is, was, sal wees Wie Ek is, was, sal wees, die God van Avraham, die God van Yitz’gak en die God van Ya’akov nie?’ Eks 3:6
27 Hy is nie God van die dooies nie, maar God van lewendes. Daarvolgens dwaal julle grootliks.”
28 Een van die leraars van die wet, wat nadergekom het en gehoor het wat hulle bespreek, sien dat Hy hulle goed geantwoord het en hy vra vir Hom: “Watter een is die eerste opdrag van almal?”
29 Yeshua antwoord hom: “Die eerste van al die opdragte is: ‘Hoor, luister en doen Yisra’el, יהוה is ons God, יהוה is een’
30 en: ‘jy moet יהוה, jou God, liefhê vanuit jou hele verstand, wil en emosie; vanuit jou hele gees; vanuit al jou begrip en verbeelding en vanuit al jou krag.’ Dit is die eerste opdrag Deut 6:4-5
31 en die tweede, wat net soos hy is, is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Daar is geen ander opdrag groter as hierdie nie’.” Lev 19:18
32 Die leraar van die wet sê vir Hom: “Uitstekend, Leermeester, U het met waarheid gesê dat God Een is en dat daar geen ander is behalwe Hy nie
33 en om Hom lief te hê vanuit die hele verstand, wil en emosie, vanuit die hele gees, vanuit al die begrip en verbeelding en vanuit al die kragte en om die naaste lief te hê soos jouself, is belangriker as enige brandoffers en offerandes.”
34 Toe Yeshua sien dat hy wyslik geantwoord het, sê Hy vir hom: “Jy is nie ver van die Koninkryk van God nie” en niemand het verder gewaag om aan Hom vrae te stel nie.
35 Terwyl Yeshua in die tempel leer, vra Hy en sê: “Hoe is dit dat die leraars van die wet sê dat dié Gesalfde Een die Seun van Dawid is,
36 want Dawid self het deur die Gees wat Afgesonderd is gesê: ‘יהוה het vir my Meester gesê: ‘Sit aan My regterkant totdat Ek U vyande ’n voetbank onder U voete gemaak het’.’ Ps 110:1
37 Daarvolgens noem Dawid self Hom “my Meester;” waarvandaan is Hy dan sy seun?” Baie mense het met plesier na Hom geluister

38 en Hy het vir hulle in Sy leringe gesê: “Pas op vir daardie leraars van die wet wat lief is om in lang klere rond te loop,
39 hou van die beste sitplekke in die bymekaarkomplekke en die beste plekke by die feeste en hou van groete op die strate,
40 hulle wat die huise van die weduwees verslind (opeis) as ’n offerande en hulle gebede lank uitrek. Hulle sal ’n groter oordeel ontvang.”
41 Toe Yeshua naby die skatkamer gaan sit, sien Hy hoe die mense geld in die skatkamer ingooi en baie rykes het baie ingegooi.
42 Daar kom een arm weduwee en gooi twee klein geldstukkies in, wat saam, ’n quadrans is.
43 Yeshua roep Sy studentevolgelinge na Hom toe en sê vir hulle: “Dit is waar, Ek sê vir julle, hierdie arm weduwee het meer ingegooi as almal wat in die skatkamer ingegooi het,
44 want hulle het almal uit hulle oorvloed ingegooi, maar sy het uit haar gebrek ingegooi, alles wat sy gehad het.”

13 1 Terwyl Hy uit die tempel uitgaan, sê een van Sy studentevolgelinge vir Hom: “Leermeester, let op, kyk watter klippe en watter argitektuur!”
2 Yeshua antwoord en sê vir hom: “Kyk jy na hierdie groot strukture? Daar sal sekerlik nie een klip op die ander gelos word wat nie afgebreek sal word nie!”
3 Toe Hy op die Olyfberg gaan sit het, regoor die tempel, het Kefa, Ya’akov, Yoganan en Andreas privaat vir Hom gevra:
4 “Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge gebeur en wat is die teken wanneer al hierdie dinge nader kom om vervul te word?”
5 Yeshua begin om vir hulle te sê: “Pas op dat niemand julle laat afdwaal nie,
6 want baie sal in My Naam (Karakter en Outoriteit) kom en sê: ‘Ek is onveranderlik dieselfde’ en hulle sal baie mislei,
7 maar wanneer julle hoor van oorloë en verslae van gevegte, moenie bang wees nie, want dit sal gebeur, maar dit is nog nie die einde nie,
8 want volksgroep sal teen volksgroep opstaan en koninkryk teen koninkryk; daar sal aardbewings wees op verskillende plekke en daar sal hongersnode wees en oproere. Hierdie dinge is die begin van die geboortepyne.
9 Wees versigtig vir julleself, want hulle sal julle oorlewer aan die regters en in plekke van bymekaarkoms sal julle geslaan word en gebring word om voor heersers en konings te staan ter wille van My, tot ’n getuienis vir hulle.
10 Die goeie boodskap moet eers aan al die volksgroepe verkondig word
11 en wanneer hulle julle wegvat om julle oor te lewer, moenie julle vooraf bekommer oor wat julle sal sê of daaroor dink nie, behalwe wat julle in daardie uur gegee word, dit moet julle sê, want dit is nie julle wat praat nie, maar die Gees wat Afgesonderd is.
12 Broer sal broer tot die dood oorlewer; die vader sy seun en die seuns sal teen hulle ouers opstaan en hulle doodmaak
13 en julle sal deur almal gehaat word ter wille van My Karakter en Outoriteit, maar wie uithou tot die einde toe, hy sal gered word.

14 Wanneer julle dan die teken van die verwerplikheid van afgodery, waarvan gepraat is deur die profeet Dani'el, [Dan 9:27; 11:31] sien staan in die plek waar hy nie mag nie, moet die leser verstaan, dan moet dié wat in Y'hudah is, vlug na die berge
15 en wie ook al op die dak is, moenie afkom en ingaan om iets uit sy huis weg te vat nie
16 en wie ook al op die land is, moenie omdraai na wat agter is om sy klere op te tel nie,
17 maar wee haar wat verwagtend is en die wat nog voed, in daardie dae.
18 Bid egter dat julle vlug nie in die winter sal wees nie,
19 want in daardie dae sal daar moeilikhede wees soos daar nie was van die begin van die skepping wat God geskape het tot nou toe nie [Yo' 2:2; Dan 12:1] en daar ook nooit sal wees nie.
20 As יהוה dié dae nie verkort het nie, sou niemand geleef het nie, maar ter wille van die wat gekies is, wat Hy gekies het, het Hy die dae verkort.
21 Wanneer iemand vir julle sê: 'Let op, hier is dié Gesalfde Een!' en: 'Let op, daar gaan Hy!' moet dit nie glo nie,
22 want daar sal vals gesalfdes en profete, wat lieg, opstaan en hulle sal tekens en wonders doen en, as dit moontlik was, selfs ook die wat gekies is, mislei,
23 maar julle moet daarop let. Let op, Ek het vooruit gegaan en julle alles vertel,
24 maar in daardie dae, ná dié moeilikhede, sal die son donker word en die maan sal nie sy lig gee nie
25 en die sterre sal uit die hemele val en [Yes 13:10; Yeg 32:7; Yo'el 2:10; 3:15; Hag 2:6,21] die kragte van die hemele sal geskud word. [Mat 24:29; Luk 21:26; Heb 12:26]
26 Dan sal hulle die Seun van die mens sien wanneer Hy kom op die wolke met groot krag en met lof, eer en waarde. [Dan 7:13-14]
27 Dan sal Hy Sy engele uitstuur en die wat Hy gekies het uit die vier windstreke bymekaarmaak, van die begin van die aarde af tot by die begin van die hemel.
28 Leer uit die allegorie van die vyeboom: wanneer sy tak sag word en sy blare uitspruit, weet julle dat die somer hier is
29 en net so weet julle ook, wanneer julle hierdie dinge sien gebeur, dat dit naby is, voor die deur.
30 Dit is waar, Ek sê vir julle, hierdie volksfamilie sal nie verbygaan voordat al hierdie dinge nie gebeur het nie.
31 Die hemele en die aarde sal verbygaan, maar My boodskap sal nooit verbygaan nie,
32 maar van daardie dag en dié uur weet niemand nie, selfs nie die engele in die hemel of die Seun nie, behalwe net die Vader.
33 Wees versigtig, wees waaksaam en bid, want julle weet nie wanneer dit tyd is nie.
34 Dit is soos 'n man wat na die buiteland reis, wat sy huis agtergelaat en vir sy slawe outoriteit gegee het, vir elkeen sy werk en aan die deurwagter opdrag gegee het om waaksaam te wees.
35 Wees dan waaksaam, want julle weet nie wanneer die meester van die huis kom nie: in die laat middag of middernag of met die kraai van die haan of vroeg in die oggend nie

36 sodat hy nie miskien in die stilte kom en julle aan die slaap kry nie.
37 Wat Ek vir julle sê, sê Ek vir almal: "Wees waaksaam!"

14 1 Oor twee dae sou dit Pesag en die Fees van Ongesuurde Brode wees. Die leierpriesters en die leraars van die wet het gesoek hoe hulle Hom slinks kon vang en doodmaak,
2 maar hulle het gesê: "Nie tydens die fees nie, want die mense sal in oproer kom."
3 Terwyl Hy in Beit-Anyah was, in die huis van Shim'on, die pottebakker en skuinslê by die tafel, kom daar 'n vrou met 'n alabaste fles met geparfumeerde olie: die beste, baie waardevolle nardussalf en sy maak dit oop en gooi dit oor Yeshua se kop,
4 maar daar was sommige van Sy studentevolgelinge wat by hulleself ontevrede was en gesê het: "Hoekom is die geparfumeerde olie gemors,
5 want dit kon moontlik vir meer as drie honderd denarii verkoop en die geld aan die armes gegee word?" Hulle was verontwaardig teenoor haar.
6 Yeshua sê egter: "Los haar uit. Waarom gee julle haar moeilikheid? Sy het 'n mooi daad vir My gedoen,
7 want julle het altyd die armes by julle [Deut 15:11] en wanneer julle so sou kies, kan julle aan hulle goed doen, maar Ek is nie altyd by julle nie.
8 Dit wat vir haar moontlik was, het sy gedoen. Sy het vooruit My liggaam vir die begrafnis gesalf.
9 Dit is waar, Ek sê vir julle, oral waar hierdie goeie boodskap van My oor die hele wêreld verkondig word, daar sal ook gepraat word van wat sy gedoen het, tot 'n nagedagtenis aan haar."
10 Y'hudah van K'riot, een van die twaalf, het na die leierpriesters gegaan met die doel om Hom aan hulle oor te lewer.
11 Toe hulle dit hoor, was hulle bly en het belowe om hom geld te gee en hy het na 'n geleentheid gesoek om Hom oor te lewer.
12 Op die eerste dag van die verwydering van suurdeeg, waarop die Jode gewoonlik die Pesaglam geslag het, sê Sy studentevolgelinge vir Hom: "Waar wil U hê moet ons vir U gaan voorberei dat U die Pesag kan eet?"
13 Hy stuur twee van Sy studentevolgelinge en sê vir hulle: "Gaan na die stad toe en let op, 'n man wat 'n kruik water dra, sal julle ontmoet. Gaan agter hom aan
14 en waar hy ook mag ingaan, moet julle vir die meester van die huis sê: die Leermeester vra: 'Waar is die vertrek waar Ek met My studentevolgelinge die Pesag kan eet?'
15 Let op, hy sal vir julle 'n groot bovertrek wys, klaar gereed gemaak. Daar moet julle vir ons voorberei."
16 Sy studentevolgelinge het gegaan en in die stad gekom en dit gevind net soos Hy vir hulle gesê het en hulle het die Pesag voorberei.
17 Toe dit aand was, het Hy saam met die twaalf gekom
18 en terwyl hulle skuinslê aan tafel en eet, sê Yeshua: "Dit is waar, Ek sê vir julle, een van julle, wat saam met My eet, sal My oorlewer."
19 Toe het hulle begin treurig word en een vir een vir Hom gevra: "Is dit miskien ek?"

20 Hy antwoord en sê vir hulle: “Een van die twaalf wat saam met My indoop in die gereg.
21 Die Seun van die mens gaan net soos daar van Hom geskrywe is, maar wee daardie man deur wie se hand die Seun van die mens oorgelewer word! Dit sou vir die man beter gewees het as hy nie gebore is nie.”
22 Terwyl hulle eet, vat Yeshua ongesuurde brood, dank, breek dit en gee dit vir hulle en sê: “Neem, hierdie is My liggaam.”
23 Hy vat ’n beker, dank, seën dit en gee dit vir hulle en hulle het almal daaruit gedrink.
24 Hy sê vir hulle: “Hierdie is My bloed van die nuwe verbond, wat in ruil vir baie uitgestort word.
25 Dit is waar, Ek sê vir julle, Ek sal nie weer van die vrug van die wingerd drink tot op daardie dag dat Ek dit nuut sal drink in die Koninkryk van God nie.”
26 Hulle het lofsange gesing en uitgegaan na die Olyfberg
27 en Yeshua sê vir hulle: “Julle sal almal in hierdie nag skaam wees vir My, want daar is geskrywe: ‘Ek sal die Skaapwagter slaan en die skape sal verstrooi word,’ [Z’kh 13:7]
28 maar wanneer Ek opgestaan het, sal Ek voor julle uitgaan na die Galila.”
29 Kefa sê vir Hom: “As almal sou skaam wees vir U, nie ek nie.”
30 Yeshua sê vir hom: “Dit is waar, Ek sê vir jou, vandag, in hierdie nag voordat die haan twee maal kraai, sal jy drie maal ontken dat jy My ken,”
31 maar die studentevolgeling het meer en meer aangehou en gesê: “Al moet ek saam met U doodgemaak word, ek sal U nooit ontken nie, my Meester.” Al die studentevolgelinge het net soos hy gepraat.
32 Hulle het gekom by die plek wat genoem word Gat-Sh’manim en Hy sê vir Sy studentevolgelinge: “Sit hier terwyl Ek gaan bid.”
33 Hy vat vir Kefa, Ya’akov en Yoganan saam met Hom en het hoogs ontsteld en swaarmoedig begin word
34 en Hy sê vir hulle: “My gees is tot die dood toe bedroef; bly hier en wees waaksaam.”
35 Hy gaan ’n bietjie verder, val op die grond en bid dat, as dit moontlik was, dié uur by Hom sou verbygaan
36 en Hy sê: “Vader, My Vader, alle dinge is vir U moontlik; laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie My wil nie, maar U wil.”
37 Hy kom en vind hulle terwyl hulle slaap en sê vir Kefa: “Shim’on, slaap jy? Was jy nie in staat om een uur te waak nie?
38 Waak en bid dat julle nie getoets word nie. Die gees is wel gewillig en gereed, maar die vlees is swak.”
39 Weer het Hy gegaan en dieselfde woorde gebid
40 en toe Hy terugkom, vind Hy hulle weer terwyl hulle slaap, want hulle oë was swaar en hulle het nie geweet wat om vir Hom te sê nie.
41 Hy kom vir die derde keer en sê vir hulle: “Slaap nou maar en rus. Dit is genoeg! Die einde en die uur het gekom. Let op, die Seun van die mens is oorgelewer in die hande van die sondaars.
42 Staan op, laat ons gaan. Let op, hy wat My oorgee, is naby.”

43 Terwyl Hy nog praat, kom Y'hudah, van K'riot, wat een van die twaalf was en saam met hom baie mense met swaarde en stokke, gestuur deur die leierpriesters, die leraars van die wet en die oudstes.
44 Die een wat Hom sou oorgee, het 'n teken met hulle afgespreek en gesê: "Die een wat ek sal soen, is Hy; gryp Hom en neem Hom onder bewaking weg."
45 Toe hy naderkom, gaan hy dadelik na Hom toe en sê: "Leermeester, Leermeester!" en soen Hom.
46 Hulle het hul hande aan Hom geslaan en Hom gegryp,
47 maar een van die wat naby gestaan het, het sy swaard uitgetrek en die slaaf van die hoofpriester geslaan en sy oor afgekap.
48 Yeshua antwoord en sê vir hulle: "Het julle soos teen 'n rower gekom met swaarde en stokke om My te vang?
49 Ek was elke dag by julle in die tempel en het geleer en julle het My nie gevang nie, maar hierdie het gebeur dat die Skrifte vervul sou word."
50 Toe het Sy studentevolgelinge Hom in die steek gelaat en gevlug.
51 'n Jongman het 'n linne kleed om sy kaal lyf gegooi en Hom gevolg en hulle het hom gegryp,
52 maar hy het die linne kleed agtergelaat en kaal gevlug.
53 Hulle het Yeshua na Kayafa, die hoofpriester, gebring en al die leierpriesters en die oudstes en die leraars van die wet by hom bymekaargebring,
54 maar Shim'on het Hom op 'n afstand gevolg tot binne-in die voorhof van die hoofpriester en het saam met die diensknegte gaan sit en hom by die vuur warm gemaak.
55 Die leierpriesters en almal wat vergader het, het getuienis teen Yeshua gesoek om Hom dood te maak en hulle het niks gekry nie
56 terwyl baie teen Hom getuig het, was hulle getuienisse nie aanvaarbaar nie.
57 Mense het teen Hom opgestaan en leuens teen Hom getuig en gesê:
58 "Ons het Hom hoor sê: 'Ek sal hierdie tempel wat met hande gemaak is, afbreek en in drie dae 'n ander een bou wat nie met hande gemaak is nie'"
59 en selfs hieroor was hulle getuienis nie aanvaarbaar nie.
60 Die hoofpriester het opgestaan tussen hulle en vir Yeshua gevra en gesê: "Antwoord U nie een van die wat getuienis teen U bring nie?"
61 Hy was egter stil en het niks geantwoord nie. Weer vra die hoofpriester vir Hom en sê: "Is U dié Gesalfde Een, die Seun van Die Geseënde Een (Bar-HaM'vorakh)?"
62 Yeshua sê vir hom: [Lev 5:1] "Ek is onveranderlik dieselfde en julle sal die Seun van die mens aan die regterhand van Die Krag (HaG'vurah) sien sit [Ps 110:1; Mar 16:19] en kom met die wolke vanaf die hemel." [Dan 7:13]
63 Die hoofpriester skeur sy klere in twee en sê: "Hoekom het ons nog getuienis nodig! [Eks 28:32; 39:23]
64 Let op, uit Sy mond het julle die godslastering gehoor; hoe lyk dit vir julle?" Almal van hulle het geoordeel dat Hy die doodsvonnis verdien
65 en sommige het begin om Hom in die gesig te spoeg en sy gesig toe te maak en Hom te slaan en vir Hom te sê: "Profeteer!" en die soldate het Hom op Sy ken geslaan.

66 Terwyl Kefa onder in die binneplaas was, kom daar 'n sekere slavin van die hoofpriester
67 en sy sien vir Kefa, besig om hom warm te maak en kyk stip na hom en sê: "Jy was ook by die Natzerener, Yeshua,"
68 maar hy het dit ontken en gesê: "Ek weet nie wat jy sê nie" en hy het na buite, na die stoep, gegaan en die haan het gekraai.
69 Daardie slavin het hom weer gesien en begin om aan die wat daar staan, te sê dat hy een van hulle is,
70 maar hy het dit weer ontken en 'n bietjie later sê die wat daar staan weer vir Kefa: "Waarlik, jy behoort by hulle, want jy is ook van die Galila en jou spraak is dieselfde."
71 Toe begin hy vloek en sweer: "Ek ken nie daardie man van wie julle praat nie"
72 en op daardie oomblik kraai die haan vir die tweede keer en Shim'on het die woord onthou wat Yeshua vir hom gesê het: "Voor die haan twee maal gekraai het, sal jy drie maal ontken dat jy My ken" en hy het begin huil.

15 1 Dadelik in die oggend, het die leierpriesters vergadering gehou saam met die oudstes, die leraars van die wet en die hele Raad. Hulle het Yeshua vasgebind, Hom gebring en aan die goewerneur, Pilatos, oorgelewer.
2 Pilatos het aan Hom gevra: "Is U die Koning van die Jode?" Hy het geantwoord en vir hom gesê: "U het dit gesê." Mat 27:11; Luk 23:3
3 Die leierpriesters het Hom van baie dinge beskuldig.
4 Pilatos het Hom weer gevra en gesê: "Gee U nie 'n antwoord nie? Kyk hoe baie teen U getuig."
5 Yeshua het egter geen antwoord gegee nie sodat Pilatos gewonder het. Yes 53:7
6 Hy het 'n tyd daargestel op elke fees om vir hulle een gevangene, die een waarvoor hulle gevra het, los te laat.
7 Daar was een genaamd Bar-Abba, wat saam met mede-oproermakers gevang is; hulle wat in die opstand 'n moord gepleeg het.
8 Die skare het uitgeroep en begin vra dat hy vir hulle sou doen soos altyd.
9 Pilatos antwoord en sê: "Wil julle hê dat ek vir julle die Koning van die Jode moet vrylaat?"
10 Want Pilatos het geweet dat die leierpriesters Hom uit afguns oorgelewer het,
11 maar die leierpriesters het die skare al hoe meer aangehits dat hy eerder Bar-Abba vir hulle moes vrylaat. Mat 27:20; Luk 23:18
12 Pilatos sê vir hulle: "Wat wil julle dan hê moet ek doen met Hom wat julle 'Koning van die Jode' noem?"
13 Weereens skree hulle: "Kruisig Hom!"
14 Pilatos sê vir hulle: "Watter kwaad het Hy gedoen?" Hulle skree toe nog harder: "Kruisig Hom!"
15 Omdat Pilatos die skare wou tevrede stel, het hy Bar-Abba vir hulle losgelaat en nadat hy Yeshua laat gésel het, het hy Hom oorgegee om gekruisig te word.
16 Die soldate het Hom weggelei na die binneplaas van die hoofkwartier en hulle het die hele leërafdeling bymekaargeroep,

17 vir Hom ’n pers kleed aangetrek en vir Hom ’n kroon van dorings gevleg en opgesit.
18 Hulle het begin om Hom te salueer met “Wees gegroet, Koning van die Jode!”
19 Hulle het Hom met ’n riet op die kop geslaan en op Hom gespoeg en op die knieë geval en Hom ‘aanbid.’
20 Nadat hulle Hom gespot het, het hulle die pers kleed uitgetrek en vir Hom sy eie klere aangetrek en Hom weggelei om Hom te kruisig.
21 Hulle het ’n sekere Shim’on van Kurene, wat van die veld af gekom het, die vader van Aleksandros en Roufos, gedwing om Sy kruis te dra.
22 Hulle het Hom gebring op die plek Gulgolta, wat vertaal word as: Kopbeen.
23 Hulle het vir Hom wyn gemeng met mirre gegee om te drink, maar Hy het dit nie gedrink nie.
24 Toe hulle Hom gekruisig het, het hulle Sy klere verdeel deur die lot te werp oor wat elkeen moes kry. [Ps 22:19]
25 Dit was die derde uur (nege-uur die oggend) toe hulle Hom gekruisig het
26 en op die inskripsie met die rede vir Sy dood is geskryf: [Mat 27:37; Luk 23:38; Yog 19:19]
‘DIE KONING VAN DIE JODE.’
27 Saam met Hom het hulle ook twee rowers gekruisig, een aan Sy regterkant en een aan sy linkerkant
28 en die Skrif is vervul wat sê: ‘En Hy is by die wetteloses gereken.’ [Yes 53:12]
29 Die verbygangers het kwaadgepraat van Hom terwyl hulle hul kop skud en sê: “O! Vernietiger van die tempel en die een wat dit in drie dae opbou, [Ps 22:8,9]
30 red Uself en kom van die kruis af!”
31 Net so het die leierpriesters ook onder mekaar en saam met die leraars van die wet gespot en vir mekaar gesê: “Ander het Hy gered, Homself kan Hy nie red nie.
32 Gesalfde Een, Koning van Yisra’el, kom nou van die kruis af sodat ons kan sien en ons sal vertrou!” Ook die wat saam met Hom gekruisig is, het Hom beledig.
33 Toe die sesde uur (12 uur middag) aanbreek, kom daar duisternis oor die hele aarde tot die negende uur (15:00) toe
34 en in die negende uur het Yeshua met ’n harde stem uitgeroep en gesê: “Eil, Eil, l’mana shevakthani?” wat beteken: “My Magtige God, My Magtige God, waarom spaar U My nog (duur dit voort)?” [Ps 22:2-32]
35 Sommige wat daar staan, hoor dit en sê dat Hy na Eliyahu roep.
36 Toe hardloop een en maak ’n spons vol asyn, sit dit op ’n riet vas om Hom te laat drink [Ps 69:22] en hulle sê: “Los Hom alleen, laat ons sien of Eliyahu kom om Hom af te haal,”
37 maar Yeshua het in ’n harde stem uitgeroep en Sy asem uitgeblaas
38 en die gordyn in die tempel het in twee geskeur van bo tot onder.
39 Toe die kaptein oor ’n honderd, wat by Hom staan, sien hoe Hy uitroep en Sy gees oorgee, sê hy: “Waarlik, hierdie Man is die Seun van God.”
40 Daar was ook vroue wat dit van ver af dopgehou het. Onder hulle was Miryam van Migdala, Miryam, die moeder van die jonger Ya’akov en Yosi en Shalomé
41 en hulle wat Hom gevolg en Hom versorg het toe Hy in die Galila was, asook baie ander vroue wat saam met Hom opgegaan het na Yerushalayim.

42 Toe dit aand geword het en omdat dit die voorbereiding was, net voor die Shabbat,

43 kom daar ’n geëerde lid van die Joodse raad, Yosef van Ramatayim, wat self ook die Koninkryk van God verwag het en gaan openlik na Pilatos om die liggaam van Yeshua te vra.

44 Pilatos het gewonder of dit genoeg tyd was vir Hom om dood te wees en hy het die kaptein oor ’n honderd geroep en navraag gedoen of Hy reeds dood is

45 en toe hy dit van die kaptein oor ’n honderd verneem het, het hy die liggaam aan Yosef gegee.

46 Yosef het linne gekoop, Hom afgehaal, in die linne toegedraai en Hom neergelê in ’n graf wat uitgekap was in ’n rots en hy het ’n klip voor die opening van die graf gerol.

47 Miryam van Migdala en Miryam, die moeder van Yosi, het gesien waar Hy neergelê is.

16 1 Toe die Shabbat verby was, het Miryam van Migdala, Miryam, die moeder van Ya’akov en Shalomé, soet speserye gekoop om Hom te gaan salf.

2 Baie vroeg op die eerste dag van die week, met die opkoms van die son, kom hulle by die graf

3 en hulle sê vir mekaar: “Wie sal vir ons die klip voor die opening van die graf wegrol,”

4 want dit was baie groot. Toe hulle opkyk, sien hulle dat die klip weggerol is.

5 Hulle het in die graf ingegaan en ’n jongman, met ’n lang wit kleed, aan die regterkant sien sit en hulle was verskrik,

6 maar hy sê vir hulle: “Moenie bang wees nie. Julle soek Yeshua van Natzeret wat gekruisig is. Hy het opgestaan. Hy is nie hier nie! Let op, die plek waar Hy neergelê was,

7 maar gaan sê vir Sy studentevolgelinge en vir Kefa, let op, Hy sal voor julle uitgaan na die Galila. Daar sal julle Hom sien, net soos Hy vir julle gesê het.”

8 Toe hulle dit hoor, het hulle vinnig uitgegaan en weggehardloop van die graf af, maar in skok en met bewing het hulle vir niemand iets gesê nie, want hulle was bang.

9 Nadat Hy opgestaan het, het Hy vroeg op die eerste dag van die week eerste aan Miryam van Migdala, uit wie Hy sewe demone gedryf het, verskyn.

10 Sy het gegaan en dit vertel aan die wat saam met Hom was terwyl hulle treur en huil

11 en toe hulle hoor dat hulle sê dat Hy lewe en aan hulle verskyn het, het hulle dit nie geglo nie.

12 Hierna het Hy op ’n ander manier verskyn aan twee van hulle terwyl hulle na ’n dorpie toe geloop het. [Luk 24:13]

13 Hulle het gegaan en dit aan die ander vertel, maar dié het hulle ook nie geglo nie.

14 Daarna het Hy aan die elf verskyn toe hulle by die tafel skuins gelê het en die gebrek aan hulle vertroue en hardheid van verstand veroordeel omdat hulle die wat Hom vroeër gesien het, nie geglo het nie

15 en Hy het vir hulle gesê: "Gaan na die hele wêreld en verkondig My goeie boodskap in die ganse skepping. [Mat 28:19; Luk 24:46]
16 Wie ook al vertrou en gedoop word, sal lewe, maar hy wat nie vertrou nie, is veroordeel.
17 Hierdie tekens sal dié wat vertrou vergesel: in My Karakter en Outoriteit sal hulle demone uitdryf, met nuwe tale sal hulle praat,
18 hulle sal slange optel (hulle vyande hanteer) en as hulle iets giftigs drink, sal dit hulle geen kwaad aandoen nie. Hulle sal die hande lê op siekes en hulle sal gesond word."
19 Nadat Yeshua, ons Meester, met hulle gepraat het, het Hy opgegaan na die hemel en het gaan sit aan die regterhand van God [Ps 110:1 ; Mar 14:62]
20 en hulle het uitgegaan en in elke plek verkondig en ons Meester het hulle gehelp en die boodskap bevestig deur die tekens wat hulle gedoen het.

Die derde boek van die Nuwe Verbond
Die goeie boodskap oor Yeshua, dié Gesalfde Een, geskryf deur Luka, ’n mediese dokter.

# Luka

לוקא

{ Helder, wit, liggewend }

( Lukas )

Dit is in die Siries-Aramese dialek geskryf voor die vernietiging van Yerushalayim. Luka was ’n Arameessprekende van Sirië.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees - die taal wat Yeshua gepraat het.

1 1 Aangesien baie begerig was om ’n weergawe op te stel oor die dinge waarvan ons oortuig is,
2 soos die dinge wat aan ons oorgedra is deur hulle wat van die begin af ooggetuies en bedienaars van die boodskap was,
3 het ek dit ook goedgedink, omdat ek almal van hulle versigtig genader het sodat ek alles in sy regte plek vir u kon neerskryf, hoogeerbare Theofilos
4 sodat u die waarheid kan ken oor hierdie dinge aangaande die boodskap waarin u onderrig is.
5 In die dae van Herodes, koning van Y’hudah, was daar ’n sekere priester met die naam van Z’kharyah, uit die afdeling van die huis van Aviyah en sy vrou, haar naam was Elish’va, uit die nageslag van Aharon.
6 Hulle was albei onskuldig voor God en het in al die opdragte en oordele van יהוה onberispelik geleef.
7 Hulle het nie ’n seun gehad nie omdat Elish’va onvrugbaar was en albei was al ver gevorderd in jare.
8 Dit was terwyl hy sy priesterlike funksie voor God uitgevoer het, toe dit sy afdeling se beurt was,
9 dat hy deur die lot verkies is (volgens die priesterlike gebruik) om in te gaan in die tempel van יהוה en wierook te brand
10 en die hele skare mense was buite besig om te bid op die tyd wat die wierook aangesteek word.
11 Daar verskyn toe aan Z’kharyah ’n boodskapper van יהוה, aan die regterkant van die wierookaltaar.
12 Z’kharyah was ontsteld toe hy hom sien; vrees het hom oorval
13 en die boodskapper sê vir hom: “Moenie bang wees nie Z’kharyah, want jou gebed is gehoor; jou vrou Elish’va sal vir jou geboorte gee aan ’n seun en jy moet hom Yoganan noem
14 en daar sal vir jou blydskap en vreugde wees en baie sal bly wees oor sy geboorte,
15 want hy sal groot wees voor יהוה. Hy mag geen wyn en sterk drank drink nie en hy sal, reeds vanaf sy moeder se baarmoeder af, vol wees van die Gees wat Afgesonderd is
16 en hy sal baie van die seuns van Yisra’el laat terugdraai na יהוה, hulle God
17 en hy sal voor Hom uitgaan in die gees en die krag van Eliyahu, [Mat 11:14; 17:12; Mar 9:13]
die profeet, om die verstand, wil en emosie van die vaders terug te draai [Mal 3:24] na die seuns en dié wat nie oortuig is nie, tot die kennis van die Regverdige Een, om vir יהוה ’n volk voor te berei wat volmaak is.” [Mat 5:48]
18 Z’kharyah sê vir die boodskapper: “Hoe sal ek weet dat dit so is, want ek is oud en my vrou is al ver gevorderd in jare?”
19 Die boodskapper antwoord en sê vir hom: “Ek is Gavri’el, wat in die Teenwoordigheid van God staan [Open 8:2] en ek is gestuur om met jou te praat en vir jou hierdie boodskap te bring.

20 Van nou af sal jy stom wees en nie kan praat nie tot op die dag dat hierdie dinge gebeur omdat jy my woorde, wat op hulle tyd vervul sal word, nie geglo het nie."
21 Die mense wat buite staan het vir Z'kharyah gewag en het gewonder oor die vertraging in die tempel,
22 maar toe hy uitkom en nie met hulle kon praat nie, het hulle verstaan dat hy 'n visioen in die tempel ervaar het. Hy het stom gebly en aangehou om deur tekens en gebare met hulle te kommunikeer.
23 Toe die tydperk van sy diens vervul is, het hy huis toe gegaan.
24 Dit was na hierdie tyd dat Elish'va, sy vrou, swanger geword en haarself vir vyf maande afgesonder en gesê het:
25 "Hierdie dinge het יהוה vir my op hierdie tyd gedoen toe Hy besluit het om my vernedering voor die mense weg te vat."
26 In die sesde maand is die boodskapper Gavri'el vanaf die Teenwoordigheid van God gestuur na 'n dorp in die Galila met die naam van Natzeret,
27 na 'n maagd wat verloof was aan 'n man met die naam van Yosef, van die huis van Dawid; die maagd se naam was Miryam.
28 Die boodskapper het haar genader en gesê: "Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid, hoogs geëerde vrou! Ons Meester is met jou; onder die vroue is jy geseënd."
29 Toe sy hom sien, was sy hoogs ontsteld oor sy woorde en sy het geredeneer: "Wat se groet is dit?"
30 Die boodskapper sê vir haar: "Moenie bang wees nie, Miryam, want jy het onverdiende guns by God gevind,
31 want let op, jy sal swanger word en geboorte gee aan 'n Seun en die Naam wat jy Hom moet gee, is Yeshua.
32 Hy sal magtig wees en die Seun van Ha'Elyon (die Allerhoogste) genoem word en יהוה-God sal aan Hom die troon van Sy vader Dawid gee
33 en Hy sal heers oor die huis van Ya'akov tot in ewigheid en aan Sy Koninkryk sal daar geen einde wees nie." [Ps 110; 2 Sh'm 7:16; Yeg 37:24-25]
34 Miryam sê vir die boodskapper: "Hoe kan dit wees, aangesien 'n man nie 'n verbondsverhouding met my het nie?"
35 Die boodskapper antwoord haar en sê: "Die Gees wat Afgesonderd is, sal oor jou kom, die wonderwerkende krag van Ha'Elyon (die Allerhoogste) sal op jou rus en daarom sal die Afgesonderde wat uit jou gebore word, Seun van God genoem word.
36 Let op, Elish'va, jou bloedverwant, is self ook swanger met 'n seun in haar hoë ouderdom en hierdie is die sesde maand vir háar wat onvrugbaar genoem is
37 omdat niks vir God onmoontlik is nie."
38 Miryam antwoord: "Let op, ek is die slavin van יהוה. Laat dit gedoen word met my soos u gesê het." Die boodskapper het van haar af weggegaan.
39 In daardie tyd het Miryam opgestaan, haastig na 'n dorp in die bergstreek van Y'hudah gegaan
40 en sy het in die huis van Z'kharyah ingegaan en Elish'va gegroet met vrede.
41 Dit was toe Elish'va Miryam se groet hoor dat die baba in haar baarmoeder gespring het en Elish'va is gevul met die Gees wat Afgesonderd is

42 en het met ’n harde stem uitgeroep en vir Miryam gesê: “Geseënd is jy onder die vroue en geseënd is die vrug wat in jou baarmoeder is
43 en vanwaar is dit vir my dat die moeder van my Meester na my toe kom?
44 Let op, toe die geluid van jou groet in my ore kom, het die baba in my baarmoeder gespring van vreugde
45 en gelukkig is sy wat vertrou het dat dit wat vanuit die Teenwoordigheid van יהוה aan haar gesê is, vervul sal word.”
46 Miryam het gesê: “My verstand, wil en emosie maak יהוה groot
47 en my gees spring van vreugde oor God, my Verlosser
48 omdat Hy die nederige stand van sy slavin raakgesien het, want let wel, van nou af sal al die geslagte my gelukkig noem,
49 want Hy wat magtig is, doen groot dinge aan my. Afgesonderd is Sy Naam (Karakter en Outoriteit)
50 en Sy liefdevolle omgee is vir altyd, van geslag tot geslag vir dié wat Hom respekvol vrees. [Ps 103:17; 111:9]
51 Hy het oorwinning gebring deur Sy arm. Hy verstrooi dié wat trots is in die opinies van hulle verstand, wil en emosie.
52 Hy gooi magtiges neer van trone af en het die nederiges opgelig.
53 Hy het die wat honger is, gevul met goeie dinge en stuur rykes weg met leë hande.
54 Hy het Sy dienskneg, Yisra’el, gehelp en het Sy aktiewe omgee onthou
55 soos Hy vir ons vaders gesê het; aan Avraham en sy nageslag tot in ewigheid.”
56 Miryam het ongeveer drie maande by Elish’va gebly en teruggegaan na haar huis toe.
57 Dit was tyd dat Elish’va sou geboorte gee en sy het geboorte gegee aan ’n seun.
58 Toe haar bure en familie gehoor het dat die Meester se liefdevolle omgee groot was vir haar, was hulle verheug saam met haar
59 en op die agtste dag het hulle gegaan om die kind te besny en hulle wou hom Z’kharyah noem, na die naam van sy vader
60 en sy moeder antwoord en sê: “Nee, hy moet Yoganan genoem word.”
61 Hulle sê vir haar: “Daar is niemand in jou familie wat hierdie naam genoem word nie.”
62 Hulle beduie vir sy vader om te bepaal hoe hy wou hê dat hy genoem moes word.
63 Hy vra toe ’n skryfbord en skryf: “Yoganan is sy naam.” Almal was verwonderd
64 en onmiddellik is sy mond en sy tong geopen en het hy goed gepraat van God
65 en daar het ’n respekvolle vrees gekom oor almal wat rondom hulle gewoon het en in al die berge van Y’hudah het hulle gepraat oor al hierdie dinge.
66 Almal wat dit gehoor het, het dit in hulle gedagtes oordink: “Wat gaan hierdie seun word?” Die hand van יהוה was met hom.
67 Z’kharyah, sy vader, is gevul met die Gees wat Afgesonderd is en het geprofeteer en gesê:
68 “Geseënd is יהוה, die God van Yisra’el, [Ps 41:14; 72:18; 106:48] wat Sy volk besoek en hulle losgekoop het

69 en ’n horing van bevryding vir ons opgewek het in die huis van Dawid, Sy dienskneg,
70 net soos Hy gesê het deur die mond van Sy afgesonderde profete van ouds af aan:
71 dat Hy ons van ons vyande en uit die hand van almal wat ons haat sal red.
72 Hy het Sy liefdevolle omgee vir ons vaders gewys en Sy afgesonderde verbond onthou;
73 die eed wat Hy gesweer het aan Avraham, ons vader, om aan ons te gee:
74 dat Hy ons sal red uit die hand van ons vyande en dat ons sonder vrees voor Hom sal aanbid,
75 al ons dae, in regverdigheid, afgesonderdheid en onpartydige opregtheid.
76 Jy, seun, sal ’n profeet van Ha’Elyon (die Allerhoogste) genoem word, want jy sal voor die Teenwoordigheid van יהוה uitgaan om Sy pad voor te berei’ Yes 40:3; Mat 3:3
77 sodat Hy die kennis van lewe kan gee aan Sy mense in die vergifnis van hulle sondes, Open 22:14
78 deur die onverdiende omgee van ons God waarin die Manifestasie vanaf die hemel ons sal besoek,
79 om te skyn oor dié wat in duisternis en in die skaduwee van die dood sit sodat Hy ons voete kan begelei op die pad van vrede.”
80 Die kind het gegroei, is versterk in die Gees en hy het in die wildernis gebly tot op die dag van sy openbare verskyning aan Yisra’el.

2 1 Dit het gebeur in daardie dae dat daar ook ’n bevel uitgegaan het vanaf keiser Augustos dat al die lande in sy ryk opgeskryf moes word.
2 Hierdie eerste sensus het plaasgevind toe Quirinus geheers het oor Sirië
3 en almal het gegaan, elkeen om in sy stad geregistreer te word.
4 Yosef het ook opgegaan vanaf die stad Natzeret, in die Galila, na die stad van Dawid, in Y’hudah, wat Beit-Legem genoem word omdat hy van die huis en geslag van Dawid was,
5 om hom daar te laat registreer saam met Miryam, sy bruid, wat swanger was.
6 Dit was so dat terwyl hulle daar was, die tyd vervul is dat sy geboorte moes gee
7 en sy het geboorte gegee aan haar eersgebore Seun en Hom in doeke toegedraai en Hom in ’n krip neergelê omdat daar vir hulle geen plek was om in oor te bly nie.
8 Daar was skaapwagters wat in die streek gebly het en in die nag oor hulle skape wag gehou het
9 en let op, daar staan ’n boodskapper van יהוה by hulle en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het oor hulle geskyn en hulle was baie bang.
10 Die boodskapper sê vir hulle: “Moenie bang wees nie, want let op, ek verkondig aan julle groot vreugde wat vir die ganse heelal sal wees,
11 want vandag is vir julle die Verlosser, wat Die Meester, dié Gesalfde Een is, in die stad van Dawid gebore
12 en dit is vir julle die teken: julle sal ’n Baba kry wat in doeke toegedraai in ’n krip lê.”
13 Skielik verskyn daar saam met die boodskapper ’n groot leermag uit die hemel, wat lofprysinge tot God uitroep en sê:

14 “Eer, lof en aanbidding aan God in die hemele en op aarde: vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid en goeie nuus aan die mense!”
15 Dit was terwyl die boodskappers van hulle af weggegaan het na die hemel dat die skaapwagters onder mekaar gepraat en gesê het: “Laat ons na Beit-Legem gaan en hierdie ding sien wat gebeur het, wat יהוה aan ons bekend gemaak het.”
16 Hulle het haastig gegaan en vir Yosef en Miryam gevind, saam met die Kind wat in die krip lê
17 en nadat hulle dit gesien het, het hulle die boodskap wat aan hulle bekend gemaak is aangaande Hom, dié Kind, bekend gemaak
18 en almal wat dit gehoor het, het hulle verwonder oor wat die skaapwagters aan hulle vertel het,
19 maar Miryam het al hierdie woorde bewaar en in haar gedagtes oordink.
20 Die skaapwagters het teruggegaan en God geëer, geloof en geprys vir alles wat hulle gehoor en gesien het, net soos aan hulle gesê is.
21 Toe die agt dae vervul is waarop hulle die Kind moes besny, het hulle Hom Yeshua genoem, die Naam wat deur die boodskapper gegee is voor Sy vorming in die baarmoeder
22 en sodra die dae van haar reiniging, volgens die wet van Mosheh, vervul was, het hulle Hom na Yerushalayim gevat om Hom op te dra voor יהוה,
23 net soos geskrywe is in die wet van יהוה: “Elke manlike kind wat die baarmoeder open, sal afgesonderd vir יהוה genoem word” Eks 13:2, 12, 15
24 en om die offer te bring volgens wat gesê is in die wet van יהוה: “ ’n paar tortelduiwe of twee jong duiwe.” Lev 12:8
25 Daar was ’n man in Yerushalayim met die naam van Shim’on en hierdie man was regverdig, onpartydig opreg en het die Troos van Yisra’el verwag en die Gees wat Afgesonderd is, was op hom.
26 Die Gees wat Afgesonderd is, het aan hom openbaar dat hy die dood nie sou sien voordat hy dié Gesalfde Een van יהוה gesien het nie.
27 Gelei deur die Gees het hy in die tempel gekom en die ouers ontmoet wat die Kind, Yeshua, ingebring het om met Hom te doen volgens die opdrag van die wet
28 en hy het Hom in sy arms geneem en goed gepraat van God en gesê:
29 “Nou my Meester, laat U slaaf in vrede gaan, volgens U woord,
30 let op, my oë het U Omgee gesien;
31 Hom wat U voorberei het in die teenwoordigheid van al die volke;
32 ’n Lig vir openbaring aan die ander nasies en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid aan U volk, Yisra’el.”
33 Yosef en Sy moeder was verwonderd oor die dinge wat van Hom gesê is
34 en Shim’on het hulle geseën en vir Miryam, Sy moeder gesê: “Let op, hierdie Een is bestem vir die val en opstaan van baie in Yisra’el en bestem as ’n Teken wat weerspreek sal word,
35 maar ’n spies sal deur jou eie gees gaan sodat die gedagtes, wil en emosies van baie openbaar kan word.”

36 ’n Profetes, Hannah, die dogter van P’nu’el, uit die stam van Asher, was baie ver gevorderd in jare en het van haar huwelik af sewe jaar lank saam met haar man gelewe;
37 sy was ’n weduwee van ongeveer vier en tagtig jaar. Sy het nie die tempel verlaat nie en met vas en gebed, nag en dag gedien.
38 Sy het in dieselfde uur daar gestaan en יהוה gedank en aangaande Hom gepraat met almal wat die bevryding van Yerushalayim verwag het.
39 Toe hulle alles voltooi het wat volgens die wet van יהוה was, het hulle teruggegaan na die Galila, na hulle dorp Natzeret
40 en die Seun het gegroei en sterk geword in die Gees en Hy is gevul met wysheid en die onverdiende guns van God was op Hom.
41 Sy mense het elke jaar met die fees van Pesag na Yerushalayim gegaan
42 en toe Hy ’n Seun van twaalf jaar oud was, het hulle, soos hulle gewoond was, na die fees opgegaan.
43 Nadat die tyd van die fees vir hulle verby was en hulle besig was om terug te gaan, het die Seun, Yeshua, in Yerushalayim agtergebly en Yosef en sy moeder het dit nie geweet nie,
44 maar hulle het gedink dat Hy by die seuns van hulle vriende was en het ’n dagreis ver gegaan voordat hulle Hom onder die familie en die bekendes gesoek het.
45 Toe hulle Hom nie kry nie, het hulle teruggegaan na Yerushalayim, Hom gesoek
46 en na die derde dag het hulle Hom in die tempel gekry terwyl Hy tussen die leermeesters sit en na hulle luister en hulle uitvra
47 en almal wat Hom gehoor het, was verwonderd oor Sy insig en Sy redevoerings.
48 Toe hulle Hom sien, was hulle verslae en Sy moeder sê vir Hom: “My Seun, waarom maak Jy so met ons? Let op, Jou vader en ek het Jou in benoudheid gesoek.”
49 Hy sê vir hulle: “Hoekom is dit dat u na My gesoek het? Het u nie geweet dat Ek in die huis van My Vader besig moet wees nie?”
50 Hulle het die stelling wat Hy teenoor hulle gemaak het, nie verstaan nie
51 en Hy het saam met hulle gegaan en in Natzeret gekom en Hy was gehoorsaam aan hulle. [Heb 4:15; 5:8] Sy moeder het al hierdie woorde in haar verstand, wil en emosie bewaar
52 en Yeshua het gegroei in liggaam, in wysheid en in aanvaarding by God en die mense. [Spr 3:4]

3 1 Tydens die vyftiende jaar van die regering van keiser Tiberius; toe Pontios Pilatos goewerneur was van Y’hudah, Herodes (heerser oor ’n kwart van die land) van die Galila en Filippos, sy broer, (heerser oor ’n kwart van die land) van Ituraia en die streek Tragonitus en Lisanias (heerser oor ’n kwart van die land) van Abilene,
2 toe Hanan en Kayafa leierpriesters was, was die woord van God op Yoganan, die seun van Z’kharyah, in die wildernis
3 en hy het gekom na die hele gebied rondom die Yarden en die doop van berou, belydenis en laat staan tot vergifnis van sondes verkondig, [Hand 19:3,4]
4 soos geskrywe is in die boek van die woorde van Yesha’yahu, die profeet, waar hy sê: “Die stem wat uitroep: ‘Berei die pad van יהוה in die wildernis en maak ’n pad vir ons God reguit op die vlakte. [Yes 40:3; Mal 3:1; Mat 3:3; Mar 1:3]

5 Elke vallei moet opgevul en elke berg en hoë plek gelyk gemaak word, die rowwe plekke sal glad wees en die moeilike plekke, 'n vlakte
6 en almal sal die Lewe van God sien'." Yes 40:3-5
7 Hy sê vir die skares mense wat uitgegaan het om deur hom gedoop te word: "Addergeslag! Wie het julle gewaarsku om te vlug van die wraak wat kom?
8 Dra daarom vrugte wat by die berou en belydenis pas en moenie begin om by julleself te sê: 'Avraham is ons vader' nie, want ek sê vir julle dat God die vermoë het om uit hierdie klippe seuns vir Avraham te laat opstaan.
9 Let op, die byl lê ook alreeds teen die wortel van die bome. Elke boom wat daarom nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en val in die vuur."
10 Die skare mense het hom gevra en gesê: "Wat moet ons dus doen?"
11 Hy antwoord en sê vir hulle: "Wie twee kledingstukke het, moet gee aan hom wat nie het nie en wie kos het, moet dieselfde doen."
12 Belastinggaarders het ook gekom om gedoop te word en vir hom gevra: "Leermeester, wat moet ons doen?"
13 Hy antwoord hulle: "Moenie meer verwag as wat vir julle voorgeskryf is om in te vorder nie."
14 Die soldate het hom ook gevra en gesê: "En ons, wat moet ons doen?" Hy sê vir hulle: "Julle moet niemand seermaak of onreg aandoen nie en wees tevrede met julle salaris."
15 Wanneer die mense aan Yoganan gedink het, het almal in hulle verstand, wil en emosie bereken of Yoganan nie miskien dié Gesalfde Een was nie.
16 Yoganan antwoord en sê vir hulle: "Let op, ek doop julle met water, maar Hy kom wat kragtiger is as ek, wie se sandaalbande ek nie waardig is om los te maak nie; Hy sal julle doop in die Gees wat Afgesonderd is en in vuur;
17 Hy wat 'n hooivurk in Sy hand hou, Sy dorsvloer deeglik skoonmaak en die koring bymekaarmaak in Sy skure, maar die kaf met 'n onuitblusbare vuur verbrand."
18 Net so het hy ook baie ander dinge geleer en hy het die goeie boodskap aan die mense verkondig,
19 maar toe Herodes, (heerser oor 'n kwart van die land), deur hom tereggewys is oor Herodias, die vrou van Filippos, sy broer en oor al die bose dinge wat hy gedoen het,
20 het hy by alles nog bygevoeg om vir Yoganan in die tronk op te sluit.
21 Dit het gebeur dat, tydens die tyd toe hy al die mense gedoop het, hy Yeshua ook gedoop het. Terwyl Hy besig was om te bid, het die hemel oopgegaan
22 en die Gees wat Afgesonderd is het in fisiese vorm, soos 'n duif, Mat 3:16; Mar 1:10 op Hom neergedaal en 'n stem het uit die hemel gekom wat sê: "Jy is My Seun, wat Ek lief het; Luk 3:38; Rom 8:29; 1 Kor 15:45; 2 Kor 6:18 oor Wie Ek tevrede is." Heb 1:5
23 Yeshua self was omtrent dertig jaar oud en Hy is beskou as die seun van Yosef, die seun van `Eli,
24 die seun van Mattat, die seun van Levi, die seun van Malki, die seun van Yannai, die seun van Yosef,
25 die seun van Mattityahu, die seun van Amotz, die seun van Nagum, die seun van Gesli, die seun van Naggai,

26 die seun van Magat, die seun van Mattityahu, die seun van Shim'i, die seun van Yosef, die seun van Y'hudah,
27 die seun van Yoganan, die seun van Reisha, die seun van Z'rubavel, die seun van Sh'altiel, die seun van Neriyah,
28 die seun van Malki, die seun van Addi, die seun van Kosam, die seun van Elmodam, die seun van `Er,
29 die seun van Y'hoshe, die seun van `Eli'ezer, die seun van Yoram, die seun van Mattat, die seun van Levi,
30 die seun van Shim'on, die seun van Y'hudah, die seun van Yosef, die seun van Yonan, die seun van Elyakim,
31 die seun van Mal'ah, die seun van Manah, die seun van Mattatah, die seun van Natan, die seun van Dawid,
32 die seun van Yishai, die seun van `Oved, die seun van Bo'az, die seun van Salmon, die seun van Nagshon,
33 die seun van `Amminadav, die seun van Aram, die seun van Hetzron, die seun van Peretz, die seun van Y'hudah,
34 die seun van Ya'akov, die seun van Yitz'gak, die seun van Avraham, die seun van Terag, die seun van Nagor,
35 die seun van S'rug, die seun van Re'u, die seun van Peleg, die seun van `Ever, die seun van Shelag
36 die seun van Kenan, die seun van Arpakhshad, die seun van Shem, die seun van Noag, die seun van Lemekh,
37 die seun van Metushelag, die seun van Hanokh, die seun van Yered, die seun van Mahalal'el, die seun van Kenan,
38 die seun van Enosh, die seun van Shet, die seun van [Luk 3:22; Rom 8:29; 1 Kor 15:45; 2 Kor 6:18] Adam, die seun van God.

4 1 Yeshua, vol van die Gees wat Afgesonderd is, het teruggekeer van die Yarden af en is deur die Gees in die wildernis ingelei,
2 waar Hy veertig dae lank deur die valse aanklaer getoets is. Hy het niks geëet in dié dae nie en na afloop van dié tydperk, was Hy honger.
3 Die teëstander sê vir Hom: "As Jy die Seun van God is, sê vir hierdie klip om brood te word."
4 Yeshua antwoord en sê vir hom: "Dit is geskrywe dat die mens nie van brood alleen sal lewe nie, maar van elke verklaring van God." [Deut 8:3]
5 Die teëstander vat Hom op teen 'n hoë berg (hoë punt van menslike ambisie) en wys Hom al die koninkryke van die wêreld in 'n oogwink
6 en die teëstander sê vir Hom: "Ek sal vir Jou al hierdie outoriteit en eer, lof en aanbidding gee, want dit is aan my oorgegee en ek gee dit aan wie ek wil.
7 As Jy voor my neerval in aanbidding, sal alles Joune wees."
8 Yeshua antwoord en sê vir hom: "Daar is geskrywe: 'Jy moet יהוה, jou God, aanbid en Hom alleen dien'." [Deut 6:13-14; 10:20; Mat 4:10]
9 Hy bring Hom na Yerushalayim en laat Hom staan op die hoogste punt van die tempel en sê vir Hom: "As Jy die Seun van God is, gooi Jouself hiervandaan af,

10 want daar is geskrywe: 'Hy sal Sy engele bevel gee aangaande U om U te beskerm;
11 hulle sal U op die hande dra sodat U nie U voet teen 'n klip stamp nie'." Ps 91:11-12
12 Yeshua antwoord en sê vir hom: "Dit is gesê: 'Jy mag יהוה, jou God, nie toets nie'." Deut 6:16
13 Toe die teëstander klaar was met al sy versoekings, het hy van Sy Teenwoordigheid af weggegaan vir 'n tyd.
14 Yeshua het in die krag van die Gees na die Galila teruggegaan en 'n verslag oor Hom het deur die hele streek uitgegaan
15 en Hy het in hulle byeenkomste geleer en almal het Hom geloof.
16 Hy kom in Natzeret waar Hy groot geword het en soos Hy gewoond was, gaan Hy op die Shabbat na die bymekaarkomplek en staan op om te lees
17 en die boekrol van die profeet Yesha'yahu is aan Hom gegee en toe Hy die boekrol oopmaak, vind Hy die plek waar geskrywe is:
18 "Die Gees van יהוה is op My en as gevolg daarvan het Hy My gesalf met die doel om die goeie boodskap aan die armes te verkondig; Hy het My gestuur om die wat gebroke is van verstand, wil en emosie te genees; om aan die wat gevangenes is vryheid te verkondig en aan blindes herstel van sig; om die wat depressief is, te herstel met vergifnis en
19 om 'n tydperk aanvaarbaar vir יהוה aan te kondig." Yes 61:1-2
20 Hy het die boekrol opgerol en aan die assistent gegee en gaan sit, maar die oë van almal in die bymekaarkomplek was vasgenael op Hom.
21 Hy begin en sê vir hulle: "Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul."
22 Almal het daartoe getuig en was verwonderd oor die woorde van onverdiende guns wat uit Sy mond kom en hulle sê: "Is Hy nie die seun van Yosef nie?"
23 Yeshua sê vir hulle: "Julle sal sonder twyfel vir My hierdie idioom aanhaal: 'Geneesheer, genees Uself!' Alles wat ons hoor wat U in K'far-Nagum gedoen het, doen dit hier in U tuisdorp ook."
24 Hy sê ook: "Dit is waar, Ek sê vir julle, geen profeet is aanvaar in sy tuisdorp nie,
25 maar waarlik, Ek sê vir julle, daar was baie weduwees in Yisra'el in die tyd van Eliyahu toe die hemel toegesluit was vir drie jaar en ses maande, toe daar 'n groot hongersnood gekom het in die hele land
26 en Eliyahu is nie na een van hulle gestuur nie, maar na 'n weduwee in Tzarfat in Tzidon.
27 Daar was baie melaatses in Yisra'el in die tyd van die profeet Elisha en nie een van hulle is gereinig nie, behalwe Na'aman, die Arameër."
28 Almal in die bymekaarkomplek is met woede gevul toe hulle dit hoor
29 en hulle het opgestaan en Hom uit die stad uitgedryf en Hom gelei tot op die rand van die berg waarop hulle stad gebou is, om Hom van die rand af te gooi,
30 maar Hy het in die middel, reg deur hulle, geloop en weggegaan.
31 Hy het afgegaan na K'far-Nagum, 'n stad in die Galila en hulle op die Shabbat geleer
32 en hulle was verwonderd oor Sy lering, want Hy het met outoriteit gepraat.

33 In die bymekaarkomplek was daar ’n man met ’n onrein demoniese gees en hy het met ’n harde stem geskree
34 en gesê: “Los ons uit! Wat het Jy met ons te doen, Yeshua van Natzeret? Het jy gekom om ons uit te wis? Ek weet Wie Jy is: die Afgesonderde Een van God!”
35 Yeshua het dit bestraf en gesê: “Hou jou mond toe en gaan uit hom uit!” Die demoon het hom tussen hulle neergegooi en uit hom uitgegaan sonder om hom seer te maak.
36 ’n Verbaasdheid kom oor almal en hulle praat onder mekaar en sê: “Watter woord is dit: dat Hy met outoriteit en mag die vuil geeste beveel en hulle gaan uit!”
37 Daar het ’n verslag aangaande Hom uitgegaan na die ganse omliggende gebied.
38 Toe Hy uit die bymekaarkomplek uitgegaan het, het Hy in Shim’on se huis gekom. Shim’on se skoonmoeder het ’n baie hoë koors gehad en hulle het Hom gevra vir haar onthalwe
39 en Hy het oor haar gaan staan en die koors bestraf. Dit het haar verlaat en sy het onmiddellik opgestaan en hulle bedien.
40 Toe die son ondergaan, het almal hulle siekes, wat met allerhande siektes siek was, na Hom toe gebring. Hy het op almal van hulle die hand gelê en hulle gesond gemaak
41 en demone het ook uit baie uitgegaan en geskree en gesê: “Jy is dié Gesalfde Een, die Seun van God!” Hy het hulle bestraf en hulle nie toegelaat om te sê dat hulle geweet het dat Hy dié Gesalfde Een is nie.
42 Met die breking van die dag het Hy uitgegaan en na ’n eensame plek vertrek en die mense het Hom gesoek en by Hom gekom en wou Hom teëhou sodat Hy nie vanuit hulle midde sou weggaan nie,
43 maar Yeshua het vir hulle gesê: “Dit is op My gelê om ook aan die ander stede die goeie boodskap van die Koninkryk van God te bring, want dit is waarom Ek gestuur is.”
44 Hy het in die bymekaarkomplekke van die Galila die boodskap verkondig.

5 1 Dit het gebeur dat die skare mense rondom Hom bymekaargekom het om die boodskap van God te hoor. Hy het langs die meer van Gennesar gestaan
2 en Hy het twee bote langs die meer gesien lê en die vissers wat van hulle afgekom het, was besig om die nette te was.
3 Hy het in een van die bote, wat aan Shim’on Kefa behoort het, geklim en hom gevra om ’n entjie van die land af weg te vaar en Hy het gaan sit en die mense vanuit die boot geleer.
4 Toe Hy klaar gepraat het, sê Hy vir Shim’on: “Vaar uit na die diep water en laat julle nette sak vir ’n vangs.”
5 Shim’on antwoord en sê vir Hom: “Leermeester, ons het die hele nag hard gewerk en niks gevang nie, maar op U woord sal ek die net laat sak.”
6 Toe hulle dit gedoen het, het hulle ’n baie groot hoeveelheid visse gevang, tot hulle net wou skeur

7 en hulle wys vir hulle medewerkers in die ander boot om hulle te kom help en toe hulle gekom het, het hulle altwee die bote so vol gemaak dat hulle amper gesink het.
8 Toe Shim’on Kefa dit sien, val hy neer by die voete van Yeshua en sê: “Ek smeek van U my Meester, gaan weg van my, want ek is ’n sondaar!”
9 ’n Diepe respek het hom en almal wat by hom was aangegryp, oor die hoeveelheid vis wat hulle gevang het
10 en net so ook vir Ya’akov en Yoganan, die seuns van Zavdai, wat Shim’on se medewerkers was en Yeshua sê vir Shim’on: “Moenie bang wees nie; van nou af sal jy mense vang tot verlossing.”
11 Hulle het die bote aan land gebring, alles agtergelaat en Hom gevolg.
12 Terwyl Yeshua in een van die dorpe was, kom daar ’n man, oortrek met melaatsheid en toe hy Yeshua sien, val hy op sy gesig en smeek Hom en sê: “My Meester, as U wil, kan U my reinig.”
13 Yeshua steek Sy hand uit en raak hom aan en sê: “Ek wil, wees gereinig!” In ’n oomblik het die melaatsheid van hom af weggegaan en hy was rein
14 en Hy beveel hom om dit aan niemand te vertel nie, maar, sê Hy: “Gaan wys jouself aan die priester, vir hulle tot ’n getuienis en offer vir jou reiniging, net soos Mosheh beveel het.”
15 Sy bekendheid het al hoe meer versprei en groot groepe mense het bymekaargekom om te luister na Hom en deur Hom van hulle siektes gesond gemaak te word,
16 maar Hy het Hom na verlate plekke onttrek en gebid.
17 Dit het op een van die dae toe Yeshua besig was om te leer en Fariseërs en leraars van die wet uit al die dorpe van die Galila, Y’hudah en uit Yerushalayim daar gesit het, gebeur dat die krag van יהוה om te genees daar was.
18 Manne het ’n verlamde man op ’n draagbaar gebring en hulle het ’n plek gesoek om hom in te bring en voor Hom neer te sit
19 en toe hulle nie ’n pad kon vind om hom in te bring nie, as gevolg van die menigte mense, klim hulle op die dak en laat hom met die bed, deur die teëls, tussen hulle in, voor Yeshua afsak.
20 Toe Yeshua hulle vertroue sien, sê Hy vir die verlamde man: “Man, jou sondes is vir jou vergewe.”
21 Die leraars van die wet en die Fariseërs het dit ernstig oordink en gesê: “Wie is Hy wat so kwaadpraat van God? Wie kan sondes vergewe behalwe God alleen?”
22 Yeshua het hulle gedagtes geken en Hy antwoord en sê vir hulle: “Wat bedink julle in jul gedagtes?
23 Wat is makliker, om te sê: ‘Jou sondes is vir jou vergewe;’ of om te sê: ‘Staan op en loop?’
24 Sodat julle egter kan sien dat die Seun van die mens outoriteit het om op aarde sondes te vergewe,” sê Hy vir die verlamde man: “Ek sê vir jou, staan op, tel jou draagbaar op en gaan na jou huis toe.”
25 Hy staan toe onmiddellik voor hulle op, tel die draagbaar waarop hy gelê het op en gaan na sy huis toe terwyl hy God loof.

26 Verwondering het almal aangegryp. Hulle het God geloof, is met respekvolle vrees vervul en het gesê: “Ons het vandag wonders gesien.”
27 Ná hierdie dinge het Yeshua uitgegaan en ’n belastinggaarder, met die naam van Levi, by die belastinghuis sien sit en vir hom gesê: “Volg My”
28 Hy het alles agtergelaat, opgestaan en Hom gevolg.
29 Levi het ’n groot ontvangs vir Hom in sy huis gegee en daar was ’n groot skare belastinggaarders en ander wat saam met hulle aan tafel aangesit het.
30 Die leraars van die wet en die Fariseërs het by Sy studentevolgelinge gekla en gesê: “Waarom eet en drink julle saam met die belastinggaarders en sondaars?”
31 Yeshua antwoord hulle en sê: “Die wat gesond is, het die dokter nie nodig nie, maar die wat siek is of siek word.
32 Ek het nie gekom om onskuldiges te roep nie, maar sondaars tot erkenning, berou en omkeer.”
33 Hulle sê vir Hom: “Waarom vas en bid Yoganan se studentevolgelinge getrou; so ook dié van die Fariseërs, maar U s’n eet en drink?”
34 Hy sê vir hulle: “Kan julle die bruidshulp dan laat vas solank as die Bruidegom by hulle is?
35 Daar kom egter ’n tyd wanneer die Bruidegom van hulle af weggevat sal word; dan sal hulle vas, in daardie tyd.”
36 Hy het vir hulle ’n vergelykende storie vertel: “Niemand skeur ’n strook van ’n nuwe kleed af en sit dit op ’n ou kleed sodat die nuwe nie geskeur word en die oue nie herstel word nie.
37 Niemand gooi nuwe wyn in ou leersakke nie; anders sal die nuwe wyn die sakke skeur en dit sal uitloop en die sakke sal ook vernietig wees,
38 maar nuwe wyn moet in nuwe sakke gegooi word en altwee word bewaar.
39 Niemand wat ou wyn gedrink het, wil dadelik nuwe wyn hê nie, want hy sê: ‘Die oues is soet’.”

6 1 Dit was op die Shabbat dat Yeshua deur die graan geloop het. Sy studentevolgelinge het are gepluk en met hulle hande uitgevryf en geëet.
2 Sommige van die Fariseërs sê vir hulle: “Hoekom doen julle dit wat nie toegelaat is om op die Shabbat gedoen te word nie?”
3 Yeshua antwoord hulle en sê: “Het julle nie gelees wat Dawid gedoen het toe hy honger was nie, hy en die wat by hom was,
4 hoe hy in die huis van God ingegaan en die brode van die tafel van יהוה gevat en geëet het en ook aan die wat by hom was, gegee het, wat nie reg was dat hulle dit mag eet nie, maar net die priesters alleen?”
5 Hy sê vir hulle: “Die Seun van die mens is die Meester van die Shabbat.”
6 Dit het gebeur op ’n ander Shabbat dat Hy weer in die bymekaarkomplek ingegaan en geleer het en daar was ’n man en sy regterhand was uitgedroog.
7 Die leraars van die wet en die Fariseërs het Hom dopgehou, of Hy op die Shabbat sou gesond maak sodat hulle Hom kon beskuldig,
8 maar Hy het hulle planne geken en sê vir die man met die verdorde hand: “Kom hier na die middel toe” en hy het daar kom staan.

9 Yeshua sê vir hulle: “Ek vra vir julle wat is reg om op die Shabbat te doen: om goed te doen of kwaad; om ’n lewe te red of te vernietig?”
10 Hy het na hulle almal gekyk en vir hom gesê: “Maak reguit jou hand,” en hy steek dit uit en sy hand is herstel, soos die ander een,
11 maar hulle is met jaloesie vervul en het onder mekaar bespreek wat hulle met Yeshua moet doen.
12 Dit het in daardie dae gebeur dat Yeshua uitgegaan het na ’n berg om te bid en Hy was die hele nag in gebed tot God
13 en toe dit dag geword het, het Hy Sy studentevolgelinge na Hom toe geroep en twaalf uit hulle gekies, wat Hy afgevaardigdes genoem het:
14 Shim’on, wat Hy Kefa genoem het en Andréas, sy broer; Ya’akov en Yoganan; Filippos en die seun van (Bar-)Talmai;
15 Mattityahu en T’oma; Ya’akov die seun van Halfai en Shim’on wat Yweraar genoem word;
16 Y’hudah, die seun van Ya’akov en Y’hudah van K’riot, wat die verraaier geword het.
17 Yeshua het saam met hulle afgeklim en in die vallei gaan staan en daar was ’n menigte van Sy studentevolgelinge en ’n groot menigte mense van die hele Y’hudah, Yerushalayim en van die kus van Tzor en Tzidon af
18 wat gekom het om Sy boodskap te hoor en van hulle siektes gesond gemaak te word en ook die wat lastig geval was deur onrein geeste, is genees.
19 Al wat die skare begeer het, was om aan Hom te raak omdat krag voortdurend uit Hom uitgegaan en almal gesond gemaak het.
20 Toe slaan Hy sy oë op oor Sy studentevolgelinge en sê: “Uitermate gelukkig is julle, armes, want aan julle behoort die Koninkryk van God.
21 Uitermate gelukkig is julle wat nou huil, want julle sal lag. Uitermate gelukkig is julle wat nou honger het, want julle sal versadig word.
22 Uitermate gelukkig is julle wanneer die mense julle haat en wanneer hulle julle verdeel, uitsluit, onteer en julle karakter en outoriteit verwerp as sleg, ter wille van die Seun van die mens.
23 Verheug jou in daardie dag en spring op van vreugde, want julle beloning is groot in die hemel, want hulle vaders het net so aan die profete gedoen!
24 Wee julle, rykes, want julle het jul vertroosting ontvang.
25 Wee julle wat versadig is, want julle sal honger ly. Wee julle wat nou lag, want julle sal treur en huil.
26 Wee julle wanneer die mense alles wat goed is van julle praat, want hulle vaders het die vals profete net so behandel,
27 maar Ek sê vir julle wat luister, julle moet jul vyande liefhê en goed doen aan dié wat julle haat.
28 Seën dié wat julle vervloek en bid oor die wat julle met geweld wegvat.
29 Aan hom wat jou op die wang slaan, moet jy ook die ander een aanbied en aan hom wat jou klere vat, moet jy ook die bo-kleed nie weier nie. [Yes 50:6; Kla 3:30]
30 Gee aan almal wat jou iets vra en eis jou goed nie terug van hom wat dit vat nie.

31 Net soos julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle ook aan hulle doen.
32 As julle dié lief het wat julle lief het, watter goedheid het julle, want die sondaars het ook dié lief wat vir hulle lief het?
33 As julle goed doen aan die wat julle goed behandel, watter goedheid het julle, want die sondaars doen ook dieselfde?
34 As julle leen aan dié van wie julle hoop om terug te ontvang, watter soort goedheid het julle? Selfs die sondaars leen ook aan die sondaars, om dieselfde terug te ontvang.
35 Julle moet julle vyande liefhê en hulle goed behandel, uitleen en nie iemand se verwagting afsny nie en julle beloning sal groot wees en julle sal seuns van die Allerhoogste (Ha'Elyon) wees, want Hyself is welwillend teenoor ongelowiges en hulle wat boos is.
36 Gee liefdevol om, net soos julle Vader ook liefdevol omgee.
37 Julle moenie oordeel nie, dan sal julle nie geoordeel word nie. Julle moenie veroordeel nie, dan sal julle nie veroordeel word nie. Spreek vry en julle sal vrygespreek word.
38 Gee en aan julle sal gegee word, 'n goeie maat wat ingestamp en oorlopend is, sal hulle in julle skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word."
39 Hy het vir hulle 'n vergelykende storie vertel: "Is dit moontlik vir 'n blinde om 'n blinde te lei? Sal albei van hulle nie in 'n sloot val nie?
40 Daar is nie 'n studentevolgeling groter as sy leermeester nie. Elkeen wat volmaak gemaak is, sal soos sy leermeester wees. [Mat 5:48]
41 Hoekom merk jy die splinter op in die oog van jou broer, maar die balk in jou eie oog, is nie vir jou duidelik nie?
42 Of hoe kan jy vir jou broer sê: 'My broer, laat my toe om die splinter wat in jou oog is, uit te haal,' maar let op, die plank wat in jou oog is, sien jy nie? Toneelspelers van 'n vals karakter, haal eers die plank uit jou oog uit, dan sal vir jou die vermoë gegee word om die splinter uit jou broer se oog uit te haal.
43 Dit is nie 'n goeie boom wat slegte vrugte dra nie en ook nie 'n slegte boom wat goeie vrugte dra nie,
44 want elke boom word geken aan sy vrugte omdat hulle nie vye pluk van dorings nie en hulle pluk ook nie druiwe van 'n bos nie.
45 Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy verstand, wil en emosie te voorskyn wat goed is en die bose mens bring uit die bose skat van sy verstand, wil en emosie te voorskyn wat boos is, want uit die volheid van die verstand, wil en emosie praat die lippe.
46 Hoekom noem julle My: 'My Meester, my Meester,' en doen nie wat Ek sê nie?
47 Elke persoon wat na My toe kom, My boodskap gehoor het en dit doen; Ek sal julle wys soos wie hy is:
48 hy is soos 'n man wat 'n huis bou, wat diep gegrawe en die fondament op die rots gelê het en toe daar 'n vloed kom slaan die vloed teen die huis aan en kon dit nie skud nie, want sy fondament was op die rots.

49 Hy wat dit hoor en dit nie doen nie, is soos ’n man wat ’n huis sonder fondament op die grond bou en toe die rivier daarteen slaan, het dit in ’n oomblik geval en die val van daardie huis was groot.”

7 1 Nadat Hy klaar gepraat het met die mense, het Hy K’far-Nagum binnegegaan.
2 Die slaaf van ’n sekere kaptein oor ’n honderd, wat vir hom kosbaar was, was baie siek en het op sterwe gelê.
3 Hy het van Yeshua gehoor en oudstes van die Jode na Hom toe gestuur met die versoek dat Hy moes kom en die lewe van sy slaaf moes red.
4 Toe hulle by Yeshua kom, het hulle Hom ernstig versoek en gesê: “Hy is waardig dat U dit vir hom doen,
5 want hy het ons volk lief en het self die bymekaarkomplek vir ons gebou.”
6 Yeshua het saam met hulle gegaan, maar toe Hy nie ver van die huis af was nie, stuur die kaptein oor ’n honderd vriende na Hom om vir Hom te sê: “My Meester, moenie moeite doen nie, want ek is nie waardig dat U onder my dak inkom nie;
7 daarom het ek my ook nie by regte geag om na U te gaan nie, maar sê ’n woord en my dienskneg sal gesond word,
8 want ek is ook ’n man wat onder outoriteit gesit is en ek het soldate onder my en vir hierdie een sê ek: ‘Gaan!’ en hy gaan en vir ’n ander een: ‘Kom!’ en hy kom en vir my slaaf: ‘Doen dit!’ en hy doen dit.”
9 Toe Yeshua dit hoor, het Hy hom verwonder oor hom en Hy draai Hom om en sê vir die mense wat saam met Hom loop: “Ek sê vir julle, selfs nie in Yisra’el het Ek so ’n groot vertroue gekry nie.”
10 Toe die wat gestuur was, teruggaan in die huis, vind hulle die siek slaaf reeds gesond.
11 Dit het gebeur dat Hy, Sy studentevolgelinge en ’n skare mense saam met Hom, die volgende dag na ’n dorp met die naam van Na’in gegaan het.
12 Toe Hy die poort van die dorp nader, sien Hy daar word ’n dooie uitgedra, die enigste seun van sy moeder, ’n weduwee en baie mense van die dorp was saam met haar.
13 Yeshua het haar gesien en het liefdevol omgegee vir haar en vir haar gesê: “Moenie huil nie!”
14 Hy het nadergegaan, die draagbaar aangeraak en die draers het gaan staan en Hy sê: “Jongman, Ek sê vir jou, staan op!”
15 Hy wat dood was het regop gesit, begin praat en Hy het hom vir sy moeder gegee.
16 Respekvolle vrees het almal aangegryp en hulle het God vereer, geloof en aanbid en gesê: “’n Groot profeet het tussen ons opgestaan en God het Sy volk besoek.”
17 Hierdie boodskap aangaande Hom het uitgegaan in die hele Y’hudah en in die omliggende gebied.
18 Die studentevolgelinge van Yoganan het hom oor al hierdie dinge ingelig
19 en Yoganan het twee van sy studentevolgelinge na hom toe geroep en hulle na Yeshua gestuur om te vra: “Is U die Een wat sou kom, of moet ons vir ’n ander een wag?”

20 Die manne het by Hom gekom en vir Hom gesê: “Yoganan die Doper het ons na U gestuur en gevra: ‘Is U die Een wat sou kom, of moet ons vir ’n ander Een wag?’”
21 In daardie uur het Hy baie mense genees van siektes, plae, bose geeste en aan baie blindes hulle sig gegee.
22 Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Gaan vertel aan Yoganan alles wat julle gesien en gehoor het: [Yes 26:19; 35:5-6; 61:1] hulle wat blind was, sien; hulle wat lam was, loop; hulle wat melaats was, word gereinig; hulle wat doof was, hoor; hulle wat dood was, staan op; aan hulle wat arm is, word die goeie boodskap verkondig
23 en geseënd is hy wat nie oor My aanstoot neem nie.”
24 Nadat die boodskappers van Yoganan weggegaan het, begin Hy om vir die mense aangaande Yoganan te sê: “Wat het julle uitgegaan om in die wildernis te sien? ’n Riet wat deur die wind geskud word?
25 Wat het julle egter uitgegaan om te sien? ’n Man aangetrek in sagte klere? Let op, die wat eerbare klere het en in luuksheid leef, is in die huis van ’n koning.
26 Andersins, wat het julle uitgegaan om te sien? ’n Profeet? Ja, Ek sê vir julle, nog baie meer as ’n profeet!
27 Dit is hy van wie daar geskrywe is: ‘Let op, Ek stuur My boodskapper voor U Teenwoordigheid uit, wat U pad voor U voorberei.’ [Mal 3:1]
28 Ek sê vir julle, onder die wat uit vroue gebore is, is daar geen profeet groter as Yoganan, die Doper, nie, maar die kleinste in die Koninkryk van God is groter as hy.”
29 Al die mense wat dit gehoor het, asook die belastinggaarders, het deurdat hulle hulle laat doop het met die doop van Yoganan, dit as reg verklaar,
30 maar die Fariseërs en die leraars van die wet het God se wil verwerp in hulle verstand, wil en emosie, want hulle is nie deur hom gedoop nie.
31 “Waarmee sal Ek daarom die mense van hierdie geslag vergelyk en soos wie is hulle?”
32 Hulle is net soos seuns wat in die strate sit en na hulle vriende roep en sê: ‘Ons het vir julle gesing en julle het nie gedans nie; ons het vir julle geskreeu en julle het nie gehuil nie,’
33 want Yoganan, die Doper, het gekom en het nie brood geëet of wyn gedrink nie en julle sê: ‘Hy het ’n demoon.’
34 Die Seun van die mens het gekom en Hy eet en drink en julle sê: ‘Let op, dié Mens is ’n vraat en ’n wynsuiper, ’n vriend van belastinggaarders en sondaars.’
35 Wysheid word regverdig deur sy werke.”
36 Een van die Fariseërs het Hom genooi om by hom te eet en Hy het in die huis van die Fariseër gegaan en aan tafel gaan skuinslê.
37 ’n Vrou in die stad, ’n sondares, wat agtergekom het dat Hy in die Fariseër se huis bly, het ’n albaste fles met geparfumeerde olie gebring
38 en agter Hom by sy voete gaan staan en gehuil en Sy voete begin natmaak met haar trane en hulle afgedroog met die hare op haar kop en sy het Sy voete gesoen en met gegeurde olie gesalf.

39 Toe die Fariseër wat Hom genooi het, dit sien, het hy in homself gedink en gesê: "As Hy 'n profeet was, sou Hy geweet het wie sy, wat Hom aanraak, is en wat haar reputasie as sondares is."

40 Yeshua antwoord en sê vir hom: "Shim'on, Ek het iets om aan jou te sê." Hy sê vir Hom: "Leermeester, sê dit."

41 Yeshua sê vir hom: "Twee skuldenaars het 'n landeienaar geld geskuld; die een het vyf honderd denarii geskuld en die ander een vyftig,

42 maar hulle kon dit nie betaal nie en hy het albei vrygeskeld. Wie sê jy, sal daarvolgens, hom die meeste liefhê?"

43 Shim'on antwoord en sê: "Ek veronderstel dié een wie hy die meeste vrygeskeld het" en Hy antwoord hom: "Jy het reg geoordeel."

44 Hy draai na die vrou toe en sê vir Shim'on: "Sien jy hierdie vrou? Ek het in jou huis ingekom; jy het nie water vir My voete gegee nie, maar sy het met haar trane My voete natgemaak en met die hare van haar kop afgedroog.

45 Jy het My nie 'n soen gegee nie, maar let op, vandat sy ingekom het, het sy nie opgehou om My voete te soen nie.

46 Jy het nie My kop met olyfolie gesalf nie, maar sy het My voete met gegeurde olie gesalf;

47 daarom sê Ek vir jou dat haar baie sondes vergewe is, want sy het baie liefgehad, maar hy vir wie 'n bietjie vergewe is, het minder lief."

48 Hy sê vir daardie vrou: "Jou sondes is vir jou vergewe."

49 Toe begin die wat aan tafel was, in hulleself sê: "Wie is hierdie wat selfs sondes vergewe?"

50 Yeshua sê vir die vrou: "Jou vertroue het vir jou lewe gegee; gaan in vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid."

8 1 Dit was na hierdie dinge dat Yeshua rondgereis het deur stede en dorpe en Hy het die boodskap verkondig, die Koninkryk van God aangekondig en die twaalf was saam met Hom,

2 asook vroue wat genees was van bose geeste en siektes: Miryam, wat van Migdala gekom het, uit wie sewe demone uitgegaan het,

3 Yoganah, die vrou van Kuza, 'n kommissaris van Herodes, Shoshanah en baie ander wat Hom met hulle eie besittings bedien het.

4 Toe daar 'n groot groep mense vergader wat uit die verskillende stede na Hom toe gekom het, sê Hy vir hulle deur 'n vergelykende storie:

5 "'n Saaier het uitgegaan om sy saad te saai en terwyl hy saai, val sommige aan die kant van die pad en is vertrap en 'n voël het dit opgeëet.

6 Ander saad het op die rots geval en onmiddellik ontkiem en toe verdroog omdat dit geen vog gehad het nie.

7 Ander saad het tussen die dorings geval en die dorings het saam gegroei en het dit versmoor.

8 Ander saad het in die goeie en uitstekende grond geval en ontkiem en honderdvoudige vrug gelewer." Nadat Hy dit gesê het, roep Hy uit: "Wie 'n oor het wat wil hoor, laat hom luister!"

9 Sy studentevolgelinge het Hom gevra en gesê: “Wat is hierdie vergelykende storie?”

10 Hy antwoord: “Aan julle is gegee om die geheime van die Koninkryk van God te ken, maar met die ander word deur vergelykende stories gepraat sodat hulle, kykende, nie sien nie en horende, nie verstaan nie. Yes 6:9

11 Hierdie is die vergelykende storie: die saad is die boodskap van God.

12 Dié langs die pad is hulle wat hoor. Daarna kom die vyand en vat die boodskap uit hulle verstand, wil en emosie weg sodat hulle nie vertrou en sal lewe nie.

13 Dié op die rots is hulle wat die boodskap met vreugde ontvang wanneer hulle dit hoor, maar hulle het geen wortel nie, aangesien hulle net vir ’n tyd vertrou en in die tyd van toetsing val hulle weg.

14 Wat in die dorings geval het, is die wat gehoor het en hulle gaan weg en word versmoor deur die bekommernisse, rykdom en begeertes van die wêreld en dra geen vrugte nie.

15 Wat in die vrugbare grond val; dit is dié wat die boodskap met ’n skoon en goeie verstand, wil en emosie hoor en daaraan vashou en voortdurend vrugte dra met geduld.

16 Niemand steek ’n lamp aan en bedek dit met ’n houer of sit dit onder ’n bed nie, maar hy sit dit op ’n lampstaander sodat almal wat inkom, die lig kan sien,

17 want daar is niks bedek wat nie openbaar sal word nie, of weggesteek wat nie bekend sal word en openbaar word nie.

18 Wees daarom versigtig hoe julle luister, want wie ook al het, aan hom sal gegee word en elkeen wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook dit wat hy dink hy het.”

19 Sy moeder en broers het na Hom toe gekom en weens die skare mense kon hulle nie met Hom praat nie.

20 Hulle sê vir Hom: “U moeder en U broers staan buite en wil U sien,”

21 maar Hy antwoord en sê vir hulle: “Hierdie is My moeder en My broers, hulle wat die boodskap van God hoor en dit doen.”

22 Dit was op een van dié dae dat Hy en Sy studentevolgelinge in ’n boot geklim en Hy vir hulle gesê het: “Laat ons oorgaan na die oorkant van die meer.”

23 Terwyl hulle seil, het Yeshua geslaap en daar was ’n stormwind oor die meer en die boot was in gevaar om te sink.

24 Hulle het gekom en Hom wakker gemaak en gesê: “Ons Meester, ons Meester, ons word vernietig!” Hy het opgestaan en die wind en die golwe van die see bestraf en hulle het opgehou en daar het ’n kalmte gekom. Yes 51:15

25 Hy sê vir hulle: “Waar is julle vertroue?” Hulle was egter in respekvolle vrees en verwonderd en het vir mekaar gesê: “Wie is Hy dan dat Hy ook die winde en die water beveel en hulle gehoorsaam Hom!”

26 Hulle het geseil en aangekom in die gebied van die Gadareners, wat oorkant die Galila is.

27 Toe Hy uitklim op die land, kom ’n sekere man uit die stad na Hom toe, wat vir ’n lang tyd ’n demoon in hom gehad het, geen klere gedra het nie en ook nie in ’n huis gebly het nie, maar by die grafte.

28 Toe hy Yeshua sien, skree hy uit en val voor Hom neer en sê met ’n harde stem: “Wat het ek met U te doen, Yeshua, Seun van die Allerhoogste God? Ek smeek U, moet my nie straf nie,”
29 want Yeshua het die vuil gees beveel om uit die man uit te gaan. Dit was ’n lang tyd wat hy besete was en hulle het hom in kettings geboei en in voetboeie vasgemaak en hy het die kettings uitmekaar geruk en die demoon het hom na die wildernis gedryf.
30 Yeshua vra vir hom: “Wat is jou karakter en outoriteit?” Hy antwoord: “Legio,” want baie demone het in hom ingegaan.
31 Hulle het Hom gesmeek dat Hy hulle nie sou beveel om in die bodemlose put in te gaan nie.
32 Daar was ’n groot trop varke wat op die berg gewei het en hulle smeek Hom dat Hy hulle sou toelaat om in hulle in te gaan en Hy het hulle toegelaat.
33 Die demone het uit die man uitgegaan, in die varke in en dadelik het die trop van die oorhangsel af in die meer ingestorm en verdrink.
34 Toe die wagters sien wat gebeur het, het hulle gevlug en dit in die stad en in die omgewing gaan vertel.
35 Die manne het uitgegaan om te sien wat gebeur het en hulle het by Yeshua gekom en die man, uit wie die demone uitgegaan het, gesien sit by Yeshua se voete, aangetrek en by sy verstand en hulle het respekvol gevrees.
36 Die wat dit gesien het, het aan hulle vertel hoe die een wat deur demone beheer is, bevry is
37 en al die Gadareners het Hom gevra om van hulle af weg te gaan, want ’n groot vrees het hulle aangegryp. Yeshua het in die boot geklim en teruggegaan van hulle af weg.
38 Die man wat bevry is van die demone, het egter gepleit om by Hom te kan bly, maar Yeshua het hom laat gaan en gesê:
39 “Gaan terug na jou huis toe en vertel al die groot dinge wat God vir jou gedoen het.” Hy het gegaan en deur die hele stad verkondig watter groot dinge Yeshua vir hom gedoen het.
40 Toe Yeshua terugkom, het ’n groot skare mense Hom ontvang, want hulle het na Hom gesoek.
41 ’n Man met die naam van Ya’ir, hoof van die bymekaarkomplek, het voor die voete van Yeshua neergeval en Hom versoek om na sy huis toe te kom,
42 want sy enigste dogter, van ongeveer twaalf jaar oud, het op sterwe gelê. Terwyl Yeshua saam met hom gegaan het, het ’n groot skare mense om Hom aangedruk
43 en ’n sekere vrou, wat twaalf jaar lank bloedvloeiing gehad het en alles wat sy het aan dokters uitgegee het en deur niemand gesond gemaak kon word nie,
44 het van agter af gekom en die bloulyn-soomtossel aan Sy kleed aangeraak en onmiddellik het haar vloei van bloed gestop.
45 Yeshua sê: “Wie het aan My geraak?” Toe almal dit ontken, sê Shim’on Kefa en die wat saam met hom was: “Ons Meester, die mense druk teen U aan en U sê: ‘Wie is dit wat aan My geraak het?’”
46 Hy sê: “Iemand het aan My geraak, want Ek weet dat krag vanaf My uitgegaan het.”

47 Toe die vrou sien dat dit nie Sy aandag ontsnap het nie, kom sy bang en val in eerbetoning voor Hom neer en maak bekend voor al die mense waarom sy aan Hom geraak het en hoe sy onmiddellik gesond geword het.
48 Yeshua sê vir haar: "Wees bemoedig, My dogter, jou vertroue het vir jou lewe gegee. Gaan in vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid."
49 Terwyl Hy nog praat, kom daar 'n man van die huis van die hoof van die bymekaarkomplek af en sê vir hom: "U dogter is dood, moenie die Leermeester pla nie."
50 Yeshua het dit gehoor en sê vir die vader van die meisie: "Moenie bang wees nie. Vertrou net en sy sal lewe."
51 Yeshua het by die huis gekom en niemand toegelaat om saam met Hom in te gaan nie, behalwe Shim'on, Ya'akov, Yoganan en die vader en moeder van die meisie
52 en almal het gehuil en oor haar getreur, maar Yeshua sê: "Moenie huil nie; sy is nie dood nie, maar slaap."
53 Hulle het vir Hom gelag, want hulle het geweet dat sy dood is.
54 Hy het almal uitgestuur na buite en haar aan haar hand vasgehou en na haar geroep en gesê: "Dogtertjie, staan op!"
55 Haar gees het teruggekom en sy het onmiddellik opgestaan. Hy het hulle beveel om vir haar kos te gee
56 en haar ouers was verstom, maar Hy het hulle gewaarsku om aan niemand te sê wat gebeur het nie.

9 1 Yeshua roep die twaalf en gee aan hulle krag en outoriteit oor al die demone en siektes om die siekes gesond te maak
2 en Hy het hulle uitgestuur om die Koninkryk van God te verkondig en die siekes gesond te maak
3 en vir hulle gesê: "Vat niks saam nie; geen staf of beursie vir die pad, of brood of geld nie en moenie twee kledingstukke by julle hê nie.
4 In watter huis julle ook mag ingaan, bly dáár en gaan van dáár af uit
5 en as iemand julle nie ontvang nie, wanneer julle van daardie stad af weggaan, skud die stof van julle voete af, tot 'n getuienis teen hulle."
6 Die afgevaardigdes het uitgegaan na die dorpe en stede en in elke plek die goeie boodskap verkondig en siekes gesond gemaak.
7 Herodes, die heerser oor 'n kwart van die land, hoor toe van al die dinge wat deur Hom gedoen is en hy was verwonderd daaroor omdat sommige gesê het dat Yoganan uit die dood uit opgestaan het,
8 maar ander dat Eliyahu verskyn het en ander dat een van die ou profete opgestaan het.
9 Herodes het gesê: "Yoganan het ek onthoof, maar wie is hierdie man van wie ek sulke dinge hoor?" Hy het begeer om Hom te sien.
10 Toe die afgevaardigdes terugkom, het hulle aan Yeshua alles wat hulle gedoen het vertel en Hy het hulle alleen na 'n verlate plek in die streek van Beit-Tzaidah gevat,

11 maar toe die mense dit te wete kom, het hulle Hom gevolg en Hy het hulle ontvang en met hulle gepraat oor die Koninkryk van God en die wat genesing nodig gehad het, gesond gemaak.

12 Toe die dag einde se kant toe staan, kom Sy studentevolgelinge na Hom toe en sê vir Hom: "Stuur die mense weg sodat hulle na die dorpe en plase in die omtrek kan gaan om te oornag en vir hulleself kos kan kry, want ons is hier in 'n verlate plek."

13 Yeshua sê vir hulle: "Gee julle vir hulle kos," maar hulle sê: "Daar is nie meer as vyf brode en twee visse by ons nie, tensy ons kos gaan koop vir al hierdie mense,"

14 want daar was omtrent vyf duisend mans, maar Hy sê vir Sy studentevolgelinge: "Laat hulle in groepe van vyftig sit."

15 Sy studentevolgelinge het dit so gedoen en almal laat sit.

16 Yeshua vat die vyf brode en die twee visse, kyk op na die hemel, seën dit, breek dit en gee dit aan die studentevolgelinge om aan die mense voor te sit

17 en hulle het almal geëet en is versadig en hulle het twaalf (12) mandjies vol van die oortollige stukke opgetel.

18 Toe Hy alleen was, besig om te bid, was die studentevolgelinge by Hom en Hy vra hulle en sê: "Wie sê die mense is Ek?"

19 Hulle antwoord en sê: "Yoganan, die Doper, ander weer Eliyahu, ander weer dat een van die ou profete opgestaan het."

20 Hy sê vir hulle: "Maar julle, wie sê julle is Ek?" Shim'on antwoord en sê: "dié Gesalfde Een van God!"

21 Hy het hulle ernstig gewaarsku om dit aan niemand te vertel nie.

22 Hy sê vir hulle: "Die Seun van die mens gaan baie ly en verwerp word deur die oudstes, leierpriesters en leraars van die wet, hulle sal Hom vermoor en op die derde dag sal Hy opstaan."

23 Hy sê voor almal: "Wie ook al agter My aan wil kom, moet homself ontken en sy kruis elke dag opneem en My volg,

24 want wie sy lewe wil red, sal dit vernietig, maar hy wie se lewe om My ontwil vernietig word, hy sal dit red,

25 want watter voordeel is dit vir 'n mens as hy die hele wêreld verkry, maar sy lewe vernietig of verloor?

26 Wie hom ook al skaam vir My en My boodskap, vir hom sal die Seun van die mens Hom skaam wanneer Hy in die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van Sy Vader en van die afgesonderde engele kom.

27 Ek sê vir julle in waarheid: daar is sommige van die wat hier staan, wat die dood sekerlik nie sal smaak voordat hulle die Koninkryk van God gesien het nie."

28 Dit het omtrent agt dae ná hierdie boodskap gebeur dat Hy vir Kefa, Yoganan en Ya'akov saamgeneem het teen 'n berg op om te bid

29 en terwyl Hy in gebed was, het die voorkoms van Sy gesig verander en Sy klere het glansend wit geword.

30 Let op, twee manne het met Hom gepraat, hulle was Mosheh en Eliyahu.

31 Hulle het in die Gemanifesteerde Teenwoordigheid verskyn en oor Sy weggaan, wat in Yerushalayim vervul sou word, gepraat,

32 maar Kefa en die wat saam met hom was, was deur die slaap en het met moeite wakker geword en Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid gesien en die twee manne wat by Hom staan.

33 Terwyl hulle van Hom af weggaan, sê Shim'on vir Yeshua: "Leermeester, dit is goed dat ons hier is; laat ons dan drie tente maak, een vir U, vir Mosheh een en een vir Eliyahu." Hy het nie geweet wat hy sê nie.

34 Nadat hy dit gesê het, kom daar 'n wolk en vorm 'n tent rondom hulle en hulle het bang geword toe hulle Mosheh en Eliyahu in die wolk sien ingaan.

35 Daar kom 'n Stem uit die wolk wat sê: "Hierdie is My Seun vir Wie Ek lief is; luister na Hom!"

36 Ná die stem, was Yeshua alleen en hulle het stilgebly en aan niemand in daardie dae enige iets vertel van wat hulle gesien het nie.

37 Dit het gebeur dat, toe hulle die volgende dag van die berg afkom, 'n groot skare mense Hom ontmoet.

38 'n Man roep vanuit die mense en sê: "Leermeester, ek smeek U, herstel my seun tot my, want hy is my enigste.

39 'n Gees kom skielik oor hom en hy gil onverwags en kners op sy tande en hy word siek en dit gaan moeilik van hom af weg wanneer dit hom aanval

40 en ek het U studentevolgelinge gesmeek om dit uit te dryf en hulle kon nie."

41 Yeshua antwoord en sê: "O, korrupte geslag sonder vertroue, hoe lank sal Ek by julle wees en julle verdra? Bring jou seun hier."

42 Toe hy naderkom aan Hom, gooi die demoon hom neer en laat hom inmekaartrek en Yeshua het die vuil gees bestraf, die seun genees en hom aan sy vader teruggegee.

43 Almal was verwonderd oor die majesteit van God. Toe almal verwonderd was oor alles wat Yeshua gedoen het, sê Hy vir Sy studentevolgelinge:

44 "Laat die boodskap insink wat Ek in julle ore gee, want die Seun van die mens gaan oorgegee word in die hande van die mense."

45 Hulle het egter nie verstaan wat gesê is nie omdat dit vir hulle verborge was sodat hulle dit nie sou verstaan nie en hulle was bang om Hom iets te vra daaroor.

46 Daar het 'n debat onder hulle ontstaan oor wie van hulle die grootste was,

47 maar Yeshua, wat die oorwegings van hulle verstand, wil en emosie geken het, neem 'n seun en laat dié by Hom staan

48 en sê vir hulle: "Wie dan 'n kind soos hierdie ontvang in My Karakter en Outoriteit, ontvang My en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het, want wie die kleinste onder julle almal is, hy sal groot wees."

49 Yoganan antwoord en sê: "Ons Meester, ons het iemand gesien wat in U Karakter en Outoriteit 'n demoon uitdryf en ons het hom verbied omdat hy U nie saam met ons volg nie."

50 Yeshua sê vir hulle: "Moet hom nie verbied nie, want wie nie teen julle is nie, is vir julle."

51 Toe die dae van Sy opgaan nader kom, het Hy Homself voorberei om na Yerushalayim te gaan

52 en boodskappers voor Hom uitgestuur. Hulle het vertrek en in 'n dorp in Shomron ingegaan om vir Hom voor te berei

53 en hulle het Hom nie ontvang nie omdat Hy op pad was Yerushalayim toe.
54 Toe Sy studentevolgelinge, Ya'akov en Yoganan, dit sien, sê hulle: "Ons Meester, wil U hê ons moet vuur van die hemel af roep en hulle verteer, net soos Eliyahu gedoen het?" [2 Kon 1:9-16]
55 Hy draai Hom om en bestraf hulle en sê: "Julle weet nie van watter gees julle is nie,
56 want die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewens te vernietig nie, maar om lewe te gee." Hulle het na 'n ander dorp gereis en
57 terwyl hulle op pad was, sê iemand vir Hom: "My Meester, ek sal saam met U gaan, waar U ook mag gaan!"
58 Toe sê Yeshua vir hom: "Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel het neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy Sy kop kan neerlê nie."
59 Hy sê vir 'n ander een: "Kom, volg My," maar hy antwoord: "My Meester, laat my toe om eers my vader te gaan begrawe."
60 Yeshua sê vir hom: "Laat die dooies hulle eie dooies begrawe, maar gaan jy en kondig die Koninkryk van God aan."
61 'n Ander een sê vir Hom: "My Meester, ek sal U volg, maar laat my eers toe om tot siens te sê aan die seuns wat in my huis is."
62 Yeshua antwoord hom: "Niemand wat sy hand aan die ploeg of juk slaan en agtertoe kyk, is waardig vir die Koninkryk van God nie." [Gen 19:26]

10 1 Ná hierdie dinge het Yeshua sewentig ander aangestel vanuit Sy studentevolgelinge en hulle twee-twee voor Hom uitgestuur na elke stad en plek waarheen Hy voorberei het om te gaan.
2 Hy sê vir hulle: "Die oes is groot en die werkers is min. Bid daarvolgens die Meester van die oes om arbeiders in Sy oes uit te stuur.
3 Let op, gaan! Ek stuur julle soos lammers tussen wolwe.
4 Neem geen beurs of reissak of sandale nie en groet niemand op die pad nie,
5 maar in watter huis julle ook al mag ingaan, sê eers: 'Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir hierdie huis'
6 en as daar 'n seun van vrede (harmonie) is, sal julle vrede op hom rus; anders sal dit na julle toe terugkom.
7 Bly dan in dieselfde huis en eet en drink wat hulle het, want die werker verdien sy loon. [Deut 25:4; 1 Kor 9:9; Gal 6:6; 1 Tim 5:18] Moenie wissel van huis tot huis nie
8 en in watter stad julle ook mag ingaan en hulle ontvang julle, eet wat aan julle voorgesit word
9 en genees die siekes wat daarin is en sê vir hulle: 'Die Koninkryk van God is naby julle,'
10 maar in watter stad julle ook al ingaan en hulle jul nie ontvang nie, gaan uit in sy strate en sê:
11 'Die stof wat uit julle stad aan ons vassit, vee ons vir julle af; meer nog moet julle dit weet: dat die Koninkryk van God naby julle gekom het.'
12 Ek sê vir julle: vir S'dom sal dit meer uithoudbaar wees in dié dag as vir daardie stad.

13 Wee jou, Korazin! Wee jou, Beit-Tzaidah! Want as die kragtige dade in Tzor en Tzidon gebeur het wat in julle plaasgevind het, het hulle lankal in sak en as gesit, hulle sonde besef en berou gehad,
14 maar vir Tzor en Tzidon sal dit in die oordeel meer uithoudbaar wees as vir julle.
15 Vir jou, K'far-Nagum, wat tot die hemel toe verhoog is, jy sal tot Sh'ol toe afgegooi word. Yes 14:13,15
16 Wie na julle luister, luister na My en wie julle verwerp, verwerp My en wie My verwerp, verwerp Hom wat My gestuur het." Rom 13:1,2; 1 Kor 11:3; Heb 13:17
17 Die sewentig wat Hy gestuur het, het met vreugde teruggekom en gesê: "Ons Meester, selfs die demone is onderworpe aan ons in U Karakter en Outoriteit."
18 Hy sê egter vir hulle: "Ek het die teëstander soos 'n weerligstraal uit die hemel sien val.
19 Let op, Ek het vir julle die outoriteit gegee om op slange en skerpioene te trap en oor al die krag van die vyand en niks sal julle skade doen nie.
20 Meer nog, julle moenie bly wees dat die demone aan julle onderworpe is nie, maar wees bly dat julle name in die hemel opgeskryf is."
21 Op daardie oomblik het Yeshua, deur die Gees wat Afgesonderd is, gespring van vreugde en gesê: "Ek dank U, My Vader, Meester van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge weggesteek het vir wyse en slim mense en dit aan kinders openbaar het. Yes 29:14 Ja, My Vader, want so was dit U wil."
22 Hy het Hom omgedraai na Sy studentevolgelinge en vir hulle gesê: "Alles is aan My oorgegee deur My Vader en niemand weet wie die Seun is nie, behalwe die Vader en wie die Vader is nie, behalwe die Seun en hý aan wie die Seun dit wil openbaar."
23 Hy draai na Sy studentevolgelinge alleen en sê vir hulle: "Uitermate gelukkig is die oë wat sien wat julle sien,
24 want Ek sê vir julle, baie profete en konings het begeer om te sien wat julle sien en het dit nie gesien nie en om te hoor wat julle hoor en het dit nie gehoor nie."
25 Let op, 'n sekere leraar van die wet het opgestaan om Hom te toets en gesê: "Leermeester, wat moet ek doen om die ewige lewe te erf?"
26 Yeshua sê vir hom: "Wat is in die wet geskryf? Hoe lees jy?"
27 Hy antwoord en sê vir Hom: "Jy moet יהוה, jou God, liefhê vanuit jou hele verstand, wil en emosie en vanuit jou hele gees en vanuit al jou vermoëns en vanuit jou hele verbeelding en jou medemens net soos jouself." Lev 19:18; Deut 6:5
28 Yeshua sê vir hom: "Jy het reg geantwoord; doen dit en jy sal lewe."
29 Hy wou homself egter onskuldig verklaar en sê vir Hom: "En wie is my medemens?"
30 Yeshua sê vir hom: "'n Sekere man het afgegaan vanaf Yerushalayim na Yerigo en boewe het hom aangeval, hom beroof, geslaan en hom half dood gelos en weggegaan.
31 Dit het gebeur dat 'n sekere priester met daardie pad afgekom het en toe hy hom sien, het hy verbygegaan
32 en net so het ook 'n Leviet by dié plek gekom en hom gesien en verbygegaan,

33 maar ’n sekere man van Shomron wat op reis was, het op hom afgekom en toe hy hom sien, het hy vir hom omgegee
34 en na hom toe gegaan, sy wonde verbind en olyfolie en wyn daarop gegooi. Hy het hom toe op sy eie dier geplaas en hom na ’n herberg gevat en vir hom gesorg.
35 Toe hy die volgende oggend weggaan, haal hy twee denarii uit en gee dit aan die herbergier en sê vir hom: ‘Sorg vir hom en enige onkoste wat jy nog meer mag hê, sal ek jou betaal as ek terugkom.’
36 Daarvolgens, wie van hierdie drie, dink jy, was die medemens van hom wat onder die boewe verval het?”
37 Hy antwoord toe: “Hy wat vir hom omgegee het.” Yeshua sê vir hom: “Gaan en doen jy net so.”
38 Dit was terwyl hulle gereis het dat hulle in ’n sekere dorp gekom en ’n vrou met die naam van Marta Hom in haar huis ontvang het.
39 Sy het ’n suster gehad met die naam van Miryam en dié het langs die voete van ons Meester gesit en na Sy boodskap geluister,
40 maar Marta was baie besig om gereed te staan om te bedien. Sy kom toe na Hom toe en sê: “My Meester, gee U nie om dat my suster my alleen laat bedien nie? Sê dan vir haar dat sy my moet help.”
41 Yeshua antwoord en sê vir haar: “Marta, Marta, jy is bekommerd en omgekrap oor baie dinge,
42 maar een ding is nodig; Miryam het die voordelige deel vir haarself gekies, wat nie van haar weggeneem sal word nie.”

11 1 Hy was op ’n sekere plek besig gewees om te bid. Nadat Hy klaar gebid het, het een van Sy studentevolgelinge vir Hom gevra: “Ons Meester, leer ons bid, soos Yoganan ook sy studentevolgelinge geleer het.”
2 Hy sê vir hulle: “Wanneer julle bid, sê: Ons Vader wat in die hemel is,
3 U Karakter en Outoriteit bly afgesonderd; laat U Koninkryk kom; laat U besluite uitgevoer word, net soos in die hemel, so ook op die aarde; gee vir ons elke dag dié brood wat ons nodig het
4 en vergewe wat ons verkeerd gedoen het, want ons vergewe ook elkeen wat teenoor ons verkeerd doen en bring ons nie waar ons getoets word nie, maar bevry ons van die bose een.”
5 Hy sê vir hulle: “Wie van julle het ’n vriend en sal om middernag na hom toe gaan en vir hom sê: ‘Vriend, leen my drie brode,
6 want ’n vriend van my wat op reis was, het by my aangekom en ek het niks om aan hom voor te sit nie.’
7 Die aan die binnekant mag dalk antwoord en sê: ‘Moenie my pla nie; let op, die deur is al gesluit en my seuns is al saam met my in die bed; ek kan nie opstaan om vir jou te gee nie.’
8 Ek sê vir julle, al sou hy nie opstaan en vir hom gee omdat hy sy vriend is nie, sal hy tog ter wille van sy volharding opstaan en hom gee soveel as wat hy nodig het.
9 Ek sê vir julle: hou aan vra en vir julle sal gegee word; hou aan soek en julle sal vind; hou aan klop en vir julle sal oopgemaak word,

10 want elkeen wat aanhou vra, ontvang en hy wat aanhou soek, vind en vir hom wat aanhou klop, sal oopgemaak word.
11 Watter vader hier sal, as sy seun brood vra, vir hom ’n klip gee; of in plaas van ’n vis, vir hom ’n slang gee;
12 of as hy ’n eier vra, vir hom ’n skerpioen gee?
13 As julle wat sleg is, weet om goeie geskenke vir julle seuns te gee, hoeveel te meer sal julle Vader die Gees wat Afgesonderd is vanaf die hemel gee aan die wat Hom vra?”
14 Toe Hy ’n stommakende demoon uitgedryf het, was dit dat, toe die demoon uitgaan, die stom man gepraat het en die mense was verwonderd,
15 maar sommige van hulle het gesê: “Deur Ba’al-Z’vuv, die heerser van die teëstanders, dryf Hy die demone uit.”
16 Ander het Hom egter getoets en van Hom ’n teken uit die hemel verwag,
17 maar omdat Yeshua hulle gedagtes geken het, het Hy vir hulle gesê: “Elke realm wat teen homself verdeeld is, sal vernietig word en elke huis wat teen sy natuur verdeeld is, val.
18 As die teëstander teen homself verdeeld is, hoe kan sy koninkryk bly staan, want julle sê dat Ek deur Ba’al-Z’vuv die demone uitdryf?
19 Indien Ek deur Ba’al-Z’vuv die duiwels uitdryf, deur wie dryf julle seuns hulle uit? Hulle sal daarom julle regters wees,
20 maar as Ek deur die vinger van God die duiwels uitdryf, dan het die Koninkryk van God naby julle gekom.
21 Wanneer ’n sterk man, goed bewapen, sy huis bewaak, is sy besittings in vrede en oorvloed,
22 maar wanneer een kom wat sterker as hy is en hom oorwin, neem hy al sy wapens, waarop hy vertrou het, weg en deel sy buit uit.
23 Hy wat nie saam met My is nie, is teen My en hy wat nie saam met My bymekaarmaak nie, verstrooi.
24 Wanneer ’n vuil gees uit die mens uitgegaan het, gaan hy deur droë plekke en soek rus en as hy dit nie vind nie, sê hy: ‘Ek sal teruggaan na my huis vanwaar ek uitgegaan het.’
25 As hy kom en dit uitgevee en in orde vind,
26 dan gaan hy en bring sewe ander geeste, boser as hy self en hulle kom in en woon daar en die einde van daardie mens sal erger wees as die begin.”
27 Terwyl Hy dit sê, het ’n vrou uit die mense met ’n harde stem vir Hom gesê: “Gelukkig is die baarmoeder wat U gedra het en die borste wat U gevoed het.”
28 Hy sê vir haar: “Gelukkig is hulle wat die boodskap van God hoor en dit doen.”
29 Toe die skare saamdrom, begin Hy en sê: “Hierdie geslag is boos; dit soek na ’n teken en geen teken sal aan hul gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Yonah,
30 want net soos Yonah ’n teken geword het vir die mense van Ninveh, so sal die Seun van die mens ook wees vir hierdie geslag. [Mat 12:40]

31 Die koningin van die suide sal in die oordeel opstaan saam met die manne van hierdie geslag en hulle veroordeel, want sy het gekom van die eindes van die aarde af om die wysheid van Shlomo te hoor en let op, meer as Shlomo is hier!
32 Die manne van Ninveh sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag en dit veroordeel, want hulle het deur die verkondiging van Yonah berou gehad en verander en let op, meer as Yonah is hier!
33 Niemand steek 'n lamp op en sit dit in 'n geheime plek of sit dit onder die mandjie nie, maar op die lampstaander sodat dié wat inkom, sy lig kan sien.
34 Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog dan helder is, is jou hele liggaam ook verlig, maar as dit boos is, is jou liggaam vol duisternis.
35 Wees versigtig dat die lig in jou nie duisternis is nie.
36 As jou hele liggaam dan vol lig is en nie enige deel het wat donker is nie, sal dit heeltemal helder wees en net soos 'n helder lamp vir jou lig gee."
37 Terwyl Hy praat, het 'n sekere Fariseër Hom genooi om by hom te kom eet en Hy het ingegaan en aan tafel gaan skuinslê.
38 Toe die Fariseër dit sien, was hy verwonderd omdat Hy nie voor die maaltyd eers gewas het nie,
39 maar Yeshua sê vir hom: "Nou, julle Fariseërs, julle maak die buitekant van die beker en die bord skoon, maar aan die binnekant is julle vol verkragting en boosheid.
40 Dwase, het Hy wat die buitekant gemaak het, nie die binnekant ook gemaak nie?
41 Nogtans, wat jy ook al het, gee dit as aalmoese en let op, alles sal vir jou rein wees.
42 Tog, wee julle, Fariseërs, want julle gee tiendes van kruisement, wynruit (dille) en elke soort krui en julle ignoreer die regverdige oordeel en die liefde van God. Hierdie dinge moet julle doen sonder om die ander na te laat. [Deut 14:22; Mat 23:23]
43 Wee julle, Fariseërs, want julle is lief vir die eersteklas sitplekke in die bymekaarkomplekke en vir die openbare groete op straat.
44 Wee julle, leraars van die wet en Fariseërs, toneelspelers van 'n vals karakter, want julle is net soos versteekte grafte en die mense wat daaroor loop, weet dit nie."
45 Toe antwoord een van die kenners van die wet en sê vir Hom: "Leermeester, as U só praat, beledig U ons ook."
46 Hy sê: "Wee julle ook, kenners van die wet, want julle oorlaai die mense met laste wat pynlik is om te dra en self verroer julle nie een vinger om te help nie.
47 Wee julle, want julle bou die grafte van die profete en julle vaders het hulle gedood.
48 Julle gee hierdeur getuienis van die dade van julle vaders en keur dit goed, want hulle het hul gedood en julle bou hulle grafte.
49 Die wysheid van God het daarom ook gesê: 'Ek sal profete en afgevaardigdes na hulle stuur en van dié sal hulle doodmaak en vervolg
50 sodat van hierdie geslag die bloed van al die profete wat vergiet is van die grondlegging van die wêreld af, opgeëis kan word.

51 Vanaf die bloed van Hevel tot by die bloed van Z'kharyah wat doodgemaak is tussen die altaar en die Afgesonderde plek.' Ja, Ek sê vir julle, dit sal opgeëis word van hierdie geslag. [2 Kro 24:20-22]
52 Wee julle, kenners van die wet, want julle het die sleutel van die kennis weggeneem. Self het julle nie ingegaan nie en julle het die wat wou ingaan, gekeer."
53 Nadat Hy dit aan hulle gesê het, het die leraars van die wet en die Fariseërs begin om ernstig aanstoot te neem aan Hom en Sy woorde verkleineer
54 en bedrieglik teenoor Hom opgetree op baie maniere terwyl hulle gesoek het na iets uit Sy mond sodat hulle Hom kon beskuldig.

12 1 Terwyl 'n groot menigte van mense bymekaargekom het sodat hulle mekaar vertrap het, begin Yeshua om vir Sy studentevolgelinge te sê: "Eerstens moet julle versigtig wees onder julleself vir die suurdeeg van die Fariseërs, dit is, hulle vals toneelspel.
2 Daar is niks weggesteek wat nie openbaar sal word nie en geheim wat nie bekend sal word nie.
3 Alles wat julle in die donker sal sê, sal in die lig gehoor word en wat julle in die binnekamers in die ore gefluister het, sal op die dakke verkondig word,
4 maar Ek sê vir julle, My vriende: moenie bang wees vir hulle wat die liggaam doodmaak en daarna niks meer kan doen nie,
5 maar Ek sal julle wys wie julle moet vrees: vrees Hom wat, nadat Hy doodgemaak het, die outoriteit het om in die hel te werp; ja, Ek sê vir julle, vrees Hom!
6 Word vyf mossies nie vir twee assarii verkoop nie? Nie een van hulle is voor God vergete nie,
7 maar selfs die hare van julle kop is almal getel. Wees dan nie bang nie: julle is meer werd as baie mossies.
8 Ek sê vir julle: 'elkeen wat My sal erken voor die mense, hom sal die Seun van die mens ook erken voor die engele van God,
9 maar hy wat My ontken voor mense, sal ontken word voor die engele van God.
10 Elkeen wat 'n woord teen die Seun van die mens sal sê, dit sal hom vergewe word, maar vir hom wat sleg gepraat het teen die Gees wat Afgesonderd is, sal dit nie vergewe word nie.'
11 Wanneer hulle julle sal bring voor die vergaderings van die owerhede en die outoriteite, moet julle nie angstig wees oor hoe julle jul sal verdedig, of wat julle sal sê nie,
12 want die Gees wat Afgesonderd is, sal julle in daardie oomblik leer wat julle moet sê."
13 'n Man uit die skare sê vir Hom: "Leermeester, sê vir my broer dat hy die erfenis met my moet deel."
14 Yeshua sê egter vir hom: "Man, wie het My as regter of verdeler oor julle aangestel?"
15 Hy sê vir Sy studentevolgelinge: "Wees versigtig vir begeerlikhede, want lewe bestaan nie uit die oorvloed van besittings nie."

16 Hy vertel vir hulle hierdie vergelykende storie: “ ’n Sekere ryk man se grond het baie voortgebring
17 en hy het by homself gedink en gesê: ‘Wat sal ek doen, want ek het geen plek waarin ek my oes kan bymekaarmaak nie?’
18 Hy sê: ‘Dit sal ek doen: ek sal my skure afbreek en groter skure bou en ek sal al my opbrengste en my goed daarin bymekaarmaak
19 en ek sal vir myself sê: “Jy, jy het baie goed wat gestoor is en wat baie jare sal hou; rus, eet, drink en wees vrolik.”’
20 God het egter vir hom gesê: ‘Jou dwaas, in hierdie nag sal jou gees van jou teruggeneem word en wat jy voorberei het, wie s’n sal dit wees?’
21 So gaan dit met hom wat vir homself skatte bymekaarmaak en nie ryk is in God nie.”
22 Hy het vir Sy studentevolgelinge gesê: “Ek sê daarom vir julle: moenie angstig wees oor julle lewe nie, oor wat julle sal eet, of oor julle liggaam, wat julle sal aantrek nie.
23 Die gees is belangriker as kos en die liggaam as klere.
24 Let op die kraaie, want hulle saai nie en hulle oes nie; hulle het geen opgaarplek of skuur nie en tog voed God hulle. Hoeveel meer is julle nie werd as die voëls nie!
25 Wie onder julle kan, deur ywerig te wees, een el by sy lengte bysit?
26 As julle dan nie eens die kleinste kan doen nie, waarom probeer julle vir julleself sorg in die ander dinge?
27 Let op hoe die lelies groei: hulle werk nie en hulle spin nie en Ek sê vir julle, selfs Shlomo in al sy eer en lof was nie aangetrek soos een van hulle nie.
28 As God dan die gras van die veld, wat vandag daar is en môre in ’n oond gegooi word, so aantrek, [Ps 103:15,16] hoeveel keer beter is Hy nie vir julle nie, julle met min vertroue!
29 Julle moet ook nie angstig wees oor wat julle sal eet of drink nie en julle moenie onrustig wees daaroor nie,
30 want al hierdie dinge soek die volke van die wêreld en julle Vader weet dat julle hierdie dinge nodig het.
31 Soek in plaas daarvan die Koninkryk van God en al hierdie dinge sal vir julle bygesit word.
32 Moenie bang wees nie, klein kuddetjie, want julle Vader het dit gewil om aan julle die Koninkryk te gee.
33 Verkoop julle besittings en gee aan die behoeftiges; maak vir julle beurse wat nie oud word nie, belê in die onfeilbare in die hemel, waar geen dief naby kom of mot dit vernietig nie, [Ya’a 5:3]
34 want waar julle rykdom is, daar sal julle gedagtes, wil en emosie ook wees.
35 Laat julle heupe vasgegord wees en julle lampe aan die brand.
36 Julle moet wees soos mense wat op hulle meester wag wanneer hy van die huwelik af terugkom sodat as hy kom en klop, hulle dadelik vir hom kan oopmaak.
37 Baie gelukkig is daardie slawe vir wie hulle meester waaksaam sal vind as hy kom. Dit is waar, Ek sê vir julle, hy sal sy heupe vasgord en hulle aan tafel laat skuinslê en hulle kom bedien

38 en as hy in die tweede of in die derde wagskof kom, gelukkig is daardie slawe wat hy só kry,
39 maar verstaan dít: as die eienaar van die huis geweet het in watter uur die dief sou kom, sou hy waaksaam gewees het en nie in sy huis laat inbreek het nie.
40 Net so moet julle ook gereed wees omdat die Seun van die mens in ’n oomblik kom wanneer julle dit nie verwag nie.”
41 Shim’on Kefa sê vir Hom: “Ons Meester, vertel U hierdie vergelykende storie vir ons of ook vir almal?”
42 Yeshua sê vir hom: “Wie is dan die betroubare en wyse bestuurder wat die meester oor sy huishouding sal aanstel om vir hulle hul deel op die regte tyd te gee?
43 Baie gelukkig is daardie slaaf vir wie sy meester, as hy kom, só besig sal vind.
44 Waarlik, Ek sê vir julle, hy sal hom oor al sy besittings aanstel,
45 maar as daardie slaaf in sy hart sê: ‘My meester neem tyd om te kom’ en hy die dienskneg te en diensmaagde begin slaan en begin eet, drink en dronk word,
46 dan sal die meester van daardie slaaf kom, op ’n dag dat hy dit nie verwag nie en in ’n oomblik dat hy dit nie weet nie en hy sal hom afsny en sy deel bereken by dié sonder vertroue.
47 Daardie slaaf wat die wil van sy meester geken het en nie vir hom voorberei het volgens sy wil nie, sal met baie slae geslaan word,
48 maar hy wat nie geweet het nie en gedoen het wat slae verdien, sal min geslaan word en elkeen aan wie baie gegee is, van hom sal baie terug verwag word en aan hom wie hulle baie toevertrou het, van hom sal hulle baie meer vra.
49 Ek het gekom om vuur op die aarde te gooi [Yes 10:17] en Ek wens dat dit reeds gebrand het,
50 maar Ek het ’n doop om mee gedoop te word en Ek is in ’n groot stryd totdat dit voltooi is! [Luk 22:42-44]
51 Dink julle dat Ek gekom het om vrede in die wêreld te bring? Nee, Ek sê vir julle, eerder verdeeldheid,
52 want van nou af sal daar verdeeldheid wees in ’n huis van vyf; drie teen twee en twee teen drie.
53 Die vader sal verdeeld wees teen die seun en die seun teen die vader; die moeder teen die dogter en die dogter teen die moeder; die skoonmoeder teen haar skoondogter en die skoondogter teen haar skoonmoeder.” [Mik 7:6]
54 Hy het ook vir die mense gesê: “Wanneer julle ’n wolk in die weste sien opkom, sê julle dadelik: ‘Dit gaan reën’ en dit is so;
55 wanneer die suidewind waai, sê julle: ‘Dit sal warm wees’ en dit is so.
56 Toneelspelers van ’n vals karakter, die voorkoms van die aarde en die lug kan julle interpreteer, maar hoe is dit dat julle hierdie tye nie kan interpreteer nie?
57 Waarom onderskei julle nie ook vir julleself wat waarheid is nie?
58 Terwyl jy met jou aanklaer na die owerheid gaan, doen moeite op die pad om van hom af losgekoop te word sodat hy jou nie miskien voor die regter sleep en die regter jou oorgee aan die polisie en die polisie jou in die gevangenis gooi nie.
59 Ek sê vir jou, jy sal daar sekerlik nie uitkom voordat jy die laaste lepton (kleinste geldstukkie) ook betaal het nie.”

13 1 In dieselfde tyd was daar mense wat Hom vertel het van die mense van die Galila, wie se bloed Pilatos gemeng het met hulle offers
2 en Yeshua antwoord en sê vir hulle: "Dink julle dat hierdie manne van die Galila groter sondaars was as almal van die Galila omdat dit met hulle gebeur het?
3 Nee, Ek sê vir julle; inteendeel, as julle nie berou toon en omdraai nie, sal julle almal net so vernietig word.
4 Of daardie agttien wat dood is toe die toring van Shiloag op hulle geval het; dink julle dat hulle meer sondig was as al die mense wat in Yerushalayim bly?
5 Nee, Ek sê vir julle; inteendeel, as julle nie berou toon en omdraai nie, sal julle almal net so doodgaan."
6 Hy het hierdie vergelykende storie vertel: "'n Sekere man het 'n vyeboom gehad wat in sy wingerd geplant was en hy het gekom en vrugte daaraan gesoek en niks gekry nie.
7 Hy sê vir die wat die wingerd snoei: 'Let op, vir drie jaar kom ek om vrugte aan hierdie vyeboom te soek en ek kry niks nie; kap hom uit. Hoekom moet hy nog die grond onvrugbaar maak?'
8 'n Snoeier sê egter vir hom: 'Meester, laat hom nog een jaar staan terwyl ek hom snoei en kompos gooi
9 en miskien sal hy vrugte dra, anders kan u hom volgende jaar uitkap'."
10 Terwyl Yeshua op die Shabbat in een van die bymekaarkomplekke geleer het,
11 was daar 'n vrou wat agttien jaar lank 'n gees van siekte gehad het. Sy was inmekaargebuig en dit was vir haar onmoontlik om regop te kom.
12 Yeshua het haar gesien, haar geroep en vir haar gesê: "Vrou, jy is van jou stryd bevry."
13 Hy het Sy hande op haar gelê en onmiddellik het sy regop gestaan en eer aan God gebring,
14 maar die hoof van die bymekaarkomplek, verontwaardig omdat Yeshua op die Shabbat gesond gemaak het, antwoord en sê vir die mense: "Daar is ses dae waarop 'n mens kan werk; kom dan op dié dae om gesond gemaak te word en nie op die Shabbat nie."
15 Daarop antwoord Yeshua hom en sê: "Jou toneelspeler van 'n vals karakter, maak almal van julle nie op die Shabbat sy os of donkie van die krip af los en lei hom weg om te laat drink nie?
16 Hierdie is egter 'n dogter van Avraham, wat die teëstander, let op, agttien jaar lank gebind het. Is dit teen die wet dat sy op die Shabbat bevry word van hierdie band?"
17 Nadat Hy dit gesê het, het al sy teëstanders skaam geword en al die mense was verheug oor al die wonderwerke wat deur Sy hand gebeur het.
18 Yeshua het gesê: "Soos wat is die Koninkryk van God en waarmee sal Ek dit vergelyk?
19 Dit is soos 'n mosterdsaad wat 'n man gevat en in sy tuin geplant het en dit het gegroei en 'n groot boom geword en die voëls van die hemel het nes gemaak in sy takke."

20 Weer het Yeshua gesê: "Waarmee sal Ek die Koninkryk van God vergelyk?
21 Dit is soos suurdeeg wat 'n vrou neem en in drie mate (13,5 liter) meel inwerk
totdat dit heeltemal ingesuur is."
22 Hy het op Sy reis na Yerushalayim deur stede en dorpe gegaan en geleer.
23 'n Man vra vir Hom of daar dan min is wat die Lewe het.
24 Yeshua sê vir hulle: "Stry hard om in te gaan deur die smal poort, want, sê Ek vir
julle, baie sal probeer om in te gaan en sal nie kan nie.
25 Die tyd kom wat die Meester van die huis sal opstaan en die deur sluit en julle sal
buite staan en begin om aan die deur te klop en te sê: 'Ons Meester, ons Meester,
maak vir ons oop.' Hy sal antwoord en vir julle sê: 'Ek weet nie waar julle vandaan
is nie.'
26 Dan sal julle begin sê: 'Ons het saam met U geëet en gedrink en U het op ons strate
geleer.'
27 Hy sal vir julle sê: 'Ek ken julle nie, vanwaar julle is nie. Gaan weg van My, julle
werkers van die leuen!'
28 Daar sal 'n gehuil wees en 'n gekners van die tande, wanneer julle Avraham,
Yitz'gak, Ya'akov en al die profete in die Koninkryk van God sal sien, maar julle
sal uitgegooi word. [1 Kor 15:24,25]
29 Hulle sal kom van die ooste, van die weste, van die noorde en die suide en teruglê
in die Koninkryk van God.
30 Let op, daar is die laaste, wat eerste sal wees en daar is die eerstes wat laaste sal
wees."
31 In daardie tyd het sommige van die Fariseërs na Hom toe gekom en vir Hom gesê:
"Gaan weg en vertrek hiervandaan, want Herodes wil U doodmaak."
32 Yeshua sê vir hulle: "Gaan vertel daardie jakkals: 'Let op, Ek dryf demone uit en
maak gesond, vandag, môre en op die derde dag is Ek klaar.
33 Nogtans is dit reg vir My dat Ek vandag en môre werk en die volgende dag verder
gaan, want dit kan nie gebeur dat 'n profeet buite Yerushalayim doodgemaak word
nie.'
34 Yerushalayim, Yerushalayim, jy wat die profete doodmaak en dié wat na jou gestuur
is, stenig; hoe dikwels wou Ek jou seuns, net soos 'n hen haar kuikens onder haar
vlerke, bymekaarmaak, maar julle wou nie.
35 Let op, julle huis word vir julle leeg gelaat. Ek sê vir julle dat julle My nie sal sien
nie totdat die dag kom wanneer julle sal sê: 'Geseënd is Hy wat kom in die Karakter
en Outoriteit (Naam) van יהוה!'" [Ps 118:26]

14 1 Toe Hy in die huis van een van die leiers van die Fariseërs ingegaan het om
brood te eet op die Shabbat, het hulle Hom fyn dopgehou.
2 Let op, daar was 'n man wat van water geswel was voor Hom.
3 Yeshua het gepraat en vir die leraars van die wet en die Fariseërs gesê: "Sekerlik is
dit reg volgens die wet om op die Shabbat te genees?"
4 Hulle het egter stilgebly. Toe vat Hy aan hom, maak hom gesond en laat hom gaan.
5 Hy sê vir hulle: "Wie van julle se seun of os sal op die Shabbat in 'n put val, wat dit
nie dadelik sal uittrek nie?"

6 Hulle was nie in staat om Hom daarop te antwoord nie.
7 Toe Hy sien hoe hulle die beste plekke uitkies, vertel Hy aan die gaste ’n vergelykende storie:
8 “Wanneer jy deur iemand na ’n fees uitgenooi is, moenie op die belangrikste plek gaan sit nie, ingeval hy iemand daar wil laat sit wat waardiger is as jy
9 en hy wat jou en hom genooi het, kom en vir jou sê: ‘Maak plek vir hierdie man.’ Jy sal dan met skaamte opstaan en op die agterste plek gaan sit, [Spr 25:7]
10 maar wanneer jy genooi is, gaan sit op die agterste plek sodat wanneer hy kom wat jou genooi het, vir jou kan sê: ‘Vriend, gaan op na ’n meer eerbare posisie!’ Dan sal jy eer en lof hê voor almal wat saam met jou aan tafel is,
11 want elkeen wat homself oplig, sal verneder word en wie homself verneder, sal opgelig word.” [Spr 25:7]
12 Hy sê ook vir die man wat Hom genooi het: “Wanneer jy ’n fees of aandete gee, moenie jou vriende of jou broers of familie of ryk bure nooi nie sodat hulle jou nie miskien ook eendag weer kan nooi en jy so jou beloning ontvang nie,
13 maar wanneer jy ’n onthaal hou, nooi armes, verminktes, kreupeles en blindes
14 en jy sal gelukkig wees omdat hulle niks het om jou mee terug te betaal nie, want dit sal jou beloon word in die opstanding van die onskuldiges.”
15 Toe een wat daar sit, dit hoor, sê hy vir Hom: “Gelukkig is hy wat brood eet in die Koninkryk van God.”
16 Yeshua sê vir hom: “’n Man het ’n groot ete gegee en baie mense uitgenooi.
17 Op die tyd van die ete het hy sy slaaf uitgestuur om vir die genooides te sê: ‘Kom, let op, alles is nou gereed.’
18 Almal het hulleself eenparig begin verskoon. Die eerste het vir hom gesê: ‘Ek het ’n stuk grond gekoop en ek moet noodgedwonge uitgaan om daarna te kyk. Ek vra u om my te verskoon.’
19 ’n Ander een het gesê: ‘Ek het vyf paar osse gekoop en gaan hulle toets. Ek vra u om my te verskoon.’
20 ’n Ander een het gesê: ‘Ek het ’n vrou getrou en daarom kan ek nie kom nie.’
21 Daardie slaaf het gekom en dié dinge aan sy werkgewer vertel. Toe het die eienaar van die huis kwaad geword en vir sy slaaf gesê: ‘Gaan haastig uit na die markplein en die strate van die stad en bring die armes, verminktes, kreupeles en blindes in hierheen’.
22 Die slaaf het gesê: ‘My meester, wat u beveel het, is gedoen en daar is nog plek.’
23 Toe sê die meester vir die slaaf: ‘Gaan uit op die hoofpaaie en na die grense en oortuig hulle om in te kom sodat my huis vol kan wees,
24 want ek sê vir julle dat nie een van daardie mense wat genooi is, van my ete sal proe nie.’”
25 Baie mense het saam met Hom geloop en Hy het Hom omgedraai en vir hulle gesê:
26 “As iemand na My toe kom en hy het nie sy vader, moeder, vrou, seuns, broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe minder lief nie, kan hy nie My studentevolgeling wees nie. [Mar 8:34-38; Yog 10:17,18; Rom 12:1]

27 Elkeen wat nie sy eie kruis dra en agter My aan kom nie, kan nie My studente-volgeling wees nie.
28 Wie van julle wat 'n toring wil bou, gaan nie eers sit en bereken die koste, of hy in staat is om dit te voltooi nie?
29 Indien nie, as hy die fondament gelê het en nie in staat is om dit te voltooi nie, sal almal wat dit sien, met hom begin spot
30 en sê: 'Hierdie man het begin bou en kon nie klaarkry nie.'
31 Of watter koning wat optrek om teen 'n ander koning langs hom oorlog te maak, gaan nie eers oorweeg of hy in staat is om met tien duisend die een te ontmoet wat met twintig duisend teen hom kom nie?
32 Indien nie, stuur hy afgevaardigdes terwyl die ander een nog ver is en vra vir vredesvoorwaardes.
33 Net so kan ook niemand van julle, wat nie afsien van al sy besittings, My studentevolgeling wees nie.
34 Sout is uitstekend, maar selfs sout word laf; waarmee sal dit smaaklik gemaak word?
35 Dit is nie bruikbaar vir die grond of vir kompos nie. Hulle gooi dit buitekant weg. Wie 'n oor het wat kan hoor, laat hom hoor."

15 1 Die belastinggaarders en sondaars het na Hom toe gekom om na Hom te luister.
2 Die Fariseërs en die leraars van die wet het gekla en gesê: "Hierdie man ontvang sondaars en eet saam met hulle."
3 Yeshua vertel vir hulle hierdie vergelykende storie:
4 "Watter man onder julle wat honderd skape het en een van hulle raak weg, laat nie die nege en negentig in die wildernis staan en gaan soek die een wat weg is totdat hy dit kry nie?
5 Wanneer hy dit kry, sit hy dit met vreugde op sy skouers
6 en wanneer hy by die huis kom, roep hy sy vriende en bure bymekaar en sê vir hulle: 'Wees saam met my bly, want ek het my skaap gekry wat weg was.'
7 Ek sê vir julle dat daar dieselfde vreugde sal wees in die hemel oor een sondaar wat terugkom huis toe, méer as oor nege en negentig onskuldiges wat nie nodig het om huis toe te kom nie.
8 Of watter vrou, wat tien zuzin het; wanneer een zuza wegraak, steek nie 'n lamp op en vee die huis uit en soek versigtig totdat sy dit kry nie?
9 Wanneer sy dit kry, roep sy haar vriendinne en buurvroue bymekaar en sê: 'Wees verheug saam met my, want ek het die zuza gekry wat weg was.'
10 So, sê Ek vir julle, is daar vreugde voor die engele van God oor een sondaar wat terugkeer huis toe."
11 Weer sê Yeshua vir hulle: "'n Sekere man het twee seuns gehad
12 en die jongste seun sê vir hom: 'My vader, gee vir my die deel van u boedel wat my toekom.' Hy het sy rykdom tussen hulle verdeel en

13 na ’n paar dae het die jongste seun alles wat na hom toe gekom het bymekaargemaak en weggegaan na ’n ver land en daar sy besittings uitgemors deur spandabelrig te leef.
14 Toe hy alles uitgemors het wat syne was, kom daar ’n swaar hongersnood in daardie land en hy het begin swaarkry.
15 Toe het hy hom by een van die mense van daardie land gaan voeg en dié het hom na sy veld gestuur om varke te versorg.
16 Hy het begeer om sy maag vol te maak met die peule wat die varke eet en niemand het dit vir hom gegee nie.
17 Toe hy tot homself kom, het hy gesê: ‘Hoeveel gehuurde werkers is in die huis van my vader wat ’n oorvloed brood vir hulleself het en hier gaan ek dood van die honger!
18 Ek sal opstaan en na my vader gaan en ek sal vir hom sê: ‘My vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u.
19 Ek is nie meer waardig om u seun genoem te word nie; maak my net soos een van u gehuurde werkers.’
20 Hy het opgestaan en na sy vader gegaan, maar toe hy nog ver weg was, het sy vader hom gesien en omgegee vir hom en gehardloop, hom omhels en gesoen.
21 Sy seun sê vir hom: ‘My vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u en ek is nie langer waardig om u seun genoem te word nie.’
22 Sy vader sê egter vir sy slawe: ‘Bring die beste klere en trek dit vir hom aan, sit ’n ring aan sy hand, skoene aan sy voete
23 en bring die vetgemaakte vee en slag dit en laat ons eet en bly wees,
24 want hierdie seun van my was dood en het weer lewendig geword en hy was weg en is gevind.’ Hulle het begin feesvier.
25 Sy oudste seun was in die veld en terwyl hy nader na die huis toe kom, hoor hy baie musiek
26 en hy roep een van die jongmanne en vra wat dit beteken.
27 Dié sê toe vir hom: ‘U broer het gekom en u vader het die vetgemaakte kalf geslag omdat hy hom gesond teruggekry het.’
28 Hy het kwaad geword en wou nie ingaan nie. Sy vader gaan toe uit en pleit by hom,
29 maar hy antwoord en sê vir sy vader: ‘Let op, ek dien u so baie jare en ek het nooit u bevele oortree nie en vir my het u nooit ’n bokkie gegee sodat ek saam met my vriende bly kon wees nie,
30 maar toe hierdie seun van u kom, wat u besittings verslind het met hoere, het u vir hom die vetgemaakte kalf geslag.’
31 Sy vader sê egter vir hom: ‘My seun, jy is altyd by my en alles wat myne is, is joune.
32 Dit was reg van ons om vrolik en bly te wees, want hierdie broer van jou was dood en het weer lewendig geword en hy was weg en is gevind.’”

16 1 Hy het vir Sy studentevolgelinge ’n vergelykende storie vertel: “Daar was ’n sekere ryk man wat ’n bestuurder gehad het en hy is by hom daarvan beskuldig dat hy sy besittings vermors.
2 Sy meester roep hom en sê vir hom: ‘Wat is dit wat ek van jou hoor? Gee verslag van jou administrasie, want jy sal nie meer bestuurder kan wees nie.’
3 Die bestuurder sê by homself: ‘Wat sal ek doen, want my meester het die administrasie van my af weggevat. Ek kan nie spit nie en ek skaam my om te bedel.
4 Ek weet wat ek sal doen sodat wanneer die administrasie van my weggeneem word, hulle my in hulle huise sal ontvang.’
5 Hy roep almal wat sy meester geld skuld, een vir een en sê vir die eerste: ‘Hoeveel skuld jy my meester?’
6 Hy antwoord: ‘Een honderd vate olie.’ Hy sê vir hom: ‘Neem jou nota, gaan sit en skryf gou vyftig.’
7 Daarna sê hy vir ’n ander een: ‘En jy, hoeveel skuld jy my meester?’ Hy antwoord: ‘Een honderd koros koring.’ Toe sê hy vir hom: ‘Neem jou nota en skryf tagtig.’
8 Die meester het die onetiese bestuurder geprys omdat hy verstandig gehandel het, want die seuns van hierdie wêreld is wyser as die seuns van die Lig in hierdie geslag.
9 Ek sê vir julle: ‘Maak vir julle vriende deur die rykdom wat julle verkry sodat wanneer dit uitgegee is, hulle jul in die ewige tente kan ontvang.
10 Hy wat vertrouenswaardig is met min, is ook met baie vertrouenswaardig en hy wat boos doen met min, doen ook boos met baie.
11 As julle dan nie vertrouenswaardig was met die boosheid van rykdom nie, wie sal vertrou dat daar waarheid in julle is?
12 As julle nie vertrouenswaardig was met ’n ander se besittings nie, wie sal aan julle jul eie gee?
13 Geen dienskneg kan twee meesters dien nie, want hy sal òf die een haat en die ander een liefhê, òf die een eer en die ander een verwaarloos. Julle kan nie ’n dienskneg wees van God én van materialisme nie’.”
14 Al hierdie dinge het die Fariseërs, wat begeer het na geld, ook gehoor en Hom openlik verkleineer.
15 Yeshua sê vir hulle: “Julle regverdig julleself voor die mense, maar God ken julle gedagtes, wil en emosies, want wat by die mens hoog geag word, is verwerplik voor God.
16 Die wet en die profete is tot by Yoganan; van toe af word die goeie boodskap van die Koninkryk van God aangekondig en elkeen druk om in te gaan, [Mat 11:12,13]
17 maar dit is makliker vir die hemel en die aarde om verby te gaan as dat een strepie van ’n letter van die wet sou wegval.
18 Elkeen wat van sy vrou skei en ’n ander een trou, pleeg egbreuk en elkeen wat trou met die vrou wat van haar man geskei is, pleeg egbreuk.
19 Daar was ’n sekere ryk man en hy het purper klere en wit linne gedra en het elke dag uitspattig fees gevier.

20 Daar was ook ’n sekere arm man met die naam van El’azar, vol swere, wat voor sy poort gelê het
21 en hy het begeer om sy maag te vul met die krummels wat van die ryk man se tafel afval en die honde het ook gekom en sy swere gelek.
22 Toe die arm man sterf, is hy deur die engele weggedra na die arms van Avraham en die ryk man het ook gesterf en is begrawe.
23 Terwyl hy in Sh’ol gely het, het hy sy oë opgelig en hy sien Avraham ver weg en El’azar aan sy bors.
24 Hy roep uit in ’n harde stem en sê: ‘My vader Avraham, gee om vir my en stuur El’azar sodat hy die punt van sy vinger in water kan indruk en my tong afkoel, want ek word gemartel in hierdie vuur.’
25 Avraham antwoord hom: ‘My seun, onthou dat jy jou goeie dinge in jou lewe ontvang het en net so El’azar die slegte, maar nou word hy getroos, maar jy ly.
26 Meer nog, daar is tussen ons en julle ’n groot gaping vasgestel sodat die wat hiervandaan wil oorgaan na julle, nie kan nie en die wat dáár is, nie na ons kan oorkom nie.’
27 Hy sê vir hom: ‘Dan smeek ek van u my vader, om hom na my vader se huis te stuur,
28 want ek het vyf broers, om hulle dringend te waarsku sodat hulle nie ook in hierdie plek van marteling kom nie.’
29 Avraham sê vir hom: ‘Hulle het Mosheh en die Profete; laat hulle na dié luister.’
30 Hy sê vir hom: ‘Nee, my vader Avraham, maar as iemand uit die dode na hulle gaan, sal hulle omdraai van die verkeerde na God toe.’
31 Avraham sê vir hom: ‘As hulle na Mosheh en die Profete nie luister nie, sal hulle ook nie na hom luister nie, al sou iemand ook uit die dood uit opstaan.’”

17 1 Yeshua sê vir Sy studentevolgelinge: “Dit is onmoontlik dat die geleenthede om te struikel nie sal kom nie, maar wee hom deur wie hulle kom.
2 Dit is beter vir hom as ’n maalsteen vir ’n donkie om sy nek gehang en hy in die see gegooi word, as dat hy een van hierdie kleintjies sou laat struikel.
3 Beskerm julle lewens. As jou broer sou sondig, bestraf hom en as hy berou het en omdraai, vergewe hom
4 en as hy sewe maal op ’n dag teen jou sondig en sewe maal op ’n dag na jou toe terugkom en sê: ‘Ek is jammer,’ moet jy hom vergewe.”
5 Die afgevaardigdes vra vir die Meester: “Vermeerder ons vertroue.”
6 Hy sê vir hulle: “As julle vertroue gehad het soos ’n mosterdsaad, sou julle vir hierdie wildevyeboom sê: ‘Word ontwortel en in die see geplant’ en hy sou aan julle gehoorsaam wees.
7 Wie is daar van julle wat ’n slaaf het wat ploeg of vee oppas en as hy inkom van die veld af vir hom sal sê: ‘Kom sit dadelik aan by die tafel?’
8 Hy sê eerder vir hom: ‘Berei my aandete voor, trek jou voorskoot aan en bedien my totdat ek klaar geëet en gedrink het en daarna kan jy eet en drink.’
9 Bedank hy daardie slaaf omdat hy gedoen het wat hom beveel is? Ek dink nie so nie.

10 So ook julle, wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, moet julle sê: ‘Ons is onwaardige slawe, want ons het slegs gedoen wat ons verplig was om te doen’.”
11 Dit was so dat Yeshua deur Shomron na die Galila gegaan het op sy reis na Yerushalayim.
12 Toe Hy naderkom om in ’n sekere dorpie in te gaan, kom tien melaatse mans, wat op ’n afstand gebly het, na Hom toe
13 en hulle het hulle stemme verhef en gesê: “Yeshua, ons Leermeester, gee om vir ons!”
14 Toe Hy hulle sien, sê Hy vir hulle: “Gaan wys julleself aan die priesters.” Terwyl hulle weggaan, het hulle rein geword.
15 Toe een van hulle sien dat hy rein was, het hy teruggegaan na Hom toe en met ’n harde stem eer aan God gegee,
16 op sy gesig neergeval by Yeshua se voete en Hom gedank en hy was van Shomron.
17 Yeshua antwoord en sê: “Is daar nie tien wat rein geword het nie en waar is die nege?
18 Het hulle nagelaat om eer, lof en aanbidding aan God te kom gee, behalwe hierdie vreemdeling?” Rom 1:21
19 Hy sê vir hom: “Staan op en gaan; jou vertroue het jou genees.”
20 Toe sommige Fariseërs hom vra wanneer die Koninkryk van God kom, het Hy hulle geantwoord en gesê: “Die Koninkryk van God kom nie sigbaar nie
21 en hulle sal ook nie sê: ‘Let op, dit is hier!’ of: ‘Let op, dit is daar!’ nie, want let op, die Koninkryk van God is in sommige van julle.”
22 Hy sê vir Sy studentevolgelinge: “Die tyd sal kom wanneer julle sal begeer om een van die dae van die Seun van die mens te sien en julle sal dit nie sien nie
23 en as hulle vir julle sal sê: ‘Hier is Hy!’ of: ‘Daar is Hy,’ moenie gaan nie,
24 want presies net soos die weerlig wat aan die hemel blits en alles onder die hemel word verlig, net so sal die Seun van die mens op Sy dag wees,
25 maar eers moet Hy baie lyding ervaar en verwerp word deur hierdie geslag.
26 Net soos dit was in die dae van Noag, net so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens:
27 hulle het geëet, gedrink, getrou en in die huwelik weggegee tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het, die vloed gekom en almal vernietig het.
28 Ook net so was dit in die dae van Lot: hulle het geëet, gedrink, gekoop, verkoop, geplant en gebou,
29 maar op die dag toe Lot uit S’dom weggegaan het, het יהוה vuur en swawel vanuit die hemel laat reën en almal vernietig.
30 Net so sal dit wees in daardie dag wanneer die Seun van die mens openbaar word.
31 In daardie dag moet hy wat op die dak is en sy besittings in die huis, nie afkom om dit weg te vat nie en so ook moet hy wat op die landery is, nie terugdraai nie.
32 Onthou die vrou van Lot!
33 Wie ook al kies om sy lewe te red, sal dit verloor en elkeen wat dit self verloor, sal dit vind.

34 Ek sê vir julle: 'In daardie nag sal daar twee op een bed wees; die een sal weggevoer word en die ander een sal gelos word.
35 Twee vroue sal saam maal; die een sal weggevoer word en die ander een gelos word.
36 Twee sal op die landery wees; die een sal weggevoer word en die ander een gelos word'."
37 Hulle antwoord en sê vir Hom: "Waarheen, ons Meester?" Hy sê vir hulle: "Waar ook al die karkasse lê, daar sal die aasvoëls saamkom."

18 1 Hy het ook vir hulle 'n vergelykende storie vertel dat 'n mens altyd moet bid en nie moeg word nie:
2 "Daar was 'n sekere regter in 'n stad wat God nie geëer of gevrees en mense nie respekteer het nie.
3 Daar was ook in daardie stad 'n sekere weduwee en sy het aanhoudend na hom toe gekom en gesê: 'Bevry my van my teëstander in my hofsaak.'
4 Vir 'n tydperk wou hy nie, maar daarna het hy by homself gesê: 'Al vrees of eer ek God ook nie en al respekteer ek 'n mens nie,
5 tog, omdat hierdie weduwee my uitput, sal ek vir haar intree sodat sy my nie versondig nie.'"
6 Ons Meester sê: "Hoor wat die bose regter sê.
7 Sal God dan nie verdediging bring vir dié wat Hy gekies het, wat dag en nag tot Hom roep en geduldig wees met hulle nie?
8 Ek sê vir julle dat Hy gou hulle verdediging sal bewerk en tog, as die Seun van die mens kom, sal Hy vertroue op die aarde vind?"
9 Hy het vir húlle wat op hulleself vertrou dat hulle onskuldig is en neerkyk op ander, hierdie vergelykende storie vertel:
10 "Twee mans het opgegaan na die tempel om te bid, die een 'n Fariseër en die ander 'n belastinggaarder.
11 Die Fariseër het gaan staan en by homself so gebid: 'O God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie: afpersers, onderdrukkers, egbrekers en nie soos hierdie belastinggaarder nie.
12 Ek vas twee keer gedurende die week en ek gee 'n tiende van alles wat ek ontvang.'
13 Die belastinggaarder het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel oplig nie, maar het op sy bors geslaan en gesê: 'O God, wys my, die sondaar, onverdiende guns!'
14 Ek sê vir julle, hiérdie man het onskuldig na sy huis gegaan, eerder as die Fariseër, want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word en hy wat homself verneder, sal verhoog word." Iyov 22:29; Mat 23:12
15 Toe het hulle ook die babas na Hom toe gebring sodat Hy hulle kon aanraak, maar toe die studentevolgelinge dit sien, het hulle hul verbied,
16 maar Yeshua self het hulle na Hom toe geroep en gesê: "Laat die kinders na My toe kom en moet hulle nie wegstuur nie, want aan dié wat soos hulle is, behoort die Koninkryk van God.

17 Dit is waar, Ek sê vir julle, elkeen wat nie die Koninkryk van God soos ’n klein kindjie ontvang nie, sal nooit daar ingaan nie.”

18 ’n Sekere leier vra Hom en sê: “Goeie Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te erf?”

19 Yeshua sê vir hom: “Waarom noem jy My goed? Daar is nie een goed nie behalwe die een God.

20 Jy ken die opdragte: Eks 20:12-16; Deut 5:16-20 Jy mag nie moord pleeg nie; jy mag nie egbreuk pleeg nie; jy mag nie steel nie; jy mag nie ’n vals getuienis gee nie; eer jou vader en jou moeder.”

21 Hy sê vir Hom: “Al hierdie dinge gehoorsaam ek van my kinderdae af.”

22 Toe Yeshua dit hoor, antwoord Hy hom: “Nog een ding kom jy kort; verkoop alles wat jy het en gee dit vir die armes en jy sal ’n skat in die hemel hê; kom dan hier, volg My.”

23 Toe hy dit hoor, het hy diep bedroef geword, want hy was baie ryk.

24 Toe Yeshua sien dat hy diep bedroef geword het, sê Hy: “Hoe moeilik is dit vir hulle wat rykdom besit om in die Koninkryk van God in te gaan,

25 want dit is makliker vir ’n kameelhaartou om deur die oog van ’n naald te gaan as vir ’n ryk man om in die Koninkryk van God in te gaan.” Iyov 24:22

26 Die wat dit gehoor het, sê vir Hom: “Wie kan dan die lewe hê?”

27 Yeshua antwoord: “Dit wat by mense onmoontlik is, is by God moontlik.”

28 Shim’on Kefa sê vir Hom: “Let op, ons het alles gelos en U gevolg.”

29 Yeshua sê vir hom: “Waarlik, Ek sê vir julle, daar is niemand wat huis of ouers of broers of vrou of seuns verlaat het ter wille van die Koninkryk van God,

30 wat nie eksponensieel méér in hierdie tyd sal ontvang nie en die ewige lewe in die wêreld wat kom.”

31 Hy het die twaalf gelei en vir hulle gesê: “Let op, Ons gaan op na Yerushalayim en alles sal vervul word wat in die profete geskrywe is oor die Seun van die mens,

32 want Hy sal oorgelewer word aan die nie-Jode en hulle sal Hom spot en in Sy gesig spoeg.

33 Hulle sal Hom gésel en Hom mishandel en Hom doodmaak en die derde dag sal Hy opstaan.”

34 Hulle het niks hiervan verstaan nie. Die betekenis was vir hulle verborge en hulle het nie begryp wat gesê is nie.

35 Terwyl hulle Yerigo nader, sit daar ’n sekere blinde man langs die pad en bedel.

36 Toe hy ’n skare mense hoor verbygaan, vra hy wie dit is.

37 Hulle sê vir hom: “Yeshua, van Natzeret, gaan verby.”

38 Hy skreeu uit en sê: “Yeshua, Seun van Dawid, gee om vir my!”

39 Die wat voor Yeshua geloop het, bestraf hom dat hy moet stilbly, maar hy het al harder geskreeu: “Seun van Dawid, gee om vir my!”

40 Yeshua het stil gaan staan en beveel dat hy na Hom gebring moes word en toe hy naby kom, vra Hy

41 en sê vir hom: “Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?” Hy antwoord: “My Meester, dat ek kan sien.”

42 Yeshua sê vir hom: “Sien! Jou vertroue het jou gered.”

43 Onmiddellik het hy gesien en Hom gevolg terwyl hy God loof en almal wat dit gesien het, het God geloof, geëer en aanbid.

19 1 Toe Yeshua Yerigo ingegaan het en besig was om deur te loop,
2 het ’n sekere man met die naam van Zakkai, ’n ryk man en hoof van die belastinggaarders,
3 begeer om te sien wie Yeshua was, maar as gevolg van die mense kon hy nie, want Zakkai was kort.
4 Hy het vooruit gehardloop en in ’n wildevyeboom geklim sodat hy Yeshua kon sien, want Hy sou daar verbygaan.
5 Toe Hy op daardie plek kom, sien Yeshua hom en sê vir hom: “Zakkai, maak gou en klim af, want Ek moet vandag in jou huis bly.”
6 Hy het haastig afgeklim en Hom ontvang terwyl hy hom verheug
7 en almal wat dit gesien het, het gemurmureer en gesê: “Hy het by ’n sondige man ingegaan en gebly.”
8 Zakkai het opgestaan en vir Yeshua gesê: “My Meester, let op, die helfte van my besittings gee ek vir die armes en aan elkeen van wie ek iets gevat het, gee ek dit vierdubbel terug.” [Eks 22:1; 2 Sh’m 12:6]
9 Yeshua sê vir hom: “Vandag het daar lewe na hierdie huis toe gekom omdat hierdie man ook ’n seun van Avraham is, [Yeg 33:15,16]
10 want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore is.” [Yeg 34:16]
11 Terwyl hulle na hierdie dinge luister, het Hy ook ’n vergelykende storie bygevoeg omdat Hy Yerushalayim genader het en hulle verwag het dat die Koninkryk van God op die punt was om openbaar te word.
12 Hy het gesê: “’n Man van hoë stand het na ’n ver land gereis om ’n koningskap te ontvang en dan terug te kom
13 en hy roep tien van sy slawe, gee vir hulle tien manim en sê vir hulle: ‘Dryf handel totdat ek kom.’
14 Die mense van sy stad het hom egter gehaat en afgevaardigdes agter hom aangestuur om te sê: ‘Ons wil nie hê dat hierdie man koning oor ons moet wees nie.’
15 Toe hy terugkom nadat hy die koningskap ontvang het, sê hy dat daardie slawe aan wie hy die geld gegee het, na hom toe moes kom sodat hy kon weet watter wins elkeen deur handel verdien het.
16 Die eerste het nadergekom en gesê: ‘My meester, u maneh het tien manim wins gemaak.’
17 Hy sê vir hom: ‘Uitstekend, goeie slaaf. Omdat jy in die kleinste ding betroubaar was, ontvang jy outoriteit oor tien stede.’
18 Die tweede kom en sê: ‘My meester, u maneh het vyf manim bygevoeg.’
19 Hy sê ook vir hierdie een: ‘Jy sal heerser wees oor vyf stede.’
20 ’n Ander een kom en sê: ‘My meester, let op, u maneh wat ek gehad het, het ek in fyn linne bewaar,
21 want ek was bang vir u aangesien u ’n strawwe man is. U vat wat u nie gegee het nie en oes wat u nie gesaai het nie.’

22 Hy sê vir hom: 'Uit jou mond sal ek jou oordeel, bose slaaf! Jy het geweet dat ek 'n strawwe man is wat vat wat ek nie gegee het nie en oes wat ek nie gesaai het nie.
23 Waarom het jy dan nie my geld in die bank gesit nie? Ek kon dit dan by my koms met rente ingevorder het.'
24 Aan die wat by hom staan, sê hy: 'Neem die maneh van hom af weg en gee dit aan hom wat tien manim het.'
25 Hulle sê vir hom: 'Ons meester, hy het tien manim!'
26 Hy sê vir hulle: 'Aan elkeen wat het, sal gegee word, maar van hom wat nie het nie, sal weggeneem word, ook wat hy het.'
27 'Meer nog, bring daardie teëstanders van my, wat nie wou hê dat ek oor hulle moes heers nie, hier en maak hulle voor my dood.'"
28 Toe Yeshua dit gesê het, gaan Hy uit na hulle wat voor Hom uitgaan na Yerushalayim
29 en toe Hy naby Beit-Pagei en Beit-Anyah kom, langs die berg wat D'Beit-Tzaida (Olyfberg) genoem word, het Hy twee van Sy studentevolgelinge uitgestuur
30 en Hy sê vir hulle: "Gaan na die dorp wat reg oorkant ons is en as julle inkom, let op, julle sal 'n vul vind wat vasgemaak is, waarop geen mens nog ooit gery het nie. Maak hom los en bring hom.
31 As iemand julle vra: 'Waarom maak julle hom los?' moet julle sê dat hy nodig is vir ons Meester."
32 Die wat gestuur was, gaan toe en vind dit net soos Hy vir hulle gesê het.
33 Toe hulle die vul losmaak, sê die eienaars vir hulle: "Waarom maak julle die vul los?"
34 Hulle sê vir hulle: "Ons Meester het hom nodig."
35 Hulle bring hom na Yeshua toe, [Z'kh 9:9] lê hulle klere op die vul en laat Yeshua daarop sit.
36 Soos Hy ry, strooi hulle hul klere op die pad.
37 Toe Hy reeds naby die afdraend van die Olyfberg is, begin die groot groep studentevolgelinge God luidkeels met blydskap prys oor al die wonderdade wat hulle gesien het
38 terwyl hulle sê: "Geseënd is die Koning wat kom in die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה, vrede in die hemel en eer, lof en aanbidding [Ps 118:26] in die hoogste hemel!"
39 Sommige van die Fariseërs tussen die mense sê vir Hom: "Leermeester, bestraf U studentevolgelinge!"
40 Hy antwoord en sê vir hulle: "Ek sê vir julle, as hulle stilbly, sal die klippe hardop uitroep."
41 Toe Hy naby kom en die stad sien, het Hy daaroor gehuil
42 en gesê: "As jy tog maar dit wat nodig is vir jou vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid geken het, ook in hierdie dag van jou, maar nou is dit vir jou oë weggesteek,
43 want daar sal dae oor jou kom dat jou vyande jou sal omsingel en jou sal indruk van alle kante af.

44 Hulle sal jou en jou seuns in jou, vernietig en hulle sal in jou nie een klip op ’n ander laat bly nie omdat jy die gekose tyd van jou besoek, nie geken het nie.” Yir 32:31
45 Toe Hy in die tempel ingegaan het, het Hy begin om die verkopers en kopers uit te jaag.
46 Hy sê vir hulle: “Daar is geskrywe: ‘My huis is ’n huis van gebed, Yes 56:7 maar julle het dit ’n grot vir rowers gemaak’.” Yir 7:11
47 Hy was elke dag besig om in die tempel te leer en die leierpriesters en die leraars van die wet het saam met die oudstes van die volk geleentheid gesoek om Hom dood te maak
48 en hulle het geen manier gevind om dit te doen nie, want al die mense het Hom aangehang en na Hom geluister.

20 1 Dit was in een van die dae terwyl Hy besig was om die mense in die tempel te leer en om versekerde verwagting te verkondig dat die leierpriesters en die leraars van die wet saam met die oudstes om Hom staan
2 en hulle vir Hom sê: “Sê vir ons met watter outoriteit U hierdie dinge doen en wie dit is wat vir U hierdie outoriteit gegee het?”
3 Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Ek sal julle ook een ding vra: ‘Sê vir My:
4 Die doop van Yoganan; was dit vanuit die hemel of vanuit mense’?”
5 Toe het hulle onder mekaar geredeneer en gesê: “As ons sê: ‘Vanuit die hemel,’ sal Hy sê: ‘Waarom het julle hom dan nie vertrou nie?’
6 As ons sê: ‘Vanuit mense,’ sal al die mense ons stenig, want hulle is daarvan oortuig dat Yoganan ’n profeet was.”
7 Hulle antwoord Hom: “Ons weet nie van waar dit is nie.”
8 Yeshua sê vir hulle: “Dan sê Ek ook nie vir julle deur watter outoriteit Ek hierdie dinge doen nie.”
9 Hy begin om vir die mense hierdie gelykenis te vertel: “’n Sekere man het ’n wingerd geplant en dit aan werkers oorhandig en vir ’n lang tyd na ’n ander land gegaan.
10 In die seisoen het hy ’n slaaf na die werkers toe gestuur sodat hulle hom van die vrug van die wingerd sou gee, maar die werkers het hom geslaan en kaal gestroop weggestuur.
11 Hy het weer ’n ander slaaf gestuur en hulle het hom net so geslaan, onteer en hom kaal weggestuur.
12 Hy het weer ’n derde gestuur en hulle het ook hierdie een gewond en uitgegooi.
13 Die eienaar van die wingerd sê: ‘Wat sal ek doen? Ek sal my seun stuur vir wie ek lief is; sonder twyfel sal hulle hom sien en skaam wees.’
14 Toe die werkers hom sien, het hulle ondermekaar bespreek en gesê: ‘Dit is die erfgenaam; kom laat ons hom doodmaak sodat die erfporsie ons s’n kan wees.’
15 Hulle het hom buitekant, uit die wingerd gegooi en hom vermoor. Wat sal die eienaar van die wingerd daarom aan hulle doen?
16 Hy sal kom en daardie werkers vernietig en die wingerd aan ander gee.” Toe hulle dit hoor, sê hulle: “’n Verwerplike gedagte!” Rom 11:17
17 Hy het na hulle gekyk en gesê: “Wat beteken dan hierdie woord wat geskryf is: die Steen wat die bouers verwerp het, dit het die Hoof Hoeksteen geword? Ps 118:22

18 Elkeen wat oor hierdie steen val, sal gebreek word, maar elkeen op wie dit val, dié sal hy uitmekaar laat spat."
19 Die leierpriesters en die leraars van die wet wou op daardie oomblik die hande op Hom kry, want hulle het geweet dat Hy hierdie vergelykende storie op hulle gerig het, maar hulle was bang vir die mense
20 en hulle het spioene gestuur wat voorgegee het om onskuldig te wees sodat hulle Hom op 'n woord kon betrap, om Hom oor te lewer aan die regter en aan die outoriteit van die goewerneur.
21 Hulle het Hom gevra en gesê: "Leermeester, ons weet dat U reg praat en leer en die persoon nie aanneem nie, maar die ware pad van God leer,
22 is dit volgens die wet vir ons om aan die keiser belasting te betaal of nie?"
23 Hy het egter deur hulle listigheid gesien en vir hulle gesê: "Waarom toets julle My?
24 Wys My 'n denarion. Wie se beeld en naam het dit op?" Hulle antwoord en sê: "Die keiser s'n."
25 Yeshua sê vir hulle: "Gee dan aan die keiser wat die keiser s'n is en aan God wat God s'n is."
26 Hulle kon Hom nie voor die mense op 'n woord betrap nie en verwonderd oor Sy antwoord, het hulle stilgebly.
27 Sommige van die Sadduseërs het gekom, hulle wat sê daar is geen opstanding nie en Hom gevra
28 en vir Hom gesê: "Leermeester, Mosheh het vir ons geskryf: 'As iemand se broer doodgaan en 'n vrou agterlaat sonder seuns, dan moet sy broer die vrou neem en vir sy broer 'n seun verwek.' [Deut 25:5]
29 Nou, daar was sewe broers en die eerste het die vrou gevat en seunloos gesterf.
30 Die tweede het sy vrou gevat en hy het ook seunloos gesterf
31 en die derde het haar ook gevat en net so het al sewe gesterf en geen seuns nagelaat nie.
32 Ten laaste het die vrou ook gesterf.
33 In die opstanding dan, wie van hulle se vrou sal sy wees aangesien al sewe met haar getrou het?"
34 Yeshua sê vir hulle: "Die seuns van hierdie wêreld vat vrou en vrouens word vir mans gegee,
35 maar die wat waardig geag word vir daardie wêreld en vir die opstanding uit die dood, vat nie dan vrou nie en vrouens is nie vir mans nie,
36 want hulle kan ook nie meer sterf nie, want omdat hulle seuns van die opstanding is, is hulle soos die engele en ook seuns van God.
37 Ook Mosheh het by die doringstruik verklaar dat die wat dood is, opstaan toe hy יהוה die God van Avraham, die God van Yitz'gak en die God van Ya'akov [Eks 3:6] genoem het.
38 Hy is tog nie 'n God van dooies nie, maar van lewendes, want almal van hulle is lewend vir Hom."
39 Sommige van die leraars van die wet antwoord en sê: "Leermeester, U het goed geantwoord."

40 Hulle het nie gewaag om Hom enige iets meer te vra nie.
41 Hy sê vir hulle: "Hoe is dit dat die leraars van die wet sê dat dié Gesalfde Een die seun van Dawid is?
42 Dawid self sê in die boek van die Psalms: 'יהוה' het vir my Meester gesê: Sit aan My regterhand
43 totdat Ek U vyande onder U voete geplaas het.' Ps 110:1; 1 Kor 15:23-28
44 As Dawid Hom daarvolgens, my Meester noem, hoe is Hy sy seun?"
45 Terwyl al die mense luister, sê Hy vir Sy studentevolgelinge:
46 "Wees versigtig vir daardie leraars van die wet wat graag in lang klere rondloop en hou van hartlike groete in openbare plekke en van die beste sitplekke in die bymekaarkomplekke en die beste plekke by die feeste.
47 Hulle wat die huise van die weduwees onteien as 'n offer om hulle gebede op te sê, sal 'n erger oordeel ontvang."

21 1 Yeshua het gekyk na die rykes wat hulle offers in die skatkamer gegooi het
2 en Hy sien ook 'n arm weduwee wat twee klein geldstukkies (shemonas) ingooi.
3 Hy sê: "Die realiteit, sê Ek vir julle, is dat hierdie arm weduwee meer as almal ingegooi het,
4 want hulle almal het uit die oorvloed wat hulle het by die offerkamer van God ingegooi, maar sy het uit haar behoefte, alles ingegooi wat sy besit."
5 Toe sommige oor die tempel praat, sy mooi klippe en versierings van geskenke, sê Yeshua vir hulle:
6 "Die tyd sal kom dat al hierdie dinge wat julle na kyk afgebreek sal word en daar nie een klip op 'n ander gelaat sal word nie."
7 Hulle vra Hom en sê: "Leermeester, wanneer sal hierdie dinge gebeur en watter teken sal daar wees voor dit gaan gebeur?"
8 Hy sê vir hulle: "Pas op dat julle nie mislei word nie, want baie sal in My Outoriteit kom en sê: 'Ek is onveranderlik dieselfde, dié Gesalfde Een' en: 'Die tyd is naby!' Moenie agter hulle aan gaan nie.
9 Wanneer julle hoor van oorloë en onstabiliteit, moenie bang wees nie, want dié dinge moet eers gebeur, maar die einde het nog nie gekom nie.
10 Nasie sal opstaan teen nasie en koninkryk teen koninkryk;
11 groot aardbewings sal op verskillende plekke wees, hongersnood, epidemies, paniek en angs, daar sal ook groot tekens aan die hemel kom en daar sal groot storms wees,
12 maar voor al hierdie dinge sal hulle die hande aan julle slaan en julle vervolg en oorlewer aan vergaderings en tronke en julle voor konings en goewerneurs bring ter wille van My Karakter en Outoriteit (Naam).
13 Dit sal met julle gebeur as 'n getuienis.
14 Maak dit vas in julle verstand, wil en emosie dat julle nie vooraf geleer sal word oor 'n antwoord nie,
15 want Ek sal aan julle 'n mond van wysheid gee waarteen al julle teëstanders nie sal kan staan nie.

16 Julle sal egter ook oorgelewer word deur julle ouers, broers, familie en julle vriende en hulle sal sommige van julle doodmaak.
17 Julle sal deur almal gehaat word ter wille van My Karakter en Outoriteit (Naam)
18 en geen haar van julle kop sal aangeraak word nie.
19 Deur julle volharding sal julle jul lewe in besit neem [1 Yog 5:13; Open 2:3,7]
20 en wanneer julle sien dat Yerushalayim omsingel is deur troepe, dan moet julle weet dat sy vernietiging naby is.
21 Dan moet die wat in Y'hudah is, na die berge vlug en die wat binne is, ontsnap en die wat in die dorpies is, moenie daar ingaan nie,
22 want dit sal die dae van wraak wees sodat alles wat geskrywe is, vervul kan word.
23 Wee die vroue wat swanger is en die wat nog borsvoed in daardie dae, want daar sal 'n groot lyding in die land wees en wraak oor hierdie volk.
24 Hulle sal deur die punt van die swaard val en as gevangenes weggeneem word na al die streke en Yerushalayim sal vertrap word deur die nasies totdat die vasgestelde tyd van die ander nasies voltooid is. [Rom 11:25]
25 Daar sal tekens wees aan die son, aan die maan en aan die sterre en op die aarde: die lyding van nasies en die saamgryp van hande oor die harde dreuning van die see
26 en 'n aardbewing wat mense se gees van angs sal uitdryf oor wat oor die aarde gaan kom en die leërmagte van die hemel sal geskud word. [Yes 13:10; Yo'el 2:31; 3:15; Hag 2:6,21]
27 Dan sal hulle Hom sien; die Seun van die mens wat kom in wolke, met baie kragtige dade en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid. [Dan 7:13-14]
28 Wanneer hierdie dinge begin gebeur, wees bemoedig en lig julle koppe op omdat julle verlossing naby is."
29 Hy vertel vir hulle 'n vergelykende storie: "Let op na die vyeboom en al die bome,
30 dat, wanneer hulle bot, verstaan julle dadelik van hulle dat die somer naby is,
31 net so moet julle ook weet dat die Koninkryk van God naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur.
32 Dit is waar, Ek sê vir julle, hierdie volksfamilie sal nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie. [Mat 24:34]
33 Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar My boodskap sal nooit verbygaan nie,
34 maar wees versigtig in julle gees sodat julle verstand, wil en emosie nooit koud word deur brassery, dronkenskap en die bekommernisse van die wêreld en daardie dag julle skielik oorval nie,
35 want dit sal soos 'n valstrik kom oor almal wat oral op die aarde woon.
36 Wees daarom te alle tye waaksaam en bid sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan."
37 Gedurende die dag het Hy lering gegee in die tempel en snags het Hy uitgegaan en oornag op die berg wat die Olyfberg genoem word.
38 Al die mense het vroeg in die oggend na die tempel gekom om na Sy boodskap te luister.

22 1 Die Fees van Ongesuurde Brode, wat ook Pesag genoem word, was naby
2 en die leierpriesters en die leraars van die wet het ’n manier gesoek om Hom dood te maak, maar hulle was bang vir die mense.
3 Die teëstander het in Y’hudah, wat K’riot genoem word en een van die twaalf was, ingegaan
4 en hy het gegaan en met die leierpriesters, die leraars van die wet en kapteins van die tempelwag gepraat om Hom aan hulle oor te lewer.
5 Hulle was verheug en het met hom ooreengekom om vir hom geld te gee
6 en hy het ’n ooreenkoms met hulle aangegaan en na ’n geleentheid gesoek, sonder ’n skare, om Hom oor te lewer.
7 Die Dag van die ‘Verwydering van Suurdeeg’ het aangebreek waarop dit gebruik was om die Pesaglam te slag [Eks 12:3-14]
8 en Yeshua stuur vir Kefa en Yoganan en sê: “Gaan berei die Pesagete vir ons voor dat ons dit kan eet.”
9 Hulle sê vir Hom: “Waar wil U hê moet ons dit voorberei?”
10 Hy antwoord hulle: “Let op, wanneer julle die stad ingaan, sal ’n man julle ontmoet wat ’n erdekruik water dra, volg hom
11 en waar hy ook al ingaan, sê vir die eienaar van die huis: ‘Ons Leermeester vra: “Is daar ’n kamer waar Ek die Pesagete saam met My studentevolgelinge kan eet”?’
12 Let op, hy sal julle ’n groot bokamer wys wat gemeubeleerd is. Daar moet julle dit voorberei.”
13 Hulle het gegaan en dit gevind net soos Hy vir hulle gesê het en die Pesagete voorberei.
14 Toe dit tyd was, het Yeshua gekom en aan tafel gaan skuinslê en die twaalf afgevaardigdes saam met Hom
15 en Hy sê vir hulle: “Ek het met ’n groot begeerte begeer om hierdie Pesagete, voor My lyding, saam met julle te eet,
16 want Ek sê vir julle: ‘Ek sal nie weer daarvan eet voordat dit in die Koninkryk van God volledige betekenis kry nie’.”
17 [*Hierdie vers is nie in die Khabouris Oosterse Aramese teks nie.*]
18 [*Hierdie vers is nie in die Khabouris Oosterse Aramese teks nie.*]
19 Hy neem brood en nadat Hy die dankgebed daaroor gebid het, breek Hy dit, gee dit aan hulle en sê: “Dít is My liggaam, wat in die plek van julle lewens gegee word; hierdie moet julle doen tot My gedagtenis.”
20 Net so ook vir die beker ná die ete sê Hy: “Hierdie beker is [Yir 31:30-34] die nuwe verbond in My bloed, [Eks 24:3-8] wat om julle onthalwe gestort sal word.
21 Nogtans, let op, die hand van hom wat My uitlewer, is aan tafel.
22 Die Seun van die mens gaan wél, soos wat bepaal is, oorgelewer word; tóg, wee daardie man deur wie Hy oorgelewer word!”
23 Toe begin hulle onder mekaar vra; wie van hulle kon tog beplan om dit te doen,
24 maar daar het ook ’n bakleiery onder hulle ontstaan oor wie van hulle as groot beskou word.

25 Yeshua sê vir hulle: “Die konings van die nasies is baas oor hulle en die wat hulle beheer, word weldoeners genoem,
26 maar so moet julle nie wees nie. Die grootste onder julle moet word soos die kleinste en wie ’n leier is, soos een wat bedien,
27 want wie is groter: die een wat aan tafel is, of die een wat bedien? Is dit nie hy wat aan tafel is nie? Ek self is egter onder julle soos een wat bedien.
28 Dit is julle wat volhardend by My gebly het deur My toetsinge
29 en Ek belowe julle ’n Koninkryk, net soos My Vader My belowe het
30 sodat julle kan eet en drink aan My tafel in My Koninkryk en op trone sit om die twaalf stamme van Yisra’el te oordeel.”
31 Yeshua sê vir Shim’on: “Shim’on, let op, die teëstander het gevra om julle soos graan te sif, `Amo 9:9
32 maar Ek het vir jou gebid dat jou vertroue nie sal faal nie en as jy die dag herstel is, moet jy jou broers versterk.”
33 Shim’on sê vir Hom: “My Meester, ek is gereed om saam met U in die tronk en in die dood in te gaan.”
34 Yeshua sê vir hom: “Ek sê vir jou, Shim’on, die haan sal vandag nie kraai voordat jy drie maal ontken het dat jy My ken nie.”
35 Hy sê vir hulle: “Toe Ek julle uitgestuur het sonder beursie, reissak of skoene, het julle enige tekort gehad?” Hulle antwoord: “Niks nie.”
36 Toe sê Hy vir hulle: “Van nou af, wie ’n beursie het, laat hom dit vat en so ook ’n reissak en wie nie ’n swaard het nie, moet sy kleed verkoop en ’n swaard koop,
37 want Ek sê vir julle dat ook dit wat geskrywe is in My vervul moet word: ‘En Hy is saam met wetsoortreders gereken,’ Yes 53:12 want alles aangaande My, sal gebeur.”
38 Hulle sê vir Hom: “Ons Meester, let op, hier is twee swaarde.” Hy antwoord hulle: “Dis nou genoeg!”
39 Hy het uitgegaan en volgens gewoonte na die Olyfberg gegaan. Sy studente-volgelinge het Hom ook gevolg.
40 Toe Hy aankom op die plek, sê Hy vir hulle: “Bid dat julle nie getoets word nie.”
41 Hy het Hom ’n klipgooi ver van hulle af onttrek, neergekniel, gebid
42 en gesê: “Vader, as U so wil, neem hierdie beker van My af weg! Laat dit nogtans wees volgens U wil en nie Myne nie!”
43 ’n Boodskapper uit die hemel het aan Hom verskyn en Hom versterk
44 en in spanningsangs het Hy meer intens gebid en Sy sweet was soos bloeddruppels en Hy het op die grond neergeval.
45 Hy het opgestaan van Sy gebed af en by Sy studentevolgelinge gekom en hulle aan die slaap gevind van angs
46 en Hy sê vir hulle: “Hoekom slaap julle? Staan op en bid dat julle nie getoets word nie.”
47 Terwyl Hy nog praat, let op, kom daar ’n groep mense en hy wat Y’hudah genoem word, een van die twaalf, het voor hulle uitgeloop na Yeshua toe en Hom gesoen, as ’n teken wat hy vir hulle gegee het: “Wie ek ook al soen, dit is Hy.”
48 Yeshua sê vir hom: “Y’hudah, verraai jy die Seun van die mens met ’n soen?”

49 Toe die wat by Hom was, sien wat gaan gebeur, sê hulle vir Hom: "Ons Meester, moet ons hulle met swaarde neerslaan?"
50 Een van hulle het die slaaf van die hoofpriester geslaan en sy regteroor afgesny,
51 maar Yeshua het geantwoord en gesê: "Genoeg vir nou!" Hy het die oor van die een wat gewond is, aangeraak en hom gesond gemaak.
52 Yeshua sê vir hulle wat na Hom toe gekom het, die leierpriesters, oudstes en kaptein van die tempelwagte: "Het julle opgetrek teen My soos teen 'n rower met swaarde en knopkieries om My te vang?
53 Elke dag was Ek saam met julle in die tempel en julle het nie die hande aan My geslaan nie, maar hierdie is julle en die prins van die duisternis se uur."
54 Hulle het Hom gevang en Hom gebring in die huis van die hoofpriester, maar Shim'on het op 'n afstand gevolg.
55 Hulle het 'n vuur in die middel van die binneplaas aangesteek en om dit gaan sit en Shim'on het saam met hulle gesit.
56 'n Sekere slavin het hom by die vuur sien sit en nadat sy hom stip aangekyk het, sê sy: "Hierdie man was ook saam met Hom."
57 Hy het dit ontken en gesê: "Vrou, ek ken Hom nie."
58 Kort daarna sien 'n ander een hom en sê: "Jy is ook een van hulle." Kefa antwoord egter: "Ek is nie."
59 Ná ongeveer 'n uur het 'n ander een daaroor gestry en gesê: "Sekerlik, hierdie man was ook saam met Hom, want hy is ook van die Galila."
60 Kefa antwoord: "Man, ek weet nie wat jy sê nie." Onmiddellik toe hy praat, het 'n haan gekraai.
61 Yeshua het omgedraai en na Kefa gekyk en Shim'on het die woord van ons Meester onthou wat Hy vir hom gesê het: "Voordat die haan kraai, sal jy My drie maal ontken."
62 Shim'on het buitentoe gegaan en bitterlik gehuil.
63 Die manne wat Yeshua gevange gehou het, het Hom gespot, Sy kop toegegooi,
64 Hom in Sy gesig geslaan en gesê: "Profeteer wie dit is wat U geslaan het."
65 Hulle het ook baie ander bose dinge teen Hom gesê.
66 Toe die dag breek, het die oudstes van die volk, die leierpriesters en die leraars van die wet vergader en Hom na die plek van hulle Raad gebring
67 en vir Hom gevra: "As U dié Gesalfde Een is, sê vir ons." Hy antwoord hulle: "As Ek julle antwoord, sal julle My nie glo nie
68 en ook as Ek vra, sal julle My nie antwoord of loslaat nie.
69 Van nou af aan sal die Seun van die mens sit aan die regterhand van Die Krag (HaG'vurah) van God," [Ps 110:1]
70 Hulle vra almal: "Is U daarom die Seun van God?" Yeshua sê vir hulle: "Julle sê self Ek is onveranderlik dieselfde."
71 Hulle het gesê: "Hoekom het ons nog getuies nodig, want ons het dit self uit Sy mond gehoor."

23 1 Hulle het almal opgestaan en Hom na Pilatos begelei.
2 Verteer daardeur om Hom sleg te maak, het hulle begin en gesê: "Ons het gevind dat hierdie man ons mense verlei en verbied om aan die keiser belasting te betaal en Hy sê van Homself dat Hy die Koning, dié Gesalfde Een, is."
3 Pilatos vra Hom en sê vir Hom: "Is U die Koning van die Jode?" Hy antwoord hom en sê: "U sê dit." Mat 27:11; Mar 15:2
4 Pilatos sê toe vir die leierpriesters en vir die skare mense: "Ek vind geen motief of oortreding in hierdie Man nie,"
5 maar hulle het geskree en gesê: "Hy maak die mense oproerig met Sy leer, die hele Y'hudah deur, vandat Hy in die Galila begin het tot hier toe."
6 Toe Pilatos van die Galila hoor, vra hy of die Man van die Galila af is
7 en nadat hy verstaan het dat Hy uit die outoriteitsgebied van Herodes is, stuur hy Hom na Herodes, wat self ook in daardie dae in Yerushalayim was.
8 Toe Herodes Yeshua sien, was hy baie bly, want hy was al vir 'n lang tyd begerig om Hom te sien omdat hy baie van Hom gehoor het. Hy het gehoop om een of ander wonderwerk te sien wat deur Hom gedoen word.
9 Hy het Hom oor baie sake uitgevra, maar Yeshua het hom niks geantwoord nie.
10 Die leierpriesters en die leraars van die wet het gestaan en Hom heftig beskuldig.
11 Herodes en sy diensnegte het Hom gespot en nadat hy Hom beledig het, gooi hulle 'n pers kleed om Hom en stuur Hom terug na Pilatos.
12 Pilatos en Herodes het op daardie dag vriende geword, want hulle was vroeër in vyandskap teenoor mekaar.
13 Pilatos roep die leierpriesters, die leiers en die mense bymekaar
14 en sê vir hulle: "Julle het hierdie Man na my toe gebring as een wat die mense laat wegdraai en let op, ek het in julle teenwoordigheid ondersoek ingestel en in hierdie Man geen motief of skuld gevind van die dinge waarvan julle Hom beskuldig nie
15 en ook nie Herodes nie, want ek het Hom na hom toe gestuur en daar is niks deur Hom gedoen wat die dood verdien nie.
16 Ek sal Hom daarvolgens dissiplineer en Hom loslaat."
17 Dit was gewoonte om een man vir hulle op die fees vry te laat.
18 Die hele skare skree egter saam en sê: "Vat Hom weg en laat Bar-Abba vir ons vry!" Mat 27:20; Mar 15:11
19 Hy is in die tronk gegooi oor 'n sekere opstand wat in die stad gebeur het en vir 'n moord.
20 Daarna het Pilatos weer met hulle gepraat omdat hy Yeshua wou vrylaat,
21 maar hulle het aangehou skree en gesê: "Kruisig Hom, kruisig Hom!"
22 Vir die derde keer sê hy vir hulle: "Watter boosheid het Hy dan gedoen? Ek het niks in Hom gevind wat die dood verdien nie. Ek sal Hom daarvolgens dissiplineer en vrylaat."
23 Hulle het aangehou met 'n harde geskree en gevra dat Hy gekruisig moes word en hulle geskree en dié van die leierpriesters het die oorhand gekry.
24 Toe gee Pilatos uitspraak dat hulle eis toegestaan moes word.

25 Hy het dié een vir hulle vrygelaat wat oor opstand en moord in die tronk gegooi is, die een wat hulle gevra het, maar Yeshua het hy aan hulle wil oorgelewer.
26 Terwyl hulle Hom weglei, gryp hulle ’n sekere Shim’on, wat van ’n dorpie, Kurene, gekom het en sit die hout op hom om dit agter Yeshua aan te dra.
27 ’n Groot hoeveelheid mense het Hom gevolg, asook vroue wat weeklaag en oor Hom gehuil het.
28 Yeshua het Hom omgedraai na hulle toe en vir hulle gesê: “Dogters van Yerushalayim, moenie oor My huil nie, maar huil oor julleself en oor julle seuns.
29 Let op, daar kom dae waarin hulle sal sê: ‘Gelukkig is dié wat nie kinders kan hê nie, die baarmoeder wat nie geboorte gegee het nie en die borste wat nie gevoed het nie.’
30 Dan sal hulle begin om vir die berge te sê: ‘Val op ons!’ en vir die heuwels: ‘Bedek ons!’ [Hos 10:8]
31 As hulle hierdie dinge doen aan die groen hout (onskuldige man), wat sal met die droë hout (bose man) gebeur?”
32 Daar is ook twee ander, hulle was boosdoeners, saam met Hom weggelei om doodgemaak te word.
33 Toe hulle op ’n sekere plek kom wat ‘Kopbeen’ genoem word, het hulle Hom daar gekruisig saam met die boosdoeners, een aan die regter en een aan die linkerkant.
34 Yeshua het gesê: “Vader, vergeef hulle, want hulle verstaan nie wat hulle doen nie.” Hulle het Sy klere verdeel en die lot daaroor gegooi. [Ps 22:19; Mat 27:35]
35 Die mense het gestaan en kyk en saam met die leiers het hulle ook gespot [Ps 22:8] en gesê: “Ander het Hy gered; laat Hy Homself red as Hy dié Gesalfde Een, die gekose een van God, is.”
36 Ook die soldate het Hom gespot en gekom en vir Hom suurwyn aangebied [Ps 69:22]
37 en gesê: “As U die Koning van die Jode is, red Uself.”
38 Daar was ook ’n opskrif bokant Hom geskrywe in Griekse, Romeinse en Hebreeuse letters: [Mat 27:37; Mar 15:26; Yog 19:19] ‘HY IS DIE KONING VAN DIE JODE.’
39 Een van die boosdoeners wat saam met Hom gekruisig is, het kwaadgepraat teen Hom en gesê: “As U dié Gesalfde Een is, verlos Uself en ons,”
40 maar die ander een bestraf hom en sê: “Vrees en respekteer ook jy God nie terwyl jy onder dieselfde veroordeling is?
41 Ons tog regverdiglik, want ons ontvang wat ons verdien vir ons dade, maar Hy het niks verkeerds gedoen nie.”
42 Hy sê vir Yeshua: “Onthou my, my Meester, wanneer U in U Koninkryk kom.”
43 Yeshua sê vir hom: “Dit is waar, Ek sê vir jou vandag dat jy saam met My in die Paradys (Gan`Eden) sal wees.’ [Open 22:14]
44 Dit was ongeveer die sesde uur (twaalfuur middag) en daar het duisternis oor die hele aarde gekom, tot die negende uur (drieuur) toe. [`Amo 8:9]
45 Die son het donker geword, die gordynskeiding van die tempel het middeldeur geskeur
46 en Yeshua het met ’n harde stem uitgeroep en gesê: “My Vader, in U hande lê Ek My gees neer!” Toe Hy dit gesê het, is Hy dood.

47 Toe die kaptein oor ’n honderd sien wat daar gebeur, het hy God geprys en gesê: “Waarlik, hierdie man was Die Onpartydige en Opregte Een.” Yir 23:6
48 Al die mense wat bymekaargekom het vir die gebeurtenis, het op hulle borste geslaan toe hulle sien wat gebeur het en weggegaan.
49 Almal wat Yeshua geken het, het op ’n afstand gestaan, asook die vroue wat Hom van die Galila af gevolg het, het hierdie dinge ervaar.
50 ’n Sekere man met die naam van Yosef, ’n lid van die Joodse Raad, van Ramatayim, ’n stad van Y’hudah, ’n goeie en regverdige man,
51 wat nie met hulle besluit en uitvoering saamgestem het nie, wat ook self die Koninkryk van God verwag het,
52 het na Pilatos gegaan en die liggaam van Yeshua gevra,
53 dit afgehaal, in linne toegedraai en dit in ’n graf gesit wat uit rots gekap was, waarin niemand nog ooit gelê het nie.
54 Dit was die dag van voorbereiding en Shabbat was op die punt om te begin.
55 Die vroue wat saam met Hom van die Galila af gekom het, het ook saamgegaan en die graf gesien en hoe Sy liggaam neergesit is.
56 Toe het hulle teruggegaan en speserye en salf voorberei en op die Shabbat gerus volgens die opdrag. Eks 20:8-11; Deut 5:11-15

24 1 Vroeg in die oggend, op die eerste dag van die week terwyl dit nog donker was, het hulle en ander vrouens saam met hulle, die speserye gebring wat deur hulle voorberei is en by die graf gekom
2 en gevind dat die steen voor die graf weggerol is.
3 Hulle het ingegaan en nie die liggaam van Yeshua gekry nie.
4 Terwyl hulle gewonder het hieroor, let op, staan daar twee manne oor hulle en hulle klere was glansblink.
5 Hulle het baie bang geword en met hulle gesigte na die aarde gebuig. Die manne sê vir hulle: “Waarom soek julle Die Lewe tussen die dooies?
6 Hy is nie hier nie; Hy het opgestaan. Onthou wat Hy vir julle vertel het toe Hy nog in die Galila was:
7 Hy het gesê: ‘Die Seun van die mens moet oorgelewer word in die hande van sondige mense, gekruisig word en op die derde dag sal Hy opstaan’.”
8 Die vrouens het Sy woorde onthou.
9 Hulle gaan toe terug van die graf af en vertel dit alles aan die elf en aan al die ander.
10 Dit was Miryam van Migdala, Yoganah en Miryam, die moeder van Ya’akov en die ander vroue saam met hulle wat dit aan die afgevaardigdes vertel het.
11 Hulle woorde was vir hulle soos ydel praatjies en hulle het hulle nie geglo nie,
12 maar Shim’on het opgestaan en na die graf toe gehardloop en toe hy kyk, sien hy die doeke alleen lê en hy het weggegaan, wonderend in sy gees oor wat gebeur het.
13 Let op, twee van hulle was daardie dag op pad na ’n dorp wat sewe en ’n half myl (12 km) van Yerushalayim af is, met die naam van Amma’us. Mar 16:12
14 Hulle het met mekaar gepraat oor al hierdie dinge wat gebeur het

15 en terwyl hulle praat en dit bespreek, ontmoet Yeshua hulle en loop saam met hulle,
16 maar hulle oë is toegemaak sodat hulle Hom nie kon herken nie.
17 Hy sê vir hulle: “Wat is hierdie sake waaroor julle loop en praat met mekaar en waaroor julle so treurig is?”
18 Een van hulle met die naam van Kleopas antwoord en sê vir Hom: “U is inderdaad alleen ’n vreemdeling in Yerushalayim dat U nie van die dinge weet wat in hierdie dae daar gebeur het nie.”
19 Hy sê vir hulle: “Watter dinge?” Hulle antwoord Hom: “Aangaande Yeshua, van Natzeret, wat ’n profeet was, kragtig in daad en boodskap voor God en voor die hele nasie.
20 Hoe die leierpriesters en leiers Hom oorgelewer en veroordeel het tot die dood en Hom gekruisig het.
21 Ons het ’n versekerde verwagting gehad dat dit Hy was wat Yisra’el sou bevry en let op, dit is reeds drie dae nadat al hierdie dinge plaasgevind het.
22 Sommige vroue uit ons geledere het ons ook verstom nadat hulle vroeër by die graf was
23 en toe hulle Sy liggaam nie kry nie, het hulle gekom en gesê dat hulle ook boodskappers daar gesien het wat sê dat Hy lewe.
24 Sommige van die wat saam met ons was, het na die graf gegaan en dit net so gevind soos die vroue gesê het, maar hulle het Hom nie gesien nie.”
25 Toe sê Yeshua vir hulle: “O, onverstandiges, met verstand, wil en emosie wat stadig is om alles wat die profete gesê het te vertrou!
26 Moes dié Gesalfde Een nie hierdie dinge deurgaan en in Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid ingaan nie?”
27 Hy het begin om vanaf Mosheh en al die profete vir hulle uit al die Skrifte, die dinge wat op Hom betrekking het, deeglik te verduidelik
28 en toe hulle naby die dorp kom waarheen hulle op pad was, het Hy aangekondig dat Hy na ’n plek verder gaan.
29 Hulle het Hom teruggehou en vir Hom gesê: “Bly by ons, want die dag is besig om verby te gaan en dit word donker” en Hy het ingegaan om by hulle te bly.
30 Dit het gebeur dat toe Hy saam met hulle aan tafel skuinslê, Hy die brood vat, dank, dit breek en dit aan hulle gee.
31 Onmiddellik het hulle oë oopgegaan en hulle het Hom herken en Hy het van voor hulle af opgegaan.
32 Hulle sê vir mekaar: “Was ons verstand nie onnosel in ons toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte oopgemaak het nie?”
33 Toe staan hulle dadelik op en gaan terug na Yerushalayim en vind die elf en die wat saam met hulle bymekaar was,
34 wat sê: “Ons Meester het waarlik opgestaan en aan Shim’on verskyn.”
35 Hulle het ook vertel wat op die pad gebeur het en hoe Hy aan hulle bekend geword het by die breking van die brood.

36 Terwyl hulle hierdie dinge vertel, staan Yeshua tussen hulle en Hy sê vir hulle: "Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir julle! Ek is onveranderlik dieselfde, moenie bang wees nie."
37 Hulle het geskrik, was in vrees en het gedink dat hulle 'n gees sien.
38 Yeshua sê vir hulle: "Waarom is julle geskud en kom daar allerhande gedagtes by julle op?
39 Kyk na My hande en My voete, dat Ek onveranderlik dieselfde is. Vat aan My en wees seker, want 'n gees het nie vleis en bene soos julle sien dat Ek het nie."
40 Toe Hy hierdie dinge gesê het, wys Hy vir hulle Sy hande en Sy voete
41 en steeds het hulle, van vreugde, nie geglo nie en hulle verwonder en Hy sê vir hulle: "Het julle iets hier om te eet?"
42 Toe gee hulle vir Hom 'n stuk gebraaide vis en 'n heuningkoek
43 en Hy het dit gevat en voor hulle geëet.
44 Hy sê vir hulle: "Hierdie is die boodskap wat Ek met julle gedeel het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Mosheh, die Profete en die Psalms, volledig gemaak moet word."
45 Toe maak Hy hulle verstand oop om die Skrifte te verstaan
46 en Hy sê vir hulle: "So is dit geskrywe en dit was reg dat dit so gebeur: dié Gesalfde Een moes ly en op die derde dag uit die dood uit opstaan
47 en in Sy Karakter en Outoriteit moet die erken, berou en wegdraai tot vergifnis van sonde verkondig word in al die nasies, beginnende by Yerushalayim [Mat 28:19; Mar 16:15; Hand 1:8]
48 en julle is getuies van hierdie dinge.
49 Ek sal die Belofte van My Vader oor julle stuur, [Yog 14:16,17,26] maar julle moet in die stad Yerushalayim bly totdat julle aangetrek is met wonderwerkende Krag van Bo."
50 Hy het hulle gevat tot by Beit-Anyah en Hy het Sy hande opgelig en hulle geseën
51 en terwyl Hy hulle seën, is Hy van hulle afgeskei en het Hy in die hemel opgegaan.
52 Hulle het neergeval in eerbetoning aan Hom en na Yerushalayim teruggegaan te midde van groot vreugde.
53 Hulle was voortdurend in die tempel terwyl hulle God geloof en goed gepraat het van Hom. Dit is waar.

Die vierde boek van die Nuwe Verbond

Die goeie boodskap oor Yeshua, dié Gesalfde Een,
geskryf deur Yoganan, een van die twaalf afgevaardigdes
van Yeshua.

# Yoganan

יוֹחנן

{ יהוה gee onverdiende guns }

( Johannes )

Dit is in Aramees, Yoganan se huistaal, voor die vernietiging
van die tempel geskryf.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees -
die taal wat Yeshua gepraat het.

1 1 In ’n begin het die boodskap reeds bestaan [Yes 40:8] en daardie boodskap het saam met God bestaan en God self was daardie boodskap. [Mik 5:1; Mal 3:1]
2 Hierdie het aanvanklik saam met God bestaan.
3 Alles is deur Sy hande gemaak en sonder Hom het niks bestaan van wat ontstaan het nie.
4 In Hom was die Lewe en die Lewe was die Lig vir die mense.
5 Daardie Lig skyn in die duisternis en die duisternis het dit nie oorweldig nie. [Kol 1:13]
6 Daar was ’n man wat van God gestuur is, met die naam Yoganan.
7 Hy het as ’n getuienis gekom om van die Lig te getuig sodat almal deur Hom sou vertrou. [1 Yog 1:5]
8 Hy was nie die Lig nie, maar hy moes van die Lig getuig,
9 van die Lig van waarheid, wat elke mens wat in die wêreld inkom, verlig. [Kol 1:12]
10 Hy was ín die wêreld en die wêreld bestaan deur Sy hand en die wêreld het Hom nie geken nie. [Kol 1:14-20]
11 Hy het na wat Syne is, gekom en Sy eie het Hom nie ontvang nie,
12 maar aan dié wat Hom ontvang het, aan hulle het Hy die outoriteit gegee om seuns van God te word, aan hulle wat in Sy Karakter en Outoriteit vertrou;
13 díe wat nie vanuit die bloed of vanuit die begeerte van die vlees of vanuit die begeerte van ’n man nie, maar vanuit God, gebore is. [Yog 3:3-6]
14 Die boodskap het Vlees geword en het onder ons gebly en ons het Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid gesien, ’n Gemanifesteerde Teenwoordigheid soos van die Enigste Uniekgeborene wat vanaf die Vader kom; Hy wat vol van onverdiende guns en waarheid is.
15 Yoganan het van Hom getuig en uitgeroep en gesê: “Dit is Hy van Wie ek gesê het dat Hy ná my kom en tog voor my was, want Hy is belangriker as ek.”
16 Vanuit Sy volheid het ons almal onverdiende guns op onverdiende guns ontvang,
17 want die wet is via Mosheh gegee; die onverdiende guns en die waarheid het via Yeshua, dié Gesalfde Een, bestaan.
18 Niemand het God nog ooit gesien nie, maar die enigste Uniekgeborene van God, wat aan die bors van die Vader is, dié het Hom bekend gemaak.
19 Dit is die getuienis van Yoganan, toe die Jode priesters en Leviete uit Yerushalayim gestuur het om hom te vra: “Wie is u?”
20 Hy het erken en nie ontken nie, maar erken: “Ek is nie dié Gesalfde Een nie.”
21 Hulle vra hom weer: “Wie dan? Is u Eliyahu?” Hy sê: “Ek is nie.” “Is u die profeet?” Hy antwoord: “Nee.” [Deut 18:15-22]
22 Hulle vra vir hom: “Wie is u dan sodat ons ’n verklaring kan gee aan dié wat ons gestuur het. Wat sê u van uself?”
23 Hy sê: “Ek is die stem van een wat roep in die wildernis: ‘Berei die pad van יהוה voor,’ [Mal 3:1; Mat 3:3] soos Yesha’yahu, die profeet, gesê het!” [Yes 40:3]
24 Die wat gestuur is, was uit die Fariseërs
25 en hulle vra hom en sê vir hom: “Hoekom doop u dan as u nie dié Gesalfde Een of Eliyahu of die profeet is nie?”

26 Yoganan antwoord hulle en sê: “Ek doop in water, maar Hy staan tussen julle vir Wie julle nie ken nie,
27 dit is Hy wat ná my kom en Hyself was voor my, Wie se sandaalband ek nie waardig is om los te maak nie.”
28 Dit het gebeur by Beit-Anyah, aan die oorkant van die Yarden, waar Yoganan besig was om te doop.
29 Die volgende dag sien Yoganan vir Yeshua na hom toe kom en hy sê: “Let op, Hy is die Lam van God wat die sonde van die wêreld verwyder!
30 Dit is Hy van Wie ek gesê het: ‘Die Man wat ná my kom, Hy was voor my, want Hy is belangriker as ek.’
31 Ek het Hom nie geken nie, maar ek het gekom en in water gedoop sodat Hy aan Yisra’el gemanifesteer sou word.”
32 Yoganan het getuig en gesê: “Ek het die Gees soos ’n duif uit die hemel sien afkom en op Hom bly.
33 Ek het Hom nie geken nie, maar Hy wat my gestuur het om met water te doop, het vir my gesê: ‘Hy op Wie jy die Gees sien afkom en bly, dit is Hy wat in die Gees wat Afgesonderd is doop’ [Mat 3:16; Mar 1:10; Luk 3:22]
34 en ek hét gesien en getuig dat hiérdie die Seun van God is.”
35 Op ’n ander dag het Yoganan weer daar gestaan met twee van sy studentevolgelinge
36 en hy sien Yeshua loop en sê: “Let op, die Lam van God!”
37 Die twee studentevolgelinge het hom dit hoor sê en Yeshua gevolg.
38 Yeshua het omgedraai en hulle gesien wat Hom volg en vir hulle gevra: “Wat soek julle?” Hulle antwoord Hom: “Leermeester, waar is U tuis?”
39 Hy sê vir hulle: “Kom kyk.” Hulle het gegaan en gesien waar Hy bly en dié dag by Hom gebly. Dit was omtrent die tiende uur (vieruur).
40 Andreas, die broer van Shim’on, was self een van hulle wat dit by Yoganan gehoor en Hom gevolg het.
41 Hy het eerste vir Shim’on, sy broer, gesien en vir hom gesê: “Ons het dié Gesalfde Een gevind.”
42 Hy het hom na Yeshua toe gebring en Yeshua het na hom gekyk en gesê: “Jy is Shim’on, die seun van Yoganan; jy sal Kefa genoem word.”
43 Die volgende dag wou Yeshua na die Galila gaan en Hy ontmoet vir Filippos en sê vir hom: “Volg My.”
44 Filippos was van Beit-Tzaidah, die stad van Andreas en Kefa.
45 Filippos het vir Natan’el gekry en vir hom gesê: “Ons het Hom gevind van Wie Mosheh in die wet en van Wie ook die profete geskryf het. Hy is Yeshua, die seun van Yosef van Natzeret.”
46 Natan’el vra vir hom: “Kan daar uit Natzeret iets goeds wees?” Filippos antwoord hom: “Kom kyk.”
47 Yeshua sien vir Natan’el toe hy na Hom toe aankom en sê van hom: “Let op, waarlik ’n seun van Yisra’el in wie daar geen misleiding is nie.”

48 Natan’el vra vir Hom: “Waarvandaan ken U my?” Yeshua antwoord en sê vir hom: “Voordat Filippos jou geroep het, toe jy onder die vyeboom was, het Ek jou gesien.”

49 Natan’el antwoord en sê vir Hom: “Leermeester, U is die Seun van God, U is die Koning van Yisra’el!”

50 Yeshua sê vir hom: “Vertrou jy omdat Ek vir jou gesê het: ‘Ek het jou onder die vyeboom gesien?’ Jy sal groter dinge sien as dit.”

51 Hy sê vir hom: “Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê dat julle van nou af sal sien hoe die hemel oopgemaak word en die boodskappers van God wat opgaan en afgaan op die Seun van die mens.” Gen 28:12

2 1 Op die Derdedag was daar ’n bruilofsfees in Kanah, ’n stad in die Galila en die moeder van Yeshua was daar.

2 Yeshua self en Sy studentevolgelinge is ook na die bruilofsfees genooi.

3 Die wyn was te min en Yeshua se moeder sê vir Hom: “Hulle het nie wyn nie.”

4 Yeshua sê vir haar: “Hoe gaan dit ons aan, vrou? My tyd het nog nie gekom nie.”

5 Sy moeder sê vir die diensknegte: “Wat Hy ook al vir julle sê, dit moet julle doen.”

6 Daar was ses klip waterkanne vir die Joodse seremoniële reinigings, wat elkeen ’n honderd tot ’n honderd en vyftig liter hou.

7 Yeshua sê vir hulle: “Maak die kanne vol water.” Hulle het hul tot by die rand toe vol gemaak.

8 Hy sê vir hulle: “Skep nou uit en vat dit vir die seremoniemeester.” Hulle het dit gevat.

9 Toe die seremoniemeester die water, wat wyn geword het, proe (hy het nie geweet waar dit vandaan kom nie, maar dié wat bedien en die water geskep het, het geweet), roep die seremoniemeester die bruidegom

10 en sê vir hom: “Alle mense sit eers die goeie wyn voor en, wanneer hulle goed gedrink het, dan die slegte, maar u het die goeie wyn tot nou toe gehou.”

11 Hierdie eerste een van Sy wonderwerke het Yeshua in Kanah in die Galila gedoen en Hy het Sy eer, lof en grootheid gewys en Sy studentevolgelinge het in Hom vertrou.

12 Daarna het Hy na K’far-Nagum afgegaan, saam met Sy moeder, Sy broers en Sy studentevolgelinge en hulle was ’n paar dae daar.

13 Pesag van die Jode was naby en Yeshua het na Yerushalayim opgegaan

14 en Hy het die verkopers van beeste, skape, duiwe en die geldwisselaars wat daar sit, in die tempel gekry.

15 Hy het vir Homself ’n sweep van tou gemaak en almal uit die tempel uitgedryf; die skape en die beeste en die geldstukke van die wisselaars het Hy ook uitgegooi en hulle tafels omgekeer.

16 Vir die duiweverkopers het Hy gesê: “Vat hierdie goed hier uit; moenie die huis van My Vader ’n huis vir handeldryf maak nie.”

17 Sy studentevolgelinge het egter onthou dat daar geskrywe is: “Die ywer vir U huis het My verteer.” Ps 69:10

18 Hierop antwoord die Jode en sê vir Hom: “Watter wonderteken wys U vir ons dat U hierdie dinge doen?”
19 Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek dit oprig.”
20 Die Jode sê vir Hom: “Ses en veertig jaar lank word aan hierdie tempel gewerk en U sal dit in drie dae oprig?”
21 Hy het dit gesê aangaande die Tempel van Sy liggaam [1 Kor 6:19,20]
22 en nadat Hy uit die graf uit opgestaan het, het Sy studentevolgelinge onthou dat Hy dit vir hulle gesê het en hulle het die Skrif en die boodskap wat Yeshua gebring het, vertrou.
23 Terwyl Hy, tydens die fees van Pesag, in Yerushalayim gebly het, het baie in Sy Karakter en Outoriteit vertrou omdat hulle die wondertekens wat Hy doen, gesien het,
24 maar Yeshua self het húlle nie vertrou nie omdat Hy almal geken het
25 en omdat Hy nie nodig gehad het dat iemand oor enige iemand sou getuig nie, want Hy self het geweet wat in die mens is.

3 1 Een van die Fariseërs, met die naam van Nakdimon, ’n leier van die Jode, het daar gebly.
2 Hierdie man het in die nag na Yeshua toe gekom en vir Hom gesê: “Leermeester, ons weet dat U ’n leermeester is wat vanaf God gekom het, want niemand kan hierdie wondertekens doen wat U doen, as God nie by hom is nie.”
3 Yeshua antwoord en sê vir hom: “Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir jou sê: as iemand nie van bo af gebore word nie, is dit onmoontlik vir hom om die Koninkryk van God te sien.” [Yog 1:13; Ya’a 1:18; Tit 3:5; 1 Kef 1:3,23]
4 Nakdimon vra vir Hom: “Hoe is dit moontlik vir ’n mens, as hy oud is, om gebore te word? Is dit nie onmoontlik vir ’n man om ’n tweede keer in sy moeder se baarmoeder in te gaan en gebore te word nie?”
5 Yeshua antwoord en sê vir hom: “Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir jou sê: as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, is dit onmoontlik dat hy in die Koninkryk van God kan ingaan.
6 Dit wat uit die vlees gebore is, is vlees en dit wat uit die Gees gebore is, is Gees. Rom 8:5; 1 Kor 15:50
7 Moenie verbaas wees dat Ek vir jou gesê het dat dit nodig is vir julle om van bo af gebore te word nie.
8 Die Gees blaas waar Hy wil en jy hoor Sy Stem, maar jy weet nie vanwaar Hy kom en waarheen Hy gaan nie. Net so is elkeen wat uit die Gees gebore is.”
9 Nakdimon antwoord en sê vir Hom: “Hoe is dit moontlik vir hierdie dinge om te gebeur?”
10 Yeshua antwoord en sê vir hom: “Jy is ’n leermeester van Yisra’el en jy weet hierdie dinge nie?
11 Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir jou sê: Ons sê wat Ons verstaan en Ons getuig van wat Ons gesien het en julle aanvaar nie Ons getuienis nie.
12 As Ek julle van die aardse dinge vertel en julle dit nie glo nie, hoe sal julle My glo as Ek julle van die hemelse vertel?

13 Niemand het opgegaan in die hemel in nie, behalwe Hy wat uit die hemel uit afgekom het, naamlik die Seun van die mens: Hy wat in die hemel is
14 en net soos Mosheh die slang in die wildernis opgelig het, so sal die Seun van die mens opgelig word [Num 21:6-9]
15 sodat elke mens wat in Hom vertrou, nie verlore sal wees nie, maar die ewige lewe sal hê,
16 want op dié manier het God die wêreld liefgehad: só, dat Hy Sy enigste uniekgebore Seun opgegee het sodat elkeen wat in Hom vertrou, nie verlore sal wees nie, maar die ewige lewe sal hê, [1 Yog 4:9,10]
17 want God het nie Sy Seun in die wêreld gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat Hy lewe aan die wêreld kan gee deur Sy hand. [Gen 3:24; Open 22:14]
18 Wie ook al in Hom vertrou, word nie geoordeel nie, maar hy wat nie vertrou nie, is nou alreeds veroordeel omdat hy nie vertrou het in die Karakter en Outoriteit van die enigste Uniekgebore Seun van God nie.
19 Dit is die veroordeling: die Lig het in die wêreld gekom en die mense het die duisternis eerder liefgehad as die Lig, want hulle dade was boos,
20 want elkeen wat doen wat haatlik is, haat die Lig en kom nie na die Lig nie sodat sy dade nie veroordeel kan word nie,
21 maar hy wat die waarheid doen, kom na die Lig sodat sy dade openbaar kan word, dat hulle deur God gedoen is.” [Efe 5:13]
22 Na hierdie dinge het Yeshua en Sy studentevolgelinge na die streek van Y’hudah gegaan en daar het Hy saam met hulle gewerk en gedoop,
23 maar Yoganan was ook besig om in Einayim, wat langs Shalem is, te doop omdat daar water was en baie mense aangehou kom het en gedoop is,
24 want Yoganan is nog nie in die tronk gegooi nie.
25 Daar het ’n strydvraag ontstaan tussen ’n studentevolgeling van Yoganan en ’n sekere Jood oor die seremoniële reiniging
26 en hulle het na Yoganan gekom en vir hom gesê: “Leermeester, Hy wat saam met u oorkant die Yarden was, van Wie u getuig het, let op, Hy doop ook en baie gaan na Hom toe.”
27 Yoganan antwoord en sê vir hulle: “’n Mens kan niks ontvang uit sy eie wil nie, maar slegs as dit vir hom uit die hemel gegee is.
28 Julle is my getuies dat ek gesê het: ‘Ek is nie dié Gesalfde Een nie, maar ek is een wat voor Hom uitgestuur is.
29 Hy wat die bruid het, is die Bruidegom, maar die vriend van die Bruidegom, wat na hom staan en luister, verheug hom baie oor die stem van die Bruidegom; daarom, let op, is my vreugde volledig. [Open 19:7]
30 Dit is nodig vir Hom om meer te word en vir my om minder te word.
31 Hy wat van bo kom, is hoër as almal; hy wat van die aarde is, is vanuit die grond en praat vanuit die aarde. Hy wat uit die hemel kom, is hoër as almal.
32 Dit wat Hy gesien en gehoor het, dit getuig Hy en niemand aanvaar Sy getuienis nie.
33 Wie Sy getuienis aanvaar, verklaar dat God waar is,

34 want Hy wat deur God gestuur is, bring die boodskappe van God, want God het nie Sy Gees in mate gegee nie. Kol 2:9
35 Die Vader het die Seun lief en het alles in Sy hand gegee.
36 Wie ook al in die Seun vertrou, het die ewige lewe en wie ook al die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die woede van God sal teen hom staan."

4 1 Yeshua het geweet dat die Fariseërs gehoor het dat Hy baie studentevolgelinge gemaak het en meer gedoop het as Yoganan,
2 alhoewel Yeshua self nie gedoop het nie, maar wel Sy studentevolgelinge.
3 Hy het weggegaan uit Y'hudah en weer na die Galila gegaan,
4 maar dit was nodig vir Hom om deur Shomron te gaan.
5 Hy kom by 'n stad van Shomron, wat Sh'khem genoem word, langs die dorpie wat Ya'akov aan sy seun Yosef gegee het. Gen 33:19; Y'ho 24:32
6 Die fontein van Ya'akov was ook daar. Aangesien Yeshua moeg was van die reis, het Hy by die fontein gaan sit. Dit was omtrent die sesde uur (twaalfuur die middag).
7 'n Vrou van Shomron het gekom om water te trek. Yeshua vra vir haar: "Gee vir My water om te drink,"
8 want Sy studentevolgelinge het na die stad gegaan om vir hulleself kos te koop.
9 Die vrou van Shomron vra vir Hom: "Hoe is dit dat U, wat 'n Jood is, van my iets vra om te drink terwyl ek 'n vrou van Shomron is?" Want die Jode assosieer nie met die mense van Shomron nie.
10 Yeshua antwoord en sê vir haar: "As jy die geskenk van God geken het en geweet het Wie Hy is wat vir jou sê: 'Gee vir My iets om te drink,' sou jy Hom gevra het vir wat Hy het en Hy sal vir jou Lewende Water gee." Yir 17:13; Open 21:6
11 Die vrou sê vir Hom: "My Meester, U het nie eens 'n emmer nie en die put is diep, van waar het U dié Lewende Water?
12 Is U groter as ons vader Ya'akov, wat die put aan ons gegee het en self saam met sy seuns en vee daaruit gedrink het?"
13 Yeshua antwoord en sê vir haar: "Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors word,
14 maar elkeen wat sal drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein van water word wat sal opspring tot die ewige lewe." Yir 2:13
15 Die vrou sê vir Hom: "My Meester, gee vir my daardie water sodat ek nie dors kry en hier hoef te kom trek nie."
16 Yeshua sê vir haar: "Gaan roep jou man en kom hier."
17 Die vrou antwoord en sê: "Ek het nie 'n man nie." Yeshua sê vir haar: "Jy het korrek geantwoord: 'Ek het nie 'n man nie,'
18 want jy het vyf mans gehad en die een wat jy nou het, is nie jou man nie. Jy het die waarheid gepraat."
19 Die vrou sê vir Hom: "My Meester, ek sien dat U 'n profeet is.
20 Ons vaders het op hierdie berg aanbid en julle sê dat die plek waar ons moet aanbid, in Yerushalayim is." Deut 11:29; Y'ho 8:33

21 Yeshua sê vir haar: “Vrou, vertrou My, daar kom ’n tyd wanneer julle die Vader nie op hierdie berg en ook nie in Yerushalayim sal aanbid nie.
22 Julle aanbid wat julle nie ken nie; ons aanbid wat ons ken. Hy wat Lewe is, is vanuit die Jode,
23 maar daar kom ’n tyd en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in Gees en waarheid sal aanbid, want die Vader soek dié wat Hom só aanbid. [Mal 1:11]
24 God is Gees en dit is toepaslik dat hulle wat Hom aanbid, in Gees en waarheid aanbid.”
25 Die vrou sê vir Hom: “Ek weet dat dié Gesalfde Een kom en wanneer Hy kom, sal Hy ons alle dinge leer.”
26 Yeshua sê vir haar: ‘Ek is onveranderlik dieselfde, Ek wat met jou praat!’
27 Terwyl Hy praat kom Sy studentevolgelinge en hulle was verbaas dat Hy met ’n vrou praat. Tog het niemand gesê: ‘Wat soek jy?’ of: ‘Waarom praat U met haar?’ nie.
28 Die vrou het haar waterkan gelos en die stad ingegaan en vir die mense gesê:
29 “Kom kyk, ’n man wat my alles vertel wat ek gedoen het. Is Hy dié Gesalfde Een?”
30 Hulle het uit die stad uitgegaan en na Hom toe gekom.
31 Te midde van hierdie dinge het Sy studentevolgelinge by Hom aangedring en gesê: “Ons Meester, eet.”
32 Hy sê egter vir hulle: “Ek het kos om te eet wat julle nie van weet nie.” [Kol 3:2]
33 Die studentevolgelinge vra vir mekaar: “Het iemand dalk vir Hom ete gebring?”
34 Yeshua sê vir hulle: “My persoonlike kos is om die wil te doen van Hóm wat My gestuur het en om Sy werk te voltooi.
35 Sê julle nie: ‘Dit is nog vier maande, dan kom die oes nie?’ Let op, Ek sê vir julle, lig julle oë op en kyk na die lande, dat hulle nou reeds wit is van die oes.
36 Wie ook al oes, ontvang beloning en vergader vrug vir die ewige lewe en die een wat saai en die een wat oes sal saam bly wees,
37 want hierin is ’n woord van waarheid: ‘Die een saai en ’n ander oes.’
38 Ek het julle gestuur om dit waarvoor julle nie gewerk het nie te oes, maar ander het gewerk en julle het ingekom op hulle werk.”
39 Baie van die mense van Shomron, uit daardie stad, het in Hom vertrou as gevolg van die boodskap van die vrou wat getuig het: “Hy het my alles vertel wat ek gedoen het.”
40 Toe die mense van Shomron by Hom kom, het hulle Hom gevra om by hulle te bly en Hy het twee dae daar gebly.
41 Baie het op grond van Sy boodskap vertrou
42 en aan die vrou gesê: “Ons vertrou nie nou op grond van wat jy gesê het nie, want ons het self gehoor en ons weet dat Hy waarlik dié Gesalfde Een, die Lewegewer van die wêreld, is.” [Yir 21:8]
43 Ná die twee dae het Hy van daar af weggegaan na die Galila toe,
44 want Yeshua self het getuig dat ’n profeet nie in sy eie stad eer ontvang nie.

45 Toe Hy in die Galila kom, het die mense van die Galila Hom ontvang omdat hulle al die wonderwerke gesien het wat Hy in Yerushalayim op die fees gedoen het, want hulle het ook na die fees gegaan.
46 Yeshua het weer in Kanah, in die Galila, gekom, waar Hy die water wyn gemaak het en ’n sekere koning se dienskneg, wie se seun siek was, het in K’far-Nagum gebly.
47 Hy het gehoor dat Yeshua vanuit Y’hudah in die Galila aangekom het en na Hom toe gegaan en Hom gesmeek om af te kom en sy seun gesond te maak, want hy het op sterwe gelê.
48 Yeshua sê vir hom: “As julle nie tekens en wonders sien nie, sal julle nooit vertrou nie.”
49 Die koning se dienskneg sê vir Hom: “My Meester, kom af, anders sal die kind sterf.”
50 Yeshua antwoord hom: “Gaan, jou seun lewe!” Die man het dit wat Yeshua vir hom gesê het, vertrou en hy het gegaan.
51 Terwyl hy op pad was huis toe, kom sy slaaf hom tegemoet en bring die goeie nuus en sê: “U seun leef!”
52 Hy vra van hulle die tyd waarop hy genees is en hulle sê vir hom: “Gister, die sewende uur (om eenuur die middag), het die koors hom verlaat.”
53 Die vader het geweet dat dit dieselfde tyd was waarop Yeshua vir hom gesê het: ‘Jou seun leef!’ Hy persoonlik en sy hele huis het vertrou.
54 Hierdie was die tweede wonderteken wat Yeshua gedoen het toe Hy uit Y’hudah in die Galila gekom het.

5 1 Na hierdie dinge was daar ’n fees van die Jode en Yeshua het opgegaan na Yerushalayim. Deut 16:16
2 In Yerushalayim is daar ’n sekere doopbad met vyf afdakke, wat in Aramees, Beit-Hesda genoem word,
3 waarby baie siekes gelê het: blindes, kreupeles en lammes, wat op die roering van die water gewag het,
4 want ’n boodskapper het van tyd tot tyd in die doopbad afgekom en die water geroer. Die een wat dan die eerste ingaan ná die roering van die water, het gesond geword van watter siekte ook al op hom was.
5 Daar was egter ’n sekere man, wat agt en dertig jaar aan sy siekte gely het.
6 Yeshua het hom gesien lê en Hy het geweet dat hy al ’n lang tyd so is. Hy vra vir hom: “Wil jy gesond word?”
7 Die sieke antwoord Hom en sê: “O, my Meester, ek het niemand om my in die doopbad te sit as die water geroer word nie en terwyl ek op pad is, gaan ’n ander een voor my in.”
8 Yeshua sê vir hom: “Staan op, tel jou bedmat op en loop.”
9 Dadelik het die man gesond geword en sy bedmat opgetel en geloop en daardie dag was Shabbat.
10 Die Jode sê vir hom wat genees is: “Dit is Shabbat; dit is nie toegelaat vir jou om jou bedmat te dra nie.”

11 Hy antwoord en sê vir hulle: “Hy wat my gesond gemaak het, Hy het vir my gesê: ‘Tel jou bedmat op en loop’.”

12 Hulle vra hom: “Wie is die man wat vir jou gesê het: tel jou bedmat op en loop?”

13 Hy wat gesond geword het, het nie geweet wie Yeshua was nie, want Hy het Homself stilweg in die groot skare wat daar was, onttrek.

14 Na ’n tyd het Yeshua hom in die tempel gekry en vir hom gesê: “Let op, jy is gesond; moenie aanhou sondig nie sodat daar nie iets ergers as tevore met jou gebeur nie.”

15 Die man het gegaan en aan die Jode vertel dat dit Yeshua was wat hom gesond gemaak het

16 en hieroor het die Jode Yeshua vervolg en beplan om Hom dood te maak omdat Hy dit op die Shabbat gedoen het.

17 Yeshua self sê vir hulle: “My Vader is tot nou toe besig om te werk en Ek is ook besig om te werk.”

18 Hieroor het die Jode toe nog ernstiger beplan om Hom dood te maak omdat Hy nie net die Shabbat verbreek het nie, maar ook omdat Hy beweer het dat God Sy Vader is en daardeur gesê het dat Hy self ook gelyk is aan God.

19 Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: die Seun kan niks uit Sy eie wil doen nie behalwe wat Hy die Vader sien doen, want die dinge wat die Vader doen, dit doen die Seun ook, net soos Hy,

20 want die Vader het Sy Seun lief en wys Hom alles wat Hyself doen en groter werke as hierdie sal Hy Hom wys sodat julle verwonderd kan wees,

21 want net soos die Vader die wat dood is, opwek en vir hulle lewe gee, net so gee die Seun ook lewe vir wie Hy wil.

22 Dit is nie die Vader wat die mens oordeel nie, maar Hy het al die veroordeling aan die Seun gegee

23 sodat almal die Seun kan eer, net soos hulle die Vader eer. Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie.

24 Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: wie ook al My boodskap hoor, luister en doen en Hom vertrou wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die veroordeling nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe.

25 Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: daar kom ’n tyd en dit is nou, wanneer die wat dood is die stem van die Seun van God sal hoor en die wat dit hoor, sal lewe,

26 want net soos die Vader lewe het in Homself, net so het Hy aan die Seun ook gegee om lewe in Homself te hê.

27 Hy het aan Hom outoriteit gegee om ook te veroordeel

28 omdat Hy die Seun van die mens is. Moenie julle hieroor verwonder nie, want daar kom ’n tyd wanneer almal wat in die grafte is, Sy stem sal hoor

29 en sal uitgaan; die wat goed gedoen het, in die opstanding van die lewe in en die wat bose dade gedoen het, in die opstanding van die veroordeling in.

30 Ek kan niks uit My eie wil doen nie. Volgens wat Ek gehoor het, beoordeel Ek en My oordeel is regverdig omdat Ek nie Mý wil begeer nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het. [Deut 18:18]

31 As Ek van Myself getuig, dan is My getuienis nie waar nie.

32 Daar is ’n ander een wat van My getuig en Ek weet dat die getuienis wat hy aangaande My gee, waar is.
33 Julle het na Yoganan toe gestuur en hy het van die Waarheid getuig.
34 Ek aanvaar nie die getuienis van ’n mens nie, maar Ek sê dit sodat julle kan lewe.
35 Hy was ’n brandende en skynende lamp en julle wou grootpraat oor die tydjie in sy lig,
36 maar Ek het ’n groter getuienis as dié van Yoganan, want die werke wat die Vader My gegee het om te voltooi, die werke wat Ek doen, getuig self van My dat die Vader My gestuur het.
37 Die Vader wat My gestuur het, Hy getuig van My. Julle het nog nooit van ewigheid af Sy stem gehoor of Sy voorkoms gesien nie
38 en julle het Sy boodskap nie as iets wat bly in julle nie omdat julle Hom wat Hy gestuur het, nie vertrou nie.
39 Ondersoek die Skrifte, want in húlle het julle ’n versekerde verwagting dat julle die ewige lewe het en hulle getuig van My,
40 tog wil julle nie na My toe kom om die ewige lewe te kry nie.
41 Ek aanvaar nie eer, lof en grootheid van mense nie,
42 maar Ek ken julle, dat die liefde van God nie in julle is nie.
43 Ek het gekom in die Karakter en Outoriteit van My Vader en julle aanvaar My nie. As ’n ander een in sy eie karakter en outoriteit kom, hóm sal julle aanvaar.
44 Hoe kan julle vertrou? Julle aanvaar eer en lof van mekaar en die eer en lof wat van die een God kom, aanvaar julle nie.
45 Dink julle dat Ek julle by die Vader aankla? Daar is een wat julle aankla, Mosheh op wie julle ’n versekerde verwagting het,
46 want ás julle Mosheh geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskryf. Gen 49:10; Num 24:17; Deut 18:15-18
47 Aangesien julle nie glo wat hy geskryf het nie, hoe gaan julle glo wat Ek sê?”

6 1 Na hierdie dinge het Yeshua na die oorkant van die see van Galila, dit is, die see van Tiberias, gegaan
2 en ’n groot skare mense het saam met Hom gegaan omdat hulle die wondertekens gesien het wat Hy vir die siekes gedoen het.
3 Yeshua het opgegaan met ’n berg en daar saam met Sy studentevolgelinge gaan sit.
4 Die Pesagfees van die Jode was naby.
5 Yeshua het Sy oë opgelig en gesien dat ’n groot groep mense na Hom toe kom en Hy vra vir Filippos: “Waar kan ons gaan brood koop sodat hierdie mense kan eet?”
6 Hy het dit gesê om hom te toets, want Hy het geweet wat Hyself beplan het om te doen.
7 Filippos antwoord Hom: “Brood vir een honderd denarii sal nie genoeg wees sodat elkeen van hulle ’n stukkie kan kry nie.”
8 Een van Sy studentevolgelinge, Andreas, Shim’on Kefa se broer, sê vir Hom:
9 “Hier is ’n seun wat vyf garsbrode en twee visse het, maar wat is dit vir so baie mense?”
10 Yeshua sê vir hulle: “Laat al die mense gaan sit.” Daar was baie gras op dié plek en

hulle het gaan sit; ongeveer vyf duisend manne in getal.
11 Yeshua vat die brode en nadat Hy gedank het, deel Hy dit uit aan die wat daar sit; so ook die visse, soveel as hulle wou hê.
12 Nadat hulle versadig was, sê Hy vir Sy studentevolgelinge: "Maak die stukke bymekaar wat oorgebly het sodat niks verlore gaan nie."
13 Hulle het bymekaargemaak en twaalf groot mandjies vol gemaak met stukke wat oorgebly het by dié wat die vyf garsbrode geëet het.
14 Die mense wat die wonderteken, wat Yeshua gedoen het, gesien het, het gesê: "Hy is waarlik die Profeet wat in die wêreld sou kom." Deut 18:15,18
15 Yeshua het geweet dat hulle gereed was om Hom te kom gryp, om Hom koning te maak en Hy het Homself onttrek in daardie berg in, Hy alleen.
16 Toe dit aand geword het, het Sy studentevolgelinge afgegaan na die see toe
17 en nadat hulle in die boot geklim het, het hulle na die oorkant van die see gevaar na K'far-Nagum. Dit het donker geword en Yeshua het nog nie by hulle aangesluit nie.
18 Die see het onstuimig geword teen hulle omdat 'n sterk wind gewaai het.
19 Nadat hulle ongeveer vyf of ses kilometer geroei het, sien hulle Yeshua op die meer loop en toe Hy naby die boot kom, was hulle bang,
20 maar Yeshua sê vir hulle: "Ek is onveranderlik dieselfde, moenie bang wees nie."
21 Hulle het Hom in die boot ontvang en dadelik het die boot by die land aangekom waarheen hulle op pad was.
22 Die volgende dag sien die mense, wat oorkant die see gestaan het, dat daar geen ander boot was nie, behalwe daardie een waarin Sy studentevolgelinge vertrek het en dat Yeshua nie saam met Sy studentevolgelinge in die boot geklim het nie,
23 maar ander bote het van Tiberias af aangeland, naby die plek waar hulle die brood geëet het waarvoor die Meester gedank het.
24 Nadat die mense dan gesien het dat nie Yeshua of Sy studentevolgelinge daar is nie, het hulle self ook in die bote geklim en na K'far-Nagum gegaan om Yeshua te soek
25 en toe hulle Hom oorkant die see gekry het, vra hulle vir Hom: "Leermeester, wanneer het U hier aangekom?"
26 Yeshua antwoord en sê vir hulle: "Dit is 'n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: Julle soek My nie omdat julle wondertekens gesien het nie, maar omdat julle van die brood geëet en versadig geword het.
27 Moenie werk vir die kos wat tot niet gaan nie, maar vir die kos wat aanhou tot in die ewige lewe, wat die Seun van die mens vir julle sal gee, want dit is op Hom wat die Vader, as God, Sy seël geplaas het."
28 Hulle vra vir Hom: "Wat moet ons doen om in die diens van God te werk?"
29 Yeshua antwoord en sê vir hulle: "Dít is die dienswerk van God, dat julle in Hom, wat Hy gestuur het, vertrou."
30 Hulle sê vir Hom: "Watter wonderteken doen U sodat ons kan sien en U vertrou? Watter teken sal U doen?
31 Ons vaders het 'man hu' in die wildernis geëet, soos geskrywe is: 'Hy het vir hulle brood uit die hemel gegee om te eet.'" Ps 78:24; Neg 9:15

32 Yeshua sê vir hulle: "Dit is 'n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: dit is nie Mosheh wat die brood uit die hemel uit vir julle gegee het nie, maar My Vader gee vir julle die Brood van Waarheid vanuit die hemel, [Eks 16:4,15; Num 11:7,8; Ps 105:40]

33 want die Brood van God is Hy wat vanuit die hemel afgekom het en aan die wêreld die lewe gee."

34 Hulle antwoord Hom: "Ons Meester, gee altyd vir ons hierdie Brood."

35 Yeshua sê vir hulle: "Ek is onveranderlik dieselfde, die Brood van Lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger wees nie en wie in My vertrou, sal nooit dors wees nie, tot in ewigheid,

36 maar Ek het vir julle gesê dat julle My gesien het en julle vertrou nie.

37 Almal wat die Vader vir My gegee het, sal na My toe kom en Ek sal hom wat na My toe kom, nie wegwys nie,

38 want Ek het uit die hemel afgekom, nie om My wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het.

39 Dit is die wil van Hom wat My gestuur het, dat Ek niemand, wat Hy My gegee het, sal vernietig nie, maar Ek hom sal opwek in die laaste dag.

40 Dit is die wil van My Vader: dat elkeen wat die Seun sien en in Hom vertrou, die ewige lewe sal hê en Ek sal hom opwek in die laaste dag."

41 Die Jode het oor Hom gemurmureer omdat Hy gesê het: 'Ek is onveranderlik dieselfde, die Brood wat vanuit die hemel afgekom het.'

42 Hulle het gesê: "Is Hy nie Yeshua, die seun van Yosef, Wie se vader en moeder ons ken nie? Hoe kan Hy dan sê: 'Ek het vanuit die hemel afgekom?'"

43 Yeshua antwoord en sê vir hulle: "Moenie onder mekaar murmureer nie.

44 Niemand kan na My toe kom, as die Vader, wat My gestuur het, hom nie trek nie en Ek sal hom laat opstaan in die laaste dag.

45 Dit is geskrywe in die profete: 'Almal sal deur God geleer word;' [Yes 54:13] daarom sal elkeen, wat dit van die Vader gehoor en geleer het, na My toe kom. [Rom 1:19,20]

46 Niemand het die Vader gesien nie, behalwe Hy wat van God af kom, Hy het self die Vader gesien.

47 Dit is 'n ewige waarheid wat Ek vir julle sê: hy wat in My vertrou, het die ewige lewe.

48 Ek is onveranderlik dieselfde, die Brood van Lewe. [`Am 8:11]

49 Julle vaders het die 'man hu' in die wildernis geëet en het doodgegaan.

50 Hierdie is die Brood wat vanuit die hemel afgekom het sodat iemand daarvan kan eet en nie doodgaan nie.

51 Ek is onveranderlik dieselfde, die Lewende Brood, wat vanuit die hemel afgekom het. As iemand van hierdie Brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. Die Brood wat Ek sal gee, is My liggaam, wat Ek ter wille van die lewe van die wêreld, sal gee."

52 Die Jode het onder mekaar baklei en gesê: "Hoe kan Hy Sy liggaam vir ons gee om te eet?"

53 Yeshua sê vir hulle: "Dit is 'n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: as julle nie die liggaam van die Seun van die mens eet en Sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie. [Mat 26:26-28]

54 Wie ook al van My liggaam eet en My bloed drink, het die ewige lewe en Ek sal hom laat opstaan in die laaste dag,
55 want My liggaam is ware kos en My bloed is ware drank.
56 Wie My liggaam eet en My bloed drink, bly in My en Ek in hom.
57 Net soos die Lewende Vader My gestuur het en Ek as gevolg van die Vader lewe, net so sal hy wat My eet, ook as gevolg van My lewe.
58 Hierdie is die Brood wat vanuit die hemel afgekom het; nie soos julle vaders wat die 'man hu' geëet en doodgegaan het nie; wie hierdie Brood eet, sal tot in ewigheid lewe."
59 Hierdie dinge het Hy in die bymekaarkomplek gesê toe Hy in K'far-Nagum lering gegee het.
60 Baie van Sy studentevolgelinge wat gehoor het, het gesê: "Hierdie boodskap is moeilik, wie kan dit verstaan?"
61 Yeshua het in Sy Gees geweet dat Sy studentevolgelinge hieroor murmureer en Hy vra vir hulle: "Is dit vir julle 'n struikelblok?
62 Julle sal daarom waarlik die Seun van die mens sien opvaar na die plek waar Hy aan die begin was.
63 Die Gees is dit wat lewend maak, dit is tot geen voordeel vir die vlees nie; die dinge waaroor Ek met julle gepraat het, is Gees en is lewe,
64 maar daar is sommige onder julle wat nie vertrou nie," want Yeshua het van die begin af geweet wie hulle was wat nie vertrou nie en wie hy was wat Hom sou oorgee.
65 Hy sê vir hulle: "Om hierdie rede het Ek vir julle gesê dat niemand na My toe kan kom, as dit nie aan hom deur My Vader gegee is nie."
66 As gevolg van hierdie woorde het baie van Sy studentevolgelinge teruggegaan en nie meer saam met Hom geloop nie.
67 Yeshua vra vir die twaalf: "Wil julle ook weggaan?"
68 Shim'on Kefa antwoord en sê: "My Meester, na wie toe sal ons gaan? U het die boodskap van die ewige lewe
69 en ons vertrou en weet dat U dié Gesalfde Een, die Seun van die Lewende God is."
70 Yeshua antwoord hulle: "Het Ek julle twaalf nie gekies nie? Een van julle is 'n teëstander!"
71 Hy het dit gesê van Y'hudah, die seun van Shim'on van K'riot, want hy, wat een van die twaalf was, sou Hom oorgee.

7 1 Na hierdie dinge het Yeshua in die Galila geloop, want Hy wou nie in Y'hudah loop nie omdat die mense van Y'hudah beplan het om Hom dood te maak
2 en die fees van die Jode, Sukkot, was naby. Lev 23:33-43; Num 29:12-39; Deut 16:13-16
3 Sy broers het vir Hom gesê: "Gaan hiervandaan en gaan na Y'hudah sodat U studentevolgelinge die wonderdade wat U doen, kan sien,
4 want niemand doen iets in die geheim en begeer dat dit bekend sal wees nie. As U hierdie dinge doen, wys Uself aan die wêreld,"
5 want ook Sy broers het nie in Hom vertrou nie.

6 Yeshua sê vir hulle: "My tyd het nog nie gekom nie, maar julle tyd is altyd gereed.
7 Die wêreld kan julle nie haat nie, maar hy haat My omdat Ek van hom getuig dat sy dade boos is.
8 Gaan julle op na die fees. Ek gaan nie dadelik op na hierdie fees nie omdat my tyd nog nie aangebreek het nie."
9 Hy het hierdie dinge gesê en in die Galila gebly,
10 maar nadat Sy broers opgegaan het na die fees, het Hy ook opgegaan, nie openlik nie, maar in die geheim.
11 Die mense van Y'hudah het Hom op die fees gesoek en gevra: "Waar is Hy?"
12 Daar is baie oor Hom gefluister onder die mense. Sommige het gesê: "Hy is goed," maar ander het gesê: "Nee, Hy mislei die mense."
13 Tog het niemand openlik oor Hom gepraat nie omdat hulle bang was vir dié van Y'hudah.
14 Toe die fees halfpad was, het Yeshua opgegaan na die tempel en geleer
15 en die Jode het hulle verwonder en gevra: "Hoe ken hierdie man die boekrolle terwyl Hy nie geleer het nie?"
16 Yeshua antwoord en sê: "Wat Ek leer is nie van My af nie, maar van Hom wat My gestuur het.
17 Wie ook al besluit om Sy wil te doen, verstaan My lering en of dit vanuit God is en of Ek vir My eie plesier praat.
18 Hy wat uit die plesier van sy gedagtes praat, soek sy eie verering, maar Hy wat die eer en lof soek van dié Een wat Hom gestuur het, Hy is getrou en daar is geen valsheid in Hom nie.
19 Is dit nie Mosheh wat vir julle die wet gegee het nie? Tog hou nie een van julle die wet nie.
20 Waarom beplan julle om My dood te maak?" Die skare mense antwoord en sê: "Daar is 'n demoon in U. Wie beplan om U dood te maak?"
21 Yeshua antwoord en sê vir hulle: "Ek het een daad gedoen en julle is almal verwonderd.
22 Mosheh het aan julle die besnydenis gegee, [Lev 12:3] nie dat dit van Mosheh is nie, maar van die vaders [Gen 17:1-27; 21:4] en julle besny 'n seun op die Shabbat.
23 As 'n seun besny word op die Shabbat omdat die wet van Mosheh nie gebreek moet word nie; hoe kla julle teen My omdat Ek 'n volledige mens op die Shabbat gesond gemaak het?
24 Moenie oordeel volgens vals voorwendsels nie, maar oordeel met 'n regverdige oordeel."
25 Die inwoners van Yerushalayim sê: "Is dit nie Hy wat hulle beplan om dood te maak nie
26 en let op, Hy praat openlik en hulle sê niks vir Hom nie? Is dit moontlik dat die oudstes weet dat Hy waarlik dié Gesalfde Een is?
27 Ons weet van waar hierdie Een is, maar dié Gesalfde Een, wanneer Hy kom, sal niemand weet van waar Hy is nie."

28 Yeshua verhef Sy stem terwyl Hy in die tempel leer en sê: "Julle ken My en julle weet ook van waar Ek is; tog het Ek nie uit Myself gekom nie, maar Hy wat My gestuur het, is Waar, vir Wie julle nie ken nie,
29 maar Ek ken Hom omdat Ek een met Hom is en Hy My gestuur het."
30 Hulle wou Hom gryp en niemand het die hand aan Hom geslaan nie omdat Sy tyd nog nie gekom het nie,
31 maar baie van die mense het in Hom vertrou en gevra: "Wanneer dié Gesalfde Een kom, sal Hy meer wondertekens doen as wat hierdie man gedoen het?"
32 Die Fariseërs het gehoor dat die mense hierdie dinge van Hom sê en die Fariseërs en die leierpriesters het tempelwagte gestuur om Hom te vang.
33 Yeshua het gesê: "Ek is nog 'n kort tydjie by julle en Ek gaan om by Hom te wees wat My gestuur het.
34 Julle sal My soek en My nie kry nie en na waar Ek is, kan julle nie gaan nie."
35 Daarop sê die Jode onder hulleself: "Waarheen berei Hy voor om te gaan dat ons nie by Hom kan wees nie? Berei Hy voor om na 'n streek van die nie-Jode te gaan en húlle te leer?
36 Wat beteken hierdie woord wat Hy gesê het: 'Julle sal My soek en My nie kry nie en na waar Ek is, kan julle nie gaan nie'?" [`Amo 8:12]
37 Op die laaste groot dag (Hoshana Rabbah) van die fees, het Yeshua opgestaan en verklaar: "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! [Yes 12:3; 55:1; `Amo 8:11]
38 Elkeen wat in My vertrou, soos die Skrif sê: 'Riviere van lewende water sal uit sy binneste vloei'." [Yes 44:3; 55:1; 58:11; Yir 17:13; Yog 4:10-14]
39 Dit het Hy gesê van die Gees, waarvoor dié wat in Hom vertrou, voorberei word om Hom te ontvang, want die Gees was nog nie gegee nie omdat Yeshua nog nie opgelig en vereer is nie.
40 Baie van die mense wat Sy woorde gehoor het, het gesê: "Hy is waarlik die Profeet."
41 Ander het gesê: "Hy is dié Gesalfde Een" en ander het gevra: "Kan dié Gesalfde Een uit die Galila kom?
42 Sê die Skrif nie dat dié Gesalfde Een uit die geslag van Dawid [2 Sh'm 7:12] en uit Beit-Legem, [Mik 5:1] die dorp van Dawid, kom nie?" [Yir 23:5-6]
43 Daar was verdeeldheid oor Hom onder die skare mense
44 en sommige onder hulle wou Hom vang, maar niemand het die hand aan Hom geslaan nie.
45 Daardie tempelwagte het by die leierpriesters en die Fariseërs gekom en die priesters vra vir hulle: "Waarom het julle Hom nie gebring nie?"
46 Die tempelwagte antwoord hulle: "Nog nooit het 'n mens gepraat soos hierdie man praat nie."
47 Die Fariseërs vra vir hulle: "Is julle ook mislei?
48 Het iemand uit die leiers of uit die Fariseërs in Hom vertrou?
49 Hierdie mense daarenteen, wat die wet nie ken nie, is vervloek!"
50 Nakdimon, hy wat in die nag na Hom toe gegaan het, wat een van hulle was, sê vir hulle:

51 “Oordeel ons wet die mens sonder om eers by hom te hoor en te weet wat hy doen?”
52 Hulle antwoord en sê vir hom: “Is jy ook uit die Galila? Ondersoek en sien dat die Profeet nie uit die Galila sal opstaan nie.”
53 *[Vers 53 verskyn nie in die Oosterse Aramese Khabouris of Westerse Aramese Peshitta manuskripte of in die 4 oudste Griekse kopië van Yoganan nie.]*

8 *[Vers 1-11 verskyn nie in die Oosterse Khabouris of Westerse Aramese Peshitta of in die 4 oudste Griekse manuskripte van Yoganan nie - sien die opmerkings] latere Griekse verse word in hakkies aagedui.*

1 (12) Yeshua het weer met hulle gepraat en gesê: “Ek is onveranderlik dieselfde, die Lig [Dan 2:22] van die wêreld; wie My ook al volg, sal nie in die duisternis loop nie, maar sal die Lig van die lewe vind” [Yes 9:2]
2 (13) Die Fariseërs het vir Hom gesê: “U getuig van Uself, U getuienis is nie waar nie.”
3 (14) Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Al getuig Ek ook van Myself, My getuienis is waar omdat Ek weet van waar Ek gekom het en waarheen Ek gaan, maar julle weet nie van waar Ek gekom het en waarheen Ek gaan nie.
4 (15) Julle oordeel volgens die vlees. Ek oordeel niemand nie
5 (16) en al oordeel Ek, My oordeel is waar omdat Ek nie alleen is nie, maar Ek is saam met die Vader wat My gestuur het
6 (17) en dit is ook in julle wet geskrywe, [Deut 19:15] dat die getuienis van twee mense waar is.
7 (18) Ek is onveranderlik dieselfde. Ek, wat van Myself getuig en My Vader, wat My gestuur het, het van My getuig.”
8 (19) Hulle vra vir Hom: “Waar is U Vader?” Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Julle ken My nie en ook nie My Vader nie. As julle My geken het, sou julle My Vader ook geken het.”
9 (20) Hierdie dinge het Yeshua by die skatkamer gesê terwyl Hy in die tempel geleer het en niemand het Hom gevang nie omdat Sy tyd nog nie gekom het nie.
10 (21) Yeshua het weer met hulle gepraat: “Ek beweeg aan en julle sal My soek en in julle sonde sterwe. Daar waarheen Ek gaan, kan julle nie kom nie.”
11 (22) Die Jode het gevra: “Sal Hy Homself nou doodmaak?” want Hy het gesê: “Waarheen Ek gaan, kan julle nie kom nie.”
12 (23) Hy sê vir hulle: “Julle is van benede, Ek is van bo. Julle is uit hierdie wêreld, Ek is nie uit hierdie wêreld nie.
13 (24) Ek het vir julle gesê dat julle in julle sondes sal sterf, want as julle nie vertrou dat Ek onveranderlik dieselfde is nie, sal julle in jul sondes sterf.”
14 (25) Die Jode vra: “Wie is U?” Yeshua antwoord hulle: “Wie Ek vir julle van die begin af gesê het.
15 (26) Ek het baie dinge om van julle te sê en te oordeel, maar Hy wat My gestuur het, is Waar en dít wat Ek van Hom gehoor het, dít sê Ek in die wêreld.” [Deut 18:18]
16 (27) Hulle het nie verstaan dat Hy met hulle van die Vader gepraat het nie.

17 (28) Yeshua het weer met hulle gepraat: “Wanneer julle die Seun van die mens opgelig het, dan sal julle weet: Ek is onveranderlik dieselfde en dat Ek niks doen vir My eie plesier nie, maar net dit wat My Vader My geleer het, dit sê Ek.
18 (29) Hy wat My gestuur het, is saam met My. Die Vader het My nie alleen gelos nie omdat Ek altyd doen wat Hom tevrede stel.”
19 (30) Terwyl Hy hierdie dinge sê, het baie in Hom vertrou.
20 (31) Yeshua sê vir die Jode wat in Hom vertrou het: “As julle voortdurend in My boodskap bly, dan is julle ware studentevolgelinge van My
21 (32) en julle sal die waarheid ken en daardie waarheid sal julle vrymaak.”
22 (33) Hulle antwoord Hom: “Ons is die nageslag van Avraham en van die ou tyd af het ons niemand as slawe gedien nie; hoe kan U sê: ‘Julle sal vry wees’?” [Neg 9:36,37]
23 (34) Yeshua antwoord hulle: “Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: elkeen wat sonde doen, is ’n slaaf van die sonde
24 (35) en die slaaf bly nie vir altyd in die huis nie, maar die seun bly vir altyd.
25 (36) As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees.
26 (37) Ek weet dat julle die nageslag van Avraham is, maar julle beplan om My dood te maak omdat julle My boodskap nie begryp nie.
27 (38) Ek praat van wat Ek by Mý Vader gesien het; julle doen wat julle by júlle vader gesien het.”
28 (39) Hulle antwoord en sê vir Hom: “Ons vader is Avraham.” Yeshua sê vir hulle: “As julle die kinders van Avraham was, sou julle doen wat Avraham gedoen het,
29 (40) maar nou, let op, julle beplan om My dood te maak. Dit het Avraham nie gedoen nie, maar julle doen die dade van júlle vader.
30 (41) Dit is Ek wat aan julle die waarheid vertel, wat Ek van God gehoor het.” Hierop sê hulle vir Hom: “Ons is nie uit seksuele immoraliteit gebore nie; ons het een Vader, naamlik God.”
31 (42) Yeshua sê vir hulle: “As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het van God af uitgegaan, want Ek het ook nie uit My eie plesier gekom nie, maar Hy het My gestuur.
32 (43) Waarom verstaan julle nie wat Ek sê nie? Omdat julle nie My boodskap kan hoor nie.
33 (44) Julle is van júlle vader, die teëstander en julle begeer om julle vader se wil te doen. Hy is ’n moordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy lieg, praat hy uit wat syne is, want hy is vanuit valsheid en die vader daarvan,
34 (45) maar julle vertrou nie in My nie, Ek, wat die waarheid praat. [Yir 31:11-25]
35 (46) Wie van julle kan My oortuig van sonde? As Ek die waarheid praat, waarom vertrou julle My nie?
36 (47) Wie ook al van God is, luister na die woorde van God; daarom luister julle nie omdat julle nie van God is nie.”
37 (48) Die Jode antwoord en sê vir Hom: “Is ons nie reg as ons sê dat U van Shomron is en dat U ’n demoon het nie?”
38 (49) Yeshua antwoord: “Ek het nie ’n demoon nie, maar Ek eer My Vader en julle onteer My.

39 (50) Ek soek nie eer, lof en grootheid vir My nie, daar is Een wat soek en oordeel.
40 (51) Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê, wie ook al My boodskap uitvoer, sal die dood tot in ewigheid nooit sien nie.” [Rom 6:23]
41 (52) Die Jode sê vir Hom: “Nou weet ons dat U ’n demoon het. Avraham en die profete is dood en U sê: ‘Wie ook al My boodskap uitvoer, sal die dood tot in ewigheid nooit sien nie.’
42 (53) Is U groter as ons vader Avraham en as die profete wat dood is? Wat dink U van Uself?”
43 (54) Yeshua sê vir hulle: “As Ek eer en lof aan Myself bring, is My eer en lof niks nie; dit is My Vader wat My vereer en loof, van Wie julle sê dat Hy julle God is
44 (55) en julle ken Hom nie, maar Ek ken Hom en as Ek sê dat Ek Hom nie ken nie, sal Ek, soos julle, ’n leuenaar wees, [1 Yog 2:22,23] maar Ek ken Hom en voer Sy boodskap uit.
45 (56) Avraham, julle vader, het begeer om My dag te sien en hy het dit gesien en hom verheug.” [Heb 11:10,13]
46 (57) Die Jode sê vir Hom: “U is nog nie vyftig jaar oud nie en het U Avraham gesien?”
47 (58) Yeshua sê vir hulle: “Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: voordat Avraham bestaan het, was Ek.”
48 (59) Hulle het klippe opgetel om Hom te stenig, maar Yeshua het Homself weggesteek en tussen hulle deurgeloop by die tempel uit.

9 1 Terwyl Hy verbygaan, sien Hy ’n man wat van sy geboorte af blind is.
2 Sy studentevolgelinge vra vir Hom en sê: “Leermeester, wie het gesondig, hierdie man of sy ouers, dat hy blind gebore is?”
3 Yeshua antwoord: “Nie hy of sy ouers het gesondig nie, maar sodat dit wat God doen, in hom openbaar kan word.
4 Vir My is dit gepas om die werk te doen van Hom wat My gestuur het, solank as dit dag is; die nag kom wanneer ’n mens nie kan werk nie.
5 Solank as Ek in die wêreld is, is Ek die Lig van die wêreld.”
6 Nadat Hy dit gesê het, spoeg Hy op die grond, maak klei van die spoeg en smeer die klei aan die oë van die blinde man
7 en Hy sê vir hom: “Gaan was jou in die doopbad van Shiloag.” Hy het gegaan, hom gewas en siende teruggekom.
8 Toe het die bure en die wat vroeër gesien het dat hy blind was, gesê: “Is hy nie die een wat gesit en bedel het nie?”
9 Sommige sê: “Dit is hy;” ander weer: “Hy lyk na hom;” hyself het gesê: “Dit is ek.”
10 Hulle vra vir hom: “Hoe is jou oë oopgemaak?”
11 Hy antwoord en sê vir hulle: “’n Man met die naam Yeshua, het klei gemaak, op my oë gesmeer en vir my gesê: ‘Gaan was jou in die waters van Shiloag.’ Ek het gegaan, my gewas en ek sien.”
12 Hulle vra vir hom: “Waar is Hy?” Hy sê: “Ek weet nie.”
13 Hulle neem hom, die man wat vroeër blind was, na die Fariseërs.

14 Dit was Shabbat toe Yeshua die klei gemaak en sy oë oopgemaak het.
15 Die Fariseërs vra hom weer: “Hoe het sig na jou toe gekom?” Hy antwoord hulle: “Hy het klei op my oë gesit, ek het my gewas en ek sien.”
16 Sommige van die Fariseërs sê: “Hierdie man kom nie van God nie omdat Hy die Shabbat nie hou nie;” ander sê: “Hoe kan ’n sondige mens sulke wondertekens doen?” Daar was verdeeldheid onder hulle.
17 Hulle het weer met die blinde man gepraat: “Wat sê jy van Hom, wat jou oë oopgemaak het?” Hy antwoord: “Ek sê Hy is ’n profeet.”
18 Die Jode het nie geglo dat hy blind was en siende geword het nie totdat hulle die ouers, van hom wat kon sien, geroep het.
19 Hulle vra vir hulle: “As dit julle seun is, van wie julle gesê het dat hy blind gebore is, hoe sien hy dan nou?”
20 Sy ouers antwoord en sê: “Ons weet dat hy ons seun is en dat hy blind gebore is,
21 maar hoe hy nou sien, weet ons nie; of wie sy oë oopgemaak het, weet ons nie. Hy is self volwasse, vra hom; hy sal vir homself praat.”
22 Sy ouers het dit gesê omdat hulle bang was vir die Jode, want die Jode het reeds ooreengekom dat as iemand Hom as dié Gesalfde Een bely, hy uit die bymekaarkomplek geban sou word;
23 daarom het sy ouers gesê: “Hy is volwasse, vra hom.”
24 Hulle roep toe die man wat blind was vir die tweede keer en sê vir hom: “Gee aan God die eer, lof en aanbidding, [Y’ho 7:19] want ons weet dat hierdie Man ’n sondaar is.”
25 Hy antwoord en sê vir hulle: “Of Hy ’n sondaar is, weet ek nie, maar een ding weet ek: ek was blind en let op, nou sien ek.”
26 Weer vra hulle vir hom: “Wat het Hy vir jou gedoen? Hoe het Hy jou oë oopgemaak?”
27 Hy antwoord hulle: “Ek het julle vertel en julle het nie geluister nie. Waarom wil julle dit weer hoor? Wil julle ook Sy studentevolgelinge word?”
28 Hulle het hom beledig en vir hom gesê: “Jy is Sy studentevolgeling; ons is studentevolgelinge van Mosheh.
29 Ons weet dat God met Mosheh gepraat het, maar ons weet nie van waar Hy is nie.”
30 Die man antwoord en sê: “Hierin is dit vreemd dat julle nie weet van waar Hy is nie en Hy het my oë oopgemaak.
31 Ons weet dat God nie na die stem van ’n sondaar luister en doen nie, maar Hy luister en doen vir iemand wat God respekvol vrees, aanbid en Sy wil doen.
32 Van ewigheid af is daar nog nooit gehoor dat iemand die oë van ’n blindgebore mens oopgemaak het nie.
33 As Hy nie van God was nie, sou Hy dit nie kon doen nie.”
34 Hulle antwoord en sê vir hom: “Jy is volledig in sonde gebore en leer jý ons?” Hulle het hom uitgeban.
35 Yeshua het gehoor dat hulle hom uitgegooi het en toe Hy hom kry, vra Hy vir hom: “Vertrou jy in die Seun van God?”

36 Hy wat genees is, antwoord en sê: “Wie is Hy, my Meester sodat ek in Hom kan vertrou?”
37 Yeshua sê vir hom: “Jy het Hom gesien en Hy wat met jou praat, dit is Hy.”
38 Hy sê: “Ek vertrou, my Meester” en hy het voor Hom neergeval in eerbetoning.
39 Yeshua sê: “Dit is om hierdie wêreld te oordeel dat Ek gekom het sodat die wat nie sien nie, mag sien en die wat sien, blind mag wees.”
40 Dié van die Fariseërs wat by Hom was, het dit gehoor en vir Hom gevra: “Is ons ook blind?”
41 Yeshua antwoord hulle: “As julle blind was, sou julle geen sonde hê nie, maar nou sê julle: ‘Ons sien’; daarom bly julle sonde.” [Yir 2:35]

10 1 “Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: wie nie by die hek in die skaapkraal ingaan nie, maar van ’n ander plek af inklim, hy is ’n dief en ’n rower,
2 maar hy wat by die hek ingaan, is die herder van die skape.
3 Vir hom maak die hekwag oop en die skape luister na sy stem. Hy roep sy eie skape by hulle name en lei hulle uit.
4 Wanneer hy sy eie skape uitgelei het, loop hy voor hulle uit en die skape volg hom omdat hulle sy stem ken.
5 Hulle sal nie saam met ’n vreemdeling gaan nie, maar weghardloop omdat hulle die stem van die vreemdeling nie ken nie.”
6 Hierdie vergelykende storie het Yeshua vir hulle vertel, maar hulle het nie verstaan wat dit was wat Hy vir hulle gesê het nie.
7 Yeshua het weer vir hulle gesê: “’n Tydlose waarheid sê Ek vir julle: Ek is onveranderlik dieselfde, die Hek van die skape.
8 Almal wat gekom het, is diewe en rowers, [Yir 23:1-2] maar die skape het nie na hulle geluister nie.
9 Ek is onveranderlik dieselfde, die Hek en as iemand deur My ingaan, sal hy lewe en hy sal ingaan en uitgaan en weiding kry. [Yog 11:25,26; 2 Tim 1:1,9,10]
10 Die dief kom nie, as net om te steel, dood te maak en te vernietig nie. Ek het gekom dat hulle lewe kan hê en watter oorvloed daar ook al vir hulle is.
11 Ek is onveranderlik dieselfde, die goeie Herder. Die goeie Herder lê Sy lewe neer vir Sy skape, [Yeg 34:23; 37:24; Ps 23]
12 maar die huurling wat nie ’n herder is nie, wanneer hy ook al die wolf sien kom, los hy die skape en hardloop weg.
13 Die huurling hardloop weg omdat hy ’n huurling is en nie vir die skape omgee nie en die wolf kom bytend na die skape en jaag hulle uitmekaar. [Gen 3:15; Hand 20:29]
14 Ek is onveranderlik dieselfde, die goeie Herder, Ek ken My eie en My eie ken My,
15 net soos My Vader My ken en Ek My Vader ken en Ek My lewe aflê ter wille van die skape.
16 Ek het nog ander skape wat nie van hierdie kraal is nie. Ek moet hulle ook bring. Hulle sal ook na My stem luister [Gen 12:3; 18:14; 26:4; Yes 11:10; 54:1-3; `Am 9:11; Open 12:5] en die ganse kudde sal een wees met een Herder;

17 daarom is die Vader tevrede met My omdat Ek My lewe aflê om dit weer op te neem. Hand 20:24; 2 Kor 5:15

18 Niemand vat dit by My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het die outoriteit om dit af te lê en Ek het die outoriteit om dit weer op te neem. Hierdie opdrag het Ek van My Vader ontvang." Luk 14:26

19 Weer was daar verdeeldheid onder die Jode oor hierdie boodskap

20 en baie van hulle het gesê: "Hy het 'n demoon en is mal, wat luister julle na Hom?"

21 Ander het weer gesê: "Hierdie is nie woorde van iemand wat besete is nie; kan 'n demoon die oë van blindes oopmaak?"

22 Dit was die Ganukkahfees in Yerushalayim; dit was winter

23 en Yeshua het in die tempel, in die pilaargang van Shlomo, geloop.

24 Die Jode het Hom omring en vir Hom gesê: "Hoe lank hou U ons in onsekerheid? As U dié Gesalfde Een is, sê dit vir ons reguit."

25 Yeshua antwoord en sê vir hulle: "Ek het dit vir julle gesê en julle vertrou nie. Die dade wat Ek in die Karakter en Outoriteit van My Vader doen, dié getuig van My,

26 maar julle vertrou nie, want julle is nie van My skape nie, net soos Ek vir julle gesê het.

27 My skape hoor My stem, Ek ken hulle en hulle loop saam met My.

28 Ek gee ook aan hulle die ewige lewe en hulle sal vir ewig nie vernietig word nie en niemand sal hulle uit My hand ruk nie.

29 My Vader, wat hulle aan My gegee het, is groter as almal en niemand kan hulle uit die hand van My Vader ruk nie.

30 Ek en My Vader, Ons is een." Yog 17:21; 1 Kor 8:6

31 Die Jode het weer klippe opgetel om Hom te stenig.

32 Yeshua antwoord hulle: "Ek het vir julle baie, uitstekende dade van die Teenwoordigheid van My Vader af gewys. Oor watter een van dié dade stenig julle My?"

33 Die Jode antwoord Hom en sê: "Dit is nie oor 'n goeie daad dat ons U stenig nie, maar oor kwaadpraat van God omdat U wat 'n mens is, Uself God maak."

34 Yeshua antwoord hulle: "Is daar nie in julle wet geskrywe: 'Ek het gesê, julle is gode (elohee),' nie? Ps 82:1-8

35 As dit húlle gode (elohee) noem tot wie die Woord van God (eloha) gekom het en die Skrif nie gebreek kan word nie,

36 sê julle vir Hom wat die Vader afgesonder en in die wêreld ingestuur het: 'U praat kwaad teen God (eloha)' omdat Ek gesê het: 'Ek is die Seun van God (eloha)'?

37 As Ek nie die dade van My Vader doen nie, moet julle My nie vertrou nie,

38 maar as Ek dit doen, al vertrou julle My nie, vertrou die dade sodat julle kan weet en vertrou dat die Vader in My is en Ek in Hom."

39 Hulle het weer probeer om Hom te gryp en Hy het uit hulle hand uit weggekom.

40 Hy het weer na die anderkant van die Yarden gegaan na die plek waar Yoganan eers gedoop het en Hy het daar gebly.

41 Baie het na Hom toe gekom en gesê: "Yoganan het nie een wonderteken gedoen nie, maar alles wat Yoganan van hierdie Man gesê het, is waar."

42 Baie het in Hom vertrou.

11 1 ’n Sekere El’azar van die dorp Beit-Anyah, Miryam en Marta se broer, was siek.
2 Dit was dié Miryam wat Yeshua se voete gesalf het met welriekende olie en afgedroog het met haar hare, wie se broer, El’azar, siek was.
3 Die twee susters het na Yeshua gestuur en gesê: “Ons Meester, let op, hy vir wie U lief het, is siek.”
4 Yeshua sê egter: “Hierdie siekte is nie tot die dood nie, maar tot die eer, lof en aanbidding van God sodat die Seun van God daardeur vereer en geloof kan word.”
5 Yeshua het Marta, Miryam en El’azar liefgehad.
6 Toe Hy hoor dat hy siek is, het Hy nog twee dae in die plek waar Hy was, gebly.
7 Daarna sê Hy vir die studentevolgelinge: “Kom, ons moet weer na Y’hudah toe gaan.”
8 Die studentevolgelinge vra vir Hom: “Leermeester, die Jode wil U stenig en U gaan weer terug daarheen?”
9 Yeshua sê vir hulle: “Is daar nie twaalf ure in die dag nie? As iemand in die dag loop, struikel hy nie omdat hy die lig van hierdie wêreld sien,
10 maar as iemand in die nag loop, struikel hy omdat die lig nie in hom is nie.”
11 Nadat Hy dit gesê het, sê Hy vir hulle: “El’azar, ons vriend, slaap, maar Ek gaan om hom wakker te maak.”
12 Hierop sê Sy studentevolgelinge: “Meester, as hy slaap, sal hy gesond word.”
13 Yeshua het egter gepraat van sy dood terwyl hulle gedink het dat Hy van lê en slaap praat.
14 Toe sê Yeshua vir hulle reguit: “El’azar is dood.
15 Ek is bly, om julle ontwil, dat Ek nie daar was nie sodat julle kan vertrou, maar ons gaan daarheen.”
16 Toe sê T’oma, wat ‘Tweeling’ genoem word, vir sy mede-studentevolgelinge: “Laat ons ook gaan om saam met Hom te sterf.”
17 Met Yeshua se aankoms in Beit-Anyah, het Hy gevind dat hy al vier dae in die graf was.
18 Beit-Anyah was langs Yerushalayim, ongeveer drie kilometer weg
19 en baie van die Jode het na Marta en Miryam toe gekom om hulle oor hul broer te vertroos.
20 Toe Marta hoor dat Yeshua gekom het, het sy uitgegaan om Hom te ontmoet, maar Miryam het in die huis gesit.
21 Marta sê vir Yeshua: “My Meester, as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie,
22 maar selfs nou weet ek dat alles wat U van God vra, God vir U sal gee.”
23 Yeshua sê vir haar: “Jou broer sal opstaan.”
24 Marta sê vir Hom: “Ek weet dat hy sal opstaan in die opstanding op die laaste dag.”
25 Yeshua antwoord haar: “Ek is onveranderlik dieselfde, die Opstanding en die Lewe; wie in My vertrou, sal lewe al was hy ook dood

26 en elkeen wat lewe en in My vertrou, Yog 10:9,10; 2 Tim 1:1,9,10 sal nooit sterf tot in ewigheid nie. Glo jy dit?"
27 Sy antwoord Hom: "Ja, my Meester, ek vertrou dat U dié Gesalfde Een is, die Seun van God, wat in die wêreld gekom het."
28 Nadat sy dit gesê het, gaan sy en roep vir Miryam, haar suster, eenkant en sê: "Ons Leermeester het gekom en Hy roep jou."
29 Toe Miryam dit hoor, het sy vinnig opgestaan en na Hom toe gegaan.
30 Yeshua het nog nie by die dorp gekom nie, maar was op die plek waar Marta Hom ontmoet het.
31 Toe die Jode, wat by haar in die huis was en haar vertroos het, sien dat Miryam vinnig opstaan en uitgaan, het hulle saam met haar gegaan en gedink dat sy na die graf toe gaan om daar te huil.
32 Toe Miryam by Yeshua kom en Hom sien, val sy voor Sy voete neer en sê vir Hom: "O, as my Meester hier was, sou my broer nie gesterf het nie.'
33 Toe Yeshua haar en die Jode wat saam met haar gekom het, sien huil, is Hy kragtig aangeraak in Sy Gees en was Hy van binne omgekrap.
34 Hy het gevra: "Waar het julle hom neergelê?" Hulle sê vir Hom: "Ons Meester, kom kyk."
35 Yeshua het gehuil.
36 Die Jode het gesê: "Kyk hoe lief het Hy hom gehad!"
37 Sommige van hulle sê: "Kon Hy wat die oë van die blinde man oopgemaak het, nie verhoed het dat hierdie man sterf nie?"
38 Yeshua is kragtig geraak in Homself en het by die graf gekom. Die graf was 'n grot, met 'n klip voor die ingang geplaas.
39 Yeshua sê: "Neem die klip weg." Marta, die suster van die man wat dood is, sê vir Hom: "Meester, hy ruik al, want dit is reeds vier dae."
40 Yeshua sê vir haar: "Het Ek nie vir jou gesê dat as jy aanhou vertrou, jy die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God sal sien nie?"
41 Hulle vat die klip weg en Yeshua lig Sy oë op na bo en sê: "Vader, Ek dank U dat U My gehoor het
42 en Ek weet dat U My altyd hoor, maar ter wille van die skare mense wat hier staan, sê Ek dit sodat hulle kan vertrou dat U My gestuur het."
43 Nadat Hy dit gesê het, het Hy met 'n harde stem uitgeroep: "El'azar, kom uit!"
44 Hy wat gesterf het, het uitgekom met grafdoeke aan sy hande en voete gebind en sy gesig was toegedraai met 'n doek. Yeshua sê vir hulle: "Maak hom los en laat hom gaan."
45 Baie van die Jode wat na Miryam toe gekom het, het in Hom vertrou toe hulle sien wat Yeshua gedoen het,
46 maar sommige van hulle het na die Fariseërs gegaan en vir hulle vertel wat Yeshua gedoen het.
47 Die leierpriesters en die Fariseërs het bymekaargekom en gesê: "Wat sal ons doen, hierdie man doen baie wondertekens?
48 As ons Hom so sal toelaat, sal almal in Hom vertrou en die Romeine sal kom en ons posisie en ons nasie wegvat."

49 Een van hulle, wie se naam Kayafa was, wat daardie jaar hoofpriester was, sê vir hulle: "Julle verstaan niks nie
50 en bereken nie dat dit vir ons voordelig is dat een Man in die plek van die nasie doodgemaak word en die hele nasie nie vernietig word nie."
51 Dit het hy nie uit homself gesê nie, maar omdat hy daardie jaar die hoofpriester was, het hy profeteer dat Yeshua voorberei word om in die plek van die nasie doodgemaak te word
52 en nie alleen vir die nasie nie, maar ook om die verstrooide seuns van God bymekaar te bring as een.
53 Van dié dag af aan het hulle beplan om Hom dood te maak.
54 Yeshua het nie meer openlik onder die Jode beweeg nie, maar daarvandaan weggegaan na die streek naby die wildernis, na 'n stad wat Efrayim genoem word en Hy het daar gebly saam met Sy studentevolgelinge.
55 Die Pesagfees van die Jode was naby en baie het uit die dorpies na Yerushalayim opgegaan voor die Pesag, om hulle lewe te reinig.
56 Hulle het Yeshua gesoek en terwyl hulle in die tempel staan, sê hulle vir mekaar: "Wat dink julle, sal Hy na die fees toe kom?"
57 Die leierpriesters en die Fariseërs het ook 'n bevel gegee dat, indien iemand weet waar Hy is, hy dit moes bekend maak sodat hulle Hom kon vang.

12 1 Ses dae voor die Pesag het Yeshua na Beit-Anyah gegaan waar El'azar, wat dood was en wat Yeshua uit die dood uit laat opstaan het, was.
2 Hulle het daar vir Hom 'n ete gegee en Marta het bedien terwyl El'azar een van dié was wat saam met Hom aan tafel was.
3 Miryam vat 'n albaste fles welriekende olie, die beste, baie kosbare, egte nardusolie, salf die voete van Yeshua en droog Sy voete met haar hare af. Die hele huis is gevul met die reuk van die geurige olie.
4 Y'hudah van K'riot, wat op die punt was om Hom oor te gee, een van Sy studentevolgelinge, vra:
5 "Waarom is hierdie welriekende olie nie vir drie honderd denarii verkoop en die geld aan die armes gegee nie?"
6 Dit het hy gesê, nie omdat hy vir die armes omgegee het nie, maar omdat hy 'n dief was en die beursie gehou het en dit wat ingegooi is, gedra het.
7 Yeshua sê: "Los haar, sy het dit bewaar vir die dag van My begrafnis,
8 want die armes het julle altyd tussen julle, maar vir My het julle nie altyd nie."
9 Baie mense uit Y'hudah het gehoor dat Hy daar is en het gekom, nie alleen om vir Yeshua te sien nie, maar ook vir El'azar, wat Hy uit die dood uit opgewek het.
10 Die leierpriesters het besluit om El'azar ook dood te maak
11 omdat baie van die Jode as gevolg van hom meer en meer in Yeshua vertrou het.
12 Die volgende dag het baie feesgangers, toe hulle hoor dat Yeshua na Yerushalayim kom,
13 palmtakke gevat en uitgegaan om Hom te ontmoet en uitgeroep: [Ps 118:25] "Red ons nou! Geseënd is Hy wat kom in die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה, die Koning van Yisra'el." [Ps 118:26]

14 Yeshua het 'n donkie gekry en daarop gaan sit, soos geskrywe is:
15 "Moenie bang wees nie, dogter van Tziyon! Let op, jou Koning kom na jou toe en Hy ry op die vul van 'n donkie." Z'kh 9:9
16 Sy studentevolgelinge het hierdie dinge eers nie verstaan nie, maar nadat Yeshua vereer is, het hulle onthou dat hierdie dinge van Hom geskrywe is en dat hulle dit aan Hom sou doen.
17 Toe het die mense, wat by Hom was toe Hy El'azar uit die graf geroep en hom uit die dood uit opgewek het, daarvan getuig.
18 Die rede hoekom die groot skare mense voor Hom uitgegaan het, is omdat hulle gehoor het dat Hy hierdie wonderteken gedoen het.
19 Die Fariseërs het vir mekaar gesê: "Sien julle dat julle geen vordering maak nie? Kyk, die hele wêreld loop agter Hom aan."
20 Daar was ook nie-Jode onder díe wat opgekom het om op die fees te aanbid.
21 Hulle het na Filippos gegaan wat van Beit-Tzaidah, in die Galila, was en hom gevra en gesê: "Meneer, ons wil graag vir Yeshua sien."
22 Filippos kom en sê dit vir Andreas en Andreas en Filippos vertel dit weer vir Yeshua.
23 Yeshua antwoord hulle en sê: "Die tyd het gekom dat die Seun van die mens vereer en geloof moet word.
24 Dit is 'n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: as die graankorrel nie in die grond val en doodgaan nie, bly dit alleen, maar as dit doodgaan, dra dit baie vrug. 1 Kor 15:36-44
25 Wie sy lewe lief het, sal dit vernietig, maar wie sy lewe haat in hierdie wêreld, sal dit bewaar vir die ewige lewe.
26 As iemand My dien, laat hom My volg en waar Ek is, daar sal hy wat My dien, ook wees en as iemand My dien, sal die Vader hom eer.
27 Let op, My Gees is nou ontsteld en wat sal Ek sê? Vader, red My uit hierdie tyd? Dit is egter juis as gevolg hiervan dat Ek in hierdie tyd gekom het.
28 Vader, bring eer en lof aan U Naam (Karakter en Outoriteit)!" Daar is toe 'n Stem uit die hemel gehoor: "Ek hét dit vereer en geloof en Ek vereer en loof dit." Yog 13:31-
29 Die mense wat daar gestaan en dit gehoor het, het gesê dat daar 'n donderslag was. Ander het gesê: "'n Boodskapper het met Hom gepraat."
30 Yeshua antwoord en sê vir hulle: "Hierdie Stem het nie gekom vir My nie, maar om julle ontwil.
31 Nóu is dit die oordeel oor hierdie wêreld, nóu sal die heerser van hierdie wêreld uitgegooi word.
32 Wanneer Ek van die grond af opgelig word, sal Ek almal na My toe trek."
33 Dit het Hy gesê om aan te dui watter dood Hy sal sterf.
34 Die skare mense antwoord Hom: "Ons het uit die wet gehoor dat dié Gesalfde Een tot in ewigheid bly en hoe sê U dat die Seun van die mens opgelig moet word? Wie is hierdie Seun van die mens?"
35 Yeshua sê vir hulle: "Die Lig sal nog net vir 'n klein rukkie by julle wees. Loop terwyl julle nog die Lig het sodat die duisternis julle nie oorval nie. Wie in die duisternis loop, weet nie waarheen hy gaan nie.

36 So lank as julle die Lig by julle het, vertrou in die Lig sodat julle seuns van die Lig kan wees." [1 Yog 2:8-11] Hierdie dinge het Yeshua gesê, weggegaan en Homself vir hulle weggesteek.
37 Terwyl Hy al hierdie wondertekens voor hulle gedoen het, het hulle nie in Hom vertrou nie
38 sodat die boodskap van die profeet Yesha'yahu vervul sou word wat gesê het: "My Meester, wie het ons verkondiging vertrou en aan wie is die arm van יהוה geopenbaar?" [Yes 53:1; Rom 10:16]
39 Hulle kon daarom ook nie vertrou nie, want Yesha'yahu het óók gesê:
40 "Hy het hulle oë blind gemaak en hulle verstand, wil en emosie verhard sodat hulle nie met die oë sou sien en met die verstand verstaan en hulle omdraai en Ek hulle gesond maak nie." [Deut 29:3,4; Yes 6:9,10; 29:10; Mat 13:14,15; Rom 11:8]
41 Dit het Yesha'yahu gesê toe hy Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid gesien en van Hom gepraat het. [Yes 6:1-3]
42 Baie van die leiers het ook in Hom vertrou, maar ter wille van die Fariseërs het hulle dit nie bekend gemaak nie sodat hulle nie uit die bymekaarkomplekke geban sou word nie,
43 want hulle het die lofprysing van mense meer liefgehad as die lofprysing [Yir 1:17] van God.
44 Yeshua het uitgeroep en gesê: "Wie in My vertrou, vertrou nie in My nie, maar in Hom wat My gestuur het
45 en wie My sien, sien Hom wat My gestuur het.
46 Ek, die Lig, het in die wêreld gekom sodat elkeen wat in My vertrou, nie in die duisternis sou bly nie. [1 Yog 2:8-11]
47 Wie ook al My boodskap hoor en dit nie doen nie, Ek veroordeel hom nie, want Ek het nie gekom om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat Ek lewe aan die wêreld kan gee.
48 Wie My ook al verwerp en My boodskap nie ontvang nie, het een wat hom veroordeel: die boodskap wat Ek gebring het, dit sal hom veroordeel in die laaste dag, [Tit 1:16; Open 19:21]
49 want Ek het nie uit Myself gepraat nie, maar die Vader wat My gestuur het, Hy het vir My opdragte gegee oor wat Ek moet sê en hoe Ek dit moet sê.
50 Ek weet dat Sy opdragte tot die ewige lewe lei; daarom sê Ek net dít soos wat die Vader vir My gesê het om te sê." [Deut 18:18,19]

13 1 Voor die Pesagfees het Yeshua geweet dat die tyd aangebreek het dat Hy uit hierdie wêreld na die Vader toe sou weggaan. Hy het Sy eie wat in die wêreld is liefgehad, hulle liefgehad tot die einde toe.
2 By die maaltyd is hy, die teëstander, in die gedagtes van Y'hudah, die seun van Shim'on, van K'riot gelê sodat hy Hom sou uitlewer.
3 Yeshua, wetende dat die Vader alles in Sy hande gegee het en dat Hy van God uitgegaan het en na God toe teruggaan,
4 het van die ete af opgestaan, Sy bo-klere uitgetrek en 'n handdoek om Hom vasgemaak.

5 Hy vat water in ’n wasskottel en begin om die voete van die studentevolgelinge te was en af te droog met die handdoek wat Hy omgehad het.
6 Toe Hy by Shim’on Kefa kom, vra Shim’on vir Hom: “Gaan my Meester my voete vir my was?”
7 Yeshua antwoord en sê vir hom: “Wat Ek doen, verstaan jy nie nou nie, maar jy sal dit later verstaan.”
8 Shim’on Kefa sê vir Hom: “U sal my voete in der ewigheid nie was nie!” Yeshua antwoord hom: “As Ek jou nie was nie, is daar geen deel vir jou by My nie.”
9 Shim’on Kefa sê vir Hom: “My Meester, daarom nie net my voete nie, maar ook my hande en my kop.”
10 Yeshua sê vir hom: “Hy wat gewas is, het niks anders nodig as om sy voete te was nie, want hy is reeds volkome skoon en julle is heeltemal skoon, maar nie almal nie,” [Eks 30:20,21]
11 want Yeshua het geweet wie Hom sou oorgee; daarom het Hy gesê: ‘Julle is nie almal skoon nie.’
12 Nadat Hy hulle voete gewas en Sy bo-klere aangetrek het, het Hy weer aan tafel gaan skuinslê en vir hulle gesê: “Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?
13 Julle noem My ‘Leermeester’ en ‘My Meester,’ en dit is reg so, want Ek is dit.
14 As Ek dan, julle Leermeester en julle Meester, julle voete gewas het, hoeveel te meer moet julle nie mekaar se voete was nie,
15 want hierdie voorbeeld het Ek vir julle gegee sodat net soos Ek aan julle gedoen het, net so moet julle ook doen.
16 Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: daar is nie ’n slaaf groter as sy meester nie en ook nie ’n afgevaardigde groter as die een wat hom gestuur het nie.
17 As julle hierdie dinge verstaan, is julle geseënd as julle dit doen.
18 Ek praat nie van julle almal nie, want Ek weet wie Ek gekies het, maar dat die Skrif vervul kan word: ‘Hy wat saam met My brood eet, het sy hakskeen teen My opgelig.’ [Ps 41:10]
19 Van nou af sê Ek dit aan julle voordat dit gebeur sodat wanneer dit gebeur, julle kan vertrou: Ek is onveranderlik dieselfde. [Eks 3:14]
20 Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: wie iemand ontvang wat Ek stuur, ontvang My en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het.”
21 Nadat Yeshua dit gesê het, het Hy in Sy Gees kragtig ontsteld geword en getuig en gesê: “Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: een van julle sal My uitlewer.”
22 Hierop het die studentevolgelinge na mekaar gekyk omdat hulle nie geweet het van wie Hy dit gesê het nie.
23 Een van Sy studentevolgelinge, hy vir wie Yeshua liefgehad het, het aan die tafel teen die bors van Yeshua aangelê.
24 Shim’on Kefa beduie vir hom dat hy moet uitvind wie dit is van wie Hy praat
25 en hy het teen die bors van Yeshua geval en vir Hom gesê: “My Meester, wie is dit?”

26 Yeshua antwoord en sê: “Dit is die een aan wie Ek die stukkie brood sal gee as Ek dit ingedoop het.” Hy doop die stukkie brood in en gee dit aan Y’hudah, die seun van Shim’on, van K’riot.
27 Na die brood het die teëstander in hom ingegaan en Yeshua sê vir hom: “Wat jy doen, doen dit gou.”
28 Niemand, van die wat aan tafel was, het verstaan waarom Hy dit vir hom gesê het nie,
29 want die manne het gedink omdat Y’hudah die beurs gehou het dat Yeshua vir hom sê: ‘Koop wat ons nodig het vir die fees;’ of dat hy iets aan die armes moes gee.
30 Y’hudah het net nadat hy die stukkie brood geneem het, dadelik uitgegaan en dit was nag toe hy uitgegaan het.
31 Toe hy uit was, sê Yeshua: “Nou is die Seun van die mens vereer en geloof en God is in Hom vereer en geloof. [Yog 12:28]
32 As God in Hom vereer en geprys is, sal God Hom ook in Homself vereer en prys en Hom onmiddellik vereer en prys.
33 My seuns, nog ’n klein tydjie is Ek by julle. Julle sal My soek en soos Ek vir die Jode gesê het: ‘Waar Ek heengaan, kan julle nie kom nie;’ so sê Ek nou ook vir julle.
34 ’n Nuwe opdrag gee Ek vir julle: dat julle mekaar moet liefhê; [Lev 19:18] net soos Ek julle liefgehad het, so moet julle ook mekaar liefhê.
35 Hieraan sal almal weet dat julle My studentevolgelinge is, as julle liefde vir mekaar het.”
36 Shim’on Kefa vra vir Hom: “Ons Meester, waar gaan U heen?” Yeshua antwoord en sê vir hom: “Waar Ek heengaan, kan jy nie nou saam met My gaan nie, maar later sal jy saam met My gaan.”
37 Shim’on Kefa sê vir Hom: “My Meester, waarom kan ek nie nou saam met U gaan nie? Ek sal my lewe vir U neerlê.”
38 Yeshua antwoord hom: “Sal jy jou lewe vir My neerlê? Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir jou sê: ’n haan sal nie kraai voordat jy drie maal ontken het dat jy My ken nie.”

14 1 “Laat julle verstand, wil en emosie nie ontsteld wees nie; vertrou in God en vertrou in My.
2 In die huis van My Vader is daar baie blyplekke en as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek voor te berei
3 en as Ek gegaan en vir julle plek voorberei het, kom Ek weer en sal julle saam met My vat sodat julle ook kan wees waar Ek is.
4 Waarheen Ek gaan, weet julle en die pad ken julle.”
5 T’oma sê vir Hom: “Ons Meester, ons weet nie waarheen U gaan nie en hoe kan ons die pad ken?” [Gen 1:26,28; Eks 18:20; Deut 5:31-33]
6 Yeshua antwoord hom: “Ek is onveranderlik dieselfde, die Pad, die Waarheid en die Lewe; niemand gaan na My Vader toe, behalwe deur My nie. [1 Yog 5:11,12]
7 As julle My geken het, sou julle My Vader ook geken het. Van nou af ken julle Hom en het julle Hom gesien.”

8 Filippos sê vir Hom: “Ons Meester, wys ons die Vader en dit sal vir ons genoeg wees.”
9 Yeshua sê vir hom: “Ek is hierdie hele tyd by julle en het jy My nie geken nie, Filippos? Wie My ook al gesien het, het die Vader gesien en hoe sê jy: ‘Wys ons die Vader?’ [Num 12:8; Heb 1:3]
10 Vertrou jy nie dat Ek in My Vader is en My Vader in My nie? Die woorde wat Ek met julle praat, sê Ek nie uit Myself nie, maar die Vader wat in My bly, Hy doen die dade. [Efe 2:10; 4:12]
11 Vertrou My dat Ek in die Vader is en die Vader in My of anders, vertrou My ter wille van die dade self.
12 Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: wie in My vertrou, die dade wat Ek gedoen het, sal hy ook doen en hy sal groter dade doen as dit omdat Ek na My Vader toe sal gaan.
13 Enige iets wat julle ook al in My Karakter en Outoriteit mag vra, dit sal Ek doen sodat die Vader in die Seun vereer en geloof kan word.
14 As julle iets in My Karakter en Outoriteit vra, sal Ek dit doen.
15 As julle My lief het, [Deut 7:9; Ps 91:14; Yog 15:14; Ya’a 2:8; Rom 13:9,10; Ope 14:12; 22:14] voer voortdurend My opdragte uit.
16 Ek sal die Vader vra en Hy sal vir julle ’n ander Bevryder en Lewegewer gee om by julle te bly tot in ewigheid. [Luk 24:47]
17 Hy is die Gees van die Waarheid, wat die wêreld nie kan ontvang nie omdat dit Hom nie gesien het of Hom geken het nie, maar julle ken Hom omdat Hy by julle bly en in julle is. [Gen 41:38; Num 11:17-29; Rig 6:34]
18 Ek sal julle nie as weeskinders los nie, want Ek sal na julle toe kom na ’n kort rukkie.
19 Die wêreld sal My nie sien nie, maar julle sal My sien. Aangesien Ek lewe, sal julle ook lewe.
20 In dié dag sal julle weet dat Ek in My Vader is [Fil 2:6; Kol 2:9,10] en julle in My en Ek in julle.
21 Wie ook al My opdragte het en hulle uitvoer, dit is hy wat My lief het en wie My lief het, hóm sal My Vader liefhê en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.”
22 Y’hudah, nie die een van K’riot nie, vra vir Hom: “My Meester, hoe is dit dat U Uself aan ons sal openbaar en nie aan die wêreld nie?”
23 Yeshua antwoord en sê vir hom: “As iemand My lief het, sal hy My boodskap gehoorsaam en My Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom blyplek maak. [1 Yog 2:4-6]
24 Hy wat My nie lief het nie, gehoorsaam nie My boodskappe nie en hierdie boodskap wat julle hoor, is nie Myne nie, maar is van die Vader af wat My gestuur het. [Deut 18:18]
25 Hierdie dinge het Ek vir julle gesê terwyl Ek by julle is,
26 maar die Bevryder en Lewegewer, die Gees wat Afgesonderd is, wat My Vader in My Karakter en Outoriteit sal stuur, sal julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. [1 Yog 2:27; Efe 2:1; 3:17-19]

27 Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid los Ek vir julle. My vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid gee Ek aan julle. Ek gee nie aan julle soos die wêreld gee nie. Laat julle verstand, wil en emosie nie ontsteld word en bang wees nie. [2 Thes 3:16]

28 Julle het gehoor dat Ek vir julle gesê het: 'Ek gaan weg en Ek kom weer na julle toe.' As julle My liefgehad het, sou julle bly wees dat Ek gesê het: 'Ek gaan na My Vader toe' omdat My Vader groter is as Ek.

29 Nou, let op, Ek het dit vir julle gesê voordat dit gebeur sodat julle kan vertrou wanneer dit gebeur het.

30 Ek sal nie meer baie met julle praat nie, want die prins van hierdie wêreld kom en hy het niks wat hy teen My kan bewys nie,

31 maar die wêreld moet leer dat Ek My Vader lief het en presies doen soos die Vader My beveel het; staan op sodat ons hiervandaan kan weggaan."

15 1 "Ek is onveranderlik dieselfde, die ware Wingerdstok en My Vader is die Wingerdboer. [Yes 27:3; Ps 80:9-19]

2 Elke loot wat in My nie vrugte dra nie, sny Hy weg en elke loot wat vrugte dra, dié snoei Hy sodat dit meer vrugte kan dra. [1 Kor 3:12-15]

3 Julle is nou reeds rein deur die boodskap wat Ek vir julle gebring het.

4 Bly voortdurend in My, soos Ek in julle. Net soos die tak geen vrugte kan dra uit homself, as dit nie in die wingerdstok bly nie, net so julle ook, as julle nie voortdurend in My bly nie.

5 Ek is onveranderlik dieselfde, die Wingerdstok, julle is die takke. Wie voortdurend in My bly en Ek in hom, hy dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.

6 As 'n sekere persoon nie voortdurend in My bly nie, word hy buite weggegooi soos 'n tak en verdroog en hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur om te verbrand.

7 As julle voortdurend in My bly en wat Ek gesê het in julle, sal julle vra net wat julle wil en dit sal vir julle gedoen word. [1 Yog 5:15]

8 Hierin is My Vader vereer en geloof deurdat julle baie vrugte dra en so sal julle My studentevolgelinge wees.

9 Net soos die Vader My voortdurend lief het, het Ek julle ook net so voortdurend lief. Hou aan in My vriendskap.

10 As julle My opdragte uitvoer, sal julle in My liefde bly, net soos Ek die opdragte van My Vader uitvoer en in Sy liefde bly.

11 Dit het Ek vir julle gesê sodat My vreugde voortdurend in julle kan bly en julle vreugde volledig kan wees.

12 Dit is My opdrag: dat julle mekaar voortdurend moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het.

13 Daar is nie groter liefde as dit nie: dat iemand sy lewe sal neerlê ter wille van sy vriende.

14 Julle is My vriende as julle alles sal doen wat Ek julle beveel. [Deut 30:16; 1 Yog 5:1-3; Rom 8:8]

15 Hierna noem Ek julle nie meer slawe nie omdat die slaaf nie weet wat sy meester doen nie, maar Ek het julle vriende genoem omdat Ek alles wat Ek van My Vader hoor, aan julle bekend maak.
16 Julle het My nie gekies nie, maar Ek kies julle en stel julle aan om vrugte te gaan dra wat blywend is sodat wat julle die Vader ook al in My Karakter en Outoriteit vra, Hy julle sal gee.
17 Hierdie dinge beveel Ek julle sodat julle mekaar moet liefhê
18 en as die wêreld julle haat, moet julle weet dat hy My voor julle gehaat het.
19 As julle van die wêreld was, sou die wêreld sy eie liefgehad het, maar omdat julle nie van die wêreld is nie, maar Ek julle uit die wêreld uitgekies het; daarom haat die wêreld julle.
20 Onthou die boodskap wat Ek vir julle gebring het: 'Daar is nie 'n slaaf wat groter is as sy meester nie.' [Mat 10:24,25; Yog 13:16] As hulle My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg. As hulle My boodskap gehoorsaam het, sal hulle julle s'n ook gehoorsaam.
21 Al hierdie dinge sal hulle aan julle doen ter wille van My Karakter en Outoriteit omdat hulle Hom nie ken wat My gestuur het nie.
22 As Ek nie gekom en met hulle gepraat het nie, sou hulle geen sonde hê nie, maar nou is daar geen verwydering van hulle sonde voor die gesig nie. (Hulle sonde is geopenbaar.)
23 Wie My ook al haat, haat ook My Vader.
24 As Ek nie die dade voor hulle oë gedoen het wat niemand anders gedoen het nie, sou hulle geen sonde hê nie
25 sodat die boodskap wat in hulle wet geskryf is, vervul moes word: "Hulle het My sonder oorsaak gehaat, maar nou het hulle gesien en ook My en selfs My Vader gehaat," [Ps 35:19; 69:5]
26 Wanneer die Bevryder en Lewegewer, wat Ek vir julle van My Vader se Teenwoordigheid af sal stuur, die Gees van die Waarheid, Hy wat van die Teenwoordigheid van My Vader af uitgaan, gekom het, sal Hy van My getuig,
27 maar julle getuig ook, julle wat van die begin af saam met My is."

16 1 "Hierdie dinge het Ek vir julle gesê sodat julle dit nie vir julle mag aantrek nie,
2 want hulle sal julle uit die plekke van bymekaarkoms uitgooi. Daar kom 'n tyd dat elkeen wat julle doodmaak, sal dink dat hy 'n offer aan God bring.
3 Hulle sal hierdie dinge doen omdat hulle nie die Vader of vir My ken nie,
4 maar hierdie dinge het Ek vir julle gesê sodat wanneer die tyd kom, julle kan onthou dat Ek dit vir julle gesê het, maar Ek het dit nie van die begin af vir julle gesê nie omdat Ek saam met julle was,
5 maar nou gaan Ek om by Hom te wees wat My gestuur het en nie een van julle vra My: 'Waar gaan U heen,' nie?
6 Omdat Ek hierdie dinge vir julle gesê het, het julle gedagtes, wil en emosie vol hartseer geraak,
7 maar Ek sê vir julle die waarheid: dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Bevryder en Lewegewer nie na julle toe kom nie, maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle toe stuur.

8 Wanneer Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig aangaande sonde, aangaande onpartydige opregtheid en aangaande oordeel:
9 aangaande sonde omdat hulle nie in My vertrou nie;
10 aangaande onpartydige opregtheid omdat Ek na My Vader toe gaan en julle My nie meer sal sien nie;
11 aangaande oordeel omdat die prins van hierdie wêreld veroordeel is.
12 Ek het nog baie dinge om vir julle te sê, maar julle kan dit nie nou ontvang nie,
13 maar wanneer Hy, die Gees van die Waarheid, gekom het, sal Hy julle in die hele waarheid lei, want Hy sal nie uit Homself praat nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy sê en die toekoms aan julle openbaar. [Iyov 32:8; 1 Tim 1:16]
14 Hy sal My vereer en loof omdat Hy, uit wat aan My behoort sal vat en aan julle sal wys.
15 Alles wat My Vader het, is Myne; daarom het Ek gesê dat Hy dit sal vat uit wat aan My behoort en aan julle wys.
16 ’n Kort rukkie en julle sal My nie sien nie en weer ’n kort rukkie en julle sal My sien omdat Ek na die Vader toe gaan.”
17 Sy studentevolgelinge het onder mekaar gevra: “Wat is dit wat Hy vir ons sê: ‘’n Kort rukkie en julle sal My nie sien nie en weer ’n kort rukkie en julle sal My sien omdat Ek na My Vader toe gaan?’”
18 Hulle het ook gevra: “Wat is dit wat Hy sê: ’n Kort rukkie? Ons verstaan nie wat Hy sê nie.”
19 Yeshua het geweet dat hulle Hom wou vra en Hy sê vir hulle: “Vra julle vir mekaar daaroor dat Ek gesê het: ‘’n Kort rukkie en julle sal My nie sien nie en weer ’n kort rukkie en julle sal My sien?’
20 Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: julle sal huil en treur, maar die wêreld sal bly wees; julle sal bedroef wees, maar julle droefheid sal in blydskap verander.
21 ’n Vrou het benoudheid in haar wanneer sy geboorte gee omdat haar tyd gekom het, maar wanneer die seun gebore is, onthou sy nie meer haar benoudheid nie, as gevolg van die blydskap dat ’n seun in die wêreld gebore is.
22 Julle het ook nou droefheid, maar Ek sal julle weer sien en julle verstand, wil en emosie sal bly word en niemand sal julle blydskap van julle af wegvat nie.
23 In daardie dag sal julle My niks vra nie. Dit is ’n ewige waarheid wat Ek vir julle sê: alles wat julle My Vader sal vra in My Karakter en Outoriteit, sal Hy vir julle gee.
24 Tot nou toe het julle niks in My Karakter en Outoriteit gevra nie. Vra en julle sal ontvang sodat julle blydskap volkome kan wees.
25 Hierdie dinge het Ek deur vergelykende stories vir julle gesê, maar daar kom ’n tyd wanneer Ek nie meer deur vergelykende stories met julle sal praat nie, maar julle openlik van die Vader sal vertel.
26 In daardie dag sal julle in My Karakter en Outoriteit vra en Ek sê nie vir julle dat Ek die Vader namens julle sal vra nie,
27 want die Vader self het julle lief omdat julle My liefgehad het en vertrou het dat Ek vanuit eenheid met die Vader uitgegaan het.

28 Ek het vanuit eenheid met die Vader uitgegaan en in die wêreld gekom en Ek verlaat weer die wêreld en gaan om by die Vader te wees."
29 Sy studentevolgelinge sê vir Hom: "Let op, nou praat U reguit en gebruik geen vergelykende stories nie.
30 Nou weet ons dat U alles weet en U nie nodig het dat iemand hulle vrae in woorde omsit nie. Dit is daarom dat ons vertrou dat U vanaf God uitgegaan het."
31 Yeshua antwoord hulle: "Vertrou julle?
32 Let op, die tyd kom en het nou reeds gekom dat julle uitmekaar gejaag sal word, elkeen na sy plek toe en My alleen sal los. Ek sal nie alleen wees nie omdat die Vader by My is. [Deut 4:31; 31:6; Heb 13:5]
33 Hierdie dinge het Ek vir julle gesê sodat julle ín My vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid kan hê. In die wêreld sal julle lyding hê, maar wees versterk, Ek het die wêreld oorwin."

17 1 Nadat Yeshua hierdie dinge gesê het, het Hy Sy oë na die hemel opgelig en gesê: "My Vader, die tyd het gekom. Bring eer en lof aan U Seun sodat U Seun U kan eer en loof,
2 soos U Hom outoriteit oor alle vlees gegee het sodat Hy aan alle vlees wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee.
3 Dít is die ewige lewe: dat hulle U sal ken, want U is die God van Waarheid, asook Hom sal ken wat alleen deur U gestuur is, Yeshua, dié Gesalfde Een. [Y'hu 1:4]
4 Ek het U vereer en geloof op die aarde. Die dade wat U My gegee het om te doen, het Ek voltooi. [2 Tim 4:7]
5 Nou, Vader, wees tevrede met My in eenheid met Uself [Hand 3:13] met die goedkeuring wat Ek by U gehad het voordat die heelal was.
6 Ek het U Karakter en Outoriteit openbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, U het hulle aan My gegee en hulle het U boodskap gehoorsaam.
7 Nou weet Ek dat alles wat U My gegee het, uit U Teenwoordigheid kom,
8 want die boodskappe wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee en hulle het dit ontvang en waarlik erken dat Ek vanuit eenheid met U uitgegaan het.
9 Ek bid vir hulle, Ek het nie vir die wêreld gebid nie, maar vir dié wat U My gegee het omdat hulle aan U behoort en vertrou het dat U My gestuur het.
10 Alles wat Myne is, is U s'n en wat U s'n is, is Myne en Ek is in hulle vereer en geprys.
11 Van nou af is Ek nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die wêreld en Ek kom na U toe, Afgesonderde Vader, bewaar hulle in U Karakter en Outoriteit, wat U vir My gegee het sodat hulle een kan wees, net soos Ons.
12 Toe Ek saam met hulle in die wêreld was, het Ek hulle in U Karakter en Outoriteit bewaar. Oor die wat U My gegee het, het Ek wag gehou en nie een van hulle is vernietig nie, behalwe die seun van die vernietiging sodat die Skrifte vervul sou word, [Ps 41:10]

13 maar nou kom Ek na U toe en Ek sê hierdie dinge in die wêreld sodat My blydskap volkome in hulle kan wees.
14 Ek het U boodskap aan hulle gegee en die wêreld het hulle gehaat omdat hulle nie vanuit die wêreld is nie, net soos Ek nie vanuit die wêreld is nie.
15 Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld uit wegvat nie, maar dat U hulle teen die bose sal beskerm.
16 Hulle is nie vanuit die wêreld nie, net soos Ek nie vanuit die wêreld is nie.
17 Vader, sonder hulle af in U waarheid, want U boodskap is die waarheid. [2 Sh'm 7:28]
18 Net soos U My in die wêreld ingestuur het, net so het Ek hulle ook in die wêreld ingestuur
19 en Ek sonder Myself af vir hulle sodat hulle ook in waarheid afgesonderd kan wees.
20 Ek bid egter nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle boodskap in My sal vertrou
21 sodat hulle almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U is en dat hulle ook in Ons een mag wees. [Yog 10:30; 1 Kor 8:6]
22 Ek het aan hulle die Gemanifesteerde Teenwoordigheid gegee wat U My gegee het sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is sodat die wêreld kan vertrou dat U My gestuur het;
23 Ek in hulle en U in My sodat hulle volledig een kan wees en sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het.
24 Vader, Ek wil dat hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees waar Ek is sodat hulle My Gemanifesteerde Teenwoordigheid kan sien, wat U My gegee het omdat U My liefgehad het, van voor die vorming van die wêreld af.
25 My Regverdige Vader, al het die wêreld U nie geken nie, tog het Ek U geken en hulle hier het verstaan dat U My gestuur het.
26 Ek het U Karakter en Outoriteit aan hulle openbaar en sal voortgaan om dit te openbaar sodat die liefde, waarmee U My liefgehad het, tussen hulle kan wees en Ek in hulle.

18 1 Nadat Yeshua hierdie dinge gesê het, het Hy en Sy studentevolgelinge na 'n tuin oorkant die Kidronspruit gegaan en Hy en Sy studentevolgelinge het saam daar ingegaan,
2 maar Y'hudah, die een wat Hom sou oorgee, het ook die plek geken omdat Yeshua en Sy studentevolgelinge gereeld daar bymekaargekom het;
3 daarom het Y'hudah die afdeling soldate, die tempelwagte vanaf die leierpriesters en die Fariseërs gelei en daarheen gegaan met lanterns, fakkels en wapens.
4 Omdat Yeshua alles geweet het wat met Hom sou gebeur, het Hy uitgegaan en vir hulle gevra: "Wie soek julle?"
5 Hulle antwoord Hom: "Yeshua, van Natzeret." Yeshua sê vir hulle: [Eks 3:14] "Ek is onveranderlik dieselfde." Y'hudah, die een wat Hom sou oorgee, het by hulle gestaan.
6 Toe Yeshua vir hulle sê: "Ek is onveranderlik dieselfde," het hulle agteruit beweeg en op die grond neergeval.

7 Yeshua vra hulle toe weer: “Wie soek julle?” Hulle sê: “Yeshua, van Natzeret.”
8 Yeshua sê vir hulle: “Ek het vir julle gesê Ek is onveranderlik dieselfde. As julle My dan soek, laat hierdie ander weggaan”
9 sodat die woord vervul sou word wat Hy gesê het: “Uit die wat U My gegee het, het Ek nie een verloor nie.”
10 Shim’on Kefa het ’n swaard gehad, dit uitgetrek en die slaaf van die hoofpriester geslaan en sy regteroor afgekap. Die naam van die slaaf was Melekh (Ar. Malka).
11 Hierop sê Yeshua vir Kefa: “Steek jou swaard in die skede. Sal Ek dan nie die beker, wat die Vader My gegee het, drink nie?”
12 Toe het die afdeling soldate, hulle bevelvoerder en die tempelwagte van die Jode Yeshua gegryp, Hom vasgebind
13 en Hom weggelei, eers na Hanan, want hy was die skoonvader van Kayafa, wat daardie jaar hoofpriester was.
14 Dit was Kayafa wat aan die Jode die raad gegee het dat dit voordelig is dat een man in die plek van die volk doodgemaak word.
15 Shim’on Kefa en ’n ander studentevolgeling het Yeshua gevolg. Die ander studentevolgeling was bekend by die hoofpriester en het saam met Yeshua ingegaan in die binneplaas van die hoofpriester,
16 maar Shim’on het buitekant naby die deur bly staan. Die ander studentevolgeling, wat bekend was met die hoofpriester, het uitgegaan en met die deurwagster gepraat en Kefa ingebring.
17 Toe vra die slavin, die deurwagster, vir Kefa: “Is jy nie ook een van die studentevolgelinge van hierdie man nie?” Hy sê: “Ek is nie.”
18 Die slavinne en die tempelwagte het by ’n vuur gestaan wat hulle gemaak het, want dit was koud en hulle het hulle warm gemaak. Kefa het by hulle gestaan en hom warm gemaak.
19 Die hoofpriester het vir Yeshua ondervra oor Sy studentevolgelinge en oor Sy leer.
20 Yeshua antwoord hom: “Ek het openlik met die mense gepraat. Ek het altyd in die bymekaarkomplekke geleer en in die tempel waar die Jode altyd bymekaarkom en in die geheim het Ek niks gesê nie.
21 Hoekom vra u My? Vra vir hulle wat gehoor het wat Ek vir hulle gesê het. Let op, hulle weet alles wat Ek gesê het.”
22 Toe Hy dit sê, het een van die wagte wat daar staan, Yeshua op die wang geklap en gesê: “Antwoord U die hoofpriester so?”
23 Yeshua antwoord hom: “As Ek boos gepraat het, getuig wat boos was, maar as Ek reg gepraat het, waarom slaan jy My?”
24 Hierna het Hanan Hom, steeds vasgebind, na Kayafa, die hoofpriester, gestuur.
25 Shim’on Kefa het gestaan en hom warm gemaak en hulle vra vir hom: “Is jy nie ook een van Sy studentevolgelinge nie?” Hy ontken dit toe en sê: “Ek is nie.”
26 Een van die hoofpriester se slawe, wat familie was van die man wie se oor Kefa afgekap het, vra: “Het ek jou nie in die tuin by Hom gesien nie?”
27 Weer het Kefa dit ontken en dadelik het ’n haan gekraai.

28 Toe neem hulle Yeshua vanaf Kayafa na die goewerneur se kantore. Dit was reeds skemeroggend en hulle het self nie in die kantore ingegaan nie sodat hulle nie onrein sou wees voordat hulle die Pesagmaal geëet het nie.
29 Pilatos het na hulle toe uitgekom en gevra: “Watter aanklag bring julle teen hierdie Man in?”
30 Hulle antwoord en sê vir hom: “As Hy geen boosdoener was nie, sou ons Hom nie aan u oorgelewer het nie.”
31 Pilatos sê vir hulle: “Vat julle Hom en oordeel Hom volgens julle wet.” Waarop die Jode vir hom sê: “Dit is nie wettig vir ons om iemand dood te maak nie”
32 sodat dit wat Yeshua gesê het om aan te dui watter dood Hy sou sterf vervul sou word.
33 Pilatos gaan toe weer in die goewerneur se kantore in en roep Yeshua en vra vir Hom: “Is U die Koning van die Jode?”
34 Yeshua antwoord hom: “Sê u dit uit uself, of het ander dit van My vir u gesê?”
35 Pilatos antwoord: “Is ek dan ’n Jood? U eie volk en die leierpriesters het U aan my oorgegee. Wat het U gedoen?”
36 Yeshua antwoord: “My Koninkryk is nie van hierdie wêreld nie. As My Koninkryk van hierdie wêreld was, sou My dienaars geveg het sodat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie, maar My Koninkryk is nie nou van hier nie.”
37 Pilatos sê toe vir Hom: “Dan is U tog ’n Koning?” Yeshua antwoord: “U sê dat Ek ’n Koning is - hiervoor is Ek gebore. Hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om van die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na My stem.”
38 Pilatos vra vir Hom: “Wat is waarheid?” Toe hy dit gesê het, gaan hy weer uit na die Jode toe en sê vir hulle: “Ek vind geen skuld in Hom nie,
39 maar julle het ’n gewoonte dat ek vir julle op die Pesag iemand moet vrylaat. Wil julle daarom hê dat ek vir julle die Koning van die Jode moet vrylaat?”
40 Almal het uitgeskree en gesê: “Nie vir Hom nie, maar vir Bar-Abba!” Bar-Abba was ’n rower.

19 1 Toe laat Pilatos vir Yeshua gésel.
2 Die soldate het ’n kroon van dorings gevleg, dit op Sy kop gesit en vir Hom ’n pers kleed aangetrek
3 en gesê: “Wees gegroet, Koning van die Jode.” Hulle het Hom in die gesig geklap.
4 Pilatos gaan toe weer na buite en sê vir hulle: “Let op, ek bring Hom vir julle uit na buite sodat julle kan weet dat ek in Hom geen skuld vind nie, niks nie.”
5 Yeshua het uitgekom na buite toe en die doringkroon en die pers kleed gedra en Pilatos sê vir hulle: “Let op, hier is die Man!”
6 Toe die leierpriesters en die wagte Hom sien, skree hulle en sê: “Kruisig Hom, kruisig Hom!” Pilatos sê vir hulle: “Vat julle Hom en maak Hom dood aan ’n kruis, want ek vind geen skuld in Hom nie.”
7 Die Jode antwoord hom: “Ons het ’n wet en volgens ons wet moet Hy doodgemaak word omdat Hy Homself die Seun van God gemaak het.”
8 Toe Pilatos dit hoor, het hy nog banger geword

9 en weer in die kantore ingegaan en vir Yeshua gevra: “Van waar is U?” Yeshua het hom egter geen antwoord gegee nie.
10 Hierop sê Pilatos vir Hom: “Praat U nie met my nie? Weet U nie dat ek outoriteit het om U dood te maak aan die kruis en outoriteit het om U los te laat nie?”
11 Yeshua antwoord: “U sou geen outoriteit oor My hê as dit nie van bo vir u gegee is nie; daarom het hy wat My aan u oorgee, groter sonde as u.”
12 Hierop het Pilatos probeer om Hom los te laat, maar die Jode het geskree en gesê: “As u Hom loslaat, is u nie die keiser se vriend nie. Elkeen wat homself koning maak, is in opstand teen die keiser.”
13 Toe Pilatos dit hoor, het hy Yeshua buitentoe gebring en op die regterstoel gaan sit in die plek wat Plaveisel genoem word, maar in Hebreeus ‘Gabta.’
14 Dit was omtrent sesuur (dagbreek) en die voorbereiding vir die Pesag en hy sê vir die Jode: “Let op, hier is julle Koning!”
15 Hulle roep egter uit: “Vat Hom weg, vat Hom weg, kruisig Hom, kruisig Hom!” Pilatos vra vir hulle: “Moet ek julle Koning kruisig?” Die leierpriesters antwoord: “Ons het geen koning behalwe die keiser nie.”
16 Toe het hy Hom aan hulle oorgegee om aan ’n kruis doodgemaak te word. Hulle het Yeshua gevat en Hom weggelei.
17 Hy het Sy kruishout gedra en uitgegaan na die plek wat Skedel (Ar. Qaraqpatha) genoem word; in Hebreeus: Gagulta,
18 waar hulle Hom doodgemaak het aan ’n kruis en saam met Hom twee ander; een aan elke kant en Yeshua in die middel.
19 Pilatos het ook ’n opskrif geskryf en dit op die paal gesit. [Mat 27:37; Mar 15:26; Luk 23:38] Daar is geskryf: YESHUA, VAN NATZERET, DIE KONING VAN DIE JODE.
20 Baie van die Jode het hierdie opskrif gelees omdat die plek waar Yeshua aan die kruis gehang het, naby die stad was. Dit is in Hebreeus, Grieks en Latyns geskryf
21 en die leierpriesters van die Jode het vir Pilatos gesê: “Moenie skryf: ‘Die Koning van die Jode’ nie, maar, ‘dat Hy gesê het: Ek is die Koning van die Jode’.”
22 Pilatos het geantwoord: “Wat ek geskryf het, het ek geskryf.”
23 Nadat die soldate Yeshua gekruisig het, vat hulle Sy klere en deel dit in vier; vir elke soldaat ’n deel, maar die onderkleed was oor. Die onderkleed was sonder ’n naat, van bo af in een stuk geweef.
24 Hieroor het hulle vir mekaar gesê: “Laat ons dit nie skeur nie, maar laat ons die lot daaroor werp, wie s’n dit sal wees” sodat die Skrif [Ps 22:19] vervul sou word wat sê: “Hulle het My klere onder mekaar verdeel en oor My gewaad het hulle die lot gewerp.” Hierdie dinge het die soldate gedoen.
25 Naby Yeshua se kruis het Sy moeder, Sy moeder se suster, Miryam - die vrou van K’lofah en Miryam van Migdala gestaan.
26 Yeshua het Sy moeder en die studentevolgeling wat Hy liefgehad het by haar sien staan en Hy sê vir sy moeder: “Vrou, let op, hy is u seun!”
27 Daarop sê Hy vir die studentevolgeling: “Let op, sy is jou moeder!” Van daardie oomblik af het die studentevolgeling haar by homself ontvang (ingeneem).
28 Hierna, omdat Hy geweet het dat alles reeds tot sy doel gebring is sodat die Skrif vervul sou word, het Yeshua gesê: “Ek is dors!”

29 Daar het ’n houer vol suurwyn gestaan en hulle het ’n spons vol suurwyn gemaak en hisop omgebind en na Sy mond toe gebring. Ps 69:22
30 Toe Yeshua die suurwyn ontvang het, sê Hy: “Dit is afgehandel!” Hy het Sy kop afgebuig en Sy Gees oorgegee.
31 Sodat die liggame nie op die Shabbat aan die kruis sou bly nie, aangesien dit die voorbereidingsdag was, want die komende dag was ’n spesiale Shabbat, Deut 21:22-23 het die Jode Pilatos gevra dat hulle bene gebreek en hulle weggevat moes word.
32 Die soldate het toe gekom en die bene van die eerste een gebreek en van die ander een wat saam met Hom aan die kruis doodgemaak is,
33 maar toe hulle by Yeshua kom en sien dat Hy reeds dood is, het hulle nie Sy bene gebreek nie, Num 9:12
34 maar een van die soldate het met ’n spies in Sy sy ingesteek en dadelik het daar bloed en water uitgekom.
35 Die een wat dit gesien het, het daarvan getuig en sy getuienis is waar en hy weet dat hy die waarheid praat sodat julle kan vertrou,
36 want hierdie dinge het gebeur sodat die Skrif vervul sou word wat sê: “Nie een van Sy bene sal gebreek word nie.” Eks 12:46; Num 9:12; Ps 34:21
37 ’n Ander Skrif sê weer: “Hulle sal na Hom kyk in Wie hulle gesteek het.” Z’kh 12:10
38 Na hierdie dinge het Yosef van Ramatayim, wat, omdat hy bang was vir die Jode, in die geheim ’n studentevolgeling van Yeshua was, vir Pilatos gevra of hy die liggaam van Yeshua mag wegvat en Pilatos het toestemming gegee. Hy het toe gegaan en die liggaam van Yeshua weggevat.
39 Nakdimon, wat eers in die nag na Yeshua gegaan het, het ook gekom met ’n mengsel van mirre en aalwyn van omtrent vyftig kilogram.
40 Hulle het toe die liggaam van Yeshua gevat en dit in linne doeke toegedraai saam met die soet speserye, volgens die begrafnis tradisie van die Jode.
41 Daar was op die plek waar Hy aan die kruis doodgemaak is, ’n tuin en in die tuin ’n nuwe graf, waar nog nooit iemand in neergelê was nie.
42 Daar het hulle Yeshua toe neergelê omdat die Shabbat nadergekom het en omdat die graf naby was.

20 1 Op die eerste dag van die week kom Miryam van Migdala baie vroeg in die oggend terwyl dit nog donker was, by die graf en sien dat die steen van die graf verwyder is.
2 Sy hardloop en kom by Shim’on Kefa en by díe ander studentevolgeling vir wie Yeshua lief was en sê vir hulle: “Hulle het ons Meester uit die graf uit weggevat en ek weet nie waar hulle Hom neergelê het nie.”
3 Kefa en die ander studentevolgeling het uitgegaan en by die graf gekom.
4 Die twee het saam gehardloop, maar die ander studentevolgeling het voor Shim’on gehardloop en eerste by die graf gekom
5 en hy het gekyk en die linne doeke sien lê, maar hy het nie ingegaan nie.
6 Shim’on Kefa het ná hom aangekom en in die graf ingegaan en die linne doeke gesien waar dit lê

7 en die grafkleed, wat oor Sy kop was, sien hy nie by die linne doeke lê nie, maar opgerol op ’n plek eenkant.
8 Toe het ook die ander studentevolgeling, wat eerste by die graf gekom het, ingegaan en hy het gesien en vertrou.
9 Die studentevolgelinge het weer huis toe gegaan,
10 want hulle het nog nie vanuit die Skrifte verstaan dat Hy uit die dood uit moes opstaan nie, [Ps 16:10]
11 maar Miryam het by die graf gestaan, hardop gehuil en al huilende, ingekyk in die graf in
12 en twee boodskappers daar gesien sit met wit klere aan, een by die kussings en een by die voete waar die liggaam van Yeshua gelê het
13 en hulle vra vir haar: “Vrou, waarom huil jy?” Sy antwoord hulle: “Omdat hulle my Meester weggevat het en ek weet nie waar hulle Hom neergelê het nie.”
14 Toe sy dit gesê het, draai sy om agtertoe en sien Yeshua staan en sy het nie geweet dat dit Yeshua was nie.
15 Yeshua vra vir haar: “Vrou, waarom huil jy? Wie soek jy?” Sy het gedink dat dit die tuinier was en antwoord hom: “Meneer, as u Hom weggevat het, sê vir my waar u Hom neergesit het en ek sal Hom wegvat.”
16 Yeshua sê vir haar: “Miryam!” Sy draai om en sê vir Hom in Aramees: “Rabbuli!” wat beteken ‘my Leermeester.’
17 Yeshua sê vir haar: “Moenie My vashou nie, want Ek het nog nie opgegaan om by My Vader te wees nie, maar gaan na My broers toe en sê vir hulle: ‘Ek gaan op na My Vader en julle Vader en My God en julle God’.”
18 Miryam van Migdala het aan die studentevolgelinge gaan vertel dat sy die Meester gesien het en dat Hy dit vir haar gesê het.
19 Toe dit aand was op daardie eerste dag van die week en die deure, waar die studentevolgelinge gebly het, uit vrees vir die Jode gesluit was, het Yeshua gekom, tussen hulle gestaan en vir hulle gesê: “Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir julle!”
20 Nadat Hy dit gesê het, wys Hy vir hulle Sy hande en Sy sy en die studentevolgelinge was bly omdat hulle ons Meester gesien het.
21 Yeshua sê weer vir hulle: “Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir julle! Net soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.”
22 Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy op hulle en sê vir hulle: “Ontvang die Gees wat Afgesonderd is.
23 As julle iemand hulle sondes vergewe, dan is dit hulle vergewe. As julle iemand hulle sondes laat behou, dan is dit gehou.”
24 T’oma, wat genoem is ‘Tweeling,’ een van die twaalf, was nie saam met hulle toe Yeshua gekom het nie.
25 Die studentevolgelinge het vir hom gesê: “Ons het ons Meester gesien,” maar hy het hulle geantwoord: “As ek nie in Sy hande die spykerwonde sien en my vinger in die spykerwonde steek en my hand in Sy sy steek nie, dan sal ek nie vertrou nie.”

26 Na agt dae was Sy studentevolgelinge weer binne en T'oma was saam met hulle en terwyl die deure gesluit was, het Yeshua gekom en tussen hulle gestaan en gesê: "Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir julle!"
27 Hy sê vir T'oma: "Sit jou vinger hier en let op, My hande en bring jou hand en steek dit in My sy en moenie ongelowig wees nie, maar vertrou."
28 T'oma antwoord en sê vir Hom: "My Meester en my Heerser!" [1 Yog 2:23]
29 Yeshua sê vir hom: "Noudat jy My gesien het, het jy vertrou. Geseënd is díe wat nie gesien het nie en tog vertrou."
30 Nog baie ander wondertekens, wat nie in hierdie boek opgeskryf is nie, het Yeshua in die teenwoordigheid van Sy studentevolgelinge gedoen,
31 maar hierdie is opgeskryf sodat julle kan vertrou dat Yeshua dié Gesalfde Een, die Seun van God is en wanneer julle vertrou, daar vir julle ewige lewe sal wees in Sý Karakter en Outoriteit.

21 1 Na hierdie dinge het Yeshua weer aan Sy studentevolgelinge verskyn by die see van Tiberias. Só het Hy verskyn:
2 Shim'on Kefa, T'oma, (wat Tweeling genoem is), Natan'el van Kanah in die Galila, die seuns van Zavdai en twee ander van Sy studentevolgelinge was saam.
3 Shim'on Kefa sê vir hulle: "Ek gaan visvang." Hulle sê vir hom: "Ons kom saam met jou." Hulle het dadelik uitgegaan en in die boot geklim en in daardie nag het hulle niks gevang nie.
4 Met dagbreek staan Yeshua op die strand, maar die studentevolgelinge het nie gesien dat dit Yeshua was nie.
5 Yeshua vra vir hulle: "Seuns, het julle enige iets om te eet?" Hulle antwoord Hom: "Nee."
6 Hy sê vir hulle: "Gooi die net aan die regterkant van die boot en julle sal kry." Hulle het ingegooi en as gevolg van die hoeveelheid visse kon hulle dit nie intrek nie.
7 Daarop sê die studentevolgeling, die een vir wie Yeshua liefgehad het, vir Kefa: "Dit is ons Meester!" Toe Shim'on Kefa hoor dat dit ons Meester is, trek hy sy bokleed aan en maak sy lende vas, want hy was kaal en gooi homself in die see om na Yeshua te gaan,
8 maar die ander studentevolgelinge het met die boot gekom en die net met die visse gesleep, want hulle was nie ver van die land nie, omtrent 'n honderd meter.
9 Toe hulle geland het, sien hulle brandende kole met vis en brood daarop uitgesit.
10 Yeshua sê vir hulle: "Bring van die visse wat julle nou-net gevang het."
11 Shim'on Kefa het in die skuit geklim en die net op die land getrek, honderd drie en vyftig groot visse en alhoewel daar so baie was, het die net nie geskeur nie.
12 Yeshua sê vir hulle: "Kom eet!" Niemand van die studentevolgelinge het gewaag om Hom te vra: "Wie is U?" nie omdat hulle geweet het dat Hy ons Meester was.
13 Yeshua het gekom en die brood en die vis gevat en dit vir hulle gegee.
14 Dit was die derde keer dat Yeshua aan Sy studentevolgelinge verskyn het nadat Hy opgestaan het uit die dood.
15 Nadat hulle geëet het, vra Yeshua vir Shim'on Kefa: "Shim'on, seun van Yoganan, het jy My lief, meer as hulle hier?" Hy antwoord Hom: "Ja, my Meester, U weet dat

ek U lief het.” Hy sê vir hom: “Wees ’n herder vir My lammers.”
16 Hy vra hom weer die tweede keer: “Shim’on, seun van Yoganan, het jy My lief?” Hy antwoord Hom: “Ja, my Meester, U weet dat ek U lief het.” Hy sê vir hom: “Wees ’n herder vir My skape.”
17 Hy vra hom die derde maal: “Shim’on, seun van Yoganan, het jy My lief?” Kefa het hartseer geword omdat Hy hom die derde keer vra: “Het jy My lief?” Hy antwoord Hom: “Meester, U onderskei alles, U weet dat ek U lief het.” Yeshua sê vir hom: “Wees ’n herder vir My ooie.”
18 “Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir jou sê: toe jy jonger was, het jy jouself aangetrek en gegaan waar jy wou, maar wanneer jy oud geword het, sal jy jou hande uitsteek en ’n ander een sal jou aantrek en vat waarheen jy nie wil nie.”
19 Dit het Hy gesê om aan te dui deur hoedanige dood hy God sou vereer en loof en nadat Hy dit gesê het, sê Hy vir hom: “Kom, volg My.”
20 Shim’on Kefa het omgedraai en die studentevolgeling gesien volg vir wie Yeshua liefgehad het, die een wat by die maaltyd op sy bors geleun en gevra het: “Meester, wie is die een wat U sal oorgee?”
21 Toe Kefa hom sien, vra hy vir Yeshua: “My Meester, wat van hierdie een?”
22 Yeshua antwoord hom: “As Ek wil hê dat hy bly totdat Ek kom, wat gaan dit jou aan? Volg jy My.”
23 Hierdie boodskap het toe onder die broers uitgegaan dat daardie studentevolgeling nie sou doodgaan nie, maar Yeshua het nie vir hom gesê dat hy nie sou doodgaan nie, maar: ‘As Ek wil hê dat hy bly totdat Ek kom, wat gaan dit jou aan?’
24 Dit is daardie studentevolgeling wat van hierdie dinge getuig en dit neergeskryf het en ons weet dat sy getuienis waar is.
25 Daar is ook nog baie ander dinge wat Yeshua gedoen het, maar as hulle almal neergeskrywe moes word, sou die wêreld self, dink ek, nie die geskrewe boeke kon bevat nie.

Die vyfde boek van die Nuwe Verbond

Die Handelinge (Dade) van die Afgevaardigdes van Yeshua, dié Gesalfde Een, geskryf deur Luka, ’n mediese dokter.

# Saorana/Praksis d’Shlikha

( Handelinge )

Dit is in die Siries-Aramese dialek aan Theofilos geskryf, bes moontlik die hoofpriester vanaf 37 - 41. Luka was ’n Arameessprekende van Sirië.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees - die taal wat Yeshua gepraat het.

1 1 Die eerste boek, O Theofilos, het ek geskryf oor alles wat Yeshua, dié Gesalfde Een, begin doen en leer het
2 tot op die dag dat Hy na bo geneem is nadat Hy vir die afgevaardigdes, wat Hy deur die Gees wat Afgesonderd is gekies het, opdragte gegee het;
3 hulle aan wie Hy, ná Sy lyding, Homself lewend gewys het deur baie bewyse terwyl Hy tydens veertig dae aan hulle verskyn en oor die Koninkryk van God gepraat het.
4 Terwyl Hy saam met hulle brood geëet het, het Hy hulle beveel om nie van Yerushalayim af weg te gaan nie, maar om: Luk 24:49 “Te wag op die belofte van die Vader, wat julle van My gehoor het,
5 want Yoganan het met water gedoop, maar julle sal, nie baie dae hierna nie, met die Gees wat Afgesonderd is gedoop word.” Luk 3:16
6 Toe hulle saam met Hom was, vra hulle vir Hom en sê: “Ons Meester, gaan U in hierdie tyd die koninkryk van Yisra’el herstel?” Yes 9:6-7
7 Hy antwoord hulle: “Dit is nie vir julle om die vasgestelde tye te ken wat die Vader deur Sy eie Outoriteit bepaal het nie, Deut 29:29
8 maar wanneer die Gees wat Afgesonderd is oor julle kom, sal julle krag ontvang en julle sal My getuies wees in Yerushalayim en in die hele Y’hudah en ook in Shomron en tot by die grense van die aarde.” Luk 24:47
9 Nadat Hy hierdie dinge gesê het, het hulle gesien hoe Hy opgelig word in ’n wolk in en Hy was verberg vir hulle oë.
10 Terwyl hulle nog na die hemel kyk waarheen Hy weggaan, staan daar twee mans in wit klere langs hulle,
11 wat vir hulle sê: “Manne van die Galila, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Yeshua wat van julle af opgevat is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien weggaan het.” Z’kh 14:3-5; Dan 7:13
12 Na dit gaan hulle af van die berg af wat Beit-Tzeitha genoem word, wat omtrent drie kilometer vanaf Yerushalayim is, terug na Yerushalayim
13 en toe hulle daar kom, gaan hulle na die bo-vertrek waar Kefa, Ya’akov, Yoganan, Andréas, Filippos en T’oma, Bar-Talmai en Mattityahu, Ya’akov, die seun van (Bar)-Halfai, Shim’on die Yweraar en Y’hudah, die seun van Ya’akov, gebly het.
14 Hulle het almal as een volhard in gebed, in een gees saam met die vroue en met Miryam, die moeder van Yeshua en saam met Sy broers.
15 In daardie dae het Kefa tussen die studentevolgelinge, (dié wat bymekaar was, was omtrent honderd en twintig manne), opgestaan en gesê:
16 “Broers, dit was reg dat die Skrif vervul moes word wat die Gees wat Afgesonderd is vooruit deur die mond van Dawid gesê het aangaande Y’hudah; hy wat die gids was vir húlle wat Yeshua gevang het,
17 want hy is saam met ons getal gereken en het ’n deel van hierdie dienswerk gekry.”
18 (Dit is hy wat vir hom ’n stuk grond met die loon van sonde gekoop het en vooroor op die grond geval, oopgebars en al sy ingewande uitgeval het

19 en dit het bekend geword aan al die inwoners van Yerushalayim sodat daardie stuk grond in die taal van die streek Gakal-D'ma genoem is, dit is 'Bloedgrond.') [Mat 27:8]

20 Daar staan geskrywe in die boek van die Psalms: 'Laat sy woonplek verlate wees en laat daar niemand in woon nie! [Ps 69:26] en 'n ander een sal sy dienswerk oorvat.' [Ps 109:8]

21 Dit is daarom reg dat een vanuit die manne wat al die tyd, waarin ons Meester Yeshua by ons in en uitgegaan het, saam met ons was,

22 van die doop van Yoganan af tot op die dag dat Hy van ons af opgeneem is, saam met ons getuie sal wees van Sy opstanding."

23 Hulle het twee voorgestel: Yosef, die seun van Sabba, wat genoem word Youstos en Mattityahu

24 en toe hulle gebid het, het hulle gesê: "U, יהוה, weet wat is in die gedagtes, wil en emosie van almal, wys uit hierdie twee, die een aan wat U gekies het

25 om deel aan hierdie dienswerk en die pos as afgevaardigde te kry, waarvan Y'hudah afgewyk het om na sy eie plek te gaan."

26 Hulle het die lot gegooi en die lot het op Mattityahu geval en hy is gekies om afgevaardigde, saam met die elf, te wees.

2 1 Toe die dae tot by die Fees van weke (Shavu'ot) [Eks 34:22; Lev 23:15; Deut 16:9-10] voltooid was, was hulle almal as een bymekaar

2 en daar kom skielik uit die hemel 'n klank soos van 'n magtige stormwind en dit het die hele huis, waarin hulle gesit het, gevul. [Eks 19:16-18]

3 Daar verskyn aan hulle tonge soos van vuur, wat self verdeel en op elkeen van hulle gaan sit

4 en hulle is almal volgemaak met die Gees wat Afgesonderd is [Num 11:29; Yeg 39:29; Luk 24:49] en het begin praat in verskillende tale, soos die Gees aan hulle gegee het om te praat.

5 Daar het ook manne, Jode vanuit elke nasie wat onder die hemel is, wat God respekvol gevrees het, in Yerushalayim gebly.

6 Toe daardie stemme kom, het 'n groot skare mense saamgedrom en was verward, want elkeen het gehoor hoe hulle in sy eie taal praat.

7 Hulle was almal verbaas en verwonderd en sê vir mekaar: "Let op, is almal wat daar praat, dan nie van die Galila nie

8 en hoe hoor ons hulle, elkeen in ons eie geboortetaal?"

9 Parthiane, Mede, \`Eilamiete (Perse), die inwoners van \`Aram Naharayim, Y'hudah, Kappadokia en van die streke van Pontos en Asië,

10 van die streke van Frugia, Pamfulia, Mitzrayim en van die streke van Libue wat naby Kurene is en hulle wat gekom het van Rome, Jode sowel as proseliete,

11 vanaf Krete en Arabiere. "Let op, ons hoor hulle in ons eie tale oor die groot dade van God praat!"

12 Hulle was almal verbaas en verward en sê die een vir die ander: "Wat is hierdie gebeurtenis?"

13 Ander het met hulle gespot en gesê: "Hulle het nuwe wyn gedrink en is dronk."

14 Na dit het Shim’on Kefa opgestaan, saam met die elf afgevaardigdes en sy stem
verhef en vir hulle gesê: “Joodse manne en almal wat in Yerushalayim bly, verstaan
wat dit beteken! Luister na my woorde,
15 want hulle is nie dronk soos julle aanneem nie omdat dit maar die derde uur (nege-
uur in die oggend) is, maar let op,
16 hiérdie is wat deur die profeet Yo’el gesê is:
17 ‘Dit sal gedoen word in die laaste dae, sê God: Ek sal My Gees uitstort op alle
mense en julle seuns en julle dogters sal profeteer en julle jongmense sal visioene
sien en julle oumense sal drome droom
18 en ook op My slawe en slavinne sal Ek in dié dae van My Gees uitstort en hulle
sal profeteer.
19 Ek sal tekens bo in die hemel gee en wondertekens onder op die aarde: bloed, vuur
en rookwolke.
20 Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed voordat die groot en
ontsagwekkende dag van יהוה kom
21 en dit sal wees dat elkeen wat die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה aanroep,
sal lewe.’ [Yo’el 2:28-32]
22 Manne van Yisra’el, luister na hierdie boodskap! Yeshua, van Natzeret, die Man wat
vanaf God aan julle verskyn het [1 Tim 2:5] met magtige dade, tekens en wonderwerke,
wat God, soos julle self weet, deur Sy hand onder julle gedoen het;
23 hierdie Een - wat in die voorkennis en wil van God, hiérvoor tot Hom afgesonder
was, wat julle oorgelewer het in die hande van die wetteloses, Hom gekruisig en
vermoor het,
24 maar deur God opgewek is en die bande van Sh’ol vernietig het omdat dit nie
moontlik was om Hom in Sh’ol gevange te hou nie,
25 want Dawid sê aangaande Hom: ‘Ek stel יהוה voortdurend voor my omdat Hy aan
my regterhand is, sal ek nie geskud word nie; [Ps 16:8-10]
26 daarom is my verstand, wil en emosie bly en my lof en eer juig; my vlees sal ook
in veiligheid bly,
27 want U sal nie my lewe aan Sh’ol oorgee nie en ook nie U Afgesonderde Een
verderwing laat smaak nie. [Ps 16:10]
28 U sal aan my die pad van die lewe bekend maak; in U Teenwoordigheid is daar
volheid van vreugde, in U regterhand is daar plesier vir ewig.’ [Ps 16:8-11]
29 Broers, ek kan openlik met julle praat oor die stamvader Dawid, dat hy dood is en
ook begrawe is en sy graf is by ons tot vandag toe [1 Kon 2:10]
30 omdat hy ’n profeet [Neg 12:36] was en geweet het dat God vir hom met ’n eed gesweer
het: ‘Een uit die vrug van jou liggaam sal Ek op jou troon laat sit,’ [Ps 132:11; 2 Sh’m 7:12-13]
31 het hy, deur dit vooruit te sien, gepraat van die opstanding van dié Gesalfde Een
en dat Hy nie in Sh’ol gelos sal word nie en Sy liggaam ook nie verderwing sal sien
nie -
32 hierdie Yeshua is deur God opgewek, waarvan ons almal getuies is.
33 Hy is tot by die regterhand van God verhoog en het van die Vader ’n belofte
aangaande die Gees wat Afgesonderd is ontvang en dít uitgestort, wat julle nou hier
sien en hoor,

34 want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie, maar hy self sê: 'יהוה' het vir my Meester gesê: Sit aan My regterhand
35 totdat Ek U vyande gemaak het 'n voetstoel vir U voete.' Ps 110:1; 1 Kor 15:25; Heb 10:13
36 Laat die hele huis van Yisra'el daarom waarlik weet dat God daardie Yeshua, vir Wie julle gekruisig het, Die Meester en dié Gesalfde Een gemaak het."
37 Toe hulle hierdie dinge hoor, is hulle verstand, wil en emosie diep getref en hulle het vir Shim'on en die ander afgevaardigdes gesê: "Wat moet ons doen, broers?"
38 Shim'on sê vir hulle: "Draai weg van julle sondes na God toe en laat elkeen van julle gedoop word in die Karakter en Outoriteit (Naam) van Die Meester, Yeshua, tot bevryding van sondes sodat julle die geskenk van die Gees wat Afgesonderd is kan ontvang,
39 want die belofte was vir julle en vir julle seuns en vir almal wat daar ver is, die wat God sal roep."
40 Met baie ander boodskappe het hy teenoor hulle getuig en hulle uitgenooi en gesê: "Word gered uit hierdie verdraaide geslag."
41 Dié mense onder hulle wat sy boodskap gewilliglik aanvaar het en vertrou het, is gedoop en daar is op dié dag omtrent drie duisend lewens bygevoeg.
42 Hulle het aangehou in die leer van die afgevaardigdes en is deelgenote gemaak in gebed en in die breking van die brood, as Liggaam.
43 Vrees en respek het op elkeen gekom en baie tekens en wonderwerke het deur die hand van die afgevaardigdes gebeur in Yerushalayim.
44 Almal wat vertrou het, was soos een en het alles gemeenskaplik besit
45 en die wat besittings gehad het, het dit verkoop en onder almal verdeel, volgens wat nodig was.
46 Voortdurend, dag vir dag, het hulle een van gees, ernstig aangehou in die tempel, van huis tot huis brood gebreek en hulle kos in vreugde ontvang en in eenvoudli van verstand, wil en emosie, geniet
47 terwyl hulle God prys soos hulle omgee ontvang by al die mense. Ons Meester het daagliks, die wat tot lewe gekom het, by die gemeente gevoeg.

3 1 Dit was toe Shim'on Kefa en Yoganan saam opgegaan het na die tempel, op die uur van die middaggebed, rondom drie-uur,
2 dat hulle 'n sekere man aangedra het, let op, wat van sy moeder se baarmoeder af kreupel was en wat gereeld neergesit is langs die tempelpoort, wat die Mooipoort genoem word, om 'n daad van omgee te vra van dié wat in die tempel ingaan.
3 Toe hy sien dat Shim'on en Yoganan op die punt was om die tempel in te gaan, het hy vir 'n daad van omgee gebedel
4 en Shim'on en Yoganan het hom stip aangekyk vir hom gesê: "Kyk na ons."
5 Hy het sy oë op hulle gehou in die verwagting dat hy iets van hulle sou kry.
6 Shim'on sê vir hom: "Silwer en goud het ek nie, maar wat ek het, dit gee ek vir jou: in die Karakter en Outoriteit van ons Meester Yeshua, dié Gesalfde Een, van Natzeret, staan op en loop!"
7 Hy het sy regterhand gevat en hom opgetrek en onmiddellik is sy bene en voete genees.

8 Hy het opgespring, gestaan, rondgeloop en saam met hulle in die tempel ingegaan terwyl hy rondloop, spring en God prys.
9 Al die mense het gesien hoe hy rondloop en God prys
10 en hulle het hom herken, dat hy die bedelaar was wat elke dag by die Mooipoort van die tempel gesit het om omgeedade te vra. Hulle was vol verwondering en verwarring oor die ding wat gebeur het.
11 Terwyl hy aan Kefa en Yoganan vasgehou het, het al die mense uitermate verbaas na hulle toe gehardloop in die pilaargang, wat Shlomo s'n genoem word.
12 Toe Kefa dit sien, antwoord hy hulle en sê: "Seuns van Yisra'el, waarom is julle hieroor verwonderd, of waarom kyk julle ons aan asof ons deur ons eie vermoë of outoriteit gemaak het dat hy loop?
13 Die God van Avraham, Yitz'gak en Ya'akov, [Eks 3:6,15] die God van ons vaders, het Sy Seun Yeshua eer, lof en grootheid gegee, Hom wat julle oorgelewer en voor Pilatos verwerp het, toe hý reg geoordeel het om Hom los te laat,
14 maar julle het die Afgesonderde en Onskuldige Een verwerp en gevra dat 'n moordenaar aan julle gegee sou word
15 en Hom, die Heerser van lewe, het julle doodgemaak, Wie God uit die dood uit laat opstaan het, waarvan ons almal Sy getuies is.
16 Deur vertroue in Sy Karakter en Outoriteit is hierdie man, wat julle sien en ken, herstel en genees en vertroue in Hom het hom hierdie gesondheid gegee voor julle almal.
17 Nou, broers, ek weet dat julle dit in misleiding gedoen het, net soos julle leiers
18 en God het op dié manier vervul wat Hy vooraf aangekondig het deur die mond van al Sy profete, dat Sy Gesalfde Een sou ly.
19 Erken julle skuld, lê dit af en draai om, terug na God toe sodat julle sondes uitgevee mag word, tye van rus vanaf die Teenwoordigheid van יהוה vir julle mag kom
20 en Hy die Een sal stuur wat vooraf vir julle voorberei is: Yeshua, dié Gesalfde Een.
21 Die hemel moet Hom ontvang tot op die tyd van die einde van alle dinge, waarvan God van ouds af gepraat het deur die mond van al Sy afgesonderde profete, [Yes 11:1-12]
22 want Mosheh het gesê: 'יהוה sal vir julle 'n profeet, wat net soos ek is, uit julle broers laat opstaan; luister na alles wat Hy vir julle sal sê
23 en elke gees wat nie na dié profeet luister nie, sal vanuit die mense vernietig word.' [Deut 18:15-19]
24 Ook het al die profete, van Sh'mu'el af en na hom, almal gepraat en ook hierdie dae aangekondig.
25 Julle is seuns van die profete en van die verbond wat God met ons vaders gesluit het toe Hy vir Avraham gesê het: 'In jou Saad sal al die families van die aarde geseën wees.' [Gen 22:18; 26:4]
26 God het Sy Seun eerste vir julle aangestel en gestuur as 'n Seën vir julle, as julle wegdraai van julle booshede, terug na God toe."

4 1 Terwyl hulle hierdie woorde vir die mense gesê het, het die priesters, die Sadduseërs en die tempelleiers teen hulle opgestaan;
2 woedend omdat hulle die mense leer en verkondig dat dié Gesalfde Een opgestaan het uit die dood.
3 Hulle het hulle hande aan hulle geslaan en hulle gehou tot die volgende dag toe, want dit was al aand.
4 Baie van die wat die boodskap gehoor het, het vertrou en die getal mans was omtrent vyf duisend.
5 Die volgende dag kom hulle leiers, oudstes en leraars van die wet bymekaar,
6 asook Hanan, die hoofpriester, Kayafa, Yoganan, Alexandros en die wat van die families van die leierpriesters was
7 en toe hulle hul tussen hulle laat staan het, vra hulle vir hul: "Deur watter krag of in wie se karakter en outoriteit (naam) doen julle dit?"
8 Toe antwoord Shim'on Kefa, vol van die Gees wat Afgesonderd is, hulle: "Leiers van die volk en oudstes van die huis van Yisra'el, luister:
9 as ons vandag geoordeel word deur julle oor 'n goeie daad aan 'n siek man, waardeur hy gesond geword het,
10 laat dit bekend wees aan julle almal en aan al die mense van Yisra'el dat deur die Karakter en Outoriteit (Naam) van Yeshua, dié Gesalfde Een, van Natzeret; Hy wat julle gekruisig het; Hy wat God uit die dood laat opstaan het; deur Hom staan hierdie man gesond voor julle.
11 Hy is die Steen wat deur julle, die bouers, verwerp is [Ps 118:22] en Hy is die hoof Hoeksteen.
12 Die verlossing is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander karakter en outoriteit (naam) onder die hemel wat vir die mens gegee is, waardeur dit moontlik is om te lewe nie."
13 Toe hulle die redenasie sien wat Kefa en Yoganan het en dat hulle dit openlik verkondig en hulle verstaan dat hulle ongeleerde manne was wat nie die boekrolle bestudeer het nie, was hulle verwonderd en het hulle herken dat hulle saam met Yeshua geleef het,
14 maar omdat hulle die man wat kreupel was en genees is, by hulle sien staan, kon hulle niks daarteen sê nie.
15 Toe beveel hulle dat hulle buite die vergadering gevat word en sê vir mekaar:
16 "Wat moet ons met hierdie manne doen, want let op, dit is duidelik vir al die inwoners van Yerushalayim dat daar 'n openlike wonderwerk deur hulle gebeur het; ons kan dit nie ontken nie,
17 maar dat dit nie nog meer onder die mense versprei word nie, laat ons hulle dreig om nie meer in hierdie Karakter en Outoriteit (Naam) met enige mens te praat nie."
18 Hulle het hulle geroep en hulle bevel gegee om glad nie weer in die Karakter en Outoriteit (Naam) van Yeshua te praat of te leer nie.
19 Shim'on Kefa en Yoganan antwoord hulle en sê: "Of dit reg is voor God om júlle meer gehoorsaam te wees as vir God, moet julle self oordeel,

20 want vir ons is dit onmoontlik om nie te praat oor wat ons gesien en gehoor het nie.”
21 Hulle het hul gedreig en vrygelaat, aangesien hulle geen rede kon vind om hulle te straf nie, want al die mense het God geprys oor wat gebeur het,
22 want die man met wie hierdie wonderteken van genesing gebeur het, was meer as veertig jaar oud.
23 Nadat hulle vrygelaat is, het hulle na hul broers gegaan en alles vertel wat die priesters en die oudstes vir hulle gesê het.
24 Toe hulle dit hoor, het hulle in een gesindheid hulle stemme tot God opgelig en gesê: “יהוה, U is God wat die hemel, die aarde, die see en alles wat daarin is, gemaak het, [Ps 146:6]
25 wat deur die Gees wat Afgesonderd is in die mond van U seun Dawid gesê het: ‘Waarom is die nasies verwoed en beplan die mense dit wat leeg is?
26 Die konings van die aarde het opgestaan en die leiers het as een vergader teen יהוה en teen Sy Gesalfde,’ [Ps 2:1-2]
27 want Herodes en Pontios Pilatos, saam met nasies en die mense van Yisra’el het waarlik in hierdie stad vergader teen U afgesonderde Seun Yeshua, wat U gesalf het
28 om alles te doen wat U hand en U doel vooruit bepaal het om te gebeur.
29 Ook nou, יהוה, let op na hulle dreigemente en gee aan U diensknegte om openlik U boodskap te verkondig,
30 deurdat U U hand uitsteek om genesing, wonderwerke en tekens deur die Karakter en Outoriteit van U Afgesonderde Seun, Yeshua, te gee.”
31 Terwyl hulle bid en ernstig smeek, is die plek geskud waar hulle saam was en hulle is elkeen volgemaak met die Gees wat Afgesonderd is en het die boodskap van God openlik verkondig.
32 Die groot groep mense wat vertrou het, was een van gedagte, wil, emosie en van gees en nie een het sy besittings vir homself toegeeëien nie, maar almal het alles met mekaar gedeel.
33 Met groot wonderwerkende krag het die afgevaardigdes aangehou getuig van die opstanding van Yeshua, dié Gesalfde Een en groot guns was oor hulle almal.
34 Niemand van hulle was behoeftig nie, want almal wat grond of huise besit het, het dit verkoop en die opbrengs van wat verkoop is, gebring
35 en aan die voete van die afgevaardigdes neergesit en dit is uitgedeel aan elkeen, volgens wat hy nodig gehad het.
36 So het ook Yosef, wie se bynaam onder die afgevaardigdes Bar-Nabba was, wat beteken seun van vertroosting, ’n Leviet van geboorte, vanaf Kupros,
37 ’n stuk grond gehad en dit verkoop en die geld gebring en aan die voete van die afgevaardigdes neergesit.

5 1 ’n Man met die naam van Gananyah het, saam met sy vrou Shappirah, ’n eiendom verkoop
2 en, met die medewete van sy vrou, van die prys teruggehou en ’n sekere deel gebring en aan die voete van die afgevaardigdes neergesit.

3 Shim’on sê vir hom: “Gananyah, waarom het die Teëstander jou verstand, wil en emosie hierdeur volgemaak om vir die Gees wat Afgesonderd is te lieg en om van die prys van die grond terug te hou?
4 Was dit nie joune totdat dit verkoop is nie? Toe dit verkoop is, was die inkomste nie onder jou outoriteit nie? Waarom is dit dat jy hierdie saak in jou gedagtes en wil besluit het? Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God.”
5 Toe Gananyah hierdie boodskap hoor, het hy dood neergeval en ’n groot vrees het oor almal gekom wat dit gehoor het.
6 Toe het die jongmanne onder hulle opgestaan, hom opgetel, uitgedra en begrawe.
7 Drie ure later kom ook sy vrou in, onbewus van wat gebeur het.
8 Shim’on vra vir haar: “Sê vir my, het julle die grond vir soveel verkoop?” Sy antwoord: “Ja, vir soveel.”
9 Shim’on sê vir haar: “Omdat julle ooreengekom het om die Gees van יהוה te toets, let op, die voete van dié wat jou man begrawe het, is by die deur en hulle sal jou uitdra.”
10 Onmiddellik het sy voor hulle voete neergeval en is dood en die jongmanne het ingekom, haar dood gekry, haar uitgedra en by haar man begrawe
11 en groot vrees het oor die hele gemeente gekom; oor almal wat dit gehoor het.
12 Deur die hande van die afgevaardigdes het daar baie wonderwerke en tekens onder die mense gebeur en hulle het almal bymekaargekom in die pilaargang van Shlomo
13 en niemand van die ander het dit gewaag om met hulle te vereenselwig nie, maar die mense het voortgegaan om hulle hoog te ag.
14 Baie het bygekom wat in יהוה vertrou, skares van manne, sowel as vroue
15 sodat hulle die siekes op die strate uitgedra en in groepe gelê het sodat, as Shim’on kom, ten minste sy skaduwee op hulle sou val.
16 Baie mense het na hulle toe gekom van ander stede wat rondom Yerushalayim is en siekes en mense wat deur onrein geeste gepla was, gebring en hulle is almal gesond gemaak.
17 Die hoofpriester en almal wat by hom was van die leer van die Sadduseërs, was vol jaloesie
18 en hulle het die hande aan die afgevaardigdes geslaan, hulle gevang en vasgebind in die openbare tronk.
19 Toe, in die nag, het ’n boodskapper van יהוה die deure van die tronk oopgemaak en hulle uitgelei en vir hulle gesê:
20 “Gaan staan in die tempel en sê vir die mense al hierdie woorde van lewe.”
21 Hulle het met sonsopkoms uitgegaan en in die tempel ingegaan en begin leer, maar die hoofpriester en die wat saam met hom was, het gekom en die Raad en al die oudstes van Yisra’el bymekaargeroep en hulle het na die tronk toe gestuur om die afgevaardigdes te laat haal.
22 Toe die wat gestuur is hulle nie in die tronk kry nie, het hulle teruggegaan
23 en gesê “Ons het die tronk in alle sekuriteit toegesluit gekry en die wagte het buite voor die deure gestaan, maar daar was niemand binne nie.”

24 Toe die hoofpriester, die kaptein van die tempelwagte en die leierpriesters hierdie boodskap hoor, was hulle verward daaroor en het gewonder wat dit is.
25 Iemand kom en rapporteer aan hulle: "Let op, dieselfde manne wat julle in die tronk gesit het, staan in die tempel en leer die mense."
26 Daarop gaan die kaptein van die tempelwag en sy ondergeskiktes en bring hulle, maar nie met geweld nie, want hulle was bang dat die mense hulle sou stenig.
27 Hulle het hulle gebring en voor die hele Raad laat staan en die hoofpriester het hulle gevra:
28 "Het ons julle nie met 'n opdrag beveel om niemand in dié Karakter en Outoriteit te leer nie? Let op, julle het Yerushalayim volgemaak met julle leer en julle wil ons verantwoordelik maak vir die bloed van hierdie Man."
29 Shim'on en die afgevaardigdes antwoord hulle en sê: "Dit is nodig om aan God meer gehoorsaam te wees as aan mense.
30 Die God van ons voorvaders [Eks 3:15] het Yeshua, wat julle vermoor het deur Hom aan 'n hout op te hang, laat opstaan. [Deut 21:22-23]
31 Hom het God as Hoof en Lewegewer aangestel en Hom aan Sy regterhand verhef om aan Yisra'el erkenning, berou en vergifnis van sondes te gee
32 en ons, asook die Gees wat Afgesonderd is wat God gegee het aan die wat in Hom vertrou, is Sy getuies van hierdie dinge."
33 Toe hulle hierdie woorde hoor, was hulle woedend met 'n passie en hulle het oorweeg om hulle dood te maak.
34 Een van hulle, 'n Fariseër met die naam van Gamali'el, wat die wet geleer het en by almal hoog in aansien was, het opgestaan
35 en beveel dat die afgevaardigdes 'n rukkie uitgevat word en vir hulle gesê: "Manne van Yisra'el, let op julleself wat reg is om te doen met hierdie manne,
36 want voor hierdie het Todah opgestaan en gesê dat hy iets besonders was. By hom het 'n aantal mense, omtrent vier honderd, aangesluit. Hy is gedood en almal wat na hom geluister het, is uitmekaargejaag en het tot niks gekom nie.
37 Ná hom het Y'hudah, van die Galila, opgestaan, in die dae van die inskrywing vir belasting en 'n aansienlike getal mense laat afdwaal agter hom aan. Ook hý is dood en almal wat na hom geluister het, is uitmekaar.
38 Nou sê ek vir julle, bly weg van hierdie manne en los hulle uit, want as hierdie beweging of hierdie dade vanuit mense is, sal hulle uitmekaarspat en verbygaan,
39 maar as dit vanuit God is, kan julle dit nie vernietig nie sodat dit nie dalk gevind word dat julle teen God staan nie."
40 Hulle is deur hom oortuig en nadat hulle die afgevaardigdes ingeroep het, het hulle hul laat slaan en hulle beveel om nie in die Karakter en Outoriteit van Yeshua te praat nie en hulle vrygelaat.
41 Hulle het van hulle af weggegaan, verheug dat hulle waardig geag is om ter wille van Sy Karakter en Outoriteit oneer te ly
42 en hulle het nie opgehou om elke dag in die tempel en aan huis te leer en die goeie boodskap te verkondig aangaande Yeshua dié Gesalfde Een nie.

6 1 In daardié dae, toe die studentevolgelinge vermeerder het, het daar 'n klagte vanaf die Hellenistiese studentevolgelinge teenoor die Hebreërs ontstaan dat hulle weduwees in die daaglikse versorging oorgesien is.
2 Toe het die twaalf afgevaardigdes die hele vergadering van studentevolgelinge bymekaargeroep en gesê: "Dit is nie aanvaarbaar dat ons die boodskap van God nalaat, om tafels te bedien nie.
3 Soek daarom, my broers en kies sewe manne vanuit julle, waarop die getuienis is, vol van die Gees van יהוה en wysheid, wat ons oor hierdie saak sal aanstel
4 en ons sal voortgaan in gebed en die voortdurende bediening van die boodskap."
5 Die gedagte het byval gevind by almal en hulle het gekies: Stefanos, 'n man vol van vertroue en die Gees wat Afgesonderd is, Filippos, Progoros, Nikanor, Timon, Parmenas en Nikolaos, 'n proseliet uit Antiogeia.
6 Hulle het hulle voor die afgevaardigdes laat staan en nadat hulle gebid het, het hulle hul die hande opgelê.
7 Die boodskap van God het versprei en die getal studentevolgelinge het vinnig vermeerder in Yerushalayim en baie priesters het gehoorsaam geword aan die waarheid.
8 Stefanos, vol van onverdiende guns en krag, het wonderwerke en tekens onder die mense gedoen
9 en daar het sommige van die Bymekaarkomplek van die Bevryde Slawe, soos dit genoem is, opgestaan en van die Kureners en Alexandryne en van die mense van Kilikia en Asië en hulle het met Stefanos gedebatteer,
10 maar hulle kon nie teen die wysheid en die Gees waardeur hy gepraat het, staan nie.
11 Toe stuur hulle manne en beveel hulle om te sê: "Ons het hom kwaad hoor praat teen Mosheh en teen God."
12 Hulle het die mense, die oudstes en die leraars van die wet opgesweep en op hom afgekom en hom gegryp en voor die Raad gebring
13 en hulle het valse getuies aangestel om te sê: "Dié man hou nie op om kwaad te praat teen die wet en hierdie afgesonderde plek nie,
14 want ons het hom hoor sê: 'Hierdie Yeshua, van Natzeret, sal hierdie plek afbreek en die gebruike wat Mosheh aan ons oorgegee het, verander.'"
15 Terwyl almal wat in die Raad sit, hom stip dophou, sien hulle dat sy gesig soos die gesig van 'n engel is.

7 1 Die hoofpriester vra vir hom of die dinge so is,
2 maar hy sê: "Broers en vaders, luister! Die God van eer, lof en aanbidding het verskyn aan ons vader Avraham toe hy in `Aram Naharayim (tussen die riviere) was, voordat hy in Haran gewoon het, [Gen 15:7]
3 en vir hom gesê: 'Trek uit jou land en uit die teenwoordigheid van die seuns van jou familie en kom na die land wat Ek jou sal wys.' [Gen 12:1]
4 Toe het Avraham uitgetrek uit die land van die Kasdeërs en in Haran gaan woon en ná die dood van sy vader het Hy hom daarvandaan laat trek na hierdie land waarin julle nou bly

5 en Hy het hom geen erfdeel daarin gegee nie, selfs nie 'n voetspoor nie; tog het Hy belowe om dit aan hom en sy nageslag ná hom as erfenis te gee, toe hy nog geen seun gehad het nie. [Gen 12:7; 13:15; 15:4,7,18-21; Ps 105:9-12]

6 God het vir hom gesê dat sy nageslag vreemdelinge in 'n vreemde land sou wees en dat die mense hulle tot slawe sou maak en sou mishandel vir vier honderd jaar lank

7 en "die nasie vir wie hulle slawe sal wees, sal Ek oordeel," het God gesê "en daarna sal hulle uittrek en My in hierdie plek dien." [Gen 15:13-16]

8 Hy het hom die verbond van die besnydenis gegee en hy het die vader van Yitz'gak geword en hom op die agtste dag besny en Yitz'gak het die vader van Ya'akov geword en Ya'akov van die twaalf vaders.

9 Hulle, ons vaders, was jaloers op Yosef en het hom na Mitzrayim toe verkoop, maar God was met hom [Gen 37:11,28; 39:1-3,21,23]

10 en het hom uit al sy moeilikhede verlos en hom onverdiende guns en wysheid gegee voor Farao, die koning van Mitzrayim en dié het hom aangestel as hoof administrateur oor Mitzrayim en oor sy hele huis. [Gen 41:37-44]

11 Daar het 'n hongersnood en groot benoudheid oor die hele Mitzrayim en Kena'an gekom en daar was niks om ons vaders te versadig nie, [Gen 41:54; 42:5]

12 maar toe Ya'akov hoor dat daar graan in Mitzrayim was, het hy ons vaders eerste uitgestuur

13 en die tweede keer het Yosef hom aan sy broers bekend gemaak [Gen 45:1] en Yosef se familie het aan Farao bekend geword.

14 Toe het Yosef gestuur en sy vader Ya'akov en sy hele familie laat roep, vyf en sewentig mense. [Gen 46:27; Eks 1:5]

15 Ya'akov het afgegaan na Mitzrayim en is daar dood, hy en ons vaders

16 en hy is oorgeplaas na Sh'khem en begrawe in die graf wat Avraham met silwer gekoop het van die seuns van Hamor. [Gen 23; Gen 33:19; 50:13; Y'ho 24:32]

17 Namate die tyd van die belofte wat God aan Avraham met 'n eed beloof het, nader gekom het, het die volksmense toegeneem en vermeerder in Mitzrayim

18 totdat daar 'n ander koning opgestaan het oor Mitzrayim, wat nie vir Yosef geken het nie. [Eks 1:7-8]

19 Hy het listig met ons nasie te werk gegaan en ons vaders wreed behandel deur hulle te verplig om hul babas buite te gooi sodat hulle dit nie sou oorleef nie.

20 Op die bepaalde tyd is Mosheh, wat spesiaal was vir God, gebore. Drie maande lank is hy in die huis van sy vader grootgemaak,

21 maar toe hy buite gesit is deur sy moeder, het Farao se dogter hom gevind en hom as haar seun grootgemaak.

22 Mosheh is opgelei in al die wysheid van die Mitzrayimiete en was voorbereid in redevoering en in dade

23 en nadat hy die ouderdom van veertig jaar bereik het, het dit in sy gedagtes, wil en emosie opgekom om sy broers, die seuns van Yisra'el, te besoek.

24 Toe hy sien dat een uit sy stam verkeerd behandel word, het hy hom verdedig en die man wat mishandel is, gewreek deur die man van Mitzrayim dood te maak.

25 Hy het gedink dat sy broers, die seuns van Yisra’el, sou verstaan dat God hulle deur sý hand bevryding sou gee, maar hulle het dit nie verstaan nie
26 en ’n ander dag het hy by hulle aangekom terwyl hulle besig was om onderling te baklei en hy het by hulle aangedring om vrede te maak en gesê: ‘Manne, julle is broers, waarom behandel julle mekaar verkeerd?’
27 Hy wat sy naaste verkeerd behandel het, het hom weggestamp en gesê: ‘Wie het jou as leier en regter oor ons aangestel?
28 Wil jy my ook doodmaak soos jy gister die Mitzrayimiet doodgemaak het?’ Eks 2:14
29 Mosheh het op hierdie woord gevlug en ’n vreemdeling geword in die land van Midyan, waar hy twee seuns gehad het. Eks 2:22; 18:3-4
30 Nadat veertig jaar verloop het, het die boodskapper van יהוה aan hom verskyn in die wildernis by die berg Sinai, in die vlamme van ’n brandende bos.
31 Mosheh het dit gesien en hom oor die gesig verwonder en toe hy nader gaan om dit te ondersoek, het die stem van יהוה vir hom gesê:
32 ‘Ek is, was, sal wees Wie Ek is, was, sal wees, die God van jou vaders, die God van Avraham, die God van Yitz’gak en die God van Ya’akov,’ maar Mosheh het bang geword en nie gewaag om te kyk na die verskynsel nie.
33 יהוה sê vir hom: ‘Trek die skoene van jou voete af, want die plek waarop jy staan, is afgesonderde grond.
34 Ek het gekyk en die mishandeling van My volk wat in Mitzrayim is, gesien en hulle gekerm gehoor en afgekom om hulle te bevry en nou, kom hier, Ek sal jou na Mitzrayim toe stuur.’ Eks 3:1-10
35 Hierdie Mosheh wat hulle verwerp het deur te sê: ‘Wie het jou aangestel as ’n heerser en regter?’ hóm het God as heerser en bevryder gestuur deur die hand van die boodskapper wat aan hom verskyn het in die struik.
36 Dit is hy wat hulle uitgelei en tekens, wonderwerke en magtige dade in Mitzrayim, die Rietsee en veertig jaar lank in die wildernis gedoen het.
37 Dit is dié Mosheh wat aan die seuns van Yisra’el gesê het: ‘יהוה, julle God, sal vir julle ’n profeet, wat net soos ek is, vanuit julle broers verwek; julle moet Hom gehoorsaam.’ Deut 18:15
38 Dit is hy wat in die byeenkoms in die wildernis saam met die boodskapper was, wat met hom op die berg Sinai gepraat het en saam met ons vaders was. Hy het die lewende Woorde van God ontvang om aan ons te gee.
39 Ons vaders wou hom nie gehoorsaam nie, maar hulle het hom verwerp en met hulle verstand, wil en emosie na Mitzrayim toe teruggedraai
40 toe hulle vir Aharon gesê het: ‘Maak vir ons gode wat voor ons uit sal gaan, want ons weet nie wat van hierdie Mosheh, wat ons uit Mitzrayim uitgelei het, geword het nie.’ Eks 32:1, 23
41 Hulle het in daardie dae ’n kalf gemaak en aan die afgodsbeeld ’n offer gebring en hulle in die werke van hulle hande verheug,
42 maar God het Hom omgedraai en hulle oorgegee om die sterre van die hemel te aanbid, Yir 19:13 soos geskrywe is in die boekrol van die profete: ‘Huis van Yisra’el, dit is nie vir My dat julle slagoffers en offers gebring het gedurende veertig jaar in die wildernis nie!

43 Julle het die tent van Molek saamgevat en die ster van julle god Kiyun (Remfan), die beelde wat julle gemaak het, om te aanbid. [Yeg 20:7-26] Ek sal julle in ballingskap tot anderkant Bavel wegvoer.’ [`Am 5:25-27]

44 Die tent van die Getuienis was onder ons vaders in die wildernis, net soos Hy, wat met Mosheh gepraat het, hom beveel het om dit te maak volgens die bloudrukplan wat hy gesien het, [Eks 25:9]

45 wat deur ons vaders ontvang is en saam met Y’hoshua ingebring is in die land wat hulle in besit geneem het van die nasies, wat God voor ons vaders uitgedryf het, tot in die dae van Dawid,

46 wat onverdiende guns gekry het voor God en gevra het om ’n blyplek vir die God van Ya’akov te voorsien.

47 Shlomo het ’n huis vir Hom gebou,

48 maar Ha’Elyon (die Allerhoogste) bly nie in mensgemaakte tempels nie, net soos die profeet sê:

49 ‘Die hemel is My troon en die aarde die voetstoel vir My voete. Waar is die huis wat julle vir My sal bou, sê יהוה, of waar is die plek van My rus?

50 Het My hand nie al hierdie dinge gemaak nie?’ [Yes 66:1-2]

51 Julle hardnekkiges [Eks 32:9; 33:3,5] en onbesnedenes [Lev 26:41; Yir 6:10; 9:25] van verstand, wil, emosie en ore, julle hou aan om altyd die Gees wat Afgesonderd is [Yes 63:10] teë te staan. Net soos julle vaders, so doen julle ook.

52 Watter een van die profete is nie deur julle vaders vervolg nie? Hulle het dié gedood wat vooraf die koms van die Onskuldige aangekondig het, van wie julle nou verraaiers en moordenaars geword het;

53 julle wat die wet deur die bemiddeling van boodskappers ontvang het en dit tog nie gehoorsaam het nie!”

54 Toe hulle dit hoor, was hulle na verstand, wil en emosie woedend en het op die tande gekners oor hom,

55 maar hy, vol van vertroue en die Gees wat Afgesonderd is, het aanhou kyk na die hemel en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God gesien en Yeshua wat staan aan die regterhand van God

56 en hy het gesê: “Let op, ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan.” [Ps 110:1]

57 Hulle het egter met ’n harde stem geskree en hulle ore toegestop en soos een man op hom afgestorm.

58 Hulle het hom gegryp en buitekant die stad gevat en hom gestenig [Deut 17:2-7] en die wat teen hom getuig het, het hulle klere neergesit by die voete van ’n jongman met die naam van Sha’ul.

59 Hulle het Stefanos gestenig terwyl hy uitroep en sê: “Ons Meester, Yeshua, ontvang my gees!”

60 Hy het op sy knieë neergeval en met ’n harde stem uitgeroep: “Ons Meester, hou nie hierdie sonde teen hulle nie!” en met dié woorde is hy dood.

8 1 Sha’ul het ook saamgestem en deelgeneem aan sy moord en daar was in dié
tyd ’n groot vervolging teen die gemeente in Yerushalayim en almal, behalwe die
afgevaardigdes, is verstrooi oor die dorpies van Y’hudah en Shomron.
2 Manne wat vertrou, het Stefanos gevat en begrawe en baie oor hom gerou,
3 maar Sha’ul het die gemeente vervolg en in huise ingegaan en manne en vroue
uitgesleep en aan die tronk oorgegee.
4 Díe wat verstrooi is, het reisende die boodskap van God verkondig.
5 Filippos het afgegaan na ’n stad van Shomron en aangaande dié Gesalfde Een aan
hulle verkondig.
6 Die mense het, soos hulle sy boodskap hoor, geluister en was oortuig van wat hy sê
omdat hulle die wondertekens gesien het wat hy doen,
7 want uit baie van die wat onrein geeste gehad het, het die geeste uitgegaan terwyl hulle
met ’n harde stem geskree het en baie wat lam en kreupel was, het gesond geword
8 en daar was groot blydskap in daardie stad.
9 ’n Sekere man, met die naam van Shim’on, het vóór dit, in die stad die mense van
Shomron mislei met towery en beweer dat hy ‘Die groot god’ is.
10 Almal, van klein tot groot, het tot hom gebid en gesê: “Hy is die groot krag van God.”
11 Almal was deur hom oortuig omdat hy hulle vir ’n lang tyd deur sy towerye verstom
het,
12 maar toe hulle vertrou wat Filippos verkondig het aangaande die Koninkryk van
God in die Karakter en Outoriteit van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, is
hulle gedoop, manne sowel as vroue.
13 Shim’on self het ook vertrou en nadat hy gedoop is, het hy gedurig by Filippos
gebly en hy was verstom en verslae toe hy die tekens en wonderwerke sien wat deur
sy hand gebeur.
14 Toe die afgevaardigdes in Yerushalayim hoor dat Shomron die boodskap van God
aanvaar het, het hulle Shim’on Kefa en Yoganan na hulle toe gestuur.
15 Húlle het afgegaan en vir hulle gebid sodat hulle die Gees wat Afgesonderd is, kan
ontvang,
16 want Hy het toe nog op niemand van hulle geval nie, maar hulle was net gedoop in
die Karakter en Outoriteit van ons Meester, Yeshua.
17 Hulle het toe die hande op hulle gelê en hulle het die Gees wat Afgesonderd is,
ontvang.
18 Toe Shim’on sien dat, deur die handoplegging van die afgevaardigdes, die Gees
wat Afgesonderd is gegee word, het hy vir hulle geld gebring
19 en gesê: “Gee vir my ook hierdie outoriteit sodat as ek iemand die hande oplê, hulle
die Gees wat Afgesonderd is, kan ontvang.”
20 Shim’on Kefa sê vir hom: “Jou geld sal saam met jou na die vernietiging gaan omdat
jy gedink het dat jy die geskenk van God met wêreldse besittings kan verkry.
21 Jy het geen deel of breukdeel aan hierdie vertroue nie, want jou verstand, wil en
emosie is nie opreg voor God nie.
22 Draai weg van hierdie boosheid van jou en vra van God en miskien sal Hy jou die
valsheid van jou verstand, wil en emosie vergewe,

23 want ek sien dat jy in ’n woede van bitterheid en bande van boosheid is.”
24 Shim’on het geantwoord en gesê: “Bid julle tot God vir my sodat niks van wat julle gesê het, oor my mag kom nie.”
25 Nadat Shim’on Kefa en Yoganan getuig en die boodskap van God verkondig het, het hulle na Yerushalayim teruggegaan en die goeie boodskap in baie dorpe van Shomron verkondig.
26 ’n Boodskapper van יהוה het met Filippos gepraat en gesê: “Staan op en gaan na die suide, op die stil pad wat afloop van Yerushalayim na `Azah.”
27 Hy het opgestaan, gegaan en ’n gelowige van Kush, ’n staatsamptenaar met baie outoriteit, wat oor al Khandakh, die koningin van die Kushiete, se skatte was en wat na Yerushalayim gekom het om te aanbid, ontmoet.
28 Hy was op pad terug en het op sy wa gesit en die profeet Yesha’yahu gelees.
29 Toe sê die Gees vir Filippos: “Gaan na die wa toe en bly by hom.”
30 Toe hy naderkom hoor hy wat hy in die profeet Yesha’yahu lees en hy sê vir hom: “Verstaan u dit wat u lees?”
31 Hy antwoord: “Hoe kan ek verstaan as iemand my nie leer nie?” Toe nooi hy Filippos om op te klim en by hom te kom sit.
32 Die gedeelte van die Skrif wat hy besig was om te lees, was dít: ‘Hy is soos ’n lam wat gelei word om geslag te word en soos ’n skaapooi wat stom is voor die een wat hom skeer, so maak Hy Sy mond nie oop nie.
33 In Sy vernedering in gevangenis is Hy regverdige oordeel ontneem en wie sal vertel van Sy tyd, want Sy lewe word van die aarde af weggevat?’ Yes 53:7-8
34 Die gelowige antwoord en sê vir Filippos: “Ek smeek u, van wie sê die profeet dit, van homself of van iemand anders?”
35 Filippos het sy mond oopgemaak en van hierdie Skrif af begin en ons Meester, Yeshua, aan hom verkondig.
36 Terwyl hulle op pad is, kom hulle by water en die staatsamptenaar sê vir hom: “Let op, daar is water, wat verhinder my om gedoop te word?”
37 *[Hierdie vers is nie in die Khabouris Oosterse Aramese Manuskripte of die oudste Griekse manuskripte nie]*
38 Hy het beveel dat die wa moes stilhou en hulle altwee, Filippos en die staatsamptenaar, het in die water afgeklim en hy is gedoop.
39 Toe hulle uit die water uit opklim, het die Gees van יהוה vir Filippos weggevat en die staatsamptenaar het hom nie meer gesien nie, maar hy het met blydskap verder gereis.
40 Filippos is egter in Ashdod gekry en hy het van daar af gereis en in al die stede verkondig totdat hy in Kaisareia gekom het.

9 1 Sha’ul, wat steeds dreigemente en moord geblaas het teen die studentevolgelinge van ons Meester,
2 het van die hoofpriester briewe gevra aan die bymekaarkomplekke in Dammesek sodat, as hy mense sou kry wat van die Weg was, manne, sowel as vroue, hy hulle vasgebind na Yerushalayim kon bring.

3 Op die pad, naby Dammesek, is hy skielik omring met 'n helder lig vanuit die hemel.
4 Hy val op die grond neer en hoor 'n stem vir hom sê: "Sha'ul, Sha'ul, waarom vervolg jy My? Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop."
5 Hy sê: "Wie is U, my Meester?" Ons Meester antwoord: [Eks 3:14] "Ek is onveranderlik dieselfde, Yeshua van Natzeret, wat jy vervolg."
6 "Staan op en gaan in die stad in en daar sal vir jou gesê word wat jy moet doen."
7 Die manne wat saam met hom gereis het, het sprakeloos gestaan terwyl hulle wel die stem hoor, maar niemand sien nie.
8 Toe staan Sha'ul van die grond af op en maak sy oë oop, maar hy kon niks sien nie en hulle het hom aan die hand gelei en in Dammesek ingebring.
9 Vir drie dae het hy niks gesien en niks geëet of gedrink nie.
10 Daar was 'n sekere studentevolgeling in Dammesek met die naam van Gananyah en Die Meester het vir hom in 'n visioen gesê: "Gananyah!" Hy antwoord: "Dit is ek, my Meester."
11 Ons Meester sê vir hom: "Staan op en gaan na die straat wat genoem word Reguitstraat en doen navraag in die huis van Y'hudah, na 'n man van Tarsus met die naam van Sha'ul, want let op, hy bid.
12 Hy sien in 'n visioen 'n man met die naam van Gananyah inkom, wat hom die hande oplê sodat hy weer kan sien."
13 Gananyah antwoord: "My Meester, ek het van baie mense aangaande hierdie man gehoor, hoeveel boosheid hy aan die afgesonderdes in Yerushalayim gedoen het
14 en let op, ook hier het hy outoriteit van die leierpriesters om almal te vang wat hulle beroep op U Karakter en Outoriteit."
15 Die Meester sê vir hom: "Staan op en gaan, want hy is vir My 'n gekose instrument om My Karakter en Outoriteit te neem voor nasies, konings, asook die seuns van Yisra'el,
16 want Ek sal hom wys hoeveel hy vir My Karakter en Outoriteit moet ly."
17 Toe het Gananyah gegaan en in die huis gekom en hom die hande opgelê en gesê: "Sha'ul, my broer, ons Meester, Yeshua, Hy wat aan jou verskyn het op die pad toe jy gekom het, het my gestuur sodat jou oë oopgemaak kan word en jy met die Gees wat Afgesonderd is, gevul kan word."
18 Dadelik het daar iets soos skubbe van sy oë afgeval en hy kon onmiddellik sien en hy het opgestaan en is gedoop.
19 Nadat hy geëet het, het hy weer sterk geword en Sha'ul was 'n paar dae saam met die studentevolgelinge in Dammesek.
20 Hy het dadelik in die bymekaarkomplekke van die Jode verkondig aangaande Yeshua, dat Hy die Seun van God is
21 en almal wat hom gehoor het, was verstom en het gesê: "Is hy nie die man wat in Yerushalayim dié wat hierdie Karakter en Outoriteit aanroep vervolg het en hierheen gekom het met die doel om hulle vasgebind na die leierpriesters te bring nie?"
22 Sha'ul het al kragtiger geword en die Jode wat in Dammesek bly, verontrus deur te bewys dat hierdie Een dié Gesalfde Een is,
23 maar ná 'n geruime tyd het die Jode beraadslaag om hom dood te maak.

24 Hulle plan wat hulle aan hom wou doen is aan Sha'ul gewys. Hulle het die poorte dag en nag opgepas sodat hulle hom kon doodmaak.
25 Toe het die studentevolgelinge hom gevat en in die nag in 'n mandjie vanaf die muur laat afsak.
26 Hy het aangegaan na Yerushalayim en by die studentevolgelinge probeer aansluit, maar almal was bang vir hom en het nie vertrou dat hy 'n studentevolgeling was nie.
27 Bar-Nabba het hom gevat en na die afgevaardigdes gebring en aan hulle vertel presies hoe Die Meester op die pad aan hom verskyn en met hom gepraat het en hoe hy in Dammesek vrymoediglik in die Karakter en Outoriteit van Yeshua gepraat het.
28 Hy het saam met hulle in en uit Yerushalayim gegaan
29 en vrymoediglik in die Karakter en Outoriteit van Yeshua gepraat en ook met die Griekssprekende Jode gedebatteer, maar hulle het probeer om hom dood te maak.
30 Toe die broers dit agterkom, het hulle hom in die nag na Kaisareia gevat en hom weggestuur na Tarsus toe.
31 Hierna het die gemeentes deur die hele Y'hudah, die Galila en Shomron vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid gehad en is opgebou. Hulle het voortgegaan in die respekvolle vrees van יהוה en het gegroei in die ondersteuning van die Gees wat Afgesonderd is.
32 Toe Shim'on oral rondgegaan het, het hy ook gekom by die afgesonderdes wat in Lud bly
33 en het 'n sekere man daar gekry met die naam van Aeneas, wat verlam en reeds agt jaar lank bedlêend was.
34 Shim'on sê vir hom: "Aeneas (geteisterde), Yeshua, dié Gesalfde Een, maak jou gesond; staan op en maak jou bed reg!" Hy het onmiddellik opgestaan
35 en al die inwoners van Lud en die Sharon het gesien en hulle het omgedraai na God toe.
36 In Yafo was daar 'n studentevolgeling met die naam van Tavita, wat ryk was in omgee vir ander en van goeie dade wat sy gedoen het,
37 maar in dié dae het sy siek geword en is dood en hulle het haar gewas en in 'n boonste vertrek neergelê.
38 Lud is langs Yafo en die studentevolgelinge het gehoor dat Shim'on daar was en het twee manne na hom toe gestuur wat hom moes smeek om sonder uitstel na hulle toe te kom.
39 Shim'on het opgestaan en saam met hulle gegaan. Toe hy daar kom, bring hulle hom in die boonste vertrek en al die weduwees kom by hom staan en huil en wys hom die jasse en klere wat Tavita vir hulle gemaak het toe sy nog by hulle was.
40 Shim'on het almal buitentoe gestuur, gekniel en gebid en hy het hom na die liggaam gedraai en gesê: "Tavita, staan op!" Sy het haar oë oopgemaak, vir Shim'on gesien en regop gesit.
41 Hy gee haar sy hand en laat haar opstaan. Daarop roep hy die afgesonderdes en die weduwees en gee haar lewendig vir hulle
42 en dit het bekend geword in die hele stad en baie het in ons Meester vertrou.
43 Hy het 'n geruime tyd by 'n sekere Shim'on, 'n leerlooier, in Yafo gebly.

10 1 Daar was in Kaisareia 'n sekere man met die naam van Kornelios, 'n kaptein oor honderd van die leërafdeling wat 'Italiaans' genoem is.
2 Saam met sy hele huis was hy onpartydig opreg en het God aanbid en het baie deur omgee gesorg vir die mense en het altyddeur leiding van God gevra.
3 Hy het in 'n gesig omtrent drie-uur die middag duidelik 'n boodskapper van God na hom toe sien kom wat vir hom sê: "Kornelios!"
4 Hy het die oë baie bang op hom gehou en gesê: "Wat is dit, my meester?" Toe antwoord hy hom: "Jou gebede en jou dade van omgee het voor God in herinnering gekom.
5 Stuur dan nou manne na Yafo en laat vir Shim'on haal, wat ook Kefa genoem word.
6 Let op, hy bly by 'n sekere Shim'on, 'n leerlooier, wie se huis by die see is. Hy sal jou sê wat jy moet doen."
7 Toe die boodskapper wat met Kornelios gepraat het, weg is, roep hy twee van sy huisbediendes en 'n toegewyde soldaat wat met hom saamgestem het
8 en vertel hulle alles wat hy gesien het en stuur hulle na Yafo.
9 Die volgende dag terwyl hulle op pad was, naby die stad, het Shim'on omtrent twaalfuur die middag op die dak geklim om te bid
10 en hy het honger geword en wou eet en terwyl dit vir hom voorberei is, het daar 'n geesvervoering oor hom gekom:
11 hy sien die hemel oopgemaak en 'n voorwerp soos 'n groot laken na hom toe afkom, wat aan die vier hoeke vasgebind is en op die aarde laat sak word.
12 Daarin was al die viervoetige diere van die aarde, kruipende diere en die voëls van die hemel
13 en daar kom 'n stem na hom toe: "Staan op, Shim'on, slag en eet!"
14 Shim'on sê: "Nooit nie, my Meester, want ek het nog nooit iets vuils of onreins geëet nie."
15 Weer het die stem vir die tweede keer na hom gekom: "Wat God rein gemaak het, mag jy nie vuil ag nie."
16 Dit het drie maal gebeur en die voorwerp is weer in die hemel in opgevat.
17 Terwyl Shim'on nog by homself gewonder het oor wat die visioen, wat hy gesien het, kon beteken, het die manne wat deur Kornelios gestuur is, gearriveer, verneem na die huis van Shim'on en by die hek gaan staan.
18 Hulle het geroep en gevra of Shim'on, wat ook Kefa genoem word, daar bly.
19 Terwyl Kefa nadink oor die visioen, sê die Gees vir hom: "Let op, daar is drie manne wat jou soek.
20 Staan op, klim af en gaan saam met hulle sonder om te twyfel, want dit is Ek wat hulle gestuur het."
21 Toe het Shim'on na die manne toe afgeklim en gesê: "Dit is ek wat julle soek. Hoekom het julle gekom?"
22 Hulle sê vir hom: "Kornelios, 'n kaptein oor honderd, 'n goeie en Godvresende man, wat 'n goeie naam het by al die Jode, het 'n openbaring ontvang deur 'n afgesonderde boodskapper, om u te laat haal na sy huis toe, om te hoor wat u sal sê."

23 Shim'on het hulle ingenooi en onthaal waar hy gebly het en die volgende dag het Kefa saam met hulle gegaan en sekere van die broers uit Yafo het saam met hom gegaan.
24 Die dag daarna het hulle in Kaisareia aangekom waar Kornelios hulle verwag het terwyl sy familie en goeie vriende by hom bymekaar was.
25 Toe Shim'on inkom, het Kornelios hom tegemoetgegaan en aan sy voete neergeval uit eerbetoning,
26 maar Shim'on het hom opgetel en gesê: "Staan op, ek is self ook net 'n mens."
27 Terwyl hy met hom praat, gaan hy in en kry baie wat bymekaargekom het
28 en hy sê vir hulle: "Julle weet dat dit nie toegelaat word vir 'n Joodse man om met iemand van 'n ander volk te assosieer of om hom te besoek nie, maar God het my gewys dat ek geen mens vuil of onrein mag noem nie,
29 ek het daarom, toe ek geroep is, dadelik gekom. Ek vra dan om watter rede julle my laat roep het."
30 Kornelios sê: "Vier dae gelede, omtrent hierdie uur, was ek besig om te vas en drie-uur die middag het ek in my huis gebid en skielik staan daar 'n man voor my in wit klere
31 en sê: 'Kornelios, jou gebed is gehoor en jou dade van omgee is voor God in herinnering gebring.
32 Stuur dan na Yafo en laat Shim'on, wat ook Kefa genoem word, haal. Hy bly in die huis van Shim'on, 'n leerlooier, naby die see; as hy kom, sal hy met jou praat.'
33 Ek het onmiddellik na u gestuur en u het goed gedoen om te kom. Let op, ons is almal voor u om alles te hoor wat van die Teenwoordigheid van God aan u beveel is."
34 Shim'on het sy mond oopgemaak en gesê: "In waarheid verstaan ek dat God geen aannemer van die persoon is nie,
35 maar dat in elke nasie dié een wat Hom vrees en onpartydig opreg is, aanvaarbaar is vir Hom. [Open 5:9]
36 Dít is die boodskap wat Hy, wat Die Meester van almal is, aan die seuns van Yisra'el gestuur het toe Hy die goeie nuus van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid en rus verkondig het deur Yeshua, Die Gesalfde Een.
37 Julle ken die boodskap wat in die hele Y'hudah was, wat vanuit die Galila begin het, ná die doop wat Yoganan verkondig het,
38 aangaande Yeshua van Natzeret, wat God gesalf het met die Gees wat Afgesonderd is en met krag. Hy het rondgegaan en almal wat deur die Bose een onderdruk was, genees omdat God in Hom was.
39 Ons is getuies van alles wat Hy gedoen het in die gebied van Y'hudah en in Yerushalayim; hulle het Hom vermoor deur Hom aan 'n hout op te hang. [Deut 21:23]
40 God het Hom op die derde dag laat opstaan en gegee dat Hy openlik verskyn,
41 nie aan al die mense nie, maar aan ons wat vooraf deur God as Sy getuies gekies is, aan ons wat saam met Hom geëet en gedrink het nadat Hy uit die dood uit opgestaan het.
42 Hy het ons beveel om aan die mense te verkondig en te getuig dat dit Hy is wat deur God aangestel is as Regter van wat lewe en wat dood is.

43 Van Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom vertrou, vergifnis van sondes deur Sy Karakter en Outoriteit sal ontvang.”

44 Terwyl Shim’on besig was om te praat, het die Gees wat Afgesonderd is op almal wat die boodskap gehoor het, gekom

45 en die broers vanuit die besnydenis, wat saam met Shim’on gekom het, was verstom en verbaas dat die geskenk van die Gees wat Afgesonderd is ook oor die ander nasies uitgestort is,

46 want hulle het gehoor hoe hulle in verskillende tale praat en God grootmaak en Shim’on sê:

47 “Niemand kan die water keer dat hierdie mense, wat net soos ons die Gees wat Afgesonderd is, ontvang het, gedoop word nie.”

48 Toe het hy beveel dat hulle gedoop moet word in die Karakter en Outoriteit van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een. Hulle het hom toe gevra om nog ’n paar dae te bly.

11 1 Die Afgevaardigdes en die broers wat in Y’hudah was, het gehoor dat die ander nasies ook die boodskap van God aanvaar het

2 en toe Shim’on opgaan na Yerushalayim, het die wat uit ‘die besnydenis groep’ was, hom teëgestaan

3 en gesê: “Jy het in die teenwoordigheid van onbesnede manne ingegaan en saam met hulle geëet.”

4 Shim’on het tussenbeide getree en vir hulle gesê:

5 “Toe ek in die stad Yafo in gebed was, het ek in ’n visioen ’n voorwerp, soos ’n groot laken, uit die hemel sien neerdaal, wat aan die vier hoeke uit die hemel afgesak het en dit het tot by my gekom.

6 Ek het daarna gekyk en diere daarin gesien; viervoetige diere van die aarde, kruipende diere en die voëls van die hemel

7 en ek het ’n stem vir my hoor sê: ‘Shim’on, staan op en eet!’

8 Ek het geantwoord: ‘Nooit nie, my Meester, want ek het nog nooit iets vuils of onrein geëet nie.’

9 Die stem het weer uit die hemel geantwoord: ‘Wat God rein gemaak het, mag jy nie vuil ag nie.’

10 Dit het drie maal gebeur en alles is weer opgetrek in die hemel in

11 en dadelik sien ek drie manne, wat van Kaisareia af na my toe gestuur is, voor die ingang staan waar ek gebly het.

12 Die Gees het vir my gesê dat ek saam met hulle moes gaan sonder om te twyfel. Hierdie ses broers het ook saam met my gegaan en ons het in die man se huis ingegaan

13 en hy het aan ons verduidelik hoe die boodskapper in sy huis verskyn en vir hom gesê het: ‘Stuur manne na Yafo en laat vir Shim’on haal, wat ook Kefa genoem word,

14 wat vir jou woorde sal bring waardeur jy en jou hele huis lewe sal ontvang.’

15 Terwyl ek daar besig was om te praat, het die Gees wat Afgesonderd is op hulle gekom net soos in die begin op ons

16 en ek is herinner aan die woord van die Meester, dat Hy gesê het: ‘Yoganan het met water gedoop, maar julle sal met die Gees wat Afgesonderd is gedoop word.’
17 As God daarom aan hulle, wat in die Meester Yeshua, dié Gesalfde Een, vertrou het, dieselfde geskenk gegee het soos aan ons, wie was ek dan, dat ek God kon keer?”
18 Toe hulle dit hoor, was hulle stil en het eer, lof en aanbidding aan God gebring en gesê: “Miskien het God ook aan die ander nasies die erkenning, belydenis en wegdraai van sonde na God toe, tot die lewe, gegee.”
19 Die wat verstrooi was, deur die vervolging wat na Stefanos ontstaan het, het Foinike bereik, asook die streek van Kupros en Antiogeia, sonder om aan iemand die boodskap te bring, behalwe tot die Jode alleen,
20 maar daar was sommige van hulle, manne van Kupros en Kurene, wat in Antiogeia gekom het en met die Grieke gepraat het en aangaande ons Meester Yeshua verkondig het
21 en die hand van יהוה was met hulle en ’n groot getal het vertrou en het omgedraai na יהוה toe.
22 Toe die boodskap hiervan die gemeente, wat in Yerushalayim was, se ore bereik, het hulle Bar-Nabba afgestuur na Antiogeia.
23 Toe hy daar kom en die onverdiende guns van God sien, was hy verheug en het almal aangemoedig om met hulle hele verstand, wil en emosie aan ons Meester vas te hou,
24 want hy was ’n goeie man, vol vertroue en van die Gees wat Afgesonderd is en baie mense is by ons Meester bygevoeg.
25 Hy het na Tarsus vertrek om Sha’ul te soek
26 en toe hy hom kry, het hy hom saam met hom na Antiogeia gebring en hulle het ’n hele jaar lank as een saam in die gemeente bymekaargekom en baie mense geleer en die studentevolgelinge is in Antiogeia vir die eerste keer ‘volgelinge van dié Gesalfde Een’ genoem.
27 In dié dae het daar profete van Yerushalayim na Antiogeia afgekom
28 en een van hulle met die naam van Agav het opgestaan en deur die Gees te kenne gegee dat daar ’n groot hongersnood oor die hele land sou kom, wat ook gebeur het onder keiser Klaudios.
29 Die studentevolgelinge het besluit dat elkeen van hulle na sy vermoë iets sou stuur tot versorging van die broers wat in Y’hudah bly,
30 wat hulle deur die hande van Bar-Nabba en Sha’ul, aan die oudstes gestuur het.

## 12

1 In daardie tyd het koning Herodes, wat die bynaam Agrippus gehad het, sy hande aan mense uit die gemeente geslaan om hulle kwaad aan te doen.
2 Hy het Ya’akov, die broer van Yoganan, met die swaard vermoor
3 en toe hy sien dat dit die Jode tevrede stel, het hy verder ook vir Shim’on Kefa gevang, maar dit was die ‘Dae van Ongesuurde Brood’.
4 Hy het hom gearresteer en hom in die tronk gesit en oorgegee aan sestien soldate, om wag te hou oor hom, om hom ná die Pesagfees aan die mense van Y’hudah oor te lewer.

5 Terwyl Shim’on in die tronk bewaak is, het die gemeente sonder ophou tot God vir hom gebid.

6 Die nag, voor sonsopkoms, voordat Herodes hom wou oorgee, het Shim’on tussen twee soldate geslaap, met twee kettings vasgemaak en ander het voor die deur wag gestaan.

7 Daar staan ’n boodskapper van יהוה by hom en ’n lig skyn in die hele plek en hy stamp hom in die sy, maak hom wakker en sê: “Staan vinnig op.” Die kettings het van sy hande afgeval.

8 Die boodskapper sê vir hom: “Bind jou gordel vas en trek jou sandale aan!” Hy het dit gedoen. Verder sê hy vir hom: “Gooi jou bo-kleed om en volg my!”

9 Hy het uitgegaan en hom gevolg, maar hy het nie geweet dat wat deur die boodskapper gebeur het, regtig was nie, maar hy het gedink dat hy ’n visioen sien.

10 Toe hulle by die eerste en die tweede wag verbygegaan het, kom hulle by die ysterhek en dit het vanself vir hulle oopgegaan. Hulle het buitekant gekom, een straat ver gegaan en skielik het die boodskapper van hom af weggegaan.

11 Toe besef Shim’on en sê: “Nou weet ek in waarheid dat יהוה Sy boodskapper gestuur en my gered het uit die hand van koning Herodes en uit dit wat die manne van Y’hudah teen my beplan het.”

12 Terwyl hy dit oordink, kom hy by die huis van Miryam, die moeder van Yoganan, wat ook Markos genoem word, waar baie in gebed bymekaar was.

13 Hy het aan die buitedeur geklop; ’n diensmeisie met die naam van Rhode het gegaan om dit te antwoord

14 en sy het die stem van Shim’on herken en in haar blydskap nie die deur oopgemaak nie, maar na binne gehardloop en aangekondig dat Shim’on voor die deur staan.

15 Hulle sê egter vir haar: “Jy is deurmekaar,” maar sy het volhard dat dit so is. Daarop sê hulle: “Miskien is dit sy boodskapper.”

16 Shim’on het aangehou met klop en toe hulle oopmaak, sien hulle hom en was verwonderd teenoor mekaar.

17 Hy het ingekom en vir hulle met die hand gewys om stil te bly en aan hulle vertel hoe יהוה hom uit die tronk uitgebring het en hy sê: “Vertel dit aan Ya’akov en die broers.” Hy het uitgegaan na ’n ander plek toe.

18 Toe dit oggend was, was daar ’n groot oproer onder die soldate oor wat van Shim’on geword het!

19 Toe Herodes hom gesoek en nie gekry het nie, het hy die wagte veroordeel, beveel dat hulle doodgemaak moes word en hy het van Y’hudah na Kaisareia gegaan en daar gebly.

20 Omdat hy in vyandskap was met die mense van Tzor en Tzidon, het hulle saamgespan en na hom toe gekom en nadat hulle Blastos, die koning se hofdienaar, omgepraat het, vrede gevra omdat hulle land voorsiening uit die koning s’n ontvang het.

21 Op ’n bepaalde dag het Herodes ’n koninklike kleed aangetrek en op die regstroon gaan sit en met die skare gepraat,

22 maar al die mense het uitgeroep en gesê: “’n Stem van ’n god en nie van ’n mens nie!”

23 Omdat hy nie die eer, lof en aanbidding aan God gegee het nie, het ’n boodskapper van יהוה hom onmiddellik geslaan en hy is deur wurms opgeëet en is dood,
24 maar die goeie boodskap van God is verkondig en het gegroei.
25 Bar-Nabba en Sha’ul het vanaf Yerushalayim teruggekeer na Antiogeia nadat hulle hul dienswerk voltooi het en hulle het Yoganan saamgevat, wat ook Markos genoem word.

13 1 Daar was in die plaaslike gemeente in Antiogeia sekere profete en leraars, naamlik Bar-Nabba, Shim’on (wat Swart genoem word), Loukios (van Kurene), Menagem (seun van hulle wat Herodes, die heerser oor vier streke, grootgemaak het) en Sha’ul.
2 Terwyl hulle besig was om God te aanbid en te vas, het die Gees wat Afgesonderd is vir hulle gesê: “Sonder Bar-Nabba en Sha’ul vir My af vir die werk waarvoor Ek hulle geroep het.”
3 Nadat hulle gevas, gebid en hulle die hande opgelê het, het hulle hul uitgestuur.
4 Hulle het, nadat hulle deur die Gees wat Afgesonderd is, uitgestuur is, afgegaan na Seleukeia en daarvandaan op die see gevaar na Kupros.
5 Toe hulle in Salamis gekom het, het hulle die boodskap van ons Meester in die bymekaarkomplekke van die Jode verkondig en Yoganan het hulle bedien.
6 Hulle het die eiland deurkruis tot by Pafos en ’n towenaar gevind, ’n valse profeet, ’n Jood met die naam van Bar-Y’hoshua. (Ar. Bar-Shuma).
7 Hy was by die goewerneur Sergios Paulos, ’n verstandige man. Dié het Bar-Nabba en Sha’ul laat roep en het begeer om die boodskap van God te hoor,
8 maar hierdie towenaar, Bar-Shuma, wie se naam vertaal word as Elumas (Gr.), het hulle teëgestaan, want hy wou die goewerneur wegdraai van die geloof.
9 Sha’ul, wat ook Paulos genoem is, vol van die Gees wat Afgesonderd is, het stip na hom gekyk
10 en gesê: “O, een vol van alle misleiding en alle boosheid, seun van die lasteraar (aanklaer) en vyand van alle onpartydige opregtheid, sal jy nie ophou om die reguit paaie van יהוה te verdraai nie?
11 Die hand van יהוה is nou op jou en jy sal blind wees en die son vir ’n tyd lank nie sien nie.” Onmiddellik het daar donkerte en duisternis op hom geval en hy het rondgeloop en gesoek na iemand wat hom aan die hand kon lei.
12 Toe die goewerneur dan sien wat daar gebeur het, was hy verstom en het vertrou in die leer van יהוה,
13 maar Sha’ul en Bar-Nabba het weggevaar van Pafos en by Perge in Pamfulia gekom. Yoganan Markos het hulle verlaat en na Yerushalayim teruggegaan,
14 maar hulle het van Perge af verder gegaan en in Antiogeia in Pisidia gekom en hulle het op die Shabbat in die bymekaarkomplek ingegaan en gaan sit.
15 Ná die lees van die wet en die profete het die oudstes van die bymekaarkomplek na hulle gestuur en gesê: “Broers, as julle ’n boodskap van ondersteuning het, praat met die mense!”
16 Toe staan Sha’ul op, wink met die hand en sê: “Manne van Yisra’el en julle wat God aanbid, luister!

17 Die God van hierdie mense het ons vaders gekies en die mense opgelig en vermeerder toe hulle vreemdelinge in Mitzrayim was en hulle met ’n verhewe arm daar uitgelei. [Eks 6:6; 12:51]
18 Hy het hulle veertig jaar [Num 14:33,34] in die wildernis versorg
19 en Hy het sewe nasies in die land Kena’an uitgewis [Deut 7:1] en hulle land aan hulle gegee as erfenis.
20 Vir vier honderd en vyftig jaar lank het Hy vir hulle regters gegee [Rig 2:16] tot by Sh’mu’el, die profeet.
21 Hierna het hulle gevra vir ’n koning en God het vir hulle Sha’ul, die seun van Kish, ’n man uit die stam van Binyamin, vir veertig jaar lank gegee.
22 Hy het hom verwyder en Hy het Dawid vir hulle opgelig as koning, van wie Hy ook gesê en getuig het: “Ek het Dawid, die seun van Yishai, ’n man na My gedagtes en wil gevind, wat My begeertes sal doen. [1 Sh’m 13:14; Ps 89:21]
23 Uit die nageslag van hierdie man het God, volgens die belofte, Yeshua as Verlosser laat opstaan vir Yisra’el. [Yes 11:1-4; Yir 23:5,6; Ps 89:4,5]
24 Hy het Yoganan gestuur om, voor Sy koms, die doop van berou oor sonde en omdraai na God aan al die mense van Yisra’el te verkondig
25 en toe Yoganan aan die einde van sy bediening gekom het, het hy gesê: ‘Wie dink julle is ek? Ek is dit nie, maar kyk, Hy kom ná my, Wie se sandaalbande ek nie waardig is om los te maak nie.’ [Mat 3:11]
26 Broers, seuns van die geslag van Avraham en dié wat God saam met julle aanbid; vir julle is hierdie boodskap van lewe gestuur,
27 want die inwoners van Yerushalayim en hulle leiers het Hom nie herken nie en ook nie die skrifte van die profete wat elke Shabbat gelees word nie, maar hulle het Hom veroordeel en so dit wat geskryf is, vervul.
28 Alhoewel hulle niks gekry het wat die dood verdien nie, het hulle van Pilatos gevra dat Hy doodgemaak moes word.
29 Toe hulle alles vervul het wat oor Hom geskrywe is, het hulle Hom van die kruishout afgehaal [Deut 21:23] en in ’n graf gesit,
30 maar God het Hom uit die graf uit laat opstaan
31 en gedurende baie dae het Hy verskyn aan die wat saam met Hom opgegaan het vanaf die Galila na Yerushalayim en hulle is nou Sy getuies by die mense.
32 Ons bring ook vir julle die goeie boodskap: dat die belofte wat aan ons vaders gedoen is,
33 let op, deur God aan ons, hulle seuns, vervul is, deur Yeshua te laat opstaan, soos daar ook in die tweede psalm geskrywe is: ‘U is My Seun, vandag het Ek U voortgebring.’ [Ps 2:7; Heb 1:5; Heb 5:5]
34 So het God Hom laat opstaan uit die graf sodat Hy nie meer tot verderwing sou terugkeer nie; soos dit sê: ‘Ek sal aan julle gee die onverdiende guns van die getroue Dawid.’ [Yes 55:3]
35 Weer sê Hy op ’n ander plek: [Ps 16:10] ‘U sal U Reine nie gee om verderwing te sien nie,’
36 want nadat Dawid sy eie geslag volgens die raad van God gedien het, is hy dood en is hy by sy vaders weggelê en het verderwing gesien,

37 maar Hy wat deur God opgewek is, het geen verderwing gesien nie;
38 daarom moet julle weet, broers, dat deur hierdie Man, die bevryding van sondes aan julle verkondig word
39 en dat elkeen wat vertrou, deur Hom onskuldig verklaar word van alles waarvan julle deur die wet van Mosheh nie onskuldig verklaar kon word nie.
40 Wees dan versigtig dat dit wat die profete gesê het nie oor julle kom nie:
41 Hav 1:5 'Let op, julle bespotters en wees verwonderd en word vernietig, want Ek gaan iets in julle tyd doen, iets wat julle sekerlik nie sal glo as iemand julle dit vertel nie'."
42 Toe hulle van hul af weggaan, het hulle wat van ander nasies is hulle gevra dat hulle die volgende Shabbat hierdie boodskap by hulle sou bring.
43 Toe die bymekaarkoms verby was, het baie van die Jode en vreemdelinge, wat aanbidders van God was, saam met Sha'ul en Bar-Nabba gegaan. Dié het met hulle gepraat en hulle oortuig om in die onverdiende guns van God te bly.
44 Die volgende Shabbat het die hele stad saamgekom om die boodskap van God te hoor,
45 maar toe die Jode die skare mense sien, is hulle met woede vervul en het met bose woorde weerspreek wat deur Sha'ul gesê is.
46 Sha'ul en Bar-Nabba het reguit, openlik, gepraat en gesê: "Dit was noodsaaklik dat die boodskap van God eerste aan julle verkondig moes word, maar julle het dit verwerp en teen julleself besluit dat julle nie die ewige lewe werd is nie. Let op, ons draai na die ander nasies toe,
47 want so het ons Meester ons beveel, soos dit geskryf is: 'Ek het U 'n Lig vir die nasies gemaak, om tot lewe te wees tot aan die eindes van die aarde'." Yes 49:6
48 Toe dié van ander nasies dit hoor, was hulle verheug en hulle het God geloof, geëer en aanbid en almal wat gevestig was tot die ewige lewe, het vertrou.
49 Die boodskap van יהוה is deur die hele streek versprei,
50 maar die Jode het die belangrike manne en die gesiene godsdienstige vroue van die stad opgesweep en teen Sha'ul en Bar-Nabba 'n vervolging begin en hulle uit hul gebied verdryf.
51 Toe hulle weggaan, het hulle die stof van hulle voete teen hulle afgeskud en na Ikónion gegaan.
52 Die studentevolgelinge is vervul met blydskap en met die Gees wat Afgesonderd is.

14 1 Daar aangekom, het hulle in die bymekaarkomplek van die Jode ingegaan en so gepraat dat baie Jode, sowel as Grieke, vertrou het,
2 maar die ongelowige Jode het die manne van ander nasies teen die broers opgestook om hulle kwaad aan te doen.
3 Hulle het 'n lang tyd daar gebly en vrymoediglik in die openbaar aangaande יהוה gepraat en Hy het, deur tekens en wonders deur hulle hande te doen, getuienis gegee aangaande die boodskap van Sy onverdiende guns.
4 Die mense van die stad was egter verdeeld; sommige saam met die Jode en ander saam met die afgevaardigdes.

5 Daar was egter ’n besluit van húlle van die ander nasies en ook die Jode, saam met hulle leiers, om hulle aan te val en met klippe te stenig.

6 Toe hulle dit te wete kom, het hulle na die stede van Lukaonia: Lustra, Derbe en die dorpies rondom, gevlug.

7 Daar het hulle die goeie boodskap verkondig.

8 In Lustra het daar ’n sekere man gesit wat nie sy voete kon gebruik nie. Kreupel van geboorte af, het hy nog nooit geloop nie.

9 Hy het geluister terwyl Sha’ul praat en Sha’ul het hom stip dopgehou en, toe hy sien dat hy die vertroue het om lewe te ontvang,

10 met ’n harde stem vir hom gesê: “Vir jou sê ek in die Karakter en Outoriteit van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, staan regop op jou voete!” Hy het opgespring en rondgeloop,

11 maar toe die mense sien wat Sha’ul gedoen het, verhef hulle hul stem en sê in die taal van die land: “Die gode het soos mense geword en afgekom na ons toe.”

12 Hulle het vir Bar-Nabba, meester van die gode genoem en vir Sha’ul, Hermes omdat hy die boodskapper was.

13 Die priester van ‘die meester van die gode,’ wie se tempel buite hulle stad was, het bulle en sierkranse na die poorte gebring en wou ’n offer aan hulle bring,

14 maar toe die afgevaardigdes, Bar-Nabba en Sha’ul, dit hoor, het hulle hul klere geskeur en onder die mense ingehardloop, uitgeroep

15 en gesê: “Manne, waarom doen julle hierdie dinge? Ons is net sulke mense wat kan ly soos julle en ons verkondig die goeie boodskap dat julle jul van hierdie nuttelose dinge moet wegdraai na die Lewende God, wat die hemel, die aarde, die see en alles wat daarin is, gemaak het. [Gen 1:1; Ps 146:6]

16 Hy het in die geslagte wat verby is, al die nasies gelos om op hulle eie paaie te loop

17 terwyl Hy Homself nie sonder getuienis gelaat het nie, deur baie te doen: van die hemel af vir ons reën en vrugbare tye te gee en ons verstand, wil en emosie te vul met vreugde en vrolikheid.”

18 Selfs met hierdie woorde het hulle met moeite die mense verhinder om aan hulle te offer,

19 maar daar het Jode vanaf Antiogeia en Ikonion gekom en hulle het, nadat hulle die skare omgepraat het, Sha’ul gestenig en hom buite die stad gesleep, met die gedagte dat hy dood is.

20 Toe die studentevolgelinge egter rondom hom kom staan, het hy opgestaan en in die stad ingegaan en die volgende dag saam met Bar-Nabba na Derbe vertrek.

21 Terwyl Sha’ul-hulle die goeie nuus verkondig het aan die mense in daardie stad, het hulle baie studentevolgelinge geleer en hulle het teruggegaan na Lustra, Ikonion en Antiogeia,

22 die gees van die studentevolgelinge daar versterk en hulle opgeroep om te volhard in vertroue deur te sê: “Dit is nodig om deur baie vervolging in die Koninkryk van God in te gaan.”

23 Hulle het in elke gemeente vir hulle oudstes gekies terwyl hulle saam met hulle gebid en gevas het en hulle opgedra het aan ons Meester in Wie hulle vertrou het.

24 Toe gaan hulle deur die land Pisidia en kom in Pamfulia
25 en nadat hulle die boodskap van יהוה in Perge verkondig het, het hulle afgegaan na Attaleia
26 en daarvandaan het hulle gevaar na Antiogeia, waar hulle aan die onverdiende guns van יהוה opgedra is vir die werk wat hulle voltooi het.
27 Toe hulle daar kom en die gemeente saamgeroep het, het hulle verslag gedoen van al die dinge wat God deur hulle gedoen het en dat Hy 'n deur van vertroue vir die ander nasies oopgemaak het.
28 Hulle het 'n lang tyd daar by die studentevolgelinge gebly.

15 1 Manne wat van Y'hudah af gekom het, het die broers geleer: "As julle nie besny word, volgens die tradisie van die wet nie, kan julle nie lewe hê nie."
2 Hieroor het daar 'n groot opstand en woordewisseling van die kant van Sha'ul en Bar-Nabba teen hulle ontstaan en daar is besluit dat Sha'ul, Bar-Nabba en nog sekere ander van hulle, sou opgaan na die afgevaardigdes en oudstes in Yerushalayim, in verband met hierdie vraagstuk.
3 Hulle is hierop deur die gemeente uitgestuur en het deur Foinike en Shomron gegaan en vertel van die ander nasies se wegdraai van sondes na God toe en dit het groot blydskap vir al die broers gebring.
4 By hulle aankoms in Yerushalayim is hulle deur die gemeente, die afgevaardigdes en die oudstes ontvang en hulle het verslag gedoen van al die dinge wat God deur hulle gedoen het,
5 maar sommige gelowiges uit die party van die Fariseërs het opgestaan en gesê: "Dit is noodsaaklik dat hulle besny word en beveel word om die wet van Mosheh te onderhou."
6 Die afgevaardigdes en die oudstes het bymekaargekom om hierdie saak te ondersoek
7 en nadat 'n groot debat gevolg het, het Shim'on opgestaan en vir hulle gesê: "Broers, julle weet dat God van die begin af gekies het dat die nasies deur my mond die goeie boodskap sal hoor en vertrou
8 en God, wat die verstand, wil en emosie ken, het aangaande hulle getuig deur aan hulle die Gees wat Afgesonderd is te gee net soos aan ons.
9 Hy het geen onderskeid tussen ons en hulle gemaak nie, aangesien Hy hulle verstand, wil en emosie gereinig het deur vertroue. Num 15:14-16; Yes 56:7; Rom 9:7,8; Rom 11; Efe 2:13-18
10 Nou waarom toets julle God deur op die nek van die studentevolgelinge 'n juk te lê wat nie ons vaders of ons in staat was om te dra nie?
11 Ons vertrou dat ons, deur die onverdiende guns van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, lewe ontvang deur vertroue, net soos hulle."
12 Almal in die byeenkoms het stilgebly en na Bar-Nabba en Sha'ul geluister terwyl hulle van al die tekens en wonders vertel wat God deur hulle onder die nasies gedoen het.
13 Toe hulle stilgebly het, staan Ya'akov op en sê: "Broers, luister na my!
14 Shim'on het vertel presies hoe God in die begin besluit het om mense uit die ander nasies vir Sy Karakter en Outoriteit (Naam) aan te neem

15 en dit stem ooreen met die boodskap wat die profete geskryf het:
16 ‘Daarna sal Ek terugkom en die gevalle tent van Dawid weer herbou en wat daarvan vernietig is, sal Ek weer herbou en herstel `Amo 9:11
17 sodat die oorblyfsel van die mense יהוה kan soek, uit al die nasies oor wie My (Naam) Karakter en Outoriteit uitgeroep is, sê יהוה, wat al hierdie dinge gemaak het.’
18 God se werke is van ewigheid af bekend. Num 15:16; Yes 56:1-7
19 As gevolg hiervan sê ek dat ons hulle, wat vanuit die ander nasies na God toe gedraai word, nie verder moet belas nie,
20 maar aan hulle skryf dat hulle hul moet afsonder van dié dinge wat deur afgode besoedel is, van alle seksuele immoraliteit, van wat verwurg is en van bloed,
21 want van die vroegste geslagte af is daar in elke stad díégene wat Mosheh verkondig terwyl hy elke Shabbat in die bymekaarkomplekke gelees word.” Lev 17-19
22 Toe het die afgevaardigdes en die oudstes saam met die hele gemeente manne vanuit hulle gekies en na Antiogeia gestuur saam met Sha’ul en Bar-Nabba; naamlik Y’hudah, wat genoem word Bar-Sabba en Silvanus, manne wat leiers onder die broers was.
23 Deur hulle hand het hulle dít geskryf: “Die afgevaardigdes, die oudstes en die broers; aan die broers uit die nasies in Antiogeia, Sirië en Kilikia: vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid!
24 Ons hoor dat sommige wat vanaf ons uitgegaan het, julle met boodskappe, wat ons hulle nie beveel het nie, ontstel en julle gees omgekrap het deur te sê dat julle die godsdienstige gebruike moet onderhou en besny moet word.
25 As gevolg hiervan het ons met een gesindheid besluit om manne te kies en na julle te stuur saam met ons vriende, Bar-Nabba en Sha’ul, wat ons lief het.
26 Manne wat hulleself oorgegee het ter wille van die Karakter en Outoriteit van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een.
27 Ons het vir Y’hudah en Silvanus uitgestuur om deur woorde dieselfde dinge te sê,
28 want die Gees wat Afgesonderd is en ons het besluit om geen las op julle te lê, behalwe wat nodig is nie: Num 15:16
29 dat julle wegbly van afgodsoffers, van bloed, van wat verwurg is en van alle seksuele immoraliteit. As julle dit streng nakom, sal julle getrou wees in ons Meester.”
30 Hulle wat uitgestuur is, het in Antiogeia gekom en hulle het die mense bymekaargeroep en die brief oorhandig.
31 Toe hulle dit gelees het, was hulle verheug en was bemoedig.
32 Y’hudah en Silvanus, wat self ook profete was, het die broers met baie boodskappe bemoedig en versterk.
33 Nadat hulle ’n tyd daar deurgebring het, het die broers hulle met vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid na die afgevaardigdes laat teruggaan.
34 [*Hierdie vers is nie in die Khabouris Oosterse Aramese Kodeks nie*]
35 Sha’ul en Bar-Nabba het in Antiogeia gebly en geleer en saam met nog baie ander die boodskap van God verkondig.
36 ’n Paar dae daarna het Sha’ul vir Bar-Nabba gesê: “Kom ons gaan terug en besoek ons broers in al die stede waarin ons die boodskap van God verkondig het, om te sien hoe dit met hulle gaan.

37 Bar-Nabba wou vir Yoganan, wat Markos genoem word, saamvat,
38 maar Sha’ul het dit nie reg geag om hóm saam te vat wat hulle van Pamfulia af verlaat het en nie saam met hulle gegaan het nie.
39 As gevolg van hierdie verskil het hulle van mekaar geskei en het Bar-Nabba vir Markos saamgevat en na Kupros geseil,
40 maar Sha’ul het Silvanus gekies en vertrek nadat hy deur die broers aan die onverdiende guns van God opgedra is.
41 Hy het na Sirië en Kilikia gegaan en die gemeentes versterk.

16 1 Hy het ook in Derbe en Lustra gekom waar ’n studentevolgeling met die naam van Timoteos was, die seun van ’n Joodse vrou, wat vertrou het en sy vader was ’n Arameër.
2 Al die studentevolgelinge vanaf Lustra en Ikonion het van hom getuig.
3 Sha’ul wou hê dat hy saam met hom moes gaan en hy het hom gevat en besny ter wille van die Jode wat in daardie streke was, want hulle het almal geweet dat sy vader ’n Arameër was.
4 Op hulle reis deur die stede het hulle die boodskap verkondig en geleer dat hulle die opdragte wat deur die afgevaardigdes en die oudstes in Yerushalayim vasgestel is, moet gehoorsaam.
5 Hierdeur is die gemeentes versterk in vertroue en hulle het elke dag vermeerder in getal.
6 Hulle het deur die streke van Frugia en Galatikos gegaan en die Gees wat Afgesonderd is, het hulle verbied om in Asië die boodskap te verkondig.
7 Toe hulle by Musia kom, wou hulle na Bithunia gaan, maar die Gees van Yeshua het hulle nie toegelaat nie.
8 Toe hulle van Musia af weggaan, het hulle na die Troas-streek afgegaan.
9 Deur ’n visioen in die nag het daar ’n Makedoniër by Sha’ul gestaan wat hom smeek en sê: “Kom na Makedonia en help ons!”
10 Toe Sha’ul die visioen gesien het, het ons dadelik beplan om na Makedonia te gaan omdat ons oortuig was dat ons Meester ons geroep het om die goeie boodskap aan hulle te verkondig.
11 Ons het vertrek vanaf Troas reguit na Samothrake en die volgende dag by Neapolis gekom
12 en daarvandaan na Filippi, wat die belangrikste stad van daardie deel van Makedonia, ’n Romeinse kolonie, was. Ons het in hierdie stad ’n paar dae deurgebring
13 en op die Shabbat het ons uitgegaan, buitekant die stad, langs ’n rivier, na waar ons ’n huis van gebed gesien het en ons het gaan sit en met die vroue gepraat wat daar bymekaargekom het.
14 ’n Sekere vrou met die naam van Ludia, ’n verkoopster van fyn purper van die stad Thuateira, ’n vrou wat God aanbid, het geluister; die Meester het haar verstand, wil en emosie oopgemaak om te reageer op wat Sha’ul gesê het.
15 Nadat sy en die seuns van haar huis gedoop is, het sy by ons aangedring en gesê: “As u oortuig is daarvan dat ek in ons Meester vertrou, kom dan in my huis en bly daar.” Sy het ernstig by ons aangedring.

16 Terwyl ons op pad was na die huis van gebed, ontmoet ons ’n sekere slavin, met die Piton-gees (luislang), wat die toekoms kon voorspel, wat vir haar eienaars groot wins ingebring het deur waarsêery.

17 Sy het Sha’ul en ons gevolg en uitgeskree en gesê: “Hierdie manne is slawe van Ha-Elyon, (die Allerhoogste God) en hulle verkondig aan julle die pad van lewe.”

18 Dit het sy vir baie dae lank gedoen en Sha’ul het kwaad geword, hom omgedraai en vir die gees gesê: “Ek beveel jou in die (Naam) Karakter en Outoriteit van Yeshua, dié Gesalfde Een, om uit haar uit te gaan.” Hy het op daardie oomblik uitgegaan.

19 Toe haar meesters sien dat die hoop van hulle besigheid uit haar uitgaan, het hulle Sha’ul en Silvanus gegryp, hulle na die markplein gesleep

20 en hulle voor die regters en hoofde van die stad gebring en gesê: “Hierdie manne bring groot moeilikheid in ons stad omdat hulle van Y’hudah is.

21 Hulle verkondig gebruike wat vir ons nie wettig is om aan te neem of te doen nie omdat ons Romeine is.

22 ’n Groot skare het teen hulle bymekaargekom en die regters het hulle klere laat afskeur en beveel om hulle te gésel.

23 Nadat hulle hul baie houe gegee het, het hulle hul in die tronk gegooi en die tronkbewaarder beveel om hulle veilig te bewaak.

24 Toe hy só ’n bevel ontvang, het hy hulle in die binneste tronksel gegooi en hulle voete in die houtblok vasgemaak.

25 In die middel van die nag was Sha’ul en Silvanus besig om te bid en tot God te sing en die gevangenes het na hulle geluister.

26 Skielik kom daar ’n groot aardbewing sodat die fondasies van die tronk geskud het en onmiddellik het al die deure oopgegaan en almal se boeie het losgeval.

27 Toe die tronkbewaarder wakker word en hy sien dat die deure van die tronk oop is, het hy ’n swaard gevat en wou homself doodmaak omdat hy gedink het dat die gevangenes ontsnap het,

28 maar Sha’ul het met ’n harde stem geroep en gesê: “Moenie jouself kwaad aandoen nie, want ons is almal hier.”

29 Hy het ’n lamp aangesteek, na binne gespring en bewend voor Sha’ul en Silvanus neergeval

30 en hy het hulle na buite gebring en gesê: “My meesters, wat moet ek doen sodat ek kan lewe?”

31 Hulle sê vir hom: “Vertrou in ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een en jy sal lewe, jy en jou huisgesin.”

32 Hulle het aan hom die boodskap van יהוה verkondig en aan al die lede van sy huis.

33 Daardie tyd van die nag het hy hulle gevat en hulle wonde gewas en hy is dadelik gedoop, hy en al die lede van sy huis.

34 Toe bring hy hulle in sy huis en sit vir hulle kos voor en hy het gespring van vreugde, saam met sy hele huisgesin omdat hulle tot vertroue in God gekom het.

35 Toe dit dag word, stuur die regters die polisie en sê: “Laat daardie manne los.”

36 Die tronkbewaarder het die boodskap aan Sha’ul oorgedra: “Die regters het laat weet dat julle losgelaat moet word; gaan dan nou weg en reis in vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid!”

37 Sha’ul sê vir hom: “Hulle het ons in die openbaar onveroordeeld geslaan, ons wat Romeinse burgers is, ons in die tronk gegooi en wil hulle ons nou in die geheim uitstuur? Nee! Laat hulle self kom en ons uitlei.”

38 Die polisie het hierdie woorde aan die regters oorgedra en dié het bang geword toe hulle hoor dat hulle Romeine is.

39 Daarop het hulle gekom en hulle uitgelei met die versoek om uit die stad uit weg te gaan.

40 Nadat hulle die tronk verlaat het, het hulle na die huis van Ludia gegaan en hulle het die broers gesien, hulle versterk en weggegaan.

17 1 Hulle het deur Amfipolis en Apollonia gereis en in Thessalonike gekom, waar ’n bymekaarkomplek van die Jode was.

2 Volgens sy gewoonte het Sha’ul ingegaan en vir drie Shabbatte lank met hulle uit die Skrifte gepraat

3 en dit uitgelê en gewys dat dié Gesalfde Een moes ly en uit die dood uit opstaan en gesê: “Hierdie Yeshua wat ek aan julle verkondig, Hy is dié Gesalfde Een.”

4 Sommige van hulle is oortuig en het by Sha’ul en Silvanus aangesluit, asook ’n groot getal van die gelowige Grieke en nie min van die belangrike vrouens nie.

5 Die Jode was jaloers en het bose manne vanuit die strate saamgevat, ’n skare mense bymekaargemaak en die stad in oproer gebring. Hulle het die huis van Yasoon aangeval en probeer om hulle uit te bring van daar en aan die mense oor te gee.

6 Toe hulle hul nie daar kry nie, het hulle Yasoon en die broers wat daar was na die goewerneur gesleep en geskree: “Die mense wat die wêreld in opstand bring, het ook hierheen gekom

7 en Yasoon het hulle ontvang en hulle oortree almal die bepalings van die keiser en sê dat daar ’n ander Koning is, naamlik Yeshua.”

8 Die goewerneur en al die mense was verontrus toe hulle dit gehoor het

9 en hulle het borg van Yasoon en die ander ontvang en hulle losgelaat.

10 Die broers het dadelik, toe dit nag word, vir beide Sha’ul en Silvanus na Beroia weggestuur en toe hulle daar kom, het hulle in die bymekaarkomplek van die Jode ingegaan.

11 Hierdie Jode was meer edel as dié in Thessalonike; hulle het elke dag die boodskap met gretigheid ontvang terwyl hulle uit die Skrifte onderskei het om te sien of hierdie dinge so was.

12 Baie van hulle het vertrou, asook baie van die Griekse manne en van die belangrike Griekse vroue!

13 Toe die Jode van Thessalonike gehoor het dat die boodskap van God ook in Beroia deur Sha’ul verkondig is, het hulle gekom en nie opgehou om die mense daar op te sweep en te verontrus nie.

14 Die broers het toe dadelik vir Sha’ul weggestuur om in die rigting van die see te gaan, maar Silvanus en Timoteos het daar gebly.

15 Hulle wat saam met Sha’ul gegaan het, het saam met hom tot by Athenai gegaan en nadat hulle ’n brief van hom ontvang het aan Silvanus en Timoteos om so gou as moontlik na hom toe te kom, het hulle vertrek.

16 Terwyl Sha'ul in Athenai vir hulle wag, het sy gees in hom opstandig geword toe hy sien dat die hele stad vol afgode was.
17 Hy het elke dag in die bymekaarkomplek met die Jode en met die godsdienstige mense gepraat en op die mark met dié wat hom ontmoet.
18 Sommige van die volgelinge van Epikourios en die Stoikos filosowe, het met hom gedebatteer. Sommige het gesê: "Wat probeer hierdie storiemaker tog sê?" Ander weer: "Dit lyk of hy 'n verkondiger is van vreemde gode" omdat hy aan hulle die goeie boodskap van Yeshua en Sy opstanding verkondig het.
19 Hulle het hom gevat na die plek van oordeel, wat genoem word: Arios-Pagos (Rots van Ares - Marsheuwel) en gesê: "Ons wil weet wat hierdie nuwe leer is wat deur u verkondig word?
20 Jy het vreemde woorde in ons gehoor gesaai en ons wil weet wat hierdie dinge is."
21 Al die Atheners en die vreemdelinge wat by hulle gewoon het, het al hulle vrye tyd gebruik om te praat of te luister na iets nuuts.
22 Sha'ul het opgestaan op die Rots van Ares en gesê: "Manne van Athenai, ek sien dat julle in elke opsig uitblink in die aanbidding van demone.
23 Terwyl ek geloop het en die plekke van julle aanbidding gesien het, het ek ook 'n altaar gevind waarop geskrywe is: 'Aan 'n onbekende god'. Hom wat julle dan aanbid en nie ken nie; Hom verkondig ek aan julle.
24 Die God wat die heelal gemaak het en alles wat daarin is, Hy is Meester van die hemele en van die aarde; Hy woon nie in tempels wat met hande gemaak is nie;
25 ook word Hy nie deur mensehande gedien en het Hy niks nodig nie omdat Hy self aan almal gees en lewe gee.
26 Hy het uit een bloed die hele mensdom op die aarde gemaak, [Gen 3:20; Mal 2:10] om oor die hele aarde te bly terwyl Hy vooraf bepaalde tye in Sy opdragte uitgestip en grense vir hulle lewe vasgestel het
27 sodat hulle God kon soek en navraag doen en Hom deur Sy skepping kon vind, want Hy is nie ver van elkeen van ons af nie, [Rom 1:20]
28 want deur Hom het ons lewe, beweeg ons en bestaan ons, soos sommige van julle wyses ook gesê het: 'Ons is van Sy nageslag.'
29 As ons dan die nageslag van God is, kan ons mos nie dink dat God aan goud, silwer en steen, die beeldwerk van menslike kuns en uitvinding, gelyk is nie.
30 God het die tye van misleiding verban en beveel nou alle mense dat elkeen op elke plek moet erken en bely en wegdraai van die sonde na God toe
31 omdat Hy 'n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in onpartydige opregtheid sal oordeel deur die Man wat Hy aangestel het en Hy het Sy vertrouenswaardigheid aan almal bewys, deur Hom uit die dood uit te laat opstaan."
32 Toe hulle van die opstanding uit die dood hoor, het sommige begin spot en ander het gesê: "Ons sal u op 'n ander tyd daaroor hoor."
33 So het Sha'ul van hulle af weggegaan,
34 maar sommige manne het by hom aangesluit en vertrou, onder wie ook Dionusios, die Aresraadslid, 'n vrou met die naam van Damaris en ander saam met hulle.

18 1 Toe Sha’ul uit Athenai weggegaan het, het hy in Korinthos gekom,
2 waar hy ’n Jood gevind het met die naam van Akulas, afkomstig van Pontos, wat onlangs, met sy vrou Priskilla, vanaf Italië gekom het omdat keiser Klaudios beveel het dat al die Jode Rome moes verlaat. Hy het hulle besoek
3 en omdat hy van dieselfde ambag was, het hy by hulle gebly en gewerk, want hulle was tentmakers.
4 Hy het elke Shabbat in die bymekaarkomplek gepraat en Jode, sowel as nie-Jode, oortuig.
5 Toe Silvanus en Timoteos vanaf Makedonia gekom het, was Sha’ul verhinder in die boodskap omdat die Jode teen hom gestaan het en kwaadgepraat het toe hy getuig het dat Yeshua dié Gesalfde Een is.
6 Hy het sy klere afgeskud en vir hulle gesê: “Van nou af is ek skoon daarvan; ek gaan na die ander nasies toe.”
7 Hy het daarvandaan weggegaan en in die huis gekom van ’n man met die naam van Titus, wat God aanbid het, wie se huis langs die bymekaarkomplek was.
8 Krispos, die leier van die bymekaarkomplek, saam met sy hele huisgesin, het in ons Meester vertrou, asook baie van die Korinthiërs, wat gehoor het, het vertrou en is gedoop.
9 יהוה het in die nag, deur ’n visioen, aan Sha’ul gesê: “Moenie bang wees nie, maar hou aan praat en moenie stilbly nie,
10 want Ek is by jou en niemand kan jou kwaad aandoen nie, want Ek het baie mense in hierdie stad.”
11 Hy het ’n jaar en ses maande lank in Korinthos gebly en vir hulle die boodskap van God geleer.
12 Toe Gallioon goewerneur van Agaia was, het die Jode soos een man teen Sha’ul opgestaan en hom voor die regbank gebring
13 en gesê: “Hierdie man oortuig die mense om God te aanbid op wyses buite die wet.”
14 Toe Sha’ul versoek het om sy mond oop te maak en te praat, sê Gallioon vir die Jode: “As dit ’n beskuldiging van boosheid of bedrog of haatlikheid was, dan sou ek rede hê om julle te ontvang, o Jode,
15 maar as die aanklag is oor ’n boodskap of oor name of oor julle wet, moet julle toesien, want ek gaan nie oor hierdie sake oordeel nie.”
16 Hy het hulle voor die regbank weggejaag
17 en al die nie-Jode het vir Sosthenes, die leier van die bymekaarkomplek, gegryp en hom voor die hof geslaan en Gallioon het dit gesien.
18 Nadat Sha’ul baie dae daar gebly het, het hy die broers gegroet en saam met Priskilla en Akulas na Sirië weggeseil. In Kengreai het hy sy hare geskeer, as gevolg van ’n gelofte wat hy aan homself gemaak het.
19 Hy het in Efesos aangekom en Sha’ul het in die bymekaarkomplek ingegaan, met die Jode gepraat
20 en hulle het gevra dat hy langer by hulle moes bly. Hy het nie ingestem nie

21 en hulle toe gegroet en gesê: "Dit is, soos altyd, nodig vir my om die opkomende fees in Yerushalayim te vier en as God wil, sal ek weer na julle toe terugkom." Hy het Akulas en Priskilla in Efesos agtergelaat

22 en het per see in Kaisareia aangekom, opgegaan en die gemeente gegroet en gereis na Antiogeia.

23 Nadat hy 'n redelike tyd lank gebly het, het hy vertrek en een na die ander na die streke van Frugia en van Galatia gereis en al die studentevolgelinge versterk.

24 'n Joodse man met die naam van Apollos, wat in Alexandreia gebore is, 'n welsprekende man, bekend met die skrifte en onderrig in die Woord, het in Efesos aangekom.

25 Hy is opgelei in die pad van יהוה en, vurig van gees, het hy volledig aangaande Yeshua gepraat en geleer, maar het nog net van die doop van Yoganan geweet.

26 Hy het openlik en reguit in die bymekaarkomplek begin praat, maar nadat Akulas en Priskilla hom gehoor het, het hulle hom gevat en hom die pad van יהוה volledig uitgelê.

27 Toe hy na Agaia wou gaan, het hulle die broers aangemoedig en aan die studentevolgelinge geskryf om hom te ontvang. Daar aangekom, het hy al die studentevolgelinge baie gehelp deur onverdiende guns,

28 want hy het in die openbaar kragtig lering gegee teenoor die Jode terwyl hy deur die Skrifte gewys het dat Yeshua dié Gesalfde Een is.

19 1 Terwyl Apollos in Korinthos was, het Sha'ul deur die boonste gebiede gereis en in Efesos gekom waar hy 'n paar studentevolgelinge gevra het:

2 "Het julle die Gees wat Afgesonderd is, ontvang toe julle tot vertroue gekom het?" Hulle antwoord hom: "Ons het nog nie eens gehoor dat daar 'n Gees wat Afgesonderd is, is nie."

3 Hy vra vir hulle: "In watter doop is julle dan gedoop?" Hulle antwoord: "In die doop van Yoganan."

4 Sha'ul sê vir hulle: "Yoganan het gedoop in die doop van berou oor en wegdraai van die sonde en aan die mense gesê dat hulle moes vertrou in die Een wat ná hom kom, dit is, in dié Gesalfde Een, Yeshua." Luk 3:3

5 Toe hulle dit hoor, is hulle gedoop in die Karakter en Outoriteit van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een

6 en Sha'ul het hulle die hand opgelê en die Gees wat Afgesonderd is, het op hulle gekom en hulle het in verskeie tale gepraat en geprofeteer.

7 Hulle was twaalf manne.

8 Sha'ul het in die bymekaarkomplek ingegaan en vrymoediglik vir drie maande met hulle geredeneer en hulle oortuig van die Koninkryk van God,

9 maar toe sommige hulle verhard en nie vertrou nie en voor die mense aanhou kwaadpraat van 'die Pad van God', het hy van hulle af onttrek en elke dag met die studentevolgelinge afsonderlik besprekings gehou in die skool van 'n sekere Turannos.

10 Dit het twee jaar lank aangehou totdat almal wat in Asië gebly het die boodskap van יהוה gehoor het, Arameërs, sowel as Jode.

11 God het baie wonderwerke deur die hande van Sha'ul gedoen
12 sodat selfs wanneer handdoeke of voorskote wat aan sy lyf was, op die siekes gelê is, die siektes van hulle af weggegaan en demone uit hulle uitgegaan het.
13 Sommige van die rondreisende Jode, duiwelbesweerders, het dit gewaag om die Naam van ons Meester, Yeshua, te noem oor die wat bose geeste gehad het en te sê: "Ons dryf jou uit in die Karakter en Outoriteit (Naam) van díe Yeshua wat Sha'ul verkondig!"
14 Dit is deur sewe seuns van 'n sekere Skevas, 'n Joodse leierpriester, gedoen,
15 maar hierdie bose demoon het geantwoord en gesê: "Yeshua ken ek en Sha'ul ken ek, maar julle, wie is julle?"
16 Toe spring die man, in wie die bose gees was, op hulle en oormeester en gooi hulle neer sodat hulle kaal en gewond uit daardie huis weggevlug het.
17 Dit het bekend geword aan al die Jode en Arameërs wat in Efesos bly, vrees het op hulle almal gekom en die Karakter en Outoriteit van die Meester, Yeshua, is grootgemaak.
18 Baie van die wat vertrou het, het gekom en erken wat hulle gedoen het en dat dit verkeerd was;
19 heelwat van die wat met towery omgegaan het, het die boekrolle saamgebring en voor almal verbrand en hulle het die waarde daarvan bereken en gevind dat dit vyftig duisend silwer stukke was.
20 So het die vertroue in God kragtig in krag gegroei.
21 Toe hierdie dinge verby was, het Sha'ul in sy gedagtes besluit om na Makedonia en Agaia te gaan en dan na Yerushalayim. Hy het gesê: "Nadat ek daar was, is dit nodig dat ek Rome ook sien."
22 Toe stuur hy twee van sy helpers, Timoteos en Erastos, na Makedonia terwyl hy self nog 'n tyd lank in Asië bly.
23 Daardie tyd het daar 'n groot opskudding gekom oor 'die Pad van God',
24 want iemand met die naam van Demetrios, 'n silwersmid, maker van silwer tempeltjies van Artemis, het vir die ambagsmanne 'n aansienlike inkomste voorsien.
25 Toe hy hulle, asook werkers in dieselfde bedrywe, bymekaargeroep het, sê hy: "Manne, julle weet dat ons winste alles uit hierdie besigheid is
26 en julle sien en hoor dat nie alleen in Efesos nie, maar byna in die hele Asië, hierdie Sha'ul baie mense oortuig en laat wegdraai het deur te sê dat dít wat met hande gemaak word, geen gode is nie.
27 Nou is daar nie alleen gevaar dat hierdie ambag van ons verag sal word nie, maar ook dat die tempel van die groot godin, Artemis, as minder gereken sal word en dat haar wonderlikheid, wat deur die hele Asië, ja, die wêreld, vereer, verag sal word."
28 Toe hulle dit hoor, is hulle met woede vervul en het geskree en gesê: "Groot is Artemis van die Efesiërs!"
29 Daarop raak die hele stad in oproer en hulle storm soos een man na die teater en sleep vir Gaios en Aristargos, manne van Makedonia wat saam met Sha'ul gereis het, saam.
30 Toe Sha'ul tussen die mense wou ingaan, het die studentevolgelinge hom gekeer.

31 Leiers van Asië, wat sy vriende was, het ook ’n boodskap vir hom gestuur en hom versoek dat hy nie in die teater moes ingaan nie.
32 Die skare het deurmekaar geskree, sommige dit en ander dat, want hulle was deurmekaar en die meeste het nie geweet waaroor hulle bymekaargekom het nie,
33 maar die Jode het Alexandros vanuit die mense vorentoe gestoot en Alexandros het met die hand ’n teken gegee en wou hom by die mense verdedig.
34 Toe hulle herken dat hy ’n Jood is, gaan daar een geroep van almal op terwyl hulle omtrent twee ure lank skree: “Groot is Artemis van die Efesiërs!”
35 Die stadsklerk het die skare stilgemaak en gesê: “Efesiërs, watter mens is daar tog wat nie weet dat die stad van die Efesiërs die dienaars is van die groot godin Artemis en van die beeld wat uit die hemel geval het nie?
36 Terwyl dit dan nie weerspreek kan word nie, behoort julle rustig te word en niks haastigs te doen nie,
37 want julle het hierdie manne gebring, wat nie tempelrowers is nie en ook nie kwaad gepraat het teen julle godin nie.
38 As Demetrios en sy ambagsmanne dan ’n saak teen iemand het, die hofsittings word gehou en daar is regters: laat hulle mekaar aankla,
39 maar as julle nog iets anders verlang, sal dit in die wettige vergadering besluit word,
40 want ons loop gevaar om oor die oproer van vandag tot verantwoording geroep te word, aangesien daar geen grond is waarop ons sal kan rekenskap gee van hierdie deurmekaarspul nie.”
41 Met hierdie woorde het hy die skare laat gaan.

20 1 Nadat die oproer verby was, het Sha’ul die studentevolgelinge na hom toe laat kom, hulle vertroos, gesoen en na Makedonia vertrek.
2 Nadat hy deur daardie streke gegaan en hy hulle met baie boodskappe bemoedig het, het hy in Griekeland gekom,
3 waar hy drie maande gebly het. Toe die Jode teen hom saamgesweer het terwyl hy juis na Sirië wou afvaar, het hy besluit om deur Makedonia terug te gaan.
4 Tot in Asië het Sopatros van Beroia, hulle van Thessalonike, Aristargos en Sekundos, Timoteos en Gaios van Derbe, saam met hom gegaan, maar Tugikos en Trofimos, vanuit Asië,
5 het vooruitgegaan en in Troas op ons gewag.
6 Ná die ‘Dae van die Ongesuurde Brode’ het ons van Filippi af geseil en in vyf dae by hulle in Troas gekom, waar ons sewe dae lank gebly het.
7 Op die eerste dag van die week, toe ons vergader het om die brood van Yeshua se herdenking te breek, het Sha’ul met hulle gepraat en omdat hy die volgende dag sou vertrek, het hy sy boodskap verleng tot middernag toe.
8 Daar was baie lampe wat gebrand het in die boonste vertrek waar ons bymekaargekom het
9 en ’n jongman met die naam van Eutugos het in die venster gesit en luister en is oorval met ’n diep slaap toe Sha’ul nog lank gepraat het en in sy slaap het hy vanaf die derde verdieping geval en is dood opgetel.

10 Toe gaan Sha’ul ondertoe en val op hom en slaan sy arms om hom en sê: “Moenie verontrus wees nie, want sy gees is in hom.”

11 Hy het toe boontoe gegaan, brood gebreek en geëet en nadat hy nog ’n geruime tyd gepraat het; tot dagbreek toe; het hy vertrek.

12 Hulle het die seun lewend huis toe geneem en hulle saam met hom verheug,

13 maar ons het vooruit op die skip gegaan en afgevaar na Assos, waar ons van plan was om Sha’ul aan boord te neem, want so het hy dit beplan omdat hy self te voet wou gaan.

14 Toe hy ons dan in Assos ontmoet, het ons hom aan boord geneem en by Mitulene gekom.

15 Die volgende dag het ons van daar af weggevaar en teenoor Gios gekom en die dag daarna na Samos oorgevaar en in Trogullion oorgebly en die dag daarop by Miletos gekom,

16 want Sha’ul het besluit om by Efesos verby te vaar sodat hy nie in Asië tyd sou spandeer nie, want hy het gou gemaak om, as dit vir hom moontlik was, die ‘Fees van Weke’ (Shavu’ot) in Yerushalayim te vier.

17 Hy het van Miletos af na Efesos gestuur en die oudstes van die gemeente laat roep.

18 Toe hulle by hom kom, sê hy vir hulle: “Julle weet self hoe ek, van die eerste dag dat ek in Asië aangekom het, die hele tyd by julle was

19 as slaaf vir God, met alle nederigheid, baie trane en toetse wat oor my gekom het deur die samewerings van die Jode.

20 Ek het niks, wat goed vir julle gees is, nagelaat om aan julle te verkondig en julle te leer in die openbaar en in julle huise, nie

21 terwyl ek teenoor die Jode, sowel as die Arameërs, getuig het om terug te draai huis toe: wat in die Teenwoordigheid van God is en na vertroue: wat in ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een is.

22 Nou gaan ek gebind deur die Gees na Yerushalayim en wat my daar sal oorkom, weet ek nie,

23 behalwe dat die Gees wat Afgesonderd is in elke stad getuig en sê dat kettings en vervolging vir my voorberei word.

24 Ek beskou nie my lewe vir myself as iets nie [Yog 10:17,18] sodat ek my wedloop en die dienswerk wat ek van ons Meester Yeshua ontvang het, om te getuig van die goeie boodskap van die onverdiende guns van God, kan voltooi.

25 Nou weet ek dat niemand van julle onder wie ek rondgegaan en die Koninkryk verkondig het, my gesig weer sal sien nie;

26 daarom getuig ek teenoor julle vandag dat ek skoon is van elkeen van julle se bloed, [Yeg 3:18,19; 33:6,7]

27 want ek het nie nagelaat om aan julle die hele wil van God te wys nie.

28 Gee dan aandag aan julleself en aan die hele kudde waaroor die Gees wat Afgesonderd is julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van die Gesalfde Een te versorg, wat Hy met Sy bloed gekoop het.

29 Ek weet dat ná my vertrek, kragtige wolwe onder julle sal inkom wat geen omgee vir die kudde het nie. [Yog 10:13]

30 Uit julleself sal daar manne opstaan wat verdraaide dinge praat om die studentevolgelinge weg te trek agter hulle aan;
31 daarom moet julle waaksaam wees en onthou dat ek drie jaar lank nag en dag nie opgehou het om een en almal met trane te waarsku nie.
32 Nou, broers, dra ek julle op aan God en aan die boodskap van Sy onverdiende guns, wat in staat is om julle op te bou en julle ’n erfdeel te gee saam met al die afgesonderdes.
33 Silwer, goud of klere het ek nie begeer nie,
34 maar julle weet self dat hierdie hande voorsien het in my en die wat by my was, se behoeftes.
35 Ek het julle in alles gewys dat ons, deur so te werk, die swakkes moet help en die boodskap van ons Meester Yeshua moet onthou, dat Hy gesê het: ‘Sy seën is vir hom wat gee, meer as vir hom wat ontvang’.”
36 Nadat hy dit gesê het, het hy gekniel en saam met almal wat by hom was, gebid.
37 Almal het baie gehuil en Sha’ul om die nek geval en hom gesoen,
38 al te meer bedroef oor die boodskap wat hy gebring het dat hulle sy gesig nie weer sou sien nie en hulle het hom tot by die skip begelei.

21 1 Ons het van hulle afskeid geneem en reguit koers gehou na Kos toe; die volgende dag het ons by Rhodos gekom en daarna by Patara,
2 waar ons ’n skip gekry het wat na Foinike sou seil en daarop geklim en weggevaar.
3 Toe het ons Kupros aan die linkerkant verbygegaan, na Sirië gevaar en by Tzor geland, want daar sou die skip sy vrag aflaai.
4 Toe ons studentevolgelinge daar vind, het ons sewe dae lank daar gebly en hulle het elke dag vir Sha’ul deur die Gees gesê om nie na Yerushalayim te gaan nie,
5 maar aan die einde van die tydperk, het ons op die pad uitgegaan om verder te reis terwyl almal, met vroue en seuns, saam met ons tot buitekant die stad gegaan het, op die strand gekniel en gebid het.
6 Ons het mekaar gesoen, aan boord die skip gegaan en hulle het teruggegaan huis toe.
7 Ons het vanaf Tzor gevaar en by `Akko (Ptolemais) gekom en ons het groete aan die broers oorgedra en een dag by hulle gebly.
8 Die volgende dag het ons vertrek en in Kaisareia aangekom. Ons het ingegaan in die huis van Filippos, die verkondiger van die goeie boodskap, wat een van die sewe was en by hom gebly. [Hand 6:5]
9 Hy het vier ongetroude dogters gehad wat geprofeteer het.
10 Nadat ons reeds ’n geruime tyd daar oorgebly het, het ’n profeet met die naam van Agav vanaf Y’hudah gekom
11 en hy het by ons gekom en Sha’ul se leer gordel gevat en sy eie hande en voete vasgebind en gesê: “Dít sê die Gees wat Afgesonderd is: so sal die Y’hudahiete die man wie se leer gordel hierdie is, in Yerushalayim vasbind en in die hande van die ander nasies oorgee.”
12 Toe ons dit hoor, het ons saam met die mense van die plek by hom aangedring om nie op te gaan na Yerushalayim nie,

13 maar Sha'ul het geantwoord: "Wat doen julle deur te huil en my gedagtes, wil en emosie te verkrummel? Ek is bereid om nie alleen gebind te word nie, maar ook om in Yerushalayim dood te gaan ter wille van die Karakter en Outoriteit van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een!"
14 Toe hy dan nie oor te haal was nie, was ons stil en het gesê: "Laat dit wees volgens die wil van ons Meester!"
15 Ná hierdie tyd het ons voorberei om na Yerushalayim op te gaan
16 en van die studentevolgelinge van Kaisareia het ook saam met ons gegaan en ons by 'n sekere Mnason van Kupros gebring, een van die eerste studentevolgelinge, om ons in sy huis te ontvang.
17 Toe ons in Yerushalayim kom, het die broers ons met blydskap ontvang
18 en die volgende dag het Sha'ul saam met ons na Ya'akov se huis gegaan en al die oudstes was daar bymekaar.
19 Nadat ons groete oorgedra het, het hy alles vertel wat God onder die ander nasies deur sy bediening gedoen het.
20 Toe hulle dit hoor, het hulle God geloof en vir hom gesê: "Jy sien, broer, hoeveel tienduisendtalle Jode daar is wat tot vertroue gekom het en almal is ywerig vir die wet.
21 Dit is, aangaande jou, aan hulle vertel dat jy al die Jode onder die ander nasies leer om hulle af te sonder van Mosheh deur te sê dat hulle hul seuns nie moet besny nie en ook nie volgens die gebruike van die wet moet leef nie.
22 Omdat hierdie dinge deur hulle wat hierheen kom, gehoor is,
23 doen dan wat ons vir jou sê. Ons het vier manne wat 'n gelofte gedoen het tot reinheid;
24 vat hulle en reinig jou saam met hulle en betaal die kostes vir hulle sodat hulle hul koppe kan skeer en almal kan weet dat daar niks, in wat van jou vertel word, is nie, maar dat jy self ook die wet uitvoer en gehoorsaam.
25 Aangaande die wat vertrou uit die ander nasies het ons geskryf en besluit dat hulle hulle moet weghou van afgodsoffers, van seksuele immoraliteit, van bloed en van wat verwurg is."
26 Toe het Sha'ul die manne gevat en op die volgende dag hom saam met hulle gereinig en in die tempel gegaan om bekend te maak tot wanneer die dae van die reiniging sou aanhou en die offer vir elkeen van hulle gebring moes word.
27 Toe die sewende dag aanbreek, het die Jode van Asië hom in die tempel gesien en al die mense opgesweep en die hande aan hom geslaan
28 en geskree: "Manne van Yisra'el, help! Dit is die man wat in al die plekke aan almal dinge leer teen ons mense, die wet en hierdie plek. Hy het ook nie-Jode in die tempel ingebring en hierdie afgesonderde plek onrein gemaak,
29 want hulle het Trofimos, die Efesiër, vantevore in die stad by hom gesien en gedink dat Sha'ul hom in die tempel ingebring het.
30 Toe kom die hele stad in oproer en die mense het gehardloop en vir Sha'ul gegryp en hom uit die tempel uitgesleep en dadelik die deure gesluit,
31 maar terwyl hulle probeer het om hom dood te maak, het 'n berig, dat die hele stad in oproer is, die bevelvoerder oor 'n duisend van die Romeinse bataljon bereik.

32 Hy het dadelik soldate en kapteins oor honderd geneem en afgehardloop na hulle en toe hulle die bevelvoerder oor 'n duisend en die soldate sien, het hulle opgehou om Sha'ul te slaan.
33 Daarop kom die bevelvoerder oor 'n duisend nader en neem hom gevange en beveel dat hy met twee kettings vasgebind moet word en het gevra wie hy was en wat hy gedoen het,
34 maar onder die skare het sommige dit en sommige iets anders geskree en omdat hy weens hulle geskree geen sekerheid kon verkry wat die waarheid is nie, het hy bevel gegee dat hy na die kamp gebring moes word.
35 Toe hy op die trappe kom, moes hy deur die soldate gedra word weens die aggressie van die mense,
36 want al die mense het gevolg en geskree: "Hang hom!"
37 Net voor hy in die kamp ingebring sou word, vra Sha'ul die bevelvoerder oor 'n duisend: "Is dit my geoorloof om vir u iets te sê?" Hy sê vir hom: "Ken jy Grieks?
38 Is jy dan nie die man van Mitzrayim wat 'n tyd gelede oproer gemaak het en die vier duisend booswigte na die woestyn toe uitgelei het nie?"
39 Sha'ul antwoord: "Ek is 'n Joodse man van Tarsus, 'n belangrike stad in Kilikia, waar ek gebore is en ek versoek u om my toe te laat om met die mense te praat."
40 Toe hy toestemming gee, gaan Sha'ul op die trappe staan en wys met die hand vir die mense en nadat hulle stil was, het hy met hulle in Aramees gepraat en vir hulle gesê:

22 1 "Broers en vaders, luister nou na my verdediging teenoor julle!"
2 Toe hulle hoor dat hy met hulle in Aramees praat, was hulle nog stiller en hy sê:
3 "Ek is 'n Jood, gebore in Tarsus van Kilikia, maar het groot geword in hierdie stad, opgevoed aan die voete van Gamali'el, streng volgens die wette (instruksies) van ons vaders. Ywerig vir God, net soos julle almal vandag is;
4 wat hierdie manier van lewe vervolg het tot die dood toe en manne, asook vroue, geboei en aan tronke oorgegee het,
5 soos ook die hoofpriester en die hele raad van oudstes my getuies is, van wie ek ook briewe aan die broers in Dammesek ontvang het sodat ek ook daar, dié wat daar was, geboeid na Yerushalayim kon bring sodat hulle met die dood gestraf kon word.
6 Terwyl ek op pad was naby Dammesek, het daar op die middaguur skielik 'n helder lig uit die hemel om my geskyn
7 en ek het op die grond geval en 'n stem vir my hoor sê: 'Sha'ul, Sha'ul, waarom vervolg jy My?'
8 Ek het geantwoord en gesê: 'Wie is U, my Meester?' Hy het vir my gesê: 'Ek is Yeshua, van Natzeret, wat jy vervolg.'
9 Die manne wat saam met my was, het die helder lig gesien, maar die stem van Hom wat met my gepraat het, nie verstaan nie.
10 Ek het gesê: 'Wat moet ek doen, my Meester?' Ons Meester het vir my gesê: 'Staan op, gaan na Dammesek en daar sal vir jou gesê word alles wat jou opdragte is om te doen.'

11 Toe ek weens die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van daardie Lig nie kon sien nie, is ek deur dié wat saam met my was by die hand gelei en het in Dammesek gekom.
12 ’n Sekere Gananyah, ’n opregte en onpartydige man volgens die wet, wat ’n goeie getuienis gehad het by al die Jode wat daar bly,
13 het na my toe gekom en vir my gesê: ‘Sha’ul, broer, maak oop jou oë!’ Op dieselfde oomblik is my oë oopgemaak en ek het gesien.
14 Toe het hy gesê: ‘Die God van ons vaders [Eks 3:15] het jou gekies om Sy wil te ken en die Onskuldige Een [Yes 53:11] te sien en die stem uit Sy mond te hoor
15 en jy sal by al die mense vir Hom ’n getuie wees van wat jy gesien en gehoor het.
16 Nou, waarom wag jy? Staan op, word gedoop en wees gereinig van jou sondes terwyl jy jou op Sy Karakter en Outoriteit beroep.’
17 Ek het teruggekom na Yerushalayim en het in die tempel gebid
18 en ek het Hom in ’n visioen gesien en Hy het vir my gesê: ‘Maak gou en gaan haastig uit Yerushalayim uit, want hulle sal jou getuienis aangaande My nie aanvaar nie.’
19 Ek het gesê: ‘My Meester, hulle weet self dat ek besig was om die wat in U vertrou, in die tronk te gooi en in die vergaderplekke te slaan
20 en toe die bloed van Stefanos, U getuie, vergiet is, het ek ook self bygestaan en sy moord goedgekeur en die klere opgepas van die wat hom doodgemaak het.’
21 Hy het vir my gesê: ‘Gaan, want Ek stuur jou ver weg na die ander nasies’.”
22 Tot hiertoe het hulle na hom geluister; toe lig hulle hul stemme en sê: “Weg van die aarde af met so ’n mens, want dit is nie reg vir hom om te lewe nie!”
23 Hulle het geskree, hulle klere rondgewaai en stof deur die lug gegooi.
24 Die bevelvoerder oor ’n duisend beveel toe dat hy in die kamp ingebring moes word en het gesê dat hulle hom met sweepslae moes ondersoek sodat hy kon uitvind om watter rede hulle so teen hom skree,
25 maar terwyl hulle hom met die bande uitrek, sê Sha’ul vir die kaptein oor honderd wat daar staan: “Is dit wettig om ’n Romeinse burger, dit sonder ’n hofsaak, met ’n sweep te slaan?”
26 Toe die kaptein oor honderd dit hoor, gaan vertel hy dit vir die bevelvoerder oor ’n duisend en sê: “Wat doen u, want hierdie man is ’n Romein?”
27 Die bevelvoerder oor ’n duisend het na hom toe gekom en gevra: “Sê vir my of jy ’n Romein is?” Hy antwoord: “Ja.”
28 Toe sê die owerste oor ’n duisend: “Ek het hierdie burgerskap vir ’n groot bedrag bekom!” Sha’ul sê vir hom: “Ek is dit egter deur geboorte.”
29 Die wat hom sou ondersoek, het hom dadelik losgemaak en die bevelvoerder oor ’n duisend was ook bang omdat hy nou geweet het dat hy ’n Romein was en hy hom vasgebind het.
30 Die volgende dag wou hy met sekerheid weet waarvan hy deur die Jode beskuldig is en hy het hom van sy boeie losgemaak en beveel dat die leierpriesters en hulle hele raad moes vergader en hy het Sha’ul afgebring en voor hulle laat staan.

23 1 Sha'ul het die vergadering stip aangekyk en gesê: "Broers, ek het met 'n volkome goeie gewete voor God geleef tot op hierdie dag."
2 Die hoofpriester, Gananyah, het dié wat langs hom staan, beveel om hom op die mond te slaan.
3 Toe sê Sha'ul vir hom: "God sal jou slaan, wit gewaste muur! Jy sit om my volgens die wet te beoordeel en beveel jy, in stryd met die wet, dat ek geslaan moet word?"
4 Die wat langs hom staan, sê: "Beskuldig jy die priester van God?"
5 Sha'ul sê: "Ek het nie geweet, broers, dat hy priester is nie, want daar staan geskrywe: 'Van 'n heerser van jou mense mag jy nie kwaad praat nie'." Eks 22:28
6 Toe Sha'ul besef dat die een deel uit Sadduseërs en die ander uit Fariseërs bestaan, het hy in die Raad uitgeroep: "Broers, ek is 'n Fariseër, die seun van 'n Fariseër en oor die versekerde verwagting van die opstanding van die wat dood is, word ek geoordeel."
7 Toe hy dit sê, het daar 'n stryery ontstaan tussen die Fariseërs en die Sadduseërs en die mense het verdeeld geraak,
8 want die Sadduseërs sê dat daar geen opstanding is nie en ook geen boodskapper of gees nie, maar die Fariseërs bely dit alles.
9 Daar was 'n groot geraas en die leraars van die wet, van die party van die Fariseërs, het opgestaan en met hulle geargumenteer en gesê: "Ons vind geen boosheid in hierdie man nie en as 'n gees of 'n boodskapper met hom gepraat het, wat daarvan?"
10 Toe daar 'n groot stryery ontstaan het en die bevelvoerder oor 'n duisend bang was dat Sha'ul deur hulle verskeur sou word, het hy die Romeinse soldate beveel om te gaan en hom met geweld weg te neem onder hulle uit en in die kamp in te bring.
11 Toe dit nag was, het ons Meester by Sha'ul gestaan en gesê: "Wees sterk, want net soos jy aangaande My in Yerushalayim getuig het, net so moet jy ook in Rome getuig."
12 Met dagbreek het sommige van die Jode bymekaargekom en hulleself met 'n eed verbind deur te sê dat hulle nie sou eet of drink voordat hulle Sha'ul doodgemaak het nie.
13 Daar was meer as veertig wat hierdie verbond met 'n eed gesweer het.
14 Hulle het na die priesters en die oudstes toe gegaan en gesê: "Ons het ons met 'n eed tot vervloeking verbind om niks te eet totdat ons Sha'ul doodgemaak het nie.
15 Vra nou, saam met die leiers van die Raad, aan die bevelvoerder oor 'n duisend om hom môre af te bring na u toe, asof u sy optrede noukeuriger wil ondersoek en ons is gereed om hom dood te maak voordat hy by u kom."
16 Die seun van Sha'ul se suster het van die hinderlaag gehoor en het in die kamp ingegaan en dit aan Sha'ul vertel.
17 Sha'ul het een van die kapteins oor 'n honderd nader geroep en gesê: "Vat hierdie jongman na die bevelvoerder oor 'n duisend, want hy het iets om hom te vertel."
18 Daarop vat hy hom saam en bring hom by die bevelvoerder oor 'n duisend en sê: "Die gevangene, Sha'ul, het my geroep en gevra om hierdie jongman na u toe te bring omdat hy iets het om aan u te vertel."

19 Daarop vat die bevelvoerder oor ’n duisend hom by die hand en gaan eenkant toe en vra: “Wat het jy om aan my te vertel?”
20 Die jongman sê vir hom: “Die Jode het ooreengekom om u te vra om Sha’ul môre af te bring na die Raad, asof hulle hom meer noukeurig wil ondervra.
21 U moet hulle nie vertrou nie, want let op, meer as veertig man onder hulle, wat hulleself met ’n eed verbind het om nie te eet of te drink totdat hulle hom dood gemaak het nie, lê hom voor en let op, hulle is nou gereed en wag op u belofte.”
22 Die bevelvoerder oor ’n duisend het die jongman laat gaan en hom beveel: “Vertel aan niemand dat jy my ingelig het nie.”
23 Hy het twee van die kapteins oor ’n honderd na hom toe geroep en gesê: “Kry twee honderd soldate en sewentig ruiters en twee honderd regshandige skuts, gereed om die derde uur (nege-uur die aand) vanaand na Kaisareia te gaan,
24 asook pakdiere sodat hulle Sha’ul daarop kan sit en veilig deurkry na Felix, die goewerneur.”
25 Hy het in ’n brief, wat hy vir hulle wat by hom was, gegee het, as volg geskryf:
26 “Klaudios Lusias aan die hoogedele goewerneur Felix: Groete!
27 Hierdie man is deur die Jode gevang om hom dood te maak en ek het hom met die soldate gehelp en hom gered toe ek verneem dat hy ’n Romein is.
28 Toe ek te wete wou kom wat die aanklag was waarvan hulle hom beskuldig, het ek hom na hulle Raad afgebring
29 en uitgevind dat hy beskuldig word oor strydvrae van hulle wet, maar dat hy nie aangekla word van iets wat die dood of gevangenskap verdien nie.
30 Omdat aan my gerapporteer is dat daar ’n komplot teen die man gesmee word deur die Jode, het ek hom dadelik na u gestuur en ook sy aanklaers gevra om, wat hulle teen hom het, voor u te bring. Gesondheid!”
31 Daarop het die soldate vir Sha’ul gevat, soos hulle beveel is en hom in die nag na Antipatris gebring.
32 Die volgende dag het die ruiters die voetsoldate teruggestuur kamp toe
33 en hulle het hom afgebring na Kaisareia toe, die brief aan die goewerneur oorhandig en Sha’ul voor hom gebring.
34 Toe die goewerneur die brief lees, vra hy uit watter provinsie hy was en toe hy verneem dat hy uit Kilikia is,
35 sê hy vir hom: “Ek sal jou aanhoor wanneer jou aanklaers ook aangekom het.” Toe gee hy bevel dat hy in die paleis van Herodes bewaak moes word.

24 1 Na vyf dae het die hoofpriester, Gananyah, die oudstes en ’n sekere advokaat, Tertullos, afgekom en hulle saak teen Sha’ul by die goewerneur gebring.
2 Toe hy geroep is, begin Tertullos hom beskuldig en sê: “Deur u leef ons in oorvloed van rustigheid en deur u versorging het hierdie nasie uitstekende stabiliteit
3 en ons almal, in elke plek, ontvang u onverdiende guns, Hoogedele Felix.
4 Om u egter nie moeg te maak met baie dinge nie, versoek ek u om ons eenvoudigheid kortliks aan te hoor,
5 want ons het gevind dat hierdie man ’n verleier en ’n opstoker van moeilikheid onder al die Jode in die wêreld is en ’n leier van die sekte van die Natzereners is

6 en probeer het om ons tempel te onteer. Ons het hom gevang en wou hom volgens ons wet oordeel,
7 maar Lusias, die bevelvoerder oor ’n duisend, het gekom, hom met groot geweld uit ons hande gevat, na u gestuur
8 en beveel dat sy aanklaers voor u moet kom. U sal self, ná ondervraging, kan leer van al hierdie dinge waarvan ons hom beskuldig.”
9 Toe het die Jode ook saam uitgeroep en gesê: “Hierdie dinge is so.”
10 Nadat die goewerneur vir hom gewys het om te praat, het Sha’ul geantwoord en gesê: “Omdat ek weet dat u al baie jare lank oor hierdie nasie regter is, verdedig ek my saak met blydskap.
11 Soos u mag weet, is dit nie meer as twaalf dae sedert ek opgekom het na Yerushalayim om te aanbid nie
12 en hulle het my ook nie in die tempel gekry, besig om met iemand te praat of ’n skare bymekaar te maak in hulle bymekaarkomplekke of in die stad nie.
13 Hulle het ook nie die dinge waarvan hulle my nou beskuldig, voor u bewys nie,
14 tog erken ek voor u dat ek volgens die leer waarvan hulle praat, die God van my vaders dien terwyl ek voortgaan om alles te vertrou wat volgens die wet is en wat in die profete geskryf is
15 terwyl ek ’n versekerde verwagting van God het, wat hulle self ook verwag, dat daar ’n opstanding sal wees van dié wat dood is, beide van onskuldiges sowel as die bose;
16 daarom oefen ek my ook voortdurend om altyd voor God en die mense ’n rein gewete te hê,
17 maar ná baie jare het ek gekom om ’n omgeegeskenk (aalmoes) aan my nasie te bring en om te offer.
18 Hiermee was ek besig, nie met mense of met ’n oproer nie, toe sekere Jode uit Asië my in die tempel gekry het nadat ek gereinig is.
19 As hulle, die Jode van Asië, mense opgestook het, behoort hulle hier voor u te wees om aanklagte in te bring as hulle iets teen my het.
20 Of laat hierdie manne self sê of hulle enige verkeerde dade in my gekry het toe ek voor hulle Raad gestaan het,
21 behalwe oor hierdie een stelling wat ek uitgeroep het terwyl ek tussen hulle gestaan het, naamlik: ‘Oor die opstanding van die dode word ek vandag voor u geoordeel’!”
22 Omdat Felix die dinge aangaande hierdie Lewenswyse ten volle geken het, het hy uitgestel en gesê: “Wanneer die bevelvoerder oor ’n duisend afkom, sal ek julle saak aanhoor.”
23 Hy het ook die kaptein oor ’n honderd beveel om Sha’ul te bewaak, met vryheid en dat hy niemand van sy eie mense moes verhinder om hom te bedien nie.
24 ’n Paar dae later het Felix, saam met Drousilla, sy vrou, wat ’n Jodin was, gekom en Sha’ul laat haal en na hom, aangaande die vertroue in dié Gesalfde Een, geluister,
25 maar toe hy praat oor onpartydige opregtheid, afgesonderdheid en die komende oordeel, het Felix baie bang geword en geantwoord: “Gaan weg vir nou en as ek ’n kans kry, sal ek jou laat roep.”

26 Hy het ook gehoop dat Sha’ul hom geld sou gee om hom los te laat; daarom het hy hom ook gereeld laat haal en met hom gepraat,

27 maar twee jaar het verbygegaan en toe kry Felix vir Porkios Festos as opvolger en omdat Felix aan die Jode ’n guns wou bewys, het hy Sha’ul as gevangene agtergelaat.

25 1 Toe Festos in Kaisareia aangekom het, het hy na drie dae opgegaan na Yerushalayim.

2 Die leierpriesters en die leiers van die Jode het hom oor Sha’ul ingelig en hom,

3 as ’n guns, gevra om hom na Yerushalayim te bring (terwyl hulle ’n hinderlaag beplan om hom op die pad dood te maak).

4 Daarop het Festos geantwoord dat Sha’ul in Kaisareia bewaak word en dat hy self spoedig daarheen sou gaan.

5 “Laat dan dié onder julle,” sê hy, “wat bevoeg is, saamgaan en as daar iets verkeerds in hierdie man is, hom beskuldig.”

6 Nadat hy agt of tien dae onder hulle gebly het, het hy na Kaisareia afgegaan en die volgende dag op die regterstoel gaan sit en bevel gegee dat Sha’ul gebring moes word.

7 Toe hy kom, het die Jode wat vanaf Yerushalayim gekom het, rondom hom gestaan en baie en ernstige beskuldigings teen Sha’ul gemaak, wat hulle nie kon bewys nie.

8 Tot sy verdediging het Sha’ul gesê: “Ek het geen oortreding teen die wet van die Jode of teen die tempel of teen die keiser begaan nie.”

9 Omdat Festos aan die Jode ’n guns wou bewys, het hy geantwoord en vir Sha’ul gesê: “Wil jy na Yerushalayim opgaan en daar voor my oor hierdie dinge teregstaan?”

10 Toe sê Sha’ul: “Ek staan voor die regterstoel van die keiser waar ek geoordeel moet word. Teen die Jode het ek nie gesondig nie, soos u ook weet,

11 want as ek oortree het of iets gedoen het wat die dood verdien, weier ek nie om te sterf nie, maar as daar niks is in die dinge waarvan hulle my beskuldig nie, dan kan niemand my aan hulle, by wyse van guns, oorlewer nie. Ek appelleer tot die keiser!”

12 Toe antwoord Festos, nadat hy met die Raad gepraat het: “Na die keiser het jy appelleer; na die keiser sal jy gaan!”

13 Ná verloop van ’n paar dae het koning Agrippus en Bernike in Kaisareia aangekom om na Festos se welstand te vra.

14 Toe hulle verskeie dae daar deurgebring het, het Festos die saak van Sha’ul aan die koning voorgelê en gesê: “Hier is ’n man, deur Felix as gevangene agtergelaat,

15 teen wie die leierpriesters en die oudstes van die Jode, toe ek in Yerushalayim was, ’n oordeel gevra het

16 en ek het hulle geantwoord dat dit nie by die Romeine gewoonte is om enige mens aan die dood prys te gee, voordat die beskuldigde die aanklaers voor hom gehad het en geleentheid tot verdediging in verband met die beskuldigings gekry het nie.

17 Toe hulle dan hier vergader het, het ek sonder enige uitstel die volgende dag op die regterstoel gaan sit en bevel gegee om die man te bring.

18 Sy aanklaers het teen hom gestaan en kon geen bose beskuldiging teen hom bewys soos ek verwag het nie,
19 maar hulle het met hom sekere twisvrae oor hulle eie godsdiens gehad en oor ’n sekere Yeshua wat dood is, van wie Sha’ul verklaar het dat Hy lewe.
20 Omdat ek nie geweet het wat om te doen nie, het ek gevra of hy na Yerushalayim wou gaan en daar oor hierdie dinge teregstaan,
21 maar hy het geappelleer om in bewaring te bly vir ’n keiserlike verhoor en ek het beveel dat hy in bewaring moes bly totdat ek hom na die keiser kon stuur.”
22 Agrippus sê vir Festos: “Ek sou self ook graag die man wil hoor.” Toe antwoord hy: “Môre sal u hom hoor.”
23 Die volgende dag het Agrippus en Bernike toe met groot vertoon in die gehoorsaal ingekom saam met die bevelvoerders oor ’n duisend en die leiers van die stad. Op bevel van Festos is Sha’ul ingebring.
24 Toe sê Festos: “Koning Agrippus en al die manne wat hier saam met ons is, u sien hierdie man oor wie al die Jode in Yerushalayim en ook hier met my gepraat het en uitgeroep het dat hy nie langer behoort te lewe nie,
25 maar omdat ek gevind het dat hy niks gedoen het wat die dood verdien nie en hy self ook na die keiser appelleer het, het ek besluit om hom te stuur,
26 maar ek kan niks beslis oor hom aan die keiser skryf nie; daarom het ek hom voor u gebring en veral voor u, koning Agrippus sodat ek ná die ondersoek sal weet wat ek moet skryf,
27 want dit is nie reg om ’n gevangene te stuur en nie die beskuldigings teen hom te skryf nie.”

26 1 Agrippus sê toe vir Sha’ul: “Jy het toestemming om vir jouself te praat.” Toe steek Sha’ul sy hand uit en verantwoord homself en sê:
2 “Ek ag myself gelukkig, koning Agrippus, dat ek my vandag voor u gaan verantwoord in verband met alles waarvan ek deur die Jode beskuldig word,
3 veral omdat ek weet dat u bekend is met al die vraagstukke en die wette van die Jode; daarom versoek ek u om my geduldig aan te hoor.
4 My lewe van my jeug af, in my land en in Yerushalayim, ken al die Jode, as hulle daarvan wil getuig
5 omdat hulle my van dié tyd af geken het, hoe ek volgens die leer van die Fariseërs geleef het.
6 Nou word ek aangekla oor die versekerde verwagting op die belofte wat God aan die vaders gemaak het,
7 wat ons twaalf stamme, wat ernstig dag en nag bid, verwag om te kom. Oor hierdie versekerde verwagting, koning Agrippus, word ek deur die Jode aangekla.
8 Hoekom word dit deur u as ongelooflik beskou dat God die dooies laat opstaan?
9 Vanuit myself het ek gedink dat ek baie opponerende dinge teen die Karakter en Outoriteit van Yeshua, die Natzerener, moes doen,
10 wat ek ook in Yerushalayim gedoen het. Ek het ook baie van hulle wat afgesonderd was in tronke opgesluit nadat ek van die leierpriesters die outoriteit gekry het en, as hulle doodgemaak is, het ekself daarvoor gestem.

11 In al die bymekaarkomplekke het ek hulle gereeld gemartel en gedwing om kwaad te praat teen die Karakter en Outoriteit van Yeshua en ek het hulle in oormatige woede vervolg, selfs tot in die buitelandse stede.

12 Ek was daárvoor op pad na Dammesek, met outoriteit en toestemming van die leierpriesters,

13 toe het ek, o koning, in die middel van die dag, op die pad, 'n lig uit die hemel, sterker as die glans van die son, gesien, wat rondom my en die wat saam met my gereis het, skyn.

14 Ons het almal op die grond neergeval en ek het 'n stem gehoor wat met my praat en in Aramees sê: 'Sha'ul, Sha'ul, waarom vervolg jy My? Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop.'

15 Toe sê ek: 'Wie is U, my Meester?' Ons Meester sê vir my: 'Ek is Yeshua, die Natzerener, wat jy vervolg.'

16 Hy sê ook vir my: 'Staan op, op jou voete, want om hierdie rede het Ek aan jou verskyn om jou aan te stel as 'n bedienaar en getuie van die dinge wat jy gesien het en van die dinge waarin Ek nog aan jou sal verskyn.

17 Ek sal jou verlos van die Jode en van die ander nasies waarheen Ek jou stuur,

18 om hulle oë oop te maak sodat hulle hul kan wegdraai van die duisternis na die lig en vanaf die outoriteit van die teëstander na God toe en hulle bevryding van sondes en 'n erfenis onder die afgesonderdes kan kry, deur vertroue in My.'

19 As gevolg hiervan, koning Agrippus, het ek nie gestry teen die hemelse visioen nie,

20 maar het ek aan die mense in Dammesek eerste, in Yerushalayim en in die dorpies van Y'hudah, asook aan die ander nasies verkondig om weg te draai van die sonde, na God toe en die dade te doen wat pas by een wat teruggedraai het na God toe.

21 As gevolg van hierdie dinge het die Jode my in die tempel gevang en my probeer doodmaak.

22 God het my tot op hierdie dag gehelp en let op, ek staan en getuig aan klein en groot en sê niks anders as wat die profete en ook Mosheh gesê het, wat sou gebeur nie:

23 dat dié Gesalfde Een moes ly en die Oorsprong sal wees van die opstanding uit die dood en lig verkondig aan die mense en aan die ander nasies."

24 Terwyl hy hom so verantwoord, sê Festos met 'n harde stem: "Jy is mal, Sha'ul; die baie geleerdheid maak jou mal."

25 Sha'ul sê: "Ek is nie mal nie, hoogedele Festos, maar ek praat woorde van waarheid en integriteit,

26 want die koning, met wie ek ook vrymoediglik praat, weet van hierdie dinge, want ek is oortuig dat niks van hierdie dinge hom ontgaan het nie, want dit het nie in die geheim gebeur nie.

27 Vertrou u die profete, koning Agrippus? Ek weet dat u vertrou."

28 Toe sê Koning Agrippus vir Sha'ul: "Jy wil my in 'n kort tydjie oortuig om 'n volgeling van dié Gesalfde Een te word."

29 [*Hierdie vers is nie in die Khabouris Oosterse Aramese kodeks nie*]
30 Die koning, die goewerneur, Bernike en die wat saam met hulle gesit het, het opgestaan
31 en toe hulle uitgaan, praat hulle met mekaar en sê: "Hierdie man het niks gedoen wat die dood of boeie verdien nie."
32 Agrippus sê vir Festos: "Hierdie man kon losgelaat word as hy nie tot die keiser geappelleer het nie."

27 1 Festos het aangaande hom bevel gegee dat hy na die keiser gestuur moet word in Italië en hulle het Sha'ul en die ander gevangenes saam met hom, oorgegee aan 'n kaptein oor 'n honderd van die keiserlike regiment, met die naam van Youlios.
2 Toe dit tyd was vir ons om te gaan, het ons aan boord 'n skip van Adramuttenos gegaan, wat op pad was na die gebied van Asië. Aristargos van Makedonia, 'n man van Thessalonike, het saam met ons opgeklim.
3 Die volgende dag het ons by Tzidon aangeland en Youlios het Sha'ul met omgee behandel en hom toegelaat om na sy vriende toe te gaan en verfris te word.
4 Daarvandaan het ons weggeseil, onderkant Kupros verby omdat die winde teen ons was.
5 Ons het ook die see langs Kilikia en Pamfulia deurgevaar en by Mura in Lukia aangekom.
6 Daar het die kaptein oor honderd 'n skip van Alexandria gekry, wat na Italië sou vaar en ons daarop gesit,
7 maar ons het baie dae lank stadig gevaar en met moeite regoor die eiland Knidos gekom en omdat die wind ons nie toegelaat het nie, onderkant Krete langs gevaar, oorkant die stad Salmone.
8 Toe ons dit met moeite verbygeseil het, kom ons by 'n plek wat Mooihawens genoem word, naby die stad Lasaia,
9 maar omdat baie tyd verbygegaan het, dit al gevaarlik geword het om te seil en die vasdag van 'Yom-Kippur' ook al verby was, het Sha'ul aanbeveel
10 en gesê: "Manne, ek het gesien dat die reis met beserings en groot skade gepaard sal gaan, nie alleen vir die vrag en die skip nie, maar ook vir ons lewens."
11 Die kaptein oor 'n honderd het egter meer na die skeepskaptein en die eienaar geluister as na die woorde van Sha'ul.
12 Omdat die hawe nie geskik was om daar te oorwinter nie, het die meerderheid ook aangeraai om daarvandaan weg te vaar en indien moontlik Foinix, 'n hawe in Krete, wat ooplê na die suide, te bereik om te oorwinter.
13 Toe die suidewind waai, het hulle gedink dat hulle hul plan kon uitvoer en die ankers gelig en teen Krete verbygeseil,
14 maar nie lank daarna nie is 'n tifoonwind wat Tifoon Eurokludon genoem is, op ons neergegooi.
15 Toe die skip vasgevang is en nie teen die wind kon opseil nie, het ons dit aan die wind se hande oorgegee,
16 maar toe ons onderkant 'n eilandjie kom wat Klaude genoem word, kon ons slegs met kragtige moeite die reddingsbootjie onder beheer hou

17 en nadat hulle dit opgetrek het, het hulle toue gebruik om die skip onderom vas te bind en omdat hulle bang was om op die sandbanke te lande te kom, het hulle die seile laat sak en so rondgedrywe.
18 Terwyl ons die volgende dag geweldig deur die storm geteister is, het ons van die vrag oorboord gegooi
19 en op die derde dag het ons met ons eie hande die skeepstoerusting oorboord gegooi.
20 Omdat die storm baie dae lank geduur het en nie die son, die maan of die sterre vir baie dae lank geskyn het nie, is eindelik alle hoop om gered te word, verloor.
21 Toe hulle nie in staat was om die saak te beheer nie, het Sha’ul tussen hulle opgestaan en gesê: “Manne, as julle my vertrou het en nie van Krete afgevaar het nie, sou hierdie ramp en skade gespaar gewees het,
22 maar nou vermaan ek julle om moed te hou, want daar sal hoegenaamd geen verlies van lewe onder julle wees nie, maar alleen van die skip,
23 want daar het in hierdie nag ’n boodskapper van die God aan Wie ek behoort en wat ek ook dien, by my gestaan
24 en hy het gesê: “Moenie bang wees nie, Sha’ul; jy moet voor die keiser staan. Let op, God het almal wat saam met jou vaar as ’n guns aan jou gegee;
25 daarom, hou moed, manne, want ek vertrou God dat dit so sal wees soos vir my gesê is,
26 maar ons moet op ’n sekere eiland strand.”
27 Op die veertiende nag terwyl ons nog in die Adriatiese See ronddrywe, het die matrose omtrent middernag vermoed dat hulle naby land is
28 en hulle het die anker uitgegooi en ses en dertig en ’n half meter gekry en nadat hulle ’n bietjie verder gegaan het, sewe en twintig en ’n half meter.
29 Omdat hulle bang was dat hulle miskien op rotsagtige plekke kon strand, het hulle van die agterskip af vier ankers uitgegooi en gewens dat dit dag moet word.
30 Die matrose het egter probeer om van die skip af te vlug en die reddingsbootjie in die see laat sak onder die voorwendsel dat hulle die skip aan land wou vasmaak.
31 Toe Sha’ul dit sien, sê hy vir die kaptein oor ’n honderd en die soldate: “As hierdie manne nie op die skip bly nie, kan julle nie gered word nie.”
32 Daarop het die soldate die toue van die reddingsbootjie afgekap en hom laat dryf,
33 maar teen dagbreek het Sha’ul almal aangemoedig om te eet en gesê: “Dit is vandag die veertiende dag van gevaar sonder dat julle iets geëet het;
34 daarom vra ek julle om kos te eet, vir die behoud van julle lewe, want van niemand onder julle sal ’n haar van sy kop afval nie.”
35 Toe hy dit gesê het, vat hy brood, dank God in die teenwoordigheid van almal, breek dit en begin eet
36 en hulle het almal moed geskep en kos geëet.
37 Ons was altesaam twee honderd ses en sewentig mense op die skip.
38 Nadat hulle met kos versadig is, het hulle die skip ligter gemaak deur die graan in die see te gooi.

39 Toe dit dag word, het die matrose die land nie herken nie, maar hulle het 'n baai gesien wat 'n strand het, waarop hulle van plan was om die skip te laat strand as hulle kon.
40 Hulle het die ankers losgemaak en in die see gelos en terselfdertyd die roertoue losgemaak. Hulle het die klein bo-seil teen die wind opgetrek en op die strand afgestuur
41 en die skip het op 'n verhoogde plek gestrand tussen twee diep kanale van die see en die skip was vas. Die voorskip het vasgeraak en onbeweeglik bly sit, maar die agterskip is deur die geweld van die branders uitmekaargeslaan.
42 Die soldate wou die gevangenes doodmaak sodat niemand kon wegswem en ontsnap nie,
43 maar die kaptein oor honderd wou Sha'ul red en het hulle gekeer in hulle voorneme en beveel dat die wat kon swem, eerste in die see moes spring om aan land te kom
44 en die ander, sommige op planke en sommige op stukke van die skip. Op die manier het almal veilig aan land gekom.

28 1 Eers agterna het ons geleer dat die eiland Melite genoem word.
2 Die ongekultiveerde mense wat daar gewoon het, het aan ons buitengewone goedheid en liefde bewys, want hulle het 'n groot vuur aangesteek weens die koue en die reën en ons almal daarby verwelkom.
3 Sha'ul het 'n bondel droë hout bymekaargemaak en op die vuur gesit en 'n adder het weens die hitte uitgekom en aan sy hand vasgebyt.
4 Toe die inboorlinge die gevaarlike dier aan sy hand sien hang, sê hulle vir mekaar: "Hierdie man is beslis 'n moordenaar, wat die regverdige oordeel nie laat lewe nie, al is hy uit die see gered."
5 Sha'ul het die adder in die vuur afgeskud en geen kwade gevolge gehad nie.
6 Hulle het verwag dat hy sou opswel of skielik dood neerval, maar nadat hulle lank gewag het en gesien het dat niks kwaads met hom gebeur nie, het hulle van gedagte verander en gesê dat hy 'n god is.
7 Die hoof van die eiland, wie se naam Poblios was, het in die omgewing van daardie plek 'n stuk grond gehad en hy het ons ontvang en drie dae lank vriendelik gehuisves.
8 Poblios se vader het siek gelê aan koors en disenterie en Sha'ul het ingegaan na hom toe en nadat hy gebid het, hom die hande opgelê en hom gesond gemaak.
9 Hierna het ook die ander op die eiland wat siektes gehad het, na hom toe gekom en is gesond gemaak.
10 Hulle het ons ook baie hoog geag en toe ons sou wegvaar, ons, van dit wat ons nodig het, voorsien.
11 Ná drie maande het ons weggevaar in 'n skip van Alexandria met die skeepsmerk "Tweeling," wat op die eiland oorwinter het
12 en ons het by die stad Surakousai geland en drie dae lank daar gebly.
13 Daarvandaan het ons rondgeseil en by die stad Region aangekom, 'n dag later het die suidewind opgekom en op die tweede het ons Potioloi bereik, 'n stad van Italië,

14 waar ons broers gevind het wat ons gevra het om sewe dae by hulle te bly en toe het ons na Rome gegaan.
15 Die broers wat van ons koms gehoor het, het ons tegemoet gekom by die Appiosmark en die Drie Herberge en toe Sha'ul hulle sien, het hy God geloof en is bemoedig.
16 Ons het Rome binnegegaan en die kaptein oor honderd het Sha'ul toegelaat om op sy eie te bly, met 'n soldaat wat hom moes oppas.
17 Ná drie dae het Sha'ul die leiers van die Jode saamgeroep en, nadat hulle bymekaargekom het, vir hulle gesê: "Broers, alhoewel ek niks gedoen het teen ons mense of die tradisies van ons vaders nie, is ek in Yerushalayim as gevangene oorgegee in die hande van die Romeine.
18 Hulle het my ondersoek en wou my loslaat omdat daar by my geen oortreding was wat die dood verdien nie,
19 maar toe die Jode dit teenstaan, was ek verplig om na die keiser te appelleer, nie asof ek iets het om my mense van te beskuldig nie.
20 Om hierdie rede dan het ek gevra om u te sien en met u te praat, want dit is oor die versekerde verwagting van Yisra'el dat ek met hierdie ketting geboei is."
21 Hulle het vir hom gesê: "Ons het geen briewe oor u van Y'hudah ontvang nie, ook het geen van die broers hier aangekom en iets kwaads oor u berig nie,
22 maar ons begeer om van u te hoor, wat u opinie is aangaande hierdie lering, want dit is aan ons bekend dat niemand dit aanvaar nie."
23 Hulle het vir hom 'n dag bepaal en baie het na die plek toe gekom waar hy bly. Van dagbreek tot die aand toe het hy die dinge vir hulle verduidelik en in diepte getuienis gegee aangaande die Koninkryk van God en vanuit die wet van Mosheh en die profete, het hy hulle probeer oortuig aangaande Yeshua.
24 Sommige was oortuig van wat gesê is, maar ander was nie oortuig nie.
25 Hulle was onder mekaar verdeeld en het uitmekaargegaan nadat Sha'ul vir hulle gesê het: "Tereg het die Gees wat Afgesonderd is deur Yesha'yahu, die profeet, teen julle vaders gepraat
26 toe hy gesê het: 'Gaan na hierdie volk en sê: 'Julle sal aanhou hoor, maar nooit verstaan nie en julle sal aanhou kyk en nooit sien nie,'
27 want die verstand, wil en emosie van hierdie mense het hard geword en hulle ore het hulle afgestomp en hulle oë het hulle toegemaak sodat hulle nie miskien met die oë sou sien en met die ore hoor en met die verstand, wil en emosie verstaan en wegdraai van die sonde na My toe en Ek hulle vergewe nie.' Yes 6:9-10
28 Laat dit dan verseker aan julle bekend wees dat die verlossing van God aan die ander nasies gestuur is en hulle luister daarna."
29 *[Hierdie vers is nie in die Khabouris Oosterse Aramese Manuskripte of die oudste Griekse manuskripte nie]*
30 Sha'ul het twee volle jare in sy eie gehuurde huis gebly en almal ontvang wat na hom toe gekom het
31 terwyl hy die Koninkryk van God verkondig en openlik lering gegee het aangaande ons Meester Yeshua, dié Gesalfde Een, sonder verhindering.

Die sesde boek van die Nuwe Verbond

Die brief is deur Ya’akov, die seun van Miryam, moeder van Yeshua, dié Gesalfde Een, geskryf.

# Ya’akov

יעקוב - יעקב

{ Gryp aan die hakskeen / Mislei }

( Jakobus )

Dit is deur Ya’akov, voor die jaar 63, toe hy vermoor is, geskryf.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees - die taal wat Yeshua gepraat het.

1 1 Ya'akov, 'n dienskneg van God en van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, aan die twaalf stamme wat verstrooi is onder die nasies: vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid!
2 Laat daar alle vreugde onder julle wees, my broers, wanneer julle deur allerhande en baie versoekinge gaan
3 omdat julle weet dat die toetsing van vertroue vir julle volharding bereik, [Rom 5:2-5]
4 maar die volharding moet self aanhou werk tot volmaaktheid sodat julle volmaak en volledig kan wees en in niks kortkom nie,
5 maar as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal vrylik gee sonder om te verwyt en dit sal aan hom gegee word. [Spr 2:3-6]
6 Hy moet egter in vertroue vra, sonder om te twyfel, want hy wat twyfel, is soos die golwe van die see wat deur die wind gedryf word, [Ps 37:4]
7 want só 'n mens moenie dink dat hy enige iets van יהוה sal ontvang nie.
8 Wie ook al twyfel in sy gedagtes, het probleme in al sy doen en late.
9 Laat die arm broer roem dat hy opgelig word
10 en die ryke, in sy vernedering, want soos 'n blom van die veld sal hy verbygaan,
11 want die son kom op met sy hitte en laat die plant wegdroog en sy blom afval en die grasie van sy voorkoms word so vernietig; so sal die ryke ook in sy lewe wegkwyn.
12 Geseënd is die man wat volhard as hy getoets word, want as hy die toets deurstaan het, sal hy die kroon van die lewe ontvang, wat God beloof, aan die wat Hom lief het.
13 Laat niemand, as hy versoek word, sê: "Ek word deur God versoek nie," want God is nie bekend met boosheid nie en Hy versoek nie die mens nie, [1 Kor 10:13]
14 maar elkeen word getoets deur sy eie begeertes; hy begeer en word mislei.
15 Hierdie begeerte word verwagtend en gee geboorte aan sonde en as die sonde ontwikkel het, gee dit geboorte aan die dood.
16 Moenie op 'n dwaalspoor gelei word nie, my broers vir wie ek lief is.
17 Alle geskenke wat goed en volmaak is, kom van bo af, vanaf die Vader van Lig. By Hom is daar geen verandering of skaduwee van wysiging nie. [Mal 3:6; 1 Yog 1:5]
18 Omdat Hy wou, het Hy geboorte gegee aan ons deur die boodskap van die waarheid sodat ons die eerstelingoes van Sy skepping kan wees. [1 Kef 1:23; Rom 8:19-23]
19 Elkeen van julle, my broers wat ek lief het, moet gou wees om te luister, stadig om te praat, stadig om kwaad te word,
20 want die woede van 'n man voer nie die onpartydige opregtheid van God uit nie.
21 As gevolg hiervan, raak ontslae van alle verwerplikhede en die oorvloed van booshede en ontvang met nederigheid die boodskap wat in staat is om julle gees te red, wat ingeplant is in ons natuur.
22 Wees 'n doener van die boodskap en nie net 'n hoorder wat jouself mislei nie,
23 want as iemand 'n hoorder van die boodskap is en nie 'n doener nie, is hy soos 'n man wat sy gesig in 'n spieël sien,
24 want hy sien homself en gaan weg en vergeet hoe hy gelyk het,

25 maar elkeen wat diep insien in die volmaakte wet van vryheid en daarin volhard omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n doener van die dade, sal geseënd wees in wat hy doen. Deut 27; Ps 34:16; Rom 2:13
26 As iemand dink dat hy God dien en nie sy tong in toom hou nie, Ps 34:14; 39:2; 141:3 ; Spr 21:23 mislei hy sy eie denke, wil en emosie en die diens van hierdie man is leeg en doelloos.
27 Rein en afgesonderde bediening voor God-die-Vader is dít: om wese en weduwees in hulle moeilikhede te besoek en jou eie lewe sonder besmetting van die wêreld te hou. Yes 1:15-17; Spr 19:17; Heb 13:16

2 1 My broers, laat julle nie die groot en lofwaardige vertroue van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een vashou met inagneming van 'n persoon nie,
2 want as daar in julle bymekaarkomplekke 'n man inkom met goue ringe of met 'n glansende kleed aan en daar kom ook 'n arm man in met vuil klere aan
3 en julle opkyk na hom wat die glanskleed dra en vir hom sê: "Kom, sit u hier op die goeie plek" en vir die arme sê julle: "Gaan, staan jy daar of sit hier voor ons voetbank," Lev 19:15; Deut 16:19; Spr 24:23
4 let op, is julle dan nie in julleself verdeeld en het vertolkers van bose motiewe geword nie?
5 Luister, my broers vir wie ek lief is: het God nie die armes van hierdie wêreld gekies as rykes in die vertroue sodat hulle erfgename van die Koninkryk, wat Hy beloof het aan die wat Hom lief het, kan wees nie?
6 Julle het egter die arm man verneder. Is dit nie die rykes wat julle onderdruk en julle voor die regbanke sleep nie?
7 Let op, is dit nie húlle wat die goeie Naam (Karakter en Outoriteit) belaster wat oor julle uitgeroep is nie?
8 As julle die geskrewe wet van God hierin uitvoer soos dit geskryf is: jy moet jou naaste liefhê soos jouself, Lev 19:18 ; Yog 14:15 dan doen julle goed,
9 maar as julle partydig is, doen julle sonde en word julle deur die geskrewe wet veroordeel as oortreders van die geskrewe wet. Deut 1:17
10 Wie ook al die hele geskrewe wet gehoorsaam, maar in een ding struikel, word deur die hele wet skuldig bevind, Lev 4:2
11 want Hy wat gesê het: Jy mag nie egbreuk pleeg nie, het ook gesê: jy mag nie moord pleeg nie. Eks 20:13; Deut 5:17 As jy nie egbreuk pleeg nie, maar moord pleeg, het jy 'n oortreder van die geskrewe wet geword.
12 Julle moet aanhou om só te praat en só te doen soos mense wat deur die geskrewe wet van vryheid geoordeel sal word,
13 want die oordeel is sonder verskoning teenoor die wat nie liefdevolle omgee gee nie; met liefdevolle omgee het jy heerskappy oor die oordeel.
14 Wat is die voordeel, my broers, as iemand sê dat hy die 'geloof' het, maar hy het nie die dade nie? Kan sy 'geloof' hom red?
15 As 'n broer of 'n suster kaal is en nie kos vir die dag het nie
16 en enige van julle sou vir hulle sê: "Gaan heen in vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid, wees warm, wees versadig, maar julle gee hulle nie dit wat vir die liggaam nodig is nie; watter voordeel het dit?

17 Net so is ook die ‘geloof’, as dit geen dade het nie, in sigself dood,
18 want iemand sê vir jou: jy en ek het ‘geloof’; ek het werke. [Efe 2:8-10] Wys my jou ‘geloof’ sonder dade en ek sal jou my vertroue deur my dade wys.
19 Jy vertrou dat God één is. [Deut 6:4] Jy doen goed. Die demone glo dit ook en hulle bewe,
20 maar wil jy weet, o nietige mens, dat die ‘geloof’ sonder werke dood is?
21 Is Avraham, ons vader, nie vanuit sy dade onskuldig verklaar toe hy Yitz’gak, sy seun, op die altaar gesit het nie? [Gen 22:1-19]
22 Sien jy dat sy vertroue sy dade bevestig het en dat sy vertroue volmaak geword het deur dade?
23 Die Skrif is vervul wat sê: “Avraham het God vertrou en dit is hom tot onpartydige opregtheid gereken [Gen 15:6; Rom 4:3] en hy is ’n vriend van God genoem.” [Yes 41:8; 2 Kro 20:7]
24 Sien julle dat die mens onskuldig verklaar word deur dade en nie alleen deur die ‘geloof’ nie?
25 Is Ragav, die prostituut, [Y’ho 2:8-21; 6:25] nie ook net so onskuldig verklaar deur haar dade toe sy die boodskappers ontvang en met ’n ander pad weggestuur het nie?
26 Net soos die liggaam sonder gees dood is, net so is ook die ‘geloof’ sonder dade dood.

3 1 Daar moenie baie leermeesters onder julle wees nie, my broers, want julle weet dat ons ’n groter beoordeling sal ontvang,
2 want ons almal struikel dikwels. Elkeen wat nie struikel in wat hy sê nie; hy is ’n volmaakte man, in staat om ook die hele liggaam te beheer. [Spr 18:21]
3 Let op, ons sit stange in die perde se bekke sodat hulle ons gehoorsaam kan wees en ons draai hulle hele liggaam daarmee.
4 Ook soos skepe, magtig en deur sterk winde voortgedryf, deur ’n baie klein, harde stukkie hout gestuur word net waarheen die stuurman wil;
5 net so is die tong ook ’n klein ledemaatjie en het heerskappy. ’n Klein vuurtjie steek ’n groot woud aan die brand! [Ps 34:14; Ya’a 1:26]
6 Die tong is ook ’n vuur en die wêreld van boosheid soos ’n oerwoud. Die tong op sy eie onder die lede, besmet ons hele liggaam en dit steek die opeenvolgende generasies aan, wat soos wiele voortrol en brand soos vuur,
7 want die natuur van alle soorte wilde diere, voëls, reptiele, sowel as seediere, word getem deur die menslike natuur,
8 maar die mens is nie in staat om die tong te tem nie. Dit is onbeheerbaar boos, vol dodelike gif.
9 Daarmee seën ons יהוה-die-Vader en daarmee vervloek ons mense, wat gemaak is na die beeld van God. [Gen 1:26-27]
10 Uit dieselfde mond kom vervloeking en seëninge. Dit, my broers, behoort nie so te wees nie.
11 Is dit moontlik dat uit dieselfde fontein vars en bitter water uitkom?
12 Of kan ’n vyeboom, my broers, olywe dra, of ’n wingerdstok, vye? Net so word bitter water nie soet gemaak nie.

13 Wie is wys en intelligent onder julle? Laat hom sy goeie dade wys in 'n mooi lewenswyse, in die wysheid van nederigheid,
14 maar as daar bittere jaloesie en selfsug in julle gedagtes, wil en emosies is, moenie grootpraat en lieg teen die waarheid nie.
15 Hierdie wysheid kom nie van bo af nie, maar is aards, uit die denke van die self en vanaf demone,
16 want waar jaloesie en selfsug is, daar is wanorde en allerhande bose dinge,
17 maar die wysheid van bo is rein, vol vrede, sag, gee aandag, vol van liefde en goeie vrugte; sonder verdeeldheid of die aanneming van 'n persoon,
18 maar vrugte van onpartydige opregtheid, [Yes 32:17; Mat 7:16-20; Gal 5:22,23; Heb 12:11] wat in kalmte gesaai word deur hulle wat vrede maak.

4 1 Waar kom bakleiery en stryery onder julle vandaan? Is dit nie vanuit julle begeertes, wat in julle lede baklei nie?
2 Julle begeer ernstig en julle het nie. Julle pleeg moord en is jaloers en julle kan niks kry nie. Julle stry en baklei en julle het nie omdat julle nie vra nie.
3 Julle vra en julle ontvang nie omdat julle met bose redes vra, om julle begeertes te voed.
4 Egbrekers, weet julle nie dat vriendskap met die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie daarom kies om 'n vriend van hierdie wêreld te wees, is 'n vyand van God,
5 of dink julle miskien dat die Skrif sonder rede sê: 'Die Gees wat in ons woon, begeer met jaloesie'?
6 Ons Meester gee ons groter onverdiende guns, want Hy sê dít: "God verneder die trotses, maar aan die nederiges gee Hy onverdiende guns." [1 Kef 5:5]
7 Wees dan gehoorsaam aan God en staan op teen die teëstander [Yir 1:17; 1 Kefa 5:9; Efe 6:10; 2 Tim 1:8] en hy sal van julle af wegvlug.
8 Kom nader na God toe en Hy sal nader kom na julle toe. [Z'kh 1:3] Sondaars, reinig julle hande; [Yes 1:15-16; Ps 24:4] twyfelaars, sonder julle gedagtes, wil en emosies af!
9 Wees nederig, treur en huil. Laat julle gelag in rou verander word en julle blydskap in droefheid.
10 Wees nederig voor יהוה en Hy sal julle oplig.
11 Broers, moenie teen mekaar praat nie. Hy wat teen sy broer praat en sy broer oordeel, praat teen die wet en oordeel die wet en as jy die wet oordeel, is jy nie 'n doener van die wet nie, maar sy regter.
12 Hy wat die geskrewe wet gee en oordeel, is een. Wie is in staat om aan jou lewe te gee en jou te vernietig? Jy, wie is jy wat jou naaste oordeel?
13 Wat sal ons sê van hulle wat sê: "Vandag of môre sal ons na 'n stad toe gaan en daar een jaar lank werk en handeldrywe en wins maak"
14 en hulle weet nie eens wat môre bring nie, [Spr 27:1] want soos wat is ons lewe? Dit is 'n mis wat vir 'n kort tydjie verskyn en dan verdwyn en weggaan.
15 In plaas dat hulle sê: "As יהוה wil en ons lewe, sal ons dit of dat doen,"
16 maar nou roem hulle in hul trots. Al sulke roem is boosheid.
17 Wie ook al weet wat goed is en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde.

5 1 O, julle rykes, kerm en huil oor die ellendes wat oor julle kom.
2 Julle rykdom is verrot en stink en julle klere is deur die motte geëet.
3 Julle goud en silwer is verroes en hulle roes sal tot 'n getuienis teen julle wees en sal, soos 'n vuur, julle vlees verteer, dit wat julle vir die laaste dae vir julle bymekaar gemaak het! Luk 12:33
4 Let op, die loon van die arbeiders, wat julle lande afgeoes het, wat deur julle bedrog teruggehou is, roep uit Lev 19:13 en die geroep van die wat geoes het, het gekom tot die ore van יהוה, God van die hemelse leërmag.
5 Julle het op die aarde uitspattig gelewe en julle ooreet. Julle het jul liggame vet gevoer soos vir 'n slagdag.
6 Julle het Die Onskuldige Een veroordeel en vermoor; Hy het nie teen julle weerstand gebied nie.
7 Wees julle egter, net soos die plaasboer wat die kosbare vrugte van die aarde afwag en geduld het daarmee totdat hy die vroeë- en die laatreën ontvang het, geduldig, my broers, Deut 11:14; Yir 5:24; Yo'el 2:23 tot by die koms van יהוה.
8 Julle moet ook net so geduldig wees, versterk julle verstand, wil en emosie, want die koms van ons Meester kom nader.
9 Moenie kla teenoor mekaar nie, my broers sodat julle nie geoordeel word nie. Let op, die Regter staan voor die deur.
10 My broers, neem die profete wat in die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה gepraat het, vir julle as voorbeeld van geduld, in julle lyding.
11 Let op, ons noem hulle wat uithou en aanhou gelukkig. Julle het gehoor van die volhardende geduld van Iyov en julle weet wat die einddoel van יהוה met hom was omdat יהוה vol liefdevolle omgee en onverdiende guns is. Eks 34:6; Ps 103:8; Ps 111:4
12 Bo alles, my broers, moenie 'n eed sweer by die hemel nie, ook nie by die aarde nie en ook nie by 'n ander eed nie, maar laat julle "ja" ja wees en julle "nee" nee sodat julle nie onder 'n oordeel val nie. Mat 5:33-37
13 Is daar iemand onder julle wat ly? Laat hom bid. Is iemand vrolik? Laat hom met musiek en instrumente sing.
14 Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die oudstes van die gemeente roep en laat hulle oor hom bid en hom in die Karakter en Outoriteit van ons Meester met olie salf
15 en die gebed van vertroue sal die sieke gesond maak; ons Meester sal hom herstel en as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word.
16 Erken julle oortredinge teenoor mekaar en bid vir mekaar sodat julle genees kan word. Die gebed van 'n onskuldige is baie kragtig en effektief.
17 Eliyahu was 'n mens onderworpe aan lyding, net soos ons; hy het gebid dat dit nie moes reën nie en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie
18 en hy het weer gebid, 1 Kon 17:1; 18:42-45 en die hemel het reën gegee en die aarde het sy vrugte gegee.
19 My broers, as een van julle van die pad van die waarheid afgedwaal het en iemand hom van sy fout af laat omdraai na God toe,
20 laat hy weet dat die een wat 'n sondaar van die foute van sy lewe, na God toe laat omdraai, 'n gees uit die dood red en 'n menigte sondes bedek.

Die sewende boek van die Nuwe Verbond

Die eerste brief geskryf deur Kefa, een van die twaalf afgevaardigdes van Yeshua, dié Gesalfde Een.

# 1 Kefa

כאפא

{ Rots of Klip }

( 1 Petrus )

Dit is bes moontlik in die jaar 64, vanaf Bavel, geskryf.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees - die taal wat Yeshua gepraat het.

1 1 Kefa, 'n afgevaardigde van Yeshua, dié Gesalfde Een, aan die gekoses en die
pelgrims, wat verstrooid is in Pontos, Galatia, Kappadokia, Asië en Bithunia;
2 hulle wat gekies is volgens die voorkennis van God-die-Vader, deur die
afgesonderdheid van die Gees sodat hulle sal wees tot gehoorsaamheid en tot
besprinkeling met die bloed van Yeshua, dié Gesalfde Een: onverdiende guns en
vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid word vermenigvuldig
vir julle!
3 Geseënd is God, die Vader van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, wat in Sy
groot omgee vir ons die geboorte gegee het van bo af, [Yog 3:3] deur die opstanding van
Yeshua, dié Gesalfde Een, uit die dood, tot die versekerde verwagting van lewe
4 en tot 'n erfenis wat nie vernietig of besoedel word of verwelk nie, wat in die hemel
vir julle voorberei word
5 terwyl julle deur die krag van God en vertroue in stand gehou word vir dié lewens
wat gereed is om openbaar te word in die laaste tyd.
6 Lewens waarin julle jul vir ewig sal verheug, alhoewel julle, vir 'n kort tydjie, moeg
gemaak word deur allerhande versoekings wat skielik oor julle kom
7 sodat die egtheid van julle vertroue, wat baie kosbaarder is as fyn goud, wat vergaan,
maar deur vuur gesuiwer word, gewys mag word as prysenswaardig, kosbaar en tot
eer, lof en grootheid by die openbaring van Yeshua, dié Gesalfde Een;
8 Hy vir Wie julle nie gesien het nie en Hom lief het en deur Sy vertroue julle verbly
met 'n heerlike blydskap wat nie uitgespreek word nie
9 sodat julle die einddoel van julle vertroue, die redding van julle gees, kan ontvang.
10 Die profete wat geprofeteer het aangaande hierdie lewens, het hierdie onverdiende
guns wat vir julle bestem is, ondersoek en nagevors.
11 Hulle het ondersoek na watter tyd of geleentheid die Gees van dié Gesalfde Een,
wat in hulle was, gewys het, toe Hy vooruit getuig het van die lyding wat oor dié
Gesalfde Een sou kom en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid daarna.
12 Aan hulle is openbaar sodat hulle nie hulleself nie, maar vir ons bedien het deur dié
dinge wat nou aangekondig is deur dié wat die goeie nuus aan julle verkondig het in
die Gees wat Afgesonderd is, wat vanaf die hemel gestuur is; hierdie dinge waarin
ook die boodskappers begeer om in te sien.
13 Bind daarom die heupe van julle verstand vas, [Yes 11:5; Efe 6:14] wees volkome waaksaam
en verwag die onverdiende guns wat julle deel word by die openbaring van Yeshua,
dié Gesalfde Een,
14 soos gehoorsame seuns en moenie weer deel kry aan julle vorige begeertes wat
julle sonder kennis begeer het nie, [Iyov 36:21]
15 maar wees afgesonderdes in al julle lewenswyses, soos wat Hy wat julle geroep
het, afgesonderd is
16 omdat daar geskrywe is: [Lev 11:44,45; 19:2; 20:7,26; 21:8] "Wees afgesonderd, soos Ek
afgesonderd is."
17 As julle jul op Hom as Vader beroep, wat onpartydig oordeel volgens elkeen se
dade, leef dan in respekvolle vrees gedurende dié tyd [Efe 2:19-22] wat julle vreemdelinge
is

18 omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is
uit julle leë dade wat tradisioneel deur die vaders oorgedra is nie, [Yes 52:3]
19 maar deur die kosbare bloed van die Lam, waarin geen gebrek of vlek is nie, wat
dié Gesalfde Een is, [Heb 9:13,14]
20 wat wel voor die tyd hiervoor aangestel is, voor die vorming van die wêreld, maar
in hierdie laaste tye openbaar is, om julle ontwil.
21 Julle, wat deur Hom, in God, wat Hom uit die dood uit opgewek en aan Hom eer,
lof en goedheid gegee het, vertrou het sodat julle vertroue en versekerde verwagting
in God kan wees,
22 soos julle lewens afgesonder sal word in gehoorsaamheid aan die waarheid en
gevul word met liefde, sonder aanneming van ’n persoon sodat julle mekaar sal
liefhê uit ’n skoon en volmaakte verstand, wil en emosie,
23 soos mense wat van bo af gebore is, [Yog 3:3; Ya’a 1:18] nie uit verganklike saad nie, maar
uit onverganklike, deur die Lewende boodskap van God, wat tot in ewigheid bly,
24 want alle vlees is soos gras en al die eer en lof van die mens soos ’n veldblom. Die
gras verdor en die blom val af,
25 maar die woorde van ons God bly tot in ewigheid [Yes 40:6-8] en dit wat Hy gesê het, is
die goeie boodskap wat aan julle verkondig is. [Yog 1:1; 1Yog 1:1]

2 1 Gooi daarom alle boosheid, alle misleiding, huigelary, afguns en alle agteraf
kwaadpratery af.
2 Verlang sterk, soos babas wat nog drink, na die suiwer en geestelike melk van die
boodskap, waardeur julle sterk kan groei vir die lewe, [Heb 5:13,14]
3 as julle geproe en gesien het dat יהוה goed is; [Ps 34:9]
4 Hy na Wie julle naderkom, die Lewende Steen, wat deur die mense verwerp is, maar
deur God gekies en kosbaar is. [Efe 2:20]
5 Julle word net so as lewende stene opgebou en julle het ’n geestelike tempel en
afgesonderde priesters geword, om geestelike offers te bring wat vir God aanvaarbaar
is deur Yeshua, dié Gesalfde Een. [Yir 33:21; Rom 12:1; Heb 7:12; 12:28; Open 1:6; 5:10]
6 Dit word gesê in die Skrifte: “Let op, Ek lê in Tziyon ’n goedgekeurde en kosbare
Hoeksteen en hulle wat in Hom vertrou, sal nooit beskaam word nie.” [Yes 28:16; Rom 9:33]
7 Vir die wat aanhou vertrou, is hierdie eer gegee, maar vir die wat nie vertrou nie
8 is Hy: “’n Klip van struikeling en ’n Rots van aanstoot” [Yes 8:14; Mat 11:5,6] en hulle struikel
daaroor deurdat hulle nie die boodskap gehoorsaam waaroor hulle aangestel is nie.
9 Julle is ’n gekose nasie, [Yes 43:20] om te dien as priesters [Yes 61:6; Open 1:6; 20:6] in die Koninkryk,
’n afgesonderde volk, [Eks 19:6] bymekaargemaak en bevry, om die lofprysinge van
Hom, wat julle uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig,
10 julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; vir wie niemand
omgegee het nie, maar nou word omgee oor julle uitgestort. [Hos 2:25; Rom 9:25]
11 Julle vir wie ek lief het, ek versoek julle, as tydelike bewoners en vreemdelinge,
om julle te onthóu van vleeslike begeertes wat baklei teen die gees
12 en laat julle manier van lewe onder al die mense mooi wees sodat hulle wat van
julle kwaad praat, julle goeie dade kan sien en God kan eer, loof en aanbid in die
dag van beoordeling.

13 Wees dan ondergeskik aan alle mense ter wille van God; aan konings, as gevolg van hulle outoriteit; [Yir 29:7; Mat 22:19-21; Rom 13:1-7; 1 Tim 2:2; Tit 3:1]
14 aan regters, want hulle is vanaf Hom gestuur om kwaaddoeners te straf en om die wat goed doen, te prys,
15 want só is dit die wil van God: dat julle deur goed te doen, die monde van dwase mense sal stilmaak
16 soos vrymense en nie soos hulle wat die vryheid as 'n verskoning vir die boosheid gebruik nie, maar soos slawe van God.
17 Julle moet almal eer, die broers liefhê, God respekvol vrees en die koning eer.
18 Huisbediendes, wees aan julle meesters gehoorsaam met alle vrees, nie alleen aan die wat goed en sag is nie, maar ook aan die harde en bose,
19 want daar is onverdiende guns vir iemand as hy, ter wille van sy gewete voor God, leed verdra wat van die Bose een af kom,
20 want watter eer is daar as julle verdra wanneer julle as gevolg van dwaasheid verkeerd doen en geslaan word? As julle egter verdra wanneer julle goed doen en ly, dan word julle eer en lof voor God opgelig,
21 want hiertoe is julle geroep omdat dié Gesalfde Een ook in julle plek gesterf en vir julle 'n voorbeeld nagelaat het sodat julle in Sy voetspore kan volg. [1 Yog 2:6]
22 Hy wat geen sonde gedoen het nie [Yes 53:9] en in wie se mond geen bedrog gevind is nie;
23 Hy wat beledig is en nie beledig het nie; Hy het gely en niemand gedreig nie, maar het Sy oordeel oorgegee aan Hom wat regverdig oordeel;
24 Hy het al ons sondes [Yes 53:4,12] in Sy liggaam op die kruishout [Deut 21:22,23] opgelig en as ons dood is aan sondes, sal ons in Sy onpartydige opregtheid lewe. Deur Sy wonde is julle gesond gemaak, [Mal 3:17-20; Yes 53:4,5,10; Ps 103:2,3; Mat 8:14-17; Rom 4:25; 1 Kor 15:3]
25 want julle was soos verdwaalde skape, maar nou het julle teruggedraai na die Skaapwagter en Omgeegewer van julle lewe. [Yes 53:6]

3 1 Net so moet julle, vroue, gehoorsaam wees aan jul eie mans sodat die wat nie die boodskap gehoorsaam nie, deur jou mooi lewenswyse, sonder inspanning, gewen kan word
2 wanneer hulle sien dat julle respekvol, met oorleg en goeie oordeel optree.
3 Julle versiering moenie uiterlik wees nie: vlegsels in julle hare, juweliersware van goud of fyn klere nie, [Spr 1:9; Spr 31:30]
4 maar wees versier in die geheime van die gedagtes, wil en emosie van die mens, in die onverganklike versiering van 'n nederige gees wat baie kosbaar is voor God, [Mat 5:3]
5 want net só het ook die afgesonderde vroue, wat 'n versekerde verwagting in God gehad het, vroeër hulleself versier en hulle was gehoorsaam aan hulle eie mans,
6 soos wat Sarah gehoorsaam was aan Avraham en hom 'my meester' [Gen 18:12] genoem het, wie se kinders julle geword het as julle goed doen en geen bedreiging vrees nie.
7 Julle, manne, moet op dié manier met hulle saamleef: met kennis en hulle as swakkeres met eer behandel omdat julle ook mede-erfgename van die geskenk van ewige lewe is sodat julle nie in julle gebede mag struikel nie.

8 Die slotsom is dat almal van julle in harmonie met mekaar moet wees; ly saam met die wat ly, wees lief vir mekaar en wees vol liefdevolle omgee en nederigheid.

9 Vergeld geen persoon kwaad met kwaad of beledigings met beledigings nie, maar in plaas van hierdie dinge, wees ’n seën, want hiervoor is julle geroep sodat julle die seën kan erf.

10 Wie ook al daarom die lewe begeer en lief is om goeie dae te sien, laat hom sy tong weerhou van wat boos is en sy lippe moet geen bedrog praat nie. [Ps 34:14; 39:2; 141:3]

11 Hy moet wegdraai van wat boos is en doen wat goed is; hy moet vrede soek en dit najaag,

12 want die oë van יהוה is op die onskuldiges, Sy ore om hulle te hoor, maar die gesig van יהוה is teen die boosheid.” [Ps 34:13-17]

13 Wie is dit wat julle kwaad sal aandoen as julle ywerig is vir die goeie?

14 As julle ly ter wille van die onpartydige opregtheid, is julle baie gelukkig en moenie vir hulle wat julle terroriseer bang wees nie en moenie uitgelok word nie,

15 maar sonder Die Meester, dié Gesalfde Een, in julle verstand, wil en emosie af en wees gereed om elkeen wat ’n verklaring vra van die versekerde verwagting van julle vertroue, te antwoord met nederigheid en respekvolle vrees

16 terwyl julle ’n goeie gewete het sodat díe wat van julle kwaad praat soos van kwaaddoeners, wat julle mooi lewenswyse verwerp wat in dié Gesalfde Een is, beskaam mag word as mense,

17 want dit is vir julle tot voordeel, as dit die wil van God is dat julle ly wanneer julle goed doen en nie wanneer julle kwaad doen nie,

18 want dié Gesalfde Een het ook eenmaal as gevolg van ons sondes gesterf, die Onskuldige Een, [1 Yog 2:1] ter wille van sondaars, om julle na God toe te bring. Hy het gesterf na die liggaam, geleef in die Gees

19 en verkondig aan die geeste wat in Sh’ol gevange gehou is;

20 die wat lank terug, in die dae van Noag, nie oortuig is nie, toe die langdurige geduld van God beveel het dat daar ’n ark gebou word, waarin slegs agt ingegaan het en aan die lewe gehou is, op die verwagting van hulle berou en omkeer, deur die water.

21 Net so word julle ook in Hom deur die beeld, die doop, gered, nie as ’n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar wanneer julle God bely in ’n skoon gewete en deur die opstanding van Yeshua, dié Gesalfde Een, [Rom 6:3-8; 2 Kor 5:17; Efe 2:11]

22 Hy wat in die hemel in begelei en aan die regterhand van God is [Ps 110:1] en boodskappers, outoriteite en kragte aan Hom onderwerp.

4 1 As dié Gesalfde Een daarom in julle plek na die liggaam gely het, het julle ook dieselfde gesindheid verkry: dat elkeen wat aan sy vleeslike liggaam gesterf het, opgehou het met alle sonde,

2 om gedurende die tyd wat hy in die vlees is, nie meer volgens menslike begeertes te leef nie, maar volgens die wil van God,

3 want dit is genoeg dat julle in die tyd wat verby is, die wil van die ander nasies uitgevoer het in julle lewens deur in losbandigheid, dronkenskap, hoerery, orgies en in die aanbidding van demone te leef.

4 Let op, nou is hulle verbaas en beledig julle as julle nie saam met hulle in die losbandigheid instorm nie.
5 Hulle sal rekenskap gee aan God, wat die lewende en die wat dood is, sal oordeel,
6 want as gevolg hiervan het Hy ook aan die dooies die goeie boodskap verkondig sodat hulle in die vlees geoordeel kan word as mens, maar sal lewe deur God in die Gees,
7 maar Hy, die Einde van alles, het gekom. As gevolg hiervan, wees beskaamd en word wakker om te bid.
8 Voor enige iets anders moet julle mekaar aanhou liefhê, want die liefde bedek 'n menigte sondes.
9 Wys liefde teenoor vreemdelinge sonder om te kla.
10 Laat elkeen van julle sy naaste met die geestelike gawe wat hy ontvang het, dien soos goeie hoofde van die unieke huis van onverdiende guns van God. [1 Kor 12:7-11]
11 As iemand praat, laat dit wees volgens die woorde van God; as iemand dien, laat dit wees vanuit die krag wat God hom gee sodat God in alles wat julle doen, geëer, geloof en aanbid kan word deur Yeshua, dié Gesalfde Een, aan Wie die eer, lof, grootheid en krag toekom vir 'n tydlose ewigheid. Dit is waar.
12 Julle vir wie ek lief is, verbaas julle nie oor die toetsinge wat oor julle kom, asof iets vreemds met julle gebeur nie, want dit is tot julle toetsing,
13 maar verheug julle daarin dat julle deel aan die lyding van dié Gesalfde Een, want net so sal julle jul ook verheug in die openbaring van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid en spring van vreugde.
14 As julle beledig word oor die Karakter en Outoriteit van dié Gesalfde Een, is julle gelukkig omdat die Gees van eer, lof en aanbidding van God op julle rus, [Mat 5:11]
15 solank niemand van julle as moordenaar, dief of boosdoener ly nie.
16 As een egter as 'n volgeling van dié Gesalfde Een ly, moet hy hom nie skaam nie, maar laat hom God daardeur loof in hierdie Karakter en Outoriteit (Naam),
17 want dit is tyd dat die oordeel moet begin by die huis van God. As dit egter by ons begin, wat sal die gevolg wees vir dié wat nie oortuig is van die goeie boodskap van God nie?
18 As die onskuldige skaars kan lewe, [Spr 11:31] waar sal die bose en sondaar gevind word?
19 As gevolg hiervan, laat die wat volgens die wil van God ly, hulle gees aan Hom toevertrou deur goeie dade, soos aan 'n vertrouenswaardige Skepper.

5 1 Ek beroep my op die oudstes onder julle, ek wat 'n mede-oudste en getuie van die lyding van dié Gesalfde Een is en deelgenoot is aan Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid wat openbaar sal word:
2 wees 'n herder vir die kudde van God wat julle volg en versorg hulle geestelik, nie uit dwang nie, maar met plesier; nie vir vuil wins nie, maar vanuit jou hele verstand, wil en emosie;
3 nie as base oor die kudde nie, maar as uitstekende voorbeelde vir hulle
4 en wanneer die Hoofherder openbaar sal word, sal julle 'n onverganklike kroon van eer en lof van Hom ontvang. [Yeg 34:1-]

5 Julle jongeres, moet aan jul oudstes gehoorsaam wees en wees almal streng aangetrek
met nederigheid in julle gedagtes teenoor mekaar, want God opponeer die trotses,
maar aan die nederiges gee Hy onverdiende guns. Ya'a 4:6
6 Word nederig gemaak onder die kragtige hand van God sodat dit julle kan oplig op
die regte tyd.
7 Werp al julle bekommernisse op God, want Hy sorg vir julle. Ps 55:23
8 Wees waaksaam en wakker, want julle vyand, die teëstander, brul soos 'n leeu en
loop rond en soek wie hy kan verslind.
9 Staan daarom teen hom Ya'a 4:7 terwyl julle vasstaan in vertroue en weet dat julle
broers oor die wêreld dieselfde lyding ondergaan.
10 Die God van onverdiende guns, wat ons geroep het tot Sy ewige Gemanifesteerde
Teenwoordigheid deur Yeshua, dié Gesalfde Een; Hy wat vir ons gee terwyl ons
hierdie klein bietjie smart vir 'n kort tydjie ly, om bekragtig, bevestig en vas te word
in Hom tot in ewigheid;
11 aan Hom die eer, lof, aanbidding en die krag vir 'n tydlose ewigheid! Dit is waar.
12 Hierdie paar dinge het ek gedink om aan julle, deur Silvanuss, te skryf, van wie ek
oortuig is dat hy 'n vertrouenswaardige broer is en ek getuig dat hierdie die ware
onverdiende guns van God is waarin julle staan.
13 Die gekose gemeente in Bavel en Markos, my seun, stuur vrede vir julle.
14 Stuur vrede vir mekaar met 'n afgesonderde soen van liefde. Vrede, vreugde,
gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir julle almal wat in dié Gesalfde Een
is!

Dit is waar!

Die agste boek van die Nuwe Verbond

Die tweede brief geskryf deur Kefa, een van die twaalf afgevaardigdes van Yeshua, dié Gesalfde Een.

# 2 Kefa

כאפא

{ Rots of Klip }

( 2 Petrus )

Dit is bes moontlik kort na die eerste brief in die jaar 64, vanaf Bavel, geskryf.

In Afrikaans vertaal vanuit "John Gwynn's edition of the General Epistles from The Crawford Aramaic manuscript," vanuit Aramees - die taal wat Yeshua gepraat het.

1 1 Shim'on Kefa, 'n slaaf en afgevaardigde van Yeshua, dié Gesalfde Een, aan
die wat waardig geag is tot vertroue, gelyk aan ons in eer, deur die onpartydige
opregtheid van ons Meester en ons Verlosser, Yeshua, dié Gesalfde Een:
2 mag die onverdiende guns en vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en
vergenoegdheid vir julle vermeerder word deur die leringe van ons Meester, Yeshua,
dié Gesalfde Een!
3 As die Een wat vir ons al daardie dinge deur Sy lering gegee het, wat vanuit die
Goddelike krag is, saam met die lewe en die aanbidding van God, het Hy ons geroep
in Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid en Grootsheid;
4 Hy wat deur hierdie groot en kosbare verklarings aan julle gegee het om deel te wees
aan hierdie Goddelike natuur wanneer julle vlug van die korrupsie van die begeertes
wat in die wêreld is.
5 Daar is nog dit: wanneer julle met ywer alles gebring het, voeg by julle vertroue,
goedheid en by die goedheid, kennis
6 en by die kennis, volharding en by die volharding, geduld en by die geduld,
respekvolle vrees vir God
7 en by die respekvolle vrees vir God, liefdevolle omgee vir die broers en by die
liefdevolle omgee vir die broers, liefde,
8 want as julle hierdie dinge het en dit meer word, is hulle nie leeg of onvrugbaar in
julle nie, maar vestig dit julle in die leringe van ons Meester Yeshua, dié Gesalfde
Een.
9 Hy wat hierdie dinge nie het nie, is blind en het vergeet van die reiniging van sy
vorige sondes.
10 Aangaande dit, broers, doen moeite om julle roeping en verkiesing seker te maak
deur goeie dade, want wanneer julle hierdie dinge doen, sal julle nooit val nie,
11 want só word daar ryklik vir julle ingang gegee in die ewige Koninkryk van ons
Meester en Verlosser, Yeshua, dié Gesalfde Een.
12 Ek word nie moeg om julle aan die waarheid van hierdie dinge te herinner nie,
alhoewel julle dit ook goed ken en vasstaan in hierdie waarheid,
13 maar dit lyk vir my goed om so lank as wat ek in hierdie liggaam is, julle geheue
wakker te maak
14 omdat ek weet dat ek spoedig my liggaam sal verlaat, soos ons Meester Yeshua, dié
Gesalfde Een, dit ook vir my gesê het [Yog 21:18,19]
15 en ek sal moeite doen sodat julle ook voortdurend nadat ek weg is, van hierdie
dinge 'n rekord sal hou,
16 want ons het nie slim uitgewerkte mites gevolg toe ons julle vertel het van die
wonderwerkende krag en koms van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, nie,
maar ons was ooggetuies van Sy grootheid,
17 want toe Hy van God-die-Vader die waardering, eer, lof en grootheid ontvang het
toe die stem uit die wonderlike grootheid van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid
tot Hom gekom het: "Hierdie is My Seun wat Ek lief het, Hy waarmee Ek tevrede
is," [Mat 17:5]

18 het ons ook daardie stem uit die hemel gehoor kom toe ons saam met Hom op die afgesonderde berg was. Mat 17:1-8

19 Vir ons is daar ook die waarheid van die profetiese woord, wat julle goed sal doen om na te kyk soos na ’n lamp wat in ’n donker plek skyn totdat die dag aanbreek en die son sal skyn in julle verstand, wil en emosie.

20 Eerstens moet julle dít weet: geen profesie word uitgelê deur die een wat dit skryf nie,

21 want geen profesie is ooit deur die wil van ’n mens gebring nie, maar wanneer deur die Gees wat Afgesonderd is beweeg, het die afgesonderde mense van God gepraat.

2 1 Daar was egter ook vals profete onder die mense, net soos daar onder julle vals leraars sal wees; hulle wat dwaalleringe tot vernietiging bring en die Meester wat hulle gekoop het, ontken terwyl hulle ’n vinnige vernietiging oor hulleself bring.

2 Baie sal hulle afskuwelikhede navolg en as gevolg van hulle sal van die pad van die waarheid kwaad gepraat word;

3 deur gierigheid en opgemaakte stories sal hulle uit julle ’n wins maak; dié wie se oordeel van die begin af nie passief is nie en wie se vernietiging nie slaap nie,

4 want as God die engele wat gesondig het, nie oorgesien het nie, maar hulle in duisternis vasgeketting en afgegooi het in die dieptes, om vir die oordeel tot foltering en pyniging gehou te word

5 en die ou wêreld nie oorgesien het nie, maar Noag, die agste persoon, die prediker van onpartydige opregtheid, met sewe ander, beskerm het, toe Hy die vloed oor die wêreld van bose mense gebring het Gen 6-9

6 en deur die stede van S’dom en `Amorah tot as te verbrand, hulle veroordeel het tot uitwissing en as ’n voorbeeld gestel het vir hulle wat in die toekoms boos sou wees; Gen 19

7 [Hy het ook die onskuldige Lot gered, wat die vernedering van die verwerplike lewenswyse van die wettelose mense gely het,

8 want terwyl hy gesien en gehoor het, is dié onskuldige man, wat onder hulle gebly het, dag vir dag in sy onskuldige gees gepynig oor hulle wettelose dade;]

9 weet יהוה om dié wat Hom respekvol vrees, te red uit die lyding, maar die bose te hou vir die dag van oordeel terwyl hulle gefolter en gepynig word,

10 veral dié wat die vlees najaag in vuil begeerlikhede en teen outoriteit praat. Vermetel en arrogant, bewe hulle nie vir Sy Teenwoordigheid as hulle kwaadpraat nie

11 terwyl die engele, alhoewel groter in vermoëns en krag, geen oordeel van kwaadpraat vanaf יהוה teen hulleself bring nie.

12 Hulle is egter soos redelose diere van natuur, gemaak vir slagting en vernietiging; hulle praat kwaad teen wat hulle nie ken nie. Hulle sal deur hulle eie korrupsie vernietig word

13 wanneer hulle wat boos is die loon van boosheid sal ontvang. Hulle idee van plesier is sensuele begeertes in helder daglig. Hulle is besoedel en vol gebreke en wanneer hulle hul liefdesmaal hou, vergryp hulle hulself

14 terwyl hulle oë vol hoerery en sonde is, wat nie ophou nie, soos hulle dié met ’n onvaste gees verlei. Hulle het ’n verstand, wil en emosie geoefen in gierigheid. Hulle is seuns van die vervloeking.
15 Toe hulle die regte pad verlaat het, het hulle afgedwaal en die pad van Bil’am, die seun van B’or, [Num 22] gevolg, wat die loon van die bose liefgehad het,
16 maar bestraf is vir sy oortreding deur die stom donkie [Num 22:28] wat gepraat het met die stem van ’n mens en die malligheid van die profeet verhoed het.
17 Hulle is fonteine sonder water; [Yir 2:13] wolke gedryf deur ’n storm, vir wie die swartheid van die duisternis bewaar word,
18 want wanneer hulle leë verskrikkinge kwytraak, verlei hulle, deur die vuil begeertes van die vlees, dié wat deur ’n paar woorde ontvlug het van hulle wat in misleiding se diens is.
19 Hulle belowe vir hulle vryheid terwyl hulle self slawe van die korrupsie geword het, want waardeur ’n mens oorwin is, daarvan het hy ook ’n slaaf geword,
20 want as hulle ontsnap het uit die verwerplikhede van die wêreld, deur die leringe van ons Meester en Verlosser, Yeshua, dié Gesalfde Een en hulle weer verstrik word daarin en oorweldig word, dan is die einde vir hulle erger as die begin,
21 want dit sou vir hulle beter wees as hulle nie die pad van onpartydige opregtheid geken het nie, as dat hulle nadat hulle dit leer ken het, hulle later omgedraai het van die afgesonderde opdragte wat aan hulle oorgegee is, [Heb 6:1-4]
22 maar oor hulle het gekom wat die spreekwoord in waarheid sê: “Die hond het omgedraai na sy eie braaksel” en “die sog, wat gewas is, na die rondrollery in modder.”

3 1 Hierdie is nou die tweede brief wat ek vir júlle, wat ek lief het, skryf, waarin ek suiwer gedagtes wil opwek deur julle te herinner
2 om die profetiese woorde te onthou, wat deur die afgesonderde profete oorgedra is en ons Meester en Verlosser se opdragte wat deur die afgevaardigdes gegee is.
3 Soos julle reeds weet, sal daar in die laaste dae spotters kom wat spot terwyl hulle volgens hulle eie begeertes leef
4 en sê: “Waar is die belofte van Sy koms, want vandat die vaders dood is, bly alles net soos dit was van die begin van die skepping af.”
5 Hulle is opsetlik onkundig dat daar lank terug al hemele was en land wat vanuit water en tussen water ontstaan het deur die boodskap van God, [Gen 1; Yog 1:1]
6 waardeur die wêreld van daardie tyd met water oorstroom en vernietig is,
7 maar die huidige hemele en die aarde is deur dieselfde boodskap bewaar [Yes 66:15] en opsy gesit vir die vuur op die dag van oordeel en die vernietiging van bose mense.
8 Oor hierdie een ding moet julle vir wie ek lief is, nie onkundig wees nie: dat een dag by יהוה soos ’n duisend jaar is en ’n duisend jaar soos een dag. [Ps 90:4]
9 יהוה vertraag nie die belofte soos sommige dit beskou as vertraging nie, maar Hy is ter wille van julle, daarin geduldig, want Hy wil nie hê dat enige een vernietig moet word nie, maar dat almal hulle sal omdraai na Hom toe.

10 Die dag van יהוה [Yes 13:9,10; Yir 46:10] sal egter kom soos 'n dief in die nag, [1 Thes 5:2; Open 3:3] waarin die hemele in stilte sal verbygaan, [Yeg 32:7-8] maar die elemente vernietig word wanneer dit aan die brand gesteek word en die aarde en die dade wat daarop is, openbaar sal word. [Yes 30:30; Ps 97:3,5]
11 Wanneer al hierdie dinge dan vernietig word, is dit nie reg vir julle om in julle lewenswyse afgesonderd en in aanbidding tot God te wees nie?
12 Terwyl julle die koms van die dag van God verwag en ywerig begeer, wanneer die hemele, wanneer deur vuur getoets, sal vergaan en die elemente, wanneer aan die brand gesteek, sal smelt, [Ps 50:3]
13 maar ons verwag volgens Sy belofte, nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin onpartydige opregtheid sal bly; [Yes 65:17-19; 66:22; Open 19:8]
14 daarom moet julle vir wie ek lief is terwyl julle hierdie dinge verwag, moeite doen dat julle vlekkeloos en skuldloos voor Hom gevind mag word in vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid
15 en beskou die geduld van יהוה as redding, net soos die broer vir wie ons lief is, Sha'ul, ook met die wysheid wat vir hom gegee is, aan julle geskryf het.
16 Soos in al sy briewe, praat hy oor hierdie dinge, waarvan sommige moeilik is om te verstaan, wat die onkundiges en onstabiele mense verdraai, net soos die ander Skrifte, tot hul eie vernietiging;
17 daarom moet julle, vir wie ons lief is en dit vooraf weet, versigtig wees dat julle nie miskien meegesleep word deur die misleiding van wettelose mense en wegval uit jul eie standvastigheid nie,
18 maar julle moet groei in die onverdiende guns en kennis van ons Meester en Verlosser, Yeshua, dié Gesalfde Een en van God-die-Vader, aan Wie die eer, lof en aanbidding nou en altyd toekom tot in ewigheid. Dit is waar!

Die negende boek van die Nuwe Verbond

Die eerste brief geskryf deur Yoganan, een van die twaalf afgevaardigdes van Yeshua, dié Gesalfde Een.

# 1 Yoganan

יוחנן

{ יהוה gee onverdiende guns (genade) }

(1 Johannes )

Dit is bes moontlik in die tweede helfte van die eerste eeu, vanaf Efesos, geskryf.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees - die taal wat Yeshua gepraat het.

1 1 Ons het aan julle die goeie boodskap verkondig van Hom wat vanaf die aanvang was. Hom wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien en ervaar het en met ons hande aangeraak het; Hy wat die boodskap van Lewe is. [1 Kef 1:25]
2 Die Lewe is openbaar en ons het gesien, ons getuig van en verkondig aan julle die Ewige Lewe wat by die Vader was en aan ons openbaar is.
3 Hy vir Wie ons gesien en gehoor het, openbaar ons ook aan julle sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê en ons gemeenskap is met die Vader en met Sy Seun, Yeshua, dié Gesalfde Een.
4 Ons skryf hierdie dinge aan julle sodat ons blydskap, wat in julle is, volmaak kan wees.
5 Dít is die goeie boodskap wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is Lig en daar is absoluut geen duisternis in Hom nie. [Yog 1:4-9]
6 As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en ons loop in duisternis, dan lieg ons en is ons nie in die waarheid ingelig nie,
7 maar as ons in die lig loop soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar en die bloed van Yeshua, Sy Seun, [Yes 1:16-17; Mal 3:2-4] reinig ons van al ons sondes.
8 As ons sou sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die Waarheid is nie in ons nie. [Spr 20:9]
9 As ons ons sondes erken en laat staan, is Hy vertrouenswaardig en regverdig om ons ons sondes te vergewe en Hy sal ons van alle boosheid reinig. [Ps 19:13-14; Ps 139:23-24]
10 As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot leuenaar en is Sy boodskap nie by ons nie.

2 1 Seuns, ek skryf hierdie dinge aan julle sodat julle nie moet sondig nie en as iemand sondig, is daar vir ons by die Vader die Loskoper vanuit die vloek, Yeshua, dié Gesalfde Een, die Onskuldige, [1 Kefa 3:18]
2 want Hy is die Vryspraak en Toedekking vir ons sondes en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld.
3 Hieraan weet ons dat ons Hom ken, as ons Sy opdragte uitvoer. [Eks 19:5]
4 Hy wat sê: 'Ek ken Hom' en Sy opdragte nie uitvoer nie, is 'n leuenaar en die waarheid is nie in hom nie, [1 Yog 3:4; 1 Kor 8:3]
5 maar wie ook al Sy woorde voortdurend uitvoer, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword, want hieraan weet ons dat ons in Hom is: [Yog 14:23,24]
6 hy wat sê dat hy voortdurend in Hom bly, vir hom is dit nodig om so te leef soos wat Hy geleef het. [1 Kef 2:21]
7 Julle vir wie ons lief is, dit is geen nuwe opdrag wat ek aan julle skryf nie, maar 'n ou opdrag, wat julle van die aanvang af gehad het. [Efe 2:10] Die ou opdrag is die boodskap wat julle gehoor het
8 en tog skryf ek aan julle 'n nuwe opdrag, wat waar is in Hom en in julle: dat die duisternis verby is en die waaragtige Lig begin skyn. [Yog 12:35,36,46]
9 Wie daarom ook al sê dat hy in die Lig is terwyl hy sy broer haat, is steeds in die duisternis. [Lev 19:17]
10 Wie sy broer voortdurend lief het, bly in die Lig en daar is geen oortreding in hom nie,

11 maar hy wat sy broer haat, is in die duisternis en leef in die duisternis en weet nie waarheen hy gaan nie omdat die duisternis sy oë blind gemaak het.
12 Seuns, ek skryf vir julle, wie se sondes vergewe is deur die toedoen van Sy Karakter en Outoriteit (Naam).
13 Vaders, ek skryf vir julle omdat julle Hom ken wat van die aanvang af is.
Jongmanne, ek skryf vir julle omdat julle hom, die bose een, oorwin het.
Seuns, ek het vir julle geskryf omdat julle die Vader ken.
14 Vaders, ek het aan julle geskryf omdat julle Hom ken wat van die aanvang af is.
Jongmanne, ek het aan julle geskryf omdat julle sterk is en die boodskap van God in julle bly en julle die bose een oorwin het.
15 Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld lief het, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie,
16 want alles wat van die wêreld is, die begeertes van die vleeslike liggaam, die smagtinge van die oë en die arrogansie van die tydelike lewe, is nie uit die Vader nie, maar is vanuit die wêreld.
17 Die wêreld en sy begeertes gaan verby, maar hy wat die wil van God doen, leef voort tot in ewigheid.
18 My seuns, dit is die laaste van tyd en soos julle gehoor het, kom die vals gesalfde en daar is nou reeds baie vals gesalfdes, waardeur ons weet dat dit die laaste van tyd is.
19 Hulle het van ons af uitgegaan, maar hulle was nie deel van ons nie, want as hulle deel van ons was, sou hulle by ons gebly het, maar hulle het van ons af uitgegaan om te wys dat hulle nie van ons was nie.
20 Daar is ’n salwing vir julle van HaKadosh (die Afgesonderde Een) en julle moet elke persoon onderskei.
21 Ek het nie aan julle geskryf omdat julle nie die waarheid ken nie, maar omdat julle dit ken en omdat geen leuen vanuit die waarheid is nie.
22 Wie is die leuenaar anders, as hy wat ontken dat Yeshua dié Gesalfde Een is? Dit is die vals gesalfdes: hy wat die Vader ontken, ontken ook die Seun.
23 Elkeen wat die Seun ontken, vertrou ook nie in die Vader nie. Wie ook al die Seun bely, bely ook die Vader. [Yog 20:28; 2 Yog 1:7, 9,10]
24 Wat julle van die begin af gehoor het, laat dit in julle bly. As dit wat julle van die begin af gehoor het in julle bly, dán sal julle ook in die Seun en in die Vader bly.
25 Dit is die belofte wat Hy aan ons gemaak het, naamlik die ewige lewe.
26 Hierdie dinge het ek aan julle geskryf aangaande diegene wat julle verlei.
27 Ook vir julle: dat as julle bly in die Salwing wat julle van Hom ontvang het, julle niemand nodig het om julle te leer nie, maar soos die Salwing wat van God is julle aangaande alles leer en waar is en daar geen leuen in Hom is nie en soos Hy julle geleer het, so moet julle in Hom bly. [Yir 31:34; Yog 14:26; Efe 2:1; 3:17-19]
28 Bly nou in Hom, my seuns sodat ons vrymoedigheid kan hê wanneer Hy verskyn en nie skaam van Hom af wegdraai by Sy koms nie. [Gen 3:9-11]
29 As julle weet dat Hy onpartydig opreg is, dan weet julle dat elkeen wat onpartydig opreg leef, vanuit Hom is.

3 1 Let op hoe oorvloedig die liefde van die Vader vir ons is: dat Hy ons seuns
genoem en ook kinders gemaak het! Om hierdie rede ken die wêreld ons nie omdat
dit Hom ook nie ken nie.
2 Julle vir wie ons lief is, ons is nou seuns van God en dit is tot nou toe nie openbaar
wat ons sal wees nie, maar ons weet dat ons, as Hy openbaar word, na Sy beeld sal
wees en Hom sal sien net soos Hy is
3 en elkeen wat hierdie versekerde verwagting in Hom het, reinig homself soos Hy
rein is, [Lev 11:47; 2 Kor 6:17]
4 maar elkeen wat sondig, breek die wet. Eintlik is sonde om sonder die wet te wees.
5 Julle weet dat Hy openbaar is om ons sondes weg te vat en dat daar geen sonde in
Hom is nie.
6 Elkeen wat in Hom bly, sondig nie. Elkeen wat aanhou sondig, het Hom nie gesien
en Hom nie geken nie.
7 Seuns, laat niemand julle mislei nie: wie onpartydig opreg is, is onskuldig net soos
Hy, dié Gesalfde Een, onskuldig is. [Spr 14:32]
8 Hy wat sonde doen, is vanuit die teëstander, want die teëstander is van die begin af
’n sondaar. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die
teëstander te vernietig.
9 Almal wat uit God gebore is, doen nie sonde nie omdat Sy Saad in hom bly en hy
kan nie aanhou sondig nie, want hy is uit God gebore.
10 Hierin word die seuns van God van die seuns van die teëstander onderskei: elkeen
wat nie voortdurend onpartydig opreg is of sy broer voortdurend lief het nie, is nie
van God nie,
11 want dit is die opdrag wat julle van die begin af gehoor het: dat julle mekaar moet
liefhê,
12 nie soos Kayin wat van die bose een was en sy broer doodgemaak het nie. Waarom
het hy hom doodgemaak? [Gen 4:3-10] Omdat sy dade boos was en dié van sy broer
onskuldig.
13 Moenie verbaas wees as die wêreld julle haat nie, my broers.
14 Hierin weet ons dat ons weggegaan het vanuit die dood na die lewe toe: indat ons
die broers voortdurend lief het. Hy wat sy broer nie voortdurend lief het nie, bly in
die dood.
15 Elkeen wat sy broer haat, vermoor ’n persoon en julle weet dat die ewige lewe nie
in iemand wat ’n persoon vermoor, kan bly nie. [Mat 5:21-24]
16 Hieraan ken ons Sy liefde teenoor ons: dat Hy Sy lewe in ons plek gegee het en dit
is reg vir ons om ons lewens ter wille van ons broers te gee.
17 Wie ook al besittings van die wêreld het en sien dat sy broer ’n behoefte het en sy
liefdevolle omgee van hom weerhou, hoe bly die liefde van God in hom?
18 Seuns, laat ons mekaar nie liefhê met woorde of met die tong nie, maar met die
daad en in waarheid
19 en hierdeur word dit bekend gemaak dat ons vanuit die waarheid is en voordat Hy
kom, word ons verstand, wil en emosie daardeur verseker,

20 want as ons verstand, wil en emosie ons veroordeel, God is groter as ons verstand, wil en emosie en Hy weet alles.

21 Julle vir wie ons lief is, as ons verstand, wil en emosie ons nie veroordeel nie, dan het ons vrymoedigheid teenoor God [Ps 139:23-24]

22 en alles wat ons vra, sal ons van Hom af ontvang omdat ons Sy opdragte uitvoer en voor Hom goed doen.

23 Dit is Sy opdrag: dat ons moet vertrou in die Karakter en Outoriteit (Naam) van Sy Seun, Yeshua, dié Gesalfde Een en mekaar voortdurend liefhê soos Hy ons beveel het

24 en wie ook al Sy opdragte uitvoer, word deur Hom beskerm en Hy bly in hom. Hieraan weet ons dat Hy in ons bly: aan die Gees wat Hy ons gee.

4 1 Julle, vir wie ons lief is, vertrou nie elke gees nie, maar onderskei die geeste of hulle vanuit God is, want baie vals profete het uitgegaan die wêreld in.

2 Hieraan word die Gees van God geken: elke gees wat erken dat Yeshua, dié Gesalfde Een, in die vlees gekom het, is vanuit God [1 Kor 12:3]

3 en elke gees wat nie erken dat Yeshua, dié Gesalfde Een, in die vlees gekom het nie, is nie vanuit God nie, maar dit is die gees van die vals gesalfde, waarvan julle gehoor het dat hy kom en van nou af in die wêreld is.

4 Julle is seuns vanuit God en het hulle oorwin omdat Hy wat in julle is groter is as hy wat in die wêreld is.

5 Hulle is vanuit die wêreld; daarom praat hulle vanuit die wêreld en die wêreld gehoorsaam hulle.

6 Ons is vanuit God. Hy wat God ken, luister na ons en gehoorsaam ons. Hy wat nie vanuit God is nie, luister nie na ons nie en gehoorsaam ons nie. Hierdeur onderskei ons die Gees van waarheid en die gees van misleiding.

7 Julle vir wie ons lief is, laat ons mekaar liefhê, want liefde is vanuit God en elkeen wat lief het, is vanuit God gebore en ken God

8 omdat God Liefde is en elkeen wat nie lief het nie, ken God nie.

9 Hierin is die liefde van God vir ons openbaar: dat God Sy enigste uniekgebore Seun in die wêreld ingestuur het sodat dit deur Hom kan lewe. [Yog 3:16]

10 Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en Sy Seun, die Vryspraak en Toedekking van ons sondes, gestuur het.

11 Julle, vir wie ons lief is, as God ons so lief het, is ons dit verskuldig om mekaar lief te hê.

12 Niemand het God ooit gesien nie. As ons mekaar lief het, bly God in ons en het Sy liefde in ons volmaak geword.

13 Hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons: dat Hy ons Sy Gees gegee het

14 en ons het gesien en ons getuig dat die Vader Sy Seun as Verlosser van die wêreld gestuur het.

15 Elkeen wat bely dat Yeshua die Seun van God is; in hom bly God en hy in God.

16 Ons ken en vertrou die liefde wat God vir ons het, want God is Liefde en elkeen wat in die liefde bly, bly in God.

17 Hierin het die liefde by ons volmaak geword: dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag, want net soos Hy is, so is ons ook in hierdie wêreld.
18 Daar is geen vrees in die liefde nie, maar die volmaakte liefde gooi die vrees buitekant weg, want die vrees is in agterdog en hy wat nie vrees nie, is ontwikkeld in liefde.
19 Ons moet God daarom liefhê omdat Hy ons eerste liefgehad het.
20 As iemand sê: 'Ek het God lief' en sy broer haat, is hy 'n leuenaar, want wie sy broer, wat hy kan sien, nie lief het nie, hoe kan hy God liefhê, wat hy nie kan sien nie? [Lev 19:17]
21 Hierdie opdrag het ons van Hom ontvang: dat elkeen wat God lief het, ook sy broer moet liefhê.

5 1 Elkeen wat vertrou dat Yeshua dié Gesalfde Een is, is uit God gebore en elkeen wat die ouer lief het, het ook dié een lief wat uit hom gebore is.
2 Hieraan weet ons dat ons die seuns van God lief het: wanneer ons God lief het en Sy opdragte uitvoer,
3 want dít is die liefde vir God: dat ons Sy opdragte uitvoer en Sy opdragte is nie 'n las nie, [Deut 30:11; Yog 14:15; 15:14; Rom 8:7,8]
4 want elkeen wat uit God gebore is, oorwin vir homself die wêreld en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin, naamlik ons vertroue.
5 Wie anders is dit wat oorwinning oor die wêreld het, as dit nie hy is wat vertrou dat Yeshua die Seun van God is nie?
6 Dit is Hy wat deur water en bloed gekom het, Yeshua dié Gesalfde Een; nie deur water alleen nie, maar deur water en bloed
7 en dit is die Gees wat getuig, want die Gees is die Waarheid.
8 Daar is drie wat getuig: die Gees, die water en die bloed en die drie is in eenheid.
9 As ons die getuienis van 'n mens aanvaar, hoeveel groter is die getuienis van God? Hierdie is die getuienis van God wat Hy aangaande Sy Seun getuig.
10 Elkeen wat aanhou vertrou in die Seun van God, het hierdie getuienis in homself. Elkeen wat God nie aanhou vertrou nie, maak Hom tot leuenaar omdat hy die getuienis nie vertrou wat God aangaande Sy Seun getuig nie.
11 Dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het en dié Lewe is in Sy Seun.
12 Hy wat vashou aan die Seun, hou vas aan die Lewe en elkeen wat nie die Seun van God vashou nie, het nie die Lewe nie. [Yog 14:6; Open 12:17; 14:12]
13 Hierdie dinge het ek aan julle geskryf sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het; dié wat aanhou vertrou in die Karakter en Outoriteit (Naam) van die Seun van God. [Luk 21:19; Open 2:3,7]
14 Dit is ons versekering teenoor Hom: dat wat ons ook al, volgens Sy wil vra, Hy ons hoor [Yog 15:7]
15 en as ons oortuig is dat Hy ons hoor aangaande alles wat ons van Hom vra, dan vertrou ons dat ons nou reeds die objek van ons begeertes ontvang wat ons van Hom gevra het. [Yog 15:7; Heb 11:1]

16 As iemand sy broer ’n sonde sien doen wat nie ’n straf tot die dood toe het nie, moet
hy vra en vir hom sal Lewe gegee word; vir hulle wat sondig wat nie tot die dood toe
is nie. Daar is sonde wat tot die dood is; daarvoor sê ek nie dat hy moet bid nie.
17 Alle boosheid is sonde en daar is ’n sonde wat nie tot die dood is nie.
18 Ons weet dat elkeen wat vanuit God gebore is, nie sondig nie, [Rom 6:1-2] want hy wat
vanuit God gebore is, beskerm sy lewe en die Bose een raak nie aan hom nie.
19 Ons weet dat ons vanuit God is en dat die hele wêreld in die Bose een lê.
20 Ons weet dat die Seun van God gekom het en aan ons begrip gegee het om te weet
Wie die Waarheid is en ons is in die Waarheid en in Sy Seun, Yeshua, dié Gesalfde
Een. God is Waarheid en die Ewige Lewe.
21 My seuns, hou julleself weg van die aanbidding van afgode. [Eks 34:17; Lev 19:4; 1 Kor 10:7]

Die tiende boek van die Nuwe Verbond

Die tweede brief geskryf deur Yoganan, een van die twaalf afgevaardigdes van Yeshua, dié Gesalfde Een.

# 2 Yoganan

יוחנן

{ יהוה gee onverdiende guns (genade) }
(2 Johannes )

Dit is bes moontlik kort ná die eerste brief vanuit Efesos geskryf.

In Afrikaans vertaal vanuit "John Gwynn's edition of the General Epistles from The Crawford Aramaic manuscript," vanuit Aramees - die taal wat Yeshua gepraat het.

1 1 Die oudste: aan die gekose vrou en haar seuns, wat ek in waarheid lief het en nie ek alleen nie, maar ook almal wat die Waarheid ken,
2 as gevolg van die Waarheid wat in ons bly en tot in ewigheid by ons is.
3 Laat daar by ons in waarheid en in liefde wees: onverdiende guns, liefdevolle omgee, vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vanaf God-die-Vader en vanaf ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, die Seun van die Vader.
4 Ek was baie bly toe ek van jou seuns gekry het wat in waarheid leef, volgens die opdrag wat ons van die Vader gekry het
5 en nou vra ek van jou, vrou, nie asof ek ’n nuwe opdrag aan jou skryf nie, maar een wat ons van die begin af gehad het: dat ons mekaar moet liefhê.
6 Dit is liefde: dat ons leef volgens Sy opdragte. Dit is die opdrag, wat julle van die begin af gehoor het, waarin julle leef, [Yog 15:14]
7 want baie misleiers het uitgegaan in die wêreld in: die een wat nie bely dat Yeshua, dié Gesalfde Een, in die vlees gekom het nie; hy is ’n misleier en teëstander teen dié Gesalfde Een. [1 Yog 2:22-23]
8 Gee aandag aan julle lewe dat julle nie enige iets verloor waarvoor julle gewerk het nie, maar dat julle ’n volle loon kan ontvang.
9 Elkeen wat ’n oortreder is en nie aanhou in die leer van dié Gesalfde Een nie; God is nie in hom nie. Hy wat aanhou in Sy leer, hy het die Vader sowel as die Seun.
10 As iemand na julle toe kom en nie hierdie leer bring nie, moet hom nie in die huis ontvang nie en nie vir hom sê, “welkom aan jou,” nie,
11 want hy wat vir hom sê “welkom aan jou,” het deel aan sy bose dade.
12 Alhoewel ek baie het om aan julle te skryf, wou ek dit nie met perkament en ink doen nie, maar ek hoop om na julle toe te kom en persoonlik te praat sodat ons blydskap volkome kan wees.
13 Die seuns van jou gekose suster stuur vrede vir jou. Dit is waar.

Die elfde boek van die Nuwe Verbond

Die derde brief geskryf deur Yoganan, een van die twaalf afgevaardigdes van Yeshua, dié Gesalfde Een.

# 3 Yoganan

יוחנן

{ יהוה gee onverdiende guns (genade) }

(3 Johannes )

Dit is bes moontlik kort na die tweede brief, vanaf Efesos, geskryf.

In Afrikaans vertaal vanuit “John Gwynn’s edition of the General Epistles from The Crawford Aramaic manuscript,” vanuit Aramees - die taal wat Yeshua gepraat het.

1 1 Die oudste: Liewe Gaios, wat ek in waarheid lief het.
2 Jy, vir wie ons lief is, ek bid dat dit met jou in alles voorspoedig mag gaan en dat jy gesond is, net soos dit met jou gees voorspoedig gaan,
3 want ek was baie bly toe daar broers kom en van jou vertrouenswaardigheid getuig, net soos jy voortdurend in die waarheid leef.
4 Niks gee my groter blydskap, as dat ek hoor dat my seuns in die waarheid leef, nie.
5 Jy, vir wie ons lief is, jy doen alles wat jy doen, in vertroue vir die broers en spesiaal vir dié wat vreemdelinge is,
6 aan wie jy goed gedoen het en vir hulle, waardig voor God, voorsien het, wat van jou liefde voor die hele gemeente getuig het,
7 want hulle het vir Sy Naam (Karakter en Outoriteit) uitgegaan sonder om iets van die ongelowiges te neem.
8 Ons is dit daarom verskuldig om sulke mense te ontvang sodat ons medewerkers van die waarheid kan wees.
9 Ek wou aan die gemeente skryf, maar Diotrefes, wat onder hulle die belangrikste wil wees, het ons nie ontvang nie.
10 As gevolg hiervan, sal ek, as ek sou kom, die dade onthou wat hy gedoen het. Hy het met bose woorde sleg gepraat van ons en asof dit nie genoeg is nie, het hy nie hierdie broers ontvang nie en verbied ook dié wat dit wil doen en gooi hulle uit die gemeente uit.
11 Jy, vir wie ons lief is, moenie navolg wat boos is nie, maar wat goed is. Hy wat goed doen, is vanuit God, maar hy wat die bose doen, het God nie gesien nie.
12 Aangaande Demetrios: hy het 'n getuienis by almal, by die gemeente en vanaf die Waarheid self. Ons getuig ook van hom en julle weet dat ons getuienis waar is.
13 Ek het baie dinge gehad om vir jou te skryf, maar ek wil nie met ink en rietpen vir jou skryf nie,
14 maar ek hoop om jou gou te sien en persoonlik te praat. Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir jou! Die vriende stuur vrede vir jou. Stuur vrede vir die vriende elkeen by die naam.

Die twaalfde boek van die Nuwe Verbond

Die brief is deur Y'hudah, broer van Ya'akov en seun van Miryam, die moeder van Yeshua, dié Gesalfde Een, geskryf.

# Y'hudah

יהודא

{ Hy sal geprys word }

(Judas )

Dit is bes moontlik geskryf in die jare 70s.

In Afrikaans vertaal vanuit "John Gwynn's edition of the General Epistles from The Crawford Aramaic manuscript," vanuit Aramees - die taal wat Yeshua gepraat het.

1 1 Y’hudah, die dienskneg van Yeshua, dié Gesalfde Een en broer van Ya’akov: aan
die ander nasies, wat deur God-die-Vader, as húlle vir wie ons lief is, geroep is en
deur Yeshua, dié Gesalfde Een, bewaar word:
2 mag liefdevolle omgee, vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid
en liefde vir julle vermenigvuldig word!
3 Julle vir wie ons lief is: terwyl ek in alle erns, oor die lewe wat ons deel, skryf, is ek
oortuig om julle deur my skrywe op te roep om ernstig te stry vir die vertroue wat
eenmaal aan die afgesonderdes oorgegee is,
4 want mense, waaroor lank gelede reeds geskryf is vir hierdie oordeel, het toegang
verkry; bose mense wat die onverdiende guns van ons God verdraai tot ’n
verwerplikheid en Hom wat die enigste Meester-God is en ons Meester, Yeshua dié
Gesalfde Een, ontken. [Yog 17:3]
5 Ek wil julle egter herinner, soos julle reeds weet, dat God, toe Hy die volk uit
Mitzrayim uitgehaal het, hulle wat nie vertrou het nie, daarna vernietig het
6 en die engele, wat nie binne hulle oorspronklike outoriteitssfeer gebly het nie,
maar hulle eie lewenswyse verlaat het, vir die groot oordeelsdag in die onbekende
duisternis met boeie vasgebind het.
7 Net soos S’dom, `Amorah en die stede rondom hulle, wat op dieselfde manier as
hulle agter seksuele permissiwiteit en ander vleeslikhede aangeloop het, onder ’n
demonstrasie van die straf van ewige vuur geplaas is, soos hulle skuldig bevind is
tot veroordeling,
8 nét so hierdie wat in drome deur begeertes die vlees besmet en outoriteite verwerp
en kwaad praat teen die Gemanifesteerde Teenwoordigheid,
9 maar toe Mikha’el, die hoofengel, met die teëstander gepraat het oor die liggaam
van Mosheh, het hy geen oordeel van kwaadpraat teen hom gebring nie, maar hy het
gesê: ‘יהוה bestraf jou!’ [Z’kh 3:1-2]
10 Hierdie mense praat egter kwaad teen alles wat hulle nie verstaan nie en alles
wat hulle, soos redelose diere, op natuurlike wyse verstaan, daardeur word hulle
vernietig.
11 Wee hulle wat; op die pad van Kayin [Gen 4:1-16] gegaan het, agter die misleiding van
Bil’am [Num 22] aan, met blydskap vir geld betower is en vernietig is in die rebellie van
Korag. [Num 16]
12 Dit is hulle wat tekere gaan by hulle feeste terwyl hulle onrein is en hulleself voed
sonder vrees; waterlose wolke deur winde rondgedrywe; dooie bome sonder vrugte,
wat twee maal dood is, uitgetrek by die wortels;
13 wilde golwe van die see, wat hulle skandes wys deur hulle skuim; dwalende sterre,
vir wie die donkerheid van die duisternis vir ewig gereserveer word.
14 Hanokh, [Gen 5:18-24] die sewende geslag van Adam af, het ook teen hulle geprofeteer
en gesê: ‘Let op, יהוה kom met ’n tallose menigte van Sy afgesonderdes,
15 om oordeel te vel oor almal en al die mense te straf; die wat boosheid gedoen het
vir hulle dade en oor al die harde woorde wat die bose sondaars gesê het.’
16 Dit is hulle wat murmureer en kla oor alles terwyl hulle volgens hulle eie begeertes
leef en met hulle mond skuld uitspreek en mense vlei ter wille van voordeel,

17 maar julle, vir wie ons lief is, onthou die boodskappe wat vroëer verkondig is deur
die afgevaardigdes van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een,
18 wat vir julle gesê het: ‘In die laaste tyd sal daar spotters wees wat volgens hul eie
begeertes agter boosheid aangaan.’
19 Dit is hulle wat die natuurlike mens uitlig, want die Gees is nie by hulle nie.
20 Julle egter, vir wie ons lief is, wees bemoedig in julle afgesonderde vertroue van
bo af deur die Gees wat Afgesonderd is terwyl julle bid.
21 Laat ons onsself in die liefde van God hou terwyl ons uitkyk vir die aktiewe omgee
van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een tot ons ewige lewe
22 en sommige van die wat in die vuur is uitruk.
23 Wanneer hulle erken, berou het en wegdraai, wys liefdevolle omgee aan hulle met
respek terwyl julle selfs die klere haat wat deur die sondige natuur bevlek is.
24 Aan Hom wat in staat is om ons te bewaar sonder oortreding en sonder ontering en
ons sonder vlek laat staan,
25 Hy alleen is God, ons Verlosser, deur Yeshua, dié Gesalfde Een, ons Meester; aan
Hom kom toe die lofprysing, die danksegging, die eer en die majesteit, nou en tot
in alle tye! Dit is waar.

Die dertiende boek van die Nuwe Verbond

Die brief van Sha'ul, slaaf en afgevaardigde van Yeshua, dié Gesalfde Een, aan die gemeente in Rome.

# Romaya
## (Romeine)

{Rome - Die hoofstad van die Romeinse Republiek & Ryk}
(Geskryf aan gemeentes wat in verskillende huise in Rome bymekaargekom het.)

Dit is in 56-58 te Korinthos geskryf terwyl Sha'ul by Gaios gebly het en is na Rome geneem deur Foibe van Kengreai.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees - die taal wat Yeshua gepraat het.

1 1 Sha'ul, 'n geroepe slaaf van Yeshua, dié Gesalfde Een, 'n afgevaardigde,
afgesonder vir die goeie boodskap van God
2 wat Hy van die begin af deur Sy profete beloof het in die afgesonderde Skrifte,
3 aangaande Sy Seun, wat na die vlees gebore is uit die saad van die huis van Dawid
4 en deur die Gees wat Afgesonderd is, met krag openbaar is deur die opstanding uit
die dood as die Seun van God: Yeshua, dié Gesalfde Een, ons Meester.
5 In Hom het ons onverdiende guns en die amp as afgevaardigde onder alle nasies
ontvang sodat hulle die vertroue van Sy Karakter en Outoriteit kan gehoorsaam,
6 want ook julle is deur Yeshua, dié Gesalfde Een, vanuit hulle geroep.
7 Aan almal wat in Rome is, vir wie God lief is, geroep en afgesonderd: onverdiende
guns vir julle en vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid van
God, ons Vader en van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een!
8 In die eerste plek dank ek my God in Yeshua, dié Gesalfde Een, vir julle almal, want
oor die hele wêreld word daar van julle vertroue gehoor.
9 God, wat ek in my gees dien deur die goeie boodskap van Sy Seun, is my Getuie dat
ek julle elke keer in my gebede onthou.
10 Ek soek guns dat daar nou vir my 'n manier, deur die wil van God, oopgemaak sal
word, om na julle toe te kom,
11 want ek begeer sterk om julle te sien en vir julle 'n geskenk vanaf die Gees te gee
sodat julle versterk mag word in Hom.
12 Saam sal ons deur júlle, sowel as mý vertroue, bemoedig kan word.
13 Ek wil dat julle weet, broers, dat ek dikwels begeer het om na julle toe te kom sodat
daar ook onder julle vir my vrug kan wees, soos onder die ander nasies, maar tot
nou toe verhinder is.
14 Ek is verskuldig om aan elke persoon te verkondig; teenoor Grieke sowel as
barbare, teenoor wyse sowel as oningeligte mense.
15 Ek doen daarom moeite om ook aan julle wat in Rome is, die goeie boodskap te
verkondig,
16 want ek skaam my nie oor die goeie boodskap nie, want dit is die krag van God tot
lewe vir elkeen wat aanhou om daarin te vertrou, of dit eerstens vir die Jood is of
vir die ander nasies. [Yir 1:17]
17 Daarin word die onpartydige opregtheid van God openbaar deur vertroue tot
vertroue volgens wat geskryf is: [Hav 2:4; Mar 9:23; Heb 11:6] "Die regverdige sal vanuit
vertroue lewe."
18 Die woede van God word daarom van die hemel af openbaar oor al die boosheid
en onregverdigheid van die kinders van die mens, hulle wat die waarheid deur
boosheid verhoed
19 aangesien 'n kennis van God aan hulle openbaar is, want God het dit aan hulle
openbaar. [Ps 97:6]
20 Die geheime van God, asook Sy ewige krag en Goddelikheid, word, van die
skepping van die heelal af, aan Sy skepsele in hulle intelligensie openbaar sodat
hulle geen verskoning het nie [Ps 19:2-5; Yog 6:45; Hand 17:27; Tit 2:11]

21 omdat hulle God geken het en Hom nie as God vereer, geloof en aanbid, [Ps 14:3] of Hom gedank het nie, [Deut 28:47; Ps 50:23; Dan 5:23; 1 Kro 16:27-29; Luk 17:18] maar gebrekkig geword het in hul redenering en hulle verstand, wil en emosie dof geword het, sonder begrip. [Efe 4:17-19]
22 Toe hulle in hulleself gedink het hulle is wys, het hulle dwase geword [Ps 92:7]
23 en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van die onverderflike God verander om te lyk soos die beeld van 'n verderfbare mens en die beelde van voëls, viervoetige diere en reptiele. [Eks 20:4]
24 As gevolg daarvan het God hulle oorgegee aan die vuil begeertes van hulle verstand, wil en emosie om hulle liggame onder mekaar te onteer [Yeg 22:31]
25 en hulle het die waarheid van God verruil vir die valsheid en hulle het dinge wat geskep is, vereer en gedien, meer as hulle Skepper, aan Wie al die lofprysing en seën toekom tot in alle ewigheid. Dit is waar!
26 As gevolg hiervan het God hulle oorgegee aan siektes van skande, [Spr 5:11-13] want hulle vroue het die natuurlike begeertes verander en gewoond geraak aan dit wat nie natuurlik is nie [Lev 18:22,23; 20:13; 1 Kor 6:9; 1 Tim 1:10]
27 en net so het ook die mans die natuurlike seksuele begeertes na die vrou opgegee en brand in hulle begeertes na mekaar. Manne het met manne skandelike dade gepleeg en in hulle persoon die toepaslike straf van hulle misleiding gekry
28 en omdat hulle in hulleself besluit het om God nie te ken nie, het God hulle oorgegee aan 'n waardelose denke sodat hulle doen wat nie reg is nie:
29 hulle is vol allerhande onregverdigheid, seksuele immoraliteit, boosheid, bitterheid, begeertes na meer; vol jaloesie, moord, stryery, misleiding, bose redenering,
30 klagtes, skinder, haat teenoor God, beledigings, trots, grootpraat, uitvindings van boosheid, redeloosheid en ongehoorsaamheid aan hulle ouers
31 en omdat daar geen stabiliteit in hulle is nie, is daar geen liefde, vrede of omgee in hulle nie;
32 hulle wat - terwyl hulle die oordele van God ken dat dié wat sulke dinge doen, veroordeel is tot die dood - nie alleen self dié dinge doen nie, maar ook assosieer met hulle wat dit doen. [Ps 49:14]

2 1 As gevolg hiervan is daar nie 'n verskoning vir jou, o mens wat jou naaste veroordeel nie, want waaroor jy jou naaste oordeel, is jyself skuldig aan, want jy wat oordeel, doen dieselfde dinge,
2 maar ons weet dat die oordeel van God in waarheid bestaan oor die wat sulke dinge voortdurend doen.
3 Hoekom dink jy, o mens, wat húlle veroordeel wat sulke dinge voortdurend doen en dit sélf doen dat jy die oordeel van God sal ontvlug?
4 Of waag jy dit teen die rykdom van Sy sagte goedheid en teen die geduld van Sy Gees en teen die plek wat Hy vir jou gegee het en besef jy nie dat die sagte goedheid van God jou wil lei om van die sonde af weg te draai na God toe nie?
5 As gevolg van die onsensitiwiteit van jou verstand, wil en emosie wat nie wil wegdraai van sonde af nie, versamel jy vir jou 'n skat van toorn vir die dag van die toorn en openbaring van die regverdige oordeel van God.
6 Hy wat elkeen beloon volgens sy dade: [Ps 62:13; Spr 24:12; Iyov 34:11]

7 aan die wat deur die geduldige volharding in goeie werke die Gemanifesteerde Teenwoordigheid, waarde en onverganklikheid soek, gee Hy die ewige lewe,

8 maar aan die wat die waarheid weerstaan en nie gehoorsaam nie, maar aan die bose gehoorsaam is, gee Hy woede, toorn,

9 lyding en moeilikheid; aan elke mens wat aanhou om die bose te doen, eerstens aan die Jood en ook aan die Arameër,

10 maar die Gemanifesteerde Teenwoordigheid, eer, vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir elkeen wat aanhou goed doen, eerstens vir die Jood en ook vir die Arameër,

11 want daar is geen aanneming van die persoon by God nie.

12 Hulle wat sonder die geskrewe wet gesondig het, sal ook sonder die geskrewe wet vernietig word en hulle wat die geskrewe wet oortree het, sal deur die geskrewe wet veroordeel word,

13 want dit is nie die hoorders van die geskrewe wet wat by God onskuldig is nie, maar die wat die wet doen, word onskuldig verklaar. [Ya’a 1:23-25]

14 Wanneer die ander nasies, wat nie die geskrewe wet het nie, van nature die dinge van die geskrewe wet doen, is hulle vir hulleself die geskrewe wet, al het hulle nie die geskrewe wet gehad nie.

15 Daardeur wys hulle dat die doen van die geskrewe wet op hulle verstand, wil en emosie geskrywe staan [Yir 31:33] en hulle gewete saam getuienis gee terwyl hulle redevoering elkeen beskuldig of verdedig

16 op die dag wanneer God die geheime van die mense, volgens my goeie boodskap, deur Yeshua, dié Gesalfde Een, sal beoordeel.

17 As jy jouself vanaf Y’hudah noem en steun op die geskrewe wet en jou beroem op God:

18 dat jy Sy wil ken en die dinge wat reg is onderskei wat vir jou vanuit die wet geleer is

19 en jy oortuig is in jouself dat jy ’n gids is vir die blindes, ’n lig vir die wat in duisternis is,

20 ’n instrukteur vir die wat begrip kortkom, ’n leermeester van kinders omdat jy die bloudrukplan van die kennis en die waarheid in die geskrewe wet het;

21 jy dan, wat ’n ander leer, leer jy jouself nie? Jy wat verkondig: ‘Jy mag nie steel nie,’ [Eks 20:15] steel jy?

22 Jy wat sê: ‘Jy mag nie egbreuk pleeg nie,’ [Eks 20:14] pleeg jy egbreuk? Jy wat afgode verafsku, plunder jy die Afgesonderde Plek?

23 Jy wat jou op die geskrewe wet beroem, beledig jy God deur die geskrewe wet te oortree?

24 Volgens wat geskryf is: ‘Dit is as gevolg van julle dat die ander nasies sleg praat van die Karakter en Outoriteit (Naam) van God,’ [Yes 52:5; Yeg 36:20]

25 want die besnydenis is wel ’n voordeel as jy die geskrewe wet volkome gehoorsaam, maar as jy afwyk van die geskrewe wet, het jou besnydenis onbesnedenheid geword.

26 Let op, as die onbesnedene die opdragte van die geskrewe wet nakom, word sy onbesnedenheid gereken as besnydenis

27 en sal hy wat onbesnede is en die opdragte van die geskrewe wet volkome doen, wat natuurlik is, jou wat besny is en die wet op skrif het, maar dit oortree, nie oordeel nie?

28 Hy is nie ’n Jood wat dit in die uiterlike is nie en dít is nie besnydenis wat in die vlees gesien word nie. [Lev 26:41]

29 Inteendeel, hy is ’n Jood wat dit in die binneste is en besnydenis is dié van die verstand, wil, emosie en die gees, nie volgens die geskrifte nie sodat sy eer en lof nie van mense is nie, maar van God. [Deut 10:16; Yir 9:24-25; Rom 3:30; 4:10-12; 1 Kor 7:18,19; Gal 5:2-6; Kol 2:11]

# 3

1 Wat is daarom die voortreflikheid van die Jood, of wat is die voordeel van die besnydenis?

2 Baie, in alle opsigte: eerstens dat aan húlle die Woorde van God [Ps 147:19-20] toevertrou is,

3 want wat daarvan as sommige nie vertrou het nie? Sal hulle gebrek aan vertroue miskien die vertrouenswaardigheid van God vernietig?

4 ’n Verwerplike gedagte! God is Waarheid en elke mens ’n leuenaar, soos geskrywe is: “U is regverdig in U woorde en onskuldig as hulle U beoordeel.” [Ps 51:6]

5 As ons boosheid die regverdigheid van God bevestig, wat sal ons sê? Is God dan nie onregverdig om Sy woede oor ons te bring, nie? Ek praat soos die mense.

6 ’n Verwerplike gedagte! Hoe anders sal God die wêreld oordeel?

7 As die waarheid van God deur my valsheid vergroot is tot Sy eer, lof en aanbidding, waarom word ek dan steeds as sondaar geoordeel?

8 Of is dit, soos kwaad gepraat word van ons deur hulle wat in die oordeel veroordeel sal word en beweer dat ons sê: ‘Laat ons boosheid doen sodat daar goed van kan kom?’

9 Word ons dan as beter beskou omdat ons ’n voordeel het? Ons het aangaande die Jode, sowel as Arameërs, bepaal dat hulle almal onder sonde is,

10 net soos geskrywe is: ‘Daar is niemand onskuldig nie, selfs nie een nie,

11 ook nie iemand wat verstaan nie, ook nie iemand wat God soek nie!

12 Hulle het almal saam afgewyk en is verwerp. Daar is niemand wat goed doen nie, nie een nie.’ [Ps 14:1-3; 53:2-4]

13 ‘Hulle kele is oopgemaakte grafte en hulle tonge is misleidend.’ [Ps 5:10] ‘Die gif van Mitzrayimitiese kobras is onder hulle lippe.’ [Ps 140:4]

14 ‘Hulle monde is vol vervloeking en bitterheid’ [Ps 10:7]

15 en ‘hulle voete is ywerig om bloed te stort.

16 Teëspoed en ellende is op hulle pad,

17 en die pad van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid het hulle nie geken nie.’ [Yes 59:7-8; Spr 1:16]

18 ‘Die respekvolle vrees vir God is nie voor hulle oë nie.’ [Ps 36:2]

19 Ons weet dat alles wat die geskrewe wet gesê het, gesê is vir dié wat in die geskrewe wet is sodat elke mond toegemaak en die hele wêreld voor God skuldig sal wees

20 op grond daarvan dat uit die doen van die skriftelike wet niemand voor Hom onskuldig verklaar sal word nie, [Ps 143:2] want deur die geskrewe wet is die sonde bekend gemaak,

21 maar nou word die onpartydige opregtheid van God openbaar sonder die geskrewe wet en die Wet en die Profete getuig daarvan.
22 Die onpartydige opregtheid, wat van God kom, is deur die vertroue van Yeshua, dié Gesalfde Een, vir elke persoon wat aanhou vertrou in Hom, want daar is geen onderskeid nie,
23 want almal van hulle het gesondig en kom die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God kort
24 en hulle word, sonder koste, onskuldig verklaar deur Sy onverdiende guns en deur die verlossing wat in dié Gesalfde Een, Yeshua, is;
25 Hy wat, deur die vertroue, met Sy bloed deur God bestem is as die Toedekking van sonde, ter wille van ons sondes wat ons vroeër gepleeg het, [1 Yog 2:2; 4:10]
26 in die ruimte wat God ons gegee het deur die geduld van Sy Gees vir die demonstrasie van Sy beoordeling wat in die teenwoordige tyd is, waardeur Hy wys dat Hy die Regverdige Een is en deur onpartydige opregtheid hom wat in die vertroue van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een is, onskuldig verklaar.
27 Waar is dan die roem? Dit is uitgeskakel. Deur watter wet? Dié van doen van die wet? Nee, maar deur die wet van vertroue.
28 Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat die mens onskuldig verklaar word deur vertroue en nie deur die doen van die geskrewe wet nie.
29 Of is God net God van die Jode en nie ook van die ander nasies nie? Ja, ook van die ander nasies,
30 want daar is net een God, [Deut 6:4] wat die besnedenes deur vertroue en die onbesnedenes deur vertroue onskuldig verklaar. [Deut 10:16; Yir 9:24-25; Rom 2:26-29; 4:11-12; 1 Kor 7:18,19; Gal 2:3; 5:2-6; Kol 2:11]
31 Kanselleer ons daardeur die geskrewe wet deur vertroue? ’n Verwerplike gedagte! Inteendeel, ons bevestig die wet.

4 1 Wat sê ons daarom van wat Avraham, hoof van die vaders, deur die vlees verkry het?
2 As Avraham vanuit die dade onskuldig verklaar is, het hy iets om op te roem, maar nie in die Teenwoordigheid van God nie,
3 want wat sê die Skrifte? ‘Avraham het God vertrou en dít is hom tot onpartydige opregtheid gereken, [Gen 15:6]
4 maar aan hom wat werk, word die beloning nie na onverdiende guns bereken nie, maar na verdienste;
5 aan hom egter wat nie werk nie, maar slegs vertrou in die Een wat die sondaar onskuldig verklaar, word sy vertroue vir hom tot onpartydige opregtheid gereken.
6 Soos Dawid ook die mens, vir wie God as onpartydig opreg bereken sonder eie dade, gelukkig ag as hy sê:
7 “Geseënd is hulle wie se oortredings van die wet verwyder is en wie se sondes toegedek is.
8 Geseënd is die man vir wie God die sonde nie bereken nie.” [Ps 32:1-2]
9 Hierdie seën dan, is dit op die besnedenes of ook op die onbesnedenes? Want ons sê: ‘Deur Avraham se vertroue is hy onpartydig opreg gereken.’

10 Hoe is dit dan bereken? Toe hy besnede of onbesnede was? Nie as besnedene nie, maar as onbesnedene.
11 Hy het die teken van die besnydenis ontvang as 'n seël van sy onpartydige opregtheid deur vertroue, toe hy nog nie besny was nie sodat hy die vader kon wees van almal wat vertrou terwyl hulle onbesnede is sodat dit ook vir hulle as onpartydige opregtheid gereken kon word
12 en net so ook is hy 'n vader van dié besnedenes wat nie alleen fisies besny is nie, maar ook loop in die voetspore van vertroue van ons vader Avraham, toe hy nog onbesnede was, [Deut 10:16; Yir 9:24-25; Rom 2:26-29; 3:30; 1 Kor 7:18,19; Gal 5:2-6; Kol 2:11]
13 want die belofte dat hy erfgenaam van die wêreld sou wees, het nie Avraham, of sy nageslag, [Gen 15:3-5] deur die geskrewe wet verkry nie, maar deur die onpartydige opregtheid wat uit vertroue kom,
14 want as hulle erfgename is vanuit die geskrewe wet, dan het vertroue geen doel nie en is die belofte gekanselleer,
15 want die geskrewe wet bring straf, maar waar geen geskrewe wet is nie, is daar ook geen oortreding van die geskrewe wet nie.
16 As gevolg hiervan sal iemand deur vertroue, wat uit onverdiende guns is, onskuldig verklaar word en sal die belofte seker wees vir al sy saad; nie alleen vir dié wat uit die geskrewe wet is nie, maar ook vir dié wat uit die vertroue van Avraham is, die vader van ons almal.
17 Net soos geskrywe is: "Ek het jou as 'n vader van baie nasies aangestel." [Gen 17:5] Dit ís hy voor God omdat hy vertrou het dat Hy die Een is wat lewe gee aan dit wat dood is en hulle wat nie is nie, roep asof hulle is."
18 Hy het verby enige hoop vertrou dat hy vader sou word van baie nasies volgens wat gesê is: "Soveel sal jou nageslag wees." [Gen 15:5]
19 Al was hy omtrent honderd jaar oud, het sy vertroue nie verswak, toe hy na sy eie liggaam, wat alreeds dood was en na die dooie toestand van die baarmoeder van Sarah, gekyk het nie.
20 Hy het nie asof vanuit 'n gebrek aan vertroue aan die belofte van God getwyfel nie, maar hy is versterk in vertroue en het aan God die lofprysing gegee
21 en bevestig dat God die vermoë het om te doen wat Hy hom beloof het.
22 As gevolg hiervan is dit vir hom bereken tot onpartydige opregtheid, [Gen 15:6]
23 maar dit is nie alleen om sy ontwil geskrywe dat sy vertroue vir hom bereken is tot onpartydige opregtheid nie,
24 maar ook om ons ontwil vir wie dit bereken sal word; vir hulle wat vertrou in Hom wat ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, uit die dood uit opgewek het;
25 Hy wat oorgelewer is ter wille van ons sondes en opgestaan het om ons onskuldig te verklaar.

5 1 Omdat ons onskuldig verklaar is, sal daar daarom deur vertroue, vir ons vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid by God wees deur ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een,

2 want in Hom is ons, deur vertroue, waarin ons staan, in hierdie onverdiende guns ingebring en ons verheug ons in die versekerde verwagting van die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God.
3 Nie alleen so nie, maar ons verheug ons ook in die pyniginge omdat ons weet dat die pyniginge, uithouvermoë in ons vervolmaak, [Ya'a 1:3]
4 en die uithouvermoë vervolmaak ondervinding en die ondervinding vervolmaak versekerde verwagting
5 en die versekerde verwagting beskaam nie omdat die oorlopende liefde van God reeds in ons verstand, wil en emosie uitgestort is deur die Gees wat Afgesonderd is wat aan ons gegee is.
6 Waarlik, dié Gesalfde Een het ter wille van ons swakheid, op dié tyd, in die plek van bose mense gesterf.
7 Iemand sal moeilik vir 'n bose sterf; vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterf.
8 Hierin wys God Sy liefde vir ons: dat dié Gesalfde Een in ons plek gesterf het toe ons sekerlik nog sondaars was.
9 Hoeveel te meer sal ons, noudat ons onskuldig verklaar is in Sy bloed, deur Hom gered word van die toorn,
10 want as ons verhouding met God terwyl ons nog vyande was, deur die dood van Sy Seun, herstel is, hoeveel te meer sal ons deur Sy Lewe leef noudat ons verhouding herstel is.
11 Nie alleen dit nie, maar ons roem ook in God deur ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, want dit is in Hom wat ons nou die herstel van ons verhouding ontvang het,
12 net soos deur die hand van een mens die sonde in die heelal ingekom het [Gen 3:17]
en deur die sonde die dood [Gen 3:19] en die dood só na alle mense toe deurgekom het omdat almal gesondig het.
13 Tot by die geskrewe wet wás daar al sonde in die wêreld, maar dit is nie as sonde toegereken nie omdat daar geen geskrewe wet was nie,
14 maar die dood het geheers van Adam af tot by Mosheh, ook oor hulle wat nie presies gesondig het in die oortreding van 'n opdrag soos Adam, wat 'n beeld is van Hom wat sou kom, nie.
15 Die onverdiende geskenk is nie dieselfde as die oortreding nie, want as deur die oortreding van die één baie dood is, hoeveel te meer het die onverdiende guns van God in oorvloed na baie gekom deur die geskenk, deur onverdiende guns, van die een Mens, Yeshua, dié Gesalfde Een.
16 Die gevolg van die geskenk is nie dieselfde as die gevolg van één se sonde nie, want deur één het oordeel gekom tot verdoeming, maar die onverdiende geskenk is vir baie oortredinge tot verklaring van onskuld,
17 want as die dood, as gevolg van die oortreding van die één, geheers het deur die één, veel meer sal húlle, wat die oorvloedigheid van die onverdiende guns ontvang, wat die geskenk van onpartydige opregtheid is, heers in dié lewe deur die Één, Yeshua, dié Gesalfde Een;

18 daarom dan, net soos alle mense skuldig bevind is deur een se oortreding, so ook sal daar deur die onpartydige opregtheid van Een, oorwinning tot lewe wees vir alle mense,
19 want net soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie sondaars geword het, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie onskuldig word.
20 Die geskrewe wet is bygevoeg sodat die sonde meer sou word en waar die sonde meer geword het, het die onverdiende guns nog uitermate meer geword
21 sodat, net soos die sonde geheers het deur die dood, so ook die onverdiende guns kan heers deur onpartydige opregtheid tot die ewige lewe deur ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een.

6 1 Wat sal ons daarom sê? Sal ons in die sonde bly sodat die onverdiende guns meer kan word?
2 'n Verwerplike gedagte! Hoe kan enige een van ons wat dood is vir die sonde, weer daarin leef? [1 Yog 5:18]
3 Of weet julle nie dat díe van ons wat in dié Gesalfde Een, Yeshua, gedoop is, in Sy dood gedoop is nie?
4 Ons is saam met Hom begrawe in die doop tot die dood sodat net soos dié Gesalfde Een uit die dood uit opgestaan het deur die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van Sy Vader, ons ook net so in 'n nuwe lewe kan leef, [Efe 3:20; Fil 3:10]
5 want as ons een geword het met Hom deur dieselfde dood as Hy, sal ons ook een wees met Hom in dieselfde opstanding as Hy.
6 Ons weet dat ons ou mens saam met Hom gekruisig is sodat die liggaam van sonde vernietig sou word sodat ons nie langer 'n slaaf van die sonde sal wees nie,
7 want hy wat dood is, het homself van die sonde bevry.
8 As ons daarom saam met dié Gesalfde Een dood is, laat ons vertrou dat ons saam met dié Gesalfde Een sal lewe [1 Kef 3:21; 2 Kor 5:17; Efe 2:10; 2 Tim 2:11-13]
9 omdat ons weet dat dié Gesalfde Een opgestaan het uit die dood en nie weer sal sterf nie en die dood geen outoriteit oor Hom het nie.
10 Hy wat dood is vir die sonde, het een maal gesterf en omdat Hy leef, leef Hy vir God.
11 Net so moet julle ook julleself beskou as dood vir die sonde en dat julle leef vir God in eenheid met ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een.
12 Die sonde sal daarom nie in julle dooie liggame heers, asof julle aan sy begeertes gehoorsaam sou wees nie.
13 Moet ook nie julle lede aanbied as wapens vir boosheid tot sonde nie, maar bied julleself aan vir God as mense wat uit die dood uit lewend is en julle lede sal wapens wees vir die onpartydige opregtheid van God.
14 Sonde het nie outoriteit oor julle nie, want julle is nie onder die geskrewe wet nie, maar onder onverdiende guns.
15 Wat dan? Sal ons sonde doen omdat ons nie onder die geskrewe wet is nie, maar onder die onverdiende guns? 'n Verwerplike gedagte!

16 Weet julle nie dat julle, aan wie julle ook al julself aanbied om gehoorsaam te wees, sy slaaf is om aan hom gehoorsaam te wees nie; òf dit die sonde, òf die onpartydige opregtheid is waarna jy luister?
17 Dank God dat julle slawe van die sonde was en vanuit julle verstand, wil en emosie gehoorsaam geword het aan die voorbeeld van die leer wat aan julle gebring is
18 en toe julle vrygemaak is van die sonde, het julle slawe geword van die onpartydige opregtheid.
19 Ek praat menslikerwys ter wille van die swakheid van julle vlees, want net soos julle jul liggaamsdele as slawe aangebied het van die onreinheid en wetsoortreding, so moet julle nou ook jul lede aanbied as slawe van die onpartydige opregtheid en afgesonderdheid,
20 want toe julle slawe geword het van die sonde, het julle vry geraak van die onpartydige opregtheid.
21 Watter vrug het julle toe gehad? Dit waaroor julle jul nou skaam, want die uiteinde daarvan is die dood.
22 Nou, omdat julle vrygemaak is van die sonde en slawe geword het van God, lei die voordeel wat julle trek tot afgesonderdheid en die uiteinde is die ewige lewe.
23 Die eindproduk van die sonde is die dood, maar die geskenk van God is die ewige lewe, in ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een. Yog 8:51

7 1 Asof julle nie weet nie, my broers, want ek praat met dié wat die geskrewe wet verstaan, dat die geskrewe wet outoriteit het oor die mens solank as wat hy lewe;
2 net soos die getroude vrou in die geskrewe wet aan haar meester gebonde bly solank hy leef, maar as die man dood is, is sy deur die geskrewe wet losgemaak van haar man.
3 As sy weggaan vir ’n ander man terwyl haar meester leef, sal sy vir hom ’n egbreekster wees, maar as haar meester sou sterf, is sy vry van die geskrewe wet sodat sy nie ’n egbreekster is as sy ’n ander man s’n word nie.
4 Nou, my broers, is julle ook dood vir die geskrewe wet, deur die liggaam van dié Gesalfde Een, om aan ’n ander te mag behoort, naamlik aan Hom wat uit die dood uit opgestaan het sodat julle vir God vrugte kan dra,
5 want toe ons in die ou natuur was, het die siektes van die sonde wat deur die geskrewe wet kom, ywerig in ons lede gewerk om vir die dood vrugte te dra, Deut 27, 28
6 maar nou is ons vrygespreek van dié geskrewe wet en het ons dit wat ons beheer afgesterf sodat ons van nou af slawe is van wat nuut is uit die Gees en nie van die oue wat uit die geskrewe letter is nie.
7 Wat sal ons daarom sê? Is die geskrewe wet sonde? ’n Verwerplike gedagte! Ek sou nie weet wat is sonde anders as deur die wet nie, want ek sou ook nie begeerte geken het as die wet nie gesê het: “Jy mag nie begeer nie.” Eks 20:17; Deut 5:21
8 Die sonde het die geleentheid aangegryp deur die voorskrifte en in my allerhande begeertes gewerk, want sonder die wet was die sonde dood.
9 Aan die begin was ek lewend sonder die geskrewe wet, maar toe die opdragte kom, het die sonde geleef en ek het gesterf
10 en die opdragte tot lewe, was vir my tot die dood,

11 want die sonde het die geleentheid aangegryp deur my te mislei deur die opdragte en my daardeur gedood.
12 Die geskrewe wet is daarom afgesonderd en die opdragte is afgesonderd, regverdig en goed. Yes 42:21
13 Het dit wat goed is daarom vir my tot die dood geword? 'n Verwerplike gedagte! Dit is egter sodat sonde as sonde gewys kan word deur die goeie, wat deur my dood vervolmaak is en sonde des te meer veroordeel kon word deur die opdragte,
14 want ons weet dat die geskrewe wet vanuit die gees is, maar ek is vanuit die vlees verkoop aan die sonde,
15 want wat ek doen, verstaan ek nie en dit is ook nie enige iets wat ek gekies het nie, maar dit wat ek gehaat het, dit het ek gedoen.
16 As ek enige iets doen wat ek nie wil nie, dan getuig ek dat die geskrewe wet goed is, Ps 19:8,9
17 maar dat dit nie nou ek is wat dit doen nie, maar die sonde wat in my bly,
18 want ek weet dat in my, dit is in my vlees, die goeie nie bly nie, want dit is maklik vir my om bly te wees oor die goeie, maar ek kan dit nie doen nie,
19 want die goeie wat ek gekies het om te doen, het ek nie gedoen nie, maar die bose wat ek nie wou doen nie, dit het ek gedoen.
20 As ek enige iets doen wat ek nie wou nie, dan was dit nie ek wat dit gedoen het nie, maar die sonde wat in my bly.
21 Ek vind dus 'n wet, wat met my gewete saamstem, wat kies om die goeie te doen omdat die bose naby my is,
22 want ek verheug my in die wet van God vanuit die innerlike mens,
23 maar ek sien 'n ander wet in my lede wat oorlog maak teen die wet van my gewete en my gevange hou aan die wet van die sonde wat in my lede is.
24 Ek is 'n ellendige mens! Wie sal my red uit hierdie liggaam van die dood?
25 Ek dank God: dit is deur ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een! Ek is daarom nou met my gewete 'n slaaf van God se wet, maar in my vlees 'n slaaf van die wet van die sonde.

8 1 Daar is daarom geen veroordeling in Yeshua, dié Gesalfde Een, vir dié wat nie in die vlees leef nie,
2 want die wet van die Gees van Lewe, wat in Yeshua, dié Gesalfde Een, is, het jou vrygemaak van die wet van die sonde en van dood,
3 want omdat die wet magteloos was, deur die swakheid van die vlees, het God Sy Seun in die vorm van die vlees, wat sondig, gestuur, ter wille van sonde, om die sonde in Sy vlees te veroordeel
4 sodat die onpartydige opregtheid van die wet volledig gemaak kon word in ons sodat ons nie na die vlees leef nie, maar na die Gees.
5 Hulle wat in die vlees is, word deur daardie vlees beheer, maar die wat van die Gees is, word deur daardie Gees beheer, Yog 3:6
6 want die gedagtes van die vlees is dood, maar die gedagtes van die Gees is lewe, vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid

7 omdat die gedagtes van die vlees vyandskap teen God is, want dit is nie gehoorsaam
aan die wet van God nie, want dit is ook nie moontlik nie. [Tit 1:16]
8 Hulle wat in die vlees is, kan God nie tevrede stel nie, [Yog 3:5; 1 Kor 15:50; Gal 5:17]
9 maar julle is nie in die vlees nie, maar in die Gees, as die Gees van God waarlik in
julle bly, maar as iemand die Gees van dié Gesalfde Een nie het nie, behoort hy nie
aan Hom nie.
10 As dié Gesalfde Een in julle is, dan is die liggaam dood vir die doel van sonde,
maar die Gees is lewend vir die doel van die onpartydige opregtheid
11 en as die Gees van Hom wat ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een uit die dood
uit laat opstaan het, in julle bly, dan sal Hy wat Yeshua, dié Gesalfde Een uit die
dood laat opstaan het, ook aan julle dooie liggame lewe gee deur Sy Gees wat in
julle bly. [Yeg 37:14]
12 Nou, my broers, is ons skuldenaars, nie aan die vlees om na die vlees te lewe nie,
13 want as julle na die vlees lewe, sal julle sterf en as julle in die Gees die praktyke
van die liggaam doodmaak, sal julle lewe, [Ya'a 4:4]
14 want dié wat deur die Gees van God gelei word, dié is seuns van God.
15 Julle het nie 'n gees van slawerny ontvang om weer te vrees nie, maar julle het die
Gees van aanstelling as seuns ontvang, deur Wie ons uitroep: "Vader, ons Vader!"
16 Daardie Gees getuig tot ons gees dat ons seuns van God is
17 en as ons seuns is, dan ook erfgename. Erfgename van God en mede-erfgename
van die erfenis van Yeshua, dié Gesalfde Een, want as ons saam met Hom ly, sal ons
ook saam met Hom die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God smaak.
18 Ek verklaar dat die lyding van hierdie tyd nie vergelyk kan word met die
Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God wat aan ons openbaar sal word nie,
19 want die skepping wag in versekerde verwagting en in afwagting op die
openbaarmaking van die seuns van God, [Ya'a 1:18]
20 want die skepping is onderworpe aan die waardeloosheid, nie uit keuse nie, maar
onder Hom wat dit gehoorsaam gemaak het, in die versekerde verwagting
21 dat ook die skepping vrygemaak sal word van die slawerny van vernietiging tot
die vryheid van die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God saam met die seuns
van God,
22 want ons weet dat alles wat geskep is, kreun en in geboortepyn is tot nou toe.
23 Nie alleen hulle nie, maar ook ons wat die eersteling vrugte van die Gees in ons
het, kreun ook in onsself in afwagting op die aanstelling as seuns en die bevryding
van ons liggame, [Ps 96:11-13]
24 want ons leef in versekerde verwagting, maar die versekerde verwagting wat gesien
word, is geen verwagting nie, want waarom verwag iemand dit wat hy sien?
25 As ons verwag wat ons nie sien nie, dan wag ons daarop met geduld.
26 Net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie wat nodig is,
waarvoor ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitgesproke
kreuninge
27 en Hy wat die verstand, wil en emosie ondersoek, weet wat die bedoeling van die
Gees is omdat Hy, ooreenkomstig die wil van God, vir die afgesonderdes intree.

28 Ons weet dat, vir hulle wat God lief het, [Deut 6:5] Hy hulle in alles help tot die goeie,
vir hulle wat Hy afgesonder het om geroep te word,
29 want die wat Hy vooruit geken het, dié het Hy ook vooruit gevorm om te lyk net
soos die beeld van Sy Seun [Luk 3:22; 1 Kor 15:45; 2 Kor 6:18] sodat Hy die Eersgeborene kan
wees onder baie broers
30 en die wat Hy vooruit gevorm het, dié het Hy ook geroep en die wat Hy geroep het,
dié het Hy ook onskuldig verklaar en die wat Hy onskuldig verklaar het, aan dié het
Hy ook Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid gegee.
31 Wat sal ons daarom van hierdie dinge sê? As God vír ons is, wie is teen ons?
32 As Hy selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom, in plaas van ons almal,
oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ook vir ons alles gee nie?
33 Wie sal beskuldigings inbring teen dié wat God gekies het? God verklaar
onskuldig.
34 Wie is dit wat veroordeel? dié Gesalfde Een is Hy wat gesterf het, meer nog, wat
ook opgewek is, wat ook aan die regterkant van God is, wat ook vir ons onthalwe
intree.
35 Wat sal my skei van die liefde van dié Gesalfde Een: lyding, gevangenskap,
vervolging, hongersnood, naaktheid, gevaar of die swaard?
36 Soos geskrywe is: "Om U ontwil word ons die hele dag lank doodgemaak, ons is
gereken as skape vir die slagting." [Ps 44:23]
37 In al hierdie dinge oorwin ons egter, deur Hom wat ons lief het,
38 want ek is oortuig daarvan dat geen dood of lewe of engel of outoriteit of leërmag
of dinge wat nou bestaan of dinge wat sal kom
39 of hoogte of diepte of enige ander skepsel in staat is om my af te sny van die liefde
van God, wat daar in ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, is nie.

9 1 Ek praat die waarheid in eenheid met dié Gesalfde Een en ek lieg nie; my gewete
getuig vir my in eenheid met die Gees wat Afgesonderd is
2 dat dit vir my 'n groot droefheid is en 'n onophoudelike smart vir my denke, wil en
emosie,
3 want ek het gebid dat ek self, ter wille van my broers, my bloedverwante na die
vlees, vernietig sou word, weg van dié Gesalfde Een af.
4 Hulle wat Yisra'el is, het ontvang: die plasing tot seuns, [Eks 4:22] die Gemanifesteerde
Teenwoordigheid van God, [Eks 13:21; Eks 40:36-38; Yeg 1:28] die verbond, [Gen 17; Eks 19-24; Yir 31:31] die
geskrewe wet, [Eks–Deut] die dienswerk daarin, [Eks 25-27] die beloftes [2 Kor 1:20; Heb 8:6]
5 aan die vaders en vanuit hulle het dié Gesalfde Een in die vlees verskyn. [Luk 1:26-35]
Tot Hom wat God oor alles is, is lofprysing en seën vir 'n tydlose ewigheid! Dit is
waar.
6 Dit is nie asof die boodskap van God gefaal het nie, want nie almal wat vanuit
Yisra'el is, is Yisra'el nie.
7 Ook nie omdat hulle almal Avraham se nageslag is, is hulle seuns nie, want dit is
gesê: "in Yitz'gak [Gen 21:12] sal hulle jou nageslag genoem word." [Ps 105:6]
8 Dit is: nie díe wat seuns van die vlees is, is seuns van God nie, maar die seuns van
die belofte word gereken as nageslag,

9 want dit is die boodskap van die belofte: “Op die bepaalde tyd sal Ek kom en Sarah sal ’n seun hê.” Gen 18:14

10 Nie alleen dit nie, maar ook met Rivkah wat swanger was, deur een daad met ons vader Yitz’gak,

11 (voordat haar seuns gebore is en nog nie enige goed of kwaad gedoen het nie, is die keuse van God openbaar sodat dit kon staan, nie vanuit dade nie, maar vanuit Hom wat roep),

12 is gesê: “Die oudste sal ’n slaaf wees van die jongste.” Gen 25:23

13 Net soos geskrywe is: “Ya’akov het Ek liefgehad en `Esav het Ek gehaat.” Mal 1:2-3

14 Wat sal ons daarom hieroor sê? Dat daar boosheid is by God? Deut 32:4; Ps 92:16 ’n Verwerplike gedagte!

15 Let op, ook vir Mosheh sê Hy: “Ek sal guns wys vir wie ook al Ek lief is en My liefdevolle omgee wys oor wie ook al Ek My ontferm.” Eks 33:19

16 Gevolglik hang dit nie af van die een wat wil of deur die een wat hardloop nie, maar van God wat Omgee is,

17 want Hy sê in die Skrif vir Farao: “Om hierdie rede het Ek jou laat opstaan sodat Ek in jou My krag kan wys en sodat My Karakter en Outoriteit bekend gemaak kan word op die hele aarde.” Eks 9:16; 14:4

18 So wys Hy dan Sy omgee oor wie Hy wil en Hy verhard wie Hy wil.

19 Sonder twyfel sal jy sê: “Waarom vind Hy fout, want wie is dit wat teen Sy wil staan?”

20 Wie is jy daarom o mens, wat vir God ’n antwoord teruggee? Sê die een wat gevorm is aan die Een wat hom gevorm het: “Waarom het U my op dié manier gevorm?” Yes 29:16; 45:9

21 Of het die pottebakker nie outoriteit oor die klei, om uit dieselfde bol die een voorwerp tot eer en die ander tot oneer te maak nie?

22 As God Sy woede wou wys en Sy mag bekend maak, het Hy baie geduld getoon in woede teen houers van woede wat volmaak gemaak is vir die vernietiging

23 en Sy liefde loop oor op die voorwerpe van omgee wat voorberei is vir Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid,

24 vir ons wat Hy geroep het, nie alleen uit die Jode nie, maar ook uit die ander nasies.

25 Net soos dit ook in Hoshea sê: “Ek sal die wat nie My volk was nie: ‘My volk’ noem en vir wie nie liefde gegee is nie: ‘jy wat Ek lief het’ Hos 2:25

26 en in die plek waar hulle nie ‘My volk’ genoem is nie, daar sal hulle genoem word ‘seuns van die lewende God’.” Yes 19:25; 27:12,13; Hos 2:1

27 Yesha’yahu het teen die seuns van Yisra’el verkondig: “Al is die getal van die seuns van Yisra’el soos die sand van die see, net ’n oorblyfsel sal gered word.

28 Hy het dit kortgeknip en afgesny en יהוה sal dit doen op die aarde.” (wat Hy bepaal en besluit het, sal Hy doen op die aarde). Yes 10:22-23

29 Soos Yesha’yahu vroeër gesê het: “As יהוה-Tzva’ot nie vir ons ’n oorblyfsel oorgelos het nie, sou ons geword het soos S’dom en wees net soos `Amorah.” Yes 1:9

30 Wat sal ons daarom sê? Die ander nasies, wat die onpartydige opregtheid nie nagejaag het om dit te verkry nie, het die onpartydige opregtheid ontvang, dié onpartydige opregtheid wat vanuit vertroue is,
31 maar Yisra'el, wat agter die geskrewe wet van onpartydige opregtheid aangehardloop het, het nie die wet van onpartydige opregtheid verkry nie.
32 Om watter rede? Omdat dit nie vanuit vertroue was nie, maar vanuit die dade van die geskrewe wet dat hulle gestruikel het oor die Steen van struikeling. [Yes 8:14]
33 Net soos geskryf is: [Yes 28:16] "Let op, Ek het 'n Steen van struikeling en 'n Steen van oortreding in Tziyon gelê en wie ook al in Hom vertrou, [Mat 21:42-44; 1 Kef 2:6-8] sal nie beskaam word nie."

10 1 My broers, die begeerte van my verstand, wil en emosie en my intrede voor God vir hulle, is vir hulle onthalwe dat hulle gered mag word,
2 want ek getuig van hulle dat hulle 'n ywer vir God in hulle het, maar nie in kennis nie
3 omdat hulle die onpartydige opregtheid van God nie ken nie, maar hulle eie onpartydige opregtheid probeer oprig; daarom het hulle die onpartydige opregtheid van God nie gehoorsaam nie,
4 want die einddoel van die geskrewe wet is dié Gesalfde Een tot onpartydige opregtheid aan elkeen wat vertrou,
5 want Mosheh skryf dat die man wat die onpartydige opregtheid praktiseer wat uit die wet is, volgens daardie onpartydige opregtheid sal lewe." [Lev 18:5]
6 Die onpartydige opregtheid wat uit vertroue is, sê dit so: "Moenie in jou gedagtes, wil en verstand sê: 'Wie het opgegaan na die hemel en dié Gesalfde Een afgestuur;
7 wie het in die bodemlose put van Sh'ol neergedaal en dié Gesalfde Een uit die dood uit opgebring?' nie.
8 Daarteenoor, wat sê dit? [Deut 30:11-14] "Naby jou is die antwoord, in jou mond en in jou verstand." Dit is die boodskap van vertroue wat ons verkondig:
9 as jy met jou mond ons Meester, Yeshua, verklaar en met jou verstand, wil en emosie vertrou dat God Hom uit die dood uit opgewek het, sal jy lewe hê,
10 want die verstand, wil en emosie wat in Hom vertrou, is onskuldig verklaar en die mond wat Hom bely, lewe,
11 want die Skrif sê: "Elkeen wat in Hom vertrou, sal nie beskaam word nie." [Yes 28:16]
12 Hierin maak Hy nie 'n onderskeid tussen Jood en nie-Jood nie, want יהוה is een vir almal van hulle en is waardevol vir almal wat Hom aanroep,
13 want elkeen wat hom op die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה beroep, sal lewe hê. [Yo'el 2:32]
14 Hoe sal hulle hul dan beroep op Hom, behalwe as hulle in Hom vertrou? Hoe sal hulle in Hom vertrou as hulle Hom nie gehoor het nie? Of hoe sal hulle hoor sonder een wat verkondig?
15 Of hoe kan hulle verkondig as hulle nie gestuur word nie? Soos geskrywe is: "Hoe lieflik is die voete van die boodskapper van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid en van die boodskapper van goeie dinge." [Yes 52:7]

16 Dit is egter nie almal wat die goeie boodskap gehoorsaam het nie, want Yesha'yahu
het gesê: "My Meester, wie glo ons verslag?" Yes 53:1; Yog 12:38
17 Vertroue is daarom in een wat luister en doen; een wat luister en doen wat God
sê.
18 Ek sê egter: "Het hulle nie gehoor nie?" Let op, hulle verslag het uitgegaan oor die
hele aarde en hulle woorde tot by die eindes van die wêreld." Ps 19:2-5
19 Ek sê egter: "Miskien het Yisra'el nie verstaan nie?" Mosheh het vroeër gesê: "Ek
sal julle jaloers maak op dié wat geen volk is nie en Ek sal julle kwaad maak teen 'n
nasie wat nie gehoorsaam is nie." Deut 32:21
20 Yesha'yahu sê openlik: "Ek het verskyn aan hulle wat nie na My gesoek het nie en
Ek is gevind deur dié wat nie na My gevra het nie." Yes 65:1; Rom 9:30
21 Vir Yisra'el sê Hy: "Die hele dag lank het Ek My hande uitgehou na mense wat
twissoekerig en ongehoorsaam is." Yes 65:2; Rom 9:31

11 1 Sê ek dat God Sy volk weggestoot het? 'n Verwerplike gedagte, 2 Kro 20:7 want ek
is ook vanuit Yisra'el, van die nageslag van Avraham, van die stam van Binyamin.
2 God het Sy volk wat Hy van die begin af geken het, 1 Sh'm 12:22; Ps 94:14 nie weggestoot
nie. Of weet julle nie wat die Skrif in die gedeelte oor Eliyahu sê toe hy by God oor
Yisra'el gekla het nie?
3 "My Meester, hulle het U profete vermoor en U altare omgegooi; ek het alleen
oorgebly en hulle soek my lewe!" 1 Kon 19:10,14
4 Dit is vir hom deur openbaring gesê: "Let op, Ek het vir Myself sewe duisend manne
uitgehou wat nie die knie voor Ba'al gebuig en hom aanbid het nie." 1 Kon 19:18
5 Dit is ook dieselfde in die teenwoordige tyd: daar is 'n oorblyfsel gekies uit
onverdiende guns, Deut 4:27
6 maar as dit uit onverdiende guns is, dan is dit nie vanuit dade nie, anders is
onverdiende guns geen onverdiende guns nie, maar as dit uit dade is, dan is dit nie
meer onverdiende guns nie, anders is dade geen dade meer nie.
7 Hoekom het Yisra'el, behalwe die gekoses, dan nie dít gevind waarna hulle gesoek
het nie, maar die ander is verblind in hulle verstand, wil en emosie? Rom 9:31
8 Net soos geskryf is: "God het hulle 'n hardkoppige gees gegee, oë wat nie sien nie
en ore wat nie hoor nie, tot vandag toe." Deut 29:3,4; Yes 6:9; Yes 29:10; Yeg 12:2; Mat 13:14,15; Yog 12:40
9 Dawid sê weer: "Hulle tafel sal vir hulle 'n valstrik wees en hulle beloning 'n
oortreding.
10 Laat hulle oë donker word sodat hulle nie kan sien nie en laat hulle rug aanhoudend
oorgebuig wees," Ps 69:23-24
11 maar ek vra: "Het hulle gestruikel sodat hulle geval het?" 'n Verwerplike gedagte!
Inteendeel, deur hulle struikeling het daar verlossing vir die ander nasies gekom,
om hulle jaloers te maak Deut 32:21; Mat 21:43
12 en as hulle oortreding waardevol vir die wêreld is en hulle veroordeling waardevol
is vir die ander nasies, hoeveel te meer nie hulle volheid nie!
13 Want aan julle, die ander nasies sê ek; ek wat die afgevaardigde na die ander nasies
is; ek eer my dienswerk,
14 om miskien my volksgenote jaloers te maak en sommige van hulle te red,

15 want as hulle verwerping die herstel van die verhouding vir die wêreld is, hoeveel te meer sal hulle terugkeer nie lewe uit die dood wees nie?
16 As die eerste vrugte afgesonderd is, [Num 15:18-21] dan ook die geheel en as die wortel afgesonderd is, dan die takke ook.
17 As sommige van die takke afgesny is en jy wat 'n wilde olyfboom is, in hulle plek ingeënt is en deel gekry het aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom,
18 moet jou dan nie teen die takke verhoog nie en as jy jou verhoog; dit is nie jy wat die wortel dra nie, maar die wortel vir jou!
19 Sonder twyfel sal jy sê: "Die takke is afgesny sodat ek in hulle plek ingeënt kon word."
20 Goed, hulle is afgesny omdat hulle nie vertrou het nie, [Yir 5:10; 11:16] maar jy staan deur vertroue. Moenie arrogant wees in jou gedagtes nie, maar vrees,
21 want as God die natuurlike takke nie gespaar het nie, sal Hy jou ook sekerlik nie spaar nie.
22 Kyk hierdeur na die goeddoen met sagtheid en die strengheid van God: strengheid oor die wat geval het, maar goeddoen met sagtheid oor jou as jy in Sy goedheid bly, anders sal jy ook afgesny word.
23 Ook hulle sal egter, as hulle nie in hulle tekort aan vertroue bly nie, ingeënt word, want God is magtig om hulle weer in te ent,
24 want as jy afgekap is van die olyfboom wat van nature wild is en teen die natuur in op die mak olyfboom ingeënt kan word, hoeveel te meer kan hulle dan wat dit van nature is, op hul natuurlike olyfboom ingeënt word? [Yog 15:1-7]
25 Ek wil hê, my broers, dat julle hierdie geheimenis moet ken sodat julle nie wys mag wees in julle opinie van julleself nie: dat die verblinding gedeeltelik oor Yisra'el se verstand, wil en emosie gekom het totdat die volheid van die ander nasies ingegaan het [Luk 21:24]
26 en dan sal die hele Yisra'el gered word, soos geskrywe is: "Die Verlosser sal uit Tziyon kom en sal die boosheid wegdraai van Ya'akov af [Yes 59:20-21]
27 en dan sal My verbond, wat uit My Teenwoordigheid kom, wanneer Ek hulle sondes vergewe, met hulle wees." [Yes 27:9; 42:6; 49:8]
28 Wat die goeie boodskap betref, is hulle vyande ter wille van julle, maar wat betref dat hulle gekies is, is hulle dié vir wie ek lief is ter wille van die vaders,
29 want God verander nie in Sy geskenke en in Sy roeping nie,
30 want soos julle ook vroeër aan God ongehoorsaam was, maar nou voorkeur ontvang het as gevolg van hulle ongehoorsaamheid,
31 so het hulle ook nou ongehoorsaam geword om deur julle omgeedaad aan hulle ook God se omgeedaad te kan ontvang,
32 want God het hulle almal in die ongehoorsaamheid ingesluit, om vir almal te kan omgee.
33 O, die diepte van die rykdom, wysheid en kennis van God, want die mens het nie Sy oordele opgesoek en nie Sy paaie nagevolg nie,
34 want wie het die gedagtes van יהוה geken, of wie was Sy raadgewer? [Yes 40:13; Iyov 15:8]

35 Wie het eerste iets vir Hom gegee en dan iets terug ontvang?
36 Want vanuit Hom en in Hom en deur Hom is alle dinge tot Sy lofprysing en seën
tot in tydlose ewigheid. Dit is waar. [Iyov 40:1-14; 42:1-6]

12 1 My broers, daarom smeek ek julle, deur die guns van God dat julle jul liggame
beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God; [Ps 4:6; 1 Kef 2:5; 2 Tim 4:6] dit is julle logiese dienswerk [Eks 25:2; 29:18]
2 en moenie hierdie wêreld navolg nie, maar word verander deur die vernuwing van julle denke en julle sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is.
3 Deur die onverdiende guns wat aan my gegee is, sê ek vir julle almal dat julle nie van julself meer moet dink as wat 'n mens behoort te dink nie, maar dat julle aan julself dink in nederigheid volgens die maat van vertroue wat God aan elkeen uitgedeel het,
4 want net soos ons in een liggaam baie lede het, maar die lede nie almal dieselfde funksie het nie,
5 net so is ons almal saam een liggaam in dié Gesalfde Een, maar elkeen afsonderlik lede van mekaar.
6 Ons het verskillende gawes volgens die onverdiende guns wat aan ons gegee is: daar is dié van profesie, na die maat van sy vertroue;
7 daar is dié van bediening, vir die een in Sy bediening; daar is dié van lering, wie in Sy lering is;
8 daar is dié van 'n vertrooster, wat in Sy vertroosting is; 'n gewer in vrygewigheid; 'n leier met ywerigheid; daar is dié vir een wat omgeedade bewys met blymoedigheid.
9 Laat jou liefde sonder misleiding wees, haat wat boos is [Rom 16:19] en klou aan die goeie;
10 wees jy aangetrokke tot jou broers en wees lief vir mekaar; gaan jy voor in die eerbetoning van mekaar;
11 wees jy fluks en nie lui nie; wees jy entoesiasties van gees in jou werk vir die Meester;
12 wees jy vreugdevol in die versekerde verwagting; hou uit in jou moeilikheid; volhard voortdurend in gebed;
13 wees jy 'n deelgenoot aan die behoeftes van die afgesonderdes; wees jy gasvry teenoor vreemdelinge;
14 seën dié wat jou vervolg, seën en moenie vervloek nie;
15 wees bly saam met die wat bly is en huil saam met die wat huil;
16 wat jy ook al van jouself dink, dink net so van jou broers; moenie jouself hoog ag nie, maar assosieer met die nederiges; moenie wys wees in jou eie opinie nie;
17 moenie iemand se boosheid met boosheid terugbetaal nie, maar dit moet vir jou belangrik wees om goed te doen voor alle mense.
18 As dit moontlik is, sover dit van jou afhang, maak vrede met alle mense.

19 Moenie self wraak neem nie, julle vir wie ons lief is, maar gee plek vir die wraak, want daar is geskrywe: "As jy nie self oordeel sal uitspreek nie, sal Ek namens jou oordeel, sê God." Deut 32:41; Spr 24:17,18

20 As jou vyand honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want deur dit te doen sal jy vurige kole op sy kop ophoop (hy sal beskaamd staan). Spr 25:21-22

21 Laat jou nie deur die bose oorweldig nie, maar oorkom die bose deur die goeie.

13 1 Elke gees moet aan die hoër outoriteite gehoorsaam wees, want daar is geen outoriteit as dit nie vanaf God is nie en daardie selfde outoriteit, wat van God is, is onder bevel. Luk 10:16; 1 Kor 11:3; Heb 13:17

2 Wie ook al teenoor die outoriteite staan, staan daarom teenoor die opdragte van God en die wat dit teëstaan, sal hulle oordeel ontvang,

3 want die regters hou geen vrees in vir hulle wat goed doen nie, maar vir die bose. As jy nie bang wil wees vir die outoriteit nie, doen wat goed is en jy sal lof van hom af ontvang,

4 want hy is die uitvoerder van God vir jou ten goede, maar as jy doen wat boos is, wees dan bang, want hy dra nie verniet die swaard nie, want hy is 'n uitvoerder van God, 'n vergelder van die woede, om die een wat boosheid doen, te straf.

5 As gevolg hiervan is dit noodsaaklik vir ons om gehoorsaam te wees, nie alleen ter wille van die wraak nie, maar ter wille van die gewete,

6 want daarom betaal julle ook belasting, want hulle is uitvoerders van God wat vir hierdie dinge aangestel is. Yir 29:7; 1 Kef 2:13

7 Beloon daarom elke persoon soos wat aan hom verskuldig is: belasting aan die waaraan belasting verskuldig is, invoerbelasting aan die waaraan invoerbelasting verskuldig is; respek aan dié wat respek toekom, eer aan dié wat eer toekom. Mat 22:20

8 Moenie iemand enige iets skuld nie, behalwe om mekaar lief te hê, want hy wat 'n ander lief het, het die wet volledig gemaak.

9 Want dít: jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie en watter ander opdrag ook al, word in hierdie boodskap volledig gemaak: Eks 20:13-17; Lev 19:18 'Jy moet jou medemens liefhê soos jouself.' Mat 22:39

10 Liefde doen nie kwaad aan sy medemens nie, want liefde is die vervolmaking van die geskrewe wet. Yog 14:15

11 Weet ook dit: weet watter tyd dit is en watter uur dit is, om van nou af wakker te wees uit ons slaap, Efe 5:14 want ons Lewe het nou nader aan ons gekom as toe ons aanvanklik vertrou het.

12 Die nag het van nou af verbygegaan en die dag het aangebreek. Laat ons daarom die dade van die duisternis van ons af afwerp en die wapens van die lig aantrek.

13 Laat ons op die regte manier leef, soos mense in die dag, nie in partytjies, dronkenskap, seksuele immoraliteit, bakleiery en jaloesie nie,

14 maar trek ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, aan en moenie konsentreer op die begeertes van die vlees nie. Open 19:8

14 1 Steek jou hand uit na hom wat swak is in vertroue en moenie verdeel word deur julle verskille nie,

2 want daar is hy wat vertrou dat hy alles mag eet maar hy wat swak is, eet groente.
3 Hy wat eet moenie hom wat nie eet, verag nie en hy wat nie eet nie moenie hom wat eet, oordeel nie, want God het hom aanvaar.
4 Wie is jy wat die dienskneg oordeel wat nie joune is nie? Hy staan of val met betrekking tot sy eie meester, maar sy eie meester het mag om hom staande te hou.
5 Daar is een wat onderskei tussen dae en daar is een wat alle dae beoordeel. Laat elkeen in sy eie denke seker wees.
6 Wie ook al watter dag hoog ag, ag dit hoog vir sy Meester en hy wat die dag nie hoog ag nie, ag dit nie hoog nie, vir sy Meester; wie eet, eet tot eer van sy Meester en dank God en wie nie eet nie, hy eet nie, tot eer van sy Meester en dank God,
7 want daar is niemand van ons wat vir homself leef nie en niemand gaan dood vir homself nie,
8 want as ons lewe, leef ons vir ons Meester en as ons doodgaan, gaan ons dood vir ons Meester; of ons dan lewe en of ons doodgaan, ons behoort aan ons Meester.
9 Vir hierdie rede het dié Gesalfde Een ook gesterf, weer lewend geword en opgestaan sodat Hy Die Meester sal wees vir die wat lewe en vir die wat dood is. [1 Kor 8:6]
10 Jy, waarom oordeel jy jou broer? Of selfs jy, waarom verag jy jou broer? Want ons sal almal voor die regterstoel van dié Gesalfde Een staan.
11 Soos daar geskryf is: "Sowaar as Ek leef, sê יהוה, voor My sal elke knie buig en elke tong sal aan My lofprysing gee." [Yes 45:23; Fil 2:10]
12 Daarvolgens sal elkeen van ons aangaande sy lewe aan God rekenskap gee.
13 Laat ons mekaar van nou af nie meer oordeel nie, maar besluit liewer dít: om nie vir jou broer 'n struikelblok neer te sit nie. [Lev 19:14]
14 Ek weet en is oortuig daarvan deur Die Meester, Yeshua, dat daar niks is wat in ditself onrein is nie, maar hy wat reken dat iets onrein is, vir hom alleen is dit onrein.
15 As jy jou broer deur kos grief, leef jy nie in liefde nie. Moenie deur jou kos, hom vir wie dié Gesalfde Een gesterf het, vernietig nie
16 en laat so nie kwaad gepraat word van wat vir ons goed is nie,
17 want die Koninkryk van God is nie eet en drink nie, maar onpartydige opregtheid, vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid in die Gees wat Afgesonderd is,
18 want wie ook al dié Gesalfde Een hierin dien, is pragtig voor God en goedgekeur voor die mense.
19 Laat ons nou vrede en mekaar se opbouing najaag
20 en nie ter wille van kos 'n dienskneg van God vernietig nie, want alles is wel rein, maar dit is boos vir 'n mens om dit te eet as dit tot struikeling is.
21 Dit is goed om geen vleis te eet, of wyn te drink, of om iets te doen waardeur jou broer omvergewerp word nie.
22 Jy wat vertroue in jou gees het, hou dit voor God. Gelukkig is hy wat homself nie oordeel in wat hy besluit het nie,
23 want wie ook al twyfel en eet, is veroordeel omdat dit nie uit vertroue is nie en alles wat nie uit vertroue is nie, is sonde.

15 1 Ons wat sterk is, is dit verskuldig om die swakhede van die wat nie sterk is nie
te dra en nie onsself tevrede te stel nie,
2 want elkeen van ons moet ons medemens tevrede stel in dit wat goed is tot opbouing,
3 want ook dié Gesalfde Een het Homself nie tevrede gestel nie, maar net soos
geskrywe is: "Die verwyte van die wat U beledig, het op My geval." Ps 69:10
4 Alles wat van die ou tyd af geskryf is, is geskryf vir ons tot lering sodat ons deur
volhardende geduld en vertroosting vanuit die Skrifte 'n versekerde verwagting kan
hê.
5 Mag die God van volhardende geduld en vertroosting gee dat julle mekaar met
gelykheid ag in Yeshua dié Gesalfde Een
6 sodat julle God, die Vader van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, met een
gedagte en uit een mond kan eer, loof en aanbid.
7 As gevolg hiervan moet julle mekaar aanvaar en verdra, net soos dié Gesalfde Een
julle ook aanvaar het tot die eer, lof en aanbidding van God.
8 Ek sê dat Yeshua, dié Gesalfde Een, 'n Dienaar geword het van die besnydenis ter
wille van die waarheid van God, om so die belofte aan die vaders te bevestig.
9 Die ander nasies sal ter wille van Sy onverdiende guns God kan eer, loof en aanbid,
soos geskrywe is: "Ek sal U loof saam met die ander nasies en tot U Karakter en
Outoriteit lofprysing sing." 2 Sh'm 22:50; Ps 18:50
10 Ook sê dit: "Verbly julle, nasies, saam met Sy volk." Deut 32:43
11 Ook sê dit: "Loof יהוה, alle nasies en prys Hom, alle volke." Ps 117:1
12 Yesha'yahu sê ook: "Daar sal 'n Wortel van Yishai kom, wat opstaan om oor die
nasies te heers en in Hom sal die nasies 'n versekerde verwagting hê." Yes 11:10
13 Die God van versekerde verwagting sal julle vol maak met alle blydskap, vrede,
vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid deur die vertroue sodat julle
oorvloedig kan wees in Sy versekerde verwagting deur die krag van die Gees wat
Afgesonderd is!
14 Ek is ook, my broers, oortuig van julle, dat julle self ook vol is van wat goed is en
vol van alle kennis, in staat om ook ander te leer.
15 Ek het egter 'n bietjie vrymoediglik aan julle geskryf, my broers, om julle te
herinner, volgens die onverdiende guns wat aan my gegee is deur God
16 dat ek 'n dienaar van Yeshua, dié Gesalfde Een, onder die ander nasies kan wees
en ek kan werk vir die goeie boodskap van God sodat die offer van die ander nasies
miskien aanvaar kan word en afgesonder word deur die Gees wat Afgesonderd is.
17 Dit is daarom vir my 'n trots in Yeshua, dié Gesalfde Een, tot God,
18 want ek waag nie om enige iets, anders as wat dié Gesalfde Een deur my gedoen
het ten aanhore van die ander nasies, deur boodskap en daad,
19 deur die krag van tekens en wonderwerke en deur die krag van die Gees van God,
te sê nie, om só die verkondiging van die goeie boodskap van dié Gesalfde Een te
voltooi van Yerushalayim af tot by Illurikon
20 terwyl ek daarop konsentreer om nie die goeie boodskap te verkondig waar dié
Gesalfde Een se Karakter en Outoriteit reeds uitgeroep is nie, om so nie op 'n
vreemde fondament te bou nie,

21 maar net soos geskrywe is: "Hulle aan wie Hy nie verkondig is nie, sal Hom sien en hulle wat nie gehoor het nie, sal oortuig wees." Yes 52:15
22 Ek is ook baie keer verhinder om na julle toe te kom,
23 maar noudat ek geen plek meer het in hierdie streke nie en al baie jare die begeerte het om na julle toe te kom,
24 hoop ek om na julle toe te kom en julle te sien wanneer ek na Spania gaan en wanneer 'n paar van julle my daarheen sal vergesel, sal ek verheug wees om julle te sien.
25 Nou gaan ek egter na Yerushalayim om die afgesonderdes te bedien,
26 want dié wat in Makedonia en Agaia is, het dit goedgedink om te deel met die armes onder die afgesonderdes in Yerushalayim.
27 Hulle was gewillig omdat hulle dit ook aan hulle verskuldig is, want as hulle, in die geestelike, deelgenote gemaak is met die ander nasies, is hulle ook verskuldig om hulle met die fisiese te dien.
28 Wanneer ek dit dus afgehandel het en vir hulle hierdie vrug oorgegee het, sal ek by julle verbygaan Spania toe.
29 Ek weet dat wanneer ek na julle toe kom, ek met die volle seën van die goeie boodskap van dié Gesalfde Een sal kom,
30 maar ek versoek julle, my broers, in ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een en in die liefde van die Gees, om saam met my, vir my, in gebed by God te stry
31 sodat ek verlos mag word van die ongehoorsame mense in Y'hudah en sodat my bediening aan die afgesonderdes wat in Yerushalayim is, goed ontvang sal word
32 en ek na julle toe sal kom met blydskap, in die wil van God en saam met julle verkwik word.
33 Die God van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid bly by julle almal! Dit is waar!

16 1 Ek vertrou aan julle toe, ons suster Foibe, wat 'n diensmaagd is van die gemeente in Kengreai
2 sodat julle haar kan aanvaar in ons Meester, soos dit by afgesonderdes pas en haar help in elke saak waarin sy julle hulp mag vra, want sy was ook vir baie 'n hulp en ook vir my.
3 Stuur vrede vir Priskilla en Akulas, my medewerkers in Yeshua, dié Gesalfde Een,
4 wat ter wille van my lewe hulle nekke gewaag het en nie ek alleen dank hulle nie, maar ook al die gemeentes van die ander nasies.
5 Groet ook die gemeente by hulle aan huis. Stuur vrede vir Epaenetos, vir wie ons lief is, wat die eerste vrug vanuit Agaia vir dié Gesalfde Een is.
6 Stuur vrede vir Miryam wat hard gewerk het onder julle.
7 Stuur vrede vir Andronikos en Younias, my familie en medegevangenes, wat geken is deur die afgevaardigdes en reeds voor my in dié Gesalfde Een was.
8 Stuur vrede vir Amplias, wat ek lief het in die Meester.
9 Stuur vrede vir Ourbanos, ons medewerker in dié Gesalfde Een en Stagus, vir wie ek lief is.

10 Stuur vrede vir Apelles, gekies in dié Gesalfde Een. Stuur vrede vir hulle wat van die huis van Aristoboulos is.
11 Stuur vrede vir Herodion, my familie. Stuur vrede vir hulle wat van die huis van Narkissos is, hulle wat in die Meester is.
12 Stuur vrede vir Troefaina en Troefosa, wat in ons Meester gearbei het. Stuur vrede vir Persis, vir wie ek lief is, wat hard gewerk het in die Meester.
13 Stuur vrede vir Roufos, wat gekies is deur die Meester en vir sy en my moeder.
14 Stuur vrede vir Asoenkritos, Flegon en die broers wat saam met hulle is en vir Hermas, Patrobas en Hermes.
15 Stuur vrede vir Filologos, Youlia, Nereus en sy suster, Olumpas en al die afgesonderdes wat saam met hulle is.
16 Stuur vrede vir mekaar met 'n afgesonderde soen. Al die gemeentes van dié Gesalfde Een stuur vrede vir julle.
17 Ek versoek julle, my broers: wees versigtig vir hulle wat verdeeldheid en struikeling veroorsaak buite die leringe wat julle geleer het. Julle moet wegbly van hulle af,
18 want sulke mense dien nie ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een nie, maar hulle eie maag en hulle mislei die verstand, wil en emosie van die reines deur hulle soet woorde en seëninge.
19 Julle gehoorsaamheid het oral bekend geword; daarom verbly ek my oor julle en ek wens dat julle wys mag wees oor wat goed is, [`Amo 5:15] maar onskuldig oor wat boos is. [Rom 12:9]
20 Die God van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid sal die teëstander spoedig onder julle voete verbrysel. [Gen 3:15] Die onverdiende guns van ons Meester Yeshua, dié Gesalfde Een, sal by julle bly!
21 Timoteos, my medewerker, stuur vrede vir julle en Loukios en Yasoon en Sosipatros, my broers.
22 Ek, Tertios, wat die brief neergeskryf het, stuur vrede vir julle in die Meester.
23 Gaios, my gasheer, asook die hele gemeente, stuur vrede vir julle. Erastos, die tesourier van die stad en die broer Kuartos stuur vrede vir julle.
24 Aan God, wat in staat is om my goeie boodskap - aangaande Yeshua, Die Gesalfde Een, wat aan julle verkondig is volgens die openbaring van die geheimenisse wat van die tye van die wêreld af weggesteek is,
25 maar in hierdie tyd openbaar is en deur Skrifte van die profete en deur die opdrag van die ewige God, onder al die nasies vir die aanhoor deur vertroue, geleer is - aan julle te bevestig,
26 aan die alleenwyse Een, die eer, lof en aanbidding deur Yeshua, dié Gesalfde Een, tot in tydlose ewigheid! Dit is waar!
27 Die onverdiende guns van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een bly by julle almal! Dit is waar!

Die veertiende boek van die Nuwe Verbond

Die eerste brief van Sha'ul, slaaf en afgevaardigde van Yeshua, dié Gesalfde Een, aan die gemeente in Korinthos.

# 1 Kurintaya

{ 1 Korinthiërs }

( Geskryf aan gemeentes wat in huise bymekaargekom het )

Dit is waarskynlik die tweede brief aan die Korinthiërs (die eerste is verlore), geskryf vanaf Efesos in die jaar 57.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees - die taal wat Yeshua gepraat het.

1 1 Sha'ul, 'n geroepene en afgevaardigde van Yeshua, Die Gesalfde Een, deur die wil van God; en die broer Sosthenes,
2 aan die gemeente van God wat in Korinthos is, geroepe en afgesonderd; wat in Yeshua, dié Gesalfde Een, afgesonder is, saam met almal wat die Karakter en Outoriteit van ons Meester Yeshua, dié Gesalfde Een, in elke plek aanroep; hulle Meester sowel as ons s'n:
3 onverdiende guns vir julle en vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid van God, ons Vader en ons Meester Yeshua, dié Gesalfde Een!
4 Ek dank my God elke keer namens julle vir die onverdiende guns van God wat vir julle in dié Gesalfde Een, Yeshua, gegee word,
5 want in alle opsigte is julle in Hom verryk, in elke onderwerp en in alle kennis,
6 net soos die getuienis aangaande dié Gesalfde Een bevestig is in julle,
7 want julle kom geen geestelike gawe kort nie, maar julle verwag die openbaarmaking van ons Meester Yeshua, dié Gesalfde Een,
8 wat julle ook sal laat vasstaan tot die einde toe, om in die dag van ons Meester Yeshua, dié Gesalfde Een, sonder beskuldiging te wees.
9 God is vertrouenswaardig, want deur Hom is julle geroep tot die gemeenskap met Sy Seun Yeshua, dié Gesalfde Een, ons Meester.
10 Ek versoek julle egter, broers, deur die Karakter en Outoriteit van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, om almal uit een boodskap te wees en dat daar nie verdeeldheid tussen julle sal wees nie, maar dat julle volmaak sal word in dieselfde gedagtes en in dieselfde opinie,
11 want, my broers, ek is, deur die huis van Kloë, aangaande julle laat weet: dat daar verskille onder julle is.
12 Dit sê ek: dat daar sommige van julle is wat sê: "Ek is van Sha'ul." Ander sê: "Ek is van Apollos." Ander sê: "Ek is van Kefa." Ander sê: "Ek is van dié Gesalfde Een."
13 Het dié Gesalfde Een Homself verdeel? Is Sha'ul miskien vir julle gekruisig? Of is julle in die karakter en outoriteit van Sha'ul gedoop?
14 Ek dank my God dat ek niemand van julle gedoop het nie, behalwe Krispos en Gaios
15 sodat niemand kan sê dat ek in my karakter en outoriteit gedoop het nie.
16 [Ek het ook nog die huisgesin van Estefana gedoop.] Verder weet ek nie of ek iemand anders gedoop het nie,
17 want dié Gesalfde Een het my nie gestuur om te doop nie, maar om die goeie boodskap te verkondig, nie met wysheid van woorde nie sodat die kruis van dié Gesalfde Een nie verwerp mag word nie,
18 want die boodskap van die kruis is dwaasheid vir die wat besig is om vernietig te word, maar vir ons wat lewe het, is dit die krag van God,
19 want daar is geskrywe: "Ek sal die wysheid van die wyses vernietig en die opinies van die slimmes wegvat." [Yes 29:14]
20 Waar is die wyse? Waar is die leraar van die wet? Waar is die debatteerder van hierdie wêreld? Let op, het God nie die wysheid van hierdie wêreld as dwaas bewys nie?

21 Aangesien God deur Sy wysheid bepaal het dat die wêreld God nie sal ken deur sy eie wysheid nie, het God dit goedgedink om deur die dwaasheid van die verkondiging, aan die wat vertrou, lewe te gee.
22 Omdat die Jode ’n teken vra en die Arameërs wysheid soek,
23 verkondig ons dié Gesalfde Een wat gekruisig is, ’n verleentheid vir die Jode en dwaasheid vir die Arameërs,
24 maar vir die wat geroep is, Jode sowel as Arameërs, is Hy dié Gesalfde Een, die Krag en Wysheid van God,
25 want wat dwaas is by God, is wyser as die mens en wat swak is by God, is sterker as die mens.
26 Kyk na julle eie roeping, my broers: nie baie onder julle is wys na die vlees nie; nie baie onder julle is sterk nie; nie baie onder julle is uit ’n hoë familie nie,
27 maar wat dwaas is by die wêreld, het God gekies om die wyse te beskaam en wat swak is by die wêreld, het God gekies om die wat sterk is, te beskaam
28 en wat van ’n lae stand is by die wêreld en verag is, het God gekies en wat niks is nie, om wat iets is, waardeloos te maak
29 sodat niemand voor Hom sou roem nie.
30 Vanuit Hom is julle in eenheid met dié Gesalfde Een, Yeshua, wat vir ons die Wysheid van God, Onpartydige Opregtheid, Afgesonderdheid en Verlossing geword het
31 sodat, net soos geskrywe is: “Die wat roem, moet in יהוה roem.” Yir 9:22-24; Ps 34:3

2 1 Ek, toe ek by julle gekom het, my broers, het nie aan julle die geheimenis van God kom verkondig met ’n verhewe boodskap of geleerdheid nie,
2 want ek het besluit om niks anders onder julle te ken nie as Yeshua, dié Gesalfde Een en Hom as gekruisigde.
3 Ek het ook in baie vrees en in bewing by julle gekom
4 en my boodskap en my verkondiging was nie in oorredende woorde van wysheid nie, maar in die demonstrasie van die Gees en wonderwerkende krag
5 sodat julle vertroue nie in wysheid van mense sou wees nie, maar in die krag van God.
6 Ons bespreek wysheid onder die volwassenes, maar ’n wysheid nie van hierdie wêreld, of van hierdie wêreld se outoriteite, wat vergaan nie,
7 maar ons bespreek die geheime wysheid van God, wat weggesteek was en wat God van voor die ontstaan van die aarde af beplan het, om ons in die Gemanifesteerde Teenwoordigheid te bring, Ps 25:14; Spr 3:32
8 wat niemand van die heersers van hierdie wêreld geken het nie, want as hulle dit geken het, sou hulle die Meester van die Gemanifesteerde Teenwoordigheid nie gekruisig het nie,
9 maar soos geskrywe is: “Die oog het nie gesien en die oor het nie gehoor en dit het nie in die gedagtes van ’n mens opgekom, dít wat God voorberei het vir dié wat Hom lief het nie.” Yes 52:15; 64:3,4
10 God het dit aan ons deur Sy Gees openbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God,

11 want wie ken die innerlike van die mens, as dit nie die gees van die mens is wat in hom is nie? Net so weet ook niemand wat ín God is nie, behalwe die Gees van God,
12 maar ons het nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat vanuit God is sodat ons kan verstaan wat God vir ons uit onverdiende guns gegee het.
13 Dit wat ons ook oor praat, nie met argumente wat die menslike wysheid leer nie, maar met dié wat die Gees wat Afgesonderd is leer sodat ons geestelike dinge met geestelike vergelyk.
14 Die natuurlike mens aanvaar nie die dinge van die Gees van God nie, want dit is vir hom dwaasheid en hy kan dit nie verstaan nie omdat dit deur die gees onderskei word,
15 maar die geestelike mens beoordeel alle dinge, maar self word hy deur niemand beoordeel nie.
16 “Want wie het die gedagtes van יהוה geken [Yes 40:13; Iyov 21:22] dat hy Hom sou kon leer?” Ons hét egter die gedagtes van dié Gesalfde Een.

3 1 Ek, my broers, kon nie met julle praat soos met geestelikes nie, maar soos met vleeslikes, soos met babas in dié Gesalfde Een.
2 Ek het julle met melk gevoed, nie met vaste kos nie, want julle was nog nie daartoe in staat nie en julle is nou nog nie daartoe in staat nie [Heb 5:12-14]
3 omdat julle nog steeds vleeslik is, want aangesien daar onder julle jaloesie, argumentering en verdeeldheid is, is julle nie vleeslik en lewe julle nie na die menslike nie?
4 Wanneer die een sê: “Ek is van Sha’ul;” en die ander: “Ek is van Apollos”, let op, is julle nie vleeslik nie?
5 Wie is Sha’ul dan en wie Apollos, anders as dienaars deur wie julle vertrou het en elkeen soos wat יהוה aan hom gegee het.
6 Ek het geplant, Apollos het natgemaak, maar God het laat groei.
7 So is hy wat plant of hy wat natmaak dus niks nie, maar God wat laat groei.
8 Hy wat plant en hy wat natmaak, is egter dieselfde, maar elkeen sal sy loon volgens sy arbeid ontvang,
9 want ons is medewerkers van God en julle is die oes van God, die gebou van God.
10 Vanuit die onverdiende guns van God wat aan my gegee is, het ek soos ’n wyse argitek die fondament gelê en ’n ander bou daarop, maar elkeen moet oplet hóe hy daarop bou,
11 want niemand kan ’n ander fondament lê as wat daar gelê is nie - dit is Yeshua, dié Gesalfde Een.
12 As enige iemand op dié fondament bou met goud, silwer, kosbare stene, hout, gras of stoppels -
13 elkeen se dade sal aan die lig kom, want die dag sal dit uitwys omdat dit deur vuur openbaar gemaak word en die vuur sal elkeen se werk toets. [Eks 34:7; Yog 15:2,5,6; Kol 3:25]
14 Die een wie se dade, wat hy daarop gebou het, bly staan, sal sy beloning kry.
15 As iemand se dade verbrand word, sal hy skade ly; hy self sal ontsnap, maar soos deur vuur heen.

16 Weet julle nie dat julle ’n tempel van God is en dat die Gees van God in julle bly nie?
17 Wie ook al die tempel van God vernietig, hom sal God vernietig, want die tempel van God is afgesonderd en dít is julle. Num 19:13; 1 Kor 6:19; Heb 3:6
18 Laat niemand homself mislei nie: as iemand dink dat hy wys is onder julle in hierdie wêreld, laat hom dwaas word sodat hy wys kan wees,
19 want die wysheid van hierdie wêreld is dwaasheid by God, want daar is geskrywe: “Hy vang die wyse mense in hulle eie slimmigheid” Iyov 5:13
20 en ook: “יהוה ken die redenasies van die wyses, dat dit leeg is.” Ps 94:11
21 Laat niemand daarom op mense roem nie, want alles behoort aan julle;
22 of dit Sha’ul is of Apollos of Kefa of die wêreld of lewe of dood of wat ís, of wat nog sal wees; alles behoort aan julle,
23 maar julle behoort aan dié Gesalfde Een en dié Gesalfde Een aan God.

4 1 Laat ons op hierdie manier deur julle gereken word as dienaars van dié Gesalfde Een en toesighouers oor die geheime van God.
2 Van nou af word dit hier van die toesighouers verwag dat hulle vertrouenswaardig bevind sal word,
3 maar vir my beteken dit weinig of ek deur julle of deur ’n menslike oordeel beoordeel word; inteendeel, ek beoordeel myself nie eens nie,
4 want ek het niks in myself wat my pla nie. Dit verklaar my egter nie onskuldig nie, maar my Regter is יהוה.
5 Julle moet daarom niemand voor die tyd oordeel nie, nie voordat יהוה kom, wat die geheime dinge van die duisternis in die lig sal bring en die motiewe van die verstand, wil en emosie openbaar sal maak nie en dan sal elkeen lof van God ontvang.
6 In hierdie dinge, broers, het ek myself en Apollos as voorbeelde gebruik, om julle ontwil sodat julle kan leer om nie meer af te lei as wat geskrywe is nie sodat julle nie, die een of die ander, ophef teenoor ’n derde nie,
7 want wie ondersoek jóú? Wat het jy wat nie vir jou gegee is nie en as dit vir jou gegee is, waarom roem jy asof dit nie vir jou gegee is nie?
8 Julle is alreeds uit julleself versadig! Julle het alreeds ryk geword! Julle heers ook onafhanklik van ons! O, dat julle tog maar geheers het sodat ons saam met julle kon heers,
9 want ek dink dat God ons afgevaardigdes aan die einde geplaas het asof tot die dood veroordeel, om ’n skouspel te word vir die wêreld, die engele en die mense!
10 Ons is dwaas ter wille van dié Gesalfde Een, maar julle is verstandig in dié Gesalfde Een. Ons is swak, maar julle is sterk. Julle word geëer, maar ons verag.
11 Tot op hierdie oomblik ly ons honger en dors, is ons kaal, word ons mishandel en het ons nie ’n huis nie
12 en is ons moeg van werk met ons eie hande. Word ons uitgeskel, seën ons; word ons vervolg, hou ons dit uit;
13 word ons beskuldig, smeek ons van hulle; ons het soos vuilgoed van die wêreld geword, die afskraapsel van almal tot nou toe.

14 Ek skrywe hierdie dinge nie om julle skaam te maak nie, maar soos aan liewe seuns gee ek ’n waarskuwing,
15 want al sou julle tien duisend instrukteurs in dié Gesalfde Een hê, het julle daarenteen nie baie vaders nie, want in dié Gesalfde Een, Yeshua, het ek aan julle geboorte gegee deur die goeie boodskap.
16 Daarvolgens doen ek ’n beroep op julle, word my nabootsers; [1 Kor 11:1]
17 daarom het ek Timoteos, ’n seun vir wie ek lief is en getrou is in יהוה, na julle gestuur om aan julle my lewenswyse in dié Gesalfde Een oor te dra, soos ek oral in elke gemeente leer.
18 Aangesien ek nie na julle toe gekom het nie, het sommige arrogant geword,
19 maar, as יהוה wil, sal ek gou na julle toe kom en dan sal ek sien, nie wat die opgeblase sê nie, maar hulle krag,
20 want die Koninkryk van God bestaan nie uit wat gesê word nie, maar in wonderwerkende krag.
21 Wat wil julle hê? Moet ek met ’n stok na julle toe kom of met omgee en in ’n gees van sagtheid?

5 1 Seksuele immoraliteit onder julle word, in kort, gerapporteer en seksuele immoraliteit van so ’n aard as wat selfs onder die ander nasies nie genoem word nie: dat iemand die vrou van sy vader gevat het. [Lev 18:8; 20:11; Deut 23:1]
2 Julle is trots en moet eerder treur sodat hy, wat hierdie daad gedoen het, van tussen julle uit verwyder word,
3 want ek self, liggaamlik afwesig, maar in die gees teenwoordig, het hom wat so iets gedoen het, alreeds geoordeel, asof ek teenwoordig was.
4 Wanneer julle vergader en my gees saam met julle, in die Karakter en Outoriteit van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, lewer so iemand aan die teëstander oor tot vernietiging van die menslike natuur in die krag van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een
5 sodat die gees gered kan word in die dag van ons Meester Yeshua.
6 Julle grootpratery is nie goed nie. Weet julle nie? “Dit neem ’n klein bietjie suurdeeg om die hele baksel deeg te fermenteer.”
7 Gooi die ou suurdeeg uit sodat julle ’n nuwe stuk deeg kan wees, soos wat julle eintlik ongesuurd is, want ons Pesaglam, dié Gesalfde Een, is vir ons geslag.
8 As gevolg hiervan, laat ons dan die fees hou, [Eks 12:14,24] nie met die ou suurdeeg of met suurdeeg wat in boosheid of bitterheid is nie, maar met die ongesuurdheid van reinheid en afgesonderdheid.
9 Ek het vir julle in ’n brief geskryf om nie met seksueel immorele mense te meng nie;
10 dit beteken nie die seksueel immorele mense van hierdie wêreld of die gierigaards of afpersers of afgodedienaars nie, want dan sou julle uit die wêreld uit moes gaan,
11 maar dít het ek aan julle geskryf: om nie te meng met iemand wat ’n broer genoem word en dan ’n seksueel immorele mens is of ’n gierigaard of ’n afgodsdienaar of ’n kwaadprater en bedrieër of ’n dronkaard of ’n afperser en dief is nie. Met so iemand moet julle selfs nie saam brood eet nie,

12 want waarom sou ek ook die wat buite is, oordeel? Oordeel die wat binne is,
13 maar die wat buite is, word deur God geoordeel. [Deut 13:6-8; 17:7,12; 19:19; 21:21; 24:7] Verwyder die bose een onder julle uit.

6 1 Waag sekeres van julle wat 'n saak teen 'n ander het om 'n oordeel te gaan soek voor die wat boos is en nie voor die afgesonderdes nie? [2 Kro 19:5-11]
2 Weet julle nie dat die afgesonderdes die wêreld sal oordeel nie? As die wêreld deur julle geoordeel gaan word, is julle dan onbevoeg om in hierdie kleinste van dinge te beoordeel?
3 Weet julle nie dat ons engele oordeel nie, hoeveel te meer die wat van dié lewe is?
4 As julle dan regsake het oor dinge van dié lewe, moet julle persone daaroor laat sit wat geen stand in die gemeente het nie?
5 Ek sê dit nou vir julle so: is daar dan nie een wyse onder julle, wat in staat is om uitspraak tussen sy broers te gee nie?
6 Broer verskil met broer en dit selfs voor die wat nie vertrou nie!
7 Deurdat julle regsake met mekaar het, het julle julself klaar geoordeel. Waarom nie eerder verkeerd behandel word nie? Waarom nie eerder ingedoen word nie?
8 Julle doen egter verkeerd en bedrieg ook julle broers.
9 Of weet julle nie dat bose mense nie die Koninkryk van God sal erf nie? Moenie mislei wees nie! Geen persoon wat vrye seksuele gemeenskap beoefen of beelde aanbid of buite sy huwelik seksuele gemeenskap het [Deut 23:1] of molesteerders of homoseksuele [Lev 18:22,23; 20:13; Rom 1:26; 1 Tim 1:10]
10 of hebsugtiges of diewe of dronkaards of moeilikheidmakers of uitbuiters sal die Koninkryk van God erf nie.
11 Ván hierdie dinge was in elkeen van julle, maar julle is skoon deur die doop, julle is afgesonderd, julle is onskuldig verklaar in die Karakter en Outoriteit van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een en deur die Gees van ons God.
12 Alles is onder my outoriteit, maar nie alles is tot voordeel nie. Alles is onder my outoriteit, maar ek sal niks daarvan oor my laat heers nie.
13 "Die kos is vir die maag en die maag is vir die kos," maar God sal albei tot niet maak en die liggaam is nie vir seksuele immoraliteit nie, maar vir ons Meester en ons Meester vir die liggaam.
14 God het ook ons Meester laat opstaan en laat ons opstaan deur Sy krag.
15 Weet julle nie dat julle liggame lede van dié Gesalfde Een is nie? Sal ek daarvolgens die lede van dié Gesalfde Een vat en dit lede van 'n hoer maak? 'n Verwerplike gedagte!
16 Of weet julle nie dat hy wat hom vaskleef aan 'n hoer, met haar een liggaam is nie, want dit sê dat hulle altwee een vlees sal wees," [Gen 2:24]
17 maar wie aan ons Meester vashou, is van een Gees met Hom.
18 Vlug vir seksuele immoraliteit. Enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam, maar wie seksuele immoraliteit beoefen sondig teen sy eie liggaam.
19 Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Gees wat Afgesonderd is, wat in julle bly, wat julle van God gekry het, is nie? Julle behoort nie aan julleself nie, [Num 19:13; Yog 2:21; 1 Kor 3:16,17]

20 want julle is gekoop vir ’n prys. Bring daarom eer, lof en aanbidding aan God in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.

7 1 Na aanleiding van dit waaroor julle aan my geskryf het: dit is goed vir ’n man om nie by ’n vrou te kom nie,
2 maar as gevolg van die seksuele immoraliteit, laat ’n man ’n vrou vat en ’n vrou haar man vat.
3 Die man moet aan die vrou die liefde, wat verskuldig is, gee en net so ook die vrou aan haar man.
4 Die vrou het nie magtiging oor haar eie liggaam nie, maar die man en net so ook het die man nie magtiging oor sy eie liggaam nie, maar die vrou.
5 Onthóu julle nie van mekaar nie, behalwe as julle albei saamstem oor ’n bepaalde tyd met die doel om julle aan vas en gebed te kan wy en kom terug na plesier sodat die teëstander julle nie versoek deur die begeertes van julle liggame nie.
6 Dit sê ek egter aan die swakkeres, nie by wyse van opdrag nie,
7 want ek wens dat alle mense in reinheid soos ek is, maar elkeen het sy eie geestelike gawe van God, die een so, maar die ander weer anders.
8 Vir die ongetroudes en die weduwees sê ek, dit is voordelig as hulle bly soos ek,
9 maar as hulle nie kan volhard nie, moet hulle trou, want dit is beter om te trou as om van begeerte te brand.
10 Aan die getroudes beveel ek, nie ek nie, maar die Meester, dat die vrou nie van haar man mag weggaan nie [Mal 2:16; Mat 5:31-32; Mar 10:4-12]
11 en as sy tog van hom af weggaan, moet sy ongetroud bly, of haar verhouding met haar man herstel en die man moet sy vrou nie in die steek laat nie.
12 Vir die ander sê ek, nie my Meester nie, as enige broer ’n ongelowige vrou het en sy dit goeddink om saam met hom te bly, moet hy haar nie verwerp nie
13 en as enige vrou ’n ongelowige man het en hy dit goeddink om saam met haar te bly, moet sy hom nie verwerp nie,
14 want die ongelowige man is afgesonder deur die vrou en die ongelowige vrou is afgesonder deur die man, want anders sou julle seuns ‘onrein’ wees, maar nou is hulle rein.
15 As die ongelowige wil weggaan, laat hom weggaan. In sulke gevalle is die broer of suster nie as slaaf gebind nie, maar God het ons tot vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid geroep,
16 want hoe weet jy, vrou, of jy die man sal red; of hoe weet jy, man, of jy die vrou sal red?
17 Elkeen moet leef met dit wat יהוה hom gegee het, net soos elkeen was toe God hom geroep het en so beveel ek in al die gemeentes.
18 Was iemand besny toe hy geroep is, moet hy nie terugkeer na onbesnedenheid nie. Was iemand onbesny toe hy geroep is, moet hy hom nie laat besny nie.
19 Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks, maar die uitvoer van die opdragte van God, is wat tel. [Deut 10:16; Yir 9:24-25; Rom 2:26-29; 3:30; 4:10-12; Gal 5:2-6; Kol 2:11]
20 Laat elkeen in dié roeping bly waarin hy geroep is.

21 Is jy as slaaf geroep, moenie dat dit jou pla nie, maar as jy vryheid kan verkry, kies self om te dien,
22 want die slaaf wat in ons Meester geroep is, is ’n vrygemaakte van God; net so is ook hy wat as vryman geroep is, ’n slaaf van dié Gesalfde Een.
23 Julle is met ’n prys gekoop; moenie slawe van mense wees nie.
24 Laat elkeen, broers, in dít waarin hy geroep is, bly voor God.
25 In verband met die maagde het ek geen outoriteit van die Meester nie, maar ek gee my advies as iemand wat deur die guns van ons Meester vertrouenswaardig is.
26 Ek dink, vanweë die onderdrukking wat op hande is, dat dit goed is vir ’n mens om so te bly.
27 Is jy aan ’n vrou verbonde, moenie soek om los te wees nie; is jy los van ’n vrou, moenie ’n vrou soek nie,
28 maar as jy ’n vrou vat, sondig jy nie en as ’n maagd trou, sondig sy nie, maar sulke mense sal probleme hê aan die vlees en ek wil julle dit spaar.
29 Dit sê ek, broers, die bepaalde tyd is kort; van nou af moet ook die wat vroue het, wees asof hulle nie het nie
30 en die wat huil, asof hulle nie huil nie en die wat bly is, asof hulle nie bly is nie en die wat koop, asof hulle dit nie kry nie
31 en die wat hierdie wêreld gebruik, asof hulle nie vasgevang is daarin nie, want die toestand van hierdie wêreld gaan verby.
32 As gevolg hiervan wil ek hê dat julle sonder sorg moet wees. Die ongetroude gee om vir die dinge van sy Meester, hoe hy sy Meester kan tevrede stel,
33 maar die getroude gee om vir die dinge van die wêreld, hoe hy die vrou sal tevrede stel.
34 Daar is ook verskil tussen ’n vrou en ’n maagd: die ongetroude gee om vir die dinge van haar Meester, om afgesonderd te wees na liggaam sowel as na gees, maar die getroude gee om vir die dinge van die wêreld, hoe sy haar man sal tevrede stel.
35 Ek sê hierdie dinge tot julle eie voordeel, nie om julle te beperk nie, maar dat julle getrou aan julle Meester sal wees op ’n mooi manier en nie aandag gee aan die wêreld nie.
36 As iemand meen dat hy tot skande gemaak word deur sy maagdelike dogter as sy oor die fleur van haar jeug is en hy haar nie vir ’n man gegee het nie en dit is gepas om haar te gee, sondig hy nie. Sy mag trou.
37 Hy wat waarlik vasstaan in sy gedagtes en nie onder dwang verkeer vir plesier nie, maar outoriteit het oor sy eie wil en dit in sy eie verstand, wil en emosie besluit het om sy dogter ’n maagd te hou, hy doen goed;
38 daarom, hy wat sy maagdelike dogter in die huwelik uitgee, doen goed, maar hy wat nie sy maagdelike dogter in die huwelik uitgee nie, doen beter.
39 ’n Vrou is deur die geskrewe wet gebind solank as wat haar man lewe, maar as die man dood is, is sy vry om te trou met wie sy wil, solank hy in ons Meester is.
40 Sy is egter gelukkiger as sy so bly, volgens my opinie en ek dink dat ek ook die Gees van God het.

8 1 Aangaande die offers wat aan afgode geoffer word, weet ons dat ons almal kennis
het. Die kennis blaas op, maar die liefde bou op.
2 As iemand dink dat hy enige iets ken, ken hy nog niks soos ’n mens dit behoort te
ken nie,
3 maar as iemand God lief het, dié word deur Hom geken;
4 daarom, wat kos betref wat aan afgode geoffer is, weet ons dat ’n afgod niks in die
wêreld is nie en dat daar geen ander God is nie, behalwe een, [Deut 6:4; Yir 16:13]
5 want al is daar ook sogenaamde “gode,” of dit in die hemel en of dit op die aarde is,
sodat daar dan ook baie “gode” en baie “meesters” is,
6 is daar vir ons een God-die-Vader, [Yog 10:30; Yog 17:21; Rom 14:9] vanuit Wie alles is en ons
is in Hom; een Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, want alles is in Sy hand en ook
ons is in Sy hand.
7 Nie almal het dié kennis nie. Meer nog, sommige wat nou nog bewus is van die
afgod, eet dit as ’n afgodsoffer en hulle gewete, wat swak is, word besoedel,
8 maar kos bring ons nie nader aan God nie, want as ons eet, baat ons niks nie en as
ons nie eet nie, verloor ons niks nie.
9 Wees versigtig dat hierdie sterkte van julle nie miskien ’n struikelblok word vir die
wat swak is nie,
10 want as iemand jou wat kennis het, aan tafel sien in ’n afgodstempel, sal sy gewete,
as hy ’n swak man is, nie aangemoedig word om van die kos wat aan die afgode
geoffer is te eet nie?
11 Moet die swak broer vir wie dié Gesalfde Een gesterf het, vernietig word deur jou
kennis?
12 As jy op dié manier jou broers onderdruk en op hulle gewete wat swak is trap,
sondig julle teen dié Gesalfde Een.
13 As kos dus my broer laat struikel, sal ek vir ewig geen vleis eet nie, om nie sonde
na my broer toe te bring nie.

9 1 Is ek nie vry nie? Is ek nie ’n afgevaardigde nie? Het ek Yeshua, dié Gesalfde
Een, ons Meester, nie gesien nie? Is julle nie my werk in my Meester nie?
2 As ek nie vir ander ’n afgevaardigde was nie, is ek dit vir julle en julle is die seël op
my amp as afgevaardigde.
3 My antwoord vir die wat my beoordeel, is dít:
4 Hoekom mag ons nie eet en drink nie?
5 Is dit nie reg vir ons om ’n suster as vrou met ons saam te vat op reis, soos die ander
afgevaardigdes, die broers van ons Meester en Kefa, nie?
6 Of is dit net ek en Bar-Nabba wat nie die outoriteit het om nie hande-arbeid te doen
nie?
7 Wie baklei in ’n oorlog op eie koste? Wie plant ’n wingerd en eet nie van sy vrug
nie? Of wie pas ’n kudde op en gebruik nie van die melk van die kudde nie?
8 Sê ek dit miskien menslikerwys? Let op, die geskrewe wet sê ook hierdie dinge,
9 want in die geskrewe wet van Mosheh is geskryf: “Jy mag nie ’n os wat besig is om
te dors, muilband nie.” [Deut 25:4; Luk 10:7; Gal 6:6; 1 Tim 5:18] Is dit oor osse wat God besorg is?

10 Dit word verstaan dat Hy dit vir ons onthalwe sê en dit vir ons geskryf is omdat hy wat ploeg, met versekerde verwagting moet ploeg en hy wat dors, met versekerde verwagting vir ’n oes.

11 As ons geestelik by julle gesaai het, is dit dan ’n groot ding as ons die fisiese vanaf julle sal oes?

12 As ander outoriteit oor julle het, is dit nie te meer gepas vir ons nie? Ons het nie hierdie outoriteit gebruik nie, maar alles verdra om nie ’n hindernis te wees vir die goeie boodskap van dié Gesalfde Een nie.

13 Weet julle nie dat dié wat in die afgesonderde tempel werk, vanuit die afgesonderde tempel voorsien word nie en dat die wat by die altaar bedien, met die altaar deel nie?

14 Op die manier het ons Meester ook beveel dat die wat die goeie boodskap verkondig, vanuit die goeie boodskap moet lewe,

15 maar ék is nie gewoond aan een van díe dinge nie en ek skryf ook nie met die doel dat dit vir my gedoen word nie, want dit sou vir my beter wees om dood te gaan as dat iemand my eer en lof tot niks sou maak nie,

16 want as ek ook die goeie boodskap verkondig, is dit vir my geen roem nie, want die dringendheid is op my gelê en wee my as ek die goeie boodskap nie verkondig nie!

17 As ek dit vrywillig doen, het ek loon, maar as ek dit onwillig doen, is ’n verantwoordelikheid aan my toevertrou.

18 Watter loon het ek daardeur? Dat as ek die goeie boodskap verkondig, ek die goeie boodskap van dié Gesalfde Een kosteloos bring en nie my outoriteit in die goeie boodskap gebruik nie,

19 want alhoewel ek vry is van alles, het ek my ’n slaaf van almal gemaak om baie te wen.

20 Ek was by die Jode, as ’n Jood, om die Jode te wen; by die wat onder die geskrewe wet is, soos een wat onder die geskrewe wet is, om die wat onder die geskrewe wet is, te wen.

21 Vir die wat nie die geskrewe wet het nie, soos een wat nie die geskrewe wet het nie terwyl ek nie vir God sonder die wet is nie, maar in die wet van dié Gesalfde Een sodat ek ook die wat sonder die geskrewe wet is, kan wen.

22 Ek was by die swakkes as swak om die swakkes te wen; vir almal het ek alles geword om almal te red,

23 maar dit het ek gedoen sodat ek ’n deelgenoot van die goeie boodskap kan wees.

24 Weet julle nie dat die wat in die stadion hardloop, wel almal hardloop, maar dat een die prys kry nie? Hardloop op so manier dat julle dit sal kry.

25 Elkeen wat aan ’n kompetisie deelneem, dissiplineer sy gedagtes: húlle om ’n verganklike kroon te ontvang, maar ons ’n onverganklike.

26 Ek hardloop daarvolgens soos een wat nie onseker is nie, ek neem deel soos een wat nie in die lug slaan nie,

27 maar ek dissiplineer my liggaam en maak dit gehoorsaam sodat ek nie terwyl ek vir ander verkondig het, self verwerplik sou wees nie.

10 1 My broers, ek wil hê dat julle moet weet dat ons vaders almal onder die wolk was [Eks 13:21-22] en almal deur die see gegaan het, [Eks 14:19-31]
2 almal deur Mosheh ingedoop is in die wolk en in die see,
3 almal dieselfde geestelike kos geëet het [Eks 16:4-36]
4 en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit ’n geestelike Rots wat is [Eks 17:1-7; Ps 105:41] en die Rots is dié Gesalfde Een.
5 Nogtans was God met die meeste van hulle nie tevrede nie, want hulle het geval in die wildernis. [Num 14:27-38; 26:63-65]
6 Hierdie dinge is ’n voorbeeld vir ons dat ons nie begerig moet wees na boosheid soos hulle begeer het nie
7 en ook nie dienaars van afgode moet wees soos sommige van hulle was nie; soos geskrywe is: “Die mense het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan om te speel.” [Eks 32:6]
8 Laat ons ook nie seksueel immoreel wees soos sommige van hulle seksueel immoreel was en daar op een dag drie en twintig duisend geval het nie.
9 Laat ons ook nie dié Gesalfde Een toets soos sommige van hulle getoets het en slange hulle vernietig het nie. [Num 21:4-6]
10 Ons moet ook nie kla soos sommige van hulle gekla het en deur die vernietiger vernietig is nie. [Eks 12:23; Num 17:6-13]
11 Al hierdie dinge het gebeur as voorbeeld vir ons en is opgeskryf as ’n waarskuwing aan ons, want die einde van die wêreld het by ons aangekom.
12 Van nou af, elkeen wat dink dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.
13 Geen versoeking het na julle toe gekom behalwe van ’n mens nie, maar God is vertrouenswaardig, wat nie sal toelaat dat julle bo julle vermoë getoets word nie, maar Hy sal vir julle versoeking ook ’n uitkoms gee sodat julle dit sal kan verdra. [Ya’a 1:13-15]
14 Om hierdie rede, julle vir wie ek lief is, vlug weg van die diens aan afgode.
15 Ek praat soos met intelligente mense; beoordeel self wat ek sê:
16 Die beker van danksegging wat ons oor bid, is dit nie deelname aan die Teenwoordigheid van die bloed van dié Gesalfde Een nie? Die brood wat ons breek, is dit nie deelname aan die Teenwoordigheid van die liggaam van dié Gesalfde Een nie?
17 Net soos dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons deel almal aan die een Brood.
18 Let op na die fisiese Yisra’el: het hulle wat die offers eet, nie deel aan die altaar nie?
19 Wat sê ek dus? Dat ’n afgod enige iets is, of dat ’n afgodsoffer enige iets is? Nee!
20 Dit wat die heidene offer, offer hulle aan demone en nie aan God nie en ek wil nie hê dat julle deel moet kry aan demone nie.
21 Julle kan nie die beker van ons Meester drink en die beker van demone nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van ons Meester en aan die tafel van demone nie.
22 Of wil ons die jaloesie van ons Meester opwek? Is ons sterker as Hy?
23 Alles is onder my outoriteit, maar nie alles is tot voordeel nie. Alles is onder my outoriteit, maar nie alles bou óp nie.

24 Niemand moet nét sy eie belange soek nie, maar óók die belange van sy naaste.
25 Jy mag alles eet wat in die slaghuis verkoop word sonder navraag, ter wille van die gewete,
26 want die aarde behoort aan יהוה en alles wat dit vol maak.
27 As een van die ongelowiges julle nooi en julle wil gaan, eet dan alles wat vir julle voorgesit word, sonder om navraag te doen, ter wille van die gewete.
28 As iemand egter vir julle sê: “Dit is geoffer”, mag jy dit nie eet nie, as gevolg van dit wat hy vir jou gesê het en ter wille van die gewete.
29 Ek sê nie jou gewete nie, maar die van die een wat jou vertel het, want waarom word my vryheid geoordeel deur ’n ander se gewete?
30 As ek in onverdiende guns optree, waarom word ek sleg van gepraat oor iets waarvoor ek dank?
31 Of julle dan eet of drink of enige iets doen, doen alles tot eer, lof en aanbidding van God.
32 Wees sonder oortreding vir die Jode, die Arameërs of vir die gemeente van God;
33 net soos ek almal in alles tevrede stel en nie my eie voordeel soek nie, maar dié van baie sodat hulle lewe mag hê.

11 1 Word my nabootsers, net soos ek ook dié Gesalfde Een naboots. [1 Kor 4:16]
2 Ek prys julle, my broers, dat julle my in alles onthou en die opdragte uitvoer soos ek dit aan julle oorgegee het,
3 maar ek wil hê dat julle moet weet dat dié Gesalfde Een die hoof is van elke man en die man is die hoof van die vrou en God is die hoof van dié Gesalfde Een. Luk 10:16; Rom 13:1,2; Heb 13:17
4 Elke man wat bid of profeteer met sy kop toegemaak, onteer sy hoof
5 en elke vrou wat bid of profeteer met haar kop ontbloot, onteer haar hoof, want sy is net soos een wie se kop geskeer is,
6 want as ’n vrou se kop nie toegemaak is nie, laat sy dan ook haar kop skeer, maar as dit vir ’n vrou lelik is om haar hare te sny of te skeer, laat sy haar kop heeltemal toemaak.
7 ’n Man is nie verplig om sy kop toe te maak nie omdat hy die beeld, eer en lof van God is, maar die vrou is die eer en lof van die man,
8 want die man is nie vanuit die vrou nie, maar die vrou vanuit die man [Gen 2:21-23]
9 en die man is ook nie ter wille van die vrou geskape nie, maar die vrou ter wille van die man.[Gen 2:18]
10 Die vrou moet daarom ’n aanduiding van outoriteit oor haar kop hê ter wille van die engele.
11 Tog is die man nie afsonderlik van die vrou nie en die vrou ook nie afsonderlik van die man in ons Meester nie,
12 want net soos die vrou vanuit die man is, so is ook die man deur die vrou, maar alles is vanaf God.
13 Beoordeel onder julleself: is dit reg vir ’n vrou om met onbedekte kop tot God te bid?
14 Of leer die natuurlike toestand (normale) self julle nie dat as ’n man sy hare laat groei, dit vir hom ’n oneer is nie [Yeg 44:20]

15 en wanneer ’n vrou haar hare laat groei, dit vir haar ’n eer en lof is omdat haar hare
vir haar gegee is as ’n bedekking nie?
16 As iemand hieroor wil stry; nie ons of die gemeentes van God het so ’n gebruik
nie,
17 maar in die gee van die volgende opdrag, kan ek julle nie loof nie omdat dit nie
tot julle voordeel is dat julle bymekaargekom het nie, maar julle het tot gemeenheid
afgedaal.
18 In die eerste plek hoor ek dat, as julle bymekaarkom in die gemeente, daar
verdeeldheid onder julle is en sekere dinge glo ek,
19 want daar sál ook verskille onder julle wees sodat dié wat goedgekeur word onder
julle bekend mag word.
20 Wanneer julle só bymekaarkom, dan is dit nie op die regte manier dat julle op die
dag van ons Meester eet en drink nie,
21 want elkeen eet voor die ander, op sy eie en die een ly honger terwyl die ander
dronk is.
22 Het julle dan nie huise om in te eet en te drink nie? Of verag julle die gemeente van
God en maak julle dié skaam wat nie het nie? Wat sal ek vir julle sê? Sal ek julle
loof? Hierin loof ek julle nie,
23 want ek het van ons Meester gekry wat ek ook aan julle oorgegee het, dat ons
Meester, Yeshua, in die nag waarin Hy oorgegee is, brood gevat het
24 en Hy het dit geseën, dit gebreek en gesê: ‘Vat en eet; dit is My liggaam wat vir
julle gebreek word; so moet julle doen om aan My te dink.’
25 Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: ‘Hierdie beker is die nuwe verbond
in My bloed; [Yir 31:30-33; Mat 26:28] so moet julle dit doen, elke keer as julle drink om aan
My te dink,’
26 want elke keer as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, onthou julle die
dood van ons Meester totdat Hy kom.
27 Wie, daarom, van die brood van Die Meester eet en van Sy beker drink en nie
daaraan waardig is nie, is skuldig aan die liggaam en die bloed van Die Meester.
28 Laat elkeen sy verstand, wil en emosie as gevolg hiervan ondersoek en dan van die
brood eet en uit die beker drink,
29 want wie ook al eet en drink terwyl hy onwaardig is, eet en drink ’n oordeel oor
homself, as hy die liggaam van Die Meester nie erken nie.
30 As gevolg hiervan is daar baie onder julle wat siek en sieklik is en baie sterf,
31 want as ons onsself beoordeel het, sou ons nie geoordeel word nie,
32 maar as ons geoordeel word deur ons Meester, word ons ernstig gestraf sodat ons
nie saam met die wêreld veroordeel mag word nie. [Heb 12:5-11]
33 Van nou af, my broers, as julle bymekaarkom om te eet, wag vir mekaar
34 en as iemand honger het, laat hom by die huis eet sodat julle nie tot ’n oordeel
bymekaarkom nie. Aangaande die ander sake sal ek opdragte gee wanneer ek kom.

12 1 Wat die geestelike dinge betref, my broers, wil ek dat julle weet
2 dat toe julle ongelowiges was, julle sonder onderskeiding gelei is deur afgode wat
stom is. [Ps 115:4-9]

3 Ek sê daarom vir julle dat niemand wat deur die Gees van God praat, Yeshua ’n
vervloeking noem nie en niemand kan sê: “Yeshua is Die Meester,” behalwe deur
die Gees wat Afgesonderd is nie. [1 Yog 4:2]
4 Daar is ’n verskeidenheid van gawes, maar die Gees is een.
5 Daar is ’n verskeidenheid van bedieninge, maar יהוה is een.
6 Daar is ’n verskeidenheid van wonderwerke, maar God wat alles in elke persoon
werk, is een God,
7 maar aan elke persoon word die openbaring van die Gees gegee [1 Kef 4:10] soos dit hom
help.
8 Daar word aan hom, deur die Gees, ’n boodskap van wysheid gegee, maar aan ’n
ander ’n boodskap van kennis, in hom, deur die Gees;
9 aan ’n ander vertroue in hom deur die Gees, aan ’n ander die gawe van gesondmaking
in hom deur die Gees,
10 maar aan ’n ander wonderwerke, aan ’n ander profesie, aan ’n ander onderskeiding
van geeste, aan ’n ander verskillende tale en aan ’n ander die vertaling van tale.
11 Al hierdie dinge doen die een Gees en deel uit aan elkeen soos Hy wil,
12 want net soos die liggaam een is en baie ledemate het, maar al die dele van die
liggaam, al is hulle baie, een liggaam is; so ook in dié Gesalfde Een,
13 want ons is ook almal deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of
Arameërs, slawe of vrymanne is en ons is almal van een Gees gegee om te drink,
14 want ook die liggaam is nie een ledemaat nie, maar baie.
15 As die voet sou sê: ‘Omdat ek nie die hand is nie, is ek nie deel van die liggaam
nie’, is hy daarom nie deel van die liggaam nie?
16 As die oor sou sê:’ Omdat ek nie die oog is nie, is ek nie deel van die liggaam nie’,
is hy daarom nie deel van die liggaam nie?
17 As die hele liggaam ’n oog was, waar sou die gehoor wees? As alles gehoor was,
waar sou die reuk wees?
18 Nou het God egter elkeen van die ledemate in die liggaam gesit, net soos Hy wil.
19 As almal een ledemaat was, waar sou die liggaam wees?
20 Nou is daar egter baie ledemate, maar net een liggaam.
21 Die oog kan nie vir die hand sê: ‘Ek het jou nie nodig nie;’ of ook die kop vir die
voete: ‘Ek het julle nie nodig nie,’
22 maar veel eerder is dié ledemate van die liggaam, wat as swak beskou word,
noodsaaklik
23 en dié ledemate van die liggaam wat ons dink skandelik is, gee ons oorvloediger
waarde en die minder mooi, oorvloediger elegansie
24 terwyl ons mooi gevormde ledemate dit nie nodig het nie, maar God het die liggaam
saamgestel en aan die ledemaat wat klein is oorvloediger waarde gegee
25 sodat daar geen verdeeldheid in die liggaam mag wees nie, maar dat die ledemate
dieselfde vir mekaar mag omgee.
26 Nou, as een ledemaat ly, sal almal die pyn deel en as een ledemaat hom verheug,
verheug al die ledemate hulle saam
27 en julle is die liggaam van dié Gesalfde Een en ledemate op julle plekke.

28 God het in Sy gemeente geplaas: eerstens afgevaardigdes, na hulle profete, na hulle leermeesters, na hulle werkers van wonderwerke, na hulle gawes van gesondmaking, helpers, leiers en verskillende tale.
29 Is almal van hulle afgevaardigdes? Is almal van hulle profete? Is almal van hulle leermeesters? Is almal van hulle werkers van wonderwerke?
30 Het almal van hulle die gawes van gesondmaking? Praat almal van hulle in tale? Vertaal almal van hulle?
31 As julle ywerig is na die groter gawes sal ek vir julle ’n beter manier wys:

13 1 As ek al die tale van mense en engele praat en ek het nie liefde in my nie, dan sal ek kletterende koper of ’n rasende simbaal word.
2 As ek profesieë in my het, al die geheime ken, al die kennis het en as ek al die vertroue in my het sodat ek berge kon verwyder, maar ek het nie liefde in my nie, sal ek niks wees nie.
3 As ek alles wat ek het vir die armes gee en as ek my liggaam oorgee om daardeur te roem en ek het nie liefde in my nie, dan is dit vir my geen voordeel nie.
4 Liefde is geduldig en sag. Liefde is nie jaloers nie. Liefde word nie omvergewerp nie, is nie opgeblase nie,
5 doen nie wat skandelik is nie, soek ook nie sy eie belange nie, word ook nie gou opgewerk nie, hou hom ook nie op met die bose nie,
6 verheug hom nie in die bose nie, maar verheug hom in die waarheid;
7 hou in alles uit, vertrou alles, het ’n versekerde verwagting in alles, verdra alles.
8 Liefde faal nooit nie; profesieë sal ophou, tale sal stilgemaak word en kennis sal niks wees nie,
9 want ons ken ’n bietjie van baie en ons profeteer ’n bietjie van baie,
10 maar as die volmaaktheid gekom het, dan sal wat gedeeltelik is, niks wees nie.
11 Toe ek ’n kind was, het ek gepraat soos ’n kind, is gelei soos ’n kind en het gedink soos ’n kind, maar toe ek ’n man geword het, het ek opgehou met hierdie dinge van ’n kind.
12 Nou sien ons soos in ’n spieël in vergelykende stories, maar dan van gesig tot gesig. Nou ken ek ’n bietjie van baie, maar dan sal ek ken, net soos ek geken is.
13 Van hierdie dinge is daar drie wat voortgaan: vertroue, versekerde verwagting en liefde, maar die grootste hiervan is liefde. [1 Thes 1:3]

14 1 Hardloop agter liefde aan en wees ywerig vir die gawes van die Gees, maar veral om te profeteer,
2 want hy wat in ’n taal praat, praat nie met mense nie, maar met God, want niemand verstaan wat hy sê nie, maar deur die Gees praat hy geheime.
3 Hy wat profeteer, praat egter woorde van opbouing, aanmoediging en vertroosting tot mense.
4 Hy wat in ’n taal praat, bou homself op, maar hy wat profeteer, bou die gemeente op.
5 Ek wens dat julle almal in tale mag praat, maar meer nog dat julle profeteer, want hy wat profeteer, is groter as hy wat in tale praat, of anders moet hy dit vertaal. As hy vertaal, word die gemeente opgebou.

6 Nou, my broers, as ek na julle toe kom en in tale praat, tot watter voordeel sal ek vir julle wees as ek nie met julle praat òf deur 'n openbaring, òf deur kennis, òf deur profesie, òf deur lering nie?
7 Selfs vir lewelose dinge wat 'n klank gee, 'n fluit of 'n harp, as hulle nie 'n verskil in note maak nie, hoe sal 'n mens weet wat op die fluit of harp gespeel word?
8 Ook, as die ramshoring 'n onduidelike klank gee, wie sal klaarmaak vir die geveg?
9 Net so ook julle, as julle woorde in tale praat en dit nie vertaal nie, hoe sal 'n mens enige iets weet wat jy sê? Julle sal wees soos een wat in die lug praat.
10 Let op, daar is baie soorte tale in die wêreld en geeneen daarvan is sonder klank nie.
11 As ek nie die betekenis van die taal ken nie, is ek vir die een wat praat 'n vreemdeling en die een wat praat sal vir my 'n vreemdeling wees.
12 Terwyl julle 'n ywer het na die gawes van die Gees moet julle net so oorvloediglik soek na dit wat die gemeente sal opbou.
13 Laat hom wat in tale praat, bid dat hy dit kan vertaal,
14 want as ek in tale bid, dan bid my gees, maar my verstand is vrugteloos.
15 Wat sal ek daarom doen? Ek sal bid met my gees en ek sal ook bid met my verstand. Ek sal sing met my gees en ek sal ook sing met my verstand.
16 Anders, as jy met die gees 'n seën uitspreek, hoe sal hy wat nog onkundig is, 'Dit is waar' sê op jou seën, aangesien hy nie verstaan wat jy sê nie,
17 want jou seën is wel goed, maar die ander een word nie opgebou nie.
18 Ek dank my God dat ek meer in tale praat as julle almal,
19 maar in die gemeente wil ek liewer vyf woorde met my verstand praat om ook ander te leer, as tien duisend woorde in tale.
20 My broers, moenie kinders in julle verstaansvermoë wees nie, maar wees babas tot boosheid en wees ten volle volwasse in julle verstaansvermoë. `Amo 5:15; Rom 16:19
21 In die wet is geskryf: "Ek sal deur vreemde spraak en deur 'n ander taal met hierdie mense praat en dan sal hulle ook nie na My luister nie," sê יהוה." Deut 28:49; Yes 28:11-12
22 So is tale, as 'n teken, vasgestel, nie vir dié wat vertrou nie, maar vir die ongelowiges, maar profesie is nie vir die ongelowiges nie, maar vir dié wat vertrou;
23 daarom, as die hele gemeente bymekaarkom en hulle sou almal in tale praat en die oningeligtes of ongelowiges kom in, sal hulle nie sê dat julle kranksinnig geword het nie?
24 As almal van julle sal profeteer en daar 'n ongelowige of 'n oningeligte inkom, dan word hy deur almal ondersoek en deur almal aangespreek
25 en die geheime van sy denke, wil en emosie word openbaar en dan sal hy op sy gesig neerval, God aanbid en sê dat God werklik in julle is.
26 Ek sê daarom my broers, dat wanneer julle bymekaarkom, wie van julle ook al 'n gedig met musiek het, laat hom praat, of wie ook al 'n lering of 'n taal of 'n openbaring of 'n vertaling het, laat alles wees tot opbouing.
27 As mense in 'n taal praat, laat dit dan wees twee of hoogstens drie; laat elkeen praat en laat een vertaal,
28 maar as daar geen vertaler is nie, laat hy wat in 'n taal praat in die gemeente stilbly en laat hy net met homself en met God praat.

29 Laat twee of drie profete praat en laat die ander dit onderskei
30 en as daar iets openbaar word aan ’n ander een wat sit, laat die eerste een stilbly,
31 want julle kan almal een vir een profeteer sodat almal kan leer en almal versterk word,
32 want die gees van die profeet is aan die profeet gehoorsaam,
33 want God is nie ’n God van onbeheersdheid nie, maar van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid, soos in al die gemeentes van die afgesonderdes.
34 Laat julle vrouens in die gemeentes stilbly, want dit is hulle nie toegelaat om te praat nie, maar om onderdanig te wees, net soos die geskrewe wet sê.
35 As hulle iets wil leer, laat hulle by die huis hulle eie mans vra, want dit is skandelik vir daardie vrou om in die gemeente te praat.
36 Of het die boodskap van God van julle af uitgegaan, of het dit tot julle alleen gekom?
37 As iemand onder julle dink dat hy ’n profeet, of van die Gees is, laat hy weet dat wat ek vir julle skryf, opdragte van ons Meester is,
38 maar as iemand dit nie weet nie, sal hy onkundig bly.
39 Beywer julle daarom, my broers, om te profeteer en moenie die praat in tale verbied nie,
40 maar laat alles in ordentlikheid en met orde gedoen word.

15 1 My broers, ek leer vir julle die goeie boodskap wat ek aan julle verkondig het, wat julle ook aanvaar het, waarin julle ook staan,
2 waardeur julle lewe het, (dié wat die boodskap onthou wat ek aan julle verkondig het) anders het julle sonder rede vertrou.
3 Ek het van die begin af aan julle oorgedra wat ek ook ontvang het, dat dié Gesalfde Een vir ons sondes gesterf het, [Yes 53:10-12] net soos dit geskryf is; [Yes 52:13-]
4 dat Hy begrawe is [Yes 53:9a] en dat Hy na drie dae opgestaan het, [Yon 2:1; Mat 12:39,40] net soos geskryf is
5 en dat Hy aan Kefa verskyn het; daarna aan die twaalf.
6 Daarna het Hy verskyn aan meer as vyf honderd broers by een geleentheid, waarvan baie nou nog lewe, maar sommige reeds dood is.
7 Daarna het Hy verskyn aan Ya’akov; daarna aan al die afgevaardigdes
8 en laaste van almal, asof aan ’n ongebore baba, het Hy ook aan my verskyn,
9 want ek is die geringste van die afgevaardigdes, wat nie werd is om ’n afgevaardigde genoem te word nie omdat ek die gemeente van God vervolg het.
10 Deur die onverdiende guns van God is ek egter wat ek is en Sy onverdiende guns aan my was nie tevergeefs nie, maar ek het meer gewerk as hulle almal; nogtans nie ek nie, maar die onverdiende guns van God wat by my is;
11 daarom, of dit nou ek is of hulle, so verkondig ons en so het julle vertrou.
12 As dié Gesalfde Een verkondig word, wat uit die dood uit opgestaan het, hoe sê sommige onder julle dat daar nie lewe is vir die dooies nie?
13 As daar geen lewe vir die dooies is nie, dan is dié Gesalfde Een ook nie opgewek nie

14 en as dié Gesalfde Een nie opgewek is nie, dan is ons verkondiging waardeloos en waardeloos ook julle vertroue.
15 Dan word ons as valse getuies van God bevind omdat ons van God getuig het dat Hy dié Gesalfde Een opgewek het terwyl Hy Hom nie opgewek het nie,
16 want as die wat dood is nie weer sal lewe nie, dan lewe selfs dié Gesalfde Een ook nie
17 en as dié Gesalfde Een nie lewend is nie, dan is julle vertroue leeg en is julle nog in julle sondes
18 en dan het ook dié wat in dié Gesalfde Een dood is, sonder twyfel vergaan.
19 As ons net in hierdie lewe op dié Gesalfde Een ’n versekerde verwagting het, dan is ons die bejammerenswaardigste van alle mense,
20 maar nou, dié Gesalfde Een ís opgewek uit die dood uit en Hy ís die eersteling vrug van dié wat dood is. [Lev 23:10-14]
21 Net soos die dood deur ’n mens gekom het, net so het die lewe van hulle wat dood is, deur ’n Mens gekom,
22 want net soos alle mense deur Adam doodgaan, net so sal hulle ook almal in dié Gesalfde Een lewe.
23 Elke persoon in sy orde: die eersteling vrug is dié Gesalfde Een, daarna hulle wat aan dié Gesalfde Een behoort, wanneer Hy kom
24 en dan kom die einde, wanneer Hy die Koninkryk aan God die Vader oorgee, wanneer Hy elke heerser en elke outoriteit en alle kragte vernietig het, [Mat 28:18]
25 want Hy gaan heers totdat Hy al Sy vyande onder Sy voete [Ps 110:1; Hand 2:35; Heb 10:13] geplaas het.
26 Die laaste vyand wat Hy vernietig, is die dood.
27 “Want Hy het alles onderwerp onder Sy voete,” maar wanneer Hy sê dat alles ondergeskik gemaak is, is dit duidelik dat Hy wat alles aan Hom ondergeskik gemaak het, uitgesonder is [Efe 1:22,23; Heb 2:8]
28 en wanneer alles ondergeskik aan Hom gemaak is, dan sal ook die Seun Homself ondergeskik maak aan die Een wat alles ondergeskik aan Hom gemaak het sodat God alles in almal kan wees. [Dan 7:11-14]
29 Anders, wat sal dit hulle baat wat hulle laat doop met die dood tot doel, as die dooies nie weer sal lewe nie? Waarom laat hulle hul nog tot die dood, doop? [Rom 6:3]
30 Waarom leef ons ook elke oomblik in gevaar?
31 So waar as wat ek roem op julle in dié Gesalfde Een, Yeshua, ons Meester, sterf ek daagliks, broers.
32 As ek in Efesos as mens vir wilde diere gegooi is, watter voordeel was dit vir my? As die dooies nie opgewek word nie, laat ons dan eet en drink, want môre sterf ons! [Yes 22:13; 56:12]
33 Moenie mislei wees nie; bose gesprekke korrup goeie denke.
34 Maak julle verstand, wil en emosie wakker in onskuld en moenie sondig nie, want daar is sommige wat nie die kennis van God in hulle het nie. Ek sê dit tot julle skande.
35 Iemand van julle sal sê: ‘Hoe staan die dooies op en in watter liggaam verskyn hulle?’
36 Dwaas! Die saad wat jy saai, kan nie lewendig word as dit nie doodgegaan het nie
37 en dit wat jy saai is nie die liggaam wat sal word nie, maar ’n kaal korrel, van koring of van gars of van ’n ander graan, [Yes 53:10; Yog 12:24]

38 maar God gee dit ’n liggaam net soos Hy wil en aan elkeen van die saad ’n liggaam volgens sy natuur.
39 Elke vlees is nie dieselfde as ander vlees nie, maar die vlees van mense is anders as die vlees van ’n bees, wat anders is as dié van voëls, wat anders is as dié van visse
40 en daar is ’n hemelse liggaam en ’n aardse liggaam, maar die eer en lof van die hemelse is anders as dié van die aardse.
41 Die son se eer en lof is anders as die eer en lof van die maan en anders as die eer en lof van die sterre en die een ster verskil in eer en lof van die ander ster.
42 So is ook die lewe vir díe wat sterf: gesaai wat kan vergaan, opgewek wat nie kan vergaan nie; Yog 12:24
43 gesaai in oneer, opgewek in eer en lof; gesaai in swakheid, opgewek in krag;
44 gesaai in ’n natuurlike liggaam, opgewek in ’n geestelike liggaam. Daar bestaan ’n natuurlike liggaam en daar bestaan ’n geestelike liggaam.
45 So is daar ook geskryf: die eerste mens, Adam, was ’n lewende gees; Gen 2:7 die laaste ‘Adam’, ’n Lewegewende Gees.
46 Die geestelike is nie eerste nie, maar die natuurlike, daarna die geestelike.
47 Die eerste mens was stof vanuit die grond, die tweede Mens, Die Meester vanaf die hemel.
48 Soos die man van stof was, so is ook dié vanuit stof en soos die hemelse Man is, so is ook dié hemelse
49 en net soos ons die beeld van die stoflike een gedra het, so sal ons ook die beeld van die hemelse Een dra,
50 maar dit sê ek, broers, dat dit nie moontlik is vir vlees en bloed om die Koninkryk van God te beërwe nie; ook beërwe dit wat vergaan nie dit wat nie kan vergaan nie. Yog 3:5; Rom 8:5-9
51 Let op, Ek vertel vir julle ’n geheim: nie almal van ons sal doodgaan nie, maar ons sal almal verander word,
52 skielik, soos die knip van ’n oog, by die laaste ramshoring, wanneer dit sal blaas en die dooies onverganklik opgewek sal word en ons verander sal word,
53 want dit wat kan vergaan moet aangetrek word met wat nie kan vergaan nie en dit wat kan doodgaan moet aangetrek word met wat nie kan doodgaan nie
54 en wanneer dit wat vergaan aangetrek is met wat nie vergaan nie en dit wat doodgaan met wat nie kan doodgaan nie, dan sal die boodskap wat geskryf is, vervul word: “Die dood is ingesluk in die oorwinning.” Yes 25:8
55 “Dood, waar is jou angel? Sh’ol, waar is jou oorwinning?” Hos 13:14; Open 1:18
56 Die angel van die dood is die sonde en die krag van die sonde is die geskrewe wet,
57 maar dank God, wat ons die oorwinning gee deur ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een.
58 Van nou af, my broers, vir wie ek lief is, wees standvastig; moenie geskud word nie, maar wees altyd oorvloedig in die werk van יהוה omdat julle weet dat julle werk in יהוה nie tevergeefs is nie.

16 1 Aangaande die dinge wat vir die afgesonderdes bymekaargemaak is, moet julle ook net so doen soos ek vir die gemeentes van Galatia beveel het.
2 Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle dit wat hy kan eenkant sit, in sy huis hou sodat wanneer ek kom, daar nie insamelings hoef te wees nie.
3 Wanneer ek aangekom het, sal ek die persone wat julle gekies het, met briewe stuur om dit wat julle gegee het na Yerushalayim te bring,
4 maar as dit toepaslik is dat ek ook gaan, kan hulle saam met my reis.
5 Ek sal egter na julle toe kom wanneer ek vanaf die stad gekom het, want ek gaan deur Makedonia
6 en miskien sal ek by julle oorbly of oorwinter sodat julle saam met my kan gaan waarheen ek ook al mag gaan.
7 Ek verkies om julle nie díe keer net in die verbygaan te sien nie, maar ek hoop om ’n tyd lank by julle te bly as my Meester dit toelaat,
8 maar ek sal in Efesos bly tot die Fees van weke (Shavu’ot),
9 want ’n groot deur het vir my oopgegaan, vol geleenthede en daar is baie wat my teëstaan.
10 As Timoteos na julle toe kom, kyk dat hy sonder vrees by julle is, want hy versorg die werke van יהוה, net soos ek.
11 Laat niemand hom dan minag nie, maar vergesel hom in vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid sodat hy na my toe kan kom, want ek, saam met die broers, wag vir hom.
12 Met betrekking tot Apollos, my broers: ek het hom baie keer gevra om saam met die broers na julle toe te gaan en hy het sonder twyfel nie die begeerte gehad om nou te gaan nie, maar hy sal gaan wanneer hy tyd het.
13 Wees waaksaam, staan in vertroue, wees dapper, wees sterk,
14 doen alles in liefde.
15 Broers, julle weet dat die huisgesin van Stefanas die eersteling vrug van Agaia is en dat hulle hulself tot diens van die afgesonderdes gemaak het; daarom vra ek julle
16 dat julle ook gehoorsaam moet wees aan sulke mense en aan elkeen wat saam met hulle werk en arbei.
17 Ek verbly my omdat Stefanas, Fortounatos en Agaikos hier aangekom het aangesien hulle opgemaak het vir my gemis aan julle,
18 want hulle het my gees verkwik soos ook julle s’n. Erken daarvolgens sulke manne.
19 Al die gemeentes van Asië stuur vrede vir julle. Akulas en Priskilla, saam met die gemeente wat in hulle huis is, stuur groot vrede vir julle in ons Meester.
20 Al die broers stuur vrede vir julle. Stuur vrede vir mekaar met ’n afgesonderde soen.
21 Sha’ul se groete, met my eie hand:
22 Wie ook al nie ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, lief het nie, laat hom veroordeeld wees! Ons Meester kom! (maran atha)
23 Die onverdiende guns van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, is by julle!
24 My liefde is by julle almal in dié Gesalfde Een, Yeshua. Dit is waar!

Die vyftiende boek van die Nuwe Verbond

Die tweede brief van Sha'ul, slaaf en afgevaardigde van Yeshua, dié Gesalfde Een, aan die gemeente in Korinthos.

# 2 Kurintaya

{ 2 Korinthiërs }

( Geskryf aan gemeentes wat in huise bymekaargekom het. )

Dit is waarskynlik die derde brief en is in die jaar 58 geskryf toe Timoteos saam met hom in Filippi was en is deur Titus afgelewer.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees - die taal wat Yeshua gepraat het.

1 1 Sha'ul, 'n afgevaardigde van Yeshua, dié Gesalfde Een, deur die wil van God;
en die broer, Timoteos, aan die gemeente van God wat in Korinthos is en aan al die
afgesonderdes wat in die hele Agaia is:
2 onverdiende guns vir julle en vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en
vergenoegdheid van God-ons-Vader en ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een.
3 Aanbiddingswaardig is God, die Vader van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, die
Vader van omgee en die God van alle ondersteuning en vertroosting, Ps 94:19; Yog 14:9-11
4 wat ons ondersteun en troos in al ons beproewing sodat ons die wat in enige
beproewing is, kan ondersteun en troos deur die ondersteuning en vertroosting
waarmee ons self deur God ondersteun en getroos word.
5 Net soos die lyding van dié Gesalfde Een oorvloedig in ons is, so is ons ondersteuning
en troos ook oorvloedig deur dié Gesalfde Een,
6 maar as ons ook ly, is dit ter wille van julle ondersteuning, troos en redding dat ons
ly en as ons ook ondersteun en getroos word, is dit vir julle tot ondersteuning, troos
en redding deurdat julle dieselfde lyding verduur wat ons ook ondergaan.
7 Ons versekerde verwagting vir julle is vas, want ons weet dat, as julle deelgenote is
aan die lyding, net so ook aan die ondersteuning en troos.
8 Broers, aangaande die beproewing wat in Asië oor ons gekom het, wil ons dat julle
weet dat ons grootliks beproef was, ver bo ons kragte sodat ons lewe op die punt
was om te vergaan.
9 Wat onsself betref, het ons die oordeel van die dood ervaar sodat ons nie op onsself
sou vertrou nie, maar op God, wat die dooies opwek;
10 Hy, wat ons gered het van 'n gewelddadige dood, op Wie ons versekerde verwagting
is dat Hy ons ook voortdurend sal red,
11 deur die hulp van julle gebede vir ons persoonlik en dat Sy geskenk vir ons tot
guns, ter wille van baie, sal wees en baie Hom mag bely, as gevolg van ons,
12 want ons roem is dit: die getuienis van ons gewete: dat ons in vrygewigheid,
reinheid en die onverdiende guns van God aangewend is, veral teenoor julle en
hulle by julle en in die wêreld, nie in vleeslike wysheid nie.
13 Ons het aan julle niks anders geskryf as wat julle weet en mee saamstem nie, maar
ek vertrou dat julle tot die einde toe sal saamstem.
14 Net soos julle ook, met 'n bietjie van baie, saamgestem het dat ons julle roem is,
net so is julle ook ons roem in die dag van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een.
15 In hierdie vertroue wou ek eerste na julle toe kom sodat julle twee keer onverdiende
guns kan ontvang
16 wanneer ek by julle verby, deurgaan na Makedonia, om weer vanaf Makedonia by
julle aan te kom en julle saam met my na Y'hudah gaan.
17 Het ek dit haastig beplan toe ek dit beplan het? Of wat ek beplan, beplan ek na die
vlees sodat daarin 'n ja-ja en nee-nee, (onsekerheid) is?
18 God is die getuie dat ons boodskap vir julle nie ja en nee was nie,
19 want die Seun van God, Yeshua, dié Gesalfde Een, wat deur ons aan julle verkondig
is, deur my, Silvanus en Timoteos, was nie ja en nee nie, maar was ja in Hom,

20 want al die beloftes van God is ja in Hom, dié Gesalfde Een. As gevolg hiervan, deur Hom, gee ons die "dit is waar," tot eer, lof en aanbidding van God,
21 maar ons bevestig God by julle, in eenheid met dié Gesalfde Een, wat ons gesalf het,
22 wat ook Sy seël op ons gesit het en die Gees as deposito in ons verstand, wil en emosie gegee het.
23 Ek getuig uit my gees teenoor God dat ek, om julle te spaar, nog nie na Korinthos gekom het nie;
24 nie omdat ons meesters oor julle vertroue is nie, maar ons is helpers aan julle blydskap, want dit is deur vertroue dat julle staan.

2 1 Dit het ek by myself besluit, om nie weer in droefheid na julle toe te kom nie,
2 want as ek julle bedroef maak, wie is daar om my bly te maak, anders as hy wat deur my bedroef gemaak is?
3 Ek het dit so aan julle geskrywe sodat ek nie by my koms droefheid mag ondervind deur hulle oor wie ek my moes verbly nie omdat ek julle almal vertrou en dat my blydskap van julle almal af is.
4 Vanuit groot lyding en 'n verstand, wil en emosie vol droefheid skryf ek hierdie dinge aan julle deur baie trane, nie dat julle bedroef moet word nie, maar dat julle mag weet van die oorvloedige liefde wat ek vir julle het,
5 maar as iemand droefheid veroorsaak het, dan is dit nie vir my wat hy bedroef het nie, maar, sonder om te vergroot, vir julle almal.
6 Vir so iemand is dit genoeg om deur baie aangespreek te word
7 en nou, in teenstelling, is dit nodig om hom te vergewe en op te hef sodat so iemand nie miskien deur 'n oormaat droefheid verslind word nie.
8 As gevolg hiervan versoek ek julle om julle liefde aan hom te bevestig,
9 want daarom het ek ook geskryf om julle te toets, of julle in alles gehoorsaam is.
10 Die een wat deur julle iets vergewe word, vergeef ek ook, want enige iets waarvoor ek hom vergewe het, het ek vergewe om julle ontwil in die Teenwoordigheid van dié Gesalfde Een
11 sodat ons nie deur die teëstander oorval sou word nie, want ons ken sy metodes.
12 Toe ek in Troas gekom het met die goeie boodskap van dié Gesalfde Een en 'n deur vir my, deur יהוה, oopgemaak is,
13 het ek geen rus vir my gees gehad nie omdat ek my broer Titus nie daar gekry het nie, maar ek het van hulle afskeid geneem en na Makedonia vertrek.
14 Dank aan God wat ons, altyd in eenheid met dié Gesalfde Een, 'n skouspel maak en deur ons, die aangename reuk van Sy kennis op elke plek bekend maak,
15 want ons is die aangename soet geur in dié Gesalfde Een tot God onder die wat lewe het en onder die wat besig is om verlore te gaan;
16 vir die laaste die stank van dood tot die dood en vir die eerste 'n aangename reuk van die lewe tot die lewe en wie sal hierdie dinge waardig wees?
17 Ons het nie soos ander die boodskap van God verdraai nie, maar dit in waarheid volgens dit wat vanaf God is, in die Teenwoordigheid van God, in eenheid met dié Gesalfde Een, verkondig.

3 1 Begin ons weer opnuut om aan julle te wys wie ons is? Asof ons, soos sommige, aanbevelingsbriewe aan julle aangaande ons nodig het of dat julle aanbevelingsbriewe aangaande ons moet skryf?
2 Julle is ons brief, geskryf in ons verstand, wil en emosie, geken en gelees deur almal,
3 want julle weet dat julle dié Gesalfde Een se brief is deur ons dienswerk, geskryf nie met ink nie, maar met die Gees van die lewende God; nie op kliptafels nie, maar op die vleestafels van die verstand, wil en emosie.
4 Só 'n vertroue het ons, deur dié Gesalfde Een, in God.
5 Nie dat ons uit onsself genoeg is om enige iets van onsself te dink nie, maar ons krag is uit God, [Neg 8:10; 2 Kor 13:4]
6 wat ons waardig gemaak het om bedienaars van die nuwe verbond te wees, nie deur wat geskryf is nie, maar deur die Gees, want die geskrewe woord maak dood, maar die Gees gee lewe.
7 As die bediening van die dood, die geskrewe woord wat op klippe gegraveer is, in die Gemanifesteerde Teenwoordigheid gekom het sodat die seuns van Yisra'el nie kon kyk na die gesig van Mosheh nie as gevolg van die Gemanifesteerde Teenwoordigheid op sy gesig, wat verbygaan,
8 hoeveel te meer sal die bediening van die Gees dan nie in die Gemanifesteerde Teenwoordigheid wees nie?
9 As die bediening wat veroordeel, in eer, lof en grootheid was, hoeveel meer is die bediening wat onpartydig opreg maak, oorvloedig in eer, lof en grootheid,
10 want dit wat eer, lof en grootheid gehad het, was asof dit geen eer, lof en grootheid het in vergelyking met die oortreffende eer, lof en grootheid nie,
11 want as daar eer, lof en grootheid was in wat moes vergaan, is daar baie meer eer, lof en grootheid in wat bly.
12 Omdat ons hierdie versekerde verwagting het, tree ons daarom al hoe meer met vrymoedigheid op,
13 nie soos Mosheh nie, wat 'n bedekking oor sy gesig gesit het sodat die mense van Yisra'el nie sou aanhou kyk nie, want dit het geen doel gehad nie,
14 maar hulle is verblind in hulle begrip, want tot op hierdie dag toe bly dieselfde bedekking oor hulle by die lees van die Tanakh en word dit nie openbaar dat die bedekking deur Die Gesalfde Een vernietig is nie. [Ps 28:5]
15 Tot vandag toe, wanneer Mosheh gelees word, word die bedekking oor hulle verstand, wil en emosie gelê
16 en wanneer enige iemand van hulle na יהוה toe draai, word die bedekking van hom af weggeneem. [Mat 13:11; 1 Kor 2:10]
17 יהוה is die Gees en waar die Gees van יהוה is, daar is vryheid.
18 Meer nog, almal van ons, met onbedekte gesig, sien die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה soos in 'n spieël en word voortdurend verander na Sy beeld, tot meer en meer van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid, deur יהוה, die Gees. [Gen 1:26,27]

4 1 As gevolg hiervan maak dit ons nie moeg in hierdie bediening wat ons het nie omdat liefdevolle omgee in ons is.
2 Ons verwerp die geheime skandes en ons leef nie in misleiding of verwerping van die boodskap van God nie, maar deur die openbaring van die waarheid, wys ons, voor God, ons gees aan elke mens se gedagtes,
3 maar as ons goeie boodskap nog bedek is, is dit bedek vir die wat besig is om verlore te gaan,
4 húlle, vir wie die god van hierdie wêreld die intellek verblind het omdat hulle nie vertrou nie sodat die lig van die goeie boodskap van die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van dié Gesalfde Een, wat die Beeld van God is, nie op hulle sou skyn nie, [2 The 2:10,11]
5 want ons verkondig nie onsself nie, maar dié Gesalfde Een, Yeshua, ons Meester, maar onsself as julle slawe, ter wille van Yeshua
6 omdat God, Hy wat gesê het dat daar uit donkerte lig moet skyn, [Gen 1:3] dit in ons verstand, wil en emosie laat deurskyn het sodat ons opgehelder sal word met die kennis van die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God in die teenwoordigheid van Yeshua, dié Gesalfde Een,
7 maar ons het hierdie skat in kleihouers sodat die grootheid van die krag vanaf God mag wees en nie uit ons nie.
8 In alles word ons platgedruk, maar ons is nie verwurg nie; ons is geslaan, maar nie skuldig nie;
9 ons is vervolg, maar nie in die steek gelaat nie; ons is neergegooi, maar nie verslaan nie.
10 Elke keer dra ons die sterwe van ons Meester, Yeshua, in ons liggame sodat ook die lewe van dié Gesalfde Een in ons liggame gewys kan word,
11 want as ons wat lewe, aan die dood oorgelewer word om Yeshua se ontwil, sal ook, net so, die lewe van Yeshua in hierdie sterflike liggame openbaar word.
12 So is die dood aktief in ons, maar die lewe in julle;
13 daarom, ook in ons wat dieselfde Gees van vertroue het, soos geskrywe is: “Ek het vertrou en daarom het ek ook gepraat,” [Ps 116:10] vertrou ons en praat ons ook,
14 want ons weet dat Hy wat ons Meester Yeshua opgewek het, ons ook deur Yeshua sal opwek en ons saam met julle na Hom toe sal bring,
15 want dit is alles om julle ontwil en wanneer die onverdiende guns meer word, sal die dankbaarheid baie meer word tot die eer, lof en aanbidding van God.
16 As gevolg hiervan maak dit ons nie moeg nie, selfs as ons uiterlike liggaam vernietig word; daarenteen word die innerlike dag ná dag nuut gemaak,
17 want terwyl die huidige lyding lig en van korte duur is, berei dit vir ons ’n groot en grenslose eer en lof vir ’n tydlose ewigheid voor.
18 Ons verheug ons nie in die sigbare dinge nie, maar in die onsigbare, want die sigbare dinge is vir ’n tyd, maar die onsigbare is ewig.

5 1 Ons weet dat, as ons aardse huis, die liggaam, vernietig sal word, ons 'n gebou
het wat vanaf God is; 'n huis nie met hande gemaak nie, maar in die hemel, vir ewig,
2 want ook hieroor word ons gemaak om te kreun en verlang ons om ons huis wat
vanuit die hemel is, aan te trek
3 sodat wanneer ons aangetrek is, ons nie kaal bevind mag word nie,
4 want terwyl ons nou nog in díe liggaam is, word ons gemaak om te kreun deur sy
gewig en ons wil dit nie uittrek nie, maar oor dit aantrek sodat sy sterflikheid deur
die lewe verslind kan word,
5 maar Hy wat ons hiervoor voorberei het, is God, wat ook vir ons die deposito van
Sy Gees gegee het.
6 Omdat ons weet en oortuig is daarvan dat solank as wat ons in die liggaam bly, ons
verwyderd is van ons tuiste, van ons Meester,
7 want ons leef deur vertroue en nie deur wat ons sien nie,
8 vertrou en verlang ons as gevolg hiervan, om uit die liggaam uit te gaan en by ons
Meester te wees.
9 Ons is toegewyd daaraan om, of ons afwesig of tuis is, Hom tevrede te stel,
10 want ons gaan almal staan voor die troon van dié Gesalfde Een sodat elkeen betaling
kan ontvang volgens alles wat hy in die liggaam gedoen het; of dit goed is of boos.
11 Omdat ons daarom die vrees en respek van ons Meester ken, oortuig ons mense.
Voor God is ons openbaar en ek hoop om ook tot julle begrip openbaar te wees,
12 want ons prys onsself nie weer aan by julle nie, maar ons gee vir julle 'n geleentheid
om te roem oor ons, in die teenwoordigheid van hulle wat hulle op die uiterlike
beroem en nie op die verstand, wil en emosie nie,
13 want as ons kranksinnig is, is dit vir God en as ons normaal is, is dit vir julle,
14 want die liefde van dié Gesalfde Een dring by ons aan om so te redeneer: dat as
Een in die plek van elke persoon gesterf het, dan het elke persoon saam met Hom
gesterf.
15 Hy het in die plek van elke persoon gesterf sodat die wat lewe, nie vir hulleself sal
lewe nie, maar vir Hom wat vir elkeen gesterf en opgestaan het. [Yog 10:17,18]
16 Van nou af ken ons niemand meer na die uiterlike nie. Selfs al het ons ook dié
Gesalfde Een na die uiterlike geken, ken ons Hom nou nie meer so nie.
17 Wie ookal wat daarom in eenheid met dié Gesalfde Een is, is 'n nuwe skepping, die
oue het daarmee verbygegaan [1 Kef 3:21; Rom 6:3-8; Efe 2:10]
18 en alles het nuut geword vanaf God; Hy wat ons verhouding met Homself herstel
het deur Yeshua, dié Gesalfde Een en vir ons die bediening gegee het om dié
verhouding te herstel,
19 want God, in eenheid met dié Gesalfde Een, het die verhouding van die wêreld met
Sy majesteit herstel en nie hulle sondes vir hulle bereken nie en ons eie boodskap
van die herstel van die verhouding in ons gesit;
20 daarom is ons ambassadeurs namens dié Gesalfde Een, asof God julle uitnooi deur
ons; daarom vra ons julle, namens dié Gesalfde Een: laat julle verhouding met God
herstel,
21 want Hy wat geen sonde geken het nie, het Homself in jou plek 'n sondoffer gemaak
sodat ons deur Hom, die onpartydige opregtheid van God kan word.

6 1 As helpers smeek ons julle dat die onverdiende guns van God, wat julle ontvang
het, nie waardeloos in julle word nie,
2 want Hy sê: "In die aanvaarbare tyd het Ek jou geantwoord en in die dag van redding
het Ek jou gehelp." Yes 49:8 Let op, nou is dit die aanvaarbare tyd en nou is dit die dag
van redding.
3 Moenie enige iemand 'n rede gee tot struikeling nie, sodat dit 'n klad sou wees op
ons bediening,
4 maar in alles wys ons onsself as dienaars van God, met baie verwagtende uithou, in
vervolginge, in benoudheid, in gevangenskap,
5 in houe, in kettings, in oproere, in harde werk, in waaksaamheid, in vas,
6 in reinheid, in kennis, in geduld, in sagte goedheid, in die Gees wat Afgesonderd is,
in liefde sonder misleiding,
7 in die boodskap van die waarheid, in die wonderwerkende krag van God, deur die
wapens van onpartydige opregtheid in die regter- en linkerhand;
8 deur eer en oneer, deur lofprysing en berisping; asof misleiers en tog waar;
9 asof onbekendes en tog bekend; asof een wat doodgaan en let op, ons lewe; asof ons
gestraf word en tog nie sterwend nie;
10 asof bedroef is, maar ons verheug ons altyd; asof arm, maar wat baie ander ryk
maak; asof mense wat niks het nie en tog alles besit.
11 Ons het ons mond teenoor julle oopgemaak, Korinthiërs en ons denke, wil en
emosie groter oopgemaak.
12 Ons beperk julle nie, maar die terughouding is in julle sagte omgee.
13 Ek praat egter soos met seuns: betaal my beloning wat by julle is en vergroot julle
liefde vir my.
14 Moenie saam met ongelowiges gejuk wees nie. Watter deel het onpartydige opregtheid
met die oortreding van die wet en watter gemeenskap het lig met die duisternis?
15 Of watter ooreenstemming het dié Gesalfde Een met die teëstander; of watter
deelname het die wat vertrou met die ongelowige?
16 Watter ooreenkoms het die tempel van God met demone? Julle is die tempel van
die lewende God, net soos gesê is: Yeg 37:27; Open 21:3 "Ek sal in hulle bly en Ek sal in
hulle leef en Ek sal hulle God wees en hulle sal vir My 'n volk wees." Yir 31:33
17 "As gevolg hiervan," sê יהוה, "gaan van tussen hulle uit, skei jou af van hulle,
moenie naby die dinge wat onrein is, kom nie Lev 11:47; Yes 52:11; 1 Yog 3:3 en Ek sal julle
ontvang Yeg 20:34,41
18 en Ek sal vir julle 'n Vader wees en julle sal vir My seuns en Ps 103:13; Luk 3:22; Rom 8:29; 1
Kor 15:45 dogters wees," sê יהוה, wat alles vashou. 2 Sh'm 7:14; Yes 43:6

7 1 Julle vir ons lief is omdat daar vir ons hierdie beloftes is, laat ons onsself daarom
reinig van alle vuilheid van die vlees en die gees en laat ons groei in afgesonderdheid
uit respekvolle vrees vir God.
2 Wees geduldig met ons, broers. Ons het aan niemand boos gedoen nie; ons het
niemand korrup gemaak nie; ons het niemand ingedoen nie.
3 Ek sê dit nie om te veroordeel nie, want ek het vroeër gesê dat julle in ons gedagtes,
wil en emosie is om as een te sterf en te leef.

4 Ek het groot vrymoedigheid teenoor julle. My roem oor julle is groot. Ek is ten volle
vertroos en versterk en ek loop oor van blydskap te midde van al my lyding.
5 Vandat ons ook na Makedonia gekom het, was daar geen rus vir ons vlees nie, maar
is ons in alles gemartel; van buite 'n stryd, van binne vrees,
6 maar God wat die vernederde versterk en vertroos, het ons versterk en vertroos deur
die koms van Titus
7 en nie alleen deur sy koms nie, maar ook deur die lafenis waarmee hy deur julle
ondersteun is, want hy het aan ons vertel van julle liefde vir ons, julle treur oor en
julle ywer namens ons. Toe ek dit hoor, was my blydskap groot.
8 Alhoewel ek julle deur 'n brief treurig gemaak het, is ek nie jammer nie, al was ek
ook vroeër jammer, want ek het gesien dat daardie brief, al was dit vir 'n kort tydjie,
julle treurig gemaak het.
9 Nou is ek bly, nie omdat julle treurig gemaak is nie, maar omdat julle treurig gemaak
is tot die punt van terugdraai na God toe, want julle was treurig soos God dit wou
sodat julle deur ons geen skade gely het nie,
10 want treurigheid wat van God is, bring jammerwees van die gees en werk 'n
onberoubare terugdraai na lewe, maar die jammer van die wêreld, werk die dood,
11 want let op, hierdie ding het gebeur dat julle treurig gemaak is deur God, hoeveel
te meer het ek gretigheid, verskoning, woede, vrees, liefde, ywer en vergelding in
julle veroorsaak. In alles het julle bewys dat julle in die saak rein is;
12 daarom het ek ook hierdie aan julle geskryf, nie ter wille van wat verkeerd is, of ter
wille van hom wat verkeerd gedoen het nie, maar dat julle toewyding aan ons geken
kan word in die Teenwoordigheid van God.
13 As gevolg hiervan is ons versterk en vertroos en vanuit ons vertroosting verbly ons
ons al hoe meer in die vreugde van Titus, wie se gees deur julle almal verkwik is,
14 want as ek oor julle by hom oor iets geroem het, is ek nie skaam gemaak nie, maar soos
ons alles in waarheid vir julle gesê het, so is ook ons roem by Titus in waarheid gevind
15 en sy innerlike omgee vermeerder as hy julle almal se gehoorsaamheid onthou, hoe
julle hom met respekvolle vrees ontvang het.
16 Ek verbly my dat ek in alles in julle kan vertrou.

8 1 Ons maak aan julle bekend, broers, die onverdiende guns van God wat aan die
gemeentes van Makedonia gegee is:
2 onder baie toetse van stryd was hulle oorvloedig in blydskap en die diepte van hulle
armoede is oorvloedig gemaak in die rykdom van hulle vrygewigheid,
3 want hulle was na vermoë, ek getuig dit, bo vermoë, uit hulleself gewillig.
4 Hulle het ons met groot erns gesmeek dat ons hulle geskenk en hulle deel in die
bediening aan die afgesonderdes, moet ontvang
5 en het nie slegs gedoen soos ons verwag het nie, maar het hulleself eers aan ons
Meester geoffer en aan ons deur die wil van God,
6 waardeur ons Titus versoek het dat hy, net soos hy reeds begin het, net so ook by
julle hierdie geskenk moet voltooi.
7 Soos julle egter in alles oorvloedig is: in vertroue, in die boodskap, in kennis, in alle
erns en in julle liefde vir ons; laat julle ook in hierdie geskenk oorvloedig wees.

8 Ek sê dit nie as ’n bevel nie, maar om deur die erns van ander ook die egtheid van julle liefde te toets,

9 want julle ken die onverdiende guns van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, dat Hy, alhoewel Hy ryk was, ter wille van julle arm geword het sodat julle deur Sy armoede ryk kan word.

10 Hierin gee ek slegs my raad, want dit is beter vir julle omdat julle alreeds ’n jaar gelede begin het, nie alleen om te wil nie, maar ook om te doen.

11 Voltooi egter nou die daad sodat, net soos die bereidheid om te wil daar was, julle so ook deur die daad kan voltooi uit wat julle besit,

12 want as die gewilligheid daar is, is dit aanvaarbaar volgens wat iemand het, nie volgens wat hy nie het nie,

13 want ek bedoel nie dat daar vir ander verligting moet wees en vir julle stryd nie,

14 maar dat volgens gelykheid julle oorvloed hulle tekort kan aanvul in hierdie tyd sodat ook hulle oorvloed julle tekort kan aanvul en daar gelykheid is.

15 Soos geskrywe is: “Hy wat oorvloed gehad het, het nie te veel gehad nie en hy wat min gehad het, het nie tekort gehad nie,” [Eks 16:18]

16 maar dank aan God, wat dieselfde omgee vir julle in die gedagtes, wil en emosie van Titus gegee het,

17 want hy het ons versoek aanvaar en omdat hy baie ernstig was, het hy uit eie keuse na julle toe vertrek.

18 Ons het ook die broer saam met hom gestuur, wat deur al die gemeentes aangeprys word in die goeie boodskap.

19 Hy is ook so, deur die gemeentes, gekies om saam met ons te reis in hierdie onverdiende guns van dienswerk, wat deur ons gedoen word, tot die eer, lof en aanbidding van God en vir ons ondersteuning en versterking,

20 om te verhoed dat iemand ons sou beskuldig in verband met hierdie oorvloedigheid, wat deur ons bedien word,

21 want ons neem in ag wat reg is, nie alleen in die Teenwoordigheid van God nie, maar ook voor die mense. [Spr 3:4]

22 Ons het ook ons broer, wie se erns baie keer en in baie dinge getoets is, maar nou nog ernstiger is deur sy groot vertroue in julle, saam met hulle gestuur;

23 asook Titus, wat my deelgenoot en medewerker vir julle is; asook ons broers, hulle is afgevaardigdes van die gemeentes, tot eer, lof en grootheid van dié Gesalfde Een.

24 Bewys daarvolgens aan hulle julle liefde en dit waaroor ons roem oor julle, ook voor die gemeentes.

9 1 Aangaande die dienswerk teenoor die afgesonderdes is dit eintlik oorbodig vir my om aan julle te skryf,

2 want ek weet dat julle denke gereed is, waaroor ek oor julle by die mense van Makedonia roem en dat Agaia ’n jaar gelede gereed gemaak het en dat die ywer wat van julle uitgegaan het, baie ander opgewek het,

3 maar ek het die broers gestuur sodat ons roem oor julle in hierdie geval nie leeg mag wees nie sodat julle gereed sal wees, soos ek gesê het

4 sodat wanneer die manne van Makedonia saam met my kom en julle miskien nie voorbereid is nie, ons, om nie te sê julle, nie beskaam word in hierdie vertroue waarin ons roem nie.

5 As gevolg hiervan het ek dit dus nodig geag om die broers te vra om vooruit te gaan na julle toe en julle vroeër aangekondigde seëning vooraf reg te kry sodat dit gereed kan wees as 'n seëning en nie as iets wat afgepers is nie.

6 Meer nog, dit: wie spaarsamig saai, sal ook spaarsamig oes en wie volop saai, sal ook volop oes.

7 Elkeen gee soos hy besluit het in sy verstand, wil en emosie, nie treurig of uit verpligting nie, want God het 'n vreugdevolle gewer lief. [Spr 22:9]

8 God is in staat om alle onverdiende guns in julle te vermeerder sodat julle altyd in alles genoeg kan hê en julle oorvloedig kan wees in elke goeie werk.

9 Soos geskrywe is: "Hy het uitgedeel en aan die armes gegee, Sy onpartydige opregtheid bly tot in ewigheid." [Ps 112:9]

10 Meer nog, Hy wat saad gee aan die saaier, gee brood om te eet en Hy sal vir julle saad gee en dit vermeerder en die vrug van julle onpartydige opregtheid vermeerder

11 sodat julle in alles verryk kan word met die volle regte van 'n erfgenaam, wat deur ons dankbaarheid tot God volmaak gemaak word

12 omdat die bediening van hierdie dienswerk nie alleen voorsien in die behoeftes van die afgesonderdes nie, maar ook oorvloei tot baie dankbaarheid tot God.

13 Deur die ervaring van hierdie diens eer, loof en aanbid hulle God dat julle jul onderwerp het aan die erkenning van die goeie boodskap van dié Gesalfde Een en dat julle deelgenote geword het in julle vrygewigheid met hulle en met almal

14 en hulle bring 'n gebed vir julle, met groter liefde vanweë die oorvloedige onverdiende guns van God wat op julle is.

15 Dank God daarom vir Sy onbeskryflike geskenk.

10 1 Ek, Sha'ul, versoek julle, deur die rustige kalmte en sagtheid van Die Gesalfde Een, ek wat tussen julle sag is teenoor julle, maar in my afwesigheid vrymoedig is teenoor julle,

2 ek smeek dan, dat as ek teenwoordig is, ek my nie op reguit openlikheid hoef te beroep, soos wat ek beplan om reguit te wees teen sommige wat reken dat ons volgens die vleeslike lewe nie,

3 want hoewel ons in die uiterlike liggaam lewe, maak ons nie oorlog volgens die vleeslike nie,

4 want die wapens van ons oorlog is nie van die vlees nie, maar vanuit die krag van God en daarmee onderwerp ons rebelse vestings,

5 ons breek argumente en elke hoë skeiding wat teen die kennis van God opgerig word, af en neem elke gedagte gevange tot gehoorsaamheid aan dié Gesalfde Een.

6 Ons is voorbereid om die straf uit te oefen op almal wat nie gehoorsaam nie, wanneer julle gehoorsaamheid volkome is.

7 Julle kyk na die oppervlakkige. As iemand by homself vertrou dat hy aan dié Gesalfde Een behoort, laat hy in sy verstand en wil weet dat, net soos hy aan dié Gesalfde Een behoort, ons ook net so,

8 want al sou ek ook nog meer roem oor outoriteit wat ons Meester my gegee het, sal ek
my nie skaam nie, want dit is vir ons gegee om julle op te bou en nie te vernietig nie.
9 Ek vermy dit egter, anders sou dit lyk asof ek julle deur my briewe wil bang maak,
10 want daar is mense wat sê: "Die briewe is gewigtig en kragtig, maar die koms in
die vlees is kragteloos en die boodskap verwerplik."
11 Laat hom wat so praat daaraan dink dat ons dieselfde wat ons deur die briewe in
ons afwesigheid sê, ook in dade doen as ons aanwesig is,
12 want ons waag nie om onsself te tel by, of te vergelyk met, sommige van die wat
hulleself aanbeveel nie, maar die wat hulle met hulself vergelyk, is nie wys nie;
13 daarom sal ons nie oormatig roem nie, maar volgens die maat van die standaard
wat God vir ons gegee het wat tot by julle kom,
14 want dit is nie asof ons nie by julle uitgekom het nie, want ons het onsself uitgestrek
om by julle aan te kom met die goeie boodskap van dié Gesalfde Een.
15 Ons roem nie buite ons mate in die werk van ander nie, maar ons het 'n aktiewe
verwagting dat, wanneer julle vertroue toeneem, ons tussen julle verhoog sal word
en ons verder sal gaan
16 om ook die goeie boodskap te verkondig in plekke verder as julle, nie om in die
mate van ander nie, maar in wat ons gewen het, te roem.
17 Hy wat roem, moet in יהוה roem, Yir 9:23
18 want hy wat homself aanbeveel, is nie aanvaarbaar nie, maar hý wat deur יהוה
aanbeveel word.

11 1 Ek wens julle wil my net 'n kort rukkie verdra terwyl ek in dwaasheid praat!
Verdra my tog maar,
2 want ek is jaloers oor julle met God se jaloesie, want ek het julle afgegee om te trou
met een Man; om julle as 'n rein maagd aan dié Gesalfde Een voor te stel,
3 maar ek is bang dat, net soos die slang vir Havah Gen 3:1-7 deur sy listigheid mislei
het, julle denke net so korrup gemaak is, weg van die eenvoudigheid wat by dié
Gesalfde Een is,
4 want as iemand kom en 'n ander Yeshua verkondig as wat ons verkondig het, of as
julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander goeie boodskap as
wat julle ontvang het, kan julle maklik oortuig word,
5 want ek dink nie ek het in enige iets tekort gekom teenoor dié 'afgevaardigdes' wat
vooruitgaan nie,
6 want selfs al is ek ook eenvoudig in my spraak, nie in my kennis nie, is dit in alles
aan julle openbaar.
7 Of het ek teen julle verkeerd gedoen deur my te verneder sodat julle verhoog kan
word en ek die goeie boodskap van God gratis Yes 55:1; Mat 10:8; Open 21:6; 22:17 aan julle
verkondig het?
8 Ek het ander gemeentes beroof, deur vergoeding te kry, om julle te bedien
9 en toe ek by julle was en gebrek gehad het, het ek niemand lastig geval nie, want die
broers wat van Makedonia af gekom het, het in my gebrek voorsien en ek het my in
alles weerhou om nie vir julle 'n las te wees nie en sal my ook weerhou.

10 Die waarheid van dié Gesalfde Een is in my sodat hierdie roem in die streke van Agaia nie van my weggevat sal word nie.

11 Om watter rede? Omdat ek julle nie lief het nie? God self weet!

12 Wat ek doen, sal ek voortgaan om te doen; om die geleenthede af te sny van die wat 'n geleentheid soek om te roem sodat hulle dieselfde as ons gesien mag word,

13 want sulke mense is valse afgevaardigdes, misleidende werkers, wat hulleself voordoen as afgevaardigdes van dié Gesalfde Een

14 en geen wonder nie, as hy, wat die teëstander is, homself voordoen as 'n boodskapper van lig!

15 Dit is daarom niks groots wanneer sy diensknegte hulle ook voordoen as diensknegte van onpartydige opregtheid nie, maar hulle einde sal wees volgens hulle dade.

16 Ek sê weer dat niemand moet dink dat ek dwaas is nie; of anders, ontvang my as 'n dwaas sodat ek ook 'n bietjie kan roem.

17 Alles wat ek sê, sê ek nie vanuit ons Meester nie, maar in dwaasheid op hierdie geleentheid van roem.

18 Aangesien baie na die uiterlike roem, sal ek ook roem,

19 want julle luister graag na die dwase omdat julle so wys is!

20 Julle verdra dit as iemand slawe van julle maak, as iemand julle verteer, as iemand by julle afvat, as iemand hom opblaas oor julle, as iemand julle in die gesig slaan.

21 Tot my oneer moet ek erken dat ons daarvoor te swak was, maar as iemand dit waag, ek praat in dwaasheid, waag ek dit ook.

22 Is hulle Hebreërs? Ek is ook. Is hulle Yisra'eliete? Ek is ook. Is hulle die saad van Avraham? Ek is ook.

23 Is hulle diensknegte van dié Gesalfde Een? Ek praat soos 'n dwaas, ek nog meer, deur oorvloediger werk, in ontelbare slaanwonde, in baie meer tronke, gereeld by die dood.

24 Vyf maal het ek veertig houe op een na van die Jode gekry.

25 Drie maal is ek met stokke geslaan, een maal is ek gestenig, drie maal het ek skipbreuk gely, 'n nag en 'n dag het ek sonder 'n skip op die diepsee deurgebring,

26 gereeld op reis in gevaar van riviere, in gevaar van rowers, in gevaar van my eie mense, in gevaar van die ander nasies, in gevaar in die stad, in gevaar in die wildernis, in gevaar op see, in gevaar onder vals broers,

27 in harde werk en in uitputting, gereeld in slapeloosheid, in honger en dors, dikwels sonder kos, in koue en naaktheid,

28 behalwe dit alles en die skares wat om my is, my daaglikse bekommernisse en die omgee vir al die gemeentes.

29 Wie ly en ek ly nie ook nie? Vir wie word 'n struikelblok in die pad gesit en ek is nie aan die brand (woedend) nie?

30 As daar geroem moet word, sal ek in my swakheid roem.

31 Hy weet, die God en Vader van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, geseënd tot in tydlose ewigheid, dat ek nie lieg nie.

32 In Dammesek het die hoof van die weermag van koning Aretas, die stad bewaak om my te vang

33 en ek is in ’n mandjie, deur ’n venster in die muur, neergelaat en het ontsnap uit hulle hande.

12 1 Om te roem is nodig, maar nie voordelig nie, want ek sal kom by visioene en openbarings van ons Meester.

2 Ek het ’n man geken, in eenheid met dié Gesalfde Een, wat veertien jaar gelede weggeruk is tot in die derde hemel; of dit in die liggaam was, of buite die liggaam, weet ek nie, God weet dit.

3 Ek het so ’n man geken; of dit in die liggaam of buite die liggaam was, weet ek nie, God weet dit;

4 wat weggeruk is na Gan-`Eden (Paradys) en onuitspreekbare woorde gehoor het wat ’n mens nie mag uiter nie.

5 Oor so ’n man sal ek roem, maar oor myself sal ek nie roem nie, behalwe net in lyding,

6 want as ek wou roem, sou ek nie ’n dwaas wees nie, want ek sou die waarheid praat, maar ek doen dit nie sodat niemand my hoër mag reken as wat hy van my sien of wat hy van my af hoor nie.

7 ’n Doring is vir my in die vlees gegee sodat ek nie grootkop sou kry oor die uitermatige grootheid van die openbaringe nie, ’n boodskapper van die teëstander, om my met die vuis te slaan sodat ek nie grootkop sou kry nie.

8 Hieroor het ek drie maal van my Meester gevra om dit van my weg te vat

9 en Hy het vir my gesê: “My onverdiende guns is vir jou genoeg, want my wonderwerkende krag word in swakheid volmaak gemaak.” Ek sal daarom met blydskap in my swakhede roem sodat die krag van dié Gesalfde Een op my kan rus.

10 As gevolg hiervan verbly ek my in lyding, in beledigings, in beproewings, in vervolginge en in gevangenskap om die persoon van dié Gesalfde Een se onthalwe, want as ek swak is, dan is ek sterk. [Iyov 37:7]

11 Let op; al roemend het ek dwaas geword. Julle het my daartoe gedwing, want ek moes deur julle aanbeveel word omdat ek in niks terugstaan by die ‘groot afgevaardigdes’ nie, al is ek niks nie.

12 Die tekens van ’n afgevaardigde het ek onder julle gedoen met alle geduld en deur heldedade, wonderwerke en wonderwerkende krag,

13 want wat is daar waarin julle oortref word deur die ander gemeentes, behalwe dat ek persoonlik nie vir julle ’n las was nie? Vergewe my hierdie verkeerdheid!

14 Let op, ek is gereed om die derde keer na julle toe te kom en ek sal nie vir julle ’n las wees nie, want ek soek nie julle besittings nie, maar julle self, want dit is nie die seuns wat vir die ouers moet opgaar nie, maar die ouers vir die seuns

15 en ek sal met vreugde kostes dra, ja, myself weggee ter wille van julle gees, selfs al het julle my al minder lief, soos ek julle meer lief het.

16 Miskien was ek nie ’n las vir julle nie, maar omdat ek vernuftig was, het ek julle met vernuf gevang.

17 Het ek my nie dalk vanuit julle bevoordeel deur een van die wat ek na julle gestuur het nie?

18 Ek het Titus gevra en die broer saamgestuur. Het Titus hom dan vanuit julle bevoordeel? Het ons nie in dieselfde Gees, in dieselfde pad geloop nie?
19 Dink julle weer dat ons onsself by julle verdedig? Ons praat in die teenwoordigheid van God, in eenheid met dié Gesalfde Een en dit alles, tot julle vir wie ons lief is, se opbouing,
20 want ek vrees dat ek julle by my koms miskien nie sal kry soos ek wens nie en dat ek deur julle gevind sal word soos julle nie wens nie: dat daar stryery, jaloesie, woede, verdeeldheid, kwaadpratery, skinder, ontevredenheid, verwaandheid en onstabiliteit sal wees;
21 dat my God my nie by julle sal verneder en ek sal treur oor baie van die wat vroeër gesondig het en nie erken, berou en weggedraai het van die onreinheid, seksuele oortredings en ongebondenheid wat hulle gedoen het, nie.

13 1 Hierdie is die derde keer dat ek gereed is om na julle toe te kom. In die mond van twee of drie getuies sal alles vasstaan wat gesê word. [Deut 19:15]
2 Ek het dit vroeër gesê en ek sê dit voor die tyd, soos ek dit twee maal gesê het toe ek daar teenwoordig was en ek skryf dit nou in my afwesigheid aan die wat vroeër gesondig het en aan al die ander, dat as ek weer kom, ek nie sal spaar nie
3 aangesien julle 'n bewys soek dat dié Gesalfde Een in my praat. Hy is nie swak teenoor julle nie, maar magtig onder julle,
4 want al is Hy gekruisig in swakheid, leef Hy deur die krag van God, want ons is ook swak in eenheid met Hom, maar ons leef saam met Hom, vir julle, deur die wonderwerkende krag van God. [Neg 8:10; 2 Kor 3:5]
5 Ondersoek julleself of julle in vertroue staan. Toets julleself. Of is julle nie bewus dat Yeshua, dié Gesalfde Een, in julle is nie? Indien nie, is julle verwerp!
6 Ek verwag egter dat julle sal sien dat ons nie verwerplik is nie.
7 Ek bid tot God dat daar geen boosheid in julle mag wees, soos die bewyse mag lyk nie, maar dat julle kan doen wat goed is, maar dat ons soos verwerplikes kan wees,
8 want ons kan niks teen die waarheid doen nie, maar ter wille van die waarheid,
9 want ons is bly as ons swak is en julle sterk en hieroor bid ons ook sodat julle volmaak sal word.
10 As gevolg hiervan skryf ek hierdie dinge in my afwesigheid sodat ek nie, as ek teenwoordig is, ernstig hoef op te tree, volgens die outoriteit wat my Meester my gegee het, om julle op te bou en nie af te breek nie.
11 Van nou af, broers, wees bly, word volmaak gemaak, word opgebou, wees een van denke, leef in vrede en die God van liefde, vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid sal by julle wees.
12 Stuur vrede vir mekaar met 'n afgesonderde soen.
13 Al die afgesonderdes stuur vrede vir julle.
14 Die vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, die liefde van God en die gemeenskap van die Gees wat Afgesonderd is bly by julle almal! Dit is waar!

Die sestiende boek van die Nuwe Verbond

Die brief van Sha'ul, slaaf en afgevaardigde van Yeshua, dié Gesalfde Een, aan die gemeentes in die Galatia-streek in Asië.

# Galataya

{ Galasiërs }

(Geskryf aan gemeentes,wat in huise bymekaargekom het.)

Dit is in 57 of 58 vanaf Korinthos geskryf.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees -
die taal wat Yeshua gepraat het.

1 1 Sha'ul, 'n afgevaardigde - nie vanaf mense of deur 'n mens aangestel nie, maar deur Yeshua, dié Gesalfde Een en deur God, Sy Vader, wat Hom uit die plek van die dood uit opgewek het -
2 en al die broers wat by my is; aan die gemeentes wat in Galatia is:
3 onverdiende guns vir julle en vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid van God-die-Vader en van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een,
4 Hy wat Homself gegee het ter wille van ons sondes, om ons te bevry uit hierdie bose wêreld, volgens die wil van God, ons Vader,
5 aan Wie die eer, lof en aanbidding toekom vir 'n tydlose ewigheid! Dit is waar.
6 Ek is stom geslaan hoe vinnig julle van Die Gesalfde Een af weggedraai het, hy wat julle deur Sy onverdiende guns geroep het, na 'n ander 'goeie boodskap,'
7 wat nie bestaan nie, maar daar is mense wat julle lastig val en die goeie nuus van Die Gesalfde Een wil verdraai.
8 Selfs as ons, of 'n boodskapper uit die hemel, vir julle 'n ander boodskap verkondig as die boodskap wat ons aan julle verkondig het, sal hy vervloek wees!
9 Net soos wat ek vroeër gesê het, sê ek nou ook weer: enige iemand wat aan julle 'n boodskap verkondig anders as die wat julle ontvang het, sal vervloek wees!
10 Soek ek inderdaad nou die aanvaarding van mense, of van God? Probeer ek om mense tevrede te stel? As ek tot nou toe mense tevredegestel het, dan is ek nie 'n slaaf van dié Gesalfde Een nie,
11 maar ek verklaar teenoor julle, my broers, dat die goeie boodskap wat deur my verkondig is, nie vanaf die mens is nie
12 en ek het dit ook nie vanaf 'n mens ontvang of geleer nie, maar deur 'n openbaring van Yeshua, Die Gesalfde Een.
13 Julle het gehoor van my vroeëre lewenswyse, wat in Judaïsme was, veral dat ek die gemeente van God uitermate vervolg en dit vernietig het
14 en dat ek in Judaïsme uitgestyg het ver bo baie volksgenote van my eie ouderdom en baie ywerig was aangaande die leringe van my voorvaders.
15 Toe God, wat my afgesonder het van my moeder se baarmoeder af, dit egter goed gedink het, het Hy my deur Sy onverdiende guns geroep,
16 om Sy Seun in my te openbaar sodat ek Hom onder die ander nasies sou verkondig, het ek dit nie dadelik aan enige mens openbaar nie
17 en ook nie na Yerushalayim opgegaan na dié wat voor my afgevaardigdes was nie, maar na Arabië gegaan en toe weer na Dammesek teruggekom.
18 Ná drie jaar het ek na Yerushalayim opgegaan om Kefa te ontmoet en vyftien dae by hom gebly
19 en ek het geen ander van die afgevaardigdes gesien nie, behalwe Ya'akov, die broer van ons Meester.
20 Hierdie dinge wat ek vir julle skryf: let op, in die Teenwoordigheid van God, ek lieg nie!
21 Na hierdie dinge het ek na die streke van Sirië en Kilikia gegaan
22 en my gesig was onbekend by die gemeentes van dié Gesalfde Een in Y'hudah,

23 maar hulle het slegs dit gehoor: hy wat hulle vroeër vervolg het, let op, verkondig nou die vertroue wat hy vroeër omver probeer werp het
24 en hulle het hul lofprysing na God gedraai vir my.

2 1 Na veertien jaar, het ek weer na Yerushalayim opgegaan saam met Bar-Nabba en ook vir Titus saamgevat,
2 maar ek het opgegaan om openbaar te maak en aan hulle die goeie boodskap voorgelê wat ek onder die ander nasies verkondig; asook afsonderlik aan die wat in aansien was sodat ek nie miskien tevergeefs geloop het of sal loop nie.
3 Titus, wat by my was en ’n Arameër is, is nie gedwing om besny te word nie, [Deu 10:16]
4 ten spyte van valse broers, wat ingesluip het om op ons vryheid te spioeneer wat ons in dié Gesalfde Een, Yeshua, het sodat hulle ons slawe kon maak;
5 teenoor wie ons egter nie vir een uur (’n oomblik) in ondergeskiktheid toegegee het nie sodat die waarheid van die goeie boodskap by julle kon voortgaan.
6 Die wat in aansien was, (wat hulle was, maak by my geen verskil nie, want God neem nie die uiterlike persoon van die mens aan nie), het niks vir my bygevoeg nie,
7 maar, inteendeel, hulle het gesien dat aan my die goeie boodskap vir die onbesnedenes toevertrou is, net soos aan Kefa dié vir die besnedenes toevertrou is,
8 want Hy wat Kefa bekragtig het as die afgevaardigde vir die besnedenes, het my ook bekragtig as afgevaardigde vir die ander nasies.
9 Toe hulle die onverdiende guns herken wat aan my gegee is, het Ya’akov, Kefa en Yoganan, wat as pilare beskou is, aan my en Bar-Nabba die regterhand van gemeenskap gegee sodat ons na die ander nasies, maar hulle na die besnedenes, kon gaan.
10 Hulle het ons slegs versoek om die armes te onthou, wat vir my ook belangrik was om te doen,
11 maar toe Kefa in Antiogeia gekom het, het ek hom in sy gesig teëgestaan omdat hy vir hulle struikeling veroorsaak het,
12 want voordat sommige van Ya’akov af gekom het, het hy saam met die ander nasies geëet, maar ná hulle koms het hy hom onttrek en hom eenkant gehou omdat hy bang was vir die wat uit die besnydenis groep is
13 en saam met hom het ook ander van die Jode toegegee hieraan sodat selfs Bar-Nabba hom laat lei het deur hulle valse toneelspel.
14 Toe ek egter sien dat hulle nie opreg optree volgens die waarheid van die goeie boodskap nie, het ek vir Kefa ten aanskoue van almal gesê: “As jy wat ’n Jood is, soos ’n Arameër leef en nie soos ’n Jood nie, waarom dwing jy die ander nasies om soos Jode te lewe?
15 Ons wat van nature Jode en nie sondaars vanuit die ander nasies is nie,
16 weet dat die mens nie onskuldig verklaar word vanuit die doen van die geskrewe wet nie, maar deur die vertroue van Yeshua, Die Gesalfde Een. Ons het ook in Yeshua, Die Gesalfde Een, vertrou sodat ons onskuldig verklaar kon word vanuit die vertroue van dié Gesalfde Een en nie vanuit die doen van die geskrewe wet nie omdat deur die doen van die geskrewe wet geen mens onskuldig verklaar sal word nie,” [Ps 143:2]

17 maar as ons, wat begeer om in eenheid met dié Gesalfde Een onskuldig verklaar te word, self ook gevind word om sondaars te wees, is dié Gesalfde Een dan ’n bedienaar van die sonde? ’n Verwerplike gedagte!

18 Want as ek weer opbou wat ek afgebreek het, dan wys ek aan myself dat ek om die opdragte gaan (Ar. Id. = die opdragte oortree),

19 want ek is deur die wet, dood vir die wet sodat ek vir God kan leef.

20 Ek is saam met dié Gesalfde Een gekruisig en van toe af aan is dit nie meer ék wat self leef nie, maar dié Gesalfde Een leef in my. Die lewe wat ek nou in die menslike natuur leef, leef ek in die vertroue van die Seun van God, wat my liefgehad het en Sy lewe vir my gegee het. [Rom 6:1-8,13]

21 Ek verwerp nie die onverdiende guns van God nie, want as daar onpartydige opregtheid deur die geskrewe wet gekom het, dan het dié Gesalfde Een sonder rede gesterf.

3 1 O, gebrekkig denkende Galasiërs, wie het julle uit julle vertroue in Yeshua, dié Gesalfde Een, wat voor julle oë as die gekruisigde uitgebeeld is, betower?

2 Ek wil alleen dit van julle weet: het julle die Gees ontvang deur die doen van die geskrewe wet of deur gehoorsaamheid aan die vertroue wat julle gehoor het?

3 Is julle so dwaas, dat die waarheid wat julle in die Gees gehad het, by julle in die vlees voltooi word?

4 Het julle al hierdie dinge sonder rede verdra? O, dat dit nie sonder rede was nie!

5 Hy wat dus aan julle die Gees gee en wonderwerke onder julle doen, doen Hy hierdie dinge deur die doen van die geskrewe wet of vanuit die hoor en doen in vertroue,

6 net soos wat Avraham in God vertrou het en dit vir hom tot onpartydige opregtheid bereken is? [Gen 15:6]

7 Weet daarom dat dié wat uit die vertroue is, húlle is seuns van Avraham.

8 God het van voor dít af geweet dat die ander nasies deur vertroue onskuldig verklaar sou word voordat aan Avraham die goeie boodskap verkondig is, soos die afgesonderde Skrifte sê: “In jou sal al die nasies geseën word.” [Gen 12:3; Gen 22:18]

9 So word die wat vertrou, geseën saam met die vertrouende Avraham,

10 want almal wat ‘staatmaak op die onderhouding van die wet,’ is onder ’n vloek, want daar is geskryf: “Vervloek is elkeen wat nie voortdurend alles sal doen wat in hierdie boek van die wet geskryf is nie.” [Deut 27:26]

11 Dat ’n mens nie deur die geskrewe wet by God onskuldig verklaar word nie, is duidelik, want dit is geskrywe: “Die onskuldige sal deur vertroue leef,” [Hav 2:4]

12 maar die geskrewe wet word nie gedoen vanuit vertroue nie, maar wie ook al dié dinge doen wat daarin geskrywe is, sal daardeur lewe.” [Lev 18:5]

13 dié Gesalfde Een het ons losgekoop van die vloek [Deut 27-28] van die geskrewe wet deur in ons plek ’n Vloek te word, want daar is geskryf: “Vervloek is elkeen wat aan ’n hout opgehang word” [Deut 21:22-23]

14 sodat die seën van Avraham na die ander nasies kon kom deur Yeshua, Die Gesalfde Een [Gen 12:3] en dat ons die belofte van die Gees deur vertroue mag ontvang.

15 Broers, ek praat menslikerwys: dat ’n menslike verbond, as dit bekragtig is, nie deur enige mens verwerp of enige iets daarin verander kan word nie.

16 Die belofte is aan Avraham belowe en aan sy Saad as ’n verbond. Hy sê nie vir hom: ‘Aan jou sade,’ asof dit na baie wys nie, maar “Aan jou Saad,” soos na een: na Hom wat dié Gesalfde Een is
17 en ek sê dít: dat die verbond, wat deur God, in dié Gesalfde Een, van die begin af bekragtig is, [Gen 3:15] nie deur die geskrewe wet, wat vier honderd en dertig jaar later gekom het, gekanselleer is om so die belofte tot niet te maak nie,
18 want as die erfenis vanuit die geskrewe wet is, dan is dit nie meer die vervulling van die belofte nie, maar God het dit aan Avraham deur ’n belofte gegee.
19 Hoekom dan die geskrewe wet? Dit is bygevoeg omrede die afdwaling totdat die Erfgenaam sou kom aan Wie die belofte gemaak is en daardie geskrewe wet is deur boodskappers gegee, deur die hand van ’n tussenganger.
20 ’n Tussenganger verteenwoordig nie een alleen nie, maar God is een.
21 Is die wet wat ons ontvang het teenoorgesteld aan die belofte van God? ’n Verwerplike gedagte, want as daar ’n wet gegee is, wat in staat was om lewe te gee, dan sou die onpartydige opregtheid waarlik vanaf die wet gekom het.
22 Die Skrifte het alles onder die sonde ingesluit sodat die belofte in die vertroue van Yeshua, dié Gesalfde Een, aan die wat vertrou, gegee kon word,
23 maar voordat die vertroue gekom het, is ons beskerm deur die wet terwyl ons afgesny was van die vertroue wat op die punt was om openbaar te word.
24 Die geskrewe wet was dus vir ons ’n gids na dié Gesalfde Een toe sodat ons onskuldig verklaar kan word deur vertroue,
25 maar sedert die vertroue gekom het, is ons nie onder ’n gids nie,
26 want julle is almal seuns van God deur die vertroue in Yeshua, dié Gesalfde Een,
27 want julle almal wat in dié Gesalfde Een gedoop is, het dié Gesalfde Een aangetrek.
28 Daar is nie Jood of Arameër nie, daar is nie slaaf of vryman nie, daar is nie man of vrou nie, maar julle is almal een in Yeshua, Die Gesalfde Een.
29 As julle aan dié Gesalfde Een behoort, is julle die saad van Avraham en volgens die belofte, erfgename.

4 1 Ek sê: solank as die erfgenaam ’n kind is, verskil hy nie van die slawe nie, alhoewel hy hulle almal se meester is,
2 maar hy staan onder voogde en toesighouers tot op die tyd, soos deur sy vader bepaal is.
3 So was ons ook, toe ons kinders was, in slawerny onder die beginsels van die wêreld,
4 maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God Sy Seun gestuur. Hy is uit ’n vrou gebore en onderworpe aan die geskrewe wet,
5 om die wat onder die geskrewe wet was, los te koop sodat ons die aanvaarding as seuns kon ontvang,
6 maar omdat julle seuns is, het God die Gees van Sy Seun in julle verstand, wil en emosie gestuur, wat uitroep tot die Vader: “Ons Vader!”
7 Julle is daarom nie slawe nie, maar seuns en as julle seuns is, dan ook erfgename van God deur Yeshua, dié Gesalfde Een,

8 maar toe julle God nie geken het nie, het julle dit gedien wat van nature geen god is nie,
9 maar nou dat julle God ken en spesifiek omdat julle deur God geken is, draai julle weer terug na die siek en swak beginsels om, weer van voor af, aan hulle onderworpe te wees.
10 Julle hou dae, maande, vasgestelde tye en jare.
11 Ek is bang dat ek miskien doelloos aan julle gewerk het.
12 Broers, ek smeek julle, word soos ek, want ek het soos julle geword. Julle het geen onreg aan my gedoen nie,
13 maar julle weet dat ek vroeër deur my swakheid van liggaam die goeie boodskap aan julle verkondig het
14 en julle het die toets aan my liggaam nie verag of verwerp nie, maar julle het my ontvang as ’n boodskapper van God, asóf Yeshua, Die Gesalfde Een, self.
15 Waar is dan julle lofverklaring? Want ek getuig van julle dat julle, as dit moontlik was, julle oë sou uitgrawe en vir my sou gee.
16 Het ek julle vyand geword omdat ek aan julle die waarheid verkondig het?
17 Hulle is jaloers op julle, nie vir ’n goeie doel nie, maar om julle te onderdruk sodat julle hulle kan navolg.
18 Dit is goed as julle streef na iets goeds en nie alleen wanneer ek by julle is nie.
19 My seuns, vir wie ek weer van voor af in geboortepyne is totdat die realiteit van dié Gesalfde Een ten volle in julle gevorm is,
20 Ek verkies om nou by julle te wees en my stem te verander omdat ek nie raad het met julle nie.
21 Julle wat onder die geskrewe wet wil wees, sê vir my, verstaan julle nie wat die geskrewe wet sê nie?
22 Want daar is geskrywe: “Avraham het twee seuns gehad, een vanuit ’n slavin en een vanuit ’n vry vrou, [Gen 16; 21:1-21]
23 maar hy wat vanuit die slavin gebore is, is na die vlees gebore, maar die een vanuit die vry vrou deur die belofte. [Gen 18:9-15]
24 Hierdie is ’n illustrasie van twee verbonde: een, wat kom van die berg Sinai, wat geboorte gee in slawerny: dit is Hagar,
25 want Hagar staan vir die berg Sinai wat in Arabië is en oorgee aan die Yerushalayim van nou, wat saam met haar seuns in slawerny is,
26 maar daardie Yerushalayim is die vry vrou: dit is ons moeder,
27 want daar is geskryf: “Verbly jou, onvrugbare wat nie voortbring nie! Breek uit en roep, jy wat geen geboortepyne ken nie, want die seuns van die verlatene is meer as van haar wat begunstig is!” [Yes 54:1]
28 Ons, my broers, is egter net soos Yitz’gak, seuns van die belofte
29 en net soos toe hy wat na die menslike natuur gebore is, hom wat na die Gees was, vervolg het, net so is dit ook nou,
30 maar wat sê die Skrif? ‘Gooi die slavin en haar seun uit, want die seun van die slavin sal nie saam met die seun van die vry vrou erf nie’. [Gen 21:10]
31 Ons is daarom, my broers, nie seuns van die slavin nie, maar seuns van die vry vrou.

5 1 Staan daarom vas in die vryheid waarmee dié Gesalfde Een ons vrygemaak het en moenie weer in die juk van slawerny gejuk word nie.
2 Let op, ek, Sha'ul, sê vir julle dat as julle jul laat besny, dié Gesalfde Een vir julle geen voordeel inhou nie [Deut 10:16; Yir 9:24-25; Rom 2:26-29; 3:30; 4:11-12; Gal 5:2-6; Kol 2:11]
3 en ek getuig dit weer aan elke mens wat besny is dat hy verskuldig is om die hele geskrewe wet na te kom.
4 As jy onskuldig verklaar wil word deur die wet, is jy afgesny van dié Gesalfde Een. Julle het weggeval van die onverdiende guns af,
5 want ons, deur die seëning van die Gees, wat deur vertroue is, bly in die aktiewe verwagting tot onpartydige opregtheid,
6 want in eenheid met dié Gesalfde Een, Yeshua, is nòg die besnydenis nòg die onbesnedenheid enige iets, maar vertroue wat deur liefde volmaak gemaak is.
7 Julle het goed gehardloop. Wie het julle verhinder om die waarheid te gehoorsaam?
8 Julle oortuiging is nie vanaf Hom wat julle geroep het nie.
9 'n Bietjie suurdeeg maak al die deeg suur.
10 Ek vertrou dat, in eenheid met die Meester, julle nie ander dinge sal oorweeg nie, maar een wat dit vir julle moeilik maak, wie dit ook al mag wees, sal die oordeel dra.
11 Ek, my broers, as ek steeds die besnydenis verkondig, waarom word ek nog vervolg? Dan is die struikelblok van die kruisiging tog vernietig!
12 Ek wens dat dié wat julle moeilikheid gee, afgesny sal word,
13 want julle is tot vryheid geroep, my broers; moet net nie dat julle vryheid geleentheid vir die vleeslike natuur is nie, maar julle behoort mekaar deur liefde te dien,
14 want die hele geskrewe wet word deur een boodskap volledig gemaak: "Jy moet jou medemens liefhê net soos jouself," [Lev 19:18]
15 maar as julle mekaar byt en opeet, pas op dat julle nie mekaar verslind nie.
16 Ek sê: "Leef deur die Gees, dan sal julle nooit deur die begeertes van die menslike natuur gevang word nie,
17 want die menslike natuur begeer die teenoorgestelde as die Gees en die Gees die teenoorgestelde as die menslike natuur. Hulle staan teenoor mekaar sodat julle nie kan doen wat julle wil doen nie, [Rom 8:8]
18 maar as julle deur die Gees gelei word, is julle nie onder die wet nie,
19 maar julle ken die dade van die menslike natuur; dit is: seksuele oortredings, onreinheid, wellustigheid,
20 aanbidding van afgode, towery, vyandskap, tweedrag, jaloesie, woede, hardkoppigheid, misleiding, valse leringe,
21 afguns, moord, dronkenskap, orgies en soortgelyke dinge en dat die wat hierdie dinge doen, soos ek vroeër gesê het en nou weer sê, nie die Koninkryk van God sal erf nie."
22 Die vrugte van die Gees is liefde, blydskap, vrede, geduld, sagte omgee, goedheid, vertroue, [Mat 7:16-20; Ya'a 3:17,18]
23 nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge is geen wet in plek nie,
24 maar dié wat aan dié Gesalfde Een behoort, het die menslike natuur met al sy passies en begeertes gekruisig.

25 Ons moet daarom in die Gees leef en aan die Gees oorgee
26 en laat ons nie sonder lof en eer wees nie; mekaar slegmaak en jaloers wees op mekaar nie.

6 1 My broers, as een van julle deur een of ander verkeerde keuse oorval word, moet julle wat in die Gees is, só een herstel met die gees van nederigheid en wees versigtig dat jy nie ook getoets word nie.
2 Dra mekaar se laste, want so vervul jy die wet van dié Gesalfde Een,
3 want as iemand dink dat hy iéts is terwyl hy niks is nie, mislei hy homself,
4 maar 'n man moet sy eie dade toets en net in homself roem en nie tussen ander nie,
5 want elkeen moet sy eie taak dra.
6 Hy wat in die boodskap lering ontvang, moet van alles wat goed is, deel met hom wat vir hom lering gee. [Deut 25:4; Luk 10:7; 1 Kor 9:9; 1 Tim 5:18]
7 Moenie jouself mislei nie, want God word nie mislei nie, want enige iets wat die mens saai, dit sal hy ook oes.
8 Hy wat in sy menslike natuur saai, sal vanuit die menslike natuur vernietiging oes, maar hy wat in die Gees saai, sal vanuit die Gees die ewige lewe oes.
9 Wanneer ons doen wat goed is, moenie dat dit moeitevol wees nie, want op die bepaalde tyd sal ons self oes as ons nie moeg word nie.
10 Terwyl ons daarom tyd het, laat ons nou aan almal goed doen, maar spesifiek aan hulle wat seuns is van die huis van vertroue.
11 Sien die groot letters wat ek met my eie hand vir julle skryf.
12 Dié wat in die menslike natuur wil roem, dié dwing julle om julle te laat besny, want net in die besnydenis sal hulle nie vervolg word in dié Gesalfde Een nie,
13 want selfs nie hulle wat besny is, gehoorsaam die wet nie, maar hulle wil dat julle besny word sodat hulle in julle liggame kan roem,
14 maar wat my betref: ek sal nie roem nie, behalwe in eenheid met die kruisiging van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, deur Wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld,
15 want nóg die besnydenis nóg die onbesnedenheid het enige waarde, maar 'n nuwe skepping het.
16 Vir dié wat hierdie pad loop: vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid en liefdevolle omgee sal oor julle wees en oor die Yisra'el van God!
17 Laat mense my dus nie pla nie, want ek het die merke van ons Meester Yeshua, Die Gesalfde Een, in my liggaam ontvang.
18 Die onverdiende guns van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, bly met julle gees, my broers!
Dit is waar!

Die sewentiende boek van die Nuwe Verbond

Die brief van Sha'ul, slaaf en afgevaardigde van Yeshua, dié Gesalfde Een, aan die gemeente in Efesos.

# Afsaya

{ Efesiërs }

( Geskryf aan gemeentes wat in huise bymekaargekom het )

Dit is tydens Sha'ul se gevangenskap in die jaar 62 vanaf Rome geskryf.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees - die taal wat Yeshua gepraat het.

1 1 Sha'ul, 'n afgevaardigde van Yeshua, dié Gesalfde Een, deur die wil van God, aan hulle wat in Efesos is; afgesonder en getrou in Yeshua, dié Gesalfde Een:
2 vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir julle en onverdiende guns vanaf God, ons Vader en vanaf ons Meester Yeshua, dié Gesalfde Een!
3 Geseënd is God, die Vader van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, wat ons geseën het met al die seëninge van die Gees in die hemel, in eenheid met dié Gesalfde Een
4 net soos Hy ons vroeër, in eenheid met Hom, gekies het van voor die ontstaan van die wêreld af, om afgesonderd en sonder vlek in Sy Teenwoordigheid te wees en ons vroeër in liefde vir Homself aangestel
5 en ons as seuns gevestig het deur Yeshua, dié Gesalfde Een, want dit stel Sy wil tevrede
6 sodat die eer en lof van Sy onverdiende guns geprys kan word, wat oorvloei op ons deur die Een wat Hy lief het,
7 want in Hom is daar vir ons vryspraak en deur Sy bloed die vergifnis van sondes volgens die rykdom van Sy onverdiende guns,
8 wat oorvloedig in ons is in alle wysheid en begrip vanaf die Gees.
9 Hy het ook aan ons die geheime van Sy wil geleer, dit wat Hy vroeër besluit het om in Homself te doen
10 vir die uitvoering van die einde van tye; alle dinge word in die hemel en op die aarde deur dié Gesalfde Een van voor af nuut gemaak.
11 In eenheid met Hom is ons gekies volgens die inskrywing van ouds en volgens Sy wil, waardeur Hy alles doen volgens die gedagte van Sy wil
12 sodat ons, wat eerste 'n versekerde verwagting in dié Gesalfde Een gehad het, kan wees tot eer en lof van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid.
13 Julle het ook die boodskap van die waarheid, die goeie boodskap van julle redding, in Hom in Wie julle vertrou het gehoor en is julle geseël in die Gees wat Afgesonderd is, wat belowe is,
14 wat die waarborg is van ons erfenis, tot die losprys van hulle wat gered is en vir die eer en lof van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid.
15 Om hierdie rede, let op, vandat ek gehoor het van julle vertroue wat in ons Meester Yeshua is en julle liefde tot al die afgesonderdes,
16 hou ek nie op om dankie te sê vir julle en om julle te onthou in my gebede nie
17 sodat die God van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, die Vader van eer, lof en aanbidding, aan julle die Gees van wysheid en openbaring mag gee saam met geestelike kennis van Hom
18 en dat die oë van julle verstand, wil en emosie verhelder sal word sodat julle kan weet wat die versekerde verwagting van Sy roeping en wat die rykdom van Sy erfdeel van eer en lof is onder die afgesonderdes
19 en wat die oorvloedige grootheid van Sy wonderwerkende krag is, in ons wat vertrou, volgens die effektiewe vermoë van Sy krag
20 wat Hy gewerk het in dié Gesalfde Een toe Hy Hom uit die dood uit opgewek het en Hom laat sit het aan Sy regterhand in die hemel, [Ps 110:1; Mar 9:1; Kol 1:13]

21 ver bo alle heersers, outoriteite, wonderwerkende kragte, meesters en elke karakter en outoriteit (naam) wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in dié een wat kom. [Open 21:1]
22 Hy het alles onder Sy voete geplaas [Ps 8:7] en Hom wat hoër as alles is as Hoof oor die gemeente,
23 wat Sy liggaam is, aangestel; die volledigheid van Hom wat alles in almal volledig maak; [1 Kor 15:23-28]

2 1 wat selfs julle volledig maak, [Yog 14:26; 1 Yog 2:27; Efe 3:17-19] wat dood was in julle sondes en in julle dwaashede
2 waarin julle vroeër, volgens die wêreldsheid van hierdie wêreld en volgens die heersers, die outoriteit van die lug en van hierdie gees wat ywerig is in die seuns van ongehoorsaamheid, geleef het
3 in daardie werke waarin ons ook een of ander tyd aan die begin betrokke was, in die begeertes van ons menslike natuur en toe ons die wil van ons menslike natuur en van ons eie gedagtes gedoen het. Ons was ook volkome seuns van die wraak, net soos ook die ander,
4 maar God, wat ryk is in omgee, het, as gevolg van Sy groot liefde waarmee Hy ons liefgehad het,
5 toe ons dood was in ons sonde, vir ons lewe gegee saam met dié Gesalfde Een en ons deur Sy onverdiende guns gered
6 en ons saam met Hom opgewek en ons saam met Hom laat sit in die hemel, in dié Gesalfde Een, Yeshua,
7 om aan die tydperk wat kom, die oorvloedige rykdom van Sy onverdiende guns in goedheid met sagtheid, wat oor ons gekom het in dié Gesalfde Een, Yeshua, te kan wys,
8 want dit is as gevolg van Sy onverdiende guns dat ons deur die vertroue gered is en dit is nie uit onsself nie, dit is 'n geskenk van God,
9 nie deur dade nie sodat niemand kan roem nie, [Yir 9:23]
10 want ons is Sy skepsele, wat geskape is in dié Gesalfde Een, Yeshua, vir die goeie dade wat God van die begin af vir ons voorberei het om in te leef. [Gen 1:26,28; Eks 18:20; Yog 14:10; 1 Kef 3:21; Rom 6:3-8; 2 Kor 5:17; Efe 4:12; 2 Tim 2:11-13]
11 As gevolg hiervan, onthou dat julle vroeër nie-Jode in die vlees was en 'onbesnedenis' genoem is, anders as hulle wat 'die besnedenis' genoem word en 'n werk is wat aan die vlees met hande gedoen word
12 en dat julle in daardie tyd sonder dié Gesalfde Een was, vreemdelinge aan die nasionale lewe van Yisra'el en vreemdelinge aan die verbond van die belofte, sonder aktiewe verwagting en sonder God in die wêreld.
13 Nou, in dié Gesalfde Een, Yeshua, het julle wat vroeër op 'n afstand was, naby gekom deur die bloed van dié Gesalfde Een,
14 want Hy is ons Vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding vernietig het.
15 In Sy fisiese liggaam het Hy die haat waardeloos gemaak, wat deur die opinie van mense aangaande opdragte van die wet veroorsaak is sodat deur Sy liggaam, die twee tot een nuwe mens geskep kon word.

16 Hy het die twee se verhouding met God herstel in een liggaam en deur Sy kruisiging die haat doodgemaak. Yeg 37:16-19
17 Hy het gekom en vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid aan julle wat ver was en Yes 57:19 aan die wat naby was verkondig,
18 want in Hom is daar vir ons albei toegang deur een Gees tot die Vader.
19 Julle is daarom nie meer vreemdelinge en besoekers nie, maar inwoners van die Afgesonderde Stad en seuns van die familie van God. Heb 11:13-16; Open 21:2-27
20 Julle word opgebou op die fondasie van die afgevaardigdes en die profete met Yeshua, dié Gesalfde Een, self die Hoeksteen van die gebou. Ps 118:22-23; 1 Kef 1:17; 2:4
21 In Hom word die hele gebou aanmekaar gesit en dit groei tot ’n afgesonderde tempel in eenheid met יהוה Yeg 37:26-28; Mar 12:10
22 terwyl julle ook vir Hom gebou word tot ’n blyplek van God in die Gees.

3 1 Om hierdie rede is ek, Sha’ul, vir júlle van ander nasies se ontwil, die gevangene van dié Gesalfde Een, Yeshua.
2 As julle gehoor het van die toepassing van die onverdiende guns van God wat aan my gegee is tussen julle
3 dat Hy aan my deur ’n openbaring die geheim, soos ek vroeër in kort geskryf het, geleer het;
4 waardeur julle, as julle dit lees, my insig in die geheim van dié Gesalfde Een kan verstaan,
5 wat in ander generasies nie aan die kinders van die mens bekend gemaak is soos dit nou aan Sy afgesonderde afgevaardigdes en profete openbaar word deur die Gees nie:
6 dat die ander nasies mede-erfgename is, lede van Sy liggaam en van die belofte wat in Hom gegee is deur die goeie boodskap.
7 Dit waarvan ek ’n bedienaar geword het, volgens die geskenk van die onverdiende guns van God wat aan my gegee is, volgens die aksie van Sy wonderwerkende krag.
8 Aan my, die geringste van al die afgesonderdes, is hierdie onverdiende guns gegee om onder die ander nasies die goeie boodskap van die rykdom van dié Gesalfde Een te verkondig; dit waarna hulle nie gesoek het nie
9 en dat ek elke persoon die lig laat sien deur die toepassing van die geheim, wat verborge was vir die wêreld, in God, die Skepper van alles
10 sodat die groot en omvattende wysheid van God, deur die gemeente aan die heersers en outoriteite wat in die hemele is, bekend gemaak sal word.
11 Dit wat Hy voorbereid gehad het vanaf ewigheid en uitgevoer het in Yeshua, dié Gesalfde Een, ons Meester,
12 in Wie ons vrymoedigheid en toegang het, in die versekering van Sy vertroue.
13 As gevolg hiervan vra ek dat julle nie swak word deur my beproewinge ter wille van julle nie, want dit is julle eer en lof.
14 Ek buig my knieë voor die Vader van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een,
15 vanaf Wie elke vaderskap in die hemele en op die aarde sy karakter en outoriteit (naam) ontvang

16 sodat Hy aan julle kan gee volgens die rykdom van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid om met wonderwerkende krag in Sy Gees versterk te word dat in julle innerlike mens,
17 dié Gesalfde Een deur vertroue mag bly en dan in julle verstand, wil en emosie, in liefde, julle wortel en fondasie versterk
18 sodat julle saam met al die afgesonderdes kan ontdek wat die breedte, lengte, diepte, hoogte
19 en die grootheid van die kennis van die liefde van dié Gesalfde Een is en dit kan ken en gevul kan word met al die volheid van God. Yog 14:26; 1 Yog 2:27; Efe 2:1; Kol 1:9; 3:14
20 Aan Hom wat meer as kragtig is, om vir ons te doen ver bo alles wat ons vra of dink, volgens Sy wonderwerkende krag wat in ons werk,
21 die eer, lof en aanbidding in Sy gemeente, in eenheid met dié Gesalfde Een, Yeshua, deur alle geslagte vir tydlose ewigheid! Dit is waar!

4 1 Ek doen daarom ’n beroep op julle, ek, ’n gevangene in eenheid met ons Meester, om waardig te leef aan die roeping waarmee julle geroep is:
2 in alle nederigheid van gedagte, stil, met verdraagsaamheid en met geduld teenoor mekaar in liefde.
3 Wees ywerig om die eenheid van die Gees te beskerm deur die bande van vrede
4 sodat julle in een liggaam en in een Gees sal wees, net soos toe julle geroep is in een versekerde verwagting van julle roeping,
5 want daar is een יהוה, Deut 6:4 een vertroue, een doop,
6 een God, die Vader van almal, wat oor almal en by almal en in ons almal is,
7 maar aan elkeen van ons is onverdiende guns gegee volgens die grootte van die geskenk van dié Gesalfde Een.
8 As gevolg hiervan word gesê: “Hy het opgevaar in die hoogte in en het die gevangenskap gevange geneem en geskenke aan die mense gegee.” Ps 68:19
9 Dít: ‘Hy het opgevaar’, wat beteken dit anders as dat Hy ook eers afgegaan het na die laer dele van die aarde?
10 Die Een wat afgegaan het, is dieselfde Een wat opgegaan het ver bo al die hemele sodat Hy alles volledig kon maak
11 en Hy het sommige as afgevaardigdes, sommige as profete, sommige as boodskappers van die goeie boodskap en sommige as herders en sommige as leermeesters gegee,
12 om die afgesonderdes volledig te maak vir hulle dade in die bediening tot opbouing van die liggaam van dié Gesalfde Een Yog 14:10; Efe 2:10
13 totdat ons almal een sal wees in vertroue en in kennis van die Seun van God, een man, tot die mate van die volgroeidheid van dié Gesalfde Een.
14 Ons sal ook nie meer kinders wees wat geskud word en gepla word deur elke wind van lering nie; deur die bedrog van mense, wat deur slinksheid beplan om te mislei nie,
15 maar ons is standvastig in liefde sodat alles waarmee ons besig is, mag vermeerder in dié Gesalfde Een, wat die Hoof is

16 en vanuit Hom is die hele liggaam inmekaargepas en een gemaak by elke ligament, volgens die gawe wat elke ledemaat na mate ontvang het, vir die groei van Sy liggaam sodat Sy gebou in liefde voltooi kan word.
17 Dit sê ek en getuig ek in יהוה dat julle van nou af nie langer moet leef soos die ander van ander nasies, wat leef in die leegheid van hulle denke, nie. [Rom 1:21-32]
18 Hulle is verduister in hulle intellek en vreemdelinge aan die lewe van God, want hulle het nie kennis nie, as gevolg van die blindheid van hulle verstand, wil en emosie;
19 hulle wat hulle versekerde verwagting afgesny het en hulle gees oorgegee het aan wellustigheid en die ontwikkeling van allerhande onreinhede in hul gulsigheid.[Rom 1:21]
20 Julle het egter nie so geleer van dié Gesalfde Een nie,
21 as julle inderdaad na Hom geluister het en deur Hom geleer is, aangesien alles wat waarheid is in Yeshua is:
22 dat julle, die vorige optrede van die ou mens, wat deur die begeertes van misleiding korrup is, moet afgooi.
23 Julle moet die gees van julle denke voortdurend vernuwe [Yeg 18:31]
24 en die nuwe mens aantrek wat in God, in onpartydige opregtheid en in die reinheid van die waarheid geskape is.
25 As gevolg hiervan, gooi die leuens af en praat die waarheid, elkeen met sy medemens, [Z'kh 8:16] want ons is mekaar se ledemate.
26 Word kwaad en moenie sondig nie; [Ps 4:5] laat die son nie ondergaan oor julle woede nie
27 en gee ook geen plek aan die lasteraar (aanklaer) nie.
28 Hy wat gesteel het, moet van nou af nie steel nie, maar laat hom hard werk met sy hande en doen wat goed is sodat hy iets kan hê om te gee aan die een wat gebrek het.
29 Laat daar geen haatlike woorde uit julle mond uitgaan nie, maar wat goed is en bruikbaar vir die nodige opbouing sodat jy onverdiende guns kan gee aan die wat dit hoor
30 en moet ook nie die Gees van God wat Afgesonderd is, in Wie julle verseël is tot die dag van bevryding, droewig maak nie. [Yes 63:10]
31 Alle bitterheid, woede, toorn, geskree en beledigings moet van julle af weggevat word, saam met alle boosheid,
32 maar wees sag en vol omgee teenoor mekaar; vergewe mekaar net soos God ons ook in dié Gesalfde Een vergewe het.

5 1 Wees julle daarom nabootsers van God soos seuns vir wie Hy lief is
2 en leef in liefde, net soos dié Gesalfde Een ons ook liefgehad het en Homself vir ons oorgegee het as 'n offer en slagoffer aan God tot 'n soet reuk,
3 maar seksuele oortredinge en alle onreinheid of gulsigheid moet onder julle selfs nie genoem word nie, soos dit gepas is by afgesonderdes,
4 ook nie beledigende, dwase, growwe of onsinnige praatjies, wat nie nodig is nie, maar eerder van dankbaarheid,

5 want hierdie weet julle, dat daar vir die seksuele oortreder of onreine of gierigaard,
wat ’n afgodsaanbidder is, nie ’n erfporsie in die Koninkryk van dié Gesalfde Een
en van God is nie.
6 Laat niemand julle met leë woorde mislei nie, want daardeur kom die woede van
God oor die seuns van die ongehoorsaamheid;
7 moet daarom nie vennote saam met hulle word nie,
8 want julle was eers duisternis, maar nou is julle lig in eenheid met ons Meester. Leef
daarom soos seuns van die Lig,
9 want die vrug van die Lig bestaan in alle goedheid, onpartydige opregtheid en
waarheid.
10 Onderskei wat voor ons Meester aanvaarbaar is
11 en moet ook nie gemeenskap hê met diensknegte van die duisternis nie, want daar
is geen vrug in hulle nie, maar jy moet hulle bestraf, [Tit 1:9-11]
12 want wat hulle in die privaatheid doen, is afskuwelik, selfs om te noem,
13 maar alles word uitgewys vanuit die lig en word openbaar, want alles wat iets
openbaar, is lig. [Yog 3:20,21]
14 Dit word daarom gesê: “Word wakker, jy wat slaap en staan op vanuit hulle wat
dood is en dié Gesalfde Een sal jou verlig.” [Rom 13:11; 1 Thes 5:6]
15 Kyk daarom presies hoe julle leef: eerbaar, nie soos dwase nie, maar soos wyses
16 wat hulle tyd / geleenthede uitkoop omdat die dae boos is.
17 As gevolg hiervan moet julle nie dwaas word nie, maar verstaan wat die wil van
die Meester is.
18 Moenie dronk word van wyn nie, daarin is losbandigheid, maar word voortdurend
met die Gees vervul.
19 Praat met julleself in psalms, lofliedere en liedere van die Gees en sing in julle
gedagtes, wil en emosie tot יהוה.
20 Gee altyd dank tot God-die-Vader vir almal, in die Karakter en Outoriteit van ons
Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een
21 en wees aan mekaar gehoorsaam in die liefde van dié Gesalfde Een.
22 Vroue, wees aan julle eie mans gehoorsaam, net soos aan ons Meester,
23 want die man is die hoof van die vrou, net soos dié Gesalfde Een ook Hoof is van
die gemeente en Hy die Lewegewer / Redder van die liggaam is,
24 maar soos die gemeente aan dié Gesalfde Een gehoorsaam is, op dieselfde manier
moet die vroue ook, in alles, aan hul eie mans wees.
25 Mans julle moet julle eie vroue liefhê, net soos dié Gesalfde Een ook die gemeente
liefgehad en Homself om haar ontwil oorgegee het,
26 om dit af te sonder en te reinig in die wassing met water (Mikveh) en in die
Boodskap
27 en Hy sal die gemeente vir Hom bevestig, wanneer dit vol lof en eer, sonder vlek
of kreukel of enige iets soortgelyks is, maar dit moet afgesonderd en sonder fout
wees. [LvL 4:7]
28 Op dié manier moet mans hulle eie vroue liefhê soos hul eie liggame. Wie sy eie
vrou lief het, het homself lief,

29 want niemand het ooit sy eie liggaam gehaat nie, maar hy voed en sorg vir sy eie,
net soos Die Gesalfde Een vir die gemeente,
30 want ons is ledemate van Sy liggaam, van Sy vlees en van Sy bene.
31 "Die man moet daarom sy vader en sy moeder verlaat en hom aan sy vrou verbind
en hulle twee sal een vlees wees." [Gen 2:24]
32 Hierdie geheim is groot, maar ek sê dit met die oog op dié Gesalfde Een en die
gemeente,
33 maar oók vir elkeen van julle, wat oók afsonderlik sy eie vrou moet liefhê, net soos
homself en die vrou moet haar man respekteer.

6 1 Seuns, gehoorsaam jul ouers in eenheid met ons Meester, want dit is reg.
2 Hierdie is die eerste opdrag met 'n belofte: [Deut 5:16] "Eer en respekteer jou vader en
jou moeder
3 sodat dit met jou goed mag gaan en jou lewe lank mag wees op die aarde." [Eks 20:12]
4 Vaders, moenie julle seuns kwaad maak nie, maar maak hulle groot in die dissiplinêre
tug en in die leringe van ons Meester. [Gen 18:19]
5 Slawe, gehoorsaam julle meesters na die vlees, met respekvolle vrees en bewing en
in eenvoudigheid van verstand, wil en emosie, soos vir dié Gesalfde Een;
6 nie wat nodig het om dopgehou te word soos mensebehaers nie, maar soos slawe
van dié Gesalfde Een wat die wil van God doen
7 en dien hulle vanuit jou hele wese in liefde, soos vir ons Meester en nie vir mense
nie.
8 Soos julle weet, sal elkeen, vir die goeie wat hy doen, beloning van ons Meester kry,
of hy 'n slaaf of 'n vryman is.
9 So ook julle, meesters; doen dieselfde teenoor hulle en vergewe hulle oortredinge
omdat julle weet dat ook julle eie Meester in die hemel is en by Hom is geen
partydigheid nie.
10 Wees daarom, my broers, versterk in ons Meester en in die grootheid van Sy
krag.
11 Trek al die wapenrusting van God aan sodat julle in staat is om staande te kan bly
teen die strategieë van die lasteraar (aanklaer),
12 want julle geveg is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die heersers, teen die
outoriteite, teen die beheerders van hierdie wêreld van duisternis en teen bose
geeste onder die hemel.
13 Trek daarom al die wapenrusting van God aan sodat julle in staat sal wees om die
bose een te konfronteer [Yir 1:17; Ya'a 4:7; 1 Kefa 5:9; 2 Tim 1:8] en wanneer julle gereed is in alle
dinge, sal julle staan.
14 Staan daarom en maak die gordel van waarheid [Yes 11:5; 1 Kef 1:13] om julle heupe vas en
trek die borsplaat van onpartydige opregtheid aan [Yes 59:17]
15 en bind die skoene aan julle voete vas in voorbereiding vir die goeie boodskap van
vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid. [Yes 52:7]
16 By dit alles tel die skild van vertroue op sodat julle die krag sal hê om al die
brandende pyle van die bose te kan uitblus.
17 Sit die kopskerm van verlossing op [Yes 59:17] en tel die swaard van die Gees op, wat
die boodskap van God is.

18 In alle gebede en in alle begeertes, bid by elke geleentheid in die Gees. Wees elke oomblik in Hom waaksaam in gebed terwyl julle voortdurend bid en intree vir die afgesonderdes
19 en vir my sodat 'n boodskap vir my gegee mag word as ek my mond oopmaak om openlik die geheime van die goeie boodskap te verkondig,
20 waarvoor ek 'n ambassadeur in kettings is sodat ek dit met vrymoedigheid mag sê soos dit vir my nodig is om te praat.
21 Tugikos, 'n vertrouenswaardige dienaar in die Meester en die broer vir wie ons lief is, sal julle alles vertel wat ek doen sodat julle ook my omstandighede kan ken.
22 Ek sal hom juis hiervoor na julle toe stuur sodat julle ons omstandighede kan ken en hy julle gedagtes, wil en emosie kan versterk en vertroos.
23 Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir ons broers en liefde, saam met vertroue, vanaf God-die-Vader en van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een!
24 Die onverdiende guns bly saam met almal wat ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een sonder korrupsie lief het! Dit is waar!

Die agtiende boek van die Nuwe Verbond

Die brief van Sha'ul, slaaf en afgevaardigde van Yeshua, dié Gesalfde Een, aan die gemeente in Filippoi.

# Filipsaya

{ Filippense }

( Geskryf aan gemeentes wat in huise bymekaargekom het )

Dit is in die jaar 62-63, tydens Sha'ul se gevangenskap, vanaf Rome geskryf.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees - die taal wat Yeshua gepraat het.

1 1 Sha'ul en Timoteos, slawe van Yeshua, dié Gesalfde Een, aan al die afgesonderdes wat in dié Gesalfde Een, Yeshua, in Filippoi is, saam met die oudstes en dié wat bedien:
2 onverdiende guns vir julle en vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vanaf God, ons Vader en vanaf ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een!
3 Ek dank my God elke keer as ek aan julle dink.
4 Ek bid in al my gebede, oor julle almal terwyl ek met blydskap intree
5 vir julle vennootskap met die goeie boodskap van die eerste dag af tot nou toe
6 omdat ek vertrou aangaande dit, dat Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal vervolmaak tot op die dag van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een.
7 Dit is vir my reg om so van julle almal te dink omdat ek julle in my gedagtes, wil en emosie hou, aangesien julle almal in my boeie, sowel as in die verdediging en bevestiging van die goeie boodskap, my deelgenote in die onverdiende guns is,
8 want God is my getuie hoe lief ek vir julle is met die omgee van Yeshua, dié Gesalfde Een.
9 Dit bid ek: dat julle liefde mag vermeerder en dat julle meer oorvloedig mag word in kennis en in alle Geestelike insig,
10 om die dinge te kan onderskei wat paslik is en julle rein, sonder aanklag, mag wees op die dag van dié Gesalfde Een,
11 volgemaak met die vrugte van onpartydige opregtheid wat daar is in Yeshua, dié Gesalfde Een, tot eer, lof en aanbidding van God.
12 Ek wil hê dat julle moet weet, my broers, dat my omstandighede al hoe meer tot voordeel van die goeie boodskap gebeur het,
13 deurdat my 'boeie in dié Gesalfde Een' bekend geword het by die hele paleis en by al die ander.
14 'n Menigte van die broers wat in ons Meester is, het deur my boeie vrymoedige vertroue gekry en al hoe meer gewaag om die boodskap van God sonder vrees te verkondig.
15 Sommige verkondig dié Gesalfde Een wel ook uit jaloesie en tweespalt, maar sommige in goedgesindheid en in liefde,
16 want hulle weet dat ek aangestel is om uit te gaan in verdediging van die goeie boodskap,
17 maar dié wat uit tweespalt dié Gesalfde Een verkondig, is nie opreg nie, maar hoop om lyding by my gevangenskap by te voeg.
18 Hierin het ek my verheug en verheug ek my, dat in elke geval: of dit uit voorgee, of uit waarheid is, dié Gesalfde Een verkondig word,
19 want ek weet dat hierdie dinge vir my tot lewe gevind sal word deur julle gebed en deur die geskenk van die Gees van Yeshua, dié Gesalfde Een, [Iyov 13:16]
20 net soos ek 'n versekerde verwagting en afwagting het om in niks beskaam te word nie, maar dat dié Gesalfde Een, soos altyd, so ook nou, met vrymoedige openheid groot gemaak sal word in my liggaam, of dit deur die lewe of deur die dood is,
21 want my lewe ís dié Gesalfde Een en as ek sterf is dit tot my voordeel.

22 As daar ook op my werk in dié lewe van die vlees vrug is, weet ek nie wat ek sal kies nie,
23 want ek word van weerskante gedring: om weg te gaan, want ek het ’n begeerte om by dié Gesalfde Een te wees, want dit is baie voordeliger vir my,
24 maar ek word ook gedring om in my liggaam te bly, ter wille van julle
25 en dit weet ek verseker, dat ek sal bly en by julle almal sal wees, vir julle blydskap en vir julle groei in vertroue.
26 Wanneer ek weer na julle toe kom, sal ek julle roem, in dié Gesalfde Een, Yeshua alleen, oorvloedig kan maak.
27 Wees gelei soos dit die goeie boodskap van dié Gesalfde Een pas sodat, of ek kom en julle sien en of ek afwesig is en van julle omstandighede hoor, dat julle in een gees en in een denke, wil en emosie staan en julle algemeen bekend is as één in die vertroue van die goeie boodskap
28 en julle in niks rondgeskud sal word deur hulle wat ons teëstaan nie; as ’n demonstrasie van hulle vernietiging, maar van júlle lewe.
29 Dit word vanaf God vir julle gegee sodat julle deur vertroue nie net in Hom, dié Gesalfde Een, vertrou nie, maar ook vir Hom sal ly
30 en julle dieselfde stryd sal deurmaak as wat julle in my gesien het en nou van my hoor.

2 1 As daar daarom vir julle enige vertroosting en versterking in eenheid met dié Gesalfde Een is; of as die verstand, wil en emosie met liefde vólgemaak is; of as daar gemeenskap met die Gees is; of as daar sagte omgee en meegevoel is,
2 maak my blydskap volledig deur een gedagte te hê; een liefde; een gees; een denke.
3 Moet niks doen uit tweespalt of in leë eer en lof nie, maar in nederigheid van gedagte moet die een sy naaste hoër ag as homself.
4 Moet ook nie elkeen vir sy eie dinge omgee nie, maar elkeen ook vir díe van sy naaste.
5 Hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in dié Gesalfde Een, Yeshua, is,
6 Hy wat, terwyl Hy die afbeelding van God was, dit geen roof geag het om soos God te wees nie, [Yog 14:20; Kol 2:9,10]
7 maar Homself gestroop en die gestalte van ’n slaaf aangeneem het in die vorm van ’n mens en gevind is in die gedaante van ’n man:
8 Hy het Homself verneder en was gehoorsaam tot die dood toe, die dood deur gekruisig te word.
9 God het Hom daarom ook tot die hoogste plek opgelig [Ps 110:1] en aan Hom die Karakter en Outorteit (Naam) gegee wat bo elke karakter en outoriteit (naam) is
10 sodat elke knie sal buig tot eer van die Karakter en Outoriteit (Naam) wat aan Yeshua gegee is, [Yes 45:23] dié wat in die hemel en dié wat op die aarde en dié wat onder die aarde is
11 en elke tong sal erken dat Yeshua, dié Gesalfde Een, Die Meester is, tot eer, lof en aanbidding van God, Sy Vader.

12 Julle vir wie ek lief het, soos julle altyd gehoorsaam was, nie in my teenwoordigheid alleen nie, maar baie meer nou in my afwesigheid, meer as ooit, doen daarom die diens van julle lewe met vrees en bewing, Ps 2:11
13 want God werk versigtig in julle om beide te begeer asook om dit te doen waarna julle begeer.
14 Doen alles sonder om te kla en sonder verdeeldheid
15 sodat julle volmaak en onberispelik kan wees, as gereinigde seuns van God wat in 'n harde en verdraaide geslag leef, Deut 32:5 onder wie julle skyn soos ligte in die wêreld,
16 want julle staan in die plek van lewe vir hulle; vir my om oor te roem in die dag van dié Gesalfde Een, want ek het nie verniet gehardloop of vir niks gewerk nie,
17 maar al word ek as 'n drankoffer uitgegooi oor julle offer en die diens van julle vertroue, verbly en verheug ek my saam met julle almal.
18 Net so moet julle ook saam met my bly wees en julle verheug.
19 Ek verwag, in eenheid met ons Meester, Yeshua, om Timoteos gou na julle te stuur sodat dit vir my ook verfrissend kan wees wanneer ek van julle hoor,
20 want ek het niemand anders hier wat net soos ek ernstig omgee vir julle nie,
21 want hulle soek almal hul eie belange, nie dié van dié Gesalfde Een, Yeshua nie.
22 Die bewys van hiérdie een ken julle, dat hy, soos 'n seun by sy vader, saam met my in diens van die goeie boodskap is.
23 Ek verwag om hom gou te stuur, sodra ek sien hoe dit met my sal gaan
24 en ek vertrou op my Meester dat ek self ook gou na julle toe sal kom.
25 Nou het 'n saak my genoodsaak om Epafroditos, my broer, medewerker en julle afgevaardigde en bedienaar van my behoefte, na julle toe te stuur
26 omdat hy na julle almal verlang het en besorg was omdat julle gehoor het dat hy siek was,
27 want hy was ook siek, naby die dood, maar God het vir hom omgegee en nie vir hom alleen nie, maar ook vir my sodat ek nie droefheid op droefheid sou hê nie.
28 Ek het hom daarom gretiglik gestuur sodat julle hom kan sien en julle verbly en ek 'n bietjie sal rus.
29 Ontvang hom daarom in יהוה in alle vreugde en hou sulke manne in hoë eer,
30 want ter wille van die werk van dié Gesalfde Een het hy tot naby die dood gekom en sy lewe nie in ag geneem, om te voltooi wat julle kortgekom het in die dienslewering aan my, nie.

3 1 My broers, verbly julle daarom in eenheid met ons Meester. Dit is vir my nie moeite om dieselfde dinge aan julle te skryf nie, want dit beskerm julle.
2 Wees versigtig vir honde (lae morele mense); wees versigtig vir werkers van boosheid; wees versigtig vir die vleeslike besnyers,
3 want óns is die besnydenis, die van ons wat God in die Gees dien en roem in Yeshua, dié Gesalfde Een en ons vertrou nie op die vlees nie;
4 alhoewel ek ook rede het om te vertrou op die vleeslike. As iemand anders dink dat hy op die vleeslike kan vertrou, ek nog meer:

5 besny op die agtste dag, Gen 17:8-12 vanuit die familie van Yisra'el, vanuit die stam van Binyamin; 'n Hebreër, seun van 'n Hebreër; in die geskrewe wet 'n Fariseër;
6 in ywer, 'n vervolger van die gemeente; volgens die onpartydige opregtheid wat in die wet vereis word, onberispelik,
7 maar hiérdie, wat vir my voordele was, beskou ek as verliese, as gevolg van dié Gesalfde Een.
8 Ek beskou ook al hierdie dinge as verlies ter wille van die verhewe kennis van Yeshua, dié Gesalfde Een, my Meester, ter wille van wie ek alles verloor het en as gemors beskou het, om dié Gesalfde Een as wins te verkry
9 en dat ek in eenheid met Hom gevind sal word, nie met my onpartydige opregtheid wat uit die geskrewe wet is nie, maar dié wat deur die vertroue van dié Gesalfde Een is, die onpartydige opregtheid wat uit God is
10 sodat ek Yeshua en die wonderwerkende krag van Sy opstanding daardeur kan ken en kan deel aan Sy lyding en gelykvormig gemaak kan word aan Sy dood
11 sodat ek miskien in staat sal wees om die opstanding uit die dood te kan behaal.
12 Nie dat ek dit nou al gekry het of al volmaak gemaak is nie, maar ek hardloop asof ek dit in besit kan neem, waarvoor ek ook deur Yeshua, dié Gesalfde Een, in besit geneem is.
13 My broers, ek reken nie dat ek dit self in besit geneem het nie, maar een ding weet ek: dit wat agter my is, het ek vergeet en ek strek my uit na wat voor is
14 en hardloop na die einddoel om die prys te verkry van die hoogste roeping van God in Yeshua, dié Gesalfde Een.
15 Laat almal wat volwasse geword het, deur hierdie dinge oortuig wees en as julle van iets anders oortuig is, sal God ook dit aan julle openbaar.
16 Laat ons egter daarby kom en op een pad volg, in een gesindheid.
17 Volg my na, my broers en let op na dié wat leef volgens die voorbeeld wat julle in ons gesien het,
18 want daar is baie wat anders leef, van wie ek dit baie vir julle gesê het en nou ook huilend sê: hulle is vyande van die kruis van dié Gesalfde Een.
19 Hulle einde is die vernietiging; hulle god is die maag en hulle eer en lof is in hulle skande, deurdat hulle aardse dinge bedink,
20 maar ons besigheid is in die hemel en komend van daar kyk ons ook vir die Lewegewer: ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een,
21 want Hy sal ons vernederde liggaam verander, om te wees volgens die beeld van Sy liggaam van lof en eer volgens Sy groot krag, waardeur alles aan Hom gehoorsaam gemaak word.

4 1 My broers vir wie ek lief is; my blydskap en kroon, staan daarom op dié manier vas in ons Meester.
2 Ek doen 'n beroep op Euodia en Suntuge om een van gedagte te wees in ons Meester
3 en ek vra jou, wat opreg die juk saam met my dra; help hierdie wat saam met my gestoei het in die goeie boodskap; saam met Klemes en my ander medewerkers wie se name in die boekrol van die lewe geskryf is. Open 20:12,15

4 Verheug julle in eenheid met ons Meester; ek sê weer: verheug julle!
5 Laat alle mense julle nederigheid sien. Ons Meester is naby.
6 Wees oor niks bekommerd nie, maar maak julle begeertes elke keer deur gebed, versoeke en danksegging by God bekend [1 Kefa 5:7]
7 en die vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid van God, Hy wat ver bo alle kennis en begrip is, sal julle gedagtes, wil, emosie en julle begrip beskerm in eenheid met Yeshua, dié Gesalfde Een;
8 daarom, my broers: voed julleself met alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat onskuldig en opreg is, alles wat skoon is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is en daardie werke van lof en eer, wat geprys word.
9 Hierdie dinge wat julle geleer, ontvang, gehoor en in my gesien het, doen dit en die God van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid sal by julle wees.
10 Ek het my baie in ons Meester verbly dat julle voortgegaan het om om te gee vir my; net soos julle nog altyd omgegee het, maar nie ten volle in staat was nie.
11 Nie dat ek dit sê omdat ek behoefte het nie, want ek het geleer dat, wat ek ook al het, vir my genoeg sal wees.
12 Ek weet wat dit is om verneder te word; ek weet wat dit is om oorvloed in alles te hê en in alles leer ek: ook om versadig te wees, ook om honger te ly, in oorvloed en in armoede,
13 want ek is kragtig opgewasse teen alles, deur dié Gesalfde Een wat my krag gee.
14 Nogtans het julle goed gedoen deur deel te hê in my laste,
15 maar weet ook, julle Filippense, dat by die aanvang van die goeie boodskap, toe ek van Makedonia af vertrek het, geen gemeente deel gehad het in my rekening van gee en ontvang nie, behalwe julle alleen
16 en ook in Thessalonike het julle, dit wat ek nodig gehad het, een of twee maal vir my gestuur.
17 Nie dat ek geskenke soek nie, maar dat julle vrug mag vermeerder.
18 Ek het alles ontvang en daar is oorvloed en ek het meer as genoeg noudat ek van Epafroditos ontvang het wat deur julle gestuur is, ’n soet reukoffer, aanvaarbaar, wat God tevrede stel.
19 My God sal al julle behoeftes vervul deur Sy rykdom in die goedheid en rykdom van Yeshua, dié Gesalfde Een.
20 Aan God ons Vader die eer, lof en aanbidding vir tydlose ewigheid! Dit is waar!
21 Stuur vrede vir al die afgesonderdes wat in eenheid met Yeshua, dié Gesalfde Een is. Die broers wat saam met my is, stuur vrede vir julle.
22 Al die afgesonderdes, maar veral die wat aan die keiserlike huis behoort, stuur vrede vir julle.
23 Die onverdiende guns van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een bly by julle almal! Dit is waar.

Die negentiende boek van die Nuwe Verbond

Die brief van Sha'ul, slaaf en afgevaardigde van Yeshua, dié Gesalfde Een, aan die gemeente in Kolossus.

# Kulsaya

{ Kolossense }

(Geskryf aan gemeentes wat in huise bymekaargekom het.)

Dit is in die jaar 62, tydens Sha'ul se gevangenskap, geskryf vanaf Rome.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees -
die taal wat Yeshua gepraat het.

1 1 Vanaf Sha'ul, 'n afgevaardigde van Yeshua, dié Gesalfde Een, deur die wil van God en vanaf die broer Timoteos;
2 aan die afgesonderdes en broers wat vertrou in Yeshua, dié Gesalfde Een, wat in Kolossus is: onverdiende guns vir julle en vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid van God-ons-Vader!
3 Ons dank God, die Vader van ons Meester Yeshua, dié Gesalfde Een, elke keer as ons vir julle bid
4 vandat ons gehoor het van julle vertroue in Yeshua, dié Gesalfde Een en julle liefde vir al die afgesonderdes,
5 as gevolg van die versekerde verwagting wat vir julle opsy gesit is in die hemel, waarvan julle van die begin af gehoor het in die boodskap van waarheid van die goeie nuus.
6 Dit wat aan julle, sowel as aan die hele wêreld, verkondig is, wat groei en vrugbaar is, net soos onder julle, van die dag af dat julle dit gehoor het en geleer is van die onverdiende guns van God in waarheid;
7 soos wat julle geleer het van Epafras, ons medeslaaf vir wie ons lief is, wat 'n vertrouenswaardige bedienaar van dié Gesalfde Een vir julle is,
8 wat ook vir ons vertel het van julle liefde in die Gees.
9 As gevolg hiervan hou ons ook nie op om, vanaf die dag dat ons dit gehoor het, vir julle te bid nie en te vra dat julle volledig gemaak mag word met die kennis van Sy wil in alle wysheid en begrip van die Gees [Efe 3:16-19]
10 sodat julle mag leef volgens wat reg is, God in alle goeie dade tevrede stel en julle vrug mag dra en vermeerder in die kennis van God
11 en dat julle met alle krag versterk sal word volgens die grootheid van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid, om in alles uit te hou en geduldig te wees en met blydskap
12 God-die-Vader te dank wat ons waardig gemaak het om deel te hê aan die erfdeel van die afgesonderdes in die lig. [Yog 1:7,9]
13 Hy het ons gered uit die outoriteit van die duisternis en ons gebring na die Koninkryk van Sy Seun, wat Hy lief het, [Yes 45:12,13; Ps 110:1; Mar 9:1; Efe 1:20]
14 in Wie vir ons verlossing en vergifnis van sondes is.
15 Hy, wat die afbeelding is van die onsigbare God, die Eersgeborene van alles wat geskep is. [Heb 1:3]
16 In Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, of dit nou trone of heerskappye of heersers of outoriteite is. Alle dinge is in Sy hand en vir Hom geskep.
17 Hy is die Een wat voor alle dinge is en in Hom is alles gevestig. [Heb 1:2]
18 Hy is die Hoof van die liggaam, wat die gemeente is. Hy is die Hoof en die Eersgeborene uit die dood sodat Hy in alles die Eerste kan wees,
19 want Hy wil dat in Hom alle volheid sal bly
20 en deur Hom alle verhoudings met Homself sal herstel en Hy het vrede gemaak deur die bloed van Sy kruisiging; óf dit nou die dinge op die aarde is óf ook die dinge in die hemele.

21 Ook vir julle wat vroeër vreemdelinge en vyande in julle gedagtes deur julle bose werke was, het Hy nou vrede gegee
22 in Sy vleeslike liggaam en deur Sy dood, om julle afgesonderd, sonder skuld en sonder aanklag voor Hom te laat staan
23 as julle voortgaan in julle vertroue terwyl julle fondasie waar is en julle nie wegbeweeg van die versekerde verwagting van die goeie boodskap af, wat julle gehoor het en wat verkondig is aan elkeen in die skepping onder die hemel, waarvan ek, Sha'ul, die bedienaar geword het nie.
24 Ek verheug my in lyding wat om julle onthalwe is en vul in my vlees aan, dit wat ek kortkom aan die lyding van dié Gesalfde Een, vir Sy liggaam, wat die gemeente is;
25 waarvan ek 'n bedienaar geword het volgens die verantwoordelikheid van God wat aan my gegee is vir julle, om die boodskap van God volledig te maak:
26 daardie geheime wat weggesteek was vir die wêreld en vir generasies, maar nou openbaar is aan Sy afgesonderdes,
27 hulle aan wie God besluit het om bekend te maak wat die rykdom van die Gemanifesteerde Teenwoordigheid onder die ander nasies is, dit is, dié Gesalfde Een wat in julle is, die versekerde verwagting van ons eer, lof en grootheid;
28 Hy wie ons verkondig en leer en elke mens onderrig in alle wysheid sodat elke mens volmaak in Yeshua, dié Gesalfde Een, kan staan,
29 want hierin werk ek ook hard en stry ek met die hulp van die krag wat vir my gegee word.

2 1 Ek wil hê dat julle moet weet watter groot stryd ek het vir julle en vir die wat in Laodikeia is en vir al die wat my gesig nie in die vlees gesien het nie
2 sodat hulle verstand, wil en emosie vertroos en versterk mag word en hulle in liefde nader kan kom aan al die rykdom van die volle versekering en die insig van die kennis van die geheime van God-die-Vader en van dié Gesalfde Een,
3 in Hom in Wie al die skatte van wysheid en kennis weggesteek is.
4 Dit sê ek sodat niemand julle mag mislei met die oortuiging van woorde nie.
5 Alhoewel ek ook liggaamlik afwesig is, is ek by julle in die gees en ek verbly my om julle goeie orde te sien en die standvastigheid van julle vertroue in dié Gesalfde Een.
6 Net soos julle daarom dié Gesalfde Een, Yeshua, die Meester, ontvang het, leef so in eenheid met Hom,
7 soos julle jul wortels versterk en julle opgebou word in Hom en bevestig word in vertroue. Mag julle met dankbaarheid oorvloedig wees in dit wat julle geleer het.
8 Wees versigtig dat niemand julle beroof deur filosofieë en leë misleiding nie; volgens die leringe van mense en volgens die beginsels van die wêreld en nie volgens dié Gesalfde Een nie,
9 want in Hom bly die hele volheid van wat God is gesamentlik [Yog 14:20; Fil 2:6]
10 en in Hom is julle ook volledig; Hy wat die Hoof is van elke heerser en outoriteit.
11 In Hom is julle besny met 'n besnydenis wat nie met hande gedoen word nie, deur die liggaam van die sondige natuur af te lê deur die besnydenis van dié Gesalfde Een. [Deut 10:16; Yir 9:24,25; Yo'el 2:13; Rom 2:26-29; 3:30; 4:10-12; 1 Kor 7:18,19; Gal 2:3; 5:2-6]

12 Julle is in die doop saam met Hom begrawe en in dit is julle ook saam opgewek omdat julle vertroue het in die krag van God wat Hom uit die dood uit opgewek het.
13 Hy het vir julle, wat dood was deur julle sonde en die onbesnedenheid van julle menslike natuur, lewe gegee saam met Hom en ons al ons sondes vergewe.
14 Hy het die geskrewe aanklag teen ons, wat vir ons nadelig was, deur Sy Outoriteit, uitgevee en uit ons midde weggevat en dit aan Sy kruis vasgeslaan.
15 Deur Sy liggaam af te lê, het Hy die heersers en outoriteite gestroop en hulle in die openbaar beskaam deur Sy wesenlike self.
16 Laat niemand julle daarom oordeel oor eet of oor drink of oor die uitsondering van ’n fees of ’n Nuwemaanfees (Rosh-Hodesh) of Shabbatte nie
17 omdat hierdie dinge skaduwees is van die dinge wat sou kom, naamlik die liggaam van dié Gesalfde Een.
18 Laat niemand julle oordeel in vals nederigheid van gedagte nie, deur julle ondergeskik te wil stel aan die aanbidding van die engele waardeur hy dinge aflei wat hy nie sien nie en sonder oorsaak trots is deur sy gesindheid van die menslike natuur
19 en nie vashou aan die Hoof, uit wie die hele liggaam deur die gewrigte en ledemate ondersteun en saamgebind word en groei met God se groei nie,
20 want as julle saam met dié Gesalfde Een die beginsels van die wêreld afgesterf het, waarom leef julle nog asof julle in die wêreld geoordeel word:
21 moenie raak nie, moenie proe nie, moenie vashou nie?
22 Dit is alles dinge wat vernietig moet word en die opdragte en leringe van mense is
23 en van buite lyk of hulle die woorde van wysheid het, in die skyn van nederigheid en aanbidding van God en sonder die spaar van die liggaam; nie in dinge van eer nie, maar in die behoeftes van die liggaam.

3 1 As julle dus saam met dié Gesalfde Een opgestaan het, soek die dinge daarbo waar dié Gesalfde Een is en aan die regterhand van God sit. [Ps 110:1; Mat 6:33]
2 Word gevoed deur die dinge wat daarbo is, [Yog 4:32] nie met dit wat op die aarde is nie,
3 want julle is dood en julle lewe is saam met dié Gesalfde Een weggesteek in God.
4 Wanneer dié Gesalfde Een, wat ons lewe is, openbaar word, dan sal julle ook saam met Hom in die Gemanifesteerde Teenwoordigheid openbaar word.
5 Maak daarom die aardse dele van julle liggaam, naamlik seksuele oortredings, onreinheid, wellus, bose begeertes en gierigheid, wat afgodediens is, dood,
6 want as gevolg van hierdie dinge kom die woede van God oor Sy ongehoorsame seuns,
7 waarin julle ook vroeër geleef het toe julle vasgevang was daarin,
8 maar nou moet julle al hierdie dinge afgooi: kwaadword, woede, boosheid, kwaadpraat en vuil taal.
9 Moet ook nie vir mekaar lieg nie, gooi af die ou mens en sy dade
10 en trek die nuwe aan wat voortdurend in kennis, in die beeld van sy Skepper, nuut gemaak word, [Gen 1:26,27]

11 waar daar nie Jood en Arameër, besnedene en onbesnedene, Griek en barbaar, of slaaf en vryman is nie, maar dié Gesalfde Een alles en in almal is.
12 As hulle wat gekies is deur God daarom afgesonder is, hulle vir wie Hy lief is, trek onverdiende guns, omgee, sagte goedheid, nederigheid, sagtheid en geduld aan.
13 Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander ’n klagte het, net soos dié Gesalfde Een julle vergeef het, so moet julle ook vergewe.
14 Saam met dit alles, trek die liefde aan wat die band tot volmaaktheid is [Efe 3:15-19]
15 en die vrede van dié Gesalfde Een sal julle verstand, wil en emosie beheer, waartoe julle geroep is in een liggaam en wees dankbaar teenoor dié Gesalfde Een
16 sodat Sy boodskap ryklik in julle kan bly in wysheid. Leer en onderrig mekaar in die Psalms (gedigte met instrumentale musiek), in lofsange en in liedere van die Gees en sing in julle verstand, wil en emosie met dankbaarheid tot God.
17 Alles wat julle doen in woord of in daad, doen dit in die Karakter en Outoriteit van ons Meester Yeshua, dié Gesalfde Een en gee dank aan God-die-Vader deur Hom.
18 Vroue, wees aan julle eie mans gehoorsaam volgens wat reg is in dié Gesalfde Een.
19 Mans, julle moet jul vroue liefhê en nie bitter wees teenoor hulle nie.
20 Seuns, julle moet julle ouers in alles gehoorsaam wees, want dit stel ons Meester tevrede.
21 Vaders, moenie julle seuns kwaad maak sodat hulle nie moedeloos word nie.
22 Slawe, julle moet jul meesters na die vlees in alles gehoorsaam wees, nie net as jy dopgehou word soos hulle wat mense tevrede stel nie, maar in ’n suiwer verstand, wil en emosie en in die respekvolle vrees van יהוה.
23 Doen alles wat julle doen vanuit julle hele verstand, wil en emosie soos vir ons Meester en nie vir mense nie
24 en weet dat julle van ons Meester ’n beloning sal ontvang deur die erfporsie van יהוה, want julle dien dié Gesalfde Een.
25 Wie egter verkeerd doen, sal betaal volgens wat hy verkeerd doen en daar is geen aanneming van die persoon nie. [Eks 34:7; Yog 15:2,5,6; 1 Kor 3:12-15]

4 1 Meesters, hanteer julle slawe met gelykheid en regverdigheid omdat julle weet dat julle ook ’n Meester in die hemel het.
2 Hou voortdurend aan in gebed, wees waaksaam daarin en gee dank.
3 Bid terselfdertyd ook vir ons dat God vir ons die deur van die boodskap sal oopmaak om die geheime van dié Gesalfde Een, vir Wie ek ook in boeie is, te verkondig
4 en ek dit openbaar kan maak en praat op die manier waarop dit vir my nodig is.
5 Leef in wysheid teenoor die wat buite is en koop julle geleenthede uit.
6 Laat julle boodskap altyd met guns wees, met sout voorberei en wees bewus daarvan hoe dit toepaslik is om elkeen te antwoord. [Lev 2:13; Num 18:19; Mar 9:49,50]
7 Al my omstandighede sal Tugikos, die broer vir wie ons lief is, vertrouenswaardige bedienaar en medeslaaf in יהוה, aan julle vertel.
8 Ek het hom hiervoor na julle toe gestuur, om julle omstandighede te ken en om julle verstand, wil en emosie te versterk en te vertroos,
9 saam met Onesimos, die vertrouenswaardige broer vir wie ons lief is en wat vanuit julle is en julle alles sal vertel wat met ons gebeur het.

10 Aristargos, my medegevangene, stuur vrede vir julle en Markos, die seun van die oom van Bar-Nabba, aangaande wie julle opdragte gekry het, as hy by julle kom, ontvang hom;
11 ook Y'hoshua wat Youstos genoem word, manne wat uit die besnydenis is. Hulle alleen is my medewerkers vir die Koninkryk van God en hulle was 'n versterking vir my.
12 Epafras, wat een van julle is en wat altyd hard stry vir julle in gebed sodat julle volmaak en perfek mag staan in die volkome wil van God, 'n slaaf van dié Gesalfde Een, stuur vrede vir julle,
13 want ek getuig van hom dat hy 'n groot ywer het vir julle en vir dié wat in Laodikeia en die wat in Hierapolis is.
14 Luka, die dokter, vir wie ons lief is en Demas stuur vrede vir julle.
15 Stuur vrede vir die broers in Laodikeia, vir Numfas en die gemeente wat in sy huis is
16 en wanneer hierdie brief by julle gelees is, sorg dat dit ook in die gemeente van Laodikeia gelees word en dat julle ook dié wat uit Laodikeia geskryf is, lees.
17 Sê vir Argippos: "Onthou die bediening wat jy ontvang het in ons Meester sodat jy dit sal voltooi."
18 Hierdie groete is in my eie, wat Sha'ul is, se hand. Onthou my gevangenskap. Die onverdiende guns bly by julle! Dit is waar!

Die twintigste boek van die Nuwe Verbond

Die eerste brief van Sha'ul, slaaf en afgevaardigde van Yeshua, dié Gesalfde Een, aan die gemeente in Thessalonike.

# 1 Teslunikaya

{ 1 Thessalonisense }

(Geskryf aan gemeentes wat in huise bymekaargekom het.)

Dit is bes moontlik Sha'ul se heel eerste brief aan 'n gemeente, geskryf vanaf Korinthos teen die einde van 52.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees - die taal wat Yeshua gepraat het.

1 1 Van Sha'ul, Silvanus en Timoteos aan die gemeente in Thessalonike; in eenheid met God-die-Vader en ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een: onverdiende guns vir julle en vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid.
2 Ons dank God elke keer vir julle almal en ons word konstant herinner aan julle in ons gebede.
3 Ons noem julle dade in die Teenwoordigheid van God-die-Vader: die dade van julle vertroue, die harde werk van julle liefde en die geduld van julle versekerde verwagting [1 Kor 13:13] op ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een,
4 want ons weet dat julle, my broers vir wie God lief is, gekies is
5 omdat ons verkondiging van die goeie boodskap nie alleen in woord na julle toe gekom het nie, maar ook in wonderwerkende krag, in die Gees wat Afgesonderd is en in volle oortuiging, soos wat julle weet hoeveel ons om julle ontwil gedoen het, toe ons tussen julle was.
6 Julle het ons en ons Meester nagevolg deurdat julle die boodskap, te midde van baie vervolging, ontvang het met die blydskap van die Gees wat Afgesonderd is.
7 Julle was 'n voorbeeld vir al dié wat vertrou in Makedonia en Agaia,
8 want vanuit julle is die boodskap van ons Meester gehoor, nie alleen in Makedonia en Agaia nie, maar ook op elke plek waar julle vertroue in God bekend geword het sodat ons nie nodig het om iets van julle te sê nie,
9 want hulle vertel self aangaande ons watter ontvangs ons by julle gehad het en hoe julle na God toe gedraai is, weg van die vrees van afgode af, om die lewende en ware God te dien
10 terwyl julle Sy Seun uit die hemel verwag, [Dan 7:13] Yeshua, wat Hy uit die dood uit opgewek het. Hy is die Een wat ons verlos van die toorn wat kom.

2 1 Julle weet self, my broers, dat ons koms na julle toe nie vir niks was nie,
2 maar eerstens het ons, soos julle weet, in Filippoi gely en is mishandel en toe het ons te midde van 'n groot stryd met die vrymoedigheid van ons God aan julle die goeie boodskap van dié Gesalfde Een verkondig,
3 want ons versterking en vertroosting was nie vanuit misleiding of vanuit onreinheid of in bedrog nie,
4 maar net soos toe ons deur God goedgekeur is en vertrou is met Sy goeie boodskap, so praat ons, nie om mense tevrede te stel nie, maar God, wat ons denke, wil en emosie toets,
5 want soos julle weet, praat ons ook nooit met vleitaal of met uiterlike uitbuitery nie. God is getuie.
6 Ons het ook nie eer en lof van mense gesoek, wanneer ons wel as afgevaardigdes van dié Gesalfde Een vereer kon word nie; nie van julle en ook nie van ander nie,
7 maar ons was nederig onder julle. Soos 'n moeder haar seuns versorg,
8 net so het ons na julle verlang en nie net goed gedink om met julle die goeie boodskap van God te deel nie, maar ook ons eie lewe omdat ons vir julle lief is.
9 Julle onthou, broers, dat ons gearbei het en nag en dag hard gewerk het met ons hande om nie 'n las op enige een van julle te lê nie.

10 Julle is saam met God getuies, hoe ons die goeie boodskap van God aan julle verkondig het; suiwer en regverdig, sonder fout teenoor almal wat vertrou.
11 Net soos julle weet, hoe ons by elkeen van julle, net soos ’n vader by sy seuns, gepleit het, julle verstand, wil en emosie vol gemaak het en julle versoek het
12 om, soos dit gepas is, vir God te leef; Hy wat julle na Sy Koninkryk en Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid geroep het.
13 Ook as gevolg hiervan dank ons God sonder ophou dat julle die boodskap van God, wat julle van ons af ontvang het, nie ontvang het as die boodskap van mense nie, maar, soos dit waarlik is, as die boodskap van God wat ook deur dade werk in julle wat vertrou.
14 Julle, my broers, het egter navolgers geword van die gemeentes van God wat in eenheid met Yeshua, dié Gesalfde Een, in Y’hudah is omdat julle ook dieselfde dinge gely het onder julle eie volksgenote, net soos hulle gely het onder die inwoners van Y’hudah,
15 die wat ons Meester, Yeshua en hulle eíe profete vermoor het, ons vervolg het, God nie tevrede stel nie en alle mense teëstaan,
16 want hulle verbied ons om met die ander nasies te praat sodat hulle kan lewe. Hulle sondes word op díe manier volledig gemaak, maar die toorn sal oor hulle kom tot die einde toe.
17 Ons, my broers, was ’n kort tydjie van julle af weg in persoon, nie in denke, wil en emosie nie en ons het al hoe meer moeite gedoen om julle in baie liefde te sien
18 en het begeer om na julle toe te kom. Ek Sha’ul, meer as een maal, maar die teëstander het my verhinder.
19 Wie anders as julle is ons versekerde verwagting en blydskap, of die kroon van ons lof en eer in die Teenwoordigheid van ons Meester, Yeshua, by Sy koms?
20 Julle is ons eer, lof en blydskap.

3 1 Omdat ons dit nie weerstaan het nie, het ons gekies om alleen in Athenai agter te bly
2 en ons het Timoteos, ons broer en bedienaar van God en ons medewerker in die goeie boodskap van dié Gesalfde Een, gestuur om julle te versterk en navraag te doen by julle aangaande julle vertroue
3 sodat niemand van julle versekerde verwagting mag verloor deur sulke lyding nie, want julle is bewus daarvan dat dit hiervoor is dat ons aangestel is,
4 want ook toe ons by julle was, het ons julle vooruit gesê dat ons vervolg sal word, soos julle weet dit ook gebeur het.
5 As gevolg hiervan het ek nie teruggehou om na julle te stuur en te hoor van julle vertroue nie sodat die Versoeker julle nie toets en ons harde werk waardeloos sou wees nie,
6 maar nou, sedert Timoteos van julle af by ons aangekom het en ons goeie nuus aangaande julle vertroue en liefde gegee het en dat julle altyd ’n goeie herinnering aan ons het en begeer om ons te sien, net soos ons ook vir julle,
7 is ons deur julle, broers, versterk en vertroos oor al ons teëspoed en smart as gevolg van julle vertroue,

8 want nou leef ons, as julle sal vasstaan in ons Meester,
9 want watter dank kan ons namens julle aan God betaal, vir al die blydskap waarmee ons ons verbly om julle ontwil,
10 behalwe dat ons nag en dag al hoe ernstiger voor God bid om julle gesigte te sien en te voltooi wat aan julle vertroue kortkom,
11 maar God-ons-Vader en ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een sal ons pad na julle toe rig.
12 Mag Hy julle liefde vir mekaar en vir almal vermeerder en vergroot, soos ons julle lief het
13 en mag Hy julle verstand, wil en emosie versterk om onberispelik te wees in afgesonderdheid in die Teenwoordigheid van God-ons-Vader by die koms van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, wat saam met al Sy afgesonderdes is.

4 1 My broers, ons vra daarom van julle en bid ernstig vir julle in ons Meester, Yeshua, dat julle al hoe meer mag groei, soos julle van ons ontvang het hoe julle moet leef en God tevrede stel,
2 want julle weet watter opdragte ons julle in ons Meester, Yeshua gegee het,
3 want dít is die wil van God: julle afgesonderdheid, dat julle moet wegbly van alle seksuele oortredings
4 en dat elkeen van julle sal weet hoe om sy liggaam te besit in afgesonderdheid en eer,
5 nie in hartstogtelike begeertes soos die ander nasies wat God nie ken nie.
6 Niemand moet hierin te ver gaan en sy broer bedrieg nie, omrede ons Meester die Wreker is van al hierdie dinge, net soos ons vroeër vir julle gesê en getuig het,
7 want God het julle nie tot onreinheid geroep nie, maar tot afgesonderdheid.
8 Gevolglik, wie ook al bedrieg, bedrieg nie ’n mens nie, maar vir God wat Sy Gees wat Afgesonderd is in julle gee.
9 Aangaande die liefde vir die broers het julle nie nodig dat ons vir julle skryf nie, want julle is self deur God geleer om mekaar lief te hê
10 en julle doen dit ook aan al die broers in die hele Makedonia, maar ons versoek julle, broers, om meer oorvloedig te wees.
11 Wees ywerig daarin om vredevol te wees en julle eie dinge te doen en met julle eie hande te werk, net soos ons julle beveel het
12 sodat julle ordentlik kan leef teenoor die wat buite is en nie van iemand afhanklik is nie.
13 Broers, ek wil hê dat julle moet weet dat julle nie moet rou oor die wat dood is soos die res van die mensdom wat geen versekerde verwagting het nie,
14 want as ons vertrou dat Yeshua gesterf en opgestaan het, dan net so, dat God die wat in Yeshua dood is, saam met Hom bring,
15 want dit sê ons vir julle na aanleiding van die boodskap van ons Meester, dat ons wat in die lewe oorbly wanneer ons Meester kom, die wat dood is, nie sal vóór wees nie,
16 want Hy, ons Meester, sal vanaf die hemel afkom met ’n bevel, met die stem van die hoof boodskapper en met die geklank van die trompet van God en dié wat in dié Gesalfde Een gesterf het, sal eerste opstaan

17 en dan sal ons wat nog in die lewe is, saam met hulle as een in die wolke ingedra word na ’n ontmoeting met ons Meester in die lug en op die manier sal ons vir altyd by ons Meester wees.
18 Versterk mekaar daarom met hierdie boodskap.

5 1 Aangaande die tye en seisoene, my broers, het julle nie nodig dat aan julle geskryf word nie,
2 want julle weet self goed dat die dag van יהוה kom `Amo 5:18-20; Tz’f 1:7,14 net soos ’n dief in die nag. Mar 13:35; 2 Kef 3:10; Open 3:3
3 Wanneer hulle sal sê: “Daar is vrede en stilte,” dan sal ’n onverwagte vernietiging op hulle afkom soos geboortepyne op ’n swanger vrou Yes 13:6-8 en hulle sal nie ontsnap nie,
4 maar julle, broers, is nie in die duister nie sodat dié dag julle nie soos ’n dief sou oorval nie.
5 Julle is almal seuns van die lig en seuns van die dag en julle is nie seuns van die nag en ook nie seuns van die duisternis nie.
6 Laat ons daarom nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waaksaam en nugter wees, Efe 5:14
7 want die wat slaap, slaap in die nag en die wat dronk is, is in die nag dronk,
8 maar ons wat van die seuns van die dag is, laat ons waaksaam in ons gedagtes wees; trek voortdurend die borsplaat van vertroue en liefde aan en die helm van die versekerde verwagting van lewe, Yes 59:17
9 want God het ons nie bestem tot toorn nie, maar om die lewe te verkry in ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een;
10 Hy wat in ons plek gesterf het sodat ons, of ons lewe en of ons doodgaan, in eenheid met Hom kan lewe.
11 As gevolg hiervan, versterk en vertroos mekaar en bou die een die ander op, soos julle ook doen.
12 Ons smeek julle broers, erken díe onder julle wat hard werk, julle voorgangers in ons Meester is en julle leer
13 en beskou hulle, wat onder julle werk, in groter liefde, met die hoogste agting. Leef in vrede met hulle,
14 maar ons smeek julle, broers, korrigeer dié wat verkeerd doen, moedig die wat swak van gees is aan, dra die laste van die swakkes en wees geduldig teenoor almal.
15 Pas op dat niemand aan ’n ander boosheid terugbetaal vir boosheid nie, maar jaag altyd ná wat goed is, teenoor mekaar asook teenoor almal.
16 Verbly julle altyd.
17 Bid sonder ophou. Ps 71:14
18 Gee dank in alles, want dit is die wil van God, in eenheid met Yeshua, dié Gesalfde Een, in julle.
19 Blus die Gees nie uit nie.
20 Verwerp nie profesieë nie.
21 Ondersoek alle dinge en hou vas wat uitstekend is.
22 Vlug weg van elke ding wat boos is

23 en Hy, die God van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid, sal julle almal volkome afsonder en julle volkome, (gees, verstand, wil, emosie en liggaam) geheel en al foutloos beskerm tot by die koms van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een!

24 Hy wat julle geroep het, is vertrouenswaardig; dit is Hy wat dit sal doen.

25 My broers, bid vir ons.

26 Stuur vrede vir al ons broers met ’n afgesonderde soen.

27 Ek bind julle deur ’n belofte in ons Meester dat hierdie brief aan al die afgesonderde broers gelees sal word.

28 Die onverdiende guns van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een bly by julle! Dit is waar.

Die een-en-twintigste boek van die Nuwe Verbond

Die tweede brief van Sha'ul, slaaf en afgevaardigde van Yeshua, dié Gesalfde Een, aan die gemeente in Thessalonike.

# 2 Teslunikaya

{ 2 Thessalonisense }

(Geskryf aan gemeentes wat in huise bymekaargekom het.)

Dit is kort na die eerste brief, in 52-53, vanaf Korinthos geskryf .

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees - die taal wat Yeshua gepraat het.

1 1 Van Sha'ul, Silvanus en Timoteos aan die gemeente van die Thessalonisense wat in eenheid met God-ons-Vader en ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een is:
2 onverdiende guns vir julle en vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid van God-ons-Vader en ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een!
3 Ons is dit verskuldig om God elke keer aangaande julle te dank, my broers, soos wat nodig is omdat julle vertroue al hoe meer groei en julle almal se liefde, elkeen teenoor mekaar, groter word,
4 vanweë jul vertroue en volharding, te midde van al julle vervolginge en die lyding wat julle deurgaan, waaroor ons self oor julle roem in die gemeentes van God,
5 as 'n demonstrasie van die regverdige oordeel van God: dat julle die Koninkryk van God, waarvoor julle ook ly, waardig mag wees
6 en as dit reg is in die oë van God, sal Hy dié wat julle lyding gee, met lyding beloon
7 en julle wat lyding ontvang, saam met ons, sal lewe ontvang vanuit die hemel met die leermag van Sy engele, deur die openbaarmaking van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een,
8 wanneer Hy in 'n brandende vuur, vergelding uitvoer op hulle wat nie met God 'n verbondsverhouding het nie en op hulle wat die goeie boodskap van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een nie erken het nie; [Yes 66:15; Yir 10:25; Ps 79:6]
9 hulle sal met die oordeel van 'n ewige vernietiging, weg van die gesig van die Meester en van Sy kragtige Gemanifesteerde Teenwoordigheid af, gestraf word
10 op daardie dag wanneer Hy kom om eer, lof en goedheid te ontvang van Sy afgesonderdes en Sy wonders, in hulle wat Hom vertrou, te wys, want julle het ons getuienis teenoor julle vertrou.
11 As gevolg hiervan bid ons ook elke keer vir julle dat God julle waardig mag ag aan julle roeping en dat Hy julle volledig maak in die plesier van goedheid en die dade van vertroue in wonderwerkende krag
12 sodat die Karakter en Outoriteit van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, volgens die onverdiende guns van ons God en van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, in julle vereer en geloof kan word en júlle in Hom.

2 1 Ons vra julle, my broers, aangaande die koms van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een en aangaande ons bymekaarkoms by Hom,
2 om nie gou in julle gedagtes geskud te word nie; ook nie omgekrap te word deur boodskap of gees of brief wat, asof van ons af, sou kom dat naamlik, let op, die dag van dié Gesalfde Een reeds aangebreek het nie.
3 Laat niemand julle op enige manier mislei nie omdat 'n opstand eers moet kom en die man van sonde eers openbaar moet word, die seun van vernietiging,
4 die teëstander wat homself hoër lig bo elke ding wat god genoem word of 'n voorwerp van aanbidding is, net soos hy in die tempel van God as god sal sit en voorgee dat hy God is. [Yeg 28:2; Dan 8:11,23-25]
5 Onthou julle nie dat ek hierdie dinge vir julle gesê het toe ek nog by julle was nie?
6 Nou weet julle wie beheer sodat hy op sy aangewese tyd openbaar kan word,

7 want die geheime van die wetsoortreders is alreeds aktief aan die werk, net totdat hy wat nou beheer, verwyder word
8 en dan sal die Wettelose openbaar word; hy wat met die asem van ons Meester, Yeshua se mond [Yes 11:4; Iyov 4:9; Open 19:21] vernietig sal word en deur die openbaring van Sy koms tot niet gemaak sal word.
9 Die koms van dié een is volgens die werking van die teëstander, in elke vals krag, tekens en wonderwerke
10 en met elke misleiding van boosheid in wat vernietig word, want hulle het nie die liefde vir die waarheid aanvaar waarin hulle lewe sou hê nie.
11 God het daarom vir hulle die effektiewe werking van die misleiding gestuur dat hulle die leuen sal glo. [2 Kor 4:3,4]
12 Almal wat nie vertrou het in die waarheid nie, maar boosheid gekies het, sal geoordeel word.
13 Ons is dit verskuldig om God te alle tye vir julle te dank, my broers vir wie ons Meester lief is, dat God julle van die begin af gekies het tot lewe, in die afgesonderdheid van die Gees en in vertroue van die waarheid,
14 waartoe Hy julle geroep het deur ons verkondiging van die goeie boodskap om die eer en lof van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een te wees.
15 Wees daarom standvastig, my broers en hou vas aan die opdragte wat julle geleer het òf in die boodskap òf in ’n brief van ons.
16 Mag ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een en God-ons-Vader, wat ons lief het en vir ons ’n ewige troos en versterking en ’n goeie versekerde verwagting in onverdiende guns gegee het,
17 julle verstand wil en emosie versterk en vertroos en mag Hy in elke woord en goeie daad wees!

3 1 Van nou af, broers: bid vir ons dat die boodskap van ons Meester mag voort hardloop en op elke plek vereer en geloof mag word net soos by julle
2 en dat ons gered sal word van bose en wrede mense, want nie almal vertrou nie,
3 maar יהוה is vertrouenswaardig - Hy wat julle sal beskerm en julle sal bevry van boosheid.
4 Ons vertrou op julle in ons Meester, dat julle alles gedoen het en ook sal doen dit wat ons julle beveel het.
5 Ons Meester sal julle verstand, wil en emosie lei in die verkondiging van die goeie boodskap van dié Gesalfde Een tot binne-in die liefde van God in!
6 Ons beveel julle, my broers, in die Karakter en Outoriteit van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, dat julle jul afskei van elke broer wat sleg en boos leef en nie volgens die opdragte wat hulle van ons ontvang het nie,
7 want julle weet self dat dit reg is om ons na te volg, want ons het nie sleg en boos onder julle geleef nie;
8 ons het ook nie brood by iemand verniet geëet nie, maar ons het met harde werk en inspanning nag en dag gewerk om niemand van julle tot las te wees nie.
9 Nie dat ons nie die outoriteit het nie, maar om deur ons lewe vir julle ’n voorbeeld voor te hou sodat julle ons kan navolg,

10 want ook toe ons by julle was, het ons julle dit beveel: as iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie,
11 want ons hoor dat sommige onder julle sleg en boos leef, dat hulle geen werk doen nie, net mooi niks nie!
12 Aan sulke mense beveel en versoek ons deur ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, om stil te werk en hulle eie brood te eet,
13 maar julle, my broers, moenie moeg word om wat uitstekend is te doen nie.
14 As iemand nie gehoorsaam is aan ons boodskap in hierdie brief nie, skei hom van julle af en hou geen gemeenskap met hom nie sodat hy skaam kan word
15 en beskou hom nie as ’n vyand nie, maar waarsku hom as ’n broer.
16 Hy, die Meester van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid gee altyd vir julle elkeen vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid! Ons Meester is in alles by julle almal! [Yog 14:27]
17 Groete, met my eie hand wat ’n teken is in elke brief: van Sha’ul. Dit is hoe ek skryf.
18 Die onverdiende guns van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een bly by julle almal, my broers! Dit is waar.

Die twee-en-twintigste boek van die Nuwe Verbond

Die eerste brief van Sha'ul, slaaf en afgevaardigde van Yeshua, dié Gesalfde Een, aan Timoteos.

# 1 Timoteos

{1 Timotheüs}

( Geskryf aan 'n geestelike seun van Sha'ul en 'n jong gemeenteleier.)

Dit is in 66-67 vanaf Makedonia geskryf.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees -
die taal wat Yeshua gepraat het.

1 1 Sha'ul, 'n afgevaardigde van Yeshua, dié Gesalfde Een, volgens die opdrag van God, ons Lewegewer en dié van dié Gesalfde Een, ons Meester, Yeshua, ons Versekerde Verwagting;
2 aan Timoteos, 'n seun in ware vertroue: onverdiende guns, omgee, vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vanaf God-ons-Vader en dié Gesalfde Een, Yeshua, ons Meester!
3 Soos ek jou gevra het toe ek na Makedonia op pad was, moet jy in Efesos wag om sekere persone te beveel dat hulle nie 'n ander leer moet leer nie
4 en nie moet toegee aan fabels en aan eindelose verslae van geslagsregisters, wat net al hoe meer stryd produseer en nie opbouing in die vertroue tot God nie.
5 Die einddoel van die opdragte is liefde wat uit 'n rein verstand, wil en emosie, 'n goeie gewete en ware vertroue kom.
6 Sommige van hulle het afgedwaal van hierdie dinge af en na leë woorde toe weggedraai.
7 Daarin wil hulle leraars van die geskrewe wet wees terwyl hulle niks verstaan wat hulle sê, of die dinge waaroor hulle praat, nie.
8 Ons weet dat die geskrewe wet goed is [Yes 42:21; Ps 19:8,9; Rom 7:12,16] as iemand toelaat om volgens die geskrewe wet gelei te word
9 en terwyl hy weet dat die geskrewe wet nie aangestel is vir die onskuldige nie, maar vir die wettelose, vir die rebelse, vir die slegte, vir die sondaars, vir die wrede mense, vir dié wat nie rein is nie, vir die wat hulle vaders en hulle moeders slaan, vir moordenaars,
10 vir seksuele oortreders, vir mans wat by mans lê, [Lev 18:22,23; 20:13; Rom 1:26; 1 Kor 6:9] vir diewe van seuns wat vry is, vir leuenaars, vir hulle wat 'n eed verbreek en vir enige een wat die gesonde leer
11 van die goeie boodskap van die eer, lof en aanbidding tot die geseënde God, waarmee ek toevertrou is, teëstaan.
12 Ek dank Hom wat my in staat gestel het, ons Meester Yeshua, dié Gesalfde Een, wat my vertrouenswaardig geag en in Sy bediening aangestel het;
13 vir my wat vroeër 'n kwaadprater, 'n vervolger en 'n belediger was, maar ek het omgee ontvang omdat ek in ongeloof nie verstaan het wat ek doen nie,
14 maar in my was die onverdiende guns van ons Meester oorvloedig saam met vertroue en liefde wat in Yeshua, dié Gesalfde Een, is.
15 Dit is 'n vertrouenswaardige boodskap en waardig om aanvaar te word, dat Yeshua, dié Gesalfde Een, na die wêreld gekom het om sondaars te red, van wie ek die voorste is,
16 maar daarom is aan my omgee bewys sodat Yeshua, dié Gesalfde Een, eerstens in my al die langdurige geduld van Sy Gees sou wys, as voorbeeld vir hulle wat in Hom sal vertrou tot die ewige lewe. [Yog 16:13]
17 Aan die Koning van die uitspansel, aan Hom wat onvernietigbaar is en nie gesien word nie, Wat een God is, kom toe die waardigheid, die eer, lof en aanbidding vir tydlose ewigheid. Dit is waar!

18 Hierdie mandaat gee ek aan jou, my seun Timoteos, volgens die profesieë wat vroeër aangaande jou gebring is sodat jy daardeur die goeie geveg
19 met vertroue en ’n goeie gewete kan baklei. Hulle wat hierdie verwerp het, is leeg gemaak van vertroue,
20 soos Humenaios en Alexandros, wat ek aan die teëstander oorgegee het sodat hulle gedissiplineer kan word om nie kwaad te praat nie.

2 1 Ek vra daarom eerste van alles dat versoeke, gebede, intredes en dankgebede gedoen moet word vir alle mense;
2 vir konings en heersers sodat ons ’n stil en rustige lewe kan leef, in alle eerbied en respek tot God, in reinheid, [Yir 29:7; Mat 22:19-21; 1 Kef 2:13; Rom 13:1-6]
3 want dit is goed en aanvaarbaar voor God, ons Lewegewer,
4 wat wil hê dat alle mense lewe sal hê [Yeg 18:23] en sal terugkeer na die kennis van die waarheid,
5 want God is een [Deut 6:4] en die Middelaar tussen God en die mense, die Mens, Yeshua, dié Gesalfde Een, is een. [Mat 2:22]
6 Hy wat Homself gegee het as ’n Losprys vir elke persoon; ’n Getuienis wat op die bepaalde tyd gekom het,
7 waarvan ek aangestel is as verkondiger en afgevaardigde; ek praat die waarheid, ek lieg nie, dat ek die leermeester van die ander nasies in vertroue van die waarheid is.
8 Ek wil daarom hê dat die mans op elke plek moet bid en afgesonderde, rein hande oplig sonder woede en komplotte. [Yes 1:15]
9 So ook moet die vroue hulleself versier met fatsoenlike, kuis klere. In skugterheid en fatsoenlikheid sal hulle versiering wees, nie in vlegsels of goud of pêrels of in mooi klere nie,
10 maar in goeie dade, soos dit by vroue pas wat bely om God te aanbid.
11 Laat ’n vrou in stilte leer in alle gehoorsaamheid,
12 want ek laat die vrou nie toe om lering te gee [Open 2:20] óf oor die man outoriteit te neem nie, maar sy moet stil wees,
13 want Adam is eerste gevorm, daarna Havah
14 en Adam is nie mislei nie, maar die vrou is mislei en het die opdrag oortree,
15 maar sy lewe deur haar kinders, as hulle voortgaan in vertroue, liefde, afgesonderdheid en fatsoenlikheid.

3 1 Dit is ’n vertrouenswaardige boodskap: as iemand na gemeenteleierskap (as oudste) verlang, begeer hy ’n goeie werk.
2 ’n Oudste moet: onberispelik wees, die man van een vrou, van waaksame verstand, nugter, met goeie optrede, gasvry, ’n leermeester;
3 nie oortree aangaande wyn nie, nie vinnig om te slaan nie, maar sag; nie twissoekerig of lief vir geld nie;
4 wat sy eie huis goed regeer en sy seuns in gehoorsaamheid hou in alle reinheid,
5 want as iemand nie weet hoe om sy eie huis te regeer nie, hoe kan hy die gemeente van God lei?

6 Hy moet ook nie ’n nuwe studentevolgeling wees nie sodat hy nie trots word en in dieselfde oordeel as die teëstander val nie, [Deut 17:20; Yes 14:13-14; Yeg 28:1-19]
7 maar hy moet ook ’n goeie getuienis hê vanaf buitestaanders sodat hy nie in skande en in die strik van die teëstander val nie.
8 Net so moet die wat bedien, rein wees, nie uit twee monde praat nie, nie geneig wees na baie wyn nie, nie onrein rykdom liefhê nie,
9 maar wat die geheim van die vertroue in ’n skoon gewete vashou.
10 Hulle moet ook eers getoets word; dan, as hulle onberispelik is, laat hulle bedien.
11 Net so moet die vroue fatsoenlik wees, waaksaam in hulle gedagtes, vertrouenswaardig in alles en nie lasteraars (skinderaars) wees nie.
12 Die bedienaars moet mans van een vrou wees en hulle seuns en eie huis goed regeer, [Tit 1:6-9]
13 want die wat aanhou om goed te bedien, koop vir hulleself ’n eervolle plek en baie vrymoedigheid in die vertroue van Yeshua, dié Gesalfde Een.
14 Ek skryf vir jou hierdie dinge in die verwagting om gou na jou toe te kom,
15 maar as ek vertraag word, dat jy kan weet hoe iemand moet leef in die huishouding van God, wat die gemeente is van die lewende God; die pilaar en fondasie van die waarheid.
16 Waarlik groot is hierdie Geheimenis van onpartydige opregtheid, wat openbaar is in die vlees, onskuldig verklaar is in die Gees, verskyn het aan engele, verkondig is onder die nasies, vertrou is in die wêreld en Hy het opgegaan in eer, lof en grootheid.

4 1 Die Gees sê duidelik dat hulle in die laaste dae een vir een die vertroue sal verlaat en na misleidende geeste en leringe van demone sal luister;
2 dié wat in valse vorm mislei, leuens vertel en hulle gewete skroei.
3 Hulle verbied om te trou en ónthou hulle van kos wat God geskep het om met dankbaarheid gebruik te word deur dié wat vertrou en die waarheid ken,
4 want elke ding wat deur God geskep is, is goed en niks is verwerplik as dit met dankbaarheid ontvang word nie,
5 want dit word afgesonder deur die boodskap van God en gebed.
6 As jy hierdie dinge aan die broers voorhou, sal jy ’n goeie bedienaar van Yeshua, dié Gesalfde Een wees, soos jy grootgemaak is met boodskappe van vertroue en met goeie leringe wat aan jou geleer is.
7 Bly weg van ouvroustories en oefen jouself in onpartydige opregtheid,
8 want liggaamlike oefening is vir nou ’n bietjie voordelig, maar onpartydige opregtheid is voordelig vir alles en dit het ’n belofte van lewe, vir nou en vir die tyd wat kom.
9 Dit is ’n vertrouenswaardige boodskap en waardig om aanvaar te word.
10 As gevolg hiervan werk ons ook hard en word ons verwyt omdat ons ’n versekerde verwagting het op die lewende God wat die Lewegewer is van alle mense, spesifiek van dié wat vertrou.
11 Beveel en leer hierdie dinge.

12 Laat niemand jou jonkheid verag nie, maar wees 'n voorbeeld vir die wat vertrou: in boodskap, in optrede, in liefde, in vertroue en in reinheid.
13 Totdat ek kom, wees ywerig in lees, in gebed en in lering.
14 Verwaarloos nie die gawe, deur profesie en die handoplegging van die oudstes aan jou gegee, wat in jou is nie.
15 Oordink hierdie dinge, leef in hierdie dinge sodat jy aan almal, voor wie jy kom, bekend kan wees.
16 Gee aandag aan jouself en jou leer en volhard daarin, want deur dit te doen, sal jy en dié wat jou hoor, lewe.

5 1 'n Ouer man moet jy nie bestraf nie, [Lev 19:32] maar versoek hom soos 'n vader, die wat jonk is, soos jou broers,
2 ouer vroue, soos moeders en die wat jonger is, soos jou susters in alle reinheid.
3 Eer die weduwees wat werklik weduwees is
4 en as 'n weduwee seuns of kleinseuns het, moet hulle verstaan dat hulle eerste teenoor hulle eie huis verantwoordelik moet wees en dat hulle aan hulle ouers moet betaal, want dit is aanvaarbaar in die Teenwoordigheid van God.
5 Die werklike weduwee wat alleen gelaat is, se verwagting is van God en volhard in gebede en versoeke, nag en dag. [Yir 49:11]
6 Sy wat die arena aanbid (oorgegee is aan plesier), is dood terwyl sy lewe.
7 Beveel hierdie dinge aan hulle sodat hulle onberispelik kan wees,
8 maar iemand, veral iemand wat deel is van dié wat vertrou, wat nie vir sy eie huisgenote sorg nie, het die vertroue verwerp en is slegter as 'n ongelowige.
9 'n Weduwee van nie minder as sestig jaar oud nie, word gekies, wat die vrou van een man was
10 en getuienis het van goeie dade, as sy haar seuns grootgemaak het, gasvry was, die afgesonderdes versorg het, dié met moeilikheid gehelp en in elke goeie daad geleef het,
11 maar jy moet die jong weduwees wegwys, want hulle skei af van dié Gesalfde Een en begeer om te trou.
12 Hulle oordeel is vas omdat hulle hul eerste vertroue verwerp het,
13 maar hulle leer ook ledigheid deur van huis tot huis rond te gaan en nie alleen luiheid nie, maar ook vermeerderde pratery en die bespreking van nietighede en praatjies wat nie toepaslik is nie;
14 daarom wil ek hê dat die jong weduwees moet trou, seuns kry, hulle huise administreer en die teëstanders geen geleentheid gee om kwaad te praat nie,
15 want tot nou toe het hulle alreeds een vir een afgedraai agter die teëstander aan.
16 As 'n man of vrou wat vertrou, se familie weduwees het, moet dié hulle help en laat die gemeente nie belas word nie sodat hulle genoeg het om die wat waarlik weduwees is, te help.
17 Oudstes wat goed regeer, verdien dubbele eer, veral die wat hard werk in die boodskap en in lering,
18 want die Skrif sê: "Jy mag 'n os wat graan dors, nie muilband nie" [Deut 25:4] en: "Die werker verdien sy beloning." [Luk 10:7; 1 Kor 9:9; Gal 6:6]

19 Moenie ’n klagte teen ’n oudste aanvaar nie, behalwe op die getuienis van twee of drie. Deut 17:6; Deut 19:15
20 Bestraf die wat sondig voor almal sodat die ander ook kan vrees.
21 Ek getuig tot jou voor God en ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een en Sy gekose boodskappers, dat jy hierdie dinge gehoorsaam en laat jou gedagtes in niks bevooroordeeld wees nie en doen niks uit aanvaarding van mense nie.
22 Moenie haastig iemand die hande oplê nie en moet ook nie deel in die sondes van vreemdelinge nie. Hou jouself rein.
23 Moet van nou af aan nie langer water alleen drink nie, maar gebruik ’n bietjie wyn ter wille van jou maag en jou kroniese siekte.
24 Die sondes van sommige mense is baie duidelik en gaan voor hulle uit na die oordeel, maar die van ander volg eers agterna.
25 Net so ook is die goeie werke baie duidelik en selfs die wat nie is nie, kan nie ’n geheim bly nie.

6 1 Almal wat slawe is onder ’n juk, moet hulle eie meesters in alle eer hou sodat die Karakter en Outoriteit van God en die leer nie kwaad van gepraat word nie,
2 maar die wat meesters het wat vertrou, moet hulle nie verag omdat hulle broers is nie, maar moet hulle eerder dien omdat hulle vertrou en die wat hulle verfris deur hulle diens, geliefdes is. Leer en versoek hierdie dinge van hulle.
3 As daar enige persoon is wat iets anders leer en nie saamstem met die gesonde boodskap van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een en die leer aangaande die respekvolle vrees van God nie,
4 is hy trots en verstaan niks nie, maar is oneffektief in verskille en debatte waaruit jaloesie, twis, kwaadpraat en versterking van ’n bose verstand
5 en ellende van mense, wie se verstand korrup en van die waarheid beroof is en dink dat geldmaak aanbidding tot God is, kom; bly weg van hierdie dinge.
6 Ons voordeel uit die aanbidding van God is groot in dit wat nodig is, want ons het genoeg,
7 want ons het niks in die wêreld ingebring nie en ons weet dat ons ook niks daaruit kan uit vat nie; Ps 49:17-18; Iyov 1:21
8 daarom is kos en klere vir ons genoeg, Spr 30:8
9 maar die wat begeer om ryk te wees, word oorweldig deur versoekings en toetsinge en dwase en bose begeertes en Spr 23:4 mense sink weg in korrupsie en in vernietiging,
10 want die wortel van al hierdie booshede is die liefde vir geld. Daar is sommige wat dit begeer het, van die vertroue afgedwaal het en vir hulleself baie smarte gebring het, Mat 6:24
11 maar jy, o man van God, ontsnap vanuit hierdie dinge en hardloop na onpartydige opregtheid, na regverdigheid, na vertroue, na liefde, na volhardende geduld en na nederige sagtheid.
12 Veg in die goeie geveg van vertroue en gryp na die ewige lewe; die dinge waartoe jy ook geroep is en ’n goeie goeie belydenis wat jy verklaar het voor baie getuies.
13 Ek getuig teenoor jou voor God, wat aan alle dinge lewe gee en voor Yeshua, dié Gesalfde Een, wat voor Pontios Pilatos die goeie getuienis getuig het,

14 dat jy die opdragte onbevlek en onberispelik uitvoer tot by die openbaring van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een;
15 Hy wat op Sy eie bepaalde tyd deur God openbaar sal word: die Geseënde Een, die Magtige Een, die Enigste Een, die Koning van die konings en die Meester van krag, [Deut 10:17]
16 Hy wat alleen onsterflik is en in ’n ontoeganklike lig bly, wat geen mens gesien het of kan sien nie; [Eks 33:18-23] Hom aan Wie eer en outoriteit vir ’n tydlose ewigheid behoort. Dit is waar!
17 Beveel die wat in dié wêreld ryk is om nie trots te wees nie en om ook nie hulle vertroue te plaas op die onsekerheid van rykdom nie, maar op die lewende God wat aan ons alles ryklik gee vir ons vertroosting en versterking
18 en hulle moet goeie dade doen en ryk wees in goeie dade, gereed wees om te gee en te deel
19 en hulle sal vir hulleself ’n goeie fondasie lê vir die toekoms sodat hulle die ware lewe mag aangryp.
20 O! Timoteos, bewaar wat aan jou toevertrou is en ontvlug van die dogters met die leë stemme (onafgesonderde en nuttelose gepraat) en van die verdraaiings van valse kennis,
21 want die wat dit verkondig het, het self van die vertroue af weggedwaal. Onverdiende guns bly by jou!

Dit is waar!

Die drie-en-twintigste boek van die Nuwe Verbond

Die tweede brief van Sha'ul, slaaf en afgevaardigde van Yeshua, dié Gesalfde Een, aan Timoteos.

# 2 Timoteos

{2 Timotheüs}

( Geskryf aan 'n geestelike seun van Sha'ul en 'n jong gemeenteleier.)

Dit is tydens Sha'ul se gevangenskap in 68 vanaf Rome geskryf en afgelewer deur Tigikos.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees -
die taal wat Yeshua gepraat het.

1 1 Sha'ul, 'n afgevaardigde van Yeshua, dié Gesalfde Een, deur die wil van God en
deur die belofte van Lewe, wat in Yeshua, dié Gesalfde Een, is. Yog 10:9,10; 11:25,26; 2 Tim 1:9,10
2 Aan Timoteos, my seun, vir wie ek lief is: onverdiende guns, liefde, vrede, vreugde,
gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vanaf God-die-Vader en vanaf ons
Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een!
3 Ek dank God, wat ek van my voorouers af in 'n skoon gewete aanbid. Nag en dag
onthou ek jou, onophoudelik, in my gebede
4 en ek begeer om jou te sien as ek aan jou trane dink sodat ek vol blydskap kan
wees.
5 Ek word herinner aan die opregte vertroue wat in jou is, wat eers in jou ouma Loïs
en in jou moeder Eunike was en wat ek oortuig is, ook in jou is.
6 Om hierdie rede herinner ek jou daaraan om die gawe van God op te wek wat, deur
die oplegging van hande, in jou is,
7 want God het ons nie 'n Gees van vrees gegee nie, maar van krag, liefde en
dissipline.
8 Skaam jou daarom nie oor die getuienis van ons Meester en ook nie oor my, sy gevangene
nie, maar raak slaags met die bose, deur die krag van God; Yir 1:17; Ya'a 4:7; Efe 6:10
9 Hy wat vir ons Lewe gegee het en ons geroep het met 'n afgesonderde roeping, (nie
volgens ons dade nie, maar volgens Sy wil en die onverdiende guns wat van voor
die tyd van die wêreld af, in eenheid met Yeshua, dié Gesalfde Een, aan ons gegee
is Yog 10:9,10; 11:25,26; 2 Tim 1:1,10
10 en wat nou openbaar is deur die openbaring van ons Lewegewer, Yeshua, dié Gesalfde
Een, wat die dood waardeloos gemaak het en die Lewe en die onvernietigbaarheid
gewys het deur die goeie boodskap;) Yog 10:9,10; 11:25,26; 2 Tim 1:1,9
11 Hy deur Wie ek aangestel is as verkondiger, afgevaardigde en leermeester van die
ander nasies.
12 Om hierdie rede verduur ek ook hierdie dinge en skaam ek my nie, want ek weet
in Wie ek vertrou en ek is oortuig dat Hy in staat is om my vertroue te bewaar tot
daardie dag toe.
13 Hou, as bloudruk van opregte boodskappe, dié wat jy van my gehoor het in die
vertroue en liefde wat in dié Gesalfde Een, Yeshua is.
14 Behou jou goeie vertroue deur die Gees wat Afgesonderd is, wat in ons woon.
15 Jy weet dat, almal wat in Asië is, hulle van my af weggedraai het, onder wie
Foegellos en Hermogenes.
16 Mag die Meester Sy omgee wys vir die huis van Onesiforos, want hy het my
gereeld verkwik en hom nie oor my kettings geskaam nie,
17 maar ook toe hy na Rome gekom het, het hy my baie ywerig gesoek en gevind.
18 Mag ons Meester vir hom gee dat hy omgee sal vind by ons Meester in dié dag! Jy
weet spesifiek ook hoeveel hy my bedien het in Efesos.

2 1 Jy, daarom, my seun, word versterk in die onverdiende guns wat in Yeshua, dié
Gesalfde Een is
2 en die dinge wat jy van my gehoor het voor baie getuies, die dinge het ek ook aan
vertrouenswaardige manne toevertrou om ook ander te leer.
3 Verduur booshede soos ’n goeie soldaat van Yeshua, dié Gesalfde Een.
4 Niemand wat ’n soldaat is, is ook betrokke in die sake van die wêreld nie, om só die
een tevrede te stel wat hom gekies het.
5 As iemand meeding, word hy nie bekroon as hy nie volgens die reëls meegeding
het nie.
6 Dit is gepas dat die boer wat hard werk, eerste deur sy vrugte gevoed word.
7 Deurdink wat ek vir jou sê. Mag ons Meester vir jou insig gee in alle dinge!
8 Onthou Yeshua, dié Gesalfde Een, wat uit die dood uit opgestaan het; Hy wat uit die
saad van Dawid is, volgens my goeie boodskap,
9 vir Wie ek booshede ervaar tot die punt van boeie soos ’n boosdoener, maar die
boodskap van God is nie geketting nie.
10 As gevolg hiervan verdra ek alles ter wille van die wat gekies is sodat hulle
ook die lewe wat in Yeshua, dié Gesalfde Een is, kan vind saam met die ewige
Gemanifesteerde Teenwoordigheid.
11 Dit is ’n betroubare boodskap, want as ons saam met Hom gesterf het, sal ons ook
saam met Hom lewe
12 en as ons volhardend ly, sal ons saam met Hom regeer, maar as ons Hom ontken,
sal Hy ons ook ontken [Yir 1:17b]
13 en as ons nie in Hom vertrou het nie, Hy bly vertrouenswaardig, want Hy kan
Homself nie ontken nie.
14 Herinner hulle aan hierdie dinge en beveel hulle voor ons Meester dat hulle geen
stryd oor woorde moet hê, wat geen voordeel inhou, tot die omverwerping van dié
wat dit hoor nie.
15 Let op jouself, dat jy jouself volmaak voor God aanbied, as ’n werker wat hom nie
hoef te skaam nie, wat die boodskap van die waarheid reguit verkondig
16 en leë, vrugtelose praatjies vermy, want hulle sal al meer by hulle boosheid byvoeg,
húlle wat daarin praat
17 en hulle boodskap sal baie aangryp soos ’n verterende kanker. Een van hulle is
Hoemenaios en ’n ander, Filetos,
18 hulle wat van die waarheid af weggedraai het en sê dat die opstanding uit die dood
reeds plaasgevind het en hulle gooi die vertroue van sommige omver.
19 Die fondasie van God staan vas en hierdie is die seël: [Num 16:5; Nag 1:7] “יהוה ken dié wat
Syne is;” en: “Laat elkeen wat hom beroep op die Karakter en Outoriteit (Naam)
van יהוה, homself afsonder van boosheid.” [Num 16:26]
20 In ’n groot huis is daar nie slegs artikels van goud en silwer nie, maar ook van hout
en klei; sommige tot eer, maar ander tot oneer;
21 daarom, as iemand hom daarvan sal reinig, sal hy ’n artikel tot eer wees, geskik vir
gebruik deur sy Meester en gereed vir elke goeie daad.

22 Vlug weg van al die begeertes van die jeug, hardloop na onpartydige opregtheid, vertroue, liefde, vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid, saam met die wat hulle beroep op ons Meester met ’n suiwer verstand, wil en emosie.
23 Bly weg van die woordestryd van dwase wat nie leiding het nie omdat jy weet dat dit ’n stryd veroorsaak,
24 maar ’n slaaf van ons Meester behoort nie te baklei nie, maar behoort nederig te wees teenoor almal, lerend en met langdurige geduld
25 sodat hy die wat teen hom stry in nederigheid kan leer sodat wanneer God hulle dalk sal gee om weg te draai van hulle sonde, hulle die waarheid sal ken
26 en hulle tot hul sinne sal kom en losbreek van die strik van die teëstander waardeur hulle gevang was om sy wil te doen. [Yir 31:11; 32:33,34]

3 1 Jy moet dít weet, dat daar in die laaste dae harde tye sal kom.
2 Die mense sal lief wees vir hulleself en lief wees vir geld, grootpraters, trotsaards, kwaadpraters teen God, nie lojaal aan hulle eie mense nie, verwerpers van die onverdiende guns, boosaards,
3 lasteraars (skinderaars), gevangenes van begeertes, wreedaards, haters van die goeie,
4 verraaiers, impulsief, arrogant, wat begeertes liewer het as die liefde van God.
5 Hulle het ’n vorm van respek vir God, maar is ver verwyderd van Sy krag. Verwyder sulke mense van jou af,
6 want vanuit hulle is sommige wat van huis tot huis sluip en vroue wat begrawe is onder sondes en deur allerhande begeertes gelei word, gevange neem;
7 wat altyd leer en nooit tot die kennis van die waarheid kan kom nie.
8 Net soos Yannes en Yambres teen Mosheh opgestaan het, so staan ook hierdie mense teen die waarheid op, mense wat hulle verstand korrup maak en uit die vertroue verwerp word.
9 Hulle sal nie vooruitgaan nie, want hulle gekheid is aan elke mens bekend, net soos ook hulle s’n bekend was. [Yir 15:6]
10 Jy het my lering nagevolg, my gewoontes, my liefde, my volharding, my begeertes, my vertroue, my aanhoudende geduld,
11 my vervolginge en my lyding en jy ken die dinge wat ek deurstaan het in Antiogeia, in Ikonion en in Lustra; watter vervolginge ek ook al verdra het en my Meester het my uit almal gered.
12 Almal wat kies om in die aanbidding van God, in eenheid met Yeshua, dié Gesalfde Een te leef, word vervolg,
13 maar bose mense en verleiers sal byvoeg by hulle boosheid, soos hulle afdwaal en mislei. [Open 22:11]
14 Bly jy egter in daardie dinge wat jy geleer het en waarvan jy seker is omdat jy weet van wie jy geleer het
15 en omdat jy van kindsbeen af die afgesonderde Geskrifte geleer is wat jou wys kan maak tot die Lewe in die vertroue van Yeshua, dié Gesalfde Een.
16 Elke geskrif wat deur die Gees geskryf is, is voordelig vir lering, vir korreksie, vir rigting en vir ’n kursus in onpartydige opregtheid
17 sodat die man van God volmaak kan wees, [Mat 5:48; Heb 13:21] volmaak gemaak vir elke goeie daad.

4 1 Ek beveel jou, voor God en ons Meester Yeshua, dié Gesalfde Een; Hy wat die lewende en dié wat dood is, gaan oordeel by die openbaring van Sy Koninkryk:
2 verkondig die boodskap; staan ywerig daarop, tydig en ontydig; berispe, spreek aan met baie aanhoudende geduld en lering, [Deut 6:7]
3 want daar kom 'n tyd dat hulle die ware leer nie sal gehoorsaam nie, maar leermeesters bymekaarmaak volgens hulle eie begeertes, wat hulle gehoor kan streel
4 en hulle sal hulle ore van die waarheid af wegdraai en na fabels toe draai.
5 Jy egter, wees waaksaam in alles. Verdra booshede; doen die werk van 'n verkondiger van die goeie boodskap en vervul jou bediening,
6 want ek word daarom as 'n offer geoffer en die tyd van bevryding het aangebreek. [Rom 12:1]
7 Ek het die goeie geveg baklei, my resies voltooi en my vertroue behou. [Yog 17:4]
8 Van nou af is daar vir my opsy gesit die kroon van onpartydige opregtheid waarmee my Meester my sal beloon op die dag wat Hy die regverdige sal beoordeel en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat Sy openbaring liefgehad het.
9 Doen moeite om gou na my toe te kom,
10 want Demas het my verlaat, uit liefde vir die huidige wêreld en het weggegaan na Thessalonike; Kreskes na Galatia en Titus na Dalmatia.
11 Slegs Luka is by my. Vat vir Markos en bring hom saam met jou, want hy is vir my geskik vir die bediening.
12 Tugikos het ek na Efesos gestuur.
13 As jy kom, moet jy die boektas bring wat ek by Karpos in Troas gelos het en die boekrolle, veral dié rolle van perkament.
14 Alexander, die kopersmid, het my groot boosheid aangedoen. Mag ons Meester hom beloon volgens sy dade!
15 Wees jy ook versigtig vir hom, want hy is baie arrogant teenoor ons boodskappe.
16 By my eerste verdediging het niemand my ondersteun nie, maar almal het my verlaat. Mag dit nie teen hulle bereken word nie!
17 My Meester het my egter ondersteun en my in staat gestel sodat deur my die verkondiging heeltemal voltooi kan word en al die ander nasies kan hoor dat ek uit die bek van die leeu bevry is
18 en my Meester sal my bevry van elke bose daad en sal aan my Lewe gee in Sy Koninkryk, wat in die hemel is, want tot Hom is die eer, lof en grootheid vir tydlose ewigheid! Dit is waar.
19 Stuur vrede vir Priskilla en Akulas en die huis van Onesiforos.
20 Erastos het in Korinthos gebly. Trofimos het ek siek in Miletos gelos.
21 Doen moeite om voor die winter te kom. Eubulos, Pudes, Linos, Klaudia en al die broers stuur vrede vir jou.
22 Ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, is met jou gees! Onverdiende guns bly by jou! Dit is waar.

Die vier-en-twintigste boek van die Nuwe Verbond

Die brief van Sha'ul, slaaf en afgevaardigde van Yeshua, dié Gesalfde Een, aan Titus.

# Titus

{ Titus }

( Geskryf aan 'n geestelike seun van Sha'ul.)

Dit is in 66 of 67 geskryf vanaf Makedonia.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees -
die taal wat Yeshua gepraat het.

1 1 Sha'ul, 'n slaaf van God en 'n afgevaardigde van Yeshua, dié Gesalfde Een, in die vertroue van die wat gekies is deur God en van kennis van die waarheid wat in respekvolle eerbied tot God is,
2 in die versekerde verwagting van die ewige lewe wat die Ware God voor die tyd aan die wêreld beloof het.
3 Hy het op Sy tyd Sy boodskap bekend gemaak deur die verkondiging, wat aan my toevertrou is, deur die opdrag van God, ons Lewegewer.
4 Aan Titus, my ware seun, volgens die innerlike vertroue: onverdiende guns en vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid van God-die-Vader en ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, ons Lewegewer!
5 Om hierdie rede het ek jou in Krete agtergelaat sodat jy sou regmaak wat kortgekom het en oudstes van stad tot stad sou aanstel soos ek jou beveel het:
6 iemand wat onberispelik is, die man van een vrou is en wat seuns het wat vertrou, wat nie beledigend is nie en nie sonder om hulle te onderwerp, immoreel leef nie,
7 want 'n oudste moet, as iemand oor die huis van God aangestel, onberispelik wees, ook nie beheer word deur sy eie denke nie, ook nie 'n slegte humeur hê nie, ook nie 'n oortreder aangaande wyn wees nie, ook nie 'n vinnige hand hê om te slaan nie, ook nie onrein rykdom liefhê nie.
8 Daarteenoor moet hy lief wees vir vreemdelinge, lief wees vir die goeie, hy moet beskeie wees, regverdig, afgesonderd, homself weghou van begeertes,
9 die lering van die boodskap van vertroue moet vir hom belangrik wees sodat hy in staat kan wees om met die gesonde leer te versterk en te vertroos, sowel as om dié wat twissoekkerig is te berispe, [Efe 5:6-11]
10 want daar is baie wat nie gehoorsaam is nie; hulle woorde is leeg en hulle mislei die gedagtes van mense, veral dié wat vanuit die besnydenisleer is.
11 Hulle mond moet gestop word, want hulle vernietig baie huishoudings en leer wat nie reg is nie, ter wille van vuil wins.
12 Een vanuit hulle, hul eie profeet, het gesê: "Die inwoners van Krete is altyd leuenaars, bose wildediere, seunlose baarmoeders."
13 Hierdie getuienis wat hy gebring het, is waar; daarom moet jy hulle skerp aanspreek sodat hulle gesond kan wees in vertroue
14 en hulle nie oorgee aan Joodse fabels en opdragte van mense wat die waarheid haat nie. [Mat 15:9; Mar 7:7,8]
15 Alles is rein vir die wat rein is; vir die besoedeldes en ongelowiges is daar niks rein nie; selfs hulle denke en hulle gewete is besoedel.
16 Hulle verklaar dat hulle God ken, maar hulle verwerp Hom deur hulle dade en hulle is vyande, sonder gehoorsaamheid [Mar 7:6-8; Yog 12:48; Rom 8:7,8] en is verwerp vir elke goeie werk.

2 1 Sê jy egter dít wat by die regte leer pas.
2 Leer dat die ou manne waaksaam moet wees in hulle gedagtes, beskeie, rein, suiwer in vertroue, in liefde en in geduld.
3 Op dieselfde manier moet die ouer vroue in hulle optrede wees soos dit aanbidding tot God pas en nie lasteraars (skinderaars) wees of afhanklik van baie wyn nie, maar leraars van wat uitstekend is
4 sodat hulle die jong vroue kan dissiplineer om hulle mans en seuns lief te hê,
5 kuis te wees, afgesonderd, om goed vir hulle huishoudings te sorg en hulle eie mans te gehoorsaam sodat daar nie kwaad gepraat word teen die boodskap van God nie.
6 Doen ’n beroep op die jong manne om net so ernstig te wees.
7 Wys jouself in alles as ’n bloudruk vir goeie dade en in leringe. [Efe 2:10] Laat jou spraak opbouend wees,
8 wat ernstig is, nie korrup nie en laat geen mens dit minag nie sodat ons teëstanders beskaam kan word omdat hulle niks ongunstig kan hê om teen ons te sê nie.
9 Slawe moet gehoorsaam wees aan hulle eie meesters en hulle in alles tevrede stel en nie teëpraat nie;
10 hulle moet ook niks steel nie, maar in alles hulle goeie lojaliteit wys, om die leringe van God, ons Lewegewer, in alles ten toon te stel,
11 want die lewegewende onverdiende guns van God, is aan alle mense [Rom 1:18-20] openbaar
12 en dit lei ons om boosheid en wêreldse begeertes te verwerp en in reinheid, onpartydige opregtheid en in die aanbidding van God in hierdie wêreld te leef
13 terwyl ons uitkyk vir die geseënde, versekerde verwagting en die openbaring van die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van die grote God en van ons Lewegewer, Yeshua, dié Gesalfde Een,
14 wat Homself in ons plek gegee het om ons los te koop uit alle oortredings van die wet en vir Homself ’n nuwe volk te reinig, [Deut 14:2; Yeg 11:19; Ps 135:4] wat ywerig is in goeie dade.
15 Sê hierdie dinge en vereis dit en bestraf met alle outoriteit en laat niemand jou verag nie.

3 1 Herinner hulle om heersers en outoriteite te gehoorsaam, hulle te onderwerp en voorbereid te wees vir elke goeie werk; [Yir 29:7; Mat 22:19-21; Rom 13:1-6; 1 Tim 2:2; 1 Kef 2:13]
2 om niemand te beledig nie, nie te wedywer nie, maar nederig te wees in alles en hulle sagtheid aan alle mense te wys,
3 want ons was ook vroeër dwaas, sonder oortuiging, ons was mislei, slawe van veranderende begeertes. Ons was betrokke in boosheid en jaloesie, verwerplik en het mekaar gehaat,
4 maar toe die sagtheid en die liefdevolle goedheid van God, ons Lewegewer, openbaar is,
5 het Hy ons Lewe gegee; nie op grond van die dade van onpartydige opregtheid, wat ons gedoen het nie, maar deur Sy eie liefde, deur die wassing van die geboorte wat van bo af is en deur die vernuwing van die Gees wat Afgesonderd is; [Yog 3:3]

6 die Een wat Hy oorvloediglik oor ons uitgestort het, deur Yeshua, dié Gesalfde Een, ons Lewegewer
7 sodat ons deur Sy onverdiende guns onskuldig verklaar kan word en erfgename kan word deur die versekerde verwagting van die ewige lewe.
8 Dit is 'n vertrouenswaardige boodskap en ek wil hê dat jy hulle van hierdie dinge sal verseker sodat die wat in God vertrou, ernstig kan wees om goeie werke te ontwikkel; hierdie dinge is goed en voordelig vir die mense,
9 maar bly weg van dwase debatte, stories van geslagsregisters, twis en argumente van die leraars van die wet, want dit is onvrugbaar en waardeloos.
10 Onttrek jou van 'n verkondiger van vals leringe ná die eerste en tweede waarskuwing,
11 wetende dat so iemand wat wegdwaal van wat reg is, sondig en homself veroordeel.
12 Wanneer ek Artemas of Tugikos na jou toe gestuur het, doen moeite om na my toe te kom in Nikopolis, want ek het besluit om daar te oorwinter.
13 Aangaande Zenas, die leraar van die wet en aangaande Apollos moet jy moeite doen om hulle goed te versorg sodat hulle aan niks tekort het nie.
14 Hulle sal ons mense ook leer om goeie dade te ontwikkel in sake van nood sodat hulle nie onvrugbaar mag wees nie.
15 Almal wat saam met my is, stuur vrede vir jou. Stuur vrede vir dié in vertroue vir wie ons omgee. Onverdiende guns bly by julle almal! Dit is waar.

Die vyf-en-twintigste boek van die Nuwe Verbond

Die brief van Sha'ul, slaaf en afgevaardigde van Yeshua, dié Gesalfde Een, aan Filimun.

# Filimun

{ Filémon }

( Geskryf aan 'n geestelike seun van Sha'ul.)

Dit is vanaf Rome, toe Sha'ul in die tronk was, aan 'n persoon van aansien in Kolosse geskryf en is deur Onesimos, Filimun se wegloopslaaf, afgelewer.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees - die taal wat Yeshua gepraat het.

1 1 Sha'ul, 'n gevangene van Yeshua, dié Gesalfde Een en die broer Timoteos: aan Filimun, ons medewerker, vir wie ons lief is,
2 aan Apfia, vir wie ons lief is, aan Argippos, ons medewerker en aan die gemeente wat in jou huis is:
3 onverdiende guns vir julle en vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid van God-ons-Vader en van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een!
4 Ek dank my God elke keer wanneer ek jou in my gebede onthou,
5 vandat ek van jou liefde en vertroue gehoor het, wat jy teenoor ons Meester, Yeshua en teenoor al die afgesonderdes het,
6 op só manier dat die deel van jou vertroue vrug dra in dade en in kennis van alles wat goed is in jou, in eenheid met Yeshua, dié Gesalfde Een.
7 Ons vreugde en versterking is groot, want deur jou liefde is die verstand, wil en emosies van die afgesonderdes verkwik.
8 As gevolg hiervan is my vrymoedigheid groot in dié Gesalfde Een om jou te beveel wat reg is,
9 maar as gevolg van die liefde, smeek ek, Sha'ul, nou 'n ou man, asook 'n gevangene van Yeshua, dié Gesalfde Een;
10 smeek ek jou, aangaande my seun, wat vir my gebore is in my kettings, Onesimos,
11 hy wat vroeër vir jou waardeloos was, maar nou baie bruikbaar is vir jou en vir my.
12 Ek stuur hom vir jou, ontvang hom egter soos my seun.
13 Ek wou hom by my hou sodat hy my in die kettings, ter wille van die goeie boodskap, namens jou kan dien,
14 maar sonder jou goedkeuring wou ek niks doen nie sodat jou goedheid nie uit verpligting sou wees nie, maar uit gewilligheid,
15 want miskien was hy om hierdie rede 'n tydjie van jou af weg sodat jy hom vir altyd kan hou,
16 van nou af nie as 'n slaaf nie, maar méér as 'n slaaf, as 'n broer in die vlees vir wie ons lief is, hoeveel te meer joune, beide in die vlees en in ons Meester; [Lev 25:39]
17 daarom, as jy in eenheid met ons is, ontvang hom as myne.
18 As hy jou tekort gedoen het of iets skuld, sit dit op my rekening.
19 Ek, Sha'ul, het dit met my eie hand geskryf: ek sal ten volle betaal, sonder om te noem dat jy jou eie persoon aan my verskuldig is!
20 Ja, my broer, ek is verfris deur jou in ons Meester! Bevredig my liefde in dié Gesalfde Een.
21 Omdat ek vertrou dat jy na my sal luister en dit doen, het ek vir jou geskryf en ek weet dat jy nog meer sal doen as wat ek gevra het,
22 maar saam met dit, berei ook verblyf voor vir my, want ek verwag dat ek deur julle gebede aan julle gegee sal word.
23 Epafras, my medegevangene in Yeshua, dié Gesalfde Een, stuur vrede vir jou;
24 ook Markos, Aristargos, Demas en Luka, wat my help.
25 Die onverdiende guns van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, bly met julle gees, my broers! Dit is waar.

Die ses-en-twintigste boek van die Nuwe Verbond

Die brief van ’n onbekende skrywer, aan hulle wat vertrou in dié Gesalfde Een.

# Ivraya

{ Hebreërs }

( Geskryf aan Hebreërs wat die offers en tempeldienste verstaan het.)

Dit is bes moontlik geskryf in die jaar 67, maar beslis voor die vernietiging van die tempel in 70, waarskynlik vanaf Italië.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees - die taal wat Yeshua gepraat het.

1 1 Oor alle onderwerpe en op allerhande maniere het God vroeër deur die profete gepraat met ons vaders
2 en in hierdie laaste dae het Hy met ons deur Sy Seun, wat Hy as Erfgenaam van alles aangestel het, gepraat. [Ps 2:8] In Hom het Hy die uitspansel onderwerp, [Kol 1:16]
3 want Hy is die helder Skynsel van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid en die Beeld van Sy Wese [Num 12:8; Yog 14:9; Kol 1:15] en hou alle dinge in stand deur die boodskap van Sy wonderwerkende krag. Hy, in Sy Persoon, het die reiniging van ons sondes volbring en gaan sit aan die regterhand [Ps 110:1] van HaG'dulah BaM'romim (Die Grootheid in die Hoogte). [1 Kro 29:11]
4 Díé Een is in alles groter as die engele, volgens die mate waarin die Karakter en Outoriteit wat Hy geërf het, meer uitstekend is as hulle s'n,
5 want aan watter een van die engele het God ooit gesê: "Jy is My Seun, Ek het vandag geboorte gegee aan Jou?" [Ps 2:7; Hand 13:33; Heb 5:5] Ook: "Ek sal vir Hom 'n Vader wees en Hy sal vir My 'n Seun wees?" [Luk 3:22]
6 Weer, wanneer Hy die Eersgeborene in die wêreld inbring, sê Hy ook: "Al die engele van God moet Hom eer bring,"
7 maar van die engele praat Hy so: "Hy maak van Sy engele winde en van Sy bedienaars vlamme van vuur." [Ps 104:4]
8 Met betrekking tot die Seun sê Hy egter: "U troon, o Magtige met outoriteit, is vir tydlose ewigheid, die septer van U Koninkryk is 'n reguit, [Ps 89:15; Ps 97:2; Ps 110:2; Yes 9:6-7] suiwer septer.
9 U het onpartydige opregtheid liefgehad en die wetsoortreders gehaat; [Ps 5:6] daarom het God, U God, U gesalf met die olie van vreugde bo U kamerade." [Ps 45:7-8]
10 Weer: "U het van die oorsprong af die fondasies van die aarde gelê en die hemele is die werke van U hande.
11 Hulle sal verbygaan en U sal bly en hulle sal almal soos 'n kledingstuk verslyt
12 en soos 'n mantel sal U hulle toevou en hulle sal verander word, maar U is die Ewige God en U jare sal nie ophou nie." [Ps 102:26-28]
13 Aan watter een van die engele het Hy ooit gesê: "Sit aan My regterhand totdat Ek U vyande 'n voetstoel onder U voete gemaak het?" [Ps 110:1]
14 Let op, is hulle nie almal dienende geeste wat vir dienswerk uitgestuur word ter wille van dié wat die lewe sal beërwe nie?

2 1 As gevolg hiervan is ons dit verskuldig om meer aandag te gee aan wat ons gehoor het sodat ons nie val nie,
2 want as 'n boodskap, wat deur boodskappers gebring is, vasgestaan het en elkeen, wat dit gehoor en oortree het, die regverdige beloning ontvang het,
3 hoe sal ons ontsnap, as ons die dinge ignoreer wat ons lewe is; die dinge wat eers deur ons Meester verkondig is en toe deur hulle vanuit ons geledere, wat Hom gehoor het, aan ons bevestig is
4 terwyl God vir hulle getuig deur tekens, deur wonders, deur verskillende wonderwerke en gawes van die Gees wat Afgesonderd is, wat gegee is volgens Sy wil,
5 want Hy het nie die komende wêreld, waarvan ons praat, gehoorsaam gemaak aan die engele nie,

6 maar soos die Skrifte getuig en sê: “Wat is die mens dat U hom onthou, of ’n seun van ’n mens dat U vir hom sorg?
7 U het hom ’n klein bietjie minder as die engele gemaak; met lof, eer en waarde het U hom gekroon en hom outoriteit gegee oor die werke van U hande.
8 U het alles in gehoorsaamheid onder sy voete gesit,” Ps 8:5-7 want in dit: “alles in gehoorsaamheid onder sy voete gesit,” het Hy niks uitgesonder wat nie aan hom gehoorsaam gemaak is nie, maar nou sien ons nog nie dat alles aan hom gehoorsaam is nie, 1 Kor 15:27
9 maar ons sien Hom, Yeshua, wat vir die lyding van Sy dood, ’n bietjie laer as die engele was. Lof, eer en waarde word op Sy hoof geplaas, want los van God, het Hy in die plek van elkeen die dood gesmaak,
10 want dit was vir Hom, ter wille van Wie alle dinge en deur Wie alle dinge is, gepas om baie seuns in die lof en eer te bring sodat die Prins van hulle lewe, deur lyding, Homself volmaak sou maak, Yes 53:11
11 want Hy wat afsonder, sowel as hulle wat afgesonder word, is almal vanuit Een, wat die rede is hoekom Hy Hom nie skaam om hulle Sy broers te noem nie,
12 wanneer Hy sê: “Ek sal U Karakter en Outoriteit aan My broers verkondig en in die gemeente sal Ek U lof besing.” Ps 22:23
13 Weer: “Ek sal op Hom vertrou.” Weer: “Let op, Ek en die seuns wat God vir My gegee het.” Yes 8:17,18
14 Aangesien die seuns daarom deelgenote is aan vlees en bloed, het Hy aan dieselfde ’n deelgenoot geword sodat Hy deur die dood, die een tot niet kon maak wat outoriteit oor die dood gehad het, wat die teëstander is
15 en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood in slawerny gelewe het,
16 want Hy het nie die geaardheid van engele op Homself geneem nie, maar díe van die saad van Avraham.
17 As gevolg hiervan was dit reg dat Hy in alles aan Sy broers gelyk moes word sodat Hy aktief kan omgee en ’n Hoofpriester wees, vertrouenswaardig aan die dinge van God, om toedekking te maak vir die sondes van mense, Yes 53:12
18 want hierin, dat Hy self gely het en versoek is, kan Hy dié help wat versoek word.

3 1 My afgesonderde broers, wat deel in die hemelse roeping, dink daarom versigtig aan Yeshua, dié Gesalfde Een, wat ons openlik erken as God se Afgevaardigde en nie-Levitiese Hoofpriester.
2 Hy is vertrouenswaardig teenoor God wat Hom aangestel het, net soos Mosheh in God se hele huishouding getrou was, Num 12:7
3 want hierdie Een se lof en eer is baie meer as die van Mosheh, soveel as wat hy wat die huis gebou het, baie meer eer het as die huis,
4 want elke huis word deur iemand gebou, maar Hy wat voortdurend alles bou, is God. Ps 127:1
5 Mosheh was as ’n dienskneg toevertrou met die hele huis, tot getuienis van wat nog deur Hom gesê sou word,

6 maar dié Gesalfde Een as Seun oor Sy huis. Ons is Sy huis as ons met vrymoedigheid en trots Sy goeie boodskap tot die einde toe vashou. Dan 9:24; 1 Kor 3:16-17
7 Omdat die Gees wat Afgesonderd is, sê: “Vandag as julle Sy stem hoor,
8 verhard nie julle verstand, wil en emosie om Hom kwaad te maak, soos hulle wat rebels is en soos in die dag van die toetsing in die wildernis,
9 toe julle vaders My getoets het, My beproef het en My dade veertig jaar lank gesien het, nie.
10 As gevolg daarvan was Ek moeg vir daardie geslag en het gesê: ‘Hulle is ’n volk wat fouteer in die verstand, wil en emosie en húlle het My paaie nie geken nie,’
11 soos Ek in My woede ’n eed geneem het: Ps 95:8-11 ‘Hulle sal in My rus nie ingaan nie!”
12 Pas daarom op, my broers, dat daar nie in enige van julle ’n bose en vertrouelose verstand, wil en emosie is en hy van die Lewende God af wegdwaal nie,
13 maar verneem van mekaar elke dag, solank as dit vandag genoem word sodat niemand van julle deur die misleiding van sonde verhard word nie,
14 want ons is aan dié Gesalfde Een verbind, as ons van die begin af tot die einde toe aan hierdie ware verbond vashou.
15 Net soos wat gesê is: “Vandag as julle Sy stem hoor, verhard nie julle verstand, wil en emosie om Hom kwaad te maak nie.” Ps 95:8,9
16 Wie was dit dan wat gehoor het en Hom kwaad gemaak het? Was dit nie almal wat Mosheh uit Mitzrayim gebring het nie?
17 In wie was Hy veertig jaar lank teleurgesteld? Was dit nie in dié wat gesondig het, wie se lyke in die wildernis geval het nie?
18 Hulle aangaande wie Hy ’n eed geneem het, dat hulle in Sy rus nie sal ingaan nie, is dit nie aan hulle wat nie oortuig is nie?
19 Ons sien dat hulle nie kon ingaan nie omdat hulle nie vertrou het nie.

4 1 Laat ons daarom vrees dat, terwyl die belofte nog bestaan om in Sy rus in te gaan, een van julle te kort mag skiet om in te gaan,
2 want aan ons is die goeie boodskap ook verkondig presies net soos aan hulle, maar die boodskap het die hoorders nie gebaat nie omdat dit by die hoorders nie gekombineer is met vertroue nie,
3 maar ons wat vertrou, gaan die rus in, net soos Hy gesê het: “Ek het ’n eed geneem in My woede, hulle sal nie in My rus ingaan nie;” Ps 95:11 want let op, die werke van God was reeds vanaf die begin van die wêreld af,”
4 volgens wat Hy van die Shabbat gesê het: “God het op die sewende dag van al Sy werke gerus” Gen 2:2
5 en weer hier sê Hy: “Hulle sal in My rus nie ingaan nie.” Ps 95:11
6 Daar is dus ’n geleentheid dat elke persoon kan ingaan en dié aan wie die goeie boodskap vroeër verkondig is, het nie ingegaan nie omdat hulle nie vertrou het nie.
7 Hy het weer ’n ander dag bepaal, na ’n lang tyd, net soos wat van bo af geskryf is, soos Dawid gesê het: “Vandag as julle na Sy stem luister en hoor, verhard nie julle verstand, wil en emosie nie,”

8 want as Y'hoshua, die seun van Nun, aan hulle rus gegee het, sou Hy nie agterna van 'n ander dag gepraat het nie.

9 So bly dit dus, vir die mense van God, om die Shabbat te hou, Eks 20:8-11; Yes 58:13; Mat 12:8

10 want wie ook al in Sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke net soos God van Syne.

11 Laat ons daarom moeite doen om in te gaan in dié rus sodat ons nie dalk val soos die wat nie oortuig is nie,

12 want die boodskap van God leef en is in alles genoeg en skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur tot by die skeiding van lewe, gees, gewrigte en van murg en beoordeel die motiewe en gewete van die verstand, wil en emosie.

13 Niks wat geskep is, is onsigbaar in Sy Teenwoordigheid nie, maar alles is kaal en ontbloot in die oë van Hom aan Wie ons verantwoording doen,

14 want daar is daarom vir ons 'n Groot nie-Levitiese Hoofpriester wat opgegaan het na die hemel: Yeshua, dié Gesalfde Een, die Seun van God; laat ons vashou aan Sy belydenis,

15 want ons het nie 'n hoofpriester, wat nie in staat is om te vereenselwig met ons swakhede nie, maar Een wat in alle opsigte getoets is net soos ons, maar sonder dat Hy sonde het. Luk 2:51,52; 4:2-; Heb 5:8

16 Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van Sy onverdiende guns gaan sodat ons liefdevolle omgee kan ontvang en ons sal onverdiende guns vind om ons te help in 'n tyd van lyding.

5 1 Elke hoofpriester, wat vanuit die mense is, is aangestel om in die plek van mense aangaande die dinge van God op te tree; om offers en brandoffers vir die sondes te bring.

2 Hy wat homself kan verneder en ly saam met die wat nie weet nie en die wat oortree omdat hy self ook met swakheid geklee is,

3 hy is verskuldig om, net soos vir die mense, so ook vir homself te offer vir sy sondes.

4 'n Mens het nie vir homself dïé eer gevat nie, maar hy wat deur God geroep is, soos Aharon.

5 Net so het ook dié Gesalfde Een nie Sy lewe vereer om nie-Levitiese Hoofpriester te word nie, maar vir Hóm wat gesê het: "Jy is My Seun, vandag het Ek jou in die lewe gebring." Ps 2:7; Hand 13:33; Heb 1:5

6 Soos Hy ook op 'n ander plek gesê het: "Jy is nie-Levitiese Priester vir ewig, volgens die beeld van Malki-Tzedek." Ps 110:4

7 Ook toe Hy in die vlees geklee was, het Hy gebede en versoeke met 'n kragtige geroep en trane aan Hóm geoffer, wat Hom uit die dood uit lewe kon gee en Hy is verhoor.

8 Alhoewel Hy die Seun is, het Hy gehoorsaamheid geleer deur respekvolle vrees en lyding Luk 2:51,52; Heb 4:15

9 en so is Hy volmaak gemaak Mat 5:48 en het Hy vir almal wat aan Hom gehoorsaam is, die Rede vir die ewige lewe geword.

10 Hy is deur God as Hoofpriester aangestel, volgens die beeld van Malki-Tzedek.

11 Ons het baie te sê in ons redevoering aangaande Hom en dié Malki-Tzedek en dit is moeilik om te verduidelik omdat julle swak geword het in julle gehoor,
12 want alhoewel julle, vanweë die tyd wat julle geleer het, leermeesters behoort te wees, het julle weer nodig dat 'n mens julle moet leer wat die eerste beginsels van die woorde van God is en het julle weer 'n behoefte aan melk en nie aan vaste kos nie,
13 maar elkeen wat melk drink, is nie bekend met die boodskap van onpartydige opregtheid nie omdat hy 'n baba is,
14 maar vaste kos is vir volwassenes, wat, deur oefening, hulle sintuie leer om goed van kwaad te onderskei. [1 Kor 3:2]

6 1 As gevolg hiervan, laat ons nie by die aanvanklike boodskappe aangaande dié Gesalfde Een bly nie, maar na die volmaaktheid aangaan. Of lê julle weer 'n ander fondasie vir die wegdraai van dooie werke en vir vertroue in God,
2 vir die leer aangaande dope, die handoplegging, die opstanding van dié wat dood is en van die ewige oordeel?
3 Dit sal ons doen as יהוה dit toelaat,
4 maar dit is onmoontlik vir dié wat eenmaal in die doop afgegaan het, die hemelse geskenk gesmaak het, die Gees wat Afgesonderd is ontvang het, [Mat 12:31-32; 2 Kef 2:21]
5 die goeie boodskap van God en die krag van die toekomstige wêreld gesmaak het,
6 om weer te sondig en van voor af in erkenning en aflegging van skuld vernuwe te word en die Seun van God van voor af te kruisig en veragtelik te maak, [Deut 29:18-20]
7 want die grond drink die reën wat gereeld daarop val in en laat die weiding groei, bruikbaar vir hulle vir wie dit bewerk word. Dit ontvang 'n seën van God,
8 maar as dit dorings en distels voortbring, word dit verwerp, is dit naby vervloeking en sy einde is om verbrand te word.
9 Ons is egter aangaande julle, vir wie ons lief is, van uitstekende dinge oortuig; dinge wat met die lewe saamgaan, al praat ons só,
10 want God is nie boos dat Hy julle dade en die liefde wat julle in Sy Karakter en Outoriteit gewys het deurdat julle die afgesonderdes bedien het en nog bedien, sal ignoreer nie.
11 Ons begeer van elkeen van julle dit: ywer vir die volmaaktheid van julle versekerde verwagting, tot die einde toe
12 en dat julle nie sal verflou nie, maar dat julle navolgers sal wees van hulle wat deur vertroue en langdurige geduld erfgename van die belofte geword het,
13 want toe God aan Avraham die belofte gegee het, het Hy, aangesien Hy by geen meerdere 'n eed kon sweer nie, by Homself 'n eed gesweer [Gen 22:16]
14 en gesê: "Ek sal jou dubbel seën en jou met 'n dubbel maat vermeerder." [Gen 22:17]
15 So was hy geduldig en het hy die belofte ontvang,
16 maar mense sweer 'n eed by een wat groter as hulle is en die bevestiging deur 'n eed is vir hulle die einde van alle verskille;
17 daarom het God omdat Hy nog kragtiger aan die erfgename van die belofte die onveranderlikheid van Sy wil wou wys, dit met 'n eed bevestig

18 sodat ons deur twee onveranderlike dinge, waarin dit onmoontlik is dat God sou lieg, groot vertroosting kan hê - ons wat in Hom skuiling gesoek het - en sodat ons die versekerde verwagting en die belofte mag vasgryp:
19 dit, wat vir ons soos ’n anker is, wat ons lewe vashou, dat dit nie beweeg sal word nie en binnekant die skeidingsgordyn ingaan,
20 waar Yeshua vroeër ingegaan het namens ons en die ewige nie-Levitiese Priester geword het volgens die voorbeeld van Malki-Tzedek. [Ps 110:4]

7 1 Hierdie Malki-Tzedek was koning van Shalem, nie-Levitiese priester van God Ha’Elyon (die Allerhoogste), wat vir Avraham ontmoet het by sy terugkoms na die slagting van die konings en hom geseën het. [Gen 14:18-20]
2 Aan hom het Avraham ’n tiende deel van alles uitgedeel. Sy naam word vertaal as: koning van onpartydige opregtheid en ook koning van Shalem, dit is, koning van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid.
3 Sonder dat sy vader of sy moeder in die geslagsregister opgeteken is, ook nie sy begin van dae of sy lewenseinde nie, maar sy priesterskap bly vir ewig, net soos dié van die Seun van God.
4 Hoeveel groter is hierdie man as Avraham, wat hoof van die vaders is en wat ’n tiende van die beste vir hom gegee het.
5 Hulle wat uit die seuns van Levi die priesterskap ontvang, het ’n opdrag om, volgens die geskrewe wet, van die mense tiendes te neem, van hulle broers, alhoewel hulle ook die nageslag van Avraham is,
6 maar hy wat nie in húlle geslagsregister opgeskryf is nie, het van Avraham tiendes ontvang en die een, wat die belofte ontvang het, geseën.
7 Sonder enige teëspraak is dit die mindere wat deur die meerdere geseën word.
8 Hier ontvang sterflike mense tiendes, maar dáár een van wie die Skrifte getuig dat hy lewe.
9 Om dit so te stel: Levi, wat tiendes ontvang, het deur Avraham tiendes gegee,
10 want hy was nog in die liggaam van sy vader toe hy Malki-Tzedek ontmoet het.
11 As daar dus volledige afhandeling deur die Levitiese priesterskap was, waardeur die geskrewe wet vir die mense vasgestel is, waarom was dit nog nodig dat ’n ander nie-Levitiese priester moes opstaan, volgens die beeld van Malki-Tzedek? Sê dit dat Hy volgens die beeld van Aharon sal wees?
12 Net soos daar ’n verandering in die priesterskap gekom het, net so was daar ’n verandering in die voorskrifte, [Yir 33:21; Rom 12:1; 1 Kefa 2:5-9; Heb 12:28; Open 1:6; 5:10]
13 want Hy van Wie hierdie dinge gesê word, behoort aan ’n ander stam, waaruit niemand nog ooit by die altaar bedien het nie,
14 want dit is bekend dat ons Meester vanuit Y’hudah opgegroei het; ’n stam waarvan Mosheh niks aangaande die priesterskap gesê het nie.
15 Nog baie duideliker is dit: dat hy sê dat ’n ander nie-Levitiese Priester volgens die beeld van Malki-Tzedek opstaan.
16 Hy wat dit nie was volgens die wet van opdragte, na die liggaamlike, nie, maar deur die krag van lewe wat nie vernietig word nie,

17 want Hy getuig aangaande Hom: "U is nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek," Ps 110:4
18 want daar was eers 'n verandering aan die orde weens die onvermoë daarvan en dat daar geen voordeel in was nie,
19 want die geskrewe wet het niks tot sy einddoel gebring nie, maar 'n versekerde verwagting, wat beter is as dit, het in sy plek ingekom, waarin ons tot God nader.
20 Hy het dit aan ons bevestig deur 'n eed,
21 want húlle was priesters sonder 'n eed, maar Hy met 'n eed, soos wat Hy, deur Dawid, van Hom gesê het: "יהוה het 'n eed gesweer en Hy sal nie lieg nie: U is nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek," Ps 110:4
22 waarvolgens Yeshua van 'n baie beter verbond die waarborg is.
23 Hulle het priesters geword in groot getalle omdat hulle deur die dood verhinder is om voort te gaan,
24 maar omdat Hy ewig is, gaan Sy nie-Levitiese Priesterskap nie verby nie
25 en kan Hy ewige lewe gee aan hulle wat deur Hom naderkom na God toe, want Hy leef vir altyd en offer gebede in ons plek,
26 want so 'n nie-Levitiese Hoofpriester is ook reg vir ons, rein, sonder boosheid, sonder ontering, wat afgesonderd is van sonde en wat hoër as die hemele opgelig is;
27 wat nie nodig het, soos die vorige hoofpriesters, om elke dag vir Sy eie sondes offers te bring en dan vir dié van die mense nie, want Hy het dit eenmalig gedoen deur Sy lewe te offer,
28 want die wet stel mense met swakhede as hoofpriesters aan, maar die boodskap van die eed, wat ná die wet is, stel die Seun aan, wat vir ewig die doel bereik het.

8 1 Die hoofpunt van dít alles: ons hét so 'n nie-Levitiese hoofpriester wat sit op die regterkant van die troon van HaG'dulah (die Grootheid) in die hemel.
2 Hy is die Bedienaar van die Huis van Afgesonderdheid en van die ware Tabernakel (tentwoning), wat God opgeslaan het en geen mens nie.
3 Elke hoofpriester word aangestel om geskenke en offers te bring; daarom moes Hy ook iets vir Homself hê om te offer,
4 want as Hy op aarde was, sou Hyself geen priester wees nie omdat daar priesters is wat die offerandes volgens die wet offer,
5 hulle wat 'n voorbeeld en skaduwee van die hemelse bedien, net soos aan Mosheh gesê is toe hy die Tabernakel (tentwoning) gemaak het: "Let op dat jy alles maak volgens die bloudrukplan wat op die berg aan jou verskyn het," Eks 25:40
6 maar nou het Yeshua, dié Gesalfde Een 'n beter bediening ontvang as daardie, net soos wat die verbond ook beter is, waarvan Hy Tussenganger gemaak is, met beter beloftes as wat gegee is,
7 want as die eerste een sonder fout was, was daar nie plek vir hierdie tweede een nie,
8 want Hy vind fout met hulle en het gesê: "Let op, daar kom dae, sê יהוה, dat Ek oor die huis van Yisra'el en oor die huis van Y'hudah 'n nuwe verbond tot sy doel sal bring,

9 nie volgens die verbond wat Ek vir hulle vaders gegee het op die dag toe Ek hulle aan die hand gegryp het, om hulle uit Mitzrayim uit te lei nie, want hulle het nie gebly in My verbond nie en Ek het hulle verwerp," sê יהוה. [Yir 31:33]
10 "Hierdie is die verbond wat Ek ná dié dae sal gee vir die huis van Yisra'el," sê יהוה: "Ek sal My wette in hulle begrip gee en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal vir hulle 'n God wees en hulle sal vir My 'n volk wees [Yir 31:31-34]
11 en hulle sal nie meer elkeen sy medemens en elkeen sy broer leer en sê: 'Ken יהוה' nie, want hulle almal sal My ken, vanaf hulle kleinste tot hulle oudste.
12 Ek sal hulle reinig van hulle oortredings van die wet en hulle sondes nie meer onthou nie."
13 Deurdat Hy sê 'nuwe,' het Hy die eerste as oud verklaar en dit wat verouderd en oud is, is naby vernietiging.

9 1 In die eerste was daar 'n orde van bediening en 'n aardse Huis van Afgesonderdheid,
2 want in die eerste Tabernakel wat gemaak is, was: die lampstaander, die tafel en die brood van die Teenwoordigheid en dit is die Afgesonderde plek genoem. [Eks 25:23-39]
3 Agter die skeidingsgordyn, was die binneste kamer, wat die Mees Afgesonderde genoem word [Eks 26:31-33]
4 en in dit was 'n goue wierookaltaar, [Eks 30:10] die ark van die verbond, [Eks 25:10-22] oral met goud oorgetrek, die goue pot met die 'man hu', [Eks 16:33] die staf van Aharon wat gebot het [Num 17:10] en die tafels van die verbond [Eks 34:1-4; Eks 28-29]
5 en bo-op dit, die gérubs van die Gemanifesteerde Teenwoordigheid wat die deksel van toedekking oorskadu het, maar daar is nie tyd dat ons oor elkeen van hierdie dinge afsonderlik kan praat, wat op hierdie manier gemaak is nie.
6 Die priesters het elke keer in die buitenste Tabernakel ingegaan en hulle bediening uitgevoer,
7 maar in die binneste van die Tabernakel het die hoofpriester alleen, een maal per jaar, met bloed, wat hy offer vir sy lewe en vir die oortredinge van die mense, ingegaan. [Lev 16]
8 Hierin het die Gees wat Afgesonderd is, geleer dat die pad van Afgesonderdheid nog nie openbaar is, solank as wat die eerste Tabernakel nog staan nie.
9 Dit was 'n bloudrukplan vir daardie tyd, waarin daar geskenke en offers gebring is, wat hom, wat hulle offer, se gewete nie volkome kon maak
10 deur kos, drank en verskillende reinigingswassinge, wat vleeslike instellings is, wat vasgestel is tot op die tyd van hervorming, nie,
11 maar dié Gesalfde Een, wat gekom het, het die Hoofpriester geword van die goeie dinge wat Hy gedoen het en Hy het die groot en volmaakte Tabernakel binnegegaan, wat nie met hande gemaak is nie en nie van hierdie geskepte dinge is nie. [Open 21:3,22]
12 Hy het ook nie ingegaan met die bloed van jaaroue bokke en kalwers nie, maar met Sy eie bloed het Hy een maal in die plek van Afgesonderdheid ingegaan en ewige loskoping verkry,
13 want as die besprinkeling van die wat onrein is, met bloed van bulle en bokke en die as van 'n vers, hulle kan afsonder tot reiniging van die vlees,

14 hoeveel te meer sal die bloed van dié Gesalfde Een, wat Homself, sonder vlek, deur die ewige Gees aan God geoffer het, ons gewete reinig van dooie werke, om die lewende God te dien. [1 Kefa 1:18,19]

15 As gevolg hiervan is Hy Tussenganger van ’n nuwe verbond, [Yir 31:30-33] want in Sy dood was Hy Verlossing vir díe wat teen die eerste verbond oortree het sodat ons die belofte mag ontvang, díe wat geroep is tot ’n ewige erfenis,

16 want waar daar ’n testament is, wys dit die dood van hom wat dit opgestel het,

17 want dit is slegs geldig vir ’n dooie, want solank die opsteller leef het dit geen gebruik nie.

18 As gevolg hiervan is selfs die eerste nie sonder bloed ingestel nie,

19 want toe al die opdragte van die wet deur Mosheh aan al die mense beveel is, het hy die bloed van ’n kalf saam met water, skarlakenrooi wol, hisop en die boekrol gevat en al die mense besprinkel

20 en vir hulle gesê: “Hierdie is die bloed van die verbond wat God julle beveel het.” [Eks 24:8]

21 Hy het ook op die Tabernakel en al die gereedskap van die tempeldiens, van die bloed gesprinkel

22 omdat alles met bloed gereinig word volgens die geskrewe wet en sonder die stort van bloed is daar geen vergifnis nie.

23 Dit was dus nodig dat hierdie dinge, wat bloudrukplanne was van die dinge in die hemel, deur hierdie offers gereinig moes word, maar die hemelse deur beter offers as hierdie,

24 want dié Gesalfde Een het nie ingegaan in ’n Afgesonderde Plek met hande gemaak, ’n bloudrukplan van die ware een, nie, maar in die hemel self waar Hy in die Teenwoordigheid van God namens ons verskyn;

25 ook nie om Homself gereeld te offer, soos wat die hoofpriester elke jaar in die Mees Afgesonderde ingegaan het met bloed wat nie sy eie was nie, [Yir 33:18-22]

26 want dan moes Hy gereeld gely het, van die begin van die wêreld af, maar nou het Hy een maal tydens die einde van die tye Homself geoffer, om die sonde deur Sy offer te vernietig.

27 Net soos dit bepaal is vir die mens om een maal te sterf en na die dood is die oordeel,

28 só is dié Gesalfde Een ook een maal geoffer en Sy liggaam geoffer vir die sondes van baie, [Yes 53:12; Ps 50:5] maar die tweede maal verskyn Hy, nie ter wille van sonde nie, maar vir die lewe van hulle wat Hom verwag,

10 1 want die geskrewe wet was ’n skaduwee van die goeie dinge wat sou kom, nie die kern van die dinge nie omdat die offers wat elke jaar gebring word, dié wat hulle offer, nooit volmaak kan maak nie,

2 want as dit volmaak gemaak het, sou hulle sonder twyfel opgehou het om te offer omdat hulle geen gewete meer oor sondes sou hê nadat hulle een maal gereinig is nie,

3 maar deur die offers onthou hulle elke jaar hul sondes,

4 want dit is nie moontlik vir die bloed van bulle en jaaroud bokke om die sonde weg
te was nie.
5 Toe Hy in die wêreld inkom, het Hy daarom gesê: "Offers en brandoffers wou U nie
gehad het nie, maar U het My met 'n liggaam aangetrek.
6 Brandoffers van vrede vir sonde het U nie gevra nie. [1 Sh'm 15:22; Hos 6:6; Ps 51:18-21; Mat 9:13]
7 Toe het Ek gesê: "Let op, Ek kom," want aan die begin van die Geskrifte is dit van
My geskryf, "om U wil te doen, o God." [Ps 40:7-9]
8 Hierbo sê Hy: "Offers, graanoffers, brandoffers en sondoffers wil U nie hê nie," dit
wat volgens die geskrewe wet geoffer word,
9 daarna het Hy gesê: "Let op, Ek kom om U wil te doen, o God." Hierin skaf Hy die
eerste af om die tweede te vestig,
10 want in Sy wil word ons net een maal afgesonder deur die offer van die liggaam
van Yeshua, dié Gesalfde Een.
11 Elke hoofpriester staan elke dag om te bedien en dieselfde offers te bring wat van
die ou tyd af nooit die sondes kon verwyder nie,
12 maar Hy het een offer ter wille van sonde gebring en gaan sit aan die regterkant
van God vir altyd, [Ps 110:1]
13 wagtend verder totdat Sy vyande 'n voetbank onder Sy voete gemaak is, [Hand 2:35; 1 Kor 15:25]
14 want deur een offer het Hy vir altyd die wat daardeur afgesonder is, tot die doel
gebring.
15 Die Gees wat Afgesonderd is getuig ook vir ons en sê:
16 "Dit is die verbond wat Ek met hulle sal sluit ná dié dae," sê יהוה; "Ek sal My wet
gee in hulle begrip en in hulle verstand, wil en emosie sal Ek dit inskryf [Yir 31:33]
17 en hulle sondes en hulle oortredinge van die wet sal Ek nie onthou nie,"
18 want waar daar vergifnis van sonde is, is daar nie 'n offer vir die sonde nodig nie.
19 Daar is dus vir ons vrymoedigheid broers, om in die Afgesonderde Plek in te gaan
deur die bloed van Yeshua
20 en deur die metode van Lewe, wat ons vernuwe het binne die skeidingsgordyn,
wat Sy liggaam is
21 en ons het 'n Groot nie-Levitiese Priester oor die huis van God. [Yir 33:21-22]
22 Laat ons nader gaan met 'n opregte verstand, wil en emosie in sekerheid van
vertroue terwyl ons verstand, wil en emosie besprinkel is en gereinig is van 'n bose
gewete en ons liggaam gewas is met skoon water. [Yeg 36:25; Ps 24:3-6]
23 Laat ons vashou aan die belydenis van ons versekerde verwagting en nie wankel
nie, want Hy wat dit beloof het, is vertrouenswaardig.
24 Neem mekaar in ag deur mekaar aan te moedig deur liefde en goeie werke.
25 Ons moenie ons byeenkomste, soos die gewoonte vir elke persoon is, staak nie,
maar kyk uit vir mekaar, al hoe meer namate julle daardie dag sien nader kom,
26 want as iemand opsetlik sondig nadat hy die kennis van die waarheid ontvang het,
is daar nie 'n offer wat agterna geoffer kan word vir sondes nie,
27 maar die verskriklike oordeel van die verterende vuur, wat die teëstanders sal
verteer. [Yes 26:11]
28 As iemand teen die wet van Mosheh oortree het, sterf hy op die getuienis van twee
of drie sonder oorsien. [Deut 17:6; 19:15]

29 Hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy ontvang wat die Seun van God vertrap het en die bloed van Sy verbond gewoon geag het, wat daardeur afgesonder is en die Gees van onverdiende guns verag het?
30 Ons ken Hom wat gesê het: "My kom die wraak toe, Ek sal terugbetaal," sê יהוה; en weer: "יהוה sal Sy volk oordeel." [Deut 32:35]
31 Dit is verskriklik erg om in die hande van die lewende God te val.
32 Onthou daarom die eerste dae waarin julle die doop ontvang het en julle 'n groot stryd van lyding deurstaan het met skande en droefheid
33 en julle 'n bespotting gemaak is omdat julle deelgenote geword het van die wat hierdie dinge deurgemaak het
34 en dit ook vir julle pynlik was, saam met die wat gevange geneem is en julle die berowing van julle goed met blydskap aanvaar het omdat julle geweet het dat julle 'n beter besitting het in die hemel, wat nie verbygaan nie.
35 Moet daarom nie julle vrymoedigheid weggooi nie, want daar kom 'n groot beloning daarvoor,
36 want julle het geduld nodig om die wil van God te doen en die belofte te ontvang,
37 want daar is baie min tyd voordat Hy wat kom, sál arriveer en nie talm nie.
38 "Die onskuldiges sal vanuit My vertroue lewe en as hy dit opgee, is Ekself nie met hom tevrede nie." [Hav 2:3-4]
39 Ons is nie wanhopig, wat lei tot vernietiging, nie, maar in vertroue, wat aan ons lewe gee.

11 1 Vertroue is die oortuiging aangaande daardie dinge wat in versekerde verwagting is, [Hav 2:4; Ps 89:19] asof dit daardie dinge in aksie is en die openbaring van die dinge wat nie gesien word nie,
2 want deur dít was daar 'n getuienis vir die mense van ouds.
3 Deur vertroue [Gen 1:1-3,6,9,14,20,26; Ps 33:6] verstaan ons dat die wêreld gevorm is deur die woorde van God en die dinge wat gesien kan word, bestaan vanuit die wat nie gesien kan word nie.
4 Deur vertroue het Hevel 'n baie beter offer aan God gebring as Kayin, waardeur daar vir hom 'n getuienis is dat hy onskuldig is en God self getuig oor sy offer en as gevolg daarvan praat hy steeds terwyl hy dood is. [Gen 4:3-10]
5 Deur vertroue is Hanokh weggevat om die dood nie te sien nie en hy is nie gekry nie omdat God hom weggevat het, want voordat hy weggevat is, was daar van hom die getuienis dat hy God tevrede gestel het. [Gen 5:24]
6 Sonder vertroue kan geen mens Hom tevrede stel nie, [Num 14:8,11] want hy wat nader aan God gebring word, is dit verskuldig om te vertrou dat Hy bestaan en die Beloner is van dié wat Hom soek. [Mar 9:23; Rom 1:17]
7 Deur vertroue het Noag, toe daar met hom gepraat is oor die dinge wat nog nie gesien is nie, aanbid en die ark vir homself gebou vir die lewe van die seuns in sy huishouding, waardeur hy die wêreld veroordeel het en hy die erfgenaam geword het van onpartydige opregtheid, wat in vertroue is.

8 Deur vertroue het Avraham, toe hy geroep is, [Gen 12:1-5] gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy, deur te gaan, as ’n erfenis sou ontvang en het hy uitgegaan sonder om te weet waarheen hy gaan. [Neg 9:7-8]

9 Deur vertroue het hy as ’n vreemdeling gaan bly in die land wat aan hom belowe is en in tente gebly saam met Yitz’gak en Ya’akov, seuns van sy erfenis van die belofte, [Gen 12:8; 13:15]

10 want hy het die stad met fondasies deur God, die Argitek en Bouer, verwag.

11 Deur vertroue het Sarah, wat onvrugbaar was, ook die vermoë ontvang om bevrug te word en toe sy oor die leeftyd was, het sy geboorte gegee omdat sy seker was dat Hy wat dit beloof het, vertrouenswaardig is;

12 daarom is daar ook uit een wat gefaal het in ou ouderdom, soveel soos die sterre van die hemel en soos die sand aan die seestrand, [Gen 15:5-6; 22:17; Deut 1:10] wat nie getel kan word nie, gebore.

13 In vertroue is hulle almal dood, sonder om die beloftes te ontvang, maar hulle het dit op ’n afstand gesien en hulleself daarin verheug en het erken dat hulle vreemdelinge en nomades op aarde is, [Gen 47:9]

14 want die wat sulke dinge sê, wys dat hulle vir hulle ’n stad soek.

15 As hulle na dié stad waaruit hulle weggetrek het, gesoek het, was daar vir hulle tyd om weer daarheen terug te gaan,

16 maar nou is dit duidelik dat hulle na ’n beter een verlang; na dit wat in die hemel is; daarom skaam God Hom nie vir hulle om húlle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle ’n stad voorberei.

17 Deur vertroue het Avraham, toe hy getoets is, Yitz’gak geoffer en sy enigste seun op die altaar gelê; hom wat hy as die belofte ontvang het,

18 aan wie gesê is: “In Yitz’gak sal jou nageslag genoem word.” [Gen 21:12]

19 Hy het vrede gemaak in homself dat dit in God se hand is om uit die dood uit op te wek, waaruit hy hom ook, om ’n vergelyking te maak, terug ontvang het.

20 Deur vertroue van wat nog moet gebeur, het Yitz’gak vir Ya’akov en `Esav geseën.

21 Deur vertroue het Ya’akov toe hy sterwend was, al die seuns van Yosef geseën en neergebuig op die knop van sy staf. [Gen 47:31]

22 Deur vertroue het Yosef, toe hy sterwend was, gepraat van die uittog van die seuns van Yisra’el en opdrag gegee aangaande sy gebeente. [Gen 50:24,25]

23 Deur vertroue het Mosheh se ouers hom, ná sy geboorte, drie maande lank weggesteek toe hulle gesien het dat die kind mooi was [Eks 2:1-10] en hulle was nie bang vir die opdrag van die koning nie.

24 Deur vertroue het Mosheh, toe hy grootgeword het, geweier om die seun van Farao se dogter genoem te word.

25 Hy het vir homself verkies om in droefheid saam met die mense van God te wees, eerder as om vir ’n kort tydjie sonde te geniet [Eks 2:11]

26 en die belediging van dié Gesalfde Een groter rykdom geag as die skatte van Mitzrayim, want hy het gefokus op die uitbetaling van die beloning.

27 Deur vertroue het hy weggegaan uit Mitzrayim, sonder om bang te wees vir die woede van die koning, want hy het uitgehou soos een wat God, die Onsienlike, sien.
28 Deur vertroue het hy die Pesag gehou en die bloed gesprinkel sodat hy wat die eersgeborenes vernietig het hulle nie kon aanraak nie.
29 Deur vertroue het hulle deur die Sufsee gegaan soos oor droë grond terwyl die Mitzrayimiete, toe hulle dit gewaag het, ingesluk is.
30 Deur vertroue het die mure van Yerigo geval nadat dit vir sewe dae omring was.
31 Deur vertroue het Ragav, die hoer, nie saam met die ongelowiges vergaan nie omdat sy die spioene in vrede ontvang het.
32 Wat sal ek nog meer sê? Daar is te min tyd om te vertel van Gid'on, Barak, Shimshon, Yiftag, Dawid, Sh'mu'el en die ander profete,
33 wat deur vertroue koninkryke oorwin en regverdige oordeel gebring het, beloftes ontvang het, die bekke van leeus toegemaak het, [Dan 6:23; 11:33]
34 die krag van vuur uitgeblus het, die skerpte van die swaard ontvlug het, versterk is vanuit siekte, kragtig in geveg geword en die kampe van die vyand omvergewerp het.
35 Hulle het aan vroue hulle seuns gegee wat opgestaan het uit die dood uit en ander is deur marteling dood, sonder om bevryding te verwag sodat hulle 'n beter opstanding kan verkry.
36 Ander het die toets van bespottinge en géselinge deurstaan, ander is aan kettings en selle oorgegee,
37 ander is gestenig, ander is in die helfte deurgesaag, ander is deur die swaard dood, ander het rondgeloop in skaap- en in bokvelle, het gebrek gely, is verdruk en geslaan.
38 Die wêreld was hierdie mense nie waardig nie; hulle was soos rondlopers in verlate plekke, op berge, in grotte en gate in die grond
39 en alhoewel hulle almal getuienis van vertroue gehad het, het hulle die belofte nie ontvang nie
40 omdat God vooruit gesien het om ons te help sodat hulle nie sonder ons die volmaaktheid sou bereik nie.

12 1 As gevolg hiervan, laat ook ons, wat so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, elke las en die sonde wat altyd gereed is vir ons, afgooi en met aanhoudende geduld die resies hardloop wat voor ons lê
2 en laat ons die oë hou op Yeshua, die Ontwerper en Voltooier van ons vertroue, wat ter wille van die vreugde, die kruis verdra het, die skande ignoreer het en sit op die regterkant van die troon van God. [Ps 110:1]
3 Let op, daarom, hoeveel Hy van sondaars, hulle wat teëstaanders van hulle eie lewe is, deurstaan het sodat julle nie in julself onverskillig word en julle lewe verswak nie.
4 Julle het tot nou toe nog nie met bloed weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie

5 en julle het weggedwaal van die lering wat tot julle as seuns praat: “My seun, moenie wegdraai van die vasgestelde pad van יהוה of verslap in jou lewe as jy deur Hom gedissiplineer word nie, Lev 26:23,28; 1 Kor 11:32
6 want יהוה dissiplineer hom wat Hy lief het en Hy ontvang hulle met wie Hy tevrede is.” Ps 39:12; Spr 3:11-12; 13:24
7 Verduur daarom die dissipline, want God behandel julle as seuns. Watter seun word nie deur sy vader gedissiplineer nie? Ps 94:12
8 As julle nie gedissiplineer word, soos elke persoon gedissiplineer word nie, dan is julle vreemdelinge en nie seuns nie.
9 As ons ons vleeslike vaders, wat ons na die menslike liggaam dissiplineer, respekteer; hoeveel te meer is ons nie verskuldig om ons aan ons geestelike Vader te onderwerp nie en ons sal lewe?
10 Want húlle het ons wel ’n kort tydjie, soos hulle wil, gedissiplineer, maar God tot ons voordeel sodat ons kan deel in Sy Afgesonderdheid. Ps 118:18
11 Elke dissiplinering, die oomblik wat dit gedoen word, lyk egter nie na ’n saak van blydskap nie, maar van treurigheid, maar later lewer dit vrugte van vrede en van onpartydige opregtheid op, deur dié wat deur Hom afgerig is. Spr 13:18; 15:31-33; Ya’a 3:18
12 Versterk daarom jou hande en versterk die lam knieë Yes 35:3
13 en maak reguit paaie vir julle voete Spr 4:26 sodat die lede wat kreupel is, nie wegval nie, maar gesond gemaak word.
14 Jaag vrede na met elke mens en jaag afgesonderdheid na, waarsonder niemand ons Meester sal sien nie.
15 Wees waaksaam dat niemand onder julle, sonder die onverdiende guns van God gevind word nie of dat ’n wortel van bitterheid Deut 29:18 ranke voortbring en jou skade aandoen en baie hierdeur besoedel word nie,
16 of dat iemand onder julle as seksuele oortreder en losbandig gevind word, soos `Esav, wat vir een maaltyd sy eersgeboortereg verkoop het, nie,
17 want julle weet dat hy, toe hy daarna die seën wou erf, verwerp is omdat hy geen herstel gevind het nie, al het hy dit met trane gesoek.
18 Hulle het nie nader gekom na die vuur wat brand en wat aangeraak kan word nie en ook nie na die duisternis, die donker mis, of die storm,
19 die klank van die ramshoring en die geluid van stemme, wat die hoorders verwerp het nie sodat dit nie bygevoeg sou word om met hulle te praat nie,
20 want hulle kon niks van die opdrag verdra nie: “selfs as ’n dier die berg aanraak, moes dit gestenig word.” Eks 19:12-13
21 So vreeslik was die gesig dat Mosheh gesê het: “Ek is bang en wankelend.” Deu 9:19
22 Julle het egter gekom by die berg Tziyon en die stad van die lewende God, die hemelse Yerushalayim en vergadering van tien duisende engele, Yeg 40:2
23 by die gemeente van eersgeborenes wat in die hemel opgeskrywe is en by God, die Regter van almal en by die geeste van die onskuldiges wat volmaak gemaak is
24 en by Yeshua, die Tussenganger van die nuwe verbond en die sprinkeling van bloed wat duideliker praat as dié van Hevel.

25 Pas op, daarom, dat julle Hom wat met julle praat, nie verwerp nie, want as húlle wat Hom verwerp, nie ontvlug het toe Hy op aarde met hulle gepraat het nie, hoeveel te meer óns wat Hom verwerp, nou dat Hy vanuit die hemel praat;
26 Wie se stem die aarde geskud het, maar nou het Hy belowe en gesê: "Nog een maal sal Ek nie alleen die aarde skud nie, maar ook die hemel." [Hag 2:6; Mat 24:29; Mar 13:25]
27 Hierdie woord: 'nog een maal,' wys duidelik op die verandering van die dinge wat geskud word sodat die wat nie geskud kan word nie, kan oorbly.
28 Omdat ons daarom die Koninkryk ontvang het wat onskudbaar is, sal ons onverdiende guns ontvang, waardeur ons God sal dien en tevrede stel in respekvolle vrees en in aanbidding, [1 Kef 2:5]
29 want ons God is 'n Verterende Vuur. [Eks 24:17; Deut 4:24; Deut 9:3; Yes 33:14]

13 1 Laat die liefde vir broers voortgaan tussen julle.
2 Vergeet nie die goedheid teenoor vreemdelinge nie, want daardeur was sommige waardig om onwetend, boodskappers te onthaal.
3 Onthou dié wat gevange geneem is, asof julle saam met hulle gevang is en dié wat mishandel word, as mense wat self liggame het.
4 Die huwelik is eerbaar in alle opsigte en hulle bed is rein, maar God sal seksuele oortreders en egbrekers oordeel. [Deut 23:1]
5 Julle gedagtes het nie geld liefgehad nie, maar laat, wat julle ook al het, vir julle genoeg wees, want יהוה het gesê: "Ek sal jou nooit in die steek laat en jou hand laat los nie." [Deut 4:31; Deut 31:6,8; Y'ho 1:5; Yes 49:14,15; Yir 51:5; 1 Kro 28:20]
6 Ons sê met vrymoedigheid: "My Meester is my Helper, ek sal nie vrees nie; wat sal 'n mens aan my doen?" [Ps 27:1; Ps 118:6]
7 Onthou julle gidse, die wat die boodskap van God aan julle verkondig; kyk na die resultate van hulle optrede en volg hulle vertroue na.
8 Yeshua, dié Gesalfde Een, is gister en vandag en tot in ewigheid dieselfde.
9 Moenie gelei word deur vreemde en veranderlike leringe waarvan die wat daarin leef, geen voordeel het nie, want dit is goed dat die verstand, wil en emosie versterk word deur onverdiende guns, nie deur kos nie.
10 Ons het 'n altaar, waarvan dié wat die Tabernakel bedien, geen outoriteit het om van te eet nie.
11 Die diere, waarvan die bloed ter wille van die sonde, deur die hoofpriester in die afgesonderde plek ingedra word, [Lev 16:27] se liggame word buitekant die kamp verbrand;
12 daarom het Yeshua ook, om die mense deur Sy eie bloed af te sonder, buitekant die stad gely;
13 daarom moet ons ook uitgaan na Hom toe, buitekant die kamp, terwyl ons Sy skande dra,
14 want ons het hier geen blywende stad nie, maar ons kyk uit vir die één wat kom.
15 Laat ons, deur Hom, altyd aan God 'n lofoffer bring, wat die vrug van die lippe is wat dank bring aan Sy Karakter en Outoriteit. [Rom 1:21]
16 Vergeet ook nie liefdadigheid en om te deel met die armes nie, want met sulke offers stel 'n mens God tevrede. [Ya'a 1:27]

17 Wees gehoorsaam aan julle leiers en onderwerp julle aan hulle sodat hulle dit met
blydskap kan doen en nie met klagtes nie, want dit is nie vir julle tot voordeel nie,
want hulle hou wag oor julle lewens, [Yir 29:7; Luk 10:16; Rom 13:1-7; 1 Kor 11:3] as mense wat
rekenskap moet gee.
18 Hou aan bid vir ons, want ons vertrou dat ons 'n goeie gewete het omdat ons in
alles goed wil leef,
19 maar, spesiaal vra ek julle, om dit te doen sodat ek gouer na julle toe kan
terugkom.
20 Die God van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid, wat die
groot Herder van die skape, Yeshua, dié Gesalfde Een, ons Meester, deur die bloed
van die ewige verbond uit die dood uit gebring het;
21 Hy sal julle volmaak maak [Mat 5:48; 2 Tim 3:17] in elke goeie daad, om Sy wil te doen en
Hy sal ín ons alles wat uitstekend is voor Hom, deur Yeshua, dié Gesalfde Een, aan
Wie die lof, eer en waarde toekom tot in tydlose ewigheid, uitvoer! Dit is waar!
22 Ek doen 'n beroep op julle, broers, wees geduldig in julle gees met die boodskap
van opheffing, want ek het maar kort aan julle geskryf.
23 Weet dat ons broer Timoteos vrygelaat is en, as hy gou kom, sal ek julle saam met
hom sien.
24 Stuur vrede vir al julle leiers en al die afgesonderdes. Almal wat van Italië is, groet
julle.
25 Die onverdiende guns bly by julle almal! Dit is waar.

Die sewe-en-twintigste boek van die Nuwe Verbond

Die Openbaring van Yeshua, dié Gesalfde Een, soos gegee aan Yoganan, een van die twaalf afgevaardigdes van Yeshua.

# Gilyana

(Openbaring)

Dit is rondom die jaar 55, op die eiland Patmos, waarheen Yoganan deur Keiser Nero verban is, geskryf.

In Afrikaans vertaal vanuit "John Gwynn's edition of the General Epistles from The Crawford Aramaic manuscript," vanuit Aramees - die taal wat Yeshua gepraat het.

1 1 Die openbaring van Yeshua, dié Gesalfde Een, wat God aan Hom gegee het om aan
Sy diensknegte te wys, wát gegee is om gou te gebeur en wat Hy simbolies verduidelik
het toe Hy dit deur Sy boodskapper aan Sy dienskneg Yoganan gestuur het;
2 hy wat getuig het van die boodskap van God en van die getuienis van Yeshua, dié
Gesalfde Een; alles wat hy gesien het.
3 Sy seën aan dié een wat die boodskap van dié profesie lees en aan dié wat dit hoor
en doen wat daarin geskryf is, [Eks 24:7] want die tyd is naby.
4 Yoganan, aan sewe gemeentes in Asië: onverdiende guns vir julle en vrede, vreugde,
gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid van Hom wat is en wat was en wat
kom, [Eks 3:14] van die sewe Geeste wat voor Sy troon is [Yes 11:2]
5 en van Yeshua, dié Gesalfde Een, die betroubare Getuie, die Eersgeborene uit die
dood en die Heerser oor die konings van die aarde; Hy wat ons lief het, ons van ons
sondes losgemaak het deur Sy bloed [Yes 49:6-8, 26]
6 en ons 'n koninkryk van priesters [Yes 61:6; 1 Kef 2:5,9] gemaak het vir God, Sy Vader, aan
Hom die eer, lof, grootheid en die heerskappy vir tydlose ewigheid! Dit is waar.
7 Let op, Hy kom met die wolke en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom
deursteek het [Mar 14:62; Luk 24:51; Hand 1:11] en al die families van die aarde sal oor Hom rou.
Ja, dit is waar! [Z'kh 12:10,12,14]
8 "Ek is die Alef en ook die Tau," sê יהוה-God; Hy wat is en wat was [Eks 3:14] en wat
kom; Hy wat alles vashou.
9 Ek is Yoganan, julle broer en deelgenoot in die lyding en in die volharding wat
in Yeshua is. Ek was op die eiland wat Patmos genoem word as gevolg van die
boodskap van God en as gevolg van die getuienis van Yeshua, dié Gesalfde Een.
10 Ek was in die Gees op die eerste dag van die week en ek het agter my 'n harde Stem
gehoor, soos van 'n ramshoring,
11 wat sê: "Skryf wat jy sien in 'n rol en stuur dit vir sewe gemeentes: na Efesos,
Smurna, Pergamos, Thuateira, Sardis, Filadelfeia en Laodikeia."
12 Ek het omgedraai om uit te vind watter Stem met my gepraat het en toe ek my
omgedraai het, sien ek sewe goue kandelare
13 en tussen die kandelare, Een wat lyk soos 'n mens, met 'n skouerkleed aan en met
'n goue gordel [Eks 28] om die bors.
14 Sy kop en hare was wit, soos wol en soos sneeu; Sy oë soos vlamme van vuur;
15 Sy voete soos brons vanaf L'vanon wat gesuiwer is in 'n oond en Sy stem soos die
klank van baie water. [Yeg 1:24; 43:2]
16 Hy hou sewe sterre vas in Sy regterhand; 'n skerp swaard het uit Sy mond [Yes 49:1-3]
uitgegaan [Open 2:12,16; 19:15-21] en ek het Hom gesien soos die son wat verskyn in sy volle krag.
17 Toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan Sy voete [Yeg 1:28] en Hy het Sy regterhand
op my gelê en vir my gesê: "Moenie bang wees nie, want Ek is die Eerste en die
Finale
18 en die Lewende [Y'ho 3:10; Ps 42:3; 84:3] en Ek was dood en let op, Ek leef vir tydlose
ewigheid. Dit is waar. Ek het die sleutels van Sh'ol [Yeg 37:13; Hos 13:14] en van die dood.
19 Skryf daarom neer alles wat jy gesien het, dié wat reeds is, sowel as dié wat hierna
gaan gebeur.

20 Die geheim van daardie sewe sterre wat jy in My regterhand gesien het en die sewe goue kandelare: die sewe sterre is die boodskappers van sewe gemeentes en die sewe kandelare wat jy gesien het, is sewe gemeentes.

2 1 Skryf vir die boodskapper van die gemeente in Efesos: 'Dít sê Hy wat sewe sterre in Sy hand hou, wat loop tussen die goue kandelare:

2 "Ek ken jou dade, jou harde werk en jou geduld, dat jy bose mense nie kan verdra nie en dat jy dié getoets het wat sê dat hulle afgevaardigdes is en dit nie is nie en gevind het dat hulle vals is

3 en dat jy volhard en uithou ter wille van My Karakter en Outoriteit (Naam) en nie moeg geword het nie, Luk 21:19; 1 Yog 5:13

4 maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het.

5 Onthou van waaruit jy gekom het en doen die dade van vroeër, anders kom Ek teen jou en Ek sal jou kandelaar wegvat as jy nie wegdraai van jou sonde na God toe nie,

6 maar dit het jy, dat jy die dade van Nikolaita haat, wat Ek ook haat."

7 Hy wat ore het, luister wat die Gees vir die gemeentes sê: "Aan die wat die oorwinning behaal, sal Ek gee om te eet van die Boom-van-die-Lewe, wat in God se paradys is".' Gen 2:9; Spr 3:18; Luk 21:19; Open 22:14

8 Skryf vir die boodskapper van die gemeente in Smurna: 'Dít sê die Eerste en die Finale, wat dood was en lewe:

9 "Ek ken jou lyding en jou armoede, maar jy is ryk; Ek ken ook die kwaadpraat van dié wat sê dat hulle Jode van Y'hudah is terwyl hulle dit nie is nie, maar deelgenote van die teëstander.

10 Moenie bang wees vir enige iets wat jy gaan ly nie. Let op, die teëstander gaan sommige van julle in die tronk gooi om getoets te word en julle sal tien dae lank lyding hê. Wees vol vertroue tot die dood toe en Ek sal vir jou 'n kroon van lewe gee".'

11 Hy wat 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees vir die gemeentes sê: "Die wat volhard totdat die oorwinning behaal is, sal nie deur die tweede dood seergemaak word nie".'

12 Skryf vir die boodskapper wat in die gemeente in Pergamos is: 'Dít sê Hy wat die skerp swaard met twee snykante het: Yes 49:2; Open 1:16; 2:16; 19:15-21

13 "Ek ken die plek waar jy bly, waar die troon van die teëstander is, dat jy steeds vashou aan My Karakter en Outoriteit en My vertroue nie verwerp het nie; in die tyd toe jy en My getroue getuie gestry het namens al My getroue getuies, is hy vermoor tussen julle,

14 maar Ek het sekere dinge teen jou: dat jy mense daar het wat vashou aan die leer van Bil'am, wat vir Balak geleer het om 'n struikelblok voor die seuns van Yisra'el te gooi, om offers aan afgode te eet en om seksueel immoreel te wees. Deut 23:1

15 Jy het ook, net so, mense wat vashou aan die leer van Nikolaita.

16 Draai daarom terug, anders kom Ek dadelik op jou af en sal met die swaard van My mond teen julle oorlog maak." Yes 49:2; Open 1:16; 2:12; 19:15-21

17 Hy wat ’n oor het, laat hom hoor wat die Gees vir die gemeentes sê: “Aan hom wat die oorwinning behaal, sal Ek gee om te eet van die versteekte ‘man hu’ en Ek sal vir hom ’n wit klippie gee en op dié klippie is ’n nuwe naam (karakter en outoriteit) geskryf wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit kry”.’ [Yes 62:2; 65:15]
18 Skryf vir die boodskapper wat in die gemeente in Thuateira is: ‘Dít sê die Seun van God; Hy wat oë het soos vlamme van vuur en voete soos brons van die L’vanon:
19 “Ek ken jou dade, jou liefde, jou vertroue, jou dienswerk, jou volharding en dat jou dade nou meer is as aan die begin,
20 maar Ek het baie teen jou, want jy laat jou vrou, Izevel, wat van haarself sê dat sy ’n profetes is, toe om My diensknegte te leer [1 Tim 2:12] en hulle te mislei om seksueel immoreel te wees en om offers aan afgode te eet
21 en Ek het haar tyd gegee om te erken en weg te draai na God toe en sy het gekies om nie van haar seksuele immoraliteit af weg te draai nie.
22 Let op, Ek gooi haar en dié wat met haar hoereer, in ’n kis, in groot lyding, as hulle nie hulle dade erken en wegdraai na God toe nie
23 en haar seuns sal Ek doodmaak in die dood en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat die niere, verstand, wil en emosie deursoek en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy dade.
24 Ek sê vir julle ander wat in Thuateira is, almal wat nie hierdie leer vashou en nie ‘die dieptes van die teëstander ken,’ soos hulle dit noem, nie: Ek sal geen ander las op julle lê nie.
25 Hou daarom net vas totdat Ek kom.
26 Aan hom wat volhard totdat die oorwinning behaal is en My dade doen, sal Ek outoriteit gee oor die nasies,
27 om vir hulle ’n herder te wees met ’n ysterstaf. Soos erdegoed sal jy hulle stukkend slaan, want net so het Ek ook van My Vader ontvang [Ps 2:9; Open 19:15]
28 en Ek sal vir hom die môrester gee.
29 Hy wat ’n oor het, laat hom hoor wat die Gees vir die gemeentes sê.’

3 1 Skryf vir die boodskapper wat in die gemeente in Sardis is: ‘Dít sê Hy wat die sewe Geeste van God [Yes 11:2] en sewe sterre het: “Ek ken jou dade, dat jy ’n naam het dat jy leef, maar dat jy dood is.
2 Wees waaksaam en versterk die wat oorbly, wat op die punt staan om dood te gaan, want Ek het jou dade onvolmaak voor God gevind.
3 Onthou hoe jy ontvang en gehoor het en doen dít en keer terug. As jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos ’n dief en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou sal afkom nie, [2 Kef 3:10; 1 Thes 5:2]
4 maar daar is vir My ’n paar name in Sardis wat nie hulle klere bevuil het nie en hulle loop voor My in wit klere en hulle is waardig.
5 Hy wat op hierdie manier volhard totdat die oorwinning behaal is, sal aangetrek word met wit klere en Ek sal nie sy naam uitvee uit die boekrol van die lewe nie en Ek sal sy naam bely voor My Vader en voor Sy engele.
6 Wie ook al ’n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.’

7 Skryf aan die boodskapper van die gemeente in Filadelfeia: Dít sê HaKadosh (die Afgesonderde Een), die Waarheid; Hy wat die sleutel van Dawid het; Die Een wat oopmaak en daar is niemand wat sluit nie en sluit en daar is niemand wat oopmaak nie. [Yes 22:22]
8 "Ek ken jou dade. Let op, Ek het voor jou 'n oop deur gegee en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het My boodskap uitgevoer en My Karakter en Outoriteit nie verwerp nie.
9 Let op, Ek kies uit die bymekaarkomplek van die teëstander, van dié wat van hulleself sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg. Let op, Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerval en weet dat Ek jou lief het
10 omdat jy My boodskap van volharding uitgevoer het, sal Ek jou ook beskerm in die tyd van toetsing, wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde te toets.
11 Ek kom gou! Hou vas wat jy het sodat iemand nie dalk jou kroon wegvat nie.
12 Wie volhard totdat die oorwinning behaal is, sal Ek 'n pilaar in die tempel van God maak en hy sal daar nie weer uitgaan nie en Ek sal op hom die Naam van My God en die naam van die stad, die nuwe Yerushalayim, wat vanaf My God afdaal en My nuwe Naam, skryf.
13 Die een wat 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.'
14 Skryf vir die boodskapper van die gemeente van die Laodikeine: 'Dít sê die Versekerde Waarheid, die Vertrouenswaardige en ware Getuie en die Hoof van die skepping van God:
15 Ek ken jou dade, dat jy nie koud of warm is nie, want dit is nodig dat jy of koud sal wees, of warm
16 en jy is lou en nie koud of warm nie. Ek gaan jou uit My mond uitspoeg,
17 want jy sê: 'Ek is ryk en welvarend [Deut 8:17,18; Yir 9:22,23; Hos 12:9] en het niks nodig nie' en jy verstaan nie dat jý siek, bejammeringswaardig, arm en kaal is nie.
18 Ek beveel aan dat jy van My goud, wat deur vuur gesuiwer is, koop sodat jy voorspoedig kan word en wit klere sodat jy jou kan aantrek en die skande van jou kaalheid nie gewys word nie en oogsalf om jou te salf sodat jy kan sien.
19 Ek bestraf en dissiplineer dié wat Ek lief het. [Heb 12:5-13] Wees daarom ywerig en keer terug.
20 Let op, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand My stem hoor en luister en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom eet en hy met My.
21 Aan hom wat volhard totdat die oorwinning behaal is, sal Ek gee om saam met My op My troon te sit, net soos Ek die oorwinning behaal het en saam met My Vader op Sy troon sit.
22 Wie ook al 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees vir die gemeentes sê.'"

4 1 Let op, ná hierdie dinge het ek ook 'n oop deur in die hemel gesien en die eerste Stem, wat ek soos 'n ramshoring met my hoor praat het, het gesê: "Kom op hierheen en Ek sal jou wys wat bepaal is om ná hierdie dinge te gebeur."
2 Dadelik was ek in die Gees en, let op, daar staan 'n troon in die hemel en op die troon sit Hy!

3 Hy wat daarop sit het soos die stene rooi-kwarts-jaspis en rooi en wit sardius (robyne) gelyk en rondom die troon, wat gelyk het soos ’n smarag, was ’n reënboog.
4 Rondom die troon was daar vier en twintig trone en op die trone het die vier en twintig oudstes gesit, aangetrek in wit klere en met goue krone op hulle koppe
5 en daar het weerligte, donderslae en stemme vanuit die troon uitgegaan en sewe brandende lampe was voor dit, wat die sewe Geeste van God is. Yes 11:2
6 Voor die troon was daar ’n see van glas wat soos kristal gelyk het en in die middel, rondom die troon, was daar vier wesens vol oë van voor en van agter.
7 Die eerste wese was soos ’n leeu, die tweede wese het gelyk soos ’n kalf, die derde wese het ’n gesig gehad soos van ’n mens en die vierde wese het gelyk soos ’n arend wat vlieg. Yeg 1:10
8 Die vier wesens het gestaan en elkeen het ses vlerke aangeheg gehad, wat rondom en van binne vol oë was en hulle het dag en nag nie stilgebly nie en gesê: “Afgesonderd, Afgesonderd, Afgesonderd is יהוה-God wat alles vashou; Hy wat is en wat was en wat kom!” Eks 3:14
9 Wanneer die wesens eer, lof, aanbidding, waarde en aanvaarding van onverdiende guns gee aan Hom wat op die troon sit, wat vir tydlose ewigheid lewe, dit is waar,
10 val die vier en twintig oudstes neer voor Hom wat op die troon sit en aanbid die Lewende Een tot in tydlose ewigheid, dit is waar. Hulle gooi hulle krone voor die troon terwyl hulle sê:
11 “U is waardig, ons Meester en ons God, om die eer, lof, aanbidding en die krag te ontvang, want U het alles geskep en vir U plesier bestaan hulle en is hulle geskep.”

5 1 Ek het aan die regterkant van Hom wat op die troon sit, ’n boekrol gesien, met binne en buite op geskryf en met sewe seëls verseël
2 en ek het ’n ander kragtige boodskapper gesien, wat met ’n harde stem verkondig: “Wie is waardig om die boekrol oop te maak en sy seëls los te breek?”
3 Niemand in die hemel of op die aarde of onder die aarde was in staat om die boekrol of sy seëls oop te maak, of daarin te kyk nie Yes 59:16; 63:5
4 en ek het baie gehuil omdat daar niemand waardig gevind is om die boekrol oop te maak of sy seëls los te breek nie.
5 Een van die oudstes sê vir my: “Moenie huil nie. Let op, die Leeu vanuit die stam van Y’hudah, Gen 49:9-10 die wortel van Dawid, Yes 11:1-10 is waardig om die boekrol en sy sewe seëls oop te maak.”
6 Ek het gesien, let op, tussen die troon, die vier wesens en die oudstes, staan daar ’n Lam asof Hy geslag is, Yes 53:7-8 met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is, wat uitgestuur is oor die hele aarde.
7 Hy het gekom en die boekrol gevat uit die hand van Hom wat op die troon sit.
8 Toe Hy die boekrol ontvang het, val die vier wesens en die vier en twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met ’n snaarinstrument en ’n goue bak vol soet speserye, wat die gebede van die afgesonderdes is,

9 wat ’n nuwe lofprysingslied sing [Ps 98:1] en sê: “U is waardig om die boekrol op te tel
en sy seëls los te maak, want U is doodgemaak en het ons vanuit elke stam, volk en
nasie, met U bloed, vir God losgekoop [Hand 10:35]
10 en U het hulle, vir ons God se Koninkryk, priesters en konings gemaak en hulle sal
oor die aarde heers.” [Gen 1:26,28; Eks 19:6; Yes 61:6; 1 Kef 2:5,9]
11 Ek sien en hoor die stemme van baie engele rondom die troon en van die wesens
en die ouderlinge en hulle getalle was tien duisende van tien duisende en duisende
van duisende
12 en hulle het met ’n harde stem gesê: “Die Lam wat doodgemaak is, is waardig om
die krag, rykdom, wysheid, mag, eer, lof, grootheid en seën te ontvang.”
13 Elke skepsel wat in die hemel, op die aarde, onder die aarde en in die see is; alles
wat daarin is, het ek gehoor sê: “Aan Hom wat op die troon sit en aan die Lam:
Seën, eer, lof, grootheid en heerskappy vir tydlose ewigheid!” [Dan 7:9-14; Yog 16:14; 17:10]
14 Toe die vier wesens sê: “Dit is waar!” val die vier en twintig oudstes neer en betoon
eer aan Hom.

6 1 [Z’kh 6:2-3] Ek het gesien toe die Lam die eerste van die seëls oopmaak en ek het een
van die vier wesens, met ’n stem soos die van ’n donderslag, hoor sê: “Kom en
kyk!”
2 Ek het gehoor en gesien, let op, daar was ’n wit perd en hy wat daarop sit, het ’n
boog en aan hom is ’n kroon gegee en hy het uitgegaan om te oorwin en het oorwin
en oorwinning gegee.
3 Toe Hy die tweede seël oopgemaak het, hoor ek die tweede wese sê: “Kom!”
4 ’n Perd, ’n rooie, het uitgegaan en aan hom wat daarop sit, is gegee om die vrede
van die aarde af weg te vat sodat elkeen sou doodmaak en ’n groot swaard is aan
hom gegee.
5 Toe Hy die derde seël oopgemaak het, hoor ek die derde wese sê: “Kom!” Let op, ’n
swart perd en hy wat daarop sit, het ’n weegskaal in sy hand
6 en ek het ’n stem tussen die vier wesens hoor sê: “’n Kilogram graan vir ’n denarion
en drie kilogram gars vir ’n denarion en moenie die olyfolie en die wyn beskadig
nie.”
7 Toe Hy die vierde seël oopgemaak het, hoor ek die stem van die vierde wese sê:
“Kom!”
8 Ek het gesien en let op, daar was ’n bleek perd en hy wat daarop sit se karakter en
outoriteit is ‘Dood’ en Sh’ol het by hom aangesluit. Aan hom is outoriteit gegee
om ’n kwart van die wêreld dood te maak met die swaard, hongersnood, dodelike
siektes en deur die wilde diere van die aarde.
9 Toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die geeste van dié wat
vermoor is ter wille van die boodskap van God en ter wille van die getuienis wat
hulle van Yeshua gehad het
10 en hulle het met ’n harde stem uitgeroep en gesê: “יהוה, Afgesonderd en Waar, hoe
lank nog voordat U die inwoners van die aarde gaan oordeel en terugbetaal vir ons
bloed?” [Ps 79:10]

11 Aan elkeen van hulle is lang wit klere gegee en gesê dat hulle nog ’n klein rukkie moes rus totdat die volle getal van hulle deelgenote en broers, wat ook nog doodgemaak sou word, net soos hulle, bereik sou word.
12 Ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het en daar het ’n groot aardbewing gekom, die son het swart geword soos ’n harige sak, die maan het volkome soos bloed geword,
13 die sterre van die hemel het bo die aarde geval, soos ’n vyeboom wat deur ’n groot wind geskud word sy na-vye laat afval;
14 die hemele is verdeel en soos boekrolle opgerol, al die berge en eilande is van hulle plekke af beweeg
15 en die konings van die aarde, die prinse, die kapteins oor duisend, die rykes, die magtiges, al die slawe en al die vrymense het weggekruip in die grotte en tussen die rotse van die berge
16 en vir die berge en die rotse gesê: “Val op ons en steek ons weg [Hos 10:8] van die Teenwoordigheid van die Lam, [Yog 5:22; Hand 17:31; Rom 2:16]
17 want die groot dag van Sy wraak [Yes 2:12; Yir 46:10; Tz’f 1:18; 2:2-3] het gekom en wie is in staat om te staan?”

7 1 Ná hierdie dinge het ek vier boodskappers oor die vier hoeke van die aarde sien staan en hulle het die vier winde van die aarde vasgehou sodat die wind nie sou waai oor die aarde of oor die see of oor enige boom nie.
2 Ek het ook ’n ander boodskapper sien opkom vanuit die opkomende son (ooste) met die seël van die lewende God en hy het met ’n harde stem geroep na die vier boodskappers aan wie dit gegee is om die aarde en die see skade te berokken
3 en gesê: “Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van ons God tussen hulle oë [Yeg 9:4] verseël het nie.”
4 Ek het die getal van die verseëldes gehoor: [Z’kh 9:14-16] een honderd vier en veertig duisend vanuit al die stamme van Yisra’el:
5 Uit die stam van Y’hudah twaalf duisend;
uit die stam van Re’uven twaalf duisend;
uit die stam van Gad twaalf duisend;
6 uit die stam van Asher twaalf duisend;
uit die stam van Naftali twaalf duisend;
uit die stam van M’nasheh twaalf duisend;
7 uit die stam van Shim’on twaalf duisend;
uit die stam van Levi twaalf duisend;
uit die stam van Yissakhar twaalf duisend;
8 uit die stam van Z’vulun twaalf duisend;
uit die stam van Yosef twaalf duisend;
uit die stam van Binyamin twaalf duisend verseëldes.
9 Ná hierdie dinge het ek ’n menigte uit alle volke, stamgroepe, nasies en tale gesien, wat niemand kon tel nie, wat staan voor die Troon en voor Hom wat die Lam is, aangetrek in wit klere en met palmtakke in hulle hande

10 en hulle het met ’n harde stem geroep en gesê: “Verlossing behoort aan ons God, aan Hom wat op die troon sit en aan die Lam!”
11 Al die engele het rondom die troon, die oudstes en die vier wesens gestaan en hulle het voor die troon op hulle gesigte neergeval
12 terwyl hulle sê: “Dit is waar! Die lof, eer, aanbidding, seën, wysheid, aanvaarding van onverdiende guns, die krag en die sterkte behoort aan ons God tot in tydlose ewigheid! Dit is waar.”
13 Een van die oudstes het reageer en vir my gesê: “Wie is hulle wat met wit klere aangetrek is en van waar het hulle gekom?”
14 Ek sê vir hom: “Meneer, u weet.” En hy sê vir my: “Dit is hulle wat uit groot lyding kom [Dan 12:1] en hulle het hul klere gewas en wit gemaak in die bloed van die Lam
15 en is daarom voor die troon van God en dien Hom dag en nag in die tempel en Hy wat op die troon sit, sal by hulle bly. [Yeg 37:27]
16 Hulle sal nooit honger wees en nooit dors hê nie en nie die son of enige hitte sal op hulle brand nie, [Yes 49:10]
17 want die Lam wat in die middel van die troon is, sal vir hulle soos ’n herder wees, hulle lei na die lewe en na fonteine van lewende water en sal elke traan van hulle oë afvee.” [Yes 49:10; Yeg 34:23; Yog 4:10]

8 1 Toe Hy die sewende seël oopgemaak het, kom daar stilte in die hemel soos vir ’n halfuur lank
2 en ek het sewe engele gesien, hulle wat in God se Teenwoordigheid staan, aan wie sewe ramshorings gegee is.
3 ’n Ander engel het gekom en met ’n goue wierookbak by die altaar gaan staan en baie wierook is aan hom gegee om saam met die gebede van al die afgesonderdes, voor die troon, op die goue altaar te gooi
4 en die rook van die wierook het, saam met die gebede van die afgesonderdes, uit die hand van die engel opgegaan voor God.
5 Die engel het die wierookbak gevat en dit met vuur van die altaar af volgemaak en dit oor die aarde gegooi en daar was donderslae, stemme, weerlig en aardbewings.
6 Die sewe engele met die sewe ramshorings het hulle gereed gemaak om te blaas.
7 Die eerste het geblaas en daar was hael en vuur, met water gemeng, wat op die aarde gegooi is en ’n derde van die aarde, ’n derde van die bome en al die groen gras het verbrand.
8 Die tweede het geblaas en iets, soos ’n groot brandende berg, het in die see geval en ’n derde van die see het bloed geword.
9 ’n Derde van alles wat in die see geskep is en lewe, het gesterf en ’n derde van die skepe is vernietig.
10 Die derde het geblaas en ’n groot ster, wat soos ’n fakkel brand, het uit die hemel geval en dit het op ’n derde van die riviere en op die waterfonteine geval.
11 Die naam van die ster word Wilde-als (Apsythna) genoem en ’n derde van die waters het soos als(em)kruid geword en baie mense het doodgegaan van die water omdat dit bitter geword het.

12 Die vierde het geblaas en ’n derde van die son, ’n derde van die maan en ’n derde van die sterre is verslind sodat ’n derde van hulle donker geword het en ’n derde van die dag het nie verskyn nie en net so van die nag.

13 Ek het ’n arend wat in die lug vlieg gehoor wat sê: “Wee, wee, wee aan die wat op die aarde bly, as gevolg van die klank van die ramshorings van die drie boodskappers wat nog sal blaas!”

9 1 Die vyfde het geblaas en ek sien ’n ster wat uit die lug uit op die aarde geval het en aan hom is die sleutel van die bodemlose put gegee.

2 Daar het rook opgekom uit die put, soos die rook van ’n groot hoogoond wat warm gemaak is en die son en die lug is deur die rook uit die put verduister

3 en vanuit die rook het daar sprinkane oor die aarde uitgegaan en aan hulle is die krag gegee wat die skerpioene van die aarde het.

4 Vir hulle is gesê dat hulle nie die gras van die aarde of enige groenigheid of enige boom mag beskadig nie, maar slegs die mense wat nie die seël van God tussen hulle oë het nie

5 en dit is aan hulle gegee, nie om hulle dood te maak nie, maar dat hulle vyf maande lank gepynig sou word en hulle pyniging was soos die pyniging van ’n skerpioen, wanneer hy ’n mens aanval.

6 In dié dae sal die mense die dood soek en dit nie kry nie en hulle sal begeer om dood te gaan en die dood sal van hulle af wegvlug.

7 Die sprinkane het gelyk soos perde wat voorberei is vir die oorlog; op hulle koppe was iets wat gelyk het soos krone van goud en hulle gesigte was soos die gesigte van mense;

8 hulle het hare gehad soos dié van vroue, hulle tande was soos dié van leeus,

9 hulle het borsplate gehad soos van yster, die klank van hulle vlerke was soos die klank van baie strydwaens met perde, wat hardloop na die geveg

10 en hulle het sterte gehad wat lyk soos dié van skerpioene met die angels in hulle sterte en hulle outoriteit was om die mense vyf maande lank seer te maak.

11 Hulle het as koning oor hulle die engel van die bodemlose put. Sy naam in Hebreeus is Abaddon (werker) en in Aramees het hy die naam Shra (sterk of getrou).

12 Die eerste ‘wee’ het verbygegaan. Let op, hierna kom daar nog twee ‘weë!’

13 Na hierdie dinge het die sesde boodskapper geblaas en ek het ’n stem gehoor vanuit die vier horings van die goue altaar wat voor God is

14 en dié het aan die sesde boodskapper met die ramshoring gesê: “Maak die vier engele los wat vasgebind is by die groot rivier, die Eufrates.”

15 Die vier engele is losgemaak, wat gereed gemaak is vir dié uur, dag, maand en jaar, om ’n derde van die mense dood te maak.

16 Die getal van die berede soldate was tweehonderd miljoen (200 000 000)! Ek het hulle getal gehoor.

17 Op hierdie manier het ek in die visioen die perde gesien en die wat op hulle sit, met borsplate van vuur, jakinth en swael. Die koppe van die perde was soos leeukoppe en vuur, swael en rook het uit hulle bekke uitgegaan.

18 Deur hierdie drie plae is ’n derde van die mense doodgemaak deur die vuur, die rook en die swael wat uit hulle bekke uitgegaan het,
19 want die outoriteit van die perde is in hulle bekke en in hulle sterte.
20 Die res van die mense, wat nie deur hierdie plae doodgemaak is nie, het ook nie weggedraai van die werke van hulle hande nie, Ps 115:4-7; 135:15-17; Dan 5:23 of om demone en afgode van goud, silwer, koper, hout en klip, wat nie kan sien, hoor of beweeg, te aanbid nie
21 en nie weggedraai van hulle moorde, hulle toordery, heksery en van hulle seksuele immoraliteit nie.

10 1 Ek het ’n ander boodskapper uit die hemel sien afkom. Hy was aangetrek met ’n wolk, met ’n reënboog in die lug oor sy kop; hy het gelyk soos die son en sy bene soos pilare van vuur
2 en in sy hand het hy ’n klein boekrolletjie gehad, wat oop was en hy het sy regtervoet op die see gesit, maar sy linkervoet op die land.
3 Hy het met ’n harde stem uitgeroep, soos ’n leeu wat brul en nadat hy uitgeroep het, het sewe donderslae hulle stemme laat hoor.
4 Toe die sewe donderslae gepraat het, was ek gereed om te skryf, maar ek het ’n stem uit die hemel, die sewende boodskapper, vir my hoor sê: “Verseël dit wat die sewe donderslae gesê het en skryf dit nie op nie.”
5 Die boodskapper wat ek op die see en op die droë land sien staan het, het sy hand na die hemel opgelig
6 en gesweer by Hom wat vir tydlose ewigheid lewe - Deut 32:40; Dan 12:7 Hy wat die hemele en wat daarin is, die aarde en wat daarin is en die see en wat daarin is, geskape het - dat daar weer nie tyd sal wees nie, Eks 20:11; Neg 9:6; Ps 146:6
7 maar in die dae wanneer die sewende boodskapper geblaas het, is die geheime van God voltooi, wat Hy verkondig het aan Sy diensknegte, die profete.
8 Die stem wat ek uit die hemel gehoor het, het weer met my gepraat en gesê: “Gaan, vat die klein boekrolletjie in die hand van die boodskapper wat op die land en op die see staan.”
9 Ek het na die boodskapper gegaan en vir hom gesê: “Gee vir my die klein boekrolletjie.” Hy sê vir my: “Vat en eet dit Yir 15:16; Yeg 2:8-3:3 en dit sal bitter wees in jou maag, maar in jou mond sal dit soos heuning wees.”
10 Ek vat die klein boekrolletjie uit die hand van die boodskapper en eet dit en in my mond was dit so soet soos heuning, maar toe ek dit geëet het, was my maag bitter.
11 Hy het vir my gesê: “Daar word weer vir jou tyd gegee om te profeteer oor baie volke, nasies, tale en konings.”

11 1 ’n Riet, soos ’n staf, is aan my gegee en die boodskapper het gestaan en gesê: “Staan op en meet die tempel van God, die altaar en dié wat daar aanbid,
2 maar die buitekant om die binnehof van die tempel moet jy uitsluit en dit nie meet nie, want dit is aan die ander nasies gegee en hulle sal die afgesonderde stad twee en veertig maande lank vertrap
3 en Ek sal My twee getuies gee om vir een duisend twee honderd en sestig (1260) dae lank te profeteer, aangetrek in sakke.

4 Hulle is die twee olyfbome [Z'kh 4:3,14] en die twee kandelare wat voor die Meester van die hele aarde staan
5 en as iemand hulle wil skade aandoen, gaan daar vuur uit hulle mond en verteer hulle vyande; [Yir 5:14] so is dit gegee dat hulle wat hul wil seermaak, doodgemaak word.
6 Hulle het outoriteit om die lugruim toe te sluit sodat daar tydens die dae van hulle profesie geen reën val nie en hulle het outoriteit oor die waters, om dit in bloed te verander en om die aarde te slaan met allerhande plae, so veel as wat hulle wil.
7 Wanneer hulle getuienis voltooi is, sal die dier wat uit die see uit opkom, teen hulle oorlog voer en hulle oorwin en hulle doodmaak
8 en hulle lyke sal op die straat van die groot stad, wat geestelik S'dom en Mitzrayim genoem word, waar hulle Meester gekruisig is, lê.
9 Mense vanuit die volke, stamme, tale en nasies sal hulle lyke drie en 'n halwe dag lank sien en nie toelaat dat hulle lyke in grafte gelê word nie.
10 Die bewoners van die aarde sal bly wees oor hulle en hulle verheug en sal vir mekaar geskenke stuur, as gevolg van dié twee profete wat die bewoners van die aarde gepynig het.
11 Ná drie en 'n halwe dag het 'n gees van lewe vanaf God in hulle ingegaan en hulle het op hulle voete gaan staan en die Gees van lewe het op hulle geval en groot vrees het die wat hulle gesien het, oorval
12 en hulle het 'n harde stem uit die hemel vir hulle hoor sê: 'Kom op hierheen!' Hulle het opgegaan na die hemel in 'n wolk en hulle vyande het na hulle gestaar.
13 Op daardie oomblik het daar 'n groot aardbewing gekom en een uit elke tien stede het geval en sewe duisend mense is in die aardbewing dood en die ander het bang geword en aan God wat in die hemel is eer, lof en aanbidding gebring."
14 Let op, twee weë het verbygegaan en let op, die derde 'wee' kom dadelik.
15 Die sewende boodskapper het geblaas en daar was harde stemme in die hemel wat sê: "Die koninkryk van die wêreld het die Koninkryk van ons God en van Sy Gesalfde Een geword en Hy sal heers vir tydlose ewigheid."
16 Die vier en twintig oudstes wat in die Teenwoordigheid van God op hulle trone sit, het op hulle gesigte geval, God aanbid
17 en gesê: "Ons dank U, יהוה-God, wat alles vashou, wat is en wat was, [Eks 3:14,15] want U het U groot krag opgeneem en geheers.
18 Die nasies was woedend en U woede het gekom en die tyd dat die wat dood is, geoordeel sal word en U beloning sal gee aan U diensknegte, die profete, aan die afgesonderdes en aan dié wat U Karakter en Outoriteit respekvol vrees, klein en groot en U sal hulle wat die aarde korrup gemaak het vernietig."
19 Die tempel in die hemel is oopgemaak en die ark van die verbond is in Sy tempel gesien en daar was weerlig, stemme, donderslae, aardbewings en groot hael. [Yir 3:16]

12 1 'n Groot teken het in die hemel verskyn: 'n vrou, wat met die son aangetrek is, met die maan onder haar voete en op haar kop 'n kroon van twaalf sterre
2 en sy was verwagtend; sy het uitgeroep en was in kraam en was beangs om geboorte te gee.

3 ’n Ander teken het in die hemel verskyn en let op, daar was ’n groot draak van vuur met sewe koppe en tien horings [Dan 7:7,24] en op sy koppe was sewe krone.
4 Sy stert het ’n derde van die sterre van die hemel saamgesleep en hulle op die aarde gegooi. Die draak het voor die vrou, wat op die punt was om geboorte te gee, gestaan sodat hy haar Seun kon opeet, sodra sy geboorte gegee het.
5 Sy het geboorte gegee aan die Seun, [Mik 5:2,3] wat as Herder al die nasies met ’n ystersepter sou regeer en haar Seun is weggeruk na God en Sy troon. [Yeg 37:24; Yog 10:16]
6 Die vrou het na die wildernis gevlug, waar die plek was wat God vir haar voorberei het sodat sy vir eenduisend twee honderd en sestig (1260) dae lank versorg sou word.
7 Daar was oorlog in die hemel: Mikha’el en sy engele het oorlog gevoer teen die draak en die draak en sy engele het baklei
8 en hulle kon nie uithou nie en daar kon ook nie ’n plek vir hulle in die hemel gevind word nie.
9 Die groot draak is neergegooi, die hoof slang wat die valse aanklaer en die teëstander genoem word, wat die hele wêreld verlei, is neergegooi op die aarde en sy engele saam met hom.
10 Ek het ’n harde stem vanuit die hemel hoor sê: “Nou is die bevryding, die krag en die koningskap vanaf ons God, want die aanklaer van ons broers is neergegooi, hy wat hulle dag en nag beskuldig het voor ons God
11 en hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die boodskap van Sy getuienis en hulle het hulle lewe, tot die dood toe, nie liefgehad nie.
12 Wees daarom verheug, hemel en die wat daarin bly. Wee die aarde en die see, want die teëstander het na julle toe afgekom met groot woede omdat hy weet dat hy min tyd het.”
13 Toe die draak sien dat hy neergegooi is op die aarde, het hy die vrou, wat geboorte gegee het aan die Seun, vervolg.
14 ’n Groot arend se twee vlerke is vir die vrou gegee sodat sy na die wildernis, na haar plek daar, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang versorg word, ’n tyd, tye en ’n halwe tyd.
15 Die slang het water, soos ’n rivier, uit sy bek agter die vrou aan uitgespoeg, om haar te laat meesleur deur die water
16 en die aarde het die vrou gehelp deur sy mond oop te maak en die rivier, wat die draak uit sy bek uitgespoeg het, in te sluk.
17 Die draak was woedend vir die vrou en hy het gegaan om oorlog te voer teen haar en dié wat oorgebly het van haar Seun: dié wat die opdragte van God nakom en die getuienis van Yeshua vashou. [Yeg 21:10; 1 Yog 5:12; Open 14:12; 21:7]

13 1 Ek het op die sand by die see gestaan en ek het ’n dier uit die see sien opkom met tien horings en sewe koppe en op sy horings tien krone en op sy koppe die karakter en outoriteit wat kwaadpraat teen God. [Dan 7:3, 7, 8, 20, 25]
2 Die dier wat ek gesien het, was soos ’n luiperd en sy pote soos dié van ’n beer en sy mond soos dié van ’n leeu [Dan 7:4-6] en die draak het sy krag, sy troon en groot outoriteit vir hom gegee.

3 Een van sy koppe was, asof tot die dood, vergruis en sy dodelike wond is genees en die hele wêreld het bewonderend agter die dier aangeloop
4 en die draak aanbid, wat vir die dier outoriteit gee. Hulle het die dier aanbid en gesê: "Wie is soos hierdie dier? Wie kan teen hom oorlog maak?"
5 'n Mond wat groot woorde praat en kwaadpraat teen God is aan dit gegee en dit is die outoriteit gegee om vir twee en veertig maande lank te werk. [Dan 7:25]
6 Dit het sy mond oopgemaak om kwaad te praat voor God, van Sy Naam (Karakter en Outoriteit) en die blyplek van dié wat in die hemel bly.
7 Dit is ook vir hom gegee om oorlog te maak teen die afgesonderdes en hulle te verslaan en aan hom is outoriteit gegee oor alle stamme, volke, tale en nasies
8 en almal wat op die aarde bly, wie se name nie opgeskryf is in die boekrol van die Lewe van die Lam wat van voor die oorsprong van die wêreld gedood is nie, sal hom aanbid.
9 Die een wat 'n oor het, laat hom luister.
10 Wie ook al in ballingskap wegvoer, sal in ballingskap gaan; die wat met die swaard doodmaak, sal met die swaard doodgemaak word. Hierin is die vertroue en die volharding van die afgesonderdes.
11 Ek het 'n ander dier sien opkom uit die aarde en dit het twee horings gehad, net soos 'n lam en het gepraat soos 'n draak.
12 Dit sal al die outoriteit van die eerste dier uitoefen in sy teenwoordigheid en hy sal maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier waarvan die dodelike wond genees is, ook aanbid.
13 Hy sal ook groot wondertekens voor die mense doen, soos om vuur uit die hemel op die aarde te laat afkom
14 en dit sal dié wat op die aarde bly mislei, deur die wondertekens wat aan hom gegee is om in die teenwoordigheid van die dier te doen, deur aan dié wat op die aarde bly te sê dat hulle 'n beeld moet maak van die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het.
15 Dit is vir hom gegee om 'n gees aan die gevaarlike dier se beeld te gee en te veroorsaak dat almal wat die dier se beeld nie aanbid nie, vermoor word.
16 Dit sal aan almal: klein, groot, die rykes, die armes, die vrymense en die slawe, 'n seël op hulle regterhand of op hulle voorkoppe, gee [Eks 13:9,16; Deut 6:8]
17 sodat niemand weer kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat sy merk het: die karakter en outoriteit (naam) van die gevaarlike dier, of die getal van sy naam.
18 Hier is wysheid: wie verstand het, laat hom die getal van die dier bereken, want dit is die getal van 'n mens en sy getal is ses honderd ses en sestig (666).

14 1 Ek het gesien, let op, die Lam staan op die berg Tziyon en saam met Hom een honderd vier en veertig duisend met Sy Karakter en Outoriteit en die Karakter en Outoriteit van Sy Vader tussen hulle oë geskryf.
2 Ek het 'n geluid vanaf die hemel gehoor soos die geluid van baie waters [Yeg 1:24; 43:2] en soos die geluid van harde donderslae en ek het die geluid gehoor van 'n harpspeler wat op sy harp speel

3 en hulle het ’n nuwe lofprysingslied voor die troon gesing, voor die vier wesens en voor die oudstes en niemand kon die lied leer nie, behalwe die een honderd vier en veertig duisend wat vanaf die aarde vrygekoop is.
4 Dit is hulle wat hulself nie met vroue onteer het nie en maagdelik is; dit is hulle wat vashou aan die Lam, waar Hy ook al heengaan; dit is hulle wat gekoop is vanuit die mense, as eerste vrugte vir God en vir die Lam,
5 want in hulle mond is daar geen valsheid gevind nie, [Tz’f 3:13] want hulle is sonder fout.
6 Ek het ’n ander boodskapper met die ewige goeie boodskap deur die hemel sien vlieg om aan alle nasies, stamme, tale en volke te verkondig; aan die wat op die aarde bly.
7 Hy het met ’n harde stem gesê: “Vrees en respekteer God en gee Hom eer, lof en aanbidding, want die tyd van Sy oordeel het gekom en aanbid Hom, wat die hemel, die aarde, die see en die waterfonteine gemaak het.”
8 ’n Ander, tweede, het hom gevolg en gesê: “Sy het geval, sy het geval, Bavel, die grote, [Yes 21:9] wat al die nasies laat drink het van die hartstog van haar seksuele immoraliteit.”
9 ’n Ander, derde boodskapper het hulle gevolg en met ’n harde stem gesê: “Wie ook al die dier en sy beeld aanbid en sy seël tussen sy oë ontvang het,
10 sal self ook drink van die wyn van die passie van יהוה, wat onverdund ingeskink is in die beker van Sy woede en hy sal gepynig word met vuur en swael [Ps 11:6] voor die afgesonderde engele en voor die Lam.”
11 Die rook van hulle pyniging gaan op tot in tydlose ewigheid en hulle wat die dier en sy beeld aanbid en elkeen wat die merk van sy karakter en outoriteit aanvaar, het dag en nag geen rus nie.
12 Hier is die volharding van die afgesonderdes: hulle wat die opdragte van God uitvoer en getrou bly aan Yeshua. [Deut 7:9; Yeg 21:10; Yog 14:15; 15:14; 1 Yog 5:12; Open 12:17; 21:7; 22:14]
13 Ek het ’n stem uit die hemel hoor sê: “Skryf: geseënd is die dooies, wat van nou af in ons Meester doodgaan, ja, sê die Gees, want hulle rus van hul dade.”
14 Let op, daar was ’n wit wolk en op die wolk sit Een wat lyk soos ’n man, met ’n goue kroon op Sy kop en in Sy hand ’n skerp sekel.
(vs. 15-20) [Yes 63:1-6; Yir 25:15, 28-30; Yo’el 3:9-13]
15 ’n Ander boodskapper het uit die tempel uitgekom en met ’n groot stem geroep na Hom wat op die wolk sit: “Stuur Jou sekel en maai, want die tyd het gekom om te oes.”
16 Hy wat op die wolk sit, het Sy sekel op die aarde ingesteek en die aarde is afgeoes.
17 ’n Ander boodskapper het uit die tempel, wat in die hemel is, uitgegaan en hy het ’n skerp sekel gehad.
18 ’n Ander boodskapper wat outoriteit oor vuur gehad het, het vanuit die altaar uitgegaan en met ’n harde stem geroep na hom wat die skerp sekel het en gesê: “Stuur jou skerp sekel uit en maak die trosse van die wingerdstok van die aarde bymekaar, want sy druiwe is groot.”
19 Die boodskapper het sy sekel op die aarde ingesteek en die wingerdstokke van die aarde afgeoes en dit gegooi in die groot parskuip van die wraak van God

20 en die parskuip is buitekant die stad getrap en bloed het uit die parskuip gekom tot by die tome van die perde, vir twee honderd en veertig kilometer ver.

15 1 Ek het ’n ander groot en wonderlike teken in die hemel gesien: sewe boodskappers met die sewe laaste plae, want in húlle is God se wraak afgehandel.

2 Ek het ook iets soos ’n see van glas, gemeng met vuur, gesien en dié wat oorwinnaars was oor die dier, oor sy beeld en oor die getal van sy karakter en outoriteit (naam), het oorkant die see van glas gestaan, met die snaarinstrumente van God

3 en hulle het die lied van Mosheh, Eks 15:1-19; Deut 32:1-43 die dienskneg van God en die lied van die Lam gesing en gesê: “Groot en wonderlik is U dade, יהוה-God-Almagtig, wat alles vashou, onskuldig en waar is U dade, Ps 86:9-10; Ps 92:6; Ps 98:1; 1 Kro 16:9, 12 Koning van die wêreld!

4 Wie sal U nie respekvol vrees nie יהוה en U Karakter en Outoriteit nie eer en loof nie, want U alleen is Afgesonderd; daarom sal al die nasies kom en voor U aanbid omdat U Waarheid is.” Z’kh 14:16-20; Mat 22:16

5 Ná hierdie dinge het ek gesien dat die tempel (die tent van die getuienis in die hemel) oopgemaak is

6 en sewe boodskappers met die sewe plae het uit die tempel uitgegaan, aangetrek met stralende skoon linne, met goue gordels om die bors vasgebind.

7 Een van die vier wesens het aan die sewe boodskappers sewe flesse gegee, vol van die woede van God, Hy wat die Lewe is vir tydlose ewigheid. Dit is waar.

8 Die tempel was vol rook vanuit die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God en vanuit Sy Mag en niemand kon in die tempel ingaan voordat die sewe plae van die sewe boodskappers afgehandel is nie.

16 1 Ek het ’n harde stem uit die tempel, aan die sewe boodskappers, hoor sê: “Gaan gooi die sewe flesse van die woede van God op die aarde uit.”

2 Die eerste het gegaan en sy fles op die aarde uitgegooi en kwaadaardige en pynlike swere Eks 9:8-11 het gekom op die mense wat die merk van die dier gehad het en op die wat sy beeld aanbid het.

3 Die tweede boodskapper het sy fles in die see uitgegooi en die see het soos dood geword en alle lewende diere in die see het doodgegaan.

4 Die derde boodskapper het sy fles in die riviere en in die waterfonteine uitgegooi en dit het bloed geword

5 en ek het die boodskapper van die waters hoor sê: “U wat is en wat was is Regverdig en Afgesonderd; U wat hierdie dinge beveel het,

6 want hulle het die bloed van afgesonderdes en profete laat vloei en U het vir hulle bloed gegee om te drink, wat hulle verdiende loon is.” Yes 49:26

7 Ek het die altaar hoor sê: “Ja, יהוה-God, wat alles vashou, waar en onpartydig opreg is U oordele.”

8 Die vierde boodskapper het sy fles oor die son uitgegooi en aan hom is gegee om die mense met vuur te verbrand.

9 Die mense is verbrand met ’n groot hitte en hulle het kwaad gepraat van die Karakter en Outoriteit (Naam) van God, wat outoriteit het oor hierdie plae en hulle het nie erken en berou gehad om aan Hom eer, lof en aanbidding te gee nie.

10 Die vyfde boodskapper het sy fles oor die troon van die dier uitgegooi, sy koninkryk het donker geword en hulle het hulle tonge geknaag van die pyn.
11 Hulle het kwaad gepraat van die Karakter en Outoriteit van God van die hemel as gevolg van hulle pyne en hulle swere en hulle het nie erken en berou gehad oor hul dade nie.
12 Die sesde boodskapper het sy fles oor die groot rivier, die Eufrates, uitgegooi en sy water het opgedroog sodat die pad vir die konings wat van die Ooste af kom, voorberei kon word.
13 Ek het uit die bek van die draak, uit die bek van die dier en uit die mond van die vals profeet drie onrein geeste sien uitkom, soos paddas,
14 want dit is geeste van demone wat wondertekens doen, wat uitgaan na die konings van die hele aarde, om hulle bymekaar te maak vir die oorlog van daardie groot dag van God, wat alles vashou.
15 Let op, Ek kom soos ’n dief. [2 Kef 3:10; 1 Thes 5:2] Seën vir hom wat waaksaam is en sy klere beskerm sodat hy nie miskien kaal rondloop en hulle sy skaamte sien nie
16 en Hy sal hulle bymekaarmaak op die plek wat in Hebreeus genoem word Megiddo.
17 Die sewende boodskapper het sy fles in die lug uitgegooi en ’n harde stem het vanaf die tempel, van voor die Troon, uitgegaan, wat gesê het: “Dit is afgehandel.”
18 Daar was weerlig, donderslae en ’n groot aardbewing, soos wat daar nog nooit was vandat die mense op die aarde gekom het nie, só groot was dié aardbewing.
19 Die groot stad is in drie dele verdeel, die stede van die nasies het geval en God het Bavel, die grote, onthou, om vir haar die beker, met die wyn van die wraak van Sy woede, te gee. [Yir 25:15, 26-31; Ps 75:9]
20 Alle eilande het gevlug, berge kon nie gekry word nie
21 en groot haelkorrels van omtrent twee en veertig kilogram, het uit die lug op die mense geval en die mense het God vervloek oor die haelplaag omdat Sy plaag baie groot was.

17 1 Een van die sewe boodskappers met die sewe flesse het gekom en met my gepraat en vir my gesê: “Volg my en ek sal vir jou die oordeel wys van die hoer wat op baie waters sit,
2 want met haar het die konings van die aarde seksueel immoreel verkeer en almal, wat op die aarde bly, het dronk geword van die wyn van haar seksuele immoraliteit.”
3 Hy het my in die gees na die wildernis toe gebring en ek het ’n vrou sien sit op ’n bloedrooi dier, vol name wat kwaadpraat teen God, wat sewe koppe, maar tien horings het.
4 Die vrou was aangetrek met pers en skarlakenrooi en versier met goud, edelstene en pêrels en sy het in haar hand ’n goue beker gehad, vol verwerplikhede en die vuilheid van haar seksuele immoraliteit [Yir 51:7]
5 en tussen haar oë is geskryf: die geheime, groot Bavel, die moeder van hoere en van die vuilhede van die aarde.

6 Ek het die vrou gesien wat dronk was van die bloed van die afgesonderdes en van die bloed van die getuies van Yeshua en ek was verbaas met 'n groot verbasing toe ek haar sien.
7 Die boodskapper sê vir my: "Waarom is jy verwonderd? Ek sal jou die geheim van die vrou vertel en van die dier met die sewe koppe en die tien horings wat haar dra.
8 Die dier wat jy gesien het, was nie en is nie en is op die punt om uit die see uit op te kom en gaan na vernietiging. [Dan 7:19-25] Hulle wat op die aarde bly, wie se name nie van die skepping van die wêreld af in die boek van die lewe geskryf is nie, sal hulle verwonder as hulle die dier sien wat was en nie is nie en naderkom.
9 Hier is die betekenis vir dié een wat wysheid het. Die sewe koppe is sewe berge waarop die vrou sit
10 en daar is sewe konings: vyf het geval en een is; die ander een het nog nie gekom nie en wanneer hy kom, is vir hom net 'n kort rukkie gegee om te bly.
11 Die draak en die dier wat hy gebring het en wat nie is nie, is self ook die agtste en hy kom vanuit die sewe en gaan na die vernietiging.
12 Die tien horings is tien konings wat nog nie 'n koninkryk ontvang het nie, maar wat outoriteit vir een uur lank, as koning, saam met die dier neem.
13 Hulle sal in eenheid wees en hulle krag en outoriteit oorgee aan die dier.
14 Hulle sal teen die Lam oorlog voer en die Lam sal hulle oorwin, want Hy is die Meester van die meesters en die Koning van die konings en die wat saam met Hom is, is geroep, gekies en vertrouenswaardig."
15 Hy sê vir my: "Die waters wat jy gesien het, waarop die hoer sit, is volke, stamme, nasies en tale
16 en die tien horings wat jy op die gevaarlike dier gesien het, hulle sal die hoer haat, haar verstoot, kaal maak, haar vleis verslind en haar met vuur verbrand,
17 want God het dit in hulle verstand, wil en emosie gegee om Sy wil te doen en om hulle doel saam uit te voer en hulle koninkryk aan die dier te gee totdat die woorde van God volledig uitgevoer is.
18 Die vrou wat jy gesien het, is die groot stad wat heers oor die konings van die aarde."

18 1 Ná hierdie dinge het ek 'n ander boodskapper vanaf die hemel gesien, met groot outoriteit en die aarde is verlig deur sy lof en eer
2 en hy het met 'n kragtige stem uitgeroep en gesê: "Sy het geval, sy het geval, Bavel, die grote [Yes 21:9; Yir 51] en dit het 'n blyplek van demone en 'n gevangenis van elke onrein en verwerplike gees geword,
3 want sy het van die wyn van haar seksuele immoraliteit gemeng vir al die nasies en die konings van die aarde was seksueel immoreel met haar en die handelaars van die aarde het ryk geword deur die krag van haar verblinding."
4 Ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: "Gaan uit haar uit, My volk sodat julle nie deel kry aan haar sondes en nie van haar plae ontvang nie, [Yir 51:9,45]
5 want die sondes in haar het opgestapel tot by die hemel en God het haar boosheid in herinnering geroep.

6 Betaal haar terug, soos wat sy ander terugbetaal het en verdubbel dit vir haar volgens haar dade. Skink vir haar dubbel, in die beker waarin sy geskink het.
7 Soveel as wat sy haarself vereer, loof en aanbid en haarself ophef, na dié mate moet julle haar lyding en smart aandoen omdat sy in haar gedagtes sê: 'Ek sit as koningin en is nie 'n weduwee nie en ek sal nooit smart sien nie.'
8 Hiervoor sal daar op een dag plae oor haar kom: dood, smart, hongersnood en in vuur sal sy brand, as gevolg van Kragtige יהוה, wat haar oordeel.
9 Die konings van die aarde wat saam met haar seksueel immoreel was en hulleself opgehef het, sal oor haar huil en treur wanneer hulle die rook sien as sy verbrand
10 terwyl hulle ver weg staan, uit vrees vir haar straf en sê: 'Wee, wee, wee, die groot stad Bavel, die magtige stad, want in een uur het jou oordeel gekom!'
11 Die handelaars van die aarde sal huil en treur oor haar en niemand sal meer hulle artikels koop nie;
12 artikels van goud, silwer, edelgesteentes, pêrels, fyn linne, purper, sy, skarlaken, alle welriekende hout, alle voorwerpe van ivoor, voorwerpe van die kosbaarste hout, van koper, yster en marmer;
13 kaneel, speserye, salwe, wierook, wyn, olyfolie, fyn meel, graan, vee, skape, perde, waens en die liggame en gees van die mens.
14 Jou eie aangename vrugte het van jou af weggegaan en al die luukse en die skitterende dinge is weg van jou en jy sal dit nooit weer sien nie.
15 Die handelaars in hierdie dinge, wat deur haar ryk geword het, sal nie gevind word nie en ver weg staan, uit vrees vir haar straf terwyl hulle huil en treur
16 en hulle het gesê: 'Helaas, helaas, die groot stad wat aangetrek was in fyn linne, purper en skarlaken en versier was met goud, edelgesteentes en pêrels,
17 want in een uur is die rykdom verlore!' Elke navigator, skeepskaptein, mense op die skepe en wie ook al op die see werk, het ver weg gaan staan
18 en oor haar gerou toe hulle die rook van haar verbranding sien en gesê: 'Wie is soos die groot stad?'
19 Hulle het stof op hulle koppe gegooi en geskree terwyl hulle gehuil, getreur en gesê het: 'Helaas, helaas, die groot stad, waardeur dié wat skepe op die see het, ryk geword het, deur haar grootsheid wat in een uur verwoes is!"
20 Verheug jou oor haar, hemel, afgesonderdes, uitgestuurdes en profete, want God het haar oordeel oor julle veroordeel!
21 Een van die magtige boodskappers het 'n groot klip, soos 'n groot meulsteen, gevat en dit in die see gegooi en gesê: 'Met sulke geweld sal Bavel, die groot stad, neergegooi word en nooit weer bestaan nie
22 en die klank van snaarinstrumente, ramshorings, verskillende sangers en gejubel sal nooit weer in jou gehoor word nie.
23 Die lig van 'n lamp sal nooit weer in jou skyn nie en die stem van bruidegom en bruid sal nooit weer in jou gehoor word nie, want jou besigheidsmanne was die grootstes van die aarde omdat deur jou towery al die nasies mislei is.'
24 Die bloed van profete en afgesonderdes, wat op die aarde doodgemaak is, is in haar gekry."

19 1 Ná hierdie dinge het ek die klank van baie menigtes in die hemel gehoor wat sê:
“Lofprys יהוה helder en duidelik! (Halleluyah!) Die loskoping, eer, lof, aanbidding
en krag behoort aan ons God,
2 want Sy oordele is waar en onpartydig opreg omdat Hy die groot hoer veroordeel
het, wat die aarde met haar hoereerdery korrup gemaak het en Hy het die bloed van
Sy slawe van haar hande geëis.”
3 Vir die tweede maal het hulle gesê: “Lofprys יהוה helder en duidelik! (Halleluyah!)
Haar rook styg op vir tydlose ewigheid.”
4 Die vier en twintig ouderlinge en die vier wesens het neergeval en ons God, wat op
die troon sit, aanbid en gesê: “Dit is waar! Lofprys יהוה alleen!”
5 ’n Stem vanaf die troon het gesê: “Lofprys ons God, al Sy werke en aanbidders van
Sy Karakter en Outoriteit (Naam), almal, klein en groot!”
6 Ek het ’n geluid gehoor soos die van ’n groot menigte, soos die geluid van baie
water en soos die geluid van magtige donderslae [Yeg 1:24] wat sê: “Lofprys יהוה alleen,
want יהוה-God, wat alles vashou, heers. [Ps 103:19; 145:13; Yes 2:2-4; 9:5-6; 11:6-9; Mik 4:1-4]
7 Ons verheug ons en vier fees. Ons gee aan Hom die eer, lof en aanbidding, want
die bruilof van die Lam het gekom [Yes 62:4-5; Yog 3:28-30] en Sy vrou het haarself gereed
gemaak.
8 Skoon en glansende fyn linne is aan haar gegee om aan te trek, want fyn linne is die
opregtheid van die afgesonderdes.” [Yeg 44:17; Tz’f 1:8; Ps 132:9; Mat 22:11,12; 2 Kefa 3:13,14; Rom 13:14; Open 16:15]
9 Hulle sê vir my: “Skryf: geseënd is die wat geroep is na die feesmaal by die bruilof
van die Lam.” Een sê vir my: “Hierdie is die ware boodskap van God.”
10 Ek het voor sy voete neergeval en hom aanbid en hy het vir my gesê: “Nee! Ek
is jou medeslaaf en die van jou broers, wat die getuienis van Yeshua het. Aanbid
eerder God, want die getuienis van Yeshua is die gees van profesie.
11 Ek het die hemel gesien oopgaan en let op, daar was ’n wit perd en Hy wat daarop
sit word genoem: Vertrouenswaardig en Waar en Hy is onpartydig opreg in oordeel
en in oorlogvoering. [Yes 11:4]
12 Sy oë was soos vlamme van vuur en op Sy kop was baie krone en Sy Naam, wat
op Hom geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hyself.
13 Hy is aangetrek met klere deurweek in bloed en Sy Karakter en Outoriteit (Naam)
is: Die boodskap van God. [Yog 1:1]
14 Die leërs van die hemel was saam met Hom op wit perde, [Z’kh 14:5] aangetrek met wit,
skoon, fyn linne
15 en uit hulle monde gaan daar skerp swaarde uit [Yes 49:2; Yir 48:10; Open 1:16; 2:12,16; 19:21]
waarmee hulle die nasies sal doodmaak en Hy sal vir hulle ’n Herder met ’n ysterstaf
wees [Ps 2:9; 149:6-9] en Hy trap die parskuip van die wyn van die woede van God, wat
alles vashou, uit. [Yo’el 3:13]
16 Op Sy klere, oor Sy heup, is die Naam geskryf: die Koning van die konings en die
Meester van die meesters.
17 Ek het ’n ander boodskapper sien staan in die son en hy het met ’n harde stem
uitgeroep en vir die voëls wat in die lug vlieg gesê: “Kom hier bymekaar vir die
groot feesmaal van God,

18 om die vleis van konings, die vleis van bevelvoerders oor ’n duisend, die vleis van soldate, die vleis van perde en van die wat daarop sit, die vleis van vrymense, sowel as slawe, klein, sowel as groot, te kan eet.”
19 Ek het die dier en sy leërmag en die konings van die aarde en hulle soldate gesien wat bymekaargekom het om oorlog te maak teen Hom wat op die perd sit en teen Sy leër.
20 Die dier is gevange geneem en saam met hom die vals profeet wat wondertekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy húlle mislei het wat die merk van die dier ontvang en die wat sy beeld aanbid het. Hulle het albei afgegaan en is in die meer van vuur, wat met swael brand, gegooi, [Yeg 38:22; Dan 7:11]
21 maar die res is doodgemaak met die swaard wat uit Hom, wat op die perd sit, se mond uitgaan [Yir 48:10; Yog 12:48; 2 Thes 2:8; Open 19:15] en al die roofvoëls is versadig deur hulle vleis.

20 1 Ek het ’n ander boodskapper vanaf die hemel gesien met die sleutel van die bodemlose put en ’n groot ketting in sy hand
2 en hy het die draak gegryp, die ou slang, wat die valse aanklaer en die teëstander is en hy het hom vasgebind vir ’n duisend jaar lank
3 en hom in die bodemlose put gegooi, hom toegesluit, die bokant toegemaak en verseël sodat hy nie meer al die nasies sou mislei nie. Na hierdie jare is dit gegee om hom vir ’n kort tydjie los te maak.
4 Ek het trone gesien en hulle wat daarop sit, is gegee om te oordeel. Die geeste wat afgesny is as gevolg van die getuienis van Yeshua en as gevolg van die boodskap van God en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie en ook nie die merk tussen hulle oë of op hulle hand ontvang het nie, hulle het geleef en saam met dié Gesalfde Een regeer, vir ’n duisend jaar lank. [Dan 7:9-10, 22]
5 Hierdie is die eerste opstanding.
6 Geseënd en afgesonderd is hy wat deel het aan die eerste opstanding. Oor hulle het die tweede dood geen outoriteit nie, maar hulle sal priesters van God en van dié Gesalfde Een wees [Eks 19:6; Yes 61:6; 1 Kef 2:9] en sal saam met Hom vir ’n duisend jaar lank regeer.
7 Wanneer die duisend jaar verby is, sal die teëstander uit sy gevangenis vrygelaat word
8 en hy sal uitgaan om die nasies vanuit die vier hoeke van die aarde te verlei, Gog en Magog, om hulle bymekaar te maak vir die oorlog, hulle wat soveel is as die sand van die see.
9 Hulle het opgetrek vir oorlog oor ’n oop deel van die aarde en die stad van die kamp van die afgesonderdes en die stad vir wie ons lief is, omsingel en vuur het vanaf God uit die hemel afgekom en hulle verbrand. [Yeg 38:22; 39:6]
10 Die valse aanklaer, hulle misleier, is in die meer van vuur en swael gegooi, waarin die dier en die vals profeet is en hulle sal dag en nag gepynig word, vir tydlose ewigheid.
11 Ek het ’n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor Wie se Teenwoordigheid die aarde en die hemel weggevlug het en daar is geen plek vir hulle gevind nie.

12 Ek het dié wat dood is, klein en groot, wat voor die troon staan, gesien. Boekrolle is oopgemaak en 'n ander boekrol, wat die boekrol van oordeel is, is oopgemaak en dié wat dood is, is geoordeel volgens wat in die boekrolle geskryf is, volgens hulle dade. [Mal 3:16; Ps 69:29; Ps 139:16; Dan 12:1; Fil 4:3]

13 Die see het dié wat daarin is opgegee en die dood en Sh'ol het dié wat daarin is opgegee en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy dade. [Dan 12:2]

14 Toe is die dood en Sh'ol in die meer van vuur gegooi. Hierdie is die tweede dood.

15 Wie ook al gevind is om nie opgeskryf te wees in die boekrol van die lewe nie, is in die meer van vuur gegooi.

21 1 Ek het nuwe hemele en 'n nuwe aarde gesien, want die vorige hemele en die vorige aarde het weggegaan en die see was nie meer nie [Yes 65:17-19; 66:22]

2 en ek het die afgesonderde stad, nuwe Yerushalayim, sien afkom vanaf langs God uit die hemel, voorberei as 'n bruid wat vir haar man versier is

3 en ek het 'n harde stem uit die hemel hoor sê: "Let op, die tabernakel van God is by die mense en Hy bly by hulle [Z'kh 2:9] en hulle sal Sy volk wees en God self is by hulle en sal vir hulle God wees. [Lev 26:11-12; Yes 8:8,10; Yir 31:33; Yeg 37:27; 43:7; 2 Kro 6:18]

4 Hy sal elke traan van hulle oë afvee en die dood sal van nou af nie meer wees nie; ook sal daar nie meer rou, uitroepe en siektes wees nie,[Yes 25:8] as gevolg van Hom."

5 Ek het geloop en Hy wat op die troon sit, sê vir my: "Let op, Ek maak alles nuut." Hy het ook vir my gesê: "Skryf, hierdie boodskap is waar en vertrouenswaardig."

6 Hy het ook vir my gesê: "Ek is die Alef en die Tau, die Oorsprong en die Afhandeling. Aan dié wat dors is, sal Ek, sonder koste, gee vanuit die fontein van die water van die lewe. [Ps 36:9, 10; Spr 13:14; 14:27; Yog 4:10 Yes 55:1; Mat 10:8; 2 Kor 11:7; Open 22:17]

7 Hy wat die oorwinning behaal, sal hierdie dinge erf en Ek sal vir hom 'n God wees en hy sal vir My 'n seun wees, [Gen 17:7; Eks 6:7; Lev 26:12; Yir 7:23; Yeg 21:10; Open 12:17]

8 maar die wat vrees het, die wat nie vertrou nie, die bose, die wat besoedel is, moordenaars, towenaars, seksuele oortreders, afgodaanbidders en alle leuenaars, se deel is in die meer, wat met vuur en swael brand, wat die tweede dood is."

9 Een van die sewe boodskappers wat die sewe flesse vol van die sewe laaste plae gehad het, het gekom en met my gepraat en gesê: "Kom, ek sal jou die bruid wys, die vrou van die Lam." [Yeg 40-48]

10 Hy het my in die gees gedra na 'n groot, hoë berg en vir my die stad gewys, die afgesonderde Yerushalayim, wat uit die hemel vanaf die Teenwoordigheid van God afkom.

11 Dit het die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God gehad en sy lig was soos edelstene, rooi-kwarts-jaspis, wat lyk soos 'n kristal.

12 Dit het ook 'n groot, hoë muur met twaalf poorte gehad en by die poorte twaalf boodskappers en hulle name is geskryf, die name van die twaalf stamme van Yisra'el.

13 Aan die oostekant was daar drie poorte, aan die noordekant drie poorte, aan die suidekant drie poorte en aan die westekant drie poorte [Yeg 48:31-34]

14 en die muur van die stad het twaalf fondamente gehad en daarop was die name van die twaalf afgevaardigdes van die Seun.

15 Hy wat met my gepraat het, het ’n goue meetriet gehad, om die stad en sy muur te meet
16 en die stad het in ’n vierkant gelê en sy lengte was net so groot soos sy breedte. Hy het die stad met die riet gemeet op twaalf duisend stadia; sy lengte en breedte en hoogte was dieselfde.
17 Hy het sy muur gemeet op een honderd vier en veertig el (65 meter), volgens ’n mens se maat, wat die maat is wat die boodskapper gebruik het.
18 Die muur is met kwarts-jaspis gebou en die stad van suiwer goud, wat lyk soos suiwer glas
19 en die fondasie van die muur van die stad is versier met edelgesteentes. Die eerste fondasie is rooi-blou-geel-jaspis-kwarts, die tweede saffier, die derde wit-kalsedoon, die vierde smarag,
20 die vyfde rooi en wit sardius en gestreepte oniks, die sesde rooi en wit sardius, die sewende klip van goud, die agtste beril, die negende topaas, die tiende groen-goud krisopraas, die elfde donkerblou hiasint en die twaalfde ametís.
21 Die twaalf poorte was twaalf pêrels; elkeen van die poorte is gemaak uit een pêrel en die straat van die stad is suiwer goud, asof daar glas in is
22 en ek het nie die tempel daarin gesien nie, want יהוה-God, wat alles vashou, is sy tempel. [Heb 9:11]
23 Vir die stad en die Lam is die son of die maan nie nodig om te skyn nie, want die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God verlig dit en die Lam is sy lamp
24 en die nasies leef in Sy lig en die konings van die aarde bring eer, lof en grootheid aan die stad.
25 Sy poorte sal nooit bedags gesluit word nie, want daar sal nie nag wees nie.
26 Hulle sal die eer, lof en grootheid van die nasies vir die stad bring
27 en daar sal geen onreine, of iemand wat besoedel is en leuens vertel, ingaan nie, maar net dié wat opgeskryf is in die boekrol van die Lam. [Efe 2:19]

22 1 Hy het vir my ’n skoon rivier van die water van die lewe gewys, helder soos kristal, wat uitstroom vanuit die troon van God en van die Lam. [Z’kh 14:8, 9]
2 In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die Boom-van-die-Lewe, wat twaalf soorte vrugte voortbring en elke maand sy vrugte gee en sy blare vir die genesing van die volke [Num 24:6,7; Yeg 47:7-12; Ps 1:3]
3 en daar sal geen vloeke wees nie en die troon van God en van die Lam sal daarin wees en sy diensknegte sal Hom bedien.
4 Hulle sal Sy aangesig sien en Sy Karakter en Outoriteit sal tussen hulle oë wees
5 en daar sal geen nag wees nie en hulle het geen lig, lamp of sonlig nodig nie omdat יהוה-God vir hulle lig gee en hulle Koning vir tydlose ewigheid is. [Yeg 43:7]
6 Hy het vir my gesê: “Hierdie boodskappe is vertrouenswaardig en waar en יהוה, God van die gees van die afgesonderde profete, het my, Sy boodskapper, gestuur om vir Sy diensknegte te wys wat gou moet gebeur.
7 Let op, Ek kom gou. Geseënd is die een wat die boodskap van die profesie van hierdie boekrol gehoorsaam.”

8 Ek is Yoganan, wat hierdie dinge gesien en gehoor het en toe ek dit gehoor en gesien
het, het ek voor die voete van die boodskapper, wat my hierdie dinge gewys het
neergeval om te aanbid.
9 Hy het vir my gesê: "Profeet, nee! Ek is 'n medeslaaf saam met jou en jou broers,
die profete en van hulle wat die boodskap van hierdie boekrol gehoorsaam. Aanbid
God."
10 Hy het ook vir my gesê: "Moenie die boodskap van die profesie van hierdie boekrol
verseël nie, want die tyd is naby. [Dan 12:4,9]
11 Hy wat die bose doen, sal weer boosheid doen en wie besoedel is, sal hom weer
laat besoedel en die onskuldige sal weer doen wat onpartydig opreg is en die
afgesonderde sal weer afgesonder word."
12 "Let op, Ek kom dadelik en My beloning is by My en Ek sal vir elkeen gee volgens
sy dade.
13 Ek is Alef en Ek is Tau, die Eerste en die Finale, die Oorsprong en die
Afhandeling.
14 Geseënd is dié wat Sy opdragte gehoorsaam, want hulle sal outoriteit hê om te gaan
na die Boom-van-die-Lewe [Gen 3:24; Luk 1:77; Yog 3:17] en sal ingaan [Mat 19:17; Yog 14:15] deur die
poorte in die stad in.
15 Buitekant is die seksuele oortreders, die moordenaars, die aanbidders van afgode,
die besoedeldes, towenaars en alle sieners en werkers van die leuen.
16 Ek, Yeshua, het My boodskapper gestuur om hierdie dinge teenoor julle te getuig
voor die gemeentes. Ek is onveranderlik dieselfde, die Wortel [Mik 5:1; Yog 8:58] en die
Nakomeling van Dawid, sy Kameraad [Yir 33:17; Mat 1:6; Luk 1:32] en die helder [2 Kef 1:19]
Môrester."
17 Die Gees en die bruid sê: "Kom!" Laat hom wat hoor, sê: "Kom!" Laat hom wat
dors het, kom en die water van die lewe neem, [Yes 55:1; Mat 10:8; 2 Kor 11:7; Open 21:6] sonder
koste.
18 Ek getuig teenoor elkeen wat die boodskap van die profesie van hierdie boek hoor:
wie ook al by hierdie dinge byvoeg, God sal die plae, waarvan in hierdie boekrol
geskrywe is, op hom sit
19 en wie ook al iets van die boodskap van hierdie profesie uit die boekrol wegvat,
God sal sy deel wegvat uit die boekrol van die lewe en uit die afgesonderde stad uit,
die dinge waarvan in hierdie boekrol geskryf is.
20 Toe Hy hierdie dinge getuig het, het Hy gesê: "Ja, Ek kom gou." Kom, Yeshua,
dié Meester!
21 Die onverdiende guns van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een bly by al Sy
afgesonderdes.
Dit is waar!